# WARE LEWENS BEGINSELS

WARE LEWENS BEGINSELS



# WARE LEWENS BEGINSELS

## *uit die HeiligeWoord van God*

***Hoséa 4:6 - My volk gaan te gronde weens  gebrek aan kennis…***

***1 Timótheüs 2:4 – Wat wil he dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.***

***Eségiël 9:3** – En die heerlikheid van die*
*God van Israel het opgestyg van die gérub*
*Waar dit op was, na die drumpel van die*
*huis toe;* ***en Hy het na die man geroep wat***
***met linne beklee was, wat die skrywer se***
***inkpot aan sy heupe gehad het.***



***9:4** – En die Here se vir hom: Trek*
*dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem,*
***en maak 'n teken op die voorhoofde van die***
***manne wat sug en steun oor al die gruwels***
***wat daarin gedoen word.***

Kopiereg © 2023 Noleen Eksteen

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie werk mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige ontsluitingstelsel bewaar of weergegee word, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins nie. Indien beplan word om enige gedeelte van hierdie werk vir opleidingsdoeleindes te gebruik, moet toestemming vooraf van die uitgewer verkry word.

Redakteur, Outeur, Uitleg & Uitgewer: Noleen Eksteen – Suid-Afrika

Mede-Redakteurs & Inleiding: Anthony en Marion Hayward – Australië

Outeurs: 1952 – Verskeie Outeurs

Outeur: 2020 – Noleen Eksteen

Voorblad & Kleur Kuns – MC Grafix

Bladsye: 493

1ste Elekroniese Afrikaanse Uitgawe 2023 – *Vertaling deur S van der Poel*

***Die E- boek word gratis versprei.***

Epos: noleen102@gmail.com

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING
GETUIENIS

EENHEID_1_DIE_BYBEL_IS_DIE_WOORD_VAN_GOD
LES_1_HOE_ONS_DIE_BYBEL_BEKOM_HET
TABEL_1_VERDELINGS_VAN_DIE_BYBEL
LES_2_DIE_INGEWING_VAN_DIE_BYBEL
LES_3_DIE_DOEL_VAN_DIE_BYBEL
LES_4_DIE_KRAG_VAN_DIE_WOORD_VAN_GOD
LES_4_Gedig_Die_Toereikende_Bybel
LES_5_HOE_OM_DIE_BYBEL_TE_BESTUDEER
LES_6_OPSOMMING_VAN_EENHEID_1

EENHEID_2_DIE_GODDELIKE_FAMILIE_IN_HEMEL
LES_7_DIE_GODHEID_OF_DRIE_EENHEID
LES_8_MY_VADER_EN_JOU_VADER
LES_9_DIE_ENGELE
LES_10_DIE_OORSPRONG_VAN_SONDE
LES_11_DIE_SKEPPING
LES_12_DIE_VAL_VAN_DIE_MENS
LES_13_OPSOMMING_VAN_EENHEID_2

EENHEID_3_DIE_WEG_DIE_WAARHEID_DIE_LEWE
LES_14_VERLOSSING_VAN_DIE_SONDE_BELOWE
LES_15_VERLOSSING_DEUR_CHRISTUS
LES_15_Gedig_Bedek_My_Met_Jesus
LES_16_DIE_LIEFDE_VAN_GOD
LES_16_Gedig_Die_Liefde_Van_God
LES_17_UITVERKIESING_VRYE_KEUSE
LES_18_BEKERING
LES_19_BELYDENIS_VAN_SONDE
LES_20_VERGIFNIS
LES_21_WEDERGEBORE
LES_22_DIE_DOOP
LES_23_OPSOMMING_VAN_EENHEID_3

EENHEID_4_DIE_GEREGTIGHEID_VAN_GOD
LES_24_GELOOF
LES_25_REGVERDIGMAKING_DEUR_DIE_GELOOF
LES_26_HEILIGMAKINGLES_27_CHRISTELIKE_GROEI
LES_27_CHRISTELIKE_GROEI
LES_28_GEBED
LES_29_OPSOMMING_VAN_EENHEID_4

EENHEID_5_DIE_MENS_SE_PLIG_TEENOOR_GOD
LES_30_OORSPRONG_EN_DOEL_VAN_GOD_SE_WET
LES_31_GOD_SE_EWIGE_WET
LES_32_JESUS_EN_DIE_GEBOOIE
LES_33_DIE_EERSTE_EN_TWEEDE_GEBOD
LES_34_DIE_DERDE_GEBOD
LES_35_DIE_VIERDE_GEBOD

LES_36_DIE_SEËL_VAN_GOD
LES_37_SONDAG_IN_DIE_NUWE_TESTAMENT
LES_38_OPSOMMING_VAN_EENHEID_5

EENHEID_6_DIE_MENS_SE_PLIG_TEENOOR_SY
LES_39_DIE_VYFDE_GEBOD
LES_40_DIE_SESDE_GEBOD
LES_41_DIE_SEWENDE_GEBOD
LES_42_DIE_AGSTE_GEBOD
LES_43_DIE_NEGENDE_GEBOD
LES_44_DIE_TIENDE_GEBOD
LES_45_OPSOMMING_VAN_EENHEID_6

EENHEID_7_DIE_WET_EN_GENADE
LES_46_DIE_TWEE_WETTE
LES_47_JESUS_EN_DIE_SEREMONIËLE_WET
LES_48_DIE_TWEE_VERBONDE
LES_49_NIE_ONDER_DIE_WET_MAAR_ONDER_GENA
LES_50_OPSOMMING_VAN_EENHEID_7

EENHEID_8_JESUS_GEOPENBAAR_IN_BOEKDANIEL
LES_51_WAAG_OM_N_DANIËL_TE_WEES
LES_52_DIE_BEDIENING_VAN_DIE_PROFETE
LES_53_WÊRELDGESKIEDENIS_VOORSPEL
LES_54_DIE_VIER_GROOT_DIERE_IN_DANIËL_7
LES_54_Stop_en_Oorweeg_die_Volgende
LES_55_DIE_KLEIN_HORING
LES_56_OPSOMMING_VAN_EENHEID_8

EENHEID_9_JESUS_IN_DIE_HEILIGDOM
LES_57_DIE_HEILIGDOM_IS_WAAR_GOD_WOON
LES_58_DIE_AARDSE_TABERNAKEL
LES_59_DIE_DAAGLIKSE_DIENS_IN_TABERNAKEL
LES_60_DIE_VERSOENDAG
LES_61_DIE_HEMELSE_HEILIGDOM
LES_62_JESUS_CHRISTUS_BEPAAL_DIE_DATUM
LES_63_DIE_UUR_VAN_SY_OORDEEL_HET_GEKOM
LES_64_OPSOMMING_VAN_EENHEID_9

EENHEID_10_DIE_OPENBARING_VAN_JESUS
LES_65_DIE_SEWE_KERKE_VAN_OPENBARING
LES_65_KAART_2_DIE_SEWE_KERKE
LES_66_DIE_SEWE_SEËLS_GEOPEN
LES_66_KAART_3_DIE_SEWE_SEELS
LES_67_DIE_SEWE_BASUINE
LES_68_DIE_DRAAK_WAS_VERTOORND_OP_DIE
LES_69_DIE_LUIPERD_DIER_VAN_OPENBARING13
LES_70_DIE_MERK_VAN_DIE_DIER
LES_71_DIE_DIER_MET_DIE_TWEE_HORINGS
LES_72_DIE_EERSTE_ENGEL_SE_BOODSKAP
LES_73_DIE_TWEEDE_ENGEL_SE_BOODSKAP
LES_74_DIE_DERDE_ENGEL_SE_BOODSKAP
LES_75_DIE_EINDE_VAN_DIE_GENADETYD

LES_76_DIE_TYD_VAN_BENOUDHEID
LES_77_DIE_SEWE_LAASTE_PLAE
LES_78_OPSOMMING_VAN_EENHEID_10

EENHEID_11_DIE_AARD_EN_LOT_VAN_DIE_MENS
LES_79_DIE_AARD_VAN_DIE_MENS
LES_80_DIE_MENS_IN_DIE_DOOD
LES_81_DIE_OPSTANDING
LES_82_SPIRITISME
LES_83_DIE_STRAF_VAN_DIE_GODDELOSE
LES_84_OPSOMMING_VAN_EENHEID_11

EENHEID_12_JULLE_BEHOORT_NIE_AAN_JULSELF
LES_85_DIE_TEMPEL_VAN_DIE_HEILIGE_GEES
LES_86_WAT_JULLE_SAL_EET
LES_87_WAT_JULLE_SAL_DRINK
LES_88_WAT_JULLE_SAL_AANTREK
LES_89_WAAR_JULLE_SAL_GAAN
LES_90_WAT_JULLE_MOET_DOEN
LES_91_OPSOMMING_VAN_EENHEID_12

EENHEID_13_DIE_CHRISTELIKE_HUIS
LES_92_DIE_HUWELIK_EN_DIE_HUIS
LES_93_KINDERS_IN_DIE_OUERHUIS
LES_94_HEMELSE_TUISTE_OP_AARDE
LES_95_OPSOMMING_VAN_EENHEID_13

EENHEID_14_JY_EN_JOU_KERK
LES_96_DIE_KERK_IN_DIE_OU_TESTAMENT
LES_97_DIE_KERK_IN_DIE_NUWE_TESTAMENT
LES_98_DIE_OORBLYFSELKERK
LES_99_DIE_WERK_VAN_DIE_KERK
LES_100_DIE_KERK_EN_DIE_STAAT
LES_101_HOEKOM_BY_DIE_KERK_AANSLUIT
LES_102_EERBIED_IN_DIE_HUIS_VAN_GOD
LES_103_DIE_VERORDENINGE_VAN_DIE_HERE
LES_104_ONDERSTEUNING_VAN_DIE_KERK
LES_105_OPSOMMING_VAN_EENHEID_14

EENHEID_15_DIE_GAWE_VAN_DIE_GEES
LES_106_DIE_VROEË_EN_LAAT_REËNS
LES_107_DIE_GAWES_EN_VRUG_VAN_DIE_GEES
LES_108_DIE_GEES_VAN_PROFESIE
LES_109_SONDE_WAT_NIE_VERGEWE_WORD_NIE
LES_110_DIE_WERK_VAN_DIE_HEILIGE_GEES
LES_111_Heilige_Gees_Kom_Sweef_Oor_Ons
LES_111_OPSOMMING_VAN_EENHEID_15

EENHEID_16_KYK_EK_KOM_GOU
LES_112_DIE_SEKERHEID_VAN_JESUS_SE_KOMS
LES_113_TEKENS_IN_DIE_HEMEL_EN_OP_AARDE
LES_114_TEKENS_IN_WERELD
LES_115_TEKENS_IN_POLITIES_EN_EKONOMIES
LES_116_KENNIS_SAL_VERMEERDER
LES_117_DIE_TYD_EN_DIE_WYSE_VAN_SY_KOMS
LES_118_DAAROM_MOET_JULLE_OOK_GEREED_WEE
LES_119_WAT_SAL_GEBEUR_WANNEER_HY_KOM
LES_120_DIE_DUISEND_JAAR_IN_DIE_HEMEL
LES_121_N_EWIGHEID_OP_AARDE
LES_122_OPSOMMING_VAN_EENHEID_16

BEDANKINGS_1952_EN_2020

# INLEIDING

*Deur Anthony en Marion Hayward – mede-redakteurs*

Die uiteindelike doel van hierdie boek is om 'n vaste grondslag in die kernbeginsels van God se Woord te lê vir opregte Bybelstudente om as rigtingwysers te dien in die belangrike lewensbesluite. Dit dek elke faset van die lewe – die huwelik, die grootmaak van kinders, die gelykenisse, geestelikheid en evangelisasie, asook talle ander onderwerpe. Dit is 'n uitstekende versameling van Bybelse waarhede wat sorgvuldig en sorgsaam saamgestel is om gelowiges te leer hoe om 'n ware Bybelse Christelike lewe te lei.

Boonop verskaf die lesse wat in hierdie boek vervat is, die sleutel grondslag vir profesie. Ons het nou 'n kritieke punt in die geskiedenis van die aarde bereik waar die apokaliptiese gebeure wat in Daniël en Openbaring voorspel is, vinnig besig is om hulle klimaks te bereik. Profeties gesproke, is hierdie 'n tyd sonder gelyke. Die profete en patriarge van ouds het verlang om hierdie dag te sien – hulle het verlang om dit te beleef en deel te wees van hierdie laaste generasie wat Christus se glorieryke wederkoms sal sien. Hoe ondenkbaar dit ook al mag wees, en hoe onwaardig ons ook al mag wees, die grootste voorreg van alle tye is ons, as die laaste generasie, beskore. Geagte leser, God het jou geboorte datum so beplan dat jy deel kan wees van hierdie generasie "wat sal sekerlik nie verbygaan nie" tot hierdie belangrike gebeurtenis plaasgevind het nie. Dus behoort jy God se profetiese woord te bestudeer asof Sy ware lewens beginsels vir jou alleen geskryf is.

*"Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor. Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie." Matthéüs 13:16, 17.*

Die Protestantse Hervorming van die vroeë 1500's was sleutel tot die ontwikkeling van waarheid en die herlewing van sommige van die fundamentele standpunte van die Christelike geloof soos deur die vroeë dissipels geleer en beoefen is. Maar as die groot hervormers nie gedurende die Donker Middeleeue geleef het en eerstehands die onderdrukking van die waarheid en die vervolging wat gepaard gegaan het met die vrymoedige verkondiging daarvan, sou hulle nie die antichris-mag van hulle tyd kon identifiseer nie. Want heel ironies was dit die verkondiging van die evangelie self wat uiteindelik daartoe gelei het dat die Hervormers uit die moederkerk wat hulle so liefgehad het, uitgewerp was, en wat op doeltreffende wyse, al hoe meer die dierlike kenmerke van die pousdom openbaar gemaak het.

Toe Luther, Zwingli en andere die waarhede wat uit God se Woord uitstraal, ontdek het – dat God se Woord soewerein en onverandelik bo enige mensgemaakte tradisie, godsdiens of kerklike gesag is – kon niks hierdie helde daarvan weerhou om dit te verkondig nie. Moedig het hulle van die dakke af verkondig, dat *Jesus Christus ons geregtigheid is – en dat ons nie ons verlossing kan verdien deur ons eie pogings nie, alleenlik deur Hom.* Hierdie hervormers sou liewer die dood in die gesig staar as om toe te gee aan 'n vals geloofsbelydenis wat deur die pouse te voorskyn gebring is, om die massas te onderwerp en hulle geldkoffers te vul. Nietemin, laat ons nooit vergeet dat die grootste hervormers van alle tye was aanvanklik almal Katolieke, en, as die moederkerk meer verdraagsaam was rakend hulle sienswyse, sou Protestantisme soos ons dit vandag ken, nie bestaan het nie.

God het dit so bepaal dat die lig van Sy Woord voortdurend met elke geslag sal toeneem. Die lig van Sy Woord moet nooit stagneer nie, en ook moet dit nie onderdruk word deur geloof in enige godsdiestige stelsel [van enige soort] bo die Woord van God nie. Ons moenie vasklou aan profesieë uit die verlede ten koste van die ontsyfering van nuwe profesie in ons tyd nie. Want sedert die hoogtepunt van die Protestant Hervorming

het veel meer lig ontvou, en dit sal die geval wees totdat Christus terugkeer. Christus se opdrag aan ons is om te waak en op die uitkyk te wees vir die profetiese rigtingwysers, sodat ons gedagtes op Hom gefokus bly totdat Hy kom. Hierdie werk is aan ons toevertrou – tot voordeel van ons, en nie Christus nie.

Liewe leser, volgens die Skrif is daar profesieë wat slegs deur jou en my wat in hierdie tyd leef, ontsyfer en verstaan kan word. Dikwels kan die vervulling van 'n Bybelse profesie nie ontsyfer of verstaan word vir wat dit in werklikheid is nie, totdat ons op die punt staan net voor of net na 'n profetiese teken plaasgevind het. Toegewyde Bybelstudente sal dus voortdurend waaksaam wees en uitkyk vir die *tekens van 'hulle' tyd!* Hulle sal die profesieë wat hulle in hul harte bewaar het, koester, en hulle verbind met die rigtingwysers soos hulle plaasvind. Nooit weer sal hulle hul geloof versaak in die aangesig van pouslike selfvoldaanheid en stagnasie van die donker eeue van die verlede nie – ou profesieë, ou profete en ou leringe – met verwaarlosing van nuwe profesiee nie. Inteendeel, hulle sal die nuwe lig versprei en met trots bekend staan as *ketters,* selfs in hierdie moderne era, ter wille van waarheid.

Natuurlik is die profesieë uit die verlede belangrike, waardevolle rigtingwysers waarop ons ons fundamentele begrip van profesie moet vestig, sodat ons daarop kan uitbrei. Maar dis nie waar dit eindig nie – want dit sal ons einde beteken. Dus, liewe leser, trek asseblief voordeel uit hierdie groot profetiese geskrifte wat in die lesse in hierdie boek opgesom is; neem dan hierdie einste beginsels wat die pioniers gebruik het en gaan voort om die waarheid vir jouself te bestudeer.

***En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n dinker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte. 2 Petrus 1:19.***

Afgesien van profesie, openbaar hierdie boek op die mees lieflike en diepgaande wyse die Geregtigheid van Christus. As die Gees van Christus ontvang en heelhartig in die lewe aanvaar word, sal dit sonder twyfel die Goddelike afdruk van Christus se lieflike, regverdige karakter op ons eie karakter oordra. Want *God se genade* vervang nie die verpligting om te streef na regverdige werke en dit wat hoër en heilig is nie, maar is die dryfkrag daaragter. Die werking van God se genade in die lewe is die aansporing vir ons om groter hoogtes te bereik – genadegawes en werkinge wat ons wildste drome oorskrei. God het aan elke individu unieke gawes en talente toevertrou wat aanleiding gee tot die mees manjefieke resultate wanneer ons hierdie gawes en talente ontwikkel onder Sy Goddelike, Vaderlike, leidende hand. Hierdie is die wonderwerk van God en die mens wat saamkom in eenheid deur Jesus Christus: Lieflike, heilige lewens gevul met die regverdige werke van God is die onvermydelike resultaat. Die apostel Paulus het daarna verwys as *die verborgenheid van die godsaligheid* – die verborgenheid van Christus wat in my leef, die hoop van die heerlikheid. Kolossense 1:27.

Ter afsluiting, hierdie boek is verdeel in sestien eenhede; hulle is nie ewe lank nie. Daar is eenhonderd twee-en-twintig lesse, wat ook nie ewe lank is nie. Die lesse is saamgestel sodat hulle maklik bestudeer en verstaan kan word. Hierdie boek word in jou hande geplaas met die opregte gebed dat dit van hulp sal wees vir jou en enige iemand wat soekend na waarheid is.

# GETUIENIS – PRINCIPLES OF LIFE 2020 –

## (Vertaling na Afrikaans deur Sheron van der Poel)

# WARE LEWENS BEGINSELS

*Deur Noleen Eksteen – Outeur / Redakteur / Uitgewer*

Hierdie herformateerde weergawe van ‘n klassieke 1952 boek het ‘n realiteit geword as gevolg van ‘n Goddelike opdrag.

Alle eer en heerlikheid gaan aan ons hemelse Vader, deur Sy geliefde Seun, Jesus Christus en die Heilige Gees, wat op twee kontinente gewerk het sodat hierdie boek herdruk kon word. Dankie Here, dat U my so seën en hierdie belangrike projek aan my toevertrou het. Dankie dat U my leer, en dat U my Inspirasie is.

Ek is dank verskuldig aan Anthony en Marion Hayward in Australia, vir beide hulle oorspronklike herformatering van die 1952 Pdf formaat na Word, en dat hulle sensitief was vir die Heilige Gees rakende ons Here se werk. Mag ons hemelse Vader julle seën en bewaar in die naam van Jesus Christus ons Here.

Hier wil ek ook graag n spesiale word van dank rig aan Sheron van der Poel vir haar harde werk met die vertaling van die boek na Afrikaans. Mag die Here jou seën Sheron.

In hierdie boek sal die leser die onvervalste Bybelse waarhede vind wat ongelukkig nie meer van die kansel verkondig word nie. Dit verduidelik die waarheid in verband met Bybel profesie (Daniël en Openbaring) uit die oogpunt van ‘n historiese reeks gebeurtenisse en, wanneer hulle bestudeer word met die Bybel as handleiding, sal hulle ‘n duidelike profetiese tydlyn verskaf wat sal aandui waar ons staan in die stroom van tyd.

***Openbaring 20:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.***

"… ‘n Bybelstudie gids vir elke Christen en vir diegene wat nuut is in die Christelike geloof!"

Mag God deur middel van hierdie boek met jou praat, mag dit jou na jou Bybel lei en jou help om Bybelse waarhede te verstaan en die dwaalleer wat die Christelike kerke binnegesluip het, te verwerp.

Mag ons groei in ons geestelike lewe terwyl ons uitsien na die naderende wederkoms van ons Here Jesus Christus, ons Salige Hoop, die Koning van die konings en Here van die here. Amen.

***So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God; "want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God." 1 Korinthiërs 2:11, 10.***

# EENHEID 1 DIE BYBEL IS DIE WOORD VAN GOD

**Die Heilige Geskrifte van die Ou en Nuwe Testament is deur God ingegee; hulle bevat 'n algenoegsame openbaring van Sy wil, en is die enigste onfeilbare maatstaf van die geloof en lewe.**

*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2 Timótheüs 3:16, 17.*



# LES 1 – HOE ONS DIE BYBEL BEKOM HET

*[W]ant geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.*
*2 Petrus 1:21.*

**Die Bybel is die oudste en die omvattendste geskiedenis wat die mens besit. Dit het vars uit die fontein van ewige waarheid voortgeborrel, en deur die eeue heen het 'n Goddelike hand sy reinheid bewaar. Dit verlig die verre verlede, waar menslike navorsing vergeefs probeer om in te dring. In Gods Woord alleen aanskou ons die mag wat die fondamente van die aarde gelê en die hemele uitgestrek het. Net hier vind ons 'n gesaghebbende verslag van die oorsprong van volke. Net hier word 'n geskiedenis van ons geslag aangegee, onbevlek deur menslike trots of vooroordeel.** – *Opvoeding 173.1*

## *Name van ons Bybel*

**1. Wat is sommige van die name wat vir die Bybel gebruik word?**

a) **"Die boek van die HERE"** Jesaja 34:16.
b) **"Die Skrifte"** Lukas 24:27; Johannes 5:39.
c) **"Die Woord van God"** Romeine 3:2.
d) **"Die Woord van Christus"** Kolossense 3:16.
e) **"Die Woord van die waarheid"** 2 Timótheüs 2:15.
f) **"Die goeie Woord van God"** Hebreërs 6:5.

**2. Waar het die titel "Bybel" vandaan gekom, en wat beteken dit?**

Streng gesproke is die woord "Bybel" die titel van die Joodse en Christelike Skrifte. Dit word afgelei van die Griekse woord Biblia - met sy oorsprong in biblos, die binnebas van papyrus (papier) – wat letterlik "Klein Boeke" beteken. Die term beteken eintlik eenvoudig "boeke." … Dit verskyn nie voor die vyfde eeu as 'n titel vir die hele Christelike Skrifte nie. – *James Hastings, A Dictionary of the Bible, artikel, "Bible."*

## *God Kommunikeer met die Mens*

**3. Hoe het God in die begin met die mens gekommunikeer?** Génesis 2:16, 17.
God het direk met Adam en Eva gepraat.

**4. Hoekom is hierdie direkte kommunikasie verbreek?** Génesis 3:1-9; Jesaja 59:2.

**5. Nadat sonde direkte kommunikasie met die mens verbreek het, hoe het God Sy wil bekend gemaak?** Númeri 12:6 (vergelyk met Amos 3:7); Exodus 28:30 (vergelyk met 1 Samuel 28:6); Psalm 119:105; Hebreërs 1:1, 2.

## *Die Skryf van die Bybel*

**6. Voordat God se openbaringe aan die mens neergeskryf is, hoe is hulle aan daaropvolgende geslagte bekend gemaak?**

*Gedurende die eerste tweeduisend vyfhonderd jaar van die menslike geskiedenis, was daar geen geskrewe openbaring nie. Diegene wat deur God geleer is, het hulle kennis met andere gedeel, en dit was van vader na seun oorgelewer, van geslag tot geslag. Die voorbereiding van die geskrewe woord het in die tyd van Moses begin. Ingegewe openbaringe is toe in 'n ingegewe boek beliggaam. Hierdie werk is voortgesit gedurende die lang tydperk van sestienhonderd jaar, - vanaf Moses, die geskiedskrywer van die skepping en die wet, tot Johannes, die aantekenaar van die mees verhewe waarhede van die evangelie. – The Great Controversy, Introduction, v: 2.*

*Voor die sondvloed het die mense geen boeke of geskrewe verslae gehad nie, maar met hulle groot liggaams- en geestesvermoëns was hulle geheue besonder goed. Wat aan hulle meegedeel is, kon hulle begryp en onthou en onveranderd aan hulle nakomelinge oordra. – Patriarge en Profete, 83.1.*

**7. Watter voorsorg het God getref sodat Sy woord behoue mag bly vir alle toekomstige geslagte?** Númeri 33:2; Jesaja 30:8; Jeremia 30:2; Openbaring 1:1, 19.

Die Bybel is 'n heilige biblioteek van ses en sestig klein boeke. Hierdie unieke biblioteek het 'n heilige oorsprong. Die Skepper van die heelal is die Skrywer… Sowat veertig mans, wat in verskeie tydperke geleef het, op verskillende kontinente, met verskillende agtergronde en beroepe, is deur die Here gekies om die oorspronklike manuskripte voor te berei. Génesis is ongeveer 3,500 jaar gelede geskryf, om en by 1500 vC. Openbaring is ongeveer 97 nC saamgestel, amper 1,900 jaar gelede. 'n Tydperk van ongeveer 1,600 jaar het verloop gedurende die voltooiing van hierdie groot projek. – *Theodora S. Wangerin, Genesis to Revelation, Inleiding, paragrawe 1-5.*

**8. Met hoeveel sorg het die eertydse skrywers die Heilige Skrif oorgeskryf?**

Ten einde verdere foute te voorkom, het die skrywers die aantal verse en selfs letters in die verskeie boeke getel, en dan het hulle kennis geneem van die middel vers, die middel woord, en die middel letter van elke boek… Indien 'n skrywer, nadat hy sy werk voltooi het, gevind het dat sy werk nie ooreenstem met hierdie aantekeninge nie, het dit gedui op 'n fout in sy afskrif van die manuskrip, wat dan óf gekorrigeer óf vernietig moes word. – *Ira M. Price, The Ancestry of Our English Bible, 30.2.*

## *Die Geskrifte van die Ou Testament*

**9. Hoe het Jesus Sy goedkeuring van die Geskrifte van die Ou Testament gewys?**
Markus 14:49; Lukas 24:27; Johannes 5:39.

**10. Hoe het Jesus die Geskrifte van die Ou Testament verdeel?** Lukas 24:44.

**11. Hoeveel boeke is daar in die Ou Testament?**
Daar is nege-en-dertig boeke in die Ou Testament.

"Ons vind dat die term "Ou Testament" eerste in 2 Korinthiërs 3:14 gebruik word, waar dit verwys na die ou verbond wat aan Israel gegee is, en na die Heilige Boeke wat daarmee verband hou. Die versameling en rangskikking van die boeke van die Ou Testament kanon word algemeen aan Esra en sy medewerkers toegeskryf, ongeveer 457 vC. 'n Paar boeke is moontlik later bygevoeg. Dit is interessant om te let hoe dit gebeur het dat die woord "kanon" op die boeke van die Bybel toegepas word. Martin Anstey sê: "Die word 'kanon' beteken 'n staf, 'n reël, 'n standaard, 'n gesag. Soos toegepas op die boeke van die Ou en Nuwe Testamente dui dit daarop dat alleenlik hierdie geskrifte 'n omvattende en 'n gesaghebbende uitdrukking van die verstand van God uitmaak, 'n onpartydige standaard of maatstaf vir die geloof, en 'n laaste appèlhof, geldig te alle tye in alle aangeleenthede wat verband hou met die lewe en verlossing. Die woord 'kanon' soos toegepas op die boeke van die Bybel, dui daarop dat hierdie boeke duidelik onderskei en beslis van alle ander literatuur afgemerk moet word, om sodoende te toon dat dit van Goddelike oorsprong is en dat dit oor Goddelike gesag beskik." *– Adelaide Bee Evans, The Bible Year, 14:12, 3.*

## *Die Geskrifte van die Nuwe Testament*

**12. Wat is die algemene verdelings van die Nuwe Testament?**
Die Nuwe Testament bestaan uit die vier evangelies, een boek oor geskiedenis, een-en-twintig briewe, en een boek oor profesie.

**13. Het die apostels die Geskrifte van die Nuwe Testament erken as deel van die Heilige Skrif?**
2 Petrus 3:15, 16.

## *Bestudering van die Woord*

**14. Wat is Paulus se raad aan die jeug rakende die Heilige Skrif?** 2 Timótheüs 2:15.

**15. Wat is die hoofrede vir die bestaan van die Heilige Skrif?** Johannes 20:31.

**16. Leer die name van die boeke van die Bybel in volgorde.**
Sien Tabel 1 op bls.10.

## *Weergawes van die Bybel*

**17. Die Bybelstudent behoort iets te weet van ten minste 'n paar van die ouer en mees belangrike vertalings of "weergawes" van die Bybel.**

a. **Die Septuagint,** of "**Weergawe van die Sewentig**," is ongeveer 280 vC deur die Jode van Alexandria voorberei. In Christus se tyd was dit in algemene gebruik, aangesien dit 'n direkte vertaling uit die Hebreeus in Grieks is.

b. **Die Vulgaat,** of die **Latyn vertaling** deur Jerome van Betlehem. Hy het die Nuwe Testament in ongeveer 385 nC voltooi, en die Ou Testament ietwat later.

c. **Die Douaibybel,** die Statevertaling van die Rooms Katolieke Kerk, aanvanklik in 1609 gepubliseer.

**d.** **Wycliffe se Weergawe (1383)** was die eerste volledige Engelse Bybel. Dit was gebaseer op die Latynse Vulgaat. (Sien b.)

**e.** **King James Weergawe (1611)**, of, soos dit genoem word, die Engelse Statevertaling, word algemeen deur Protestante aanvaar.

**f.** **Hersiene Weergawes.** Daar is twee onlangse hersienings van die Heilige Skrif, die **English Revised Weergawe**, en die **American Revised Weergawe.** Die ontdekking van 'n aantal ou manuskripte, en 'n meer akkurate kennis van die oorspronklike tekste, het 'n hersiening wenslik gemaak; en in 1870 is die werk deur amper een-honderd mans onderneem, die mees geskiktes wat vir hierdie werk gekies kon word. In 1885, is die English Revised Version gepubliseer, en die komitee verantwoordelik vir daardie werk is ontbind. Die Amerikaanse komitee het sy studie voortgesit; en in 1901, is die American Standard Version gepubliseer. – *Adelaide Bee Evans, The Bible Year, 16:2.*

**g.** Die **Revised Standard Weergawe,** gemagtig deur die Nasionale Raad van Kerke, verteenwoordigend van veertig Protestantse organisasies, is die werk van twee-en-dertig van die mees vooraanstaande Bybelskoliere in Amerika, onder die voorsitterskap van Dr. Luther A. Wiegel van Yale Universiteit. Hierdie is nie 'n vertaling nie, maar 'n hersiening van die *King James Weergawe* en die *Revised* en *American Revised Weergawes* van die Bybel, deur die gebruik van talle dokumente wat die Bybel ondersteun, en wat ontdek is sedert die *King James Weergawe* in 1611 sy verskyning gemaak het. Die Nuwe Testament van hierdie weergawe het in 1946 verskyn en die Ou Testament in 1952.

## *Die Apokriewe*

**18. Wat staan bekend as die "Apokriewe"?**

Terwyl die stem van profesie nie in Judea gehoor was gedurende die lang tydperk van vier-honderd jaar wat gedui het op die einde van die ou dispensasie, het "die eertydse letterkundige instink van die Jode op die voorgrond getree," en talle geskrifte is voortgebring. Sommige word na waarde geskat as 'n geskiedenis van die tydperk.

Veertien van hierdie boeke met die volgende titels staan bekend as die Apokriewe: eerste en Tweede Esdras, Tobit, Judit, gedeeltes van Ester wat nie in die oorspronklike Hebreeus of Aramees gevind is nie, Die Wysheid van Salomo, Ecclesiasticus, Barug, Die Lied van die Drie Heilige Kinders, Die Geskiedenis van Susanna, Bel en die Draak, Die Gebed van Manasse, en Eerste en Tweede Makkabeërs.

Die titel "Apokriewe" is 'n Griekse woord wat beteken "versteek" of "geheim," en is aan hierdie boeke gegee omdat die betrokke skrywers onbekend is. Die datum van hulle skrywe is ook 'n saak van twyfel, alhoewel dit oor die algemeen tussen die jare 200 en 100 vC geplaas word. Alhoewel hierdie Apokriewe boeke in die oudste bestaande kopieë van die Septuagint gevind word, word dit algemeen aanvaar dat hulle nie ingesluit is toe die eerste Griekse vertaling gedoen is nie, en dat hulle inderdaad nie bygevoeg is tot tussen 300 en 400 nC nie. Sidney Collett se: Alhoewel daar in die Nuwe Testament ongeveer 263 direkte aanhalings uit, en ongeveer 370 verwysings na, gedeeltes in the Ou Testament, tog is daar onder al hierdie nie 'n enkele verwysing, of deur Christus of Sy apostels, na die Apokriewe geskrifte nie." – *Adelaide Bee Evans, The Bible Year, 120:3 to 121:2.*

**19. Hoekom word die Apokriewe boeke deur die Protestante verwerp?**

a. Die Hebreeuse Kanon bevat hulle nie.
b. Die Here en Sy apostels het nooit uit hierdie boeke aangehaal nie. Josephus het hulle verwerp, en Jerome, toe hy die Vulgaat vertaal het, het geweier om erkenning aan hulle te gee.
c. Die skrywers self het geen aanspraak op inspirasie gemaak nie, maar het eerder erken dat hulle nie oor die profetiese gawe beskik nie (1 Makkabeërs 4:46; 9:27; 14:41).
d. Die Apokriewe leer doktrines wat nie in ooreenstemming met die Heilige Skrif is nie (sien Jesaja 8:20; Galasiërs 1:8), soos die vaevuur en reïnkarnasie (Wysheid 8:19, 20) en gebede van en vir die dooies (2 Makkabeërs 12:43-46).

Die Apokriewe boeke bly geheel en al in gebreke rakende die progressiewe plan en wedersydse onderlinge verbinding van die Ou Testament en die Nuwe Testament Geskrifte. Historiese foute, onakkuraathede, en klaarblyklik denkbeeldige verhale en toesprake kom voor. – *A. R. Fausset, Bible Encyclopaedia, artikel, "Apocrypha."*

## *Oorweeg die volgende:*

Die Bybel is die literatuur van 'n volk – "die gekose literatuur van die gekose skrywers van die gekose volk." Ons is in die gewoonte om die Bybel as 'n enkele boek te beskou; maar dit is in werklikheid 'n biblioteek van aansienlike grootte, met ses-en-sestig boeke, geskryf deur baie verskillende mense, met verskillende opvoedingspeile en wyd uiteenlopende omgewings en beroepe, gedurende 'n tydperk wat strek vanaf die dae van Moses tot naby die einde van die eerste eeu na Christus. Maar, die enkelvoudsvorm van beide die woorde "Bybel" en "Skrif" "benadruk die feit dat, onder die uiteenlopendheid van menslike outeurskap, lê daar 'n wonderlike eenheid, wat dui op die werking van een Wysheid wat die skrywers gerig het, en wat opgetree het gedurende meer as 'n duisend opeenvolgende jare toe hierdie geskrifte saamgestel is." Die woord "Bybel," wat beteken "die boeke," is nêrens in die Skrif te vinde nie. Ons verkry dit uit die Latynse "biblia," wat op sy beurt kom van die Griekse "biblia," die meervoud van "biblion," wat die verkleinwoord van "biblos" is. Die rede hoekom die Grieke na 'n boek verwys het as "biblos" (die enkelvoudsvorm) is omdat die boeke van ouds geskryf is op material wat gemaak is van die biblus-, of papyrus-, riet.
Net soos ons in Engels praat van bedrukte velle papier waarop die nuus gedruk is as "the paper," so het hulle gepraat van 'n rol van biblusvelle met skrif daarop as "die biblos," en 'n aantal daarvan sou "biblia" (meervoud) wees. Daar word beweer dat die Griekse woord vir "Bible" (Bybel in Afrikaans) aanvanklik op die Heilige Skrif toegepas is deur John Chrysostom, patriarg van Konstantinopel vanaf 398 tot 404 nC. – *Adelaide Bee Evans, The Bible Year, 13:1 to 14:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Amos 3:7
Lukas 24:44
2 Petrus 1:21

## *Definieer of Identifiseer*

Antediluviane; Kanon; Skrif; Apokriewe; Kommunikeer; Weergawes; Bybel

# TABEL 1

## Verdelings van die Bybel

**Boeke van die Ou Testament**

| | |
|---|---|
| **Pentateug:** | Génesis |
| | Exodus |
| | Levitikus |
| | Númeri |
| | Deuteronómium |
| **Geskiedenis:** | Josua |
| Rigters | |
| Rut | |
| 1 Samuel | |
| 2 Samuel | |
| 1 Konings | |
| 2 Konings | |
| 1 Kronieke | |
| 2 Kronieke | |
| Esra | |
| Nehemia | |
| Ester | |
| **Poësie** | Job |
| | Psalms |
| | Spreuke |
| | Prediker |
| Hooglied | |
| **Profete: Groot:** | Jesaja |
| | Jeremia |
| | Klaagliedere |
| | Eségiël |
| | Daniël |
| **Kleiner:** | Hoséa |
| | Joël |
| | Amos |
| | Obadja |
| | Jona |
| | Miga |
| | Nahum |
| | Hábakuk |
| | Sefánja |
| | Haggai |
| | Sagaria |
| | Maleági |

**Boeke van die Nuwe Testament**

| | |
|---|---|
| **Evangelies** | Matthéüs |
| | Markus |
| | Lukas |
| | Johannes |
| **Geskiedenis** | Die Handelinge van die Apostels |
| **Sendbriewe** | Romeine |
| | 1 Korinthiers |
| | 2 Korinthiërs |
| | Galásiërs |
| | Efésiërs |
| | Filippense |
| | Kolossense |
| | 1 Thessalonicense |
| | 2 Thessalonicense |
| | 1 Timótheüs |
| | 2 Timótheüs |
| | Titus |
| | Filémon |
| | Hebreërs |
| | Jakobus |
| | 1 Petrus |
| | 2 Petrus |
| | 1 Johannes |
| | 2 Johannes |
| | 3 Johannes |
| Judas | |
| **Profesie** | Openbaring |

# LES 2 - DIE INGEWING VAN DIE BYBEL

*Die hele Skrif is deur God ingegee…*
*2 Timótheüs 3:16*

**God het dit goed geag om Sy waarheid aan die wêreld te kommunikeer deur middel van menslike werktuie, en Hy het self, deur Sy Heilige Gees, mense bevoeg gemaak en hulle in staat gestel om hierdie werk te doen. Hy het die verstand gerig in die keuse van wat om te spreek en wat om te skryf. Die skat is toevertrou aan erdekruike, tog is dit nietemin van die hemel. Die getuienis word oorgedra deur die onvolmaakte uitdrukking van menslike taal, tog is dit die getuienis van God; en die gehoorsame, gelowige kind van God aanskou dit in die heerlikheid van 'n Goddelike krag, vol van genade en waarheid.** *Die Groot Stryd, Inleiding, VI: 4.*

## *God se Boodskappe aan die Mens*

**1. Wat was die bron van die boodskappe van die Bybelskrywers?** 2 Kronieke 36:15; Jesaja 38:1; Jeremia 1:1, 2; Eségiël 1:1-3; Obadja 1; Jona 1:1; 2 Petrus 1:21.

**2. Kon die profete die boodskap van God verander om hulleself te pas?** Númeri 22:18; 23:26.

**3. Watter profeet is deur God gekorrigeer toe hy die verkeerde raad aan 'n koning gegee het?** 2 Samuel 7:1-13.

**4. Hoe ernstig was dit vir 'n profeet om teen die geopenbaarde wil van God te handel?** 1 Konings 13:7-24.

**5. Hoe het God met die profete gekommunikeer?** Númeri 12:6.

## *Die Ingewing van die Skrifte*

**6. Hoeveel van die Skrifte is ingegee?** 2 Timótheüs 3:16.

**7. Van al die woorde wat God met die mens gespreek het, watter is die enigste woorde wat Hy met Sy eie vinger geskryf het?** Deuteronómium 4:12, 13; 9:10.

Die Tien Gebooie is deur God self gespreek, en met Sy eie hand geskryf. Hulle is deur God en nie deur die mens opgestel nie. – *Die Groot Stryd, Inleiding, p. 7.*

**8. Watter verhouding het Jesus, of "die Gees van Christus," met die profete van ouds gehad?** 1 Petrus 1:10, 11.

**9. Die profeet Johannes het die Openbaring van Jesus ontvang deur Sy engel.** Openbaring 1:1.

a. God na Jesus.
b. Jesus na Sy engel.
c. Sy engel na Sy dienskneg die profeet.
d. Die profeet na die mense.

**10. Hoe word die eenheid van die Bybel verduidelik?**

Hier is ‘n boek wat uit alle oorde kom, geskryf deur manne met verskillende agtergronde, versprei oor ‘n tydperk van vyftienhonderd jaar; en tog is hierdie boek saamgestel as ‘n wonderbaarlike en harmoniese geheel. Hoe is dit gedoen? “[D]eur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” 2 Petrus 1:21. Een verstand inspireer die hele boek, een stem spreek deur die hele boek, en, dit is die stem van God wat spreek met opwekkingsmag. – *H. L. Hastings, Will the Old Book Stand? 22:2.*

**11. Wat is God in staat om te doen?** Jesaja 46:9, 10.

**a. Van die talle profesieë wat vervul is, word die volgende genoem as uitsonderlike voorbeelde:**

(1) Die Jode moes “’n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word.” Deuteronómium 28:25.
(2) Die Jode sou hulle eie kinders eet (Deuteronómium 28:53) en dit is vervul (2 Konings 6:25-29).
(3) Die tempel te Jerusalem sou geheel en al vernietig word. Matthéüs 24:2. Dit is onder die Romeine generaal Titus vervul 70 nC.
(4) Daar moes “tekens wees aan son en maan en sterre.” Lukas 21:25.
(a) Die son is op 19 Mei 1780 verduister.
(b) Die maan was daardie selfde nag donker – dit was so rooi soos bloed.
(c) Die sterre het vanuit die hemele geval, 13 November 1833.
(5) ‘n Groot anti-Christelike mag sou “probeer om tye en wet te verander.” Daniël 7:25.

**Let op die leer van die Rooms-Katolieke Kerk:**

**Vraag.** Is daar enige ander manier om te bewys dat die RK Kerk die mag het om “feeste van voorskrifte” (festivals of precept) in te stel?

**Antwoord.** Indien sy nie oor sulke mag beskik het nie, kon sy nie dit gedoen het waarin alle hedendaagse godsdiensyweraars met haar saamstem nie; - sy sou nie die onderhouding van die eerste dag van die week in die plek kon stel van die onderhouding van Saterdag, die sewende dag nie, ‘n verandering waarvoor daar geen Skriftuurlike gesag is nie. – *Stephen Keenan, a Doctrinal Catechism, 174:5, 6.*

**b. Gedeeltes van profesieë wat nog nie vervul is nie:**

(1) Daniël 2 – “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek…” Daniël 2:44.
(2) Daniël 7 – [D]ie heiliges van die Allerhoogste … sal die koninkryk in besit neem…” Daniël 7:18.
(3) Die sewe seëls – “[E]n die hemel het weggewyk soos ‘n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en [die konings van die aarde ens.] het … vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam.” Openbaring 6:14-16.

(4) Openbaring 13 – Die luiperd-dier "wat groot woorde en godslasteringe uitspreek," sal 'n beeld laat maak en die mense sal verplig word om die dier se beeld te aanbid, en om die merk van die dier te ontvang; en as hulle weier, sal hulle doodgemaak word.

**12. Hoe hoort ons die Bybel te ontvang?**
1 Thessalonicense 2:13.

## *Oorweeg die volgende:*

"[D]ie woord van onse God hou stand in ewigheid." Jesaja 40:8.
Dr. Cummings sê: Die koninkryk van Caesar bestaan nie meer nie; die Romeinse legioene vergaan in die stof; die vloedgolf wat Napoleon oor Europa gewerp het, het weggesypel; die trots van die Farao's het tot 'n val gekom; … maar die woord van God bly nog behoue. Alle dinge wat gedreig het om dit te vernietig, het dit net sterker gemaak; en elke dag bewys dit hoe verganklik is die edelste monument wat die mens kan oprig, hoe blywend is die geringste woord wat God gespreek het. Tradisie het 'n graf daarvoor gegrawe; onverdraagsaamheid het talle brandstapels daarvoor aangesteek; menige Judas het dit met 'n kus verraai; menige Petrus het dit met 'n vloekwoord verloën; menige Demas het dit versaak; maar die woord van God bly bestaan." *– Adelaide Bee Evans, The Bible Year, ix:1.*

## *Tekste om te Onthou*

2 Timótheüs 3:16;
1 Petrus 1:10, 11

## *Definieer of Identifiseer*

Ingewing
Profesie
Visioen

# LES 3 - DIE DOEL VAN DIE BYBEL

*Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. 1 Korinthiërs 10:11.*

**God het in Sy Woord aan mense die kennis toevertrou wat nodig is vir die saligheid. Die Heilige Skrif moet aangeneem word as 'n gesaghebbende, onfeilbare openbaring van Sy wil. Dit is die maatstaf van karakter, die openbaarder van leerstellings, en die toets van die geestelike lewe.** – *Die Groot Stryd, Inleiding, vii: 1.*

## *Die Bybel Deel Ware Kennis Mee*

**1. Wat sê Paulus rakende God se oordele en weë?** Romeine 11:33.

**2. Deur wie openbaar God Sy "geheime"** (Deuteronómium 29:29) **aan die mens?** Amos 3:7.

**3. Wat word daar aan ons gesê om te doen?** 2 Timótheüs 2:15.

**4. Hoort ons vertroue te hê in the waarheid wat deur middel van die Bybel na ons toe kom?** Spreuke 22:20, 21; 2 Timótheüs 3:16, 17.

Daar is geen betroubare leerstelling behalwe die wat ooreenkomstig die woord van God is nie… Hierdie woord is die enigste waarheid; dit is die betroubare maatstaf van alle leerstellings en van alle lewe, en dit kan ons nooit begewe of bedrieg nie. *– J. H. Merle d'Aubigne, History of the Reformation of the Sixteenth Century, vol. 4, 59:3.*

## *Wat Doen die Bybel?*

**5. Hoe help die Bybel ons?** 2 Timótheüs 3:16, 17.

a. Dit "is nuttig tot lering,"
b. "tot weerlegging,"
c. "tot teregwysing,"
d. "tot onderwysing,"
e. sodat die mens "volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."
f. Dit is "'n lamp" vir ons voet. Psalm 119:105.
g. Help ons om rekenskap te gee "omtrent die hoop wat in (ons) is." 1 Petrus 3:15.
h. Laat ons jubel. Hábakuk 3:18.

**6. Waartoe is die woord van God in staat?** Hebreërs 4:12, laaste gedeelte.

In alle eeue het filosowe en onderwysers die wêreld van teorieë voorsien om die siel se behoefte mee te bevredig. Elke heidense volk het sy groot leraars en godsdiensstelsels gehad wat 'n ander verlossing as deur Christus verkondig het en wat die mense se oë van die Vader se gesig afgewend en hul harte met vrees vervul het vir Hom wat hulle altyd net geseën het. Hul werk neig om God te beroof van wat Sy eie is, sowel deur

skepping as deur verlossing. En hierdie valse leraars beroof ook die mens. Miljoene mense is aan valse godsdienste vasgeketting, in slaafse vrese bevange, in gevoellose onverskilligheid en werk soos diere, sonder hoop of vreudge of strewe hier en met slegs ‘n vae vrees vir die hiernamaals. Net die evangelie van die genade van God kan die siel ophef. Oorpeinsing van die liefde van God soos in Sy Seun geopenbaar, ontroer die hart en wek kragte in die siel op soos niks anders kan nie. Christus het gekom om die beeltenis van God in die mens te herskep en wie die mense wegkeer van Christus af, keer hulle weg van die bron van ware ontwikkeling; hy beroof hulle van die hoop en doel en heerlikheid van die lewe. Hy is ‘n dief en ‘n rower. – Koning van die Eeue, 478:2.

### *Die Bybel Openbaar Christus*

**7. Van wie het Moses en die profete geskryf?** Johannes 1:45.

**8. Van wie getuig die Skrif?** Johannes 5:39.

**9. Waar in die Bybel word die belofte van ‘n Verlosser vir die eerste keer geopenbaar?** Génesis 3:15.

**10. In watter profesie word Christus se lewe, lyding en dood roerend voorspel?** Jesaja 53.

Soos die rooi garedraad wat in elke sentimeter tou in die Britse vloot ingevleg is, soos die melodie van ‘n pragtige lied, soos die tema van ‘n groot meesterstuk, so is Jesus in die Skrif. Hy is die skrywer en die held, die begin en die einde van jou Heilige Skrif. – *Bible Readings for the Home, 41:4.*

Groot leraars en godsdiensstelsels … wat ‘n ander verlossing as deur Christus verkondig het en wat die mense se oë van die Vader se gesig afgewend en hul harte met vrees vervul het vir Hom wat hulle altyd net geseën het. … Net die evangelie van die genade van God kan die siel ophef. Oorpeinsing van die liefde van God soos in Sy Seun geopenbaar, ontroer die hart en wek kragte in die siel op soos niks anders kan nie. Christus het gekom om die beeltenis van God in die mens te herskep en wie die mense wegkeer van Christus af, keer hulle weg van die bron van ware ontwikkeling; hy beroof hulle van die hoop en doel en heerlikheid van die lewe. Hy is ‘n dief en ‘n rower. – *Koning van die Eeue, 478:2.*

### *God se Woord moet Deel van Ons Word*

**11. Hoe het Christus Sy Vader se gebod beskryf?** Johannes 12:50.

**12. Hoe word Christus se woorde beskryf?** Johannes 6:63, 68.

**13. Watter les was daar in die voeding van die kinders van Israel met manna?** Deuteronómium 8:3; Matthéüs 4:4.

**14. Hoe het Christus Homself beskryf?** Johannes 6:35.

**15. Nadat Hy hierdie verklaring oor Homself gemaak het, wat het Hy voorgestel dat mense moet doen?** Johannes 6:53 - 58.

**16. Hoe het Hy die simbole wat Hy gebruik het rakende die eet van Sy vlees en die drink van Sy bloed verduidelik?** Johannes 6:63.

## *Oorweeg die volgende:*

Eerstens moet ons die Bybel bestudeer om die honger van ons siele te versadig. Soos ons Gods geskrewe woord aan ons lees, en ons verstande oopmaak om Sy gedagtes te ontvang, sal Hy met ons praat net so sekerlik as wat Hy met Dawid gepraat het, en met Jesaja, en met Daniël. Ons het 'n behoefte daaraan om Hom te ken, en ons mag Hom die beste leer ken deur Sy woord. – *Adelaide Bee Evans, The Bible Year, ix:2.*

Die Bybel, gebore in die Ooste, en beklee met Oosterse vorm en beeldspraak, stap met gedienstige voete in die weë van die hele wêreld, en gaan een land na die ander binne om wat syne is, te vind. Dit het geleer om in honderde tale tot die hart van die mens te spreek. Dit kom die paleis binne om vir die koning te sê dat hy die dienskneg van die Allerhoogste is, en dit kom die kothuis binne om die kleinboer te verseker dat hy die seun van God is. Kinders luister met verwondering en genot na die verhale uit die Bybel, en wyse manne oorpeins hierdie verhale as gelykenisse uit die daaglikse lewe. Dit het 'n woord van vrede vir die tyd van gevaar, 'n woord van vertroosting vir die tyd van onheil, 'n woord van lig vir die donker uur. Sy uitsprake word by die samekoms van die mense herhaal, en sy raad word in die oor van die eensame gefluister. Sy woorde laat wyse en trotse manne bewe, maar vir diegene wat seergemaak en boetvaardig is, is dit die stem van 'n moeder. Die woestyn en die eensame plek word daardeur verbly, en die vuur in die vuurherd het die lees van sy verslete bladsye verlig. Die Bybel het homself in ons diepste teerheid ingeweef, en kleur aan ons liefste drome verleen, sodat liefde en vriendskap, meegevoel en toewyding, herinnering en hoop, die pragtige kledingstukke van sy kosbare woorde, gegeur met wierook en mirre, aantrek. Bo die wieg en langs die graf kom sy groot woorde ongevra na ons. Hulle vul ons gebede met groter krag as wat ons ken, en hulle lieflikheid talm in ons ore lank na die preke wat hulle versier het, vergete is. Hulle keer vinnig en stilletjies terug na ons, soos voëls wat van ver vlieg. Hulle verbaas ons met nuwe betekenisse, soos waterfonteine wat langs 'n lank vergete paadjie deur die berg breek. Hulle word ryker, soos pêrels wat na aan die hart gedra word. Geen mens wat hierdie skat besit, kan arm of verlate wees nie. – *Henry van Dyke.*

## *Tekste om te Onthou*

Deuteronómium 29:29
Johannes 5:39
1 Korinthiërs 10:11
Amos 3:7
Johannes 6:63

## *Definieer of Identifiseer*

Waarskuwing
Voorbeelde
Teregwysing
Lering
Fundamenteel
Waarheid

# LES 4 - DIE KRAG VAN DIE WOORD VAN GOD

*Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.* [W]*ant Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan. Psalm 33:6, 9.*

Die skeppingswerk kan nooit deur die wetenskap verduidelik word nie. Watter wetenskap kan die geheimenis van die lewe verduidelik? Die teorie dat God nie materie geskep het toe Hy die wêreld tot stand gebring het nie, is ongegrond. In die skepping van die aarde was die Here nie van reeds bestaande materie afhanklik nie. Inteendeel, alle dinge, materieel of geestelik, het op die wagwoord van die Here Here tot stand gekom en Hy het hulle vir Sy eie welbehae geskape. Die hemele en die ganse leër daarvan, die aarde en alles wat daarop is, is deur die asem van Sy mond in aansyn geroep. *– Testimonies for the Church, vol. 8, 258:3, 4.*

## *Skeppende en Onderhoudende Krag van die Woord*

1. **Hoe is die hemele geskep?** Psalm 33:6, 9.

2. **Hoekom is God se woorde so kragtig?** Johannes 6:63.

3. **Hoe word die aarde en die heelal onderhou of in stand gehou?** Hebreërs 1:3, NV.

Dieselfde skeppende energie wat die wêreld tot stand gebring het, word nog steeds uitgeoefen in die onderhoud van die heelal en die voortsetting van die werkinge van die natuur. *– Counsels to Parents, Teachers, and Students, 185:3.*

## *Die Woord was Christus*

4. **Hoe is die Woord beskryf?** Johannes 1:1.

5. **Wie was by God die Vader aan die begin van die skepping?** Johannes 1:1, 2.

6. **Deur wie het alle dinge ontstaan?** Johannes 1:3, 10.

7. **Wat was in Hom (die Woord)?** Johannes 1:4.

Christus, die Woord, die eniggeborene van God, was een met die ewige Vader – een van aard, een van karakter, een van doel – Hy was die enigste wese wat kon meedoen aan die raadsbesluite en planne van God. *- Patriarge en Profete, 34:1.*

8. **Wat is gesê rakende Jesus se woorde?** Matthéüs 7:29; Lukas 4:32.

9. **Voorbeelde wat die krag van Christus se woorde illustreer:**
a. Geeste van duiwels uitgedrywe. Matthéüs 8:16.
b. Vyeboom verdroog. Matthéüs 21:18-20.
c. Storm stilgemaak. Markus 4:36-41.

d. Siekes gesond gemaak. Lukas 7:2-10.
e. Dode opgewek. Johannes 11:43, 44.

**10. Voorbeelde wat die krag van Christus se woord, soos deur Sy volgelinge gespreek, illustreer:**
a. Water het uit 'n rots gevloei. Númeri 20:7-11.
b. Son en maan het stilgestaan. Josua 10:12-14.
c. 'n Siek man is genees. Handelinge 9:33, 34.
d. 'n Vrou opgewek. Handelinge 9:36-41.




Die mens mag kwaai aanvalle teen die Skrifte loods, maar die Woord van God staan rotsvas.

***Deur Sy Woord Gereinig en Bewaar***

**11. Hoe word ons van sonde gereinig?** Psalm 119:9; Johannes 15:3.

**12. Nadat ons gereinig is, hoe word ons daarvan weerhou om weer in sonde te verval?** Psalm 119:11; Matthéüs 4:4; Romeine 1:16, 17; 1 Petrus 1:5.

**13. Wal sal die woord van God vir die gelowige doen wat daaraan gehoorsaam is?** Johannes 17:17.

## Die Toereikende Bybel

Wanneer ek moeg is, is die Bybel my bed;
Of in die donker, die Bybel is my lig,
Wanneer ek honger is, is dit lewensbrood;
Of bevrees, dit is wapenrusting vir die stryd.
Wanneer ek siek is, is dit 'n geneesmiddel;
Of eensaam, menigte vriende vind ek daarin.
As ek moet werk, is die Bybel my werktuig;
Of speel, dis 'n harp met vrolike klank.
As ek onkundig is, is dit my skool;
Of as ek sink, is dit vaste grond.

As ek koud kry, is die Bybel my vuur;
En dit is vlerke, as ek moedig streef.
Sou ek verlore wees, die Bybel is my Gids;
Of naak, dit is kleding, weelderig en warm.
Is ek in die tronk? Dit is wye ruimtes;
Of deur die storm geteister? Dit beskut daarteen.
Soek ek avontuur, is dit 'n vreeslose see;
Of sou ek wou rus, dis 'n blomryke weiland.
Druk mismoed my neer? Die Bybel is 'n son;
Of gemeenheid? Dis 'n lieflike tuin.
Is ek dors? Dan is dit 'n koel stroom.
Of benoud? Dit is lewegewende lug!
En omdat u van uself vir my gee,
Hoe sal ek gee van myself, groot Boek, aan u?
- Amos R. Wells

## *Tekste om te Onthou*

Psalm 33:6, 9;
Psalm 119:9, 11;
Johannes 1:1-3, 14

## *Definieer of Identifiseer*

Skepping
Krag
Woord

# LES 5 – HOE OM DIE BYBEL TE BESTUDEER

*Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. – 2 Timótheüs 2:15.*

**Dit is die eerste en die hoogste plig van elke redelike wese om uit die Skrifte te leer wat waarheid is, om daarna in die lig te wandel en ook ander aan te moedig om sy voorbeeld te volg. Ons behoort die Bybel elke dag ywerig te ondersoek, elke gedagte te oorweeg en teks met teks te vergelyk. Met goddelike hulp behoort ons ons eie opinies te vorm, want ons sal self moet rekenskap gee aan God.** *– Die Groot Stryd, 598:2*

## *Jy Kan die Bybel Verstaan*

**1. Is dit God se doel dat ons die Skrif verstaan?** Deuteronómium 29:29; Markus 4:11, eerste gedeelte; 13:14.
**2. Hoekom is dit vir sommige mense moeilik om die Bybel te verstaan?** Romeine 8:5, 6; 1 Korinthiërs 2:13, 14; Efésiërs 4:17-19.

**3. Kan die onbekeerdes Gods woord ten volle verstaan?** Johannes 3:1-8.

**4. Is sommige gedeeltes van die Bybel moeiliker om te verstaan as andere?** 2 Petrus 3:15, 16.

**5. Is daar enige verhouding tussen gehoorsaamheid en die verstaan van Gods woord?** Psalm 119:33-40; Johannes 7:17.

**6. Wie sal ons help soos ons streef om Gods woord te verstaan?** Lukas 24:45; Efésiërs 1:17-19; 2 Timótheüs 2:7.

**7. Deur wie kom hierdie hulp?** Johannes 14:16, 17, 26; 16:13.

'n Ware kennis van die Bybel kan net verkry word met die hulp van daardie Gees deur wie die Woord ingegee is. *– Opvoeding, 189:2.*

## *Beginsels van Bybelstudie*

**8. Van watter waarde is Bybelstudie?** Johannes 5:39; 2 Timótheüs 3:15-17.

**9. Hoe belangrik was Gods woord vir Job?** Job 23:12.


**10. Watter edele voorbeeld van Bybelstudie staan in die Bybel opgeteken?** Handelinge 17:11.

**11. Wat behoort ons doel met Bybelstudie te wees?** 2 Timótheüs 2:15.

Die student van die Bybel moet geleer word om dit met die gesindheid van ‘n leerling te benader. Ons moet sy bladsye deursoek, nie vir bewyse om ons teorieë te steun nie, maar om te weet wat God sê. – *Opvoeding, 189:1.*

**12. Hoe moet ons ‘n regte interpretasie van Bybelse waarheid bereik?** Jesaja 28:10; 1 Korinthiërs 2:13.

Die studie van die Bybel vereis ons ywerigste inspanning en volhardenste nadenke. Soos die mynwerker vir die goudskat in die aarde delf, so ernstig, aanhoudend, moet ons soek na die skat van Gods Woord. – *Opvoeding, 189:3*.



Die Bybel dui op die weg van 'n verlore, sondige wêreld na God se ewige koninkryk van heerlikheid.

**13. Soos ons die Bybel lees, wat behoort ons nog te doen?** 1 Timótheüs 4:15.

In die daaglikse studie is die vers-vir-vers-metode dikwels die nuttigste. Laat die student een vers neem, en die aandag daarop toespits om die gedagte vas te stel wat God vir hom in daardie vers geplaas het, en laat hom dan die gedagte oorpeins totdat dit sy eie word. Een skrifgedeelte wat so bestudeer word, totdat die betekenis daarvan duidelik is, is van groter waarde as die deurlees van baie hoofstukke met geen besliste doel voor oë en geen werklike onderrig wat ontvang word nie. – *Opvoeding, 189:4.*

**14. Soos ons Gods woord bestudeer, waarvoor behoort ons te bid?** Psalm 119:18; Jakobus 1:5, 6.

Die Bybel moet nooit sonder gebed ondersoek word nie. Voordat ons dit lees, moet ons eers om die lig van die Heilige Gees vra, en dit sal aan ons gegee word. … En Jesus sal ons ook sien waar ons in die geheim bid en Hom om lig vra sodat ons die waarheid kan verstaan. Engele van lig sal by diegene wees wat in ootmoed om leiding vra. – *Skrede na Christus, 91:1.*

Geloof in Gods Woord, biddend ondersoek en prakties toegepas, sal ons skild wees teen die Satan se mag, en sal ons oorwinnaars maak deur die bloed van Christus. – *Messages for Young People, 61:2.*

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrifte is en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die verskriklike bedrog wat die wêreld sal oorval. Deur die getuienis van die Bybel sal hulle die bedrieër in sy vermomming herken. – *Die Groot Stryd, 625:3*

## *Hoe om die Bybel te bestudeer*

Voorgestelde metodes vir Bybelstudie:

**1. Lees dit eerbiedig.**
Engele wat voortdurend voor Gods troon is, bedek hul gesigte soos hulle lofliedere aan Hom sing. Ons hoort alle aardse gedagtes te onderdruk wanneer ons die bladsye van die Boek oopmaak.

**2. Lees dit stadig.**
Gee die Bybel se waarhede tyd om wortel te skiet. "Laat staan en weet dat Ek God is [Psalm 46:11], sê die Almagtige. Wees rustig, bedaard, sodat jy Sy stem kan hoor. Sodat jy jou Bybel mag ken. "Die Bybel in die hand is nie voldoende nie; die Bybel in die geheue is nie voldoende nie; maar die Bybel in die hart beteken die ewige lewe."

**3. Lees dit nederig.**
Die Bybel is God se boodskap aan jou. Deur sy bladsye sal Hy tot jou hart spreek, en jou in die hele waarheid lei. Kom in 'n nederige, ontvanklike, gehoorsame gees, en soos jy lees, sal jy inderdaad van Hom leer. "As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is.*" [The Modern Reader's Bible, Moulton, John 7:17.]*

**4. Lees dit biddend.**
"Wanneer jy 'n boek in 'n donker kamer lees, en by 'n moeilike gedeelte kom, neem jy dit na 'n venster vir meer lig. Neem ook so jou Bybel na Christus." Moenie soseer dink aan die aantal hoofstukke en verse nie as aan jou behoefte, en die hulp wat jou Vader wag om vir jou deur Sy Woord te stuur. En onthou dat die vordering van jou begrip van die Bybel deur die erns van jou gebede gemeet sal word.

**5. Lees dit daagliks.**
"Ek bejammer die persone wat nie die Bybel elke dag lees nie," het President Wilson gesê. "Vandag," is die woord van ingewing. "Vandag" moet ons "Sy stem hoor" – en nie net vandag nie, maar elke dag. Moenie een dag misloop, en vir jouself sê, "More" nie. Sê nou more is nie vir jou beskore nie?

**6. Lees dit eerste.**
"Die beste tyd van die dag moet aan die Bybel toegestaan word, en vir die meeste mense is die beste tyd van die dag die vroeë oggenduur." Dit maak nie saak watter ander boeke aanspraak op jou tyd en gedagtes maak nie, moenie een van hulle oopmaak voordat jy tyd in Gods Woord deurgebring het nie.

**7. Lees dit laaste.**
Kom met sononder na die Woord. Die dag mag versoeking en terugslae bring, geswoeg en tamheid, leed en vernedering. Wat ook al die dag gebring het, ons het steeds dít nodig wat Jesus alleen kan gee. "Kom na My,

… en Ek sal … gee." [Matthéüs 11:28], is Sy genadige uitnodiging. Daar is slegs een voorwaarde – Kom. En hoeveel te beter kan ons na Hom kom as om 'n tydjie in Sy Woord deur te bring, met Hom die begeertes van ons hart te deel, en te luister na Sy boodskap aan ons?

**8. Lees dit op die Sabbat.**
Hoeveel beter sou ons nie ons Bybel ken as ons dit meer gereeld op die Sabbat lees nie! En ons sal die Sabbat beter onderhou as ons die Bybel meer gereeld lees. Soms maak ons verskoning dat ons nie Gods Woord lees nie omdat ons nie genoeg tyd het nie; maar "daar is meer tyd om op die Sabbat te lees." – *Adelaide Bee Evans, The Bible Year, x:1 tot xi:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Jesaja 28:10
2 Timótheüs 2:15

## *Definieer of Identifiseer*

Kommentaar
Interpretasie
Studie
Vergelyk
Gebod
Verstaan
Konsentreer


# LES 6 - DIE BYBEL IS DIE WOORD VAN GOD – OPSOMMING VAN EENHEID 1

*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2 Timótheüs 3:16, 17.*

**Dit is gepas en reg om die Bybel te lees; maar jou plig eindig nie daar nie; want jy moet sy bladsye vir jouself ondersoek. Die kennis van God kan nie bekom word sonder verstandelike inspanning nie, sonder gebed vir wysheid sodat jy die suiwer koring van waarheid kan skei van die kaf waarmee die mens en Satan gestreef het om die leerstellings van waarheid verkeerd voor te stel. Satan en sy bond van menslike werktuie het probeer om die kaf van dwaalleer met die koring van waarheid te meng. Ons moet soek na die verborge skat, en wysheid van omhoog soek sodat ons kan onderskei tussen die versinsels van die mens en die Goddelike gebooie. Die Heilige Gees sal hulp verleen aan die soeker na groot en kosbare waarhede wat verband hou met die verlossingsplan. Ek wil almal laat verstaan dat 'n oppervlakkige gelees van die Skrifte nie voldoende is nie. Ons moet soek, en dit beteken dat ons alles moet doen wat die Woord impliseer. Soos die mynwerker ywerig die aarde ondersoek om sy are van goud te ontsdk, so moet julle die Woord van God ondersoek vir die verborge skat wat die Satan so lank probeer om vir die mens te versteek. Die Here sê, "As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet." Johannes 7:17.** – Fundamentals of Christian Education, 307:2.

### *Hoe Ons Ons Bybel Bekom Het*

1. Die Bybel bevat twee Testamente. Hoeveel boeke is daar in elk?
2. Noem vyf belangrike vertalings van die Bybel.
3. Noem vyf maniere waardeur God met die mens gekommunikeer het.
4. Wat beteken "Apokriewe"?
5. Wat is die verskil tussen die Apokriewe en die Apokalips?
6. Lys ses redes hoekom die Apokriewe verwerp word.
7. Watter godsdienstige groep aanvaar die Apokriewe?
8. Wees vertroud met die verdelings van die Bybel. Sien kaart 1.




Ons kan nie verwag dat die lig vanuit die hemel deur ons skyn tensy ons lewens deur die waarheid verlig word nie.

## *Ingewing van die Bybel*

1. Hoe het God met die profete gekommunikeer?
2. Hoe bewys jy dat die Ou Testament geïnspireer is?
3. Wat is die enigste gedeelte van die Bybel wat God met Sy eie vinger geskryf het?
4. Noem verskeie profesieë wat vervul is.
5. Noem verskeie dinge wat die Bybel bevat wat bomenslike vermoë openbaar.

## *Die Doel van die Bybel*

1. Noem verskeie maniere hoe die Bybel die mensdom kan help om beter te leef.
2. Wees in staat om te wys op verskeie instansies van Christus se bestaan voordat Hy in Betlehem gebore is. Daar is ten minste drie in die Ou Testament.
3. Hoe gee die Bybel ons hoop?

### *Krag van Gods Woord*

1. Wie is die Woord?
2. Wie was die aktiewe werktuig tydens die skepping?
3. Noem verskeie voorbeelde van die krag van Christus se gesproke woorde.
4. Gee ‘n voorbeeld van ‘n persoon wat deur die Woord van sonde weerhou is.
5. Noem voorbeelde van die krag van die Woord in die Ou Testament.

### *Hoe om die Bybel te Bestudeer*

1. Wie het geskryf “… spreek daarin [in die Skrif] oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan”?
2. Wie sal ons in alle waarheid “lei”? Wees spesifiek.
3. Maak ‘n lys van die geestelike houdings wat ons moet openbaar sodat ons die Bybel kan verstaan.
4. Noem ‘n groep mense wat beskryf word as “edelmoediger” as gevolg van daaglikse Bybelstudie?



***“Ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het,” is raad vir jongmense. Johannes 5:39.***


# EENHEID 2 – “DIE GODDELIKE FAMILIE IN DIE HEMEL EN OP DIE AARDE”

**Die Godheid, of Drie-eenheid, bestaan uit: die Ewige Vader, ‘n persoonlike, geestelike Wese, almagtig, alomteenwoordig, alwetend, oneindig in wysheid en liefde;**

**die Here Jesus Christus, die Seun van die Ewige Vader, deur wie alle dinge geskape is en deur wie die redding van die verloste skares volbring sal word;**

**die Heilige Gees, die Derde Persoon van die Godheid, die groot herskeppende krag in die verlossingswerk.**

**Jesus Christus is waaragtig God, toonbeeld van die Ewige Vader, met dieselfde natuur. Hoewel Hy Sy Goddelike natuur behou het, het Hy die natuur van die mensdom aangeneem, op aarde gewoon as ‘n mens, in Sy lewe as ons Voorbeeld die beginsels van geregtigheid uitgeleef, getuig van Sy verwantskap met God by wyse van talle magtige wonderwerke, op die kruis vir ons sondes gesterf, uit die dode opgestaan, en na die Vader opgevaar, waar Hy altyd leef om vir ons in te tree. God alleen besit onsterflikheid. 1 Timótheüs 6:16. Die sterfling besit ‘n natuur wat inherent sondig en sterwend is. Die ewige lewe is die genadegawe van God deur geloof in Jesus Christus. Romeine 6:23. “Hy wat die Seun het, het die lewe.” 1 Johannes 5:12. Met Christus se wederkoms word onsterflikheid aan die regverdiges geskenk, wanneer die regverdige dode uit hulle grafte opstaan en die lewende regverdiges in die hemel opgeneem word om die Here te ontmoet. Eers dan word diegene wat as getrou beskou word “met onsterflikheid beklee.”**
**1 Korinthiërs 15:51-55.**



***“Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!” 2 Korinthiërs 13:13.***

# LES 7 - DIE GODHEID OF DRIE-EENHEID

*Die HERE onse God is 'n enige HERE. Deuteronómium 6:4.*

**Drie onderskeibare wesens, die Vader, die Seun, en die Heilige Gees, werk saam vir die mens. Hulle is verenig in die werk om die kerk op aarde soos die kerk in die hemel te maak. Hulle plaas die hemelse hulpbronne tot die beskikking van diegene wat hierdie geestelike skatte sal waardeer en meedeel, soos hulle hierdie skatte vermenigvuldig deur hulle te gebruik tot verheerliking van God. Elke ywerige poging om te verbeter, voeg by die gawes wat ons reeds besit. Die hemelse magte werk saam met die mens volgens die vermenigvuldigingsplan.** – *Manuscript, April 19, 1900.*

**Christus, die Woord, die eniggeborene van God, was een met die ewige Vader – een van aard, een van karakter, een van doel – Hy was die enigste wese wat kon meedoen aan die raadsbesluite en planne van God.** – *Patriarge en Profete, 34:1.*

## *Die Eenheid van die Vader, Seun, en Heilige Gees*

1. **Identifiseer die drie Persone van die Godheid.** Matthéüs 28:19; 2 Korinthiërs 13:13; 1 Johannes 5:7.

2. **Alhoewel daar drie Persone in die Godheid is, hoe word hulle in die Bybel voorgestel?** Deuteronómium 6:4; Johannes 10:30; Efésiërs 4:5, 6.

Hoewel God die Vader, God die Seun, en die Heilige Gees drie aparte en onderskeibare wesens is, tog is hulle "een van aard, van karakter, van doel" *(Patriarge en Profete, 34:1),* en hulle werk in so 'n noue verhouding dat hulle as een beskou kan word. Moses het probeer om hierdie waarheid aan Israel te verduidelik toe hy gesê het, "[D]ie HERE onse God is 'n enige HERE." Deuteronómium 6:4.

Die eenheid wat daar tussen Christus en Sy dissipels bestaan, vernietig nie die persoonlikheid van die een of die ander nie. Hulle is een van sin, van gedagte, van karakter, maar nie van persoon nie. Dit is op hierdie wyse dat God en Christus een is. - *Die Helende Hand, 422:1.*

Dit is dieselfde God van wie en deur wie alles bestaan, wat, betreffende verlossing, tegelykertyd die Vader is wat voorsien, die Seun wat volbring, en die Heilige Gees wat toepas. – *John D. Davis, The Westminster Dictionary of the Bible, article, "God."*

Die Godheid was gevul met deernis vir die mens, en die Vader, die Seun, en die Heilige Gees het die plan van verlossing met toewyding uitgewerk. – *Counsels on Health, 222:2.*

3. **Hoe het die drie lede van die Godheid saamgewerk in die skepping van die wêreld?** Génesis 1:2, 26; Hebreërs 1:1, 2.

**Die Vader is die bron, die Seun is die middelaar, en die Heilige Gees is die medium deur wie die Skepping tot stand gekom het.** – *LeRoy E. Froom, The Coming of the Comforter, 49:1.*

**4. Hoe werk hulle saam in die verlossingsplan?**

In die verlossing van die sondige mens is die Vader die Een wat gee, die Seun is die Een wat Homself onderwerp, en die Heilige Gees, die Een wat beïndruk.

**5. Water karakter eienskappe word in die volgende tekste deur elke lid van die Godheid besit?** Johannes 3:16; Efésiërs 5:2; Romeine 15:30?

## *God, die Vader*

**6. Hoe moet ons die Eerste Persoon van die Godheid aanspreek?** Matthéüs 6:9.

**7. Wat is sommige van die ampte wat die Vader beklee, soos voorgestel in die Skrif?** Daniël 7:9, 10.

**8. Wat het God in Homself?** Johannes 5:26.

**9. Het God 'n persoonlikheid?**
*Die Vader en die Seun het elk 'n persoonlikheid. – Testimonies, vol. 9, 68:2.*

## *God, die Seun*

**10. Wie is Jesus, watter posisies beklee Hy, en wat het Hy gedoen?**

a. "Die Woord," "alle dinge het deur Hom ontstaan." Johannes 1:1-3.
b. "Die Woord het vlees geword." Johannes 1:14.
c. "Hy, wat die afskynsel is van Sy (Vader se) heerlikheid." Hebreërs 1:1-3.
d. "Die Apostel en Hoëpriester." Hebreërs 3:1.
e. "Die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos." 1 Petrus 1:18, 19.
f. "'n Voorspraak by die Vader." 1 Johannes 2:1.
g. "Getrou en Waaragtig … Die Woord van God." Openbaring 19:11-16.

**11. Vergelyk die Seun met die Vader.** Johannes 14:28; Hebreërs 1:2, 3.

**12. Watter waardevolle gawe het die Seun van die Vader ontvang?** Johannes 5:26; 10:17, 18.

**13. Hoe het Jesus die Vader aangespreek?** Johannes 17:11, 21, 24, 25.
Soos opgeteken in die Evangelies het Jesus die uitdrukking "My Vader" sewe-en-vyftig keer met verwysing na God gebruik.

## *God, die Heilige Gees*

**14. Wat doen die Heilige Gees?** Génesis 1:2; Johannes 14:26; 15:26; 16:8, 13, 14.

**15. In harmonie, waarmee werk Hy?** Jesaja 8:20.

*Die sonde kan alleenlik deur die magtige werking van die Derde Persoon van die Godheid weerstaan en oorwin word, want Hy sou nie in beperkte mate kom nie, maar in die volheid van die Goddelike krag. – Koning van die Eeue, 671:2.*

*Die Heilige Gees (werk) altyd in ooreenstemming met die geskrewe woord. – Handelinge van die Apostels, 284:2.*

**16. Bestudeer die volgende verwysings sorgvuldig en besluit of die Heilige Gees 'n persoonlikheid het of nie.**

a. Kan versoek word, of daar kan vir Hom gelieg word. Handelinge 5:3, 4, 9.
b. Het bedoelings, m.a.w., Hy het 'n verstand. Romeine 8:27.
c. Het lief. Romeine 15:30.
d. Weet wat in 'n mens is. 1 Korinthiërs 2:11.
e. Het 'n wil. 1 Korinthiërs 12:11.
f. Moontlik om met Hom gemeenskap te hê. 2 Korinthiërs 13:13.
g. Kan bedroef raak. Efésiërs 4:30.

**Ons moet besef dat die Heilige Gees net soveel 'n persoon is as wat God 'n persoon is.**
*E.G. White, Manuscript 66, 1899, p. 4.*

**Die Heilige Gees is die verteenwoordiger van Christus, maar sonder die menslike persoonlikheid en onafhanklik daarvan**. – *Koning van die Eeue, 669.2; ook Review and Herald, Nov. 19, 1908 par. 3*

**17. Is dit nodig vir ons om die Heilige Gees te verstaan of te kan definieer?**

Dis nie noodsaaklik vir ons om presies te kan beskryf wat die Heilige Gees is nie. … Die aard van die Heilige Gees is 'n verborgenheid. Mense kan dit nie verklaar nie, want God het dit nie aan hulle geopenbaar nie. Mense met onwerklike idees kan skrifgedeeltes saamflans en daar 'n menslike uitleg aan gee, maar dit sal die gemeente nie versterk om hierdie idees aan te neem nie. Aangaande sulke verborgenhede wat vir die menseverstand te diep is, is swye goud. – *Handelingeg van die Apostels, 51:3; 52:1.*

**18. Wie het "die heilige mense van God" "gelei" om die profesieë te skryf?**

## *Onthou*

1. Dit is bemoedigend om te weet dat die drie lede van die Godheid, wat van die begin af in alle dinge saamgewerk het, nog steeds saamwerk in die verlossing van die mens.

2. Al drie persone van die Godheid, of Drie-eenheid, was by Jesus se doop teenwoordig. Die Vader het gespreek en gesê, "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het" (Matthéüs 3:17); die Seun het op die oewer van die Jordaan gebid (Koning van die Eeue, 111:3); en die Gees het soos 'n duif op Hom neergedaal (Matthéüs 3:16).

3. Die Vader, die Seun, en die Heilige Gees, oneindige en alwetende magte, ontvang diegene wat waarlik 'n verbond met God sluit. Hulle is by elke doop teenwoordig, om die kandidate te ontvang wat van die wêreld afstand gedoen het, en wat Christus in die sielstempel ontvang het. Hierdie kandidate het deel geword van die gesin van God, en hulle name is ingeskryf in die Lam se boek van die lewe. – *E. G. White, Manuscript, April 14, 1900.*

## *Tekste om te Onthou*

Deuteronómium 6:4
Efésiërs 4:5, 6
Hebreërs 1:1, 2
Johannes 3:12

## *Definieer of Identifiseer*

Godheid
Almagtig
Alwetend
Verborgenheid
Alomteenwoordig

# LES 8 - “MY VADER EN JOU VADER”

*Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. 1 Johannes 4:8.*

**Hoe meer ons die Goddelike karakter in die lig van die kruis bestudeer, hoe meer besef ons die genade, barmhartigheid en vergifnis wat gemeng is met die reg en geregtigheid, en hoe duideliker sien ons die ontelbare bewyse van ‘n liefde wat oneindig is, en ‘n ontferming wat die van ‘n moederhart vir haar eiesinnige kind ver oortref.** - *Skrede na Christus, 15:2.*

## *‘n Persoonlike Wese*

**1. In Sy gesprek met die Samaritaanse vrou, hoe het Jesus na Sy Vader verwys?** Johannnes 4:24.

**Die groot krag wat deur die ganse natuur werk en alle dinge in stand hou, is nie, soos sommige wetenskaplikes beweer, slegs ‘n allesdeurdringende beginsel of stukrag nie. God is ‘n Gees; nogtans is Hy ‘n persoonlike wese, want Hy het Hom as sodanig geopenbaar.** – *Die Helende Hand, 413:1. (Sien Jeremia 10:10, 11.)*

**2. Het die mens al ooit vir God gesien?** Exodus 33:20-23; 1 Timótheüs 6:16.

**3. Het God ‘n bepaalde gedaante?** Génesis 1:26, 27; Daniël 7:9, 13.

**In beide sy uiterlike voorkoms en sy karakter moes die mens die beeld van God hê. Net Christus is “die afdruksel” (Hebreërs 1:3) van die Vader, maar die mens is na Gods beeld geskape. Sy aard was in ooreenstemming met die wil van God.** – *Patriarge en Profete, 45:2.*

**4. Wat openbaar die volgende tekste rakende God?**

a. Daar word na Sy teenwoordigheid verwys as “my heerlikheid.” Exodus 33:22.
b. “[O]p die troongestalte die gestalte wat soos ‘n mens gelyk het.” Eségiël 1:26-28.
c. As gevolg van Sy voorkoms word daar na Hom verwys as “’n Oue van dae.” Daniël 7:9.

**5. Wat word gesê aangaande Jesus se ooreenkoms met die Vader?** Kolossense 1:15; Hebreërs 1:1-3.

**6. Hoe ver moet ons gaan om die verborgenheid van Gods wese te verstaan?** Deuteronómium 29:29.

**“Die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid,” maar “die verborge dinge is vir die HERE onse God.” Deuteronómium 29:29.**

Dit is vir ons geoorloof om die dinge te bestudeer wat God in Sy Woord aangaande Homself geopenbaar het. Ons kan streef om dit te verstaan. Maar verder as dit mag ons nie indring nie. Die bekwaamste gees kan hom inspan totdat hy uitgeput is van sy gissinge oor die aard van God, maar die poging sal tevergeefs wees. Ons het geen opdrag om hierdie probleem op te los nie. Geen menslike verstand kan God begryp nie. Niemand moet hom gissinge oor Sy aard veroorloof nie. Hieroor is swye veelseggend. **Die Alwetende is bo alle bespreking.** – *Testimonies, vol. 8, 279:1.*

## *Karaktereienskappe Geopenbaar*

**7. Met watter karaktereienskappe van God is Moses op berg Sinai beïndruk?** Exodus 34:6, 7.

**8. In watter mate mag ons op God staatmaak?** Deuteronómium 10:17, 18; 34:4; Jakobus 1:17.

**9. Wat is die grondslag van al God se handelinge met Sy skepsels?** Johannes 3:16; 1 Johannes 4:8.

**10. Wie alleen besit onsterflikhedi?** 1 Timótheüs 6:16.

**11. Wat het die Vader in Homself en wat het Hy vir die Seun gegee?** Johannes 5:26.

**12. Hoe word die ware God van vals gode onderskei?** Jesaja 40:26-28; 45:11, 12; Jeremia 10:10-12.

## *Hoe Word God Geopenbaar?*

**13. In wie word 'n volmaakte openbaring van die Vader gesien?** Matthéüs 11:27; Johannes 14:8-11; Hebreërs 1:2, 3.

## *Die liefde van God is in die lewe van Jesus geopenbaar – "die afdruksel van Sy (die Vader se) wese."*

"Hulle sal Hom Emmanuel noem … God met ons." [Matthéüs 1:23, kantlyn] Die Here Jesus was van die voortyd af een met die Vader; Hy was "die beeld van God," [2 Korinthiërs 4:4] die beeld van Sy grootheid en majesteit, "die afskynsel van sy heerlikheid." [Hebreërs 1:3] Dit was om hierdie heerlikheid te openbaar dat Hy na ons wêreld gekom het. Na hierdie aarde, verduister deur die sonde, het Hy gekom om die lig van God se liefde te openbaar – om "God met ons te wees."
Daarom is daar van Hom geprofeteer, "Hulle sal Hom Emmanuel noem." – *Koning van die Eeue, 19:1, 2.*

**14. Op watter ander wyse word God aan die mens geopenbaar?** Psalm 19:2; Romeine 1:19, 20.

**15. Wat is die primêre doel van die Bybel?** Romeine 1:16, 17.

*Beide die natuur en die Skrifte getuig van God se liefde vir die ons. – Skrede na Christus, 9:1.*

**16. Watter voordeel is verbonde aan 'n kennis van Hom as 'n persoonlike God?** Johannes 17:3.

Dit is nie genoeg om 'n teoretiese kennis of selfs 'n Bybelse kennis van God te hê nie. Ons moet Hom as 'n persoonlike Vriend ken. Dit is ons voorreg om Hom deur Bybelstudie te ken, deur die openbaring van die natuur, en, bo alles, deur persoonlike kontak in gebed. Dit is 'n daaglikse ondervinding.

Alhoewel God nie woon in tempels wat met hande gemaak is nie, tog vereer Hy die samekomste van Sy volk met Sy teenwoordigheid. Hy het belowe dat wanneer hulle byeenkom om Hom te soek, om hulle sondes te erken en vir mekaar te bid, sou Hy deur Sy Gees met hulle wees.

Maar diegene wat byeenkom om Hom te aanbid, moet elke bose ding prysgee. Tensy hulle Hom in gees en waarheid en in heilige gewaad aanbid, sou hulle samekoms van geen nut wees nie. – *Profete en Konings, 50:1*.

## *Onthou:*

Hoewel God die "Hoë en Verhewene (is) wat in die ewigheid woon," tog:

a. Ons God is 'n tere, barmhartige Vader, … [ons] beste Vriend. – *Skrede na Christus, 103:2.*

b. God is bereid en gewillig om die opregte gebed van die nederigste van Sy kinders te verhoor. – *Skrede na Christus, 94:1.*

c. Net soos Henog mag ons met Hom wandel en een dag deur die poorte van die Heilige Stad stap tot in Sy teenwoordigheid.

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 34:6, 7
Johannes 14:8, 9
1 Johannes 4:8
Johannes 4:24
Romeine 1:16, 17

# LES 9 – DIE ENGELE

*Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word te wille van die wat die saligheid sal beërwe nie? Hebreërs 1:14.*

**Die verbinding tussen die sigbare en onsigbare wêreld, die bediening van die engele van God en die werk van bose geeste word duidelik in die Skrifte geopenbaar as iets wat onafskeidelik met die menslike geskiedenis saamgeweef is. Daar is 'n toenemende neiging om geen geloof aan die bestaan van bose geeste te heg nie, terwyl die engele "wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe" (Heb. 1:14), deur vele beskou word as die geeste van die afgestorwenes.** – *Die Groot Stryd, 511:1.*

## *Die Natuur van Engele*

1. **Hoe vergelyk mense met engele?** Psalm 8:5, 6.

2. **Wat word gesê van die krag en karakter van engele?** Psalm 103:20, 21.

3. **In watter opsig verskil engele van mense?** Hebreërs 1:13, 14.
Wat hulle natuur betref, staan die engele hoër as mense. – Die Groot Stryd, 511:2.

4. **Wat leer die volgende tekste in verband met die aantal engele?** Psalm 68:18; Hebreërs 12:22; Openbaring 5:11.

5. **Watter verantwoordelikheid het engele teenoor diegene wat God vrees?** Psalm 34:8.

Desnoods sal Hy die laaste engel uit die hemel stuur om die getroue siele te bewaar, om 'n heining om hulle op te stel, sodat hulle nie bedrieg en weggevoer word deur die Satan se wonders van die leuen nie. – *Eerste Geskrifte, 88:1.*

6. **Hoekom het Jesus gesê, "**Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is." Matthéüs 18:10.

7. **Voorbeelde van redding deur engele:**
a. Elísa by Dotan. 2 Konings 6:14-17.
b. Vernietiging van Sánherib se leër. Jesaja 37:33-36.
c. Daniël uit die leeukuil gered. Daniël 6:22, 23.
d. Petrus uit die gevangenis gered. Handelinge 12:6-11.

8. **Voorbeelde van waar engele met mense praat:**
a. Met Gideon by die parskuip. Rigters 6:11-18.
b. Met Manóag en sy vrou. Rigters 13:2-21.
c. In antwoord op Daniël se gebed. Daniël 9:20-27.
d. Met Sagaría rakende sy aanstaande seun. Lukas 1:5-20.

e. Met Maria rakende die geboorte van Jesus. Lukas 1:26-31.

**9. Watter belangrike werk sal die engele hê in verband met Jesus se wederkoms?** Matthéüs 24:30, 31.

**10. Hoeveel van die hemelse engele sal Jesus vergesel wanneer Hy in heerlikheid kom?**
Matthéüs 25:31; Openbaring 8:1.

Wanneer die Here verskyn, kom al die heilige engele saam met Hom. Matthéüs 25:31. Wanneer al die hemelse harpspelers die howe daarbo verlaat om saam met hulle Here na die aarde te kom om die vrugte van Sy verlossingswerk te versamel, sal daar nie stilte in die hemel wees nie? As ons dit as profetiese tyd beskou, sal hierdie tydperk van stilte ongeveer sewe dae duur. – *The Prophecies of Daniel and the Revelation, 473:3.*

## *Die Engele Wat Gesondig Het*

**11. Wat het God gedoen aan die engele wat gesondig het?** Openbaring 12:7-9.

**12. Waarvoor word die sondige engele bewaar?** 2 Petrus 2:4; Judas 6.

**13. Wat is die werk van Satan, die leier van die bose engele, en dus ook van die bose engele self?**
Markus 1:13; 1 Petrus 5:8.
**14. Op watter voorwaarde sal die duiwel vlug?** Jakobus 4:7.

**15. Deur watter werktuie word die nasies versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God?** Openbaring 16:13, 14.



***Gabriël het aan die maagd Maria verskyn en haar meegedeel dat sy 'n Seun, Jesus, sou baar.***

## *Onthou*

1. Engele van God wat met die leer van Jakob se droom op- en afklim, sal elke siel met die begeerte help om tot in die hoogste hemele te klim. Hulle bewaak God se volk en let noukeurig op hoe elke tree geneem word. *– Ellen G. White, Review and Herald, Aug. 19, 1884.*

2. Deur middel van die heilige wesens wat Sy troon omring, bly die Here voortdurend in verbinding met die bewoners van die aarde. *– Ellen G. White, Review and Herald, Julie 20, 1897.*

3. Die engele se plekke word hulle aangewys met betrekking tot die menslike werktuie op aarde. Hulle sal werk deur elke persoon wat die begeerte het om volgens die hemelse metodes te arbei; dus sal nie een persoon verstoot word, of homself bevind sonder ‘n rol om te speel nie. *– Ellen G. White, Review and Herald, July 9, 1895.*

4. Die engele kan nie ons plek inneem nie, maar hulle staan gereed om met ons saam te werk om siele na Christus te bring, en hulle pleit by ons om in gemeenskap met hulle te werk. *– Ellen G. White, Signs of the Times, Des. 10, 1896.*

5. Wanneer die Here sien hoe jongmense die lewe en gelykenisse van Christus bestudeer, gee Hy Sy engele bevel om hulle te bewaar en te lei, soos Hy Sy engele bevel gegee het aangaande Jesus, Sy geliefde Seun. *– Ellen G. White, Youth's Instructor, Aug. 23, 1894.*

6. God se engele sal Sy volk bewaar terwyl hulle hul plig doen, maar daar is geen versekering van sulke beskerming vir diegene wat hulself doelbewus op die Satan se terrein plaas nie. *– Testimonies, vol. 5, 198:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Psalm 8:5, 6
Hebreërs 1:13, 14
Matthéüs 24:30, 31
Openbaring 5:11

## *Definieer of Identifiseer*

Engel
Boodskapper
Maaier
Gérubs
Serafs

# LES 10 – DIE OORSPRONG VAN SONDE

*Patriarge en Profete, 33:1 tot 43:1*

**Vir vele is die oorsprong van die sonde en die bestaan daarvan iets wat baie moeilikheid oplewer. Hulle sien die boosheid, met sy vreeslike gevolge van ellende en verwoesting en die vraag ontstaan by hulle, hoe al hierdie dinge kan bestaan onder die soewereiniteit van Een wat alwys, almagtig, en oneindig in liefde is. … Dit is onmoontlik om die oorsprong van die sonde te verklaar sodat daar 'n rede vir die bestaan daarvan gegee kan word. Maar daar kan nogtans genoeg verstaan word aangaande die oorsprong en die finale uitdelging van die sonde om die regverdigheid en goedheid van God in al Sy handelinge met die boosheid ten volle te openbaar. … Die sonde is 'n indringer vir wie se bestaan geen rede gegee kan word nie. Dit is 'n verborgenheid en onverklaarbaar; om verskoning daarvoor te maak, sou beteken om dit te verdedig. As daar 'n verskoning of 'n rede voor gevind kon word, sou dit nie meer sonde wees nie.** *– Die Groot Stryd, 492:1, 2.*

## *Beginsels van God se Regering*

1. **Op watter beginsels is God se heerskappy gegrond?** Matthéüs 22:36-40; 1 Johannes 4:8.
2. **Water keuse en watter waarskuwing word ons gegee rakende wat ons behoort te kies?** Deuteronómium 30:19; Josua 24:15, 22; Openbaring 22:17.

Omdat liefde die grondslag van die heerskappy van God is, hang die geluk van redelike wesens daarvan af dat hulle volkome instem met die beginsels van geregtigheid. God verlang van al Sy skepsele liefdediens – diens wat voortvloei uit waardering van Sy karakter. Gedwonge gehoorsaamheid behaag Hom nie, en daarom gee Hy aan elkeen 'n vrye wil sodat Sy skepsele Hom vrywillig kan dien. *– Patriarge en Profete, 34:3.*

## *Wie het Eerste Gesondig?*

3. **By watter lid van die engeleskare het die sonde ontstaan?** Eségiël 28:12-15; Johannes 8:44; 1 Johannes 3:8.

4. **Watter groep geskape wesens het saam met hierdie eertydse gérub wat beskut, gesondig?** 2 Petrus 2:4; Jesaja 14:12-14; Eségiël 28:14, 15; Johannes 8:44.
"En [Satan] staan nie in die waarheid nie." Johannes 8:44.

6. **Neem noukeurig kennis van die beskrywing van Lucifer, nou Satan, maar toe 'n gérub wat beskut het, soos dit in Eségiêl 28:12-17 aangegee word.**

7. **Watter begeerte het daartoe gelei dat Satan teen God se gesag in opstand kom?** Jesaja 14:13, 14.

Geleidelik het Lucifer hom die sug na selfverheffing veroorloof. … Nie tevrede met sy status nie, hoewel hy bo die hemelskare vereer was, het hy hom verstout om die eer te begeer wat God alleen toekom. *– Patriarge en Profete, 35:2.*



**8. Wat het daartoe gelei dat Satan afguns, jaloesie en haat teenoor God in sy hart gekoester het?**

Hy [Satan] wou geraadpleeg gewees het oor die vorming van die mens, en omdat hy nie geraadpleeg is nie, is hy met afguns, jaloesie en haat vervul. Hy wou, naas God, die hoogste eer in die hemel hê. – *Eerste Geskrifte, 145:1.*

**9. Hoeveel van die hemelse engele het Lucifer gelei om met hom in sy opstand te verenig?** Openbaring 12:3, 4, 9.

***Satan het in sy opstand 'n derde van die engele saam met hom geneem.*** – *Testimonies, vol. 3, 115:0.*

## *Oorlog in die Hemel*

**10. Het God die opstandige engeleskare uit die hemel uitgesluit toe hulle ontevredenheid ontdek is?**

In groot genade in ooreenstemming met Sy Goddelike aard het God Lucifer lank verdra. … Met innige deernis jeens Lucifer en sy volgelinge het 'n barmhartige Skepper gestreef om hulle terug te trek uit die afgrond van ondergang waarin hulle gereed was om af te stort. … God het die Satan toegelaat om sy werk voort te sit totdat die gees van ontevredenheid tot daadwerklike opstand oorgegaan het. Dit was noodsaaklik dat sy planne ten volle ontplooi sodat almal hulle ware aard en neiging kon sien. – *Patriarge en Profete, 39:1, 2; 41:2.*

***Jesus Christus het die Satan verslaan deur Sy lewe van oorwinning en deur Sy lewe af te lê aan die kruis.***

**11. Toe opstand in die hemel plaasvind, hoe het God die situasie hanteer?**
Lukas 10:18.

**12. Watter bewys is daar van die onbetwisbare lojaliteit van die ongevalle engele?** Openbaring 12:7-9.

*Toe het daar oorlog in die hemel gekom. Die engele het teen mekaar geveg; die Satan wou die Seun van God en die wat hulle aan Sy wil onderwerp het, oorrompel. Maar die goeie en getroue engele het die oorwinning behaal, en die Satan, saam met sy volgelinge, is uit die hemel verdryf. – Eerste Geskrifte, 146.0.*

**13. Wat sal die finale einde van Satan en sy engele wees?** Jesaja 14:15, 16; Eségiël 28:17-19; Maleági 4:1; Openbaring 20:9, 10, 14.

## *Hoekom Het God Satan Nie Vernietig Nie?*

**14. Hoekom het God nie toegelaat dat Satan leef en voortgaan met sy werk nie?**

Dit was nodig om sy [Satan se] planne ten volle te laat ontwikkel. … Die sonde moes toegelaat word om te ontwikkel. Vir die welsyn van die ganse heelal moes Satan toegelaat word om deur die ewigheid heen sy beginsels ten volle uit te werk, sodat sy beskuldigings teen die Goddelike regering in hulle ware lig deur al die geskape wesens gesien kon word en sodat die regverdigheid en genade van God en die onveranderlikheid van Sy wet vir ewig bevestig kon word. – *Die Groot Stryd, 497.1; 499.0.*

**15. Watter gebeurtenis het Satan se doodsklok gelui?** Johannes 19:30.
Die Heiland se sterwenswoorde, "Dit is volbring," het Satan se doodsklok gelui. – *Die Groot Stryd, 503:3.*

## *Satan Kan Oorwin Word*

**16. In die lig van Satan se geskiedenis en sy huidige bedrywighede, wat word ons aangeraai om te doen?** Jakobus 4:7; 1 Petrus 5:8, 9.

**17. Hoe kan ons Satan oorwin?** 2 Korinthiërs 2:14; Efésiërs 6:11-18; Judas 24; Openbaring 12:10, 11.

## *Onthou*

1. Die gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan, het die posisie as beskuttende gérub wat eens aan Satan gegee was. – *Ellen G. White, Review and Herald, Julie 20, 1897.*
2. Lucifer het in die hemel gesondig in die lig van die heerlikheid van God. Aan hom, soos aan geen ander wese nie, is 'n openbaring van die liefde van God gegee. Hoewel hy die karakter van God geken het en bewus was van Sy goedheid, het die Satan verkies om sy eie selfsugtige, onafhanklike weg in te slaan. Die keuse was finaal. Daar was niks meer wat God kon doen om hom te red nie. – *Koning van die Eeue, 761.5.*
3. Satan het verklaar dat God niks geweet het van selfverloëning, genade en liefde nie, maar dat Hy streng, veeleisend en onvergewensgesind was. Satan het nooit God se vergewende liefde op die proef gestel nie, want hy het nooit egte berou getoon nie. Sy voorstellings van God was verkeerd. – *Ellen G. White, Review and Herald, Maart 9, 1897.*
4. Satan weet beter as talle belydende Christene wat geskrywe staan, want hy is 'n ywerige student van die Woord, en hy werk om die waarheid te verdraai, en mense te lei na die weg van ongehoorsaamheid. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Aug. 28, 1893.*
5. Christen vriende, moenie bedrieg word deur die vinnig-verspreidende misleiding dat Satan nie bestaan nie. Net so sekerlik as wat ons 'n persoonlike Verlosser het, het ons 'n persoonlike teenstander, wreed en geslepe, wat ons elke beweging dophou, en saamsweer om ons op 'n dwaalspoor te lei. Waar ook al die mening gekoester word dat hy nie bestaan nie, daar is hy die besigste. Wanneer ons sy teenwoordigheid die minste verwag, verkry hy 'n voorsprong oor ons. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Aug. 19, 1886.*

## *Tekste om te Onthou*

Deuteronómium 30:19; Eségiël 28:12-18; Jesaja 14:12-14; Openbaring 12:7-9

### *Definieer of Identifiseer*

Beskuttende gérub; Jaloesie; Sonde; Heerskappy; Trots

# LES 11 – DIE SKEPPING

*In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Génesis 1:1.*

**Die magtige Jehova het die fondament van die aarde gelê; Hy het die hele wêreld met skoonheid beklee en daarin alles voorsien wat vir die mens tot nut is; Hy het al die wondere van die land en van die see geskape. In ses dae het Hy die groot skeppingswerk voltooi. En God het "op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak." God het die werk van Sy hande met tevredenheid aanskou. Alles was volmaak en het tot eer van die Goddelike Werkmeester gestrek, en Hy het gerus, nie omdat Hy moeg was nie, maar omdat Hy ten volle tevrede was met die vrugte van Sy wysheid en goedheid en die openbaringe van Sy heerlikheid.** - *Patriarge en Profete, 47:2.*

**Dieselfde Ewige God wat die wêreld geskape het, is ons Verlosser. Hy het ons uit die sonder verlos.**

## *Die Skepping, Wanneer? Deur Wie? Hoe? Hoe Lank?*

1. **Wat is die Bybelse antwoord op die vraag, Wanneer het God die wêreld geskape?** Génesis 1:1.

2. **Wie was die Skepper?** Génesis 1:1, 26; Hebreërs 1:1, 2.

3. **Hoe het God die wêreld geskape?** Psalm 33:6, 9.

4. **Wat kan 'n mens sê rakende hoe lank die skepping God geneem het?** Exodus 20:11.

## *Die Skepping*

"Dit was aand en dit was môre, die eerste dag." Génesis 1:5.
"die tweede dag." Génesis 1:8.
"die derde dag." Génesis 1:13.
"die vierde dag." Génesis 1:19.
"die vyfde dag." Génesis 1:23.
"die sesde dag." Génesis 1:31.
"die sewende dag." Génesis 2:1-3.

Die Bybel erken geen lang eeue waartydens die aarde stadig uit chaos ontwikkel het nie. Van elke agtereenvolgende skeppingsdag verklaar die heilige oorkonde dat dit net soos alle ander daaropvolgende dae uit aand en more bestaan het. Aan die einde van elke dag word die resultaat van die Skepper se werk beskryf. Aan die einde van die beskrywing van die eerste week word gesê: "Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is." (Génesis 2:4). Dit gee egter nie te kenne dat die skeppingsdae nie letterlike dae was nie. Elke dag was 'n geboortedag omdat God daarop 'n nuwe deel van Sy werk tot stand gebring het. – *Patriage en Profete, 112:1.*

**5. Hoe lank was 'n skeppingsdag?** Génesis 1:5, 8, 13, 19, 23, 31, 2:1-3.

**6. Met watter beperkinge het God plante en diere gemaak?** Génesis 1:11, 12, 21, 25.
Elkeen moes "saad gee" of "voortbring" "volgens hulle soorte."


## *Die Mens Geskape*

**7. Wat word die mens genoem?** Génesis 5:2 (Sien KJV. "Adam" beteken "mens.")
God het bedoel dat die mens, die kroonstuk van Sy skepping, meer as al die laer ordes van die skepping Sy gedagtes sou uitspreek en Sy heerlikheid sou openbaar. – *Die Helende Hand, 415:3.*

**8. Na wie se beeld is die mens geskape, en wat was die heerskappy wat aan hom gegee is?**
Génesis 1:26, 27.

**9. Hoe is die mens geskape?** Génesis 2:7.

God het die mens geformeer uit *die stof* en in sy neus die *asem van die lewe* geblaas en die mens het 'n *lewende siel* geword.




## *Eva Geskape*

**10. Wat was die betekenis van die wyse waarop God vir Eva geskape het?** Génesis 2:21, 22.

God het self vir Adam 'n gesellin gegee. Hy het 'n "hulp" voorsien "wat by hom pas" – wat met hom ooreenstem – een wat geskik was om sy gesellin te wees en wat in liefde en meegevoel met hom eens kon wees. Eva is uit 'n rib gebou wat die Here uit Adam se sy gehaal het, en dit beteken dat sy hom nie as die hoof moes beheers nie, en dat hy haar nie as minderwaardig onder sy voete moes vertrap nie, maar dat sy as gelyke aan sy sy moes staan en hy haar moes bemin en beskerm. Sy was deel van die mens, been van sy been en vlees van sy vlees, ja, sy wederhelf. Dit was 'n aanduiding van die hegte eenheid en die liefderyke verkleefdheid wat daar in hierdie verhouding moet bestaan. – *Patriarge en Profete, 46:2.*

## *Werk Van Elke Dag*

**11. Watter spesifieke dinge is op elke dag van die skeppingsweek geskape?** Génesis 1:1- 2:3.

| 1ste DAG | 2de DAG | 3de DAG | 4de DAG | 5de DAG | 6de DAG | 7de DAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Hemel & Aarde & Lig** | **Uitspansel** | **Plante** | **Son & Maan (Hy het ook die sterre gemaak.)** | **Diere van die Water en die Uitspansel** | **Diere van die Aarde en die Mens** | **Die Sabbat** |

"Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus." Exodus 20:11.

**12. Waarom het God die Sabbat as 'n rusdag gemaak?** Markus 2:27, 28.

God het gesien dat die Sabbat, selfs in die Paradys, vir die mens noodsaaklik was. Dit was vir hom nodig om op een dag van die sewe van sy eie belange en besigheid af te sien sodat hy die werke van God kon betrag en oor Sy krag en goedheid kon nadink. Hy het 'n Sabbat nodig gehad om hom duideliker aan God te herinner en om dankbaarheid te verwek omdat alles wat hy geniet en besit het uit die weldadige hand van sy Skepper gekom. **God het die sewende dag as 'n dag van rus vir die mens gereserveer,** vir die beswil van die mens, asook vir Sy eie heerlikheid. Hy het gesien dat die behoeftes van die mens 'n dag van rus van arbeid en sorg vereis het, dat sy gesondheid en lewe bedreig sou wees sonder 'n tydperk van ontspanning na die arbeid en kommer van die ses dae. – *Testimonies, vol. 1, 532:1.*

**13. Behalwe dat God op die sewende dag gerus het, watter twee dinge het Hy rakende die sewende dag daargestel?** Génesis 2:3.

## *Onthou*

1. God is die oorsprong van alles. Alle ware wetenskap stem met Sy werk ooreen; en alle ware opvoeding lei tot gehoorsaamheid aan Sy gesag. Die wetenskap bring nuwe wondere aan die lig; hy sweef hoog en deursoek die dieptes; maar sy ondersoek kan niks in stryd met die Goddelike openbaring ontdek nie. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.*

2. Hierdie filosowe wil hê dat ons moet glo dat die mens, die kroonstuk van die skepping, geleidelik uit barbaarsheid ontwikkel het, en dat hy voor dit uit die laer vorme van die dierelewe ontwikkel het. Mense is so vasbeslote om die oppergesag van God uit die heelal uit te sluit dat hulle die mens verlaag en hom die waardigheid van sy oorsprong ontroof. Die natuur word verhef bo die God van die natuur; sy word verafgod, terwyl haar Skepper deur die sogenaamde wetenskap versteek en vir die oë van die mensdom verberg word. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.*

3. Baie mense leer dat stof lewenskrag besit – dat stof met sekere eienskappe bedeel word en dan toegelaat word om deur sy eie inwonende krag te werk. Verder beweer hulle dat die natuur volgens sekere vasgestelde wette werk en dat God self daar geen verandering aan kan maak nie. Dit is valse wetenskap en word nie deur die Woord van God gesteun nie. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.*

4. Die gevolgtrekkings waartoe geleerde manne in hulle wetenskaplike ondersoek gekom het, word sorgvuldig geleer en verduidelik; en terselfdertyd word die indruk duidelik geskep dat as hierdie geleerde mense reg is, die Bybel verkeerd moet wees. – Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.

5. Apatiese filosofiese spekulasie en wetenskaplike navorsing waarin God nie erken word nie, is tot groot nadeel. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.*

6. Skeptisisme is aantreklik vir die menslike verstand. Die jeug sien daarin 'n onafhanklikheid wat hulle verbeelding aangryp, en hulle word bedrieg. Die Satan behaal die oorwinning. Hy vertroetel elke saadjie van twyfel wat in die jong harte gesaai word. Hy laat dit groei en vrugte voortbring, en eerlank is daar 'n milde oes van ongeloof. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.*

## *Tekste om te Onthou*

Génesis 1:11, 12
Psalm 33:6, 9
Hebreërs 1:1, 2

## *Definieer of Identifiseer*

Asem van die lewe;
Uitspansel;
Sabbat;
Kroonstuk;
God het gerus;
Om te skep

# LES 12 – DIE VAL VAN DIE MENS

*Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. Romeine 5:12.*

***Patriarge en Profete, 52:1 – 62:3.***

**Die waarskuwing aan ons stamouers: "Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (Génesis 2:17), het nie beteken dat hulle op die einste dag toe hulle die verbode vrug geëet het, sou sterf nie. Maar op daardie dag sou die onherroeplike vonnis gevel word. Onsterflikheid is op voorwaarde van gehoorsaamheid aan hulle belowe; deur oortreding sou hulle die ewige lewe verbeur. Op daardie einste dag sou hulle tot die dood gedoem word.** *– Patriarge en Profete, 60:2.*

## *Die Mens op Probasie in Eden*

**1. Watter beperking is op Adam en Eva geplaas in hulle Eden-tuiste?** Génesis 2:16, 17; *Patriarge en Profete 53:3.*

**2. Hoekom is daar aan hulle die mag gegee om te kies?**

Hoewel hulle onskuldig en heilig geskape is, is dit nie vir ons oerouers onmoontlik gemaak om verkeerd te handel nie. God kon hulle geskape het sonder die mag om Sy vereistes te oortree; maar in so 'n geval sou daar geen karakterontwikkeling kon plaasvind nie; hulle diens sou nie vrywillig gewees het nie, maar gedwonge. Daarom het Hy aan hulle die mag gegee om te kan kies – die vermoë om gehoorsaamheid te bewys of te weerhou. En alvorens hulle ten volle die seëninge kon ontvang wat Hy graag wou skenk, moes hul liefde en lojaliteit getoets word. – *Opvoeding, 23:1.*

**3. Wat was ten volle aan ons stamouers verduidelik?**

Ons stamouers is gewaarsku teen die gevaar wat hulle bedreig het. Hemelse gesante het hulle van die Satan se val en van sy planne vir hulle ondergang verwittig. Noukeurig het hulle die aard van die Goddelike heerskappy wat die vors van duisternis wou probeer omverwerp aan hulle verduidelik. Omdat hulle die regverdige gebooie van God veronagsaam het, het die Satan en sy leërskare geval. Hoe belangrik was dit dan nie dat Adam en Eva daardie wet sou eerbioedig nie; want net daardeur was dit moontlik om orde en regmatigheid te handhaaf. – *Patriarge en Profete, 52:2.*

**4. Waar was die enigste plek waar die Satan die heilige paar kon versoek?**

Die Satan sou hulle nie orals met versoekings agtervolg nie; net by die verbode boom sou hy hulle kon bereik. – *Patriarge en Profete, 53:3.*

## *Die Vyand Besoek die Tuin*

**5. Hoekom het Satan die slang as sy medium gekies?** Génesis 3:1.

Destyds was die slang een van die slimste en mooiste skepsele op aarde. – Patriarge en Profete, 53.4.

**6. Wat het Eva besiel in die keuse wat sy gemaak het?** Génesis 3:6.

**7. Wat is die een ding wat Eva tot haar val gelei het?** Génesis 3:13.

Eva het die Satan se woorde werklik geglo, maar haar geloof het die straf van die sonde nie afgeweer nie. Sy het die woorde van God gewantrou, en daarom het sy geval. In die oordeel sal mense nie veroordeel word omdat hulle ‘n leuen werklik geglo het nie, **maar wel omdat hulle die waarheid nie geglo het nie, omdat hulle nagelaat het om uit te vind wat waarheid is**. – *Patriarge en Profete, 55:2.*

**Die eerste Adam het in Eden die aptyttoets gefaal.**
**Maar die "tweede Adam" (Jesus Christus) het ‘n volkome oorwinning behaal, eers in die woestyn (die drie versoekings waarvan APTYT die eerste een was; Mattheus 4:4) en later het jesus Sy lewe afgelê aan die kruis as n offer vir ons sondes en daarom mag ons aanspraak maak op Sy oorwinning, wanneer ons Hom kies en Hom volg.**

***Jesus Christus het vir die mens alles teruggewen wat hy verloor het deur Adam wat toegegee het aan die Satan se strikke in Eden.***

**8. Toe Adam geweet het dat Eva Gods gebod oortree het, hoekom het hy van die vrug geëet?**

Adam het die omgang met God en die heilige engele geniet. Hy het die heerlikheid van die Skepper aanskou. Hy het verstaan watter hoë bestemming daar op die mensdom gewag het indien hulle aan God getrou sou bly. Maar hy het al hierdie seëninge uit die oog verloor uit vrees dat hy daardie een skat sou verloor wat in sy oë dierbaarder was as al die ander. Liefde, dankbaarheid, getrouheid aan die Skepper – almal is oorweldig deur sy liefde vir Eva. – *Patriarge en Profete, 56.2.*

**9. Wat was die onmiddellike gevolg van hulle oortreding?** Génesis 3:6.

Dit het lekker gesmaak, en terwyl sy dit geëet het, was dit asof sy ‘n opwekkende krag voel, en sy het haar verbeel sy betree ‘n hoër bestaan. … Nadat hy oortree het, het Adam hom verbeel dat hy ‘n hoër bestaan ingaan. – *Patriarge en Profete, 56:0; 57:1.*

**10. Watter reaksie het die skuldige paartjie toe ervaar?**

Maar spoedig het die gedagte aan sy sonde hom met angs vervul. Die lug … het skielik vir die skuldige egpaar koud gevoel. Die liefde en vrede wat hulle geken het, was weg, en in die plek daarvan was hulle bewus van sonde, van ‘n vrees vir die toekoms en van ‘n naaktheid van siel. - *Patriarge en Profete, 57:1.*

**11. Wattter vloek is oor die slang uitgespreek? Die man? Die vrou? Die grond?** Génesis 3:14-19.

**12. Hoekom is die mens uit die tuin gedryf?** Génesis 3:22, 23.

**13. Wat is die lot van die menslike gesin as gevolg van Adam se sonde?** Génesis 2:17; Romeine 5:12.

## *Onthou*

1. Die versoeking is nie sonde nie, en is geen aanduiding dat God met ons ontevrede is nie. Die Here laat toe dat ons versoek word, maar Hy meet elke versoeking en verdeel dit volgens ons krag om die bose te weerstaan en oorwin. Dit is in tye van beproewing en versoeking dat ons in staat gestel word om die mate van ons geloof en vertroue in God te meet, en die standvastigheid van ons Christelike karakter vas te stel. *– Ellen G. White, Sign of the Times, Des. 18, 1893.*

2. Talle beweer dat Christus onmoontlik deur die versoeking oorwin kon word. As ons in enige opsig 'n groter stryd moet voer as wat Christus moes, sou Hy ons nie kon red nie. Maar ons Heiland het die menslike met al sy swakhede op Hom geneem. Hy het die menslike natuur aangeneem, met die moontlikheid om voor die versoeking te swig. Ons het niks om te verduur wat Hy nie verduur het nie. – Koning van die Eeue, 117:2.

3. As u versoek word, kyk nie na die omstandighede of die swakheid van die vlees nie, maar na die krag van die woord. *– Koning van die Eeue, 123:4.*

4. Deur getrouheid in die Christelike lewe word die siel versterk om die skielike aanslae van versoeking te weerstaan; want die ware Christen leer om op Christus staat te maak vir krag en genade. Wanneer die eerste versoeking teëgekom en weerstaan word, word die tweede veel makliker teëgekom en weerstaan. Ons mag in staat wees om elke versoeking wat die hart aanval, te weerstaan deur tot ons magtige Verlosser te roep. *– Ellen G. White, Signs of the Times, Des. 18, 1893.*

5. Ons behoort die Bybel meer te bestudeer sodat ons bekend kan raak met God se beloftes; dan wanneer die Satan kom en die siel oorweldig met sy versoekings, soos hy sekerlik sal doen, kan ons hom teenstaan met, "Daar is geskrywe." [Matthéüs 4:4]. Ons mag omsluit word deur God se beloftes, wat vir ons soos 'n vuurkring sal wees. *– Ellen G. White, Signs of the Times, Mei 22, 1884.*

## *Tekste om te Onthou*

Génesis 2:16, 17;
Romeine 5:12

## *Definieer en Identifiseer*

Verbode vrugte;
Versoeking;
Boom van die lewe;
Medium;
Toets

# LES 13 – DIE GODDELIKE FAMILIE IN DIE HEMEL EN OP DIE AARDE

# OPSOMMING VAN EENHEID 2

*Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen. 2 Korinthiërs 13:13.*

**Ons sien nou die beeld van God weerkaats soos in 'n spieël in die natuur en in Sy handelinge met die mense; maar op die nuwe aarde sal ons Hom van aangesig tot aangesig sien sonder 'n sluier tussenin. … Die liefde en medelyde wat God in die siel ingeskape het, sal daar ware en volle uitdrukking vind. Die reine gemeenskap met heilige wesens, die eenstemmige sosiale lewe saam met die geseënde engele en die getroues van alle eeue, wat hulle klere gewas en wit gemaak het in die bloed van die Lam, die heilige bande wat die geslag "in die hemele en op die aarde" (Efésiërs 3:15) saamsnoer – al hierdie dinge sal bydra tot die geluk van die verlostes. … Daar sal onsterflike verstande met nimmereindigende vreugde die wonders van die skepping en die verborgenheid van verlossende liefde oorpeins. Dáár sal geen wrede, verleidende vyande wees om die mense te lei om God te vergeet nie. Alle vermoëns sal vermeerder. … Al die skatte van die heelal sal oop wees vir die studie van die verlostes van God. … Op alle dinge, van die geringste tot die grootste, staan die Skepper se Naam geskrywe en in almal word die rykdom van Sy mag tentoongestel.** *– Die Groot Stryd, 676:4 - 677:3.*

## *Die Godheid of Drie-eenheid*

1. Wie is verenig in die werk om die kerk op aarde soos die kerk in die hemel te maak?
2. Hoe hoort ons die Eerste Persoon in die Godheid aan te spreek?
3. Wie is ons Voorspraak by die Vader? 1 Johannes 2:1.
4. Hoekom kan die mens nie die aard van die Heilige Gees verduidelik nie?
5. Rakende sulke verborgenhede, wat word beskryf as goud?

## *"My Vader en Julle Vader"*

1. Wat word duideliker geopenbaar soos ons die Goddelike karakter in die lig van die kruis van Christus bestudeer?
2. Bring die twee gedeeltes van die volgende stelling in ooreenstemming: "God is 'n Gees; tog is Hy 'n persoonlike wese."
3. Deur middel van aanhalings uit die Skrif, bewys dat God 'n vorm het.
4. Dui op etlike karakteristieke van God.
5. Gee drie hoof maniere waarop God aan die mens geopenbaar word.
6. Waarmee sal God diegene beloon wat Hom en Sy Seun ken?

## *Die Engele*

1. Wat is ‘n algemene idee rakende bose geeste en engele?
2. Wat is die natuur van engele?
3. Wat is die werk van engele?
4. Gee etlike voorbeelde waar engele ingetree het in die belang van die mens.
5. Beskryf die rol wat engele sal speel in verband met Christus se wederkoms.
6. Wat is die werk van die Satan en sy bose engele?

## *Die Oorsprong van Boosheid*


1. Hoekom is dit onmoontlik om die oorsprong van die sonde te verduidelik om sodoende ‘n rede verskaf vir die bestaan daarvan?
2. Wat is die onderliggende beginsel van God se heerskappy?
3. Waarin het God geen behae nie?
4. Gee die onderliggende oorsake vir die oorlog in die hemel.
5. Verduidelik die volgende stelling: “Die sonde moes toegelaat word om te ontwikkel.”
6. Wat is die enigste manier wat die Satan en sonde in die wêreld oorwin kan word?

## *Die Skepping*

1. Wat het God gesê toe Hy Sy skeppingswerk betrag het?
2. Hoe was die skeppingswerk tot stand gebring?
3. Hoe alleenlik mag ons dit verstaan?  Ps 33:6, 9
4. Wat was die kroonstuk van God se skepping?
5. Verduidelik die verskille tussen die mens en alle ander skepsele.
6. Wat was God se doel toe Hy Eva geskape het uit ‘n rib wat uit Adam se sy geneem is?
7. Dui op etlike maniere waarop die Sabbat tot seën vir die mens strek.
8. Noem die dinge wat op elke dag van die skeppingsweek geskape is.

## *Die Val van die Mens*

1. Gee ‘n duidelike uiteensetting van die volgende stelling wat God gemaak het: “[D]ie dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.” Génesis 2:17.
2. Hoekom is die mens in die tuin van Eden op die proef gestel?
3. Hoekom het die Satan nie aan Eva as ‘n engel van skitterende lig verskyn nie?
4. Vir watter dade sal mense verdoem word op die Oordeelsdag?
5. Was verbanning uit die tuin ‘n arbitrêre daad van God, of was dit vir die ewige welsyn van die mens?




***Die wet is die standaard waarteen ons geoordeel sal word, en Jesus sal ons Voorspraak wees as ons Hom as ons Verlosser kies.***

# EENHEID 3 – "DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE"

**Om verlossing te verkry, moet elke persoon die nuwe geboorte ondervind; dit behels 'n algehele transformasie van die lewe en karakter deur die herskeppende krag van God deur geloof in die Here Jesus Christus. Die doop is 'n insetting van die Christen kerk en behoort te volg op boetvaardigheid en vergifnis van sonde. Deur die nakoming daarvan word geloof getoon in die dood, begrafnis en opstanding van Christus. Die regte manier van die doop is deur onderdompeling.**

***"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Handelinge 2:38.***



# LES 14 – VERLOSSING VAN DIE SONDE BELOWE

*En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. Génesis 3:15.*

**Die eerste aanduiding van die verlossing is aan die mens oorgedra in die vonnis wat in die tuin oor die Satan uitgespreek is. Die Here het gesê: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt." Génesis 3:15. Hierdie vonnis wat ten aanhore van ons stamouers uitgespreek is, was vir hulle 'n belofte. Ofskoon dit 'n stryd tussen die mens en die Satan voorspel het, het hulle ook die verskering gekry dat die mag van die groot teenstander uiteindelik venietig sou word. Soos misdadigers het Adam en Eva voor die regverdige Regter die vonnis op hulle oortreding afgewag; maar voordat hulle gehoor het van die lewe van moeisame arbeid en verdriet waartoe hulle gedoem was, of van die besluit dat hulle tot die stof sou terugkeer, het hulle eers na woorde geluister wat hulle net met hoop kon besiel.** *– Patriarge en Profete, 65:4.*

## *'n Verlosser Belowe*

**1. Wat is die eerste belofte van 'n Verlosser wat in die Bybel opgeteken is?** Génesis 3:15.

**2. Noem sommiges wat in hierdie aanstaande Verlosser geglo het en wie in ooreenstemming met hulle geloof geleef het. Hebreërs 11.**

a. "Abel … deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is." Vers 4.
b. "Henog …(het) God behaag." Vers 5.
c. "Noag … (het) 'n erfgenaam geword … van die geregtigheid wat volgens die geloof is." Vers 7.
d. "Abraham … het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is." Verse 8-10.
e. "Sara … (het) Hom getrou geag … wat dit beloof het." Vers 11.
f. "Isak … het … vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms." Vers 20.
g. "Jakob … (het) altwee die seuns van Josef geseën." Vers 21.
h. "Josef … (het) bevel gegee aangaande sy gebeente." Vers 22.
i. "Moses … het volgehou soos een wat die Onsienlike sien." Verse 23-27.
j. Ragab, Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid, Samuel, die profete. Verse 31, 32.
k. "[H]ulle (het) die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het." Verse 39, 40.

## *Tipes van Christus*

**3. Die werk wat Jesus moes doen is aangetoon deur tipes en anti-tipes in die Bybel:**

| ***Tipe*** | ***Anti-tipe - Christus*** |
|---|---|
| a. Sondoffer *sonder gebrek.* Lev. 4:28 | "Christus … sonder gebrek." 1 Petrus 1:19. |
| b. Die sondaar moet self die sondoffer slag. Lev. 4:29. | "Christus (het) vir ons sondes gesterf." 1 Korinthiërs 15:3. |
| c. "As ek die bloed sien, sal ek *by julle verbygaan*." Exodus 12:13. | "Ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus." 1 Korinthiërs 5:7. |
| d. "*As ek die bloed sien*, sal ek by julle verbygaan." Exodus 12:13. | "In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed." Efésiêrs 1:7. |
| e. "Julle mag geen been daarvan breek nie." Exodus 12:46. | "Hulle (het) sy bene nie gebreek nie." Johannes 19:33-36. |
| f. Jesus is gedood op die dag toe dit die voorbereiding vir die pasga was. Johannes 19:14. | "Wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie." 1 Petrus 2:22. |

## *Profesieë van Jesus die Verlosser*

**4. Talle profesieë rakende Jesus en Sy werk is gemaak en reeds vervul:**

| | **Profesie** | **Geprofeteer** | **Vervul** |
|---|---|---|---|
| a. | Saad van die vrou. | Génesis 3:15 | Galásiërs 4:4 |
| b. | Op die bepaalde tyd gekom. | Daniël 9:24, 25 | Galásiërs 4:4 |
| c. | In Betlehem gebore. | Miga 5:2 | Matthéüs 2:1 |
| d. | Gesalf deur die Gees van die Here. | Jesaja 61:1 | Lukas 4:18, 19 |
| e. | Vir dertig sikkels silwer verkoop. | Sagaría 11:12 | Matthéüs 26:15 |
| f. | Hy het in stilte gely. | Jesaja 53:7 | Matthéüs 27:12-14 |
| g. | Saam met die oortreders getel. | Jesaja 53:12 | Lukas 23:32, 33 |
| h. | In 'n ryke se graf begrawe. | Jesaja 53:9 | Matthéüs 27:57-60 |
| i. | Ons sonde op Hom geneem. | Jesaja 53:6 | 1 Petrus 2:24 |

**5. Sommige van die Bybelse beloftes van verlossing vir die gevalle mens deur Jesus Christus:**
a. "… sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie." Johannes 3:16.
b. "Geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie." Romeine 8:1.
c. "Magtig … om julle vir struikeling te bewaar." Judas 24.
d. "Triomfeer in Christus." 2 Korinthiërs 2:14.

## *Verlossing Slegs in Christus*

**6. Hoe alleenlik kan ons gered word?** Eségiël 18:21; Johannes 1:29; Handelinge 4:12.

**7. Hoe begerig is God dat ons gered moet word?** Eségiël 33:11; 2 Petrus 3:9.

**8. Wanneer sal ons verlossing volkome wees?** 1 Thessalonicense 4:16, 17.

## *Onthou*

1. Dit is waar dat die seremonies van die wet van Moses nie nou onderhou moet word nie; maar, wanneer hulle reg verstaan word, sien ons dat hulle gloei met heilige en belangrike waarhede. *- Ellen G. White, Review and Herald, Jan. 9, 1883.*

2. Hy [Jesus] het gestreef om vir die mens die feit te openbaar dat die Joodse stelsel deur middel van sinnebeelde en teenbeelde die hele verborgenheid van die evangelie uitbeeld. Die diens van die verlede moes geensins geminag word nie; want in Christus het sinnebeeld die teenbeeld mekaar ontmoet, en die skaduwee die voorwerp. *– Ellen G. White, Signs of the Times, Nov. 7, 1892.*

3. In die sondoffers op elke altaar is die Verlosser gesien. Tesame met die wolk van wierook het daar uit elke berouvolle hart die gebed opgestyg dat God hulle offerhandes sou aanvaar as 'n teken van geloof in die Heiland wat sou kom. *– Ellen G. White, Review and Herald, Maart 2, 1886.*

4. Vir menige was dit 'n verborgenheid hoekom die ou dispensasie soveel sondoffers vereis het, hoekom soveel bebloede slagoffers na die altaar gelei is. Maar die groot waarheid wat hulle voor oë moes hou, op hulle hart en verstand gestempel, was die volgende: "Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie." (Hebreërs 9:22). *– Ellen G. White, Signs of the Times, Jan. 2, 1893.*

5. Christus vir ons sondes gekruisig hoort elke siel volgens sy eie oordeel nederig voor God te maak. Christus uit die dode opgestaan, na die hemel opgevaar, ons lewende Middelaar in God se teenwoordigheid, is die wetenskap van verlossing wat ons self moet leer, en wat ons vir die kinders en jeug moet leer. *– Ellen G. White, Fundamentals of Christian Education, 262.3.*

## *Tekste om te Onthou*

Génesis 3:15
Miga 5:2
Galásiërs 4:4

## *Definieer of Identifiseer*

Verlossing
Menswording
Saad
Vrou




Geen mens kan tegelykertyd in twee rigtings beweeg nie. Ons moet of God gehoorsaam of die weg van die dood volg.

# LES 15 – VERLOSSING DEUR CHRISTUS

*Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei. 2 Korinthiërs 2:14*

**Die verlossingsplan was geen nagedagte – 'n plan wat na die val van Adam geformuleer is nie. Dit was die openbaring van "die verborgenheid wat eeue lank verswyg is." Dit was die ontplooiing van die beginsels wat deur die eeue heen die grondslag van die troon van God was. Van die begin af het God en Christus geweet van die afvalligheid van die Satan en van die val van die mens deur die afvallige se bedrieënde mag. God het dit nie beskik dat daar sonde sou wees nie, maar Hy het die ontstaan daarvan vooruitgesien en het voorsiening vir dié vreeslike gebeurtenis gemaak.** *– Koning van die Eeue, 22:2.*

## *Die Verlossingsplan Gelê*

**1. Vir watter spesifieke doel het Jesus die eerste keer na hierdie aarde gekom?**
Lukas 19:10; 1 Timótheüs 1:15.

**2. Wanneer was die verlossingsplan gele?** 1 Petrus 1:19, 20; Openbaring 13:7, 8.

**3. Was daar 'n bepaalde tyd vir die eerste koms van Christus?** Daniël 9:25-27; Galásiërs 4:4.

Die Voorsienigheid het die bewegings van die nasies gereël, asook die gety van menslike drifte en invloede, totdat die wêreld ryp was vir die koms van die Verlosser. Die volke was onder een regering verenig. Een taal is algemeen gepraat en is orals as die taal van die letterkunde erken. Uit alle lande het die Jode van die verstrooiing vir die jaarlikse feeste in Jerusalem vergader. Met hulle terugkeer na hul wonings kon hulle die boodskap van die Messias se koms oor die wêreld versprei. *– Koning van die Eeue, 32:2.*

**4. Gedurende die tyd toe Jesus se geboorte aanvanklik aangekondig was, wat was onthul in verband met Sy sending?** Matthéüs 1:21, 23.

### *Die God-Mens*

**5. Wat openbaar die Skrifte rakende Jesus voordat Hy "gebore (is) uit 'n vrou, gebore onder die wet" (Galásiërs 4:4)?** Johannes 1:1-3, 14; 3:13; 8:56-58; 17:5; 1 Korinthiërs 10:4.

Ons glo in Christus, in Sy Goddelikheid en in Sy voorbestaan. *– Testimonies, vol. 6, 58:1*.

**6. Wie se vorm het Christus aangeneem toe Hy na hierdie aarde gekom het?**
Filippense 2:6-8; Hebreërs 2:14, 16, 17.

**7. Hoe het Christus Hom met die mensdom geïdentifiseer?** Matthéüs 28:10;
Johannes 20:17; Hebreërs 2:11.
Deur Sy lewe en Sy dood het Christus meer verkry as slegs verlossing uit die ellende van die sonde. … [I]n Christus is ons nouer met God verbind as wat ons sou gewees het as ons nooit in sonde beland het nie. Deur

ons natuur aan te neem, het die Heiland Hom met die mensheid verbind met ‘n band wat nooit verbreek kan word nie. Deur die eeue van die ewigheid is Hy aan ons verbind. – *Koning van die Eeue, 25:3.*

**8. Watter verslag van Jesus se lewe en werk het agtergebly?** Handelinge 10:38.

## *Oorwinnaar Oor Die Sonde*

**9. Wat kan gesê word aangaande die volmaakte lewe van Jesus?** Psalm 40:7-9
Hebreërs 10:7, 9; 1 Petrus 2:22, 23.

**10. Let op die duiwel se poging om te veroorsaak dat Jesus sondig.** Matthéüs 4:1-11.

Nooit sal die mens beproef word deur sulke kragtige versoekings soos die wat Christus aangeval het. – Testimonies, vol. 4, 45:1.

**11. Kom ons te staan teen enige versoeking wat Jesus nie ondervind het nie?**
Hebreërs 4:15.

## *Die Sondelose Vir Die Sondige*

**12. Hoewel sondeloos, waarvoor moes Jesus aan die kruis boet?** Romeine 5:6-8; 6:23; Hebreërs 2:9.

Deur vir die sonde te boet, deur in die graf te lê, het Christus die grafkelder verlig vir almal wat in geloof sterf. Deur die evangelie, het God in die gedaante van ‘n mens gelewe en onsterflikheid aan die lig gebring. In Sy sterwe het Christus die ewige lewe vir almal wat in Hom glo, verseker. In Sy sterwe, het Hy die een wat die sonde en ontrouheid begin het, verdoem om die straf vir die sonde te dra – die ewige dood. – *Testimonies, vol. 6, 230:3.*

**13. Hoe belangrik is dit vandag vir ons dat Jesus nie gesondig het nie?** Romeine 5:18, 19; Hebreërs 2:18.

Christus is behandel soos ons verdien het, sodat ons behandel kan word soos Hy verdien het. Hy is veroordeel vir ons sondes waaraan hy geen deel gehad het nie, sodat ons geregverdig kan word deur Sy geregtigheid waarin ons geen deel gehad het nie. Hy het ons dood gesterf, sodat ons Sy lewe kan ontvang. – *Koning van die Eeue, 25:2.*

## *Gevolge Van Sy Oorwinning*

**14. Hoeveel krag is aan Jesus gegee as gevolg van Sy oorwinning oor die sonde en Sy offerdood?** Matthéüs 28:18.

**15. Wat beteken hierdie krag vir ons?**
Johannes 1:12; Filippense 1:6; Judas 24.



***Die Seun van God het elke versoeking teengestaan deur God se Woord, en dus het Hy die Satan se liste oorwin.***

Deur Sy mensheid het Christus die mensheid aangeraak; deur Sy Godheid was Hy met die troon van God verbind. As die Seun van die mens het Hy aan ons die voorbeeld van gehoorsaamheid gestel; as die Seun van God gee Hy ons krag om te gehoorsaam. – *Koning van die Eeue, 24:3.*

**16. Watter vertroue hoort die kennis van saligheid in Jesus Christus te bring aan almal wat in Hom glo?** Hebreërs 4:16.

**17. Wanneer sal die verlossingsplan voltooid wees?** 1 Thessalonicense 4:16, 17; Openbaring 21:1-4.

## *Onthou*

1. Die sondes van die mens is Christus toegereken, en, alhoewel Hy onskuldig was, het Hy onderneem om vir die skuldige te ly, sodat die wêreld deur geloof in Hom gered mag wees. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Mei 30, 1895.*

2. Ons sondes is op Christus geplaas, is in Christus gestraf, is deur Christus vergewe, sodat Sy geregtigheid aan ons mag toebedeel word, wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Alhoewel ons sondes om ons onthalwe Hom toegereken is, tog het Hy volkome sondeloos gebly. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Mei 30, 1895.*

3. Al ons oortredinge is op Christus geplaas. Terwyl Hy wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak is, en die sondelose as sondig gereken is, word die geregtigheid van Christus geplaas op die onwaardige, sodat die boetvaardige sondaar voor God as sondeloos verklaar word. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Jan. 16, 1896.*

4. God aanvaar die mens se strewe om die wet te onderhou, want Christus reken Sy geregtigheid aan hom toe. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Sept. 23, 1889.*

5. Om Christus se ontwil vergewe die Here dié wat Hom vrees. Hy sien in hulle nie die besoedeling van die sondaar nie, Hy sien in hulle die ewebeeld van Sy Seun, in wie hulle glo. – *Koning van die Eeue, 667:5.*

## Bedek My Met Jesus

Let op my Heiland; vlekloos is Hy;
Vader, Hy gee Sy lewe aan my.
Dek my met Jesus, maak my ook rein
Tot elke smet van sonde verdwyn.

Diep is die wond deur sonde geslaan;
Ek is bevlek, tot wie sal ek gaan?
O, om te skuil in Jesus, my Heer,
Dan vrees ek wet en oordeel nie meer.

O, Ek begeer vergifnis en vree;
Jesus wil my met reinheid beklee,
Heer, ek aanvaar dit – ek is gereed;
Neem weg my vodde; gee my U kleed.

Ek is versoen deur Jesus se bloed;
En geregverdig – Hy het vergoed.
As ek gehoorsaam, dan reinig Hy,
En met Sy koms verheerlik Hy my.

Dek my met Jesus, maak my ook rein;
Tot elke smet van sonde verdwyn.
Reinig my, Heiland, vul my, o Heer,
Dan woon die sonde in my nie meer.
- F. E. Belden.

### *Tekste om te Onthou*

Lukas 19:10;
Hebreërs 4:16;
2 Korinthiërs 2:14;
Judas 24

### *Definieer of Identifiseer*

Toegerekende geregtigheid;
Oorwinning;
Meegedeelde geregtigheid;
"Na die vlees" wandel
Verlossing

# LES 16 – DIE LIEFDE VAN GOD

*Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. 1 Johannes 4:8.*

**Liefde, die grondslag van die skepping en verlossing, is die basis van ware opvoeding. Dit word duidelik gestel in die wet wat God as lewensgids gegee het. Die eerste en groot gebed is: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand." Lukas 10:27. Om Hom, die Oneindige, die Alwetende, uit die hele krag, en verstand, en hart lief te hê, beteken die hoogste ontwikkeling van elke vermoë. Dit beteken dat die beeld van God in die ganse wese – die liggaam, die verstand, sowel as die siel – herstel moet word. –** *Opvoeding, 16:1.*

## *God Se Karakter Is Liefde*

1. **Wat word verklaar in verband met wat God is?** 1 Johannes 4:8.

So groot was Sy liefde vir die wereld dat Hy Hom verbind het om Sy eniggebore Seun te gee, "sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." – *Koning van die Eeue, 22:2.*

Deur Sy lewe en Sy dood het Christus meer verkry as slegs verlossing uit die ellende van die sonde. Dit was die Satan se doel om ewige verwydering tussen God en die mens te bring; maar in Christus is ons nouer met God verbind as wat ons sou gewees het as ons nooit in sonde beland het nie. Deur ons natuur aan te neem, het die Heiland Hom met die mensheid verbind met 'n band wat nooit verbreek kan word nie. Deur die eeue van die ewigheid is Hy aan ons verbind. – *Koning van die Eeue, 25:3.*

3. **Wat se die psalmdigter van die teder deernis van God?** Psalms 86:15; 145:8, 9.

4. **Watter soort liefde het God vir die mens, volgens Jeremia?** Jeremia 31:3.

5. **Waarin het God 'n welbehae?** Miga 7:18.

## *Die Mens Se Reaksie Op God Se Liefde*

6. **Wat het Jesus verklaar is die "tweede" gebod in die wet?** Matthéüs 22:39.

7. **Hoe sterk hoort 'n Christen se liefde vir andere te wees?** 1 Johannes 3:16-18.

8. **Hoe sal alle mense weet dat ons dissipels van Christus is?** Johannes 13:35.

9. **In watter hegte verwantskap wil God ons graag bring?** 1 Johannes 3:1.

Deur geloof in die soendood van Christus, kan die seuns van Adam die seuns van God word. Deur die menslike natuur aan te neem, het Christus die mensdom verhef. Gevalle mense kan, deur verbinding met Christus, inderdaad die benaming: "seuns van God" waardig word. – *Skrede na Christus, 15:1.*

## *God Se Liefde Geopenbaar*

**10. Wat sal ons doen as gevolg van God se liefde in ons hart?** Matthéüs 22:36-40;
1 Johannes 5:3.

**11. Ofskoon 'n moeder haar kind mag vergeet, wat belowe God om nie te doen nie?** Jesaja 49:15.

***Die liefde van Jesus Christus is die kragtigste magneet op aarde, want dit trek mense na verlossing.***

**12. Waarom is dit onmooontlik vir God om te vergeet?** Jesaja 49:16.

**13. Wat kan God se liefde vir Sy kinders doen?** Deuteronómium 23:5

**14. Hoe toon God soms Sy liefde?** Hebreërs 12:6

**15. Waarvan was Paulus volkome oortuig?** Romeine 8:38, 39.

Toe Christus die menslike natuur opgeneem het, het Hy die mensheid met Homself verbind met 'n band van liefde wat nooit verbreek kan word deur enige mag behalwe uself nie. Satan sal dikwels probeer om ons te verlei om hierdie band te verbreek – om ons te beweeg om onsself van Christus te skei. Dis juis hier waar ons op ons hoede moet wees; ons moet stry en bid dat niks ons sal beweeg om 'n ander meester te kies nie; want ons staan altyd vry om dit te doen. - *Skrede na Christus, 72:1.*

## *Onthou*

1. Geregtigheid is heiligheid, 'n beeltenis van God en "God is liefde." (1 Johannes 4:16). Geregtigheid is liefde, en liefde is die lig en die lewe van God. – *Thoughts from the Mount of Blessings, 18:1.*

2. Die liefde is die werktuig waardeur God werk om die hart na Hom toe aan te trek. Solank ons onsself oorgee om die kanale te wees waardeur Sy liefde kan vloei, sal Hy sorg dat die kanale voorsien bly. – *Ellen G. White, Review and Herald, Junie 27, 1893.*

3. Wanneer ons die wêreld liefhet soos Hy dit liefgehad het, dan is Sy sending vir ons vervul. Dan is ons geskik vir die hemel; want ons het die hemel in ons harte. – *Koning van die Eeue, 641:2.*

4. Ons kan nie liefdelose Christene wees nie. – *Ellen G. White, Review and Herald, Okt. 6, 1896.*

5. Dit is die uitdrukking van God se liefde teenoor ons wat daartoe lei dat ons vir mekaar omgee. Wanneer die Here Jesus in ons harte woon, dink ons die gedagtes van God, en ons doen die werke van God. – *Ellen G. White, Review and Herald, Feb. 23; 1897.*

6. Laat die liefde aan God gegee word, sodat Sy wet in die hart geskryf kan word, en die hele mens sal 'n nuwe skepsel word, wedergebore uit die Gees. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Mei 28, 1896.*

### *Tekste Om Te Onthou*

Jesaja 49:15, 16
Johannes 3:16
Johannes 13:35
1 Johannes 4:8

## *Die Liefde Van God*

Die liefde van God is baie groter as wat tong of pen kan bely;
Dit strek verder as die hoogste ster, en reik tot in die laagste hel.
Vir die skuldige paar, geboê met sorge,
Het God Sy Seun gegee om hulle te wen.
Met Sy sondige kind het Hy versoen,
En hom sy sonde vergewe.

Aan die einde van tyd,
Wanneer aardse trone en ryke val;
Wanneer mense hier weier om te bid,
Uitroep na die rotse en berge,
Sal Gods liefde, rotsvas, nog bly staan,
Onmeetbaar en sterk;
Reddende genade vir die menseras,
Die lied van engele en die heiliges.

Sou ons die oseaan met ink kon vul,
En was die uitspansel ‘n perkament,
En elke stingel ‘n skryfpen was,
En elke mens ‘n skrywer was van beroep,
Om te skryf van God se liefde
Sal die oseaan laat opdroog.
Nog minder kan die perkament dit alles bevat
Hoewel dit van oos na wes uit strek.

O, liefde van God, hoe ryk en rein!
Hoe onmeetbaar en sterk!
Dit sal vir ewig bly staan,
Die lied van engele en die heiliges.

- Oorspronklik in Engels deur F. M. Lehman

# LES 17 – UITVERKIESING – VRYE KEUSE

*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil. Efésiërs 1:3-5.*

**Die genadegawes deur Christus is vir almal beskikbaar. Daar is geen uitverkiesing behalwe ons eie wat ons tot die dood veroordeel nie. In Sy Woord het God die voorwaardes gestel waardeur elke siel tot die ewige lewe uitverkies sal word, naamlik gehoorsaamheid aan die gebooie van God deur geloof in Christus. God het 'n karakter uitverkies wat met Sy wet ooreenkom, en elkeen wat die peil van Sy vereiste behaal, sal toegang hê tot die koninkryk van heerlikheid. … Elke siel wat gewillig is om sy eie saligheid met vrees en bewing uit te werk, word uitverkies. Hy wat gewillig is om die wapenrusting aan te trek en die goeie stryd van die geloof te stry, word uitverkies. Hy wat gewillig is om te waak en te bid, wat gewillig is om die Skrifte te ondersoek en vir die versoeking te vlug, word uitverkies. Hy wat gewillig is om altyd gelowig te wees en om elke woord te gehoorsaam wat uit die mond van die Here uitgaan, word uitverkies. Die *bepalinge* van verlossing is vir almal vryelik beskikbaar: die *gevolge* van die verlossing is vir diegene wat die voorwaardes nagekom het.** – *Patriarge en Profete, 207:4 – 208:1.*

## *God Se Doel Vir Alle Mense*

1. **Wat is God se doel vir die mensdom?** 1 Timótheüs 2:3, 4; 2 Petrus 22:17.

2. **Hoeveel mense word in God se genade ingesluit?** Johannes 3:16; Titus 2:11; Openbaring 22:17.

3. **Waartoe is ons uitverkies?**

a. "[O]m gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun." Romeine 8:29.
b. Om as Sy kinders deur Jesus Christus aangeneem te word. Efésiërs 1:5.
c. "[O]oreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil. Efésiërs 1:11.

4. **Die proses van aanneming is 'n vrywillige verskuiwing van Adam se gesin na die gesin van Christus, die tweede Adam.**

| ***Gesin van die Eerste Adam*** | ***Gesin van die Tweede Adam*** | |
|---|---|---|
| *a. Sondaars* | *a. Tot regverdiges gestel* | *Romeine 5:19* |
| *b. Almal sterf* | *b. Almal word lewend gemaak* | *1 Korinthiërs 15:22* |
| *c. 'n Lewende siel* | *c. 'n Lewendmakende Gees* | *1 Korinthiërs 15:45* |
| *d. Natuurlik* | *d. Geestelik* | *1 Korinthiërs 15:46* |
| *e. Aards* | *e. Hemels* | *1 Korinthiers 15:47, 48* |

Almal wat lede van die gesin van die eerste Adam bly, is bestem vir die ewige dood; almal wat lede van die gesin van die tweede Adam word en bly, word uitverkies vir die ewige lewe.

**5. Vergelyk "die loon van die sonde" met "die genadegawe."** Romeine 6:23.

**6. Hoe kan die goddelose die dood ontsnap?** Eségiël 18:22; 33:11.

## *Jou Keuse – Bybelse Uitverkiesing*

**7. Wat moet ons kies, volgens Moses?** Deuteronómium 30:19.

**8. Wat moet ons doen om een van God se uitverkorenes te wees?** Josua 24:15; Jesaja 55:1; Openbaring 22:17.




Aan elke jongmens is die mag om te kan kies, gegee. Ons kan kies om God te dien of om ons eie paadjie te volg.

**9. Het dit wat ons glo 'n invloed op ons saligheid?** Markus 16:16; Johannes 3:18.

**10. Hoe het Moses 'n instrument geword wat God kon gebruik?** Hebreërs 11:24-26.

**11. Hoekom was die lewens van Jakob en Esau so verskillend?**

Esau en Jakob het dieselfde godsdiensonderrig gekry, en dit het albei vry gestaan om in die insettinge van God te wandel en Sy guns te ontvang; maar hulle het nie albei gekies om dit te doen nie. … Esau het die seëninge van die verbond verag. … Die skeiding tussen hom en Gods volk was aan sy eie keuse te wyte. Jakob het die erfnis van die geloof gekies. – *Patriarge en Profete, 207:3; 208:2*.

**12. Wat moet ons ons beywer om vas te maak?** 2 Petrus 1:10.

**13. Hoe kan ons dit doen?** Hebreërs 12:1, 2.

Om te verlang om goed en heilig te wees, is goed in 'n sekere mate; maar as u daar ophou, sal dit niks baat nie. Baie wat maar net verlang en gehoop het om Christene te word, sal verlore gaan. Hulle het nooit tot die punt gekom waar hulle hulleself oorgegee het aan die wil van God nie. Hulle kies nie nou om Christene te wees nie. – *Skrede na Christus, 47:2.*

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Deur die regte beoefening van u wil kan u hele lewe verander word. Deur u wil aan Christus oor te gee, verbind u uself met 'n mag wat sterker is as al die owerhede en magte. U sal krag van omhoog ontvang om u standvastig te maak, en dus sal u, deur gedurige oorgawe aan God, in staat gestel word om die nuwe lewe te leef, ja die lewe van geloof. – *Skrede na Christus, 48:1.*

2. God het aan alle mense die vermoë gegee om te kies; hulle moet daardie krag beoefen. U kan u hart nie verander nie, u kan God nie uit u eie liefhê nie; maar u kan kies om Hom te dien. U kan u wil aan Hom onderwerp; Hy sal dan in u werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae. Op hierdie manier sal u hele natuur onder die beheersing van die Gees van Christus kom; u liefde sal in Hom sy middelpunt vind en u gedagtes sal in ooreenstemming met Hom wees. – *Skrede na Christus, 47:1.*

3. Ek wens dat almal wat Christus nog nie aangeneem het nie, kon besef dat Hy iets oneindig beter het om te gee as wat hulle vir hulleself soek. Wanneer die mens teenstrydig met die wil dink en handel, berokken hy homself oonberekenbare skade. Geen vreugde kan gevind word op die weg wat verbied is deur die Een wat beter weet as ons en wat gedurig die beste vir Sy skepsels soek nie. Die weg van die oortreder is die weg van ellende en die dood. – *Skrede na Christus, 46:2.*

4. Almal is deur God voorbestem om gered te word. As ons nie gered is nie, is dit omdat ons gekies het om nie God se begeerte vir ons te volg nie.

5. Die "ewige vuur," die "poel van vuur," is berei "vir die duiwel en sy engele." Matthéüs 25:41. As mense daarin beland, sal dit wees omdat hulle dit gekies het, en nie omdat dit God se begeerte was dat hulle nie gered word nie.

## *Tekste om te Onthou*

Josua 24:15; Romeine 2:11; Johannes 3:16; Efésiërs 1:3-5

## *Definieer of Identifiseer*

Outomaat; God se wil; Dwing; My wil; Vrye keuse; Uitverkiesing

# LES 18 – BEKERING

*Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom. Handelinge 3:19.*

*Skrede na Christus 26:1 – 41:0.*

**Almal wat onderdane van Christus se koninkryk wil word, het hy gesê, sal bewys lewer van hul geloof en bekering. Goedhartigheid, eerlikheid en trou sal in hul lewens gesien word. Hulle sal die behoeftiges help en hul offergawes aan God bring. Hulle sal die weerlose beskerm en 'n voorbeeld van deug en ontferming wees. So sal die volgelinge van Christus bewys lewer van die vernieuende krag van die Heilige Gees. In die daaglikse lewe sal geregtigheid, genade en liefde van God gesien word. Anders is hulle soos die kaf wat verbrand word."** *– Koning van die Eeue, 107:3.*

## *Wat Is Bekering*

**1. Wat is die betekenis van die woord "bekering"?**

Bekering: verandering van hart; afkeer van die sonde. *HAT.*

Die geregtigheid van Christus is nie 'n dekmantel om onbelyde en onversaakte sonde mee te verberg nie; dit is 'n lewensbeginsel wat die karakter vernuwe en die gedrag beheers. Heiligheid is heelhartigheid vir God; dit is die volkome oorgawe van hart en lewe aan die inwoning van die hemelse beginsels. *– Koning van die Eeue 555:6.*

Bekering sluit in berou oor sonde, asook 'n versaking daarvan. Ons sal die sonde nooit versaak tensy ons die sondigheid daarvan besef nie; en aleer ons 'n afkeer daarvan in ons hart kry, sal daar nie 'n ware verandering in die lewe kom nie. *– Skrede na Christus, 23:2.*

Bekering is om jou van jouself af na Christus te keer; en as ons Christus ontvang sodat Hy deur die geloof Sy lewe in ons kan lei, sal goeie werke gesien word. *– Die Meester se Onsterflike Rede – 87:3.*

## *Berou en en Bekering tot God*

**2. Wat beklemtoon Eségiël tesame met bekering?** Eségiël 18:30.

**3. Hoekom het God aan alle mense oral die opdrag gegee om hulle te bekeer?** Handelinge 17:30, 31.

**4. Hoeveel mense wil God hê, moet bekeer en gered word?** 1 Timótheüs 2:4; 2 Petrus 3:9.

**5. Wie skenk bekering en vergifnis van sondes?** Handelinge 5:30, 31.

Dit is die krag wat van Christus uitgaan wat tot ware bekering lei. … Ons kan net so min tot bekering kom sonder die Gees van Christus wat eers ons gewete moet wakker maak, as wat ons sonder Hom vergifnis kan verkry. *– Skrede na Christus, 26:2.*

Dit is waar dat mense soms skaam word oor hulle sondige weë, en sommige van hulle slegte gewoontes versaak voordat hulle besef dat hulle tot Christus getrek word. Maar wanneer hulle 'n poging aanwend om te hervorm as gevolg van 'n opregte begeerte om te doen wat reg is, is dit die krag van Christus wat hulle trek. *– Skrede na Christus, 27:1.*

**6. Moet ons bekeer voordat ons na Jesus kom?**

Die Bybel leer nie dat die sondaar eers tot bekering moet kom voordat hy die uitnodiging van Christus, *"Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee (Matt. 11:28),* kan aanneem nie. *– Skrede na Christus, 26:2.*

**7. Watter boodskap het Christus vir die Laodicense gestuur as gevolg van Sy liefde vir hulle?** Openbaring 3:19.

**8. Wat het Job gedoen nadat hy God gesien het?** Job 42:5, 6.

**9. Die Heilige Gees het diegene wat Petrus se preek op die dag van die Pinksterfees gehoor het, oortuig en daartoe gelei dat hulle uitgeroep het:**

**"Wat moet ons doen?"** Handelinge 2:37.
**Wat was Petrus se antwoord?** Handelinge 2:38.

**10. Wat gaan die uitwissing van sondes vooraf?** Handelinge 3:19.

## *Bybelse Voorbeelde van Bekering*

**11. Gee 'n paar voorbeelde van bekering:**

***a. Esau*** Génesis 27:34. 35; Hebreërs 12:16, 17.

Daar is baie wat nie reg verstaan wat ware bekering is nie. Daar is baie wat jammer is omdat hulle gesondig het, en daar kom slegs uiterlike hervorming omdat hulle bang is dat hulle sonde hulle in die ellende sal dompel. Maar dit is nie bekering in die Bybelse sin nie. Hulle is jammer vir hulleself pleks van bedroef te wees oor die feit dat hulle gesondig het. Sulke droefheid het Esau ook gehad toe hy besef het dat hy sy geboortereg vir ewig verkwansel het. *– Skrede na Christus, 23:3.*

***b. Bíleam*** Númeri 22:24.

Bíleam, bang vir die engel wat in sy weg gestaan het met 'n swaard, het sy skuld erken om sy lewe te behou; maar daar was geen ware berou oor die sonde nie – geen bekering en geen afsku van die daad nie. *– Skrede na Christus, 23:3.*

***c. Dawid*** 2 Samuel 12:13; Psalm 51.

Baie mense het gekla oor wat hulle die onregverdigheid van God noem, omdat Hy Dawid gespaar het toe sy sonde so groot was, nadat Hy Saul verwerp het weens sondes wat skynbaar veel geringer was.

Maar Dawid het hom verneder en hy het sy sonde bely, terwyl Saul die bestraffing verag en sy hart in onboetvaardigheid verhard het. – *Patriarge en Profete, 726:2.*

***d. Saggéüs*** Lukas 19:1-9.

Voordat Saggéüs nog die aangesig van Jesus gesien het, het hy al met sy werk begin wat getoon het dat sy bekering opreg was. Voordat die mense hom nog kon beskuldig, het hy sy sonde al bely. Hy was gehoorsaam aan die oortuiging van die Heilige Gees en het uitvoering begin gee aan die leer wat vir Israel van ouds geskryf is, asook vir ons vandag. – *Koning van die Eeue, 555:4.*

**12. Noem die twee soorte droefheid.** 2 Korinthiërs 7:10.

**13. Hoekom is dit so gevaarlik vir 'n persoon om vol te hou om die uitnodiging tot bekering te minag?** Efésiërs 4:30.

Die mees algemene vorm van die sonde teen die Heilige Gees is om vol te hou om die uitnodiging tot bekering te weerstaan. – *Koning van die Eeue, 324:2.*

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Gee jou laste vir Jesus. Jy voel dat die Here moet werk maak van die saak waar die Satan streef om die oorhand oor 'n siel te verkry; maar jy moet in nederigheid en sagmoedigheid doen wat jy kan, en die dinge wat verward en gekompliseerd is in God se hande plaas. Volg die riglyne in Sy Woord, en laat die uitkoms van die saak aan Gods wysheid oor. Laat God toe om al die verwarring vir jou uit te pluis. Hy is wys genoeg om die komplikasies in ons lewens uit te sorteer. Hy het bekwaamheid en takt. Sy planne is nie altyd vir ons sigbaar nie; ons moet geduldig wag totdat hulle ontvou, en ons moet hulle nie skend of vernietig nie. In Sy eie goeie tyd sal Hy Sy planne aan ons openbaar. – *Testimonies, vol. 5, 347:2 – 348:1.*

2. Dit lyk soms asof ons lewe 'n warboel is; maar as ons ons aan die Meesterwerker toevertrou, sal Hy die patroon van lewe en karakter uitwerk wat tot Sy eie heerlikheid strek. En die karakter wat die heerlikheid – karakter – van Christus uitdruk, sal in die Paradys van God ontvang word. 'n Vernieude geslag sal saam met Hom in wit wandel, want hulle is dit waardig. – *Koning van die Eeue, 331:2.*

3. Hy wat waarlik berou het, vergeet nie sy sondes van die verlede nie, en raak nie onverskillig oor hulle sodra hy vergifnis ontvang het nie. Inteendeel, hoe duideliker die bewys van Goddelike guns, hoe meer blyk hy berou te hê oor sy sondige verlede. Hy walg, verafsku, en veroordeel homself, en is meer en meer verstom dat hy so lank met sy rebellie kon voortgaan. Hy hernu sy bekering teenoor God, terwyl hy stywer vashou aan die hand van Jesus Christus, en vind dat bekering 'n daaglikse, volgehoue oefening is, wat voortgaan totdat die sterflike deur die lewe verslind word. Hy wat op hierdie wyse bekeer, waardeer die geregtigheid van Christus bo silwer en goud, bo alle aardse bande en emosies. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Nov. 26, 1894.*

## *Tekste om te Onthou*

Handelinge 2:38; Handelinge 3:19; 2 Petrus 3:9

## *Definieer of Identifiseer*

Opregte; Bekering; Herstel; Liefde; Reformasie; Droefheid

# LES 19 – BELYDENIS VAN SONDE

*As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. 1 Johannes 1:9.*

***Psalm 51 en Skrede na Christus 37:1 – 41:2.***

**Die voorwaardes waarop mens genade van God ontvang, is eenvoudig en redelik. Die Here verwag nie dat ons iets smartliks moet doen om vergifnis van sonde te ontvang nie. Ons hoef nie lang pelgrimstogte en swaar boete te doen om ons by Hom aan te beveel, of die uitdelging van ons sondes te verkry nie; maar hy wat sy sonde bely en versaak, sal genade ontvang.** – *Skrede na Christus, 37:1.2.*

## *Seëninge van Belydenis*

1. **Wat is God gereed om te doen vir almal wat na vergifnis soek?** Psalm 86:5.

2. **Watter belofte word gemaak aan diegene wat hulle sondes bely?** 1 Johannes 1:9.

3. **Wat het God gedoen toe Dawid sy sonde bely het?** Psalm 32:5.

4. **In watter toestand is ons wanneer ons oortreding vergewe en ons sonde bedek is?** Psalm 32:1, 2.

## *Belydenis Moet Spesifiek Wees*

5. **Voor wie moet ons ons sondes bely?** Psalm 32:5; Daniël 9:3-19.

6. **Vir wie moet ons ons foute (misdade) bely?** Jakobus 5:16.

**Bely julle sondes voor God** wat dit alleen kan vergewe, **en bely julle misdade (foute) vir mekaar**. As u u vriend of buurman leed aangedoen het, moet u u skuld bely, en dit is sy plig om u te vergewe. Dan nog moet u God ook om vergifnis vra, want die broeder wat u leed aangedoen het, is die eiendom van God, en toe u hom benadeel het, het u ook teen sy Skepper en Verlosser gesondig. – *Skrede na Christus, 37:2*.

7. **Hoewel belydenis spesifiek moet wees, en gemik op diegene wat deur die oortreding geraak is, watter sorg moet gedra word?**

Aan my is getoon dat baie belydenisse nooit gemaak moet word waar andere dit kan hoor nie. Daar hoort geen roekelose, grootskaalse bewegings rakende hierdie saak te wees nie, want dit mag die saak van die Here berug maak in die oë van ongelowiges. Dit sal groter heerlikheid aan God bring as ons die geheime, diepgewortelde bedorwenheid van die hart aan Jesus alleen bely. Daar is belydenisse van 'n aard wat slegs met 'n paar mense gedeel moet word, en wat die sondaar met die diepste nederigheid moet erken. Dan is daar belydenisse wat die Here ons gebied het om met mekaar te deel. – *Testimonies, vol. 5, 645:2 – 646:1.*

## *Voorbeelde en Gevolge*

**8. Wat was die belydenis wat deur die verlore seun gemaak is?** Lukas 15:11-32.

**9. Wat het Johannes die Doper verwag moet met bekering gepaard gaan?**
Matthéüs 3:1-8.

**10. Dawid se belydenis.** Psalm 51.

***Die lewe is te kort vir enigiemand om voortdurend 'n wrok teen 'n medemens te koester.***

**11. Wat het daartoe aanleiding gegee dat Judas gesê het, "Ek het gesondig"?**
Matthéüs 27:2-5.

Die Heiland het Sy verraaier nie verwyt nie. Hy wis dat Judas hom nie bekeer het nie; sy belydenis is uit sy skuldige siel gewring deur 'n oorweldigende besef van oordeel en komende verdoemenis. – *Koning van die Eeue, 722:2.*

**12. Hoe spesifiek moet ons wees in die belydenis van ons sonde?** Levítikus 5:5.

**13. Hoekom moet ons nie probeer om ons sonde vir God weg te steek nie?** Númeri 32:23; Spreuke 28:13, 14; Hebreërs 4:13.

**14. Behalwe belydenis, wat het God vir Israel gevra om te doen?** Levítikus 6:1-7.

**15. Wat het Dawid belowe om te doen nadat hy die vreugde van God se heil ontvang het?** Psalm 51:15.

**16. Wat is die reaksie in die hemel wanneer 'n sondaar hom tot God wend?** Lukas 15:7, 10.

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Opregte belydenis is nooit vaag nie; bepaalde sondes word by die naam genoem. Die sonde mag van so 'n aard wees dat dit alleen voor Gods bely moet word; dit mag misdade wees wat bely moet word aan die persone wat daardeur leed aangedoen is; of die sonde mag van 'n openbare aard wees wat in die openbaar bely moet word. Maar alle belydenis moet definitief wees en bepaalde sondes waaraan u skuldig is, moet bely word. – Skrede na Christus, 38:1.

2. Ons broeder het ons moontlik 'n groter kwaad aangedoen as ons vir hom, maar dit verminder nie ons verantwoordelikheid nie. As ons ons tot God wend en onthou dat iemand iets teen ons het, moet ons die gawe van ons gebed, ons danksegging, of vrywillige offergawe eers los en na die broeder gaan met wie ons in onmin verkeer, en nederig ons eie sonde bely en vra om vergewe te word. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 58:3.*

3. Ons moenie dink dat ons die vergifnis maar kan weerhou totdat die een wat ons te na gekom het om vergifnis kom vra nie. Dit is ongetwyfeld hulle plig om hulle te verootmoedig met berou en belydenis, maar ons moet 'n gees van barmhartigheid aan die dag lê teenoor diegene wat ons te na gekom het, ongeag of hulle hul skuld bely het of nie. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 113:3.*

4. As hy (die sondaar) homself nie oorgee aan die werking van die Heilige Gees nie, sal hy blind wees vir die sonde. Sy belydenis is nie ernstig en opreg nie. Vir elke sonde wat hy bely, maak hy ‘n verskoning, en sê dat as dit nie vir die omstandighede was nie hy nooit die sonde sou begaan het waarvan hy skuldig is nie. – *Skrede na Christus, 40:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Spreuke 28:13
Jakobus 5:16
1 Johannes 1:9

## *Definieer of Identifiseer*

Deernis
Moed
Eerlikheid
Belydenis
Vergewe
Pelgrimstog

# LES 20 – VERGIFNIS

*Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. Jesaja 1:18.*

**U is 'n sondaar. U kan nie versoening doen oor u sondes van die verlede nie; u kan u hart nie verander of uself heilig maak nie. Maar God belowe om dit alles vir u te doen deur Christus. U glo daardie belofte; u bely u sondes, en u gee uself oor aan God. U span u wilskrag in om Hom te dien. Net so gewis as u dit doen, sal God Sy woord aan u gestand doen. As u die belofte aanneem – glo dat u vergewe en gereinig is – sal God dit vir u waarmaak; u word gesond net soos die lam man aan wie Christus krag gegee het om te loop toe hy geglo het dat hy gesond gemaak is. Dit is so, as u dit glo.** – *Skrede na Christus, 51:1.*

## *God se Belofte van Vergifnis*

**1. Wat doen God vir Sy kinders?** Psalm 103:3-5; Miga 7:18.

**2. Let daarop dat vergifnis prominent is onder God se eienskappe.** Exodus 34:6, 7; Númeri 14:18; Psalms 85:3; 86:5.

Die kenmerke van Christus se karakter, lankmoedigheid, goedertierenheid, genade, en liefde. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 151:0.*

**3. Hoe uitdruklik het God belowe om ons sondes te vergewe?** Jeremia 31:34, laaste gedeelte; Hebreërs 8:12; 10:17.

**4. Hoe volkome vergewe God sondes wat bely is?** Jesaja 44:22; 55:7.

**5. Wanneer God ons vergewe, wat doen Hy nog?** 1 Johannes 1:9, laaste gedeelte.

**6. Hoe volkome verwyder Hy die sonde van ons?** Psalm 103:12; Jesaja 38:17; Miga 7:19.

God se vergifnis is nie 'n blote regsdaad waardeur ons veroordeling tersyde gestel word nie. Dis nie net vergifnis van die sonde nie, maar herwinning uit die sonde. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 114:1.*

**7. Volgens die skrifgeleerdes en die Fariseërs, wie alleen kon sonde vergewe?** Markus 2:7; Lukas 5:21.

**8. Wat was Jesus se reaksie op hierdie leer?** Markus 2:8-12; Lukas 5:22-25.

**9. Hoe verduidelik jy Johannes 20:23?**

Hier verleen Christus geen vryheid aan enigeen om 'n oordeel oor andere te vel nie. Maar op die kerk in sy georganiseerde hoedanigheid lê Hy die verantwoordelikheid vir die individuele lede. Handel getrou met wandade. Waarsku elke siel wat in gevaar verkeer. Laat niemand homself bedrieg nie. Noem sonde op sy

naam. Verklaar wat God te sê het oor leuens, Sabbatskending, diefstal, afgodery en elke ander kwaad, "dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie." Galásiërs 5:21. As hulle volhard in die sonde, word die oordeel wat u uit die Woord van God gespreek het, uit die hemel op hulle gevel. Deur die sonde te verkies, verloën hulle Christus; die kerk moet toon dat hy hulle dade nie goedkeur nie, of hy sal self sy Here oneer aandoen. Hy moet van die sonde sê wat God daarvan sê. Hy moet dit aanpak soos God voorskryf en sy handelwyse word in die hemel bekragtig. – *Gospel Workers, 502:1, 2.*




Wanneer ons die Onse Vader bid, vra ons vir God om ons te vergewe soos ons andere vergewe.

**10. Deur wie het ons vergifnis van sondes?** Handelinge 10:43; Efésiërs 1:7; 1 Johannes 2:12.

**11. Let op die volgende voorbeelde van sondes wat vergewe is en die resultate:**

**a. Dawid** – 2 Samuel 12:13.
**b. Verlamde man** – Matthéüs 9:2.
**c. Verlore seun** – Lukas 15:22-24.
**d. Vrou in egbreuk betrap** – Johannes 8:1-11.

## *Voorwaardes vir Vergifnis*

**12. Op watter voorwaarde belowe God om ons sondes te vergewe?** 2 Kronieke 7:14; 1 Johannes 1:9.

**13. Hoe beïnvloed ons houding teenoor andere die mate van God se vergifnis?** Matthéüs 6:12, 14, 15; Markus 11:25, 26; Efésiërs 4:32.

As ons verwag dat ons eie gebede verhoor moet word, moet ons ander vergewe op dieselfde wyse en in dieselfde mate as wat ons verwag om vergifnis te ontvang. – *Skrede na Christus, 97:1.*

Ons word nie vergewe omdat ons vergewe nie, maar soos ons vergewe. – *Gelykenisse van Christus, 251:4.*

Maar om van geloof in God se vergewende liefde te spreek terwyl jy self 'n kwaadwillige gees koester, sou 'n bespotting wees. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 58:2.*

**14. Hoe dikwels hoort ons andere te vergewe?** Matthéüs 18:21, 22; Lukas 17:3, 4.

*En nie net sewe maal nie, maar sewentig maal sewe – net so dikwels as wat God u vergewe. – Die Gelykenisse van Christus, 250:0.*

**15. Wat is die sonde wat nie vergewe kan word nie?** Matthéüs 12:31, 32; Markus 3:28, 29;
1 Johannes 5:16.

Wat die sonde ook mag wees, as die siel hom bekeer en glo, word die skuld afgewas in die bloed van Christus; maar hy wat die werk van die Heilige Gees verwerp, plaas hom in 'n posisie waar bekering en geloof hom nie kan bykom nie. Dit is deur die Gees wat God harte aanraak; as 'n mens die Gees opsetlik verwerp en aan die Satan toeskryf, sluit hy die kanaal af waardeur God met hom gemeenskap kan hou. As die Gees eers finaal verwerp is, is daar niks meer wat God vir die siel kan doen nie. – *Koning van die Eeue, 322:0.*

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Dit is die voorreg van almal wat die voorwaardes nakom, om die versekering te hê dat elke sonde uit vrye genade vergewe is. – *Skrede na Christus, 52:3.*

2. Daar is vergifnis by God; daar is aanneming vol en vry deur die verdienste van Jesus, ons gekruisigde en herrese Heiland. – *Prophets and Kings, 723:2.*

3. Dis juis hier waar duisende skipbreuk ly: hulle glo nie dat Jesus hulle persoonlik vergewe nie. Hulle neem Hom nie op Sy woord nie. – *Skrede na Christus, 52:3.*

4. Jesus leer ons dat ons van God net in die mate vergifnis kan verwag waarin ons ander vergewe. Dit is die liefde van God wat ons na Hom toe trek, en daardie liefde kan ons harte nie aanraak sonder om liefde vir ons broeders op te wek nie. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 113:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Jesaja 38:17
1 Johannes 1:9
Jesaja 1:18
Miga 7:19
Psalm 103:12

## *Definieer of Identifiseer*

Vergifnis
"Vergeef ons … soos ons ook …"
"Sewentig maal sewe"
Om te vergeet

# LES 21 – WEDERGEBORE

*Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. 1 Petrus 1:23.*

*Koning van die Eeue, 167:1 – 177:2.*

**Die bron van die hart moet eers gereinig word voordat die strome suiwer kan wees. Wie die hemel deur sy eie werke ooreenkomstig die wet probeer bereik, pak die onmoontlike aan. Wie bloot 'n wettiese godsdiens en 'n gedaante van godsalighied het, het geen veiligheid nie. Die Christelike lewe is nie 'n wysiging of verbetering van die oue nie, maar 'n herskepping van die natuur. Dis 'n afsterwing van die ego en die sonde en 'n totale nuwe lewe. Hierdie verandering kan net deur die werking van die Heilige Gees teweeggebring word.** *- Koning van die Eeue, 172:1.*

## *Die Natuurlike Mens*

**1. Hoe word daar na 'n onbekeerde persoon verwys?** Romeine 8:6-8; Jakobus 4:4.

**2. Hoe het Jesaja, die profeet, die mens in sy sondige toestand beskou?** Jesaja 1:5, 6; 64:6.

**3. Neem sorgvuldig kennis van die lys van ondeugde wat as die werke van die vlees bekend staan.** Galásiërs 5:19-21.

**4. Hoeveel van die mensekinders het gesondig?** Romeine 3:10-12, 23.

**5. Hoeveel sukses sal die mens, op sy eie, behaal wanneer hy probeer om te hervorm?**
Job 14:4; Jeremia 13:23; 17:9.

Van nature is die hart boos. Geen menslike middel kan die sondige siel genees nie. – *Koning van die Eeue, 172:1.*

**Dit is duidelik dat die mens 'n uiters dringende behoefte aan bystand het as hy God ooit wil behaag.**

## *Julle Moet Weer Gebore Word*

**6. Slegs hoe kan ons toegerus word vir burgerreg in Gods koninkryk?** Matthéüs 18:3; Johannes 3:3.

**7. Wie gee vir die mens die nuwe-geboorte ondervinding?** Johannes 1:13.

**8. Wat gebruik God om die nuwe geboorte teweeg te bring?**

a. "Uit die Gees gebore." Johannes 3:8.
b. "Wedergebore … deur die lewende woord van God." 1 Petrus 1:23.

**9. Wat is die rol van die mens in hierdie ondervinding?** Johannes 1:12.

**10. Hoe ywerig moet ons God se guns nastreef?** Jeremia 29:13.

**11. Hoe volkome hoort die proses van verandering te wees?** Romeine 8:1-4; 2 Korinthiërs 5:17.

**12. Hoeveel van die werk van wedergeboorte verstaan ons?** Johannes 3:7, 8.

Die wind word in die bome gehoor, in die geritsel van blare en blomme; tog is dit onsigbaar en geen mens weet waar dit vandaan kom of waar dit heen gaan nie. So is die werking van die Heilige Gees op die hart. Dit kan net so min soos die bewegings van die wind verduidelik word. ‘n Mens sal moontlik nie die presiese plek en datum kan aandui of al die omstandighede in die proses van bekering kan naspeur nie; maar dit bewys nog nie dat hy onbekeerd is nie. – *Koning van die Eeue, 172:3.*

***Om bekeerd te wees, beteken om van ‘n sondige wereldse lewe weg te draai en na God se koninkryk te beweeg.***

## *Bewyse van Bekering*

**13. Maak ‘n lys van die bewyse van die nuwe geboorte wat in die volgende Skrifgedeeltes gegee word:**

a. “Aan hul vrugte.” Matthéüs 7:20.
b. “Deur die Gees van God gelei.” Romeine 8:14, 16.
c. “Die vrug van die Gees.” Galásiërs 5:22, 23.
d. “Alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld.” 1 Johannnes 5:4.
e. “Omdat ons die broeders liefhet.” 1 Johannes 3:14.
f. “Ons (bewaar) sy gebooie.” 1 Johannes 5:3.

**14. Bestudeer die storire van Josua die hoëpriester en sy ondervinding, en let hoe hy verander is.** Sagaría 3:1-5.

**15. Wat word van die “oue mens” van sonde?** Romeine 6:6; Galásiërs 2:20.

**16. Wat kom die hart binne as gevolg van die nuwe geboorte?** Romeine 5:1; Filippense 4:7.

As die Gees van God van die hart besit neem, herskep Hy die lewe. Sondige gedagtes word verban, bose dade versaak; liefde, nederigheid en vrede vervang woede, afguns en veglus. Vreugde vervang droefheid en die gelaat straal van die hemelse lig. Niemand sien die hand wat die las wegneem of die lig wat van die hemelse howe neerdaal nie. Die seën kom wanneer die siel hom in geloof aan God oorgee. Dan skep daardie krag wat geen menslike oog kan sien nie, ‘n nuwe wese na die beeld van God. – *Koning van die Eeue, 173:1.*

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Die godsdiens wat van God kom, is die enigste wat na God sal lei. Om Hom reg te kan aanbid, moet ons uit die Goddelike Gees gebore word. – *Testimonies, vol. 9, 156:1.*

2. Op grond van die verdienstes van Christus kan hy [die mens] weer in ooreenstemming met sy Skepper gebring word. Sy hart moet vernuwe word deur Goddelike genade; hy moet 'n nuwe lewe van omhoog ontvang. Hierdie verandering is die wedergeboorte waarsonder, sê Jesus, iemand "die koninkryk van God nie kan sien nie." – *Die Groot Stryd, 467.2.*

3. Deur hierdie eenvoudige geloofsdaad het die Heilige Gees 'n nuwe lewe in u hart verwek. U is nou 'n kind van God, en Hy het u lief net soos Hy Sy Seun liefhet. – *Skrede na Christus, 52.0.*

4. As die Gees van God van die hart besit neem, herskep Hy die lewe. Niemand sien die hand wat die las wegneem of die lig wat van die hemelse howe neerdaal nie. Die seën kom wanneer die siel hom in geloof aan God oorgee. Dan skep daardie krag wat geen menslike oog kan sien nie, 'n nuwe wese na die beeld van God. – *Koning van die Eeue, 173:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Jeremia 13:23
Johannes 3:3, 5
1 Petrus 1:23

## *Definieer of Identifiseer*

Bekering
Natuurlike mens
Wedergeboorte

# LES 22 – DIE DOOP

*Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel. Romeine 6:4.*

**Christus het die doop die teken van toegang tot Sy geestelike koninkryk gemaak. Hy het dit ‘n positiewe voorwaarde gemaak waaraan almal moet voldoen wat graag erken wil word as onder die gesag van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees. Die doop is die mees plegtige versaking van die wêreld.** – *Testimonies, vol. 6, 91:2, 3.*

1. **Watter opdrag het Jesus gegee rakende die doop?** Matthéüs 28:19, 20; Markus 16:15, 16.

2. **Wat is die betekenis van die doop?** Romeine 6:3, 4.

3. **Waarvan is die doop ‘n gedenkteken?** Romeine 6:3, 4.

**4. Watter ondervinding hoort ons te hê voordat ons gedoop word?**
a. Moet in die leer van Jesus onderrig wees. Matthéüs 28:19, 20.
b. Moet in Christus glo. Markus 16:16; Handelinge 8:36, 37.
c. Moet die sonde afsterwe. Romeine 6:2, 3, 11.

**5. Wat hoort ons toestand en ondervinding na die doop te wees?**
a. “Sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.” Handelinge 2:38.
b. “(Kan) in ‘n nuwe lewe … wandel.” Romeine 6:4.
c. “Met Hom saamgegroei deur … (gelykvormigheid) aan sy opstanding.” Romeine 6:5.
d. “Nie meer die sonde … dien nie.” Romeine 6:6.

**6. Wat is die metode van die Christelike doop?**
a. “En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was.” Johannes 3:23.
b. “En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim.” Matthéüs 3:16.
c. “Hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop.” Handelinge 8:38.
d. “En toe hulle uit die water opklim…” Handelinge 8:39.

7. **Hoeveel vorms van die doop word in die Skrif erken?** Efésiërs 4:5.

Die enigste vorm van die doop wat in die Nuwe Testament erken word, is onderdompeling. Die Griekse woord “baptizo,” waaruit ons Engelse woord “baptism” afgelei word, beteken om te onderdompel, te oorweldig, of om in te dompel. – *W. H. Branson, Drama of the Ages, 168:3.*



Wanneer ons gedoop word, begrawe ons die lewe van sonde, en ons begin om in 'n nuwe lewe met Jesus te wandel.

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Die doop is die plegtigste en belangrikste verordening, en daar hoort 'n deeglike begrip van die bekenis daarvan te wees. Dit beteken bekering van sonde, en die begin van 'n nuwe lewe in Christus Jesus. – *Testimonies, vol. 6, 93:3.*
2. Diegene wat in die naam van die Drie-eenheid, Vader, Seun en Heilige Gees, gedoop word, verklaar heel aan die begin van hulle Christelike lewe, in die openbaar, dat hulle die diens van die Satan versaak het en lede van die koninklike gesin, kinders van die hemelse Koning, geword het. – *Testimonies, vol. 6, 91:3.*

3. Diegene wat hulle met Christus beklee het, en wat deur hierdie daad wys dat hulle van die wêreld geskei is en dat hulle 'n verbond gesluit het om in 'n nuwe lewe te wandel, hoort nie afgode in hul hart te koester nie. *– Testimonies, vol. 3, 365.3.*

4. Hy wat hom voorgeneem het om die geestelike koninkryk binne te gaan, sal ontdek dat al die magte en hartstogte van die onbekeerde natuur, deur die magte van die koninkryk van die duisternis gesteun, teen hom gekant is. Elke dag moet hy sy toewyding vernieu, elke dag teen ongeregtigheid stry. Ou gewoontes, oorgeërfde neigings om kwaad te doen, sal stry om die oorhand te verkry, en daarteen moet hy voortdurend waak en in Christus om die oorwinning stry. – *Handelinge van die Apostels, 476:3.*

5. Die gelowige sal alles prysgee wat sy vooruitgang na bowe sou verhinder of wat 'n ander se voete van die enge weg afvallig sou maak, en hy sal in sy alledaagse lewe barmhartigheid, vriendelikheid, nederigheid, sagmoedigheid, verdraagsaamheid en die liefde van Christus aan die dag lê. – *Handelinge van die Apostels, 477:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 3:13-17
Matthéüs 28:19, 20
Romeine 6:4

## *Definieer of Identifiseer*

Doop
Onderdompeling
Gedenkteken
Verordening
Om te begrawe

# LES 23 – DIE WEG EN DIE WAARHEID EN DIE LEWE

# OPSOMMING VAN EENHEID 3

*En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Handelinge 2:38.*

**Christus in Sy selfverloëning, Christus in Sy vernedering, Christus in Sy reinheid en heiligheid, Christus in Sy weergalose liefde – dit is die dinge wat die hart moet bepeins. Dit is deur Hom lief te hê, Hom na te volg, heeltemal op Hom te vertrou dat u in Sy ewebeeld sal verander word.** – *Skrede na Christus, 70:2.*

## *Verlossing Van Die Sonde Word Belowe*

1. Waar was die eerste boodskap oor die eerste en tweede koms gepreek? En vir wie was dit gepreek?
2. In watter frase in die Skrif vind ons die belofte van 'n oorwinnende Heiland? En 'n verslane vyand?
3. Maak 'n lys van sommige van die maniere waarop Christus die profesieë vervul het.
4. Noem 'n paar opvallende voorbeelde van mense wat deur Christus oorwin het.

## *Verlossing Deur Christus*

1. Het Christus gekom om ons te red "in" sonde, "van" sonde, of "uit" sonde?
2. Watter profesie het die benaderde datum van Christus se eerste koms geopenbaar? Waar word hierdie profesie gevind?
3. Wat was eintlik Christus se sending met Sy eerste koms?
4. Verduidelik hoe Christus se menswording 'n daad van groot nederigheid was.
5. Noem Christus se drie versoekings in die woestyn.
6. Verskaf redes hoekom:

(a) dit nie nodig was dat Jesus vir die mens sterf nie, en
(b) dit nodig was dat Jesus vir die mens sterf.

## *God se Liefde*

1. Maak 'n lys van die bewyse wat ons bestudeer het wat Gods liefde openbaar.
2. Noem drie dinge waarvan liefde die basis vorm.
3. Watter spesifieke bewys oortuig 'n persoon van sy liefde vir 'n ander?

## *Keuse*

1. Hoeveel tekste kan jy herroep wat die woord "elkeen" bevat?
2. Noem vier faktore wat betrokke is by enige siel se verkiesing.
3. Waartoe is die mens uitverkies?

4. Verduidelik hoe ‘n persoon oorgeplaas word van die gesin van die eerste Adam na die gesin van die tweede Adam.
5. Gee ‘n voorbeeld van persone wat gelyke geleenthede gehad het, maar wat verskillende paaie gekies het.

### *Bekering*

1. Definieer “bekering.”
2. Wat is die twee soorte droefheid vir sonde? Gee voorbeelde van elk, tesame met hulle motiewe.
3. Watter rol speel die gewete in bekering?
4. Wat gaan gepaard met ware bekering?

### *Belydenis van Sonde*

1. Onderskei tussen die belydenis van sonde voor God en van misdade voor die mens.
2. “Ek het gesondig,” het beide Dawid en Judas gesê. Verduidelik die verskil.

### *Vergifnis*

1. Watter spesifieke terme gebruik God om Sy algehele bereidwilligheid om te vergewe, aan te dui?
2. Wanneer God sondes vergewe, wat doen Hy nog daarmee?
3. Maak ‘n lys van vier gevalle van individue wat vergifnis gevind het.
4. Verduidelik: “Vergeef ons … soos ons ook … vergewe.”
5. Noem die voorwaardes vir die skenking van vergifnis.

### *Wedergebore*

1. Wie is die aktiewe werktuig wat die wedergeboorte teweegbring?
2. Maak ‘n lys van sommige van die natuurlike mens se karaktertrekke, wat die vreeslike toestand van sy hart openbaar.
3. Maak ‘n lys van die werke van die vlees.
4. Waarmee het Christus die inwoning van die Heilige Gees vergelyk?
5. Noem sommige van die bewyse van die wedergeboorte.

### *Die Doop*


1. Is die doop ‘n opdrag? Deur wie?
2. As die Sabbat ‘n gedenkteken van die skepping is, waarvan is die doop ‘n gedenkteken?
3. Maak ‘n lys van ondervindings wat nodig is voordat jy gedoop kan word.
4. Waarvan is die doop ‘n simbool?
5. Bewys dat die metode van doop onderdompeling is. Gee voorbeelde.

***Jesus Christus het alle mense so liefgehad dat Hy gekom het om hulle te red van die sonde en die ewige dood en om aan hulle die ewige lewe te skenk.***

# EENHEID 4 – DIE GEREGTIGHEID VAN GOD

**Die wet van Tien Gebooie wys vir ons wat sonde is, en die straf daarvoor is die dood.**
**Die wet kan nie die sondaar uit sy sonde red nie, of die krag verskaf om hom van die sonde te weerhou nie. In oneindige liefde en genade voorsien God 'n manier waarop dit gedoen kan word. Hy voorsien 'n plaasvervanger, Christus die Regverdige, om in die plek van die mens te sterf, "want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." 2 Korinthiërs 5:21.**
**'n Mens is geregverdig, nie deur gehoorsaamheid aan die wet nie, maar deur die genade wat in Christus Jesus is. Deur Christus te aanvaar, word die mens met God versoen, geregverdig deur Sy bloed vir die sondes van die verlede, en gered uit die krag van die sonde deur Sy inwonende lewe. Dus word die evangelie "'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo." Romeine 1:16.**
**Hierdie ondervinding word teweeggebring deur die Goddelike mag van die Heilige Gees, wat van sonde oortuig en lei na die Sondedraer. Die gelowige word daardeur in die nuwe verbondsverhouding gevestig, waar die wet van God op sy hart geskryf word, en deur die bemagtigende krag van die inwonende Christus, word sy lewe in ooreenstemming met die Goddelike voorskrifte gebring. Die eer en meriete van hierdie wonderlike transformasie behoort geheel en al aan Christus.**

"Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus." Romeine 5:1.



# LES 24 – GELOOF

*En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. Hebreërs 11:6.*

**Ek het dikwels gesien dat die kinders van die Here gebed verwaarloos, veral gebed in die binnekamer word maar te dikwels versaak; vele openbaar nie daardie geloof wat dit hulle voorreg en plig is om te hê nie, en hulle wag dikwels vir daardie gevoel wat alleenlik kan ontstaan deur die geloof. Gevoel is nie geloof nie; die twee is heeltemal afsonderlik. Geloof moet deur ons beoefen word, maar die gevoel van vreugde en die seën moet van God kom. Die genade van God kom in die siel deur die kanaal van 'n lewende geloof, en daardie geloof is iets wat ons moet beoefen.** *– Eerste Geskrifte, 72:1.*

## *Geloof Gedefinieer*

**1. Wat is die definisie van geloof?** Hebreërs 11:1.

Deur die geloof ontvang ons die genade van God; maar die geloof is nie ons verlosser nie. Dit verdien niks. Dit is die hand waarmee ons Christus aangryp en Sy verdienste vir ons as middel teen die sonde toe-eien. – *Koning van die Eeue, 175:4.*

Reddende geloof is 'n transaksie waardeur diegene wat Christus aanneem, in 'n verbondsverhouding met God kom. 'n Lewende geloof beteken 'n vermeerdering van lewenskrag, 'n vertroue waardeur die siel deur die genade van Christus 'n oorwinnende mag word. *– Die Helende Hand, 62:2.*

**2. Wat, behalwe 'n geloof dat God bestaan, word nog benodig?** Hebreërs 11:6, laaste gedeelte.

**3. Hoe word geloof verkry?** Romeine 10:17; 12:3.

**4. As die Woord van God die middel is waardeur ons geloof verkry, hoe kan die geloof dan vermeerder word?** 2 Timótheüs 2:15; 3:16, 17.

**5. Verduidelik die verskil tussen oortuiging (dit wat 'n mens glo) en geloof.**
Matthéüs 17:20; Jakobus 2:19.

## *Geloof is oortuiging gepaard met werke*

Waar ons van geloof praat, moet ons onthou dat daar twee soorte van geloof is: Daar is 'n soort geloof wat nie eintlik geloof in die Bybelse sin is nie. Die bestaan en die almag van God, en die betroubaarheid van Sy Woord is feite wat selfs Satan en sy engele nie kan betwis nie. Die Bybel Se: *"Die duiwels glo dit ook en hulle sidder." Jak. 2:19.* Maar dit is nie geloof nie. Waar die geloof in God se Woord gepaard gaan met 'n onderwerping van die wil en 'n oorgawe van die hart aan Hom, daar is geloof – die geloof wat deur liefde werk en die siel reinig. Deur hierdie geloof word die hart in die ewebeeld van God herskep. *– Skrede na Christus, 63:2.*

**6. Wat sal opregte geloof aan elke gelowige bring?** 1 Johannes 5:4.


### *Bewyse van Geloof*

**7. Wat sal die persoon wat geloof het, verstaan rakende die skepping?** Hebreërs 11:3.

**8. Dui op ten minste drie gevalle van geloof in Abraham se lewe.** Hebreërs 11:8-19.

**9. Waarmee is die geloof in Jesus verbind?** Openbaring 14:12.

**10. Hoe word die wet van God in die hart gevestig?** Romeine 3:31.




"SY WAARHEID IS 'N SKILD" TEEN DIE AANSLAE EN LEUENS VAN DIE VYAND

**11. Van watter vrug is geloof 'n deel?** Galásiërs 5:22.

**12. Verduidelik die verhouding tussen geloof en werke.** Jakobus 2:14-22.

**13. Wat sal die beproewing van ons geloof in ons lewens bewerk?** Jakobus 1:3.

**14. Waaroor sal God se oorblyfselkerk beskik?** Openbaring 14:12, laaste gedeelte.

**15. In watter noue verwantskap met God bring die geloof ons?** Galásiërs 3:26.

**16. Hoe wandel ons wanneer ons kinders van God word?** 2 Korinthiërs 5:7.

**17. Onder watter voorwaarde kan ons verwag dat ons gebede beantwoord word?** Jakobus 1:6.

**18. Wat is die einddoel van geloof?** 1 Petrus 1:9.



***Die hoofman oor 'n honderd se geloof in Jesus was groot toe hy Hom gevra het om sy kneg te genees.***

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Geloof is ‘n baie eenvoudige saak; dit is vertroue in God. – *E. G. White, Youth’s Instructor, Aug. 30, 1894.*

2. Geloof is eenvoudig om God op Sy woord te glo; dit is om te glo dat God sal doen presies wat Hy belowe het. Ons behoort ‘n veel groter invloed ten goede te wees as wat ons nou is, as ons sou voldoen aan die voorwaardes wat God in Sy woord neergelê het, en Hom volkome vertrou. – *E. G. White, Signs of the Times, Sept. 9, 1889.*

3. Ons kom tot God in die naam van Jesus deur spesiale uitnodiging, en Hy verwelkom ons in Sy oudiënsiekamer, en Hy gee aan die nederige en berouvolle hart daardie geloof in Christus waardeur hy geregverdig word, en Jesus delg sy oortredinge uit soos ‘n newel deur die helder sonskyn van Sy liefde. – *Christian Education, 128:1.*

4. Geloof word deur die Heilige Gees ingegee en dit sal vermeerder in die mate waarin dit gekoester word. Niemand kan sterk word in die geloof sonder vasberade pogings nie. – *Die Groot Stryd, 527:3.*

5. Elke aanmatiging is die Satan se vervalsing van die geloof. Die geloof gryp die beloftes van God aan en lewer die vrugte van gehoorsaamheid. Aanmatiging maak ook aanspraak op die beloftes, maar gebruik hulle, soos die Satan, as verskoning vir die ongeregtigheid. – *Koning van die Eeue, 126:1.*

6. Die enigste belangrike geloof is daardie geloof wat die waarheid aanneem en opneem totdat dit deel van die wese is en die dryfkrag van die lewe en dade word. – *Testimonies, vol. 5, 576:0.*

7. Die beste bewys van geloof in Christus is wantroue in die eie-ek en afhanklikheid van God. Die enigste betroubare bewys dat ons in Christus bly, is om Sy beeld te weerkaats. In die mate wat ons dit doen, lewer ons bewys dat ons deur die waarheid geheilig is, want die waarheid sal uit ons daaglikse lewe straal. – *E. G. White, Signs of the Times, Feb. 28, 1895.*

## *Tekste om te Onthou*

Romeine 3:31
Galásiërs 5:22, 23
Hebreërs 11:3, 6

## *Definieer of Identifiseer*

Glo
Geloof
Aanmatiging
Transaksie
Werke

# LES 25 – REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF

*Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. 1 Korinthiërs 1:30.*

**Die wet vereis geregtigheid – ‘n lewe van geregtigheid, ‘n volmaakte karakter; daaroor beskik die mens nie. Hy kan nie voldoen aan die vereistes van die heilige wet van God nie. Maar Christus het, as mens, na die aarde gekom, ‘n heilige lewe gelei en ‘n volmaakte karakter ontwikkel. Dit bied Hy nou as ‘n vrye gawe aan almal wat dit wil ontvang. Sy lewe dien vir die lewe van die mens. So ontvang hulle vergifnis van sondes vir die verlede, deur die lankmoedigheid van God. Hy bou die menslike karakter op na die gelykenis van die Goddelike karakter, ‘n deugsame struktuur van geestelike krag en skoonheid.** – *Koning van die Eeue, 762:2.*

1. **Waarmee word die geregtighede van die mens vergelyk?** Jesaja 64:6.

2. **Wat is die doeltreffendste manier om te “breek met u sondes”?** Daniël 4:27.

3. **Waar of wat is die bron van geregtigheid van “die knegte van die Here”?**
Jesaja 54:17, laaste gedeelte; Jeremia 23:5, 6.

4. **Waarmee vergelyk Jesaja geregtigheid?** Jesaja 61:10.

5. **Wat word in die Bybel gebruik om die regverdige dade van die heiliges voor te stel?**
Openbaring 19:7, 8.

6. **Hoe word geregtigheid gedefinieer?**

Geregtigheid is om te doen wat reg is, en dit is deur hulle dade dat almal geoordeel sal word. Ons karakters word geopenbaar deur wat ons doen. Die werke toon aan of die geloof opreg is. … Wat ons belydenis ook mag wees, dit is van nul en gener waarde tensy Christus in werke van geregtigheid geopenbaar word nie. – *Die Gelykenisse van Christus, 312:2; 313:0.*

7. **Wat beteken dit om met die kleed van Sy geregtigheid beklee te wees?**
Romeine 13:14; Kolossense 3:5-17.

Deur Sy volmaakte gehoorsaamheid het Hy dit vir elke mens moontlik gemaak om Gods gebooie te gehoorsaam. Wanneer ons ons aan Christus onderwerp, is die hart met Sy hart verenig, die wil met Sy wil saamgesmelt, dan word die gesindheid een met Sy gesindheid en die gedagtes word deur Hom gevange geneem; dan leef ons Sy lewe. Dit is wat dit beteken om met die kleed van Sy geregtigheid geklee te wees. – *Die Gelykenisse van Christus, 312:0.*

**REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF**

***Voorwaardes***

*a.* Onderwerp ons aan Christus.
*b.* Ons harte met Sy hart verenig.
*c.* Ons wil met Sy wil saamgesmelt.
*d.* Ons gesindheid een met Sy gesindheid.
*e.* Ons gedagtes deur Hom gevange geneem.

***Gevolge***

Ons leef Sy lewe.
Ons is beklee met Sy geregtigheid.

*(Sien Gelykenisse van Christus, 312:0, en Koning van die Eeue, 668:3.)*

**8. Deur Christus se volmaakte gehoorsaamheid, is dit vir ons moontlik om God se gebooie te gehoorsaam.** Filippense 4:13.

**9. Abraham en geregtigheid.** Romeine 4.

a. "Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken." Romeine 4:3.
b. Sy geloof is "tot geregtigheid gereken." Vers 5.
c. Sou "erfgenaam van die wêreld … wees" "deur die geregtigheid van die geloof." Vers 13.
d. "Is versterk deur die geloof" en dit is hom "tot geregtigheid gereken." Verse 20-22.

**10. Waarin word "die geregtigheid van God" geopenbaar?** Romeine 1:16-17.

Die geregtigheid van God word in die evangelie geopenbaar, "uit geloof tot geloof."
a. Regverdigmaking deur die geloof. Romeine 3:24-26.
b. Heiligmaking deur die geloof. Romeine 5:8-10
.

**11. Hoe word "die geregtigheid van God" verkry?** Romeine 3:22.

**Geregtigheid is liefde, en liefde is die lig en die lewe van God. Die geregtigheid van God is in Christus beliggaam. Ons ontvang die geregtigheid deur Hom te ontvang.** … Nie deur pynlike worsteling of moeisame arbeid of deur offergawes kan geregtigheid verkry word nie, maar dit word vrylik aan elke siel gegee wat daarna honger en dors. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 18:1,2.*

Die gedagte dat die geregtigheid van Christus vir ons toegereken word, nie as gevolg van enige verdienste van ons kant nie, maar as 'n vrye gawe van God, is 'n kosbare gedagte. Die vyand van God en die mens is nie gewillig dat die waarheid duidelik oorgedra moet word nie; want hy weet dat as die mense dit ten volle ontvang, sal sy krag verpletter wees. – *Gospel Workers, 161:1.*

**12. Wat is sommige van die eienskappe van geregtigheid?**

a. "Bestaan tot in ewigheid." Psalm 111:3.
b. "Tot in ewigheid." Psalm 119:142.
c. "Lei tot die lewe." Spreuke 11:19.
d. "Verhoog 'n volk." Spreuke 14:34.
e. "Die werking van die geregtigheid sal vrede wees." Jesaja 32:17.

f. “Die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid.” Jesaja 32:17.

**13. Wat het Jesus geword “sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom”?** 2 Korinthiërs 5:21.

**14. Waardeur word ons gered, indien nie deur ons werke van geregtigheid nie?** Efésiërs 2:8-10; Titus 3:5.
**15. Aangesien die einde van alle aardse dinge spoedig nader, wat spoor die profeet Sefánja elke persoon aan om te soek?** Sefánja 2:1-3.

Wanneer ons met die geregtigheid van Christus beklee is, sal ons geen behae in die sonde hê nie: want Christus sal met ons werk. Ons mag foute begaan, maar ons sal die sonde haat wat die lyding van die Seun van God veroorsaak het. – E. G. White, Review and Herald, Maart 18, 1890.

**16. Die formule vir verlossing:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Regverdigheid Van Christus** | **toegereken** | **Regverdig die Sondaar** | **Ons Titel (Aanspraak) op die hemel** |
| | **Toebedeel** | **Heiligmaking van Sondaar** | **Ons geskiktheid vir die hemel** |

**Die geregtigheid waardeur ons *geregverdig* word, is *toegereken*; die geregtigheid waardeur ons *geheilig* word, is *toebedeel*. Die eerste is ons *aanspraak op die hemel*, die tweede is ons *geskiktheid vir die hemel*.**
*– E. G. White, Review and Herald, Junie 4, 1895.*

***Jesus wil ons graag die kleed van Sy geregtigheid gee om daarmee ons onaantreklike, sondige nature te bedek.*** Dis enigste aanvaarbare kleed vir die groot bruilofsmaaltyd in die hemel.

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Wanneer God die sondaar vergewe, die straf wat hy verdien, kwytskeld, en hom behandel asof hy nie gesondig het nie, ontvang Hy hom in Gods guns en regverdig hom deur die verdienste van Christus se regverdigheid. *– E. G. White, Signs of the Times, Maart 6, 1893*.

2. Die Here reken die geregtigheid van Christus aan die sondaar toe en verklaar hom voor die heelal regverdig. Hy dra die sonde oor op Jesus, die sondaar se verteenwoordiger, plaasvervanger en borg. *– E. G. White, Signs of the Times, Maart 13, 1893.*

3. Die kosbare, vlekkelose kleed, wat in die hemel geweef is, is voorsien vir die berouvolle, gelowige sondaar. *– E. G. White, Signs of the Times, Maart 13, 1893.*
4. Nadat Hy ons regverdig gemaak het deur die toegerekende geregtigheid van Christus, verklaar God ons geregverdig, en Hy behandel ons dienooreenkomstig. *– E. G. White, Signs of the Times, Maart 13, 1893.*

5. Genade is onverdiende guns, en die gelowige is geregverdig sonder enige verdienste van sy eie, sonder enige aanspraak wat hy aan God kan bied. Hy is geregverdig deur die verlossing in Jesus Christus, wat in die hemelse howe staan as die sondaar se plaasvervanger en borg. – *E. G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1893.*

## *Tekste om te Onthou*

Sefánja 2:1-3
1 Korinthiërs 1:30
Romeine 1:16, 17
2 Korinthiers 5:21

## *Definieer of Identifiseer*

Wettiese godsdiens
Toebedeel
Geregtigheid
Toereken
Onderwerping

# LES 26 – HEILIGMAKING

*Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid. Johannes 17:17.*

**Die lewe van die apostel Johannes is 'n voorbeeld van ware heiligmaking. Gedurende die jare toe hy in noue omgang met Christus geleef het, het die Heiland hom dikwels gewaarsku en vermaan, en hy het die bestraffinge aanvaar. Terwyl die karakter van die Godheid aan hom geopenbaar is, het Johannes sy eie gebreke gewaar, en die openbaring het hom nederig gemaak. Dag na dag het hy die tederheid en die lankmoedigheid van Jesus in teenstelling met sy eie onstuimige gees aanskou en Sy lesse van nederigheid en geduld aangehoor. Dag na dag is sy hart meer en meer tot Christus aangetrek totdat hy homself geheel en al in sy liefde vir sy Meester vergeet het. Die krag en die tederheid, die majesteit en die sagmoedigheid, die krag en die geduld wat hy in die daaglikse lewe van die Seun van God aanskou het, het sy siel met bewondering vervul. Hy het sy liggeraakte, eersugtige humeur aan die vormende krag van Christus oorgegee, en die Goddelike liefde het in hom 'n verandering van sy karakter bewerkstellig.** *– Handelinge van die Apostels, 557:1.*

## *God se Standaard vir Ons*

**1. Wat is "heiligmaking"?**

Handeling van heilig te maak; heiliging, geestelike reiniging. Totstandkoming van 'n nuwe lewe in die mens wie se sonde vergewe is, deur God as 'n heilsweldaad en uit genade bewerk. *HAT.*

**Ware heiligmaking beteken volmaakte liefde, volmaakte gehoorsaamheid, volmaakte ooreenstemming met die wil van God**. *– Handelinge van die Apostels, 565:1.*

**Heiligheid is heelhartigheid vir God; dit is die volkome oorgawe van hart en lewe aan die inwoning van die hemelse beginsels.** *– Koning van die Eeue, 556:0.*

**2. Watter hoë standaard wil God hê Sy kinders moet bereik?** Matthéüs 5:48;
1 Petrus 1:15, 16.

**3. Wat is Gods wil vir ons?** 1 Thessalonicense 4:3-8.

**4. Hoe volledig is die werk van heiligmaking veronderstel om te wees?**
1 Thessalonicense 5:22, 33.

## *Middele tot Heiligmaking*

**5. Let op hoe heiligmaking afhanklik is van Jesus en Sy offerdood:**

a. "Deur die geloof … 'n erfdeel onder die geheiligdes … ontvang." Handelinge 20:32; 26:18.
b. "Christus (het) vir ons geword … heiligmaking." 1 Korinthiërs 1:30.

c. “Geheilig … in die Naam van die Here Jesus.” 1 Korinthiërs 6:11.
d. Christus is “Hy wat heilig maak.” Hebreërs 2:11.
e. “Ons (is) geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus.” Hebreërs 10:10.
f. “Om die volk deur Sy eie bloed te heilig.” Hebreërs 13:12.

**6. Om watter rede het Jesus Homself geheilig?** Johannes 17:19.

**7. Watter rol speel die Woord van God in die werk van heiligmaking?**
Johannes 17:17; (Vergelyk 1 Thessalonicense 2:13, laaste gedeelte, en 1 Petrus 1:22.)




God verwag van ons om groeiende Christene te wees wat voorwaarts en opwaarts na Sy koninkryk vorder.

**8. Het God die Vader enigiets te doen met heiligmaking?** Judas 1.

## *Ons Rol in Heiligmaking*

**9. Hoe vrugbaar sal die mens se pogings wees om homself te heilig?** Jesaja 66:17.

**10. In die werk van heiligmaking, wat moet ons in samewerking met God doen?** Filippense 2:12, 13; 1 Johannes 3:3.

**11. Wat staan ons te doen met die bose neigings van ons natuur?**

***Die aanwysings wat deur die Woord van God bepaal word, laat geen ruimte vir 'n ooreenkoms met boosheid nie. … Sy [Christus se] kinders moet volg waar Hy gelei het al beteken dit ook watter opoffering van gemak of selfsugtige toegewings, al kos dit ook watter arbeid of lyding, hulle moet voortdurend teen die self stry. –*** *Handelinge van die Apostels, 565:3.*

**12. Stem die teorie van "eens gered, altyd gered" ooreen met die Skrifte, of is dit moontlik om van die genade te verval?** 1 Korinthiërs 9:27; 10:12; 1 Johannes 2:1.

Laat die engele met die pen die verhaal van die heilige worstelinge en stryd van die volk van God te boek stel; laat hulle hulle gebede en hulle trane opteken, maar laat God nie onteer word deur 'n verklaring van menselippe: "Ek is sondeloos; ek is heilig" nie. Geheiligde lippe sal nooit sulke aanmatigende woorde spreek nie. *– Handelinge van die Apostels, 561:3.*

**13. Op wie moet ons staatmaak vir die werk van heiligmaking in ons harte?**
Filippense 1:6; Hebreërs 12:2.

**14. Let op die volgende pragtige beskrywing van die werk van heiligmaking:**

Heiligmaking is nie die werk van 'n oomblik, 'n uur, of 'n dag nie, maar van 'n leeftyd. *Dit word nie verkry deur 'n gevoel van geluk nie; dit is die gevolg van voortdurend vir die sonde te sterf en voortdurend vir Christus te leef.* Verkeerde dinge kan nie reggestel of veranderinge in die karakter bewerkstellig word deur af en toe floue pogings aan te wend nie. Dit is alleen deur langdurige, volhardende inspanning, streng selfbeheersing en ernstige stryd dat ons sal oorwin. Ons weet nie een dag hoe sterk ons stryd die volgende dag sal wees nie. Solank die Satan regeer, sal ons die self moet onderdruk, en lieflingsondes moet oorwin; solank ons leef, sal daar geen plek wees waar ons kan stilstaan nie, geen punt waar ons sal kan sê: Ek het dit ten volle verkry, nie. Heiligmaking is die gevolg van lewenslange gehoorsaamheid. *– Handelinge van die Apostels, 560:3.*

***Moenie Vergeet Nie***

1. Maar Christus het, as mens, na die aarde gekom, 'n heilige lewe gelei en 'n volmaakte karakter ontwikkel. Dit bied Hy nou as 'n vrye gawe aan almal wat dit wil ontvang. Sy lewe dien vir die lewe van die mens. So ontvang hulle vergifnis van sondes vir die verlede, deur die lankmoedigheid van God. Meer nog, Christus vervul ons met die hoedanighede van God. Hy bou die menslike karakter op na die gelykenis van die Goddelike karakter, 'n deugsame struktuur van geestelike krag en skoonheid. So word juis die geregtigheid van die wet vervul in die een wat in Christus glo. *– Koning van die Eeue, 762:2.*

2. Die lewe van Christus in u lewer dieselfde vrugte as in Hom. Deur in Christus te lewe, aan Christus vas te hou, deur Christus ondersteun en deur Christus gevoed te word, dra u vrugte na die beeld van Christus. – *Koning van die Eeue, 677:1.*

3. Om God bo alles lief te hê en ons naaste soos onsself is ware heiligmaking. - *E. G. White, Signs of the Times, Feb. 24, 1890.*

4. Diegene wat liewer sou sterf as om 'n verkeerde daad te doen, is die enigstes wat getrou bevind sal word. *– Testimonies, vol. 5, 53:2.*

5. As Christus in die hart woon, word die hele karakter verander. Die Gees van Christus en Sy liefde versag die hart, bring die siel tot bedaring en trek die gedagtes en verlangens tot God in die hemel. – *Skrede na Christus, 73:1.*

***Tekste om te Onthou***

Matthéüs 5:48
Filippense 1:6
Johannes 17:17
1 Thessalonicense 5:23

## *Definieer of Identifiseer*

Heiligheid
Om heilig te maak

# LES 27 – CHRISTELIKE GROEI

*Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. 2 Petrus 3:18.*

***Skrede na Christus 67:1 – 75:2.***

**Soos in die natuur, so ook met genade; sonder groei kan daar geen lewe wees nie. Die plant moet of groei of doodgaan. Net soos dit stil en onsigbaar, dog voortdurend groei, so is die ontwikkeling van die Christelike lewe. In elke stadium van sy ontwikkeling kan ons lewe volmaak wees; maar as Gods doel met ons verwesenlik word, sal daar voortdurende vordering wees. Heiligwording is die werk van 'n leeftyd. Namate ons geleenthede toeneem, sal ons ondervinding en ons kennis toeneem. Ons sal sterk word om verantwoordelikhede te kan dra, en ons volwassenheid sal met ons voorregte ooreenstem.** *– Die Gelykenisse van Christus, 65:2.*

## *Vereistes vir Groei*

**1. Watter verandering moet ons ondervind voordat ons kinders van God kan word?**
Johannes 3:3.

Die verandering van hart waardeur ons kinders van God word, word in die Bybel wedergeboorte genoem. Tensy die mens uit God gebore is, kan hy nie die lewe van Christus deelagtig word nie. *– Skrede na Christus, 67:1, 2.*

**2. Wat word ons aangemoedig om te doen nadat ons kinders van God geword het?**
2 Petrus 3:18.

**3. Hoe mag hierdie genade en vrede in die Christen vermeerder word?** 2 Petrus 1:2.

**4. Let op watter eienskappe ons by geloof moet voeg in die bou van ons karakters.**
2 Petrus 1:5-7.

Christus, wat die hemel met die aarde verbind, is die leer. Die voetenent daarvan staan op die aarde vasgeplant in Sy menslikheid; die boonste sport bereik die troon van God in Sy Goddelikheid. Deur Sy mensheid het Christus die gevalle mensdom omarm, deur Sy Godheid was Hy met die troon van God verbind. Ons word gered deur van die een sport na die volgende te klim, ons oë op Christus, ons hand in Sy hand, soos ons stap vir stap klim tot op die hoogte van Christus, sodat Hy vir ons wysheid en geregtigheid en heiligmaking en verlossing word. Geloof, deug, kennis, selfbeheersing, lydsaamheid, godsvrug, broederliefde, en naasteliefde is die sporte van hierdie leer. Al hierdie eienskappe moet in die Christelike karakter aan die dag gelê word. – *Testimonies, vol. 6, 147:2.*

## *Hoe om te Groei*


**5. Wat het Jesus ons genooi om te eet?** Johannes 6:47-51.

**6. Indien ons hierdie uitnodiging aanvaar, wat sal ons hê, en wat het God belowe om op die laaste dag vir ons te doen?** Johannes 6:53; 1 Johannes 5:11, 12.

**7. Hoe mag ons Christus "eet"?** Johannes 6:63.

**8. Waarvan, het Christus gesê, moet die mens leef?** Matthéüs 4:4.

**9. Wat, het Jesus gesê, was sy voedsel?** Johannes 4:34.




**10. Soos die inaseming van lug noodsaaklik is vir die fisieke lewe, net so is gebed en gemeenskap met God noodsaaklik vir die geestelike lewe.** Gebed was vir hom [Henog] soos die asem van die siel; hy het in die atmosfeer van die hemel self geleef. – *Patriarge en Profete, 85:4*

**11. Hoekom is gebed so noodsaaklik vir die Christen se groei?** Lukas 11:9-13.

**12. Gee redes vir ons Heiland se varsheid en krag soos wat Hy met elke dag se take begin het.** Lukas 6:12; 9:28, 29.

Sy aanhoudende werk en Sy stryd teen die vyand en die valse leer van die rabbi's het Hom dikwels so moeg gelaat dat Sy moeder en Sy broers, en selfs ook die dissipels, gevrees het dat Hy met Sy lewe sou boet. Maar wanneer Hy teruggekeer het van die ure van gebed waarmee Hy die arbeidsame dag afgesluit het, kon hulle die uitdrukking van vrede op Sy gesig en die frishheid van die lewe en die krag gewaar wat Sy hele wese skynbaar deurweek het. Elke oggend, nadat Hy ure alleen met God deurgebring het, het Hy uitgegaan om die lig van die hemel aan die mense te bring. – *Die Helende Hand, 55:2.*\

**13. Wat het God in Sy wysheid voorsien vir die mens se geestelike oefening?**
Romeine 6:13; 1 Korinthiërs 9:16-18.

**14. Hoe het Jakobus dieselfde waarheid benadruk?** Jakobus 2:20-26.

Jy het sedelike krag en die ware voeding van God se genade nodig. Niks sal jou vroomheid so versterk soos om te werk vir die bevordering, pleks van die vertraging, van die saak wat jy liefhet. Daar is slegs een ware geneesmiddel vir geestelike luiheid, en dit is werk – om te werk vir siele wat jou hulp nodig het. – *Testimonies, vol. 4, 236:0.*

**15. Wat is die seker gevolg van verwaarlosing van die regte geestelike oefening?**
Matthéüs 25:41-46.

**16. In die Nuwe Testament gebruik die Here Jesus vyf keer die een woord wat in die Afrikaanse 1933 Vertaling as "Hou goeie moed" vertaal word. Wat is die redes om goeie moed te hou?**

a. Sy vergifnis. Matthéüs 9:2.
b. Sy krag. Matthéüs 14:27.
c. Sy teenwoordigheid. Markus 6:50.
d. Sy vrede. Johannes 16:33.
e. Sy belofte. Handelinge 23:11.

En hierdie einste seëninge is nodig vir ons om goeie moed te hou en om innerlike vrede te ervaar, 'n vrede wat minsaam en ewig is, net soos die Gewer daarvan.

***Soos die liggaam voedsel, oefening en water nodig het, so het ons geestelike lewe sorg nodig.***

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Terwyl die oë van die regverdiges op die kosbare hemelse skat gevestig is, sal hulle meer en meer soos Christus word, en dus word hulle verander en toegerus om na die hemel opgeneem te word. - *Testimonies, vol. 1, 353:2.*

2. Johannes en sy mede-dissipels was in 'n skool waar Christus die leermeester was. Diegene wat bereid was om uit hulle foute te leer, en gretig was dat hulle karakter moet verbeter, het volop geleentheid gehad. Johannes het elke les op prys gestel, en sy groei in die deugde van sagmoedigheid, nederigheid, en liefde was merkwaardig. – *E. G. White, Signs of the Times, Okt. 16, 1884.*

3. Deur 'n kennis van Christus – Sy woorde, Sy gewoontes, en Sy lesse van onderrig – leen ons instinktief die deugde van die karakter wat ons so noukeurig bestudeer het, en ons word besiel met die gees wat ons so bewonder het. - *E. G. White, Signs of the Times, Okt. 30, 1884.*

4. Die persoon wat werklik in 'n worstelstryd vir oorwinning verkeer, het 'n opregte, lewende geloof, wat deur die Heilige Gees in sy hart ingeplant is, en dit maak die grootste verskil in die wêreld aan sy lewe en woorde en dade. Hy het 'n oogmerk in die lewe, 'n lewensdoel, wat die karakter vorm. – *E. G. White, Signs of the Times, Okt. 12, 1891.*

5. Karakter word deur omstandighede geopenbaar. Onvoorsiene omstandighede bring die egte goud in die karakter na vore. – *E. G. White, Review and Herald, Sept. 17, 1895.*

6. God bring die mens keer op keer oor die pad, met toenemende druk, totdat volmaakte nederigheid en 'n verandering in die karakter hulle in ooreenstemming met Christus en die gees van die hemel bring, en hulle oorwinnaars oor die eie-ek is. – *Testimonies, vol. 4, 86:2.*

7. Dit neem tyd om die menslike in die Goddelike te verander, of om diegene wat in die beeld van God geskape is, te verlaag na dit wat onmenslik en satanies is. – *Testimonies, vol. 2, 478:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Johannes 3:3
Johannes 6:63
2 Petrus 1:5-7
2 Petrus 3:18

## *Definieer of Identifiseer*

"Melk van die Woord"
Vordering
Geestelike voedsel

# LES 28 – GEBED

*En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. Johannes 14:13.*

***Om met God gemeenskap te hou, moet ons iets hê om aan Hom te sê aangaande ons eie lewe.***

**Gebed is die uitstorting van ons hart tot God soos tot 'n vriend. Nie dat dit nodig is om aan God bekend te maak wat ons is nie, maar dit is om ons in staat te stel om Hom aan te neem. Gebed bring God nie tot ons af nie, maar dit neem ons op tot Hom. Toe Jesus op aarde was, het Hy Sy dissipels geleer hoe om te bid. Hy het hulle geleer om hulle daaglikse behoeftes aan God bekend te maak, en al hulle sorge op Hom te werp. En die versekering wat Hy aan hulle gegee het dat hulle gebede verhoor sou word, is ook 'n versekering aan ons.** – *Skrede na Christus, 93:2.*

**Gebed verenig ons met mekaar en met God. Gebed bring Jesus na ons sy, en gee aan die wankelmoedige, verwarde siel nuwe krag om die wêreld, die vlees en die duiwel te oorwin. Gebed weer die aanvalle van die Satan af.** – *Die Gelykenisse van Christus, 250:2.*

## *Wat Gebed Is*

**1. Wat, het Jesus gesê, moet die mens altyd doen?** Lukas 18:1.

**2. Gebed is:**

a. Die uitstorting van ons hart tot God soos tot 'n vriend. – *Skrede na Christus, 93:2.*

b. Die asem van die siel. – *Gospel Workers, 254:4.*

c. Gebed (is) die sleutel in die hand van die gelowige wat die skatkamers van die hemel oopsluit, waar die onbeperkte rykdom van die Almagtige gebêre is. – *Skrede na Christus, 94:2.*

## *Hoe om Antwoorde op Gebed te Verkry*

**3. Wat het Jakobus gesê aangaande die doeltreffendheid van gebed?** Jakobus 5:16.
Let wel – dit is die gebed van 'n regverdige mens.

**4. Wat moet ons doen voordat ons die volle seën van God kan ontvang?** Matthéüs 7:7, 8; 21:22; 1 Johannes 5:14, 15.

**5. Hoe ernstig moet ons God soek?** Jeremia 29:13.

**6. Tot wie moet ons gebede gerig wees?** Matthéüs 6:6.

**7. In wie se naam moet ons bid?** Johannes 15:16; 16:26, 27.

Maar om in die naam van Jesus te bid, beteken meer as om slegs daardie naam te noem aan die begin en einde van die gebed. Dit beteken om met die gesindheid en gees van Jesus te bid, terwyl ons Sy beloftes aanneem, op Sy genade steun, en Sy werke doen. – *Skrede na Christus, 100:2.*
Maar om in die Naam van Christus te bid, behels baie. Dit beteken dat ons Sy karakter moet aanneem, Sy gees aan die dag moet lê en Sy werke moet doen. – *Koning van die Eeue, 668:2.*

**8. Onwrikbare geloof is noodsaaklik vir ons gebede om beantwoord te word. Bestudeer die volgende tekste sorgvuldig:** Markus 11:24; Hebreërs 11:6; Jakobus 1:5-7.

**9. Noem twee ander voorwaardes vir die beantwoording van gebed.** Markus 11:25, 26;
1 Johannes 3:21, 22.

***Gebed plaas ons in verbinding met die krag van die hemel sodat ons die oorwinning oor sonde kan behaal.***

## *Gebede Wat God Sal Verhoor*

**10. Wie se gebed sal God nie verhoor nie?** Psalm 66:18; Spreuke 28:9; Jakobus 4:1-3.

As ons vasklem aan iets wat ons weet wat sonde is, sal die Here ons nie verhoor nie. – *Skrede na Christus, 95:3.*

**11. Watter gebed sal altyd verhoor word?**
Vra ons om aardse seëninge, kan die antwoord op ons gebed vertraag word, of kan God ons iets anders gee as waarvoor ons vra, maar nie as ons om verlossing van die sonde bid nie. Dit is Sy wil om ons van die sonde te reining, om ons Sy kinders te maak en om ons in staat te stel om ‘n heilige lewe te lei. – *Koning van die Eeue, 266.2.*

**12. In watter gelykenis het Christus die gees van ‘n opregte smekeling geïllustreer?**
Lukas 18:9-14.
Die tollenaar se gebed is verhoor omdat dit ‘n vertoning was van afhanklikheid wat uitstrek om die Almag aan te gryp. Vir die tollenaar was die self niks as skande nie. So moet almal wat na God soek dit sien. Deur geloof – geloof wat alle selfvertroue verwerp – moet die behoeftige smekeling die oneindige krag aangryp. – *Die Gelykenisse van Christus, 159:2*.

**13. Wat is die beste plek waar die Christen hulp kan vind?** Matthéüs 6:5, 6.
Ons behoort by die huisaltaar te bid, en ons moet veral nie die gebed in die binnekamer verwaarloos nie, want dit is die lewe van die siel. … Huislike of openbare gebed alleen is nie voldoende nie. – *Skrede na Christus, 98:2*.
Die duisternis van die Bose bedek diegene wat nalaat om te bid. Die influistering van die vyand verlei hulle tot sonde; en dit alleen omdat hulle nie gebruik maak van die voorregte wat God hulle deur gebed wil skenk nie. Waarom moet die seuns en dogters van God traag wees om te bid, wanneer gebed die sleutel is wat die skatkamers van die hemel oopsluit, waar die onbeperkte rykdom van die Almagtige gebêre is? – *Skrede na Christus, 94:2.*

**14. Watter versekering het Jesus gegee dat ons gebede beantwoord sal word?** Matthéüs 7:7-11.

**15. Hoeveel keer per dag het Dawid en Daniël gebid?** Psalm 55:17; Daniël 6:10.

**16. Wat vermaan Paulus ons om te doen?** 1 Thessalonicense 5:17.

## *Gebed*

Christus beveel, "Bid sonder ophou;" dit wil sê, hou die verstand opgehef tot God, die Bron van alle krag en bekwaamheid." – *Testimonies to Ministers, 511:0.*

## *Die Onse Vader*

**17. Watter versoek van Jesus se dissipels is 'n verwoording van ons begeerte in ons tyd?** Lukas 11:1.

**18. Bestudeer DIE ONSE VADER (Matthéüs 6:9-13; Lukas 11:2-4) onder die volgende opskrifte:**

a. Aan wie is die gebed gerig?
b. Lof en eer gegee.
c. Versoeke.
d. Slot.

## *Moenie Vergeet Nie*

1. Die Heilige Gees gee vorm aan alle opregte gebede. Sy voorsprake is in ooreenstemming met die wil van God, nooit daarteen nie. – *E. G. White, Signs of the Times, Okt. 3, 1892.*

2. Nou is die tyd vir ernstige worsteling met God. Ons stemme moet een word met die van ons Heiland in daardie wonderlike gebed: "Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde." [Matthéüs 6:10.] - *E. G. White, Review and Herald, Julie 23, 1895.*

3. God neig Hom vanaf Sy troon om die geroep van die verdrukte te verhoor. Elke opregte gebed beantwoord Hy met: "Hier is Ek." – *Koning van die Eeue, 356:3.*

4. In ons daaglikse lewens, ons besigheidstransaksies, en wanneer ons onverwagte moeilikhede teekom, mag ons ons stille gebede na die God van die hemel opstuur, en hulp ontvang. – *E. G. White, Signs of the Times, Mei 29, 1884*.

5. Die pad van opregtheid en onkreukbaarheid is nie sonder struikelblokke nie, maar elke nood moet ons aansien as 'n uitnodiging tot gebed. – *Koning van die Eeue, 667:4.*

6. Hy [die mens] hoort die Skrifte op sy knieë te deursoek; oggend-, middag-, en aandgebede hoort vanaf die geheime plek op te gaan , en 'n volhardende gebed hoort uit sy hart op te gaan dat God hom in alle waarheid sal lei. – *E. G. White, Signs of the Times, Julie 17, 1884.*

7. God beantwoord nie altyd ons gebede wanneer ons die eerste keer tot Hom roep nie; want, sou Hy dit doen, mag ons as vanselfsprekend aanneem dat ons 'n reg het op al die seëninge en gunste wat Hy op ons uitstort. – *E. G. White, Review and Herald, Junie 9, 1891.*

8. As ons al die verkeerde dinge waarvan ons bewus is, reggemaak het, mag ons glo dat God ons gebede sal verhoor. – *E. G. White, Signs of the Times, Aug. 21, 1884.*

# LES 29 – "DIE GEREGTIGHEID VAN GOD" OPSOMMING VAN EENHEID 4

*Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus. Romeine 5:1.*

**In Sy beloftes en waarskuwings, bedoel Jesus ek. … Die ondervindinge waarvan in die Woord van God vertel word, moet my ondervindinge word. Bede en belofte, voorskrif en vermaning, is myne.** – *Koning van die Eeue, 390:5.*

## *Geloof*

1. Wys op die verskille tussen geloof en gevoel.
2. Hoe kom God se genade na die siel?
3. Gebruik die materiaal in hierdie les om in jou eie woorde 'n goeie definisie vir geloof te formuleer.
4. Verduidelik die verskil tussen geloof en oortuiging (dit wat jy glo)?
5. Wat is die verhouding tussen geloof en werke?
6. Som die belangrikheid van geloof in die lewe van 'n Christen op.

## *Geregtigheid deur die Geloof*

1. Wat vereis die wet van die mens?
2. Hoe alleenlik kan ons aan hierdie vereistes voldoen?
3. Definieer geregtigheid.
4. Hoe het God dit moontlik gemaak vir elke mens om Sy gebooie te gehoorsaam?
5. Wys op ses kenmerke van geregtigheid.
6. Wys op die verskil tussen toegerekende en toebedeelde geregtigheid.

## *Heiligmaking*

1. Verduidelik hoekom ons 'n goeie begrip moet hê van die Bybelse leer aangaande heiligmaking.
2. Wys op twee Bybelse karakters na wie daar in hierdie les verwys word wie se lewens 'n voorbeeld van ware heiligmaking is.
3. Noem vier werktuie van heiligmaking.
4. Watter rol speel die mens in die verkryging van heiligmaking?

## *Christelike Groei*

1. Waarmee word die ontwikkeling van die Christelike lewe vergelyk?
2. Wat moet eers in ons plaasvind voordat ons 'n deelgenoot van Christus se lewe kan wees?
3. Wat is die vereistes vir geestelike groei?
4. In die bou van karakter, watter eienskappe moet ons by ons geloof voeg?
5. Wat is die Christen se geestelike oefening?


## *Gebed*

1. Noem drie voorwaardes vir die beantwoording van gebed.
2. Memoriseer drie goeie definisies van gebed en wat dit in die lewe van die Christen beteken.
3. Watter gebed sal God altyd beantwoord?
4. Wat bedek diegene wat nalaat om te bid?
5. Is dit moontlik vir God om sommige van ons gebede te beantwoord deur 'Nee" te sê? Gee redes vir jou antwoord.

# EENHEID 5 – DIE MENS SE PLIG TEENOOR GOD

**God se wil soos dit betrekking het op sedelike gedrag word bevat in Sy wet van Tien Gebooie. Hierdie is groot sedelike, onveranderlike voorskrifte, bindend op alle mense in elke eeu. Exodus 20:1-17.**

“Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand.” Lukas 10:27.



# LES 30 – OORSPRONG EN DOEL VAN GOD SE WET

*Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde. Romeine 3:20.*

**Die Allerheiligste plek van die hemelse heiligdom is die bêreplek van die goddelike wet – die wet deur God self afgekondig te midde van die donders op Sinai, en wat Hy met Sy eie vinger op die kliptafels geskryf het. … Die wet van God in die hemelse heiligdom is die groot oorspronklike waarvan die gebooie op die kliptafels, soos deur Moses in die Pentateug geskryf is, 'n getroue afskrif was.** *– Die Groot Stryd, 434:0, 1.*

## *Die Geskrewe Oorsprong en Behoud van God se wet*

1. **Deur wie is die wet van God op Sinai gegee?** Exodus 20:1, 2; Deuteronómium 5:22; Jakobus 4:12.

2. **Het God die Vader of God die Seun die wet gegee?** Nehemía 9:12, 13.

Christus het self die sedewet en seremoniële wette afgekondig. Hy het nie gekom om vertroue in Sy eie voorskrifte te ondergraaf nie. *– Koning van die Eeue, 307:2.*

Toe die wet bekend gemaak is, het die Here aan die sy van Sy Seun gestaan, omhul in die vuur en die rook op die berg. Dit was nie hier waar die wet aanvanklik gegee is nie; maar dit was afgekondig, sodat die kinders van Israel, wie se idees verward geraak het in hulle omgang met afgodedienaars in Egipte, herinner kon word aan die terme daarvan, en verstaan wat ware aanbidding van Jehova behels. Watter minsaamheid was dit, dat die oneindige God sy aan sy by Sy Seun staan, terwyl die wet, die grondslag van Sy regering, gegee was. Hy sou 'n intelligente kennis van Sy wil aan Sy volk meedeel. *– E. G. White, Signs of the Times, Okt. 15, 1896.*

3. **Waarop is die Goddelike voorskrifte geskryf?** Deuteronómium 9:10, 11.

4. **Toe Moses teruggekeer het na die voet van die berg, en op Israel afgekom het waar hulle die goue kalf aanbid, wat het hy gedoen met die kliptafels waarop God se wet geskryf was?** Deuteronómium 9:17.

Om sy afsku aan hulle misdaad te betoon, het hy die kliptafels neergegooi, en hulle is voor die oë van die hele volk verbreek. Dit was 'n aanduiding dat God Sy verbond met hulle verbreek het net soos hulle hulle verbond met Hom verbreek het. *– Patriarge en Profete, 320:1.*

5. **Watter instruksies is toe aan Moses gegee, en wat het God weer gedoen?** Deuteronómium 10:1-4.

6. **Waar, of waarin, was hierdie kliptafels vir baie eeue gebêre?** Deuteronómium 10:5; 1 Konings 8:5-9.

7. **Waar is die ark en die kliptafels wat die wet bevat tans?**

Onder die regverdiges wat nog in Jerusalem was, aan wie die Goddelike plan duidelik gemaak was, was sommige wat besluit het om die heilige ark wat die kliptafels bevat het waarop die voorskrifte van die Dekaloog geskryf was, te plaas waar wrede hande dit nie kon bykom nie. Dit het hulle ook gedoen. Met droefheid en hartseer het hulle die ark in 'n grot versteek, waar dit vir die mense van Israel en Juda verberg sou wees as gevolg van hulle sonde, en hulle sou dit nie weer terugkry nie. Daardie heilige ark is steeds versteek. Dit is nooit versteur vandat dit weggesteek is nie. – *Prophets and Kings, 453:2.*

***Toe Moses sien dat die volk die kalf aanbid, het hy die kliptafels neergegooi.***



*Die Doel van God se Wet*

**8. Waarmee word die wet vergelyk? Wat openbaar dit?** Jakobus 1:22-25.

**9. Wat is die doel van Gods wet?** Matthéüs 19:17; Romeine 3:20; 7:10.

God het ons Sy heilige voorskrifte gegee omdat Hy die mens liefhet. Hy openbaar die beginsels van geregtigheid om ons te beskerm teen die gevolge van oortreding. Die wet is 'n uitdrukking van die gedagte van God; en word dit in Christus ontvang, word dit ons gedagte. Dit verhef ons bo die mag van natuurlike begeertes en neigings, bo die versoekings wat tot die sonde lei. .. God (het) die heiligheid van Sy karakter aan die mense bekend gemaak, sodat hulle die sondigheid van hul eie in teenstelling daarmee kon sien. Die wet is gegee om hulle van sonde en die behoefte aan 'n Verlosser te oortuig. Dit sou geskied namate die beginsels van die wet deur die Heilige Gees op die hart toegepas word. Dié werk moet nog steeds verrig word. – *Koning van die Eeue, 308:1, 2.*

**10. Hoekom moet ons God vrees en Sy gebooie onderhou?** Prediker 12:13, 14.

**11. Wat het Jakobus beskou as die hoogste standaard vir die lewe?** Jakobus 2:8, 9, 12.

**12. Wie sal toegang tot God se Paradys hê, en toegelaat word om van die boom van die lewe te eet?** Matthéüs 7:21; Openbaring 22:14.

## *Dink Hieroor*

1. Die wet van God is die wet van liefde. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 144:2.*

2. Die voorwaardes vir die ewige lewe, onder die genade, is presies wat hulle in Eden was - volkome geregtigheid, een wees met God, volkome ooreenstemming met die beginsels van Sy wet. Die karakterstandaard wat in die Ou Testament aangegee word, is dieselfde as in die Nuwe Testament. Dit is nie 'n standaard wat ons nie kan bereik nie. In elke bevel of opdrag wat God ons gee, is daar 'n belofte, die mees positiewe, om krag aan die bevel te gee. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 76:2.*

3. Die wet wys ons op ons sondes, soos 'n spieël ons wys dat ons gesig nie skoon is nie. Die spieël het geen krag om die gesig skoon te maak nie; dit is nie die rol daarvan nie. So is dit met die wet. Dit wys ons op ons tekortkominge, en verdoem ons, maar dit het geen krag om ons te red nie. Ons moet na Christus kom vir vergifnis. - *E. G. White, Signs of the Times, Sept. 24, 1896.*

4. Die versoening van Golgota het God se wet geregverdig as heilig, regverdig, en waar, nie slegs voor die gevalle wêreld nie, maar voor die hemel en voor die ongevalle wêrelde. Christus het gekom om die wet groot en eerbaar te maak. – *E. G. White, Signs of the Times, Junie 20, 1895.*

5. Pleks van die afskaffing van die wet, het Golgota se kruis die onveranderlike en ewige karakter daarvan in donderklanke verkondig. – *E. G. White, Signs of the Times, Junie 20, 1895.*

6. Geregtigheid kan gedefinieer word slegs deur God se groot morele standaard, die Tien Gebooie. – *E. G. White, Signs of the Times, Junie 20, 1895.*

## *Tekste om the Onthou*

Deuteronómium 5:22
Romeine 3:20
Openbaring 22:14
Prediker 12:13, 14
1 Johannes 3:4

## *Definieer of Identifiseer*

Onderskei
Spieël
Standaard
Kennis van die sonde
Motief; Om te oordeel

# LES 31 – GOD SE EWIGE WET

*Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. Romeine 7:12.*

**Die wet is nie destyds uitsluitlik tot voordeel van die Hebreërs bekend gemaak nie. God het hulle vereer deur hulle as die bewaarders van Sy wet aan te stel, maar hulle moes dit as heilige pand vir die hele wêreld bewaar. Die voorskrifte van die Dekaloog is op alle mense van toepassing en is gegee tot lering en leiding van almal. Tien kort, omvattende, gesaghebbende bevele beskryf die plig van die mens teenoor God en sy medemense; en almal staan op die groot grondbeginsel van liefde gegrond.** – *Patriarge en Profete, 305:2*.

## *Die Aard van God se Wet*

**1. Wat is die aard van God se wet?** Psalm 19:8-11; Romeine 7:12, 14.

**In sy hele wese is die wet van God onveranderlik.** Dit is 'n openbaring van die wil en karakter van sy Gewer, God is liefde en Sy wet is liefde. Die twee hoofbeginsels daarvan is liefde tot God en liefde tot die mens. "Daarom is die liefde die vervulling van die wet." Romeine 13:10. Die karakter van God is geregtigheid en waarheid, dit is ook die aard van Sy wet. So 'n wet wat 'n uitdrukking is van die wysheid en wil van God, moet net so ewigdurend wees as die Gewer daarvan. – *Die Groot Stryd, 467:1.*

**2. God se wet is soos God en net so blywend.**

**3. Wat het die wet van God of die Tien Gebooie so besonders, so anders as al die ander wette van Israel gemaak?** Deuteronómium 5:1-5, 22-26.

a. God het "van aangesig tot aangesig" met hulle gespreek. Deuteronómium 5:4.
b. God het "hierdie woorde … uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met 'n groot stem toegespreek." Deuteronómium 5:22.
c. God het die woorde wat Hy gespreek het op twee kliptafels geskryf. Deuteronómium 5:22.
d. Israel het God se stem gehoor. Deuteronómium 5:24, 26.

**4. Hoe word bewys dat God se wet ewig is?**

a. "Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie." Psalm 89:35.
b. "U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid." Psalm 119:142.
c. "Al u gebooie is geregtigheid." Psalm 119:172.

## *Verdelings in God se Wet*


**5. Daar was Tien Gebooie.** Deuteronómium 4:13.

**6. Hulle is deur God op twee kliptafels geskryf.** Deuteronómium 4:13.

**7. Wat het Jesus gesê aangaande die aantal gebooie?** Matthéüs 22:36-40.

**8. Hoe kan die antwoord op vraag 7 in ooreenstemming gebring word met** Deuteronómium 4:13?

## GOD SE EWIGE WET




| ***God Is*** | ***God Se Wet Is*** |
|---|---|
| *a.* Heilig. Levítikus 11:44. | *a.* Heilig. Romeine 7:12. |
| *b.* 'n God van trou. Psalm 31:6. | *b.* Betroubaar. Maleagi 2:6. |
| *c.* Regverdig. Psalm 145:17. | *c.* Regverdig. Psalm 119:172.* |
| *d.* Volmaak. Matthéüs 5:48. | *d.* Volmaak. Psalm 19:8. |
| *e.* 'n Gees. Johannes 4:24. | *e.* Geestelik. Romeine 7:14. |
| *f.* Ewig. 1 Timotheus 1:17.* | *f.*Ewig.Psalm111:7,8. |
| *g.*Onveranderlik. Jakobus 1:17. | *g.* Onveranderlik. Psalm 89:34. |
| *h.* Liefde. 1 Johannes 4:8. | *h.* Op liefde gegrond. Matthéüs 22:36-40. |
| *1983 vertaling. | |

***Jesus het nie gekom om die wet af te skaf nie, maar Hy het gekom om dit te verheerlik en sierlik te maak.***

***God se gebooie is geregtigheid, en Sy geregtigheid is ewig; dus is die gebooie ewig, of altyd-durend.***

**9. Watter aanspraak het Satan gemaak aangaande God se gebooie?**

Die Satan het beweer dat dit vir die mens onmoontlik is om Gods gebooie te bewaar; en dit is waar dat ons in ons eie krag nie in staat is om dit te hou nie. Maar Christus het in die gedaante van 'n mens gekom, en deur Sy volmaakte gehoorsaamheid het Hy bewys dat die mensheid en die godheid saam al God se voorskrifte kan gehoorsaam. – *Gelykenisse van Christus, 314:4.*

**10. Wat is die veelseggendste preek wat oor God se wet gepreek kan word?**

Die veelseggendste preek wat oor die wet van Tien Gebooie gepreek kan word, **is om hulle te bewaar. Gehoorsaamheid behoort 'n persoonlike plig te wees.** – *Testimonies, vol. 4, 58:2.*

| ***Eerste (Liefde vir God)*** | ***Tweede (Liefde vir die Mens)*** |
|---|---|
| *a.* Geen ander gode. | *e.* Eer jou ouers. |
| *b.* Maak geen gesnede beeld van God. | *f.* Moenie doodslaan nie. |
| *c.* Moenie God se Naam ydellik gebruik nie. | *g.* Moenie egbreek pleeg nie. |
| *d.* Onthou God se Sabbat. | *h.* Moenie steel nie. |
| | *i.* Moenie valse getuienis spreek nie. |
| | *j.* Moenie enigiets begeer wat aan jou naaste behoort nie. |

**"Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." Matthéüs 22:40.**

## *Oorweeg die Volgende:*

1. Die wet van God is 'n uitdrukking van Sy natuur; dit is die beliggaming van liefde, en daarom ook is dit die grondslag van Sy regering in die hemel en op aarde. – *Skrede na Christus, 60:2.*

2. Gehoorsaamheid – die bewys van liefde en trou – is die teken van ware dissipelskap. – *Skrede na Christus, 60:2*.

3. Daardie sogenaamde geloof in Christus wat mens vrystel van gehoorsaamheid aan God, is nie geloof nie, maar vermetelheid. – *Skrede na Christus, 61:2.*

4. Elke jota en tittel van die wet van God is 'n belofte van volmaakte rus en vertroue in gehoorsaamheid. As jy hierdie gebooie bewaar, sal jy in elke besonderheid die kosbaarste belofte vind. Neem Jesus as jou metgesel. Vra Hom om hulp om God se wet te onderhou. Hy sal vir jou 'n beveiliging en raadgewer wees, 'n leidsman wat nooit sal mislei nie. – *E. G. White, Review and Herald, Jan. 26, 1897.*

5. God het die mens 'n volmaakte lewensreël in Sy wet gegee. Indien die mens dit bewaar, sal hy, deur die verdienste van Christus, daarvolgens leef. Indien die mens dit skend, het daardie wet die krag om te verdoem. Die wet stuur mense na Christus, en Christus wys hulle terug na die wet. – *E. G. White, Signs of the Times, Sept. 4, 1884.*

## *Tekste om the Onthou*

Psalm 19:8; Psalm 111:7, 8; Romeine 7:12; Psalm 89:35; Matthéüs 22:36-40

## *Definieer of Identifiseer*

Verander; Dekaloog; Onveranderlik; Wet; Afskrif

# LES 32 – JESUS EN DIE GEBOOIE

*As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly. Johannes 15:10.*

**God eis volmaaktheid van Sy kinders. Sy wet is 'n skriftelike weergawe van Sy eie karakter, en dit is die maatstaf vir alle karakters. Hierdie ewige maatstaf word aan almal voorgehou sodat daar geen fout kan wees rakende die soort volk wat God in Sy koninkryk wil hê nie. Die lewe van Christus op aarde was 'n volmaakte weergawe van Gods wet, en wanneer die karakter van diegene wat beweer dat hulle kinders van God is, soos dié van Christus word, sal hulle Gods gebooie gehoorsaam. Dan kan die Here hulle vertrou om van die getal te wees wat die gesin van die hemel sal uitmaak. In die heerlike kleed van Christus se geregtigheid geklee, het hulle 'n plek aan die Koning se feesmaal. Hulle het die reg om hulle aan te sluit by die bloedgewaste skare.** – *Gelykenisse van Christus, 315:1.*

## *Doel en Krag van Jesus se Lewe*

1. **Wat het Jesus gesê aangaande die doel van Sy lewe?** Lukas 22:42; Johannes 4:34; 5:30.

2. **Volgens Jesus, hoe het Hy verband gehou met die gebooie?** Matthéüs 5:17; Johannes 15:10.

3. **Volgens die profesie, wat sou Jesus met die wet, oftewel die onderwysing, doen?** Jesaja 42:21.

4. **Let op hoe Jesus die wet vergroot het:**
a. Moord - Matthéüs 5:21, 22.
b. Egbreuk – Matthéüs 5:27, 28.

***Sy sending was om die morele wet (die Tien Gebooie) te "vergroot en eerlik te maak."*** Jesaja 42:21.

Hy sou die geestelike aard van die wet demonstreer, sy verreikende beginsels verduidelik en sy ewige verpligtinge bevestig. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 49:1.*

5. **Hoe het Jesus die noodsaaklikheid om die wet te onderhou, beklemtoon?** Matthéüs 19:16-19.

6. **Toe Christus op die kruis gesterf het, waarvan het Hy ons losgekoop?** Romeine 8:3; Galásiërs 3:13.

7. **Hoe het Jesus gewys dat die wet nie by die kruis afgeskaf is nie?** Matthéüs 5:17-19.

Aangaande die wet sê Jesus: "Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." Die woord "vervul" hier het dieselfde betekenis as toe Hy teenoor Johannes die Doper gesê het dat dit Sy doel is "om alle geregtigheid te vervul" (Matthéüs 3:15), met ander woorde, om die maat van die wet se vereistes vol te maak, om 'n voorbeeld te gee van volkome nakoming van die wil van God. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 48:3.*

**8. Interpreteer die betekenis van die woord “vervul” soos dit in Mattheüs 5:17, 18 gebruik word, in die lig van die volgende tekste:**

a. Mattheüs 3:15.
b. Romeine 13:8-10.
c. Galásiërs 6:2.

**Met Sy eie gehoorsaamheid aan die wet het Christus getoon hoe onskendbaar dit is en het Hy bewys dat elke seun en dogter van Adam dit deur Sy genade volkome kan gehoorsaam. Op die berg het Hy verklaar dat die geringste jotatjie van die wet nie sal verbygaan voordat alles vervul is nie - alles wat met die mens te doen het, alles wat betrekking het op die verlossingsplan. Hy leer nie dat die wet ooit afgeskaf sal word nie, maar Hy vestig die oog op die mens se verste gesigseinder en verseker ons dat die wet sy gesag sal behou totdat hierdie punt bereik word, sodat niemand kan dink dat Hy gestuur is om die voorskrifte van die wet af te skaf nie.** – *Die Meester se Onsterflike Rede, 49:2.*

Die wet weerspieël die karakter van God, en nie ‘n jota of titteltjie daarvan kan verander word om die gevalle mens tegemoet te kom nie. God het nie Sy wet verander nie, maar het Homself opgeoffer, in Christus, vir die verlossing van die mens. – *Koning van die Eeue, 762:1.*

**9. Vir wattter menslike swakheid het Christus deur Sy dood voorsiening gemaak?** Romeine 8:3, 4.

**10. Wat doen geloof in Christus aan die wet?** Romeine 3:31.

Die dood van Jesus aan die kruis is die sterkste argument dat die wet nie afgeskaf kon word nie. Indien dit moontlik was om die wet af te skaf, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om die straf van die wet te dra en vir elke mens die dood te sien nie.
Ek het gesien dat dit onmoontlik was vir God om Sy wet te verander om die verlore mensdom te red; daarom het Hy toegelaat dat Sy geliefde Seun vir die mens se oortreding sterf. – *Eerste Geskrifte, 152:1.*

***Die Toets van Dissipelskap***


**11. Wat, volgens Prediker 12:13, geld vir alle mense?**

**12. Hoe toon ons ons liefde vir Jesus?** Johannes 14:15.

**13. Waarvan is gehoorsaamheid ‘n teken?** 1 Johannes 2:3, 4; 5:2, 3.

**14. Wat is een van die kenmerke waardeur die oorblyfselkerk uitgeken sal word?**
Openbaring 12:17; 14:12.

**15. Hoe kan ons die volgende in ooreenstemming bring: geloof in Jesus, die wet, die evangelie, en dissipelskap?** 2 Johannes 5, 6, 9.




Jesus het nie gekom om die wet ( die Tien Gebooie) af te skaf nie. Hy het die diepte van die morele wet uitgelig en Hy het dit gewys in elke aspek van sy dag tot dag lewe hier op aarde.

**16. Ons word gered:**

a. **DEUR Christus.** Handelinge 16:31.
b. **VAN sonde.** Matthéüs 1:21.
c. **VIR diens.** Matthéüs 20:28; 28:19, 20.
d. **OM gehoorsaam te wees.** 1 Samuel 15:22; Matthéüs 7:21.

## *Dink Hieroor:*

1. Omdat die wet van die Here volmaak is en daarom onveranderlik, is dit vir die sondige mens self onmoontlik om aan sy vereistes te voldoen. Daarom het Jesus as ons Verlosser gekom. Dit was Sy sending om die mens by die wet van die hemel in te skakel deur hom ‘n deelgenoot van die Goddelike natuur te maak. As ons ons sondes aflê en Christus as ons Verlosser aanneem, word die wet verhoog. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 50:1.*

2. Die beginsels wat in die Paradys aan die mens bekend gemaak is as die groot lewenswet, sal in die herstelde Paradys onveranderd voortbestaan. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 50:2.*

3. Ons moet Sy gebooie bewaar, net soos Hy Sy Vader se gebooie gewaar het. As ons dit doen, sal ons vind dat daar nie ‘n voorskrif van die wet is wat nie die heil en die geluk van die mensdom bevorder nie, beide in hierdie lewe, en in die toekomstige, ewige lewe. – *E. G. White, Signs of the Times, Mei 27, 1889.*

4. Die wet is tot die lewe verordeneer, en is ‘n uitdrukking van God se liefde teenoor die mens. Om dit te verag, is om die Outeur daarvan te verag; want dit is deelagtig aan die volmaaktheid van die Goddelike karakter. Vir die oortreder word dit, nie ‘n geur van die lewe tot die lewe nie, maar van die dood tot die dood. – *E. G. White, Signs of the Times, Julie 24, 1884.*

5. Volmaaktheid van karakter kan bereik word deur almal wat daarna streef. Dit dien as die egte fondament van die nuwe verbond van die evangelie. Die wet van Jehova is die boom; die evangelie is die geurige bloeisels en vrugte wat dit dra. – *E. G. White, Review and Herals, April 5, 1898.*

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 5:17-19
Johannes 15:10
Matthéüs 19:17
1 Johannes 2:3, 4

# LES 33 – DIE EERSTE EN TWEEDE GEBOD

*Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.*

*Exodus 20:3-6.*

**Jehova, die ewige, die selfstandige, die ongeskapene wat self die bron en instandhouer is van almal, is alleen geregtig op ons hoogste erbied en aanbidding. Die mens word belet om aan enige ander voorwerp die eerste plek in sy liefde en diens af te staan. Alles wat ons koester wat neig om ons liefde vir God minder te maak of in te druis teen die diens wat ons aan Hom verskuldig is, daarvan maak ons 'n god.**

**Die tweede gebod belet ons om die ware God deur middel van beelde of gelykenisse te aanbid. Baie van die heidense nasies het beweer dat hulle beelde net voorstellings is waardeur God aanbid word, maar God het gesê dat daardie soort aanbidding sonde is. Die poging om die Ewige God deur stoflike voorwerpe voor te stel, sal die mens se begrip van God net verlaag. As die gedagtes van die oneindige volmaaktheid van Jehova afgetrek word, sal dit na die skepsel liewer as na die Skepper toe aangetrek word. En namate sy begrippe van God verlaag word, sal ook die mens self verlaag word.** *– Patriarge en Profete, 305:3 – 306:1.*

## *Afgodediens uit die Vroeë Geskiedenis*

**1. Hoe ver terug in die geskiedenis van die aarde vind ons dat die mensdom die eerste en tweede gebooie geskend het?**

In die dae van Noag is valse aanbidding ten volle ontwikkel.

Op die groen velde en in die koelte van die sierlike bome het hulle vir hul afgode altare gebou. Groot immergroen bosse is aan afgodediens gewy. In die bosse het hulle pragtige tuine aangebring. Oor die kronkelende wandelweë was 'n boog van allerhande vrugtebome. Die tuine is met beelde versier en met alles toegerus wat die sinne kon verbly en die wellustige begeertes van die mense kon bevorder en hulle so kon lok om mee te doen aan die aanbidding van afgode. *– Patriarge en Profete, 91:1.*

**2. Wat was die oorsaak dat die mense in Noag se tyd sy prediking verwerp het?**

Die mense van daardie geslag was nie almal in die volste sin van die woord afgodedienaars nie. Baie van hulle het voorgegee dat hulle God aanbid. Hulle het voorgegee dat hulle beelde voorstellings was van God en dat die mense daardeur 'n beter begrip van die wese van God sou kry. Hierdie klas het die voortou geneem in die verwerping van Noag se prediking. Toe hulle God met stoflike voorwerpe probeer voorstel, is hulle verstande verblind sodat hulle Sy majesteit en mag nie kon begryp nie; hulle het die heiligheid van Sy karakter en die onveranderlikheid van Sy vereistes nie meer besef nie. Namate die sonde algemeen geword het, het dit al

minder sondig voorgekom en hulle het eindelik verklaar dat die wet van God nie meer geldig was nie; dat dit teenstrydig was met die aard van God om oortreding te straf; en hulle het ontken dat Hy op die punt gestaan het om die aarde te straf. As die mense van daardie geslag die Goddelike wet gehoorsaam was, sou hulle die stem van God in die waarskuwing van Sy dienskneg herken het; maar hulle het so geestelik verblind geraak deurdat hulle die lig verwerp het, dat hulle waarlik geglo het Noag se boodskap is 'n misleiding. – *Patriarge en Profete, 95:3.*

**3. Wat was die voorwerpe van aanbidding onder die nasies van die aarde, reeds vanaf die vroegste tye af?** Deuteronómium 4:19; 17:3; 2 Konings 17:16; 21:3, laaste gedeelte.

**4. Watter van die hemel liggame was die algemeenste aanbid?** Eségiël 8:16.
Die Egiptenare het die son en die maan aanbid. – *Patriarge en Profete, 272:1.*

***Baäl was die songod van die Fenisiërs.*** – *Die Groot Stryd, 583:1.*

*Die aanbidding van beelde is 'n vorm van afgodery wat die wet van God nie goedkeur nie.*

## *Afgodery was Israel se Ondergang*

**5. Wat was Israel se sonde wat veroorsaak het dat haar vyande haar onderdruk het?** Rigters 10:6.

**6. Wat het uiteindelik tot Israel se gevangenskap gelei?** 2 Konings 17:5-18.

## *Ander Soorte Afgode en Afgodery*

**7. Let op nog ander vorms van afgodery.** Jesaja 2:8, 9, 20.

**8. Is dit moontlik om hulp van 'n afgod te ontvang?** 1 Konings 18:25-28; Psalm 115:4-8; Hábakuk 2:18, 19.

**9. Alhoewel 'n sogenaamde Christen nie afgode van hout of klip aanbid nie, hoe kan hy in sy hart nog steeds 'n afgodedienaar wees?** Efésiërs 5:5.
Hoewel in 'n ander vorm, bestaan afgodediens in die Christen-wêreld vandag net so gewis as in die tyd van Israel en Elia. Die God van baie van die sogenaamde wyse manne, filosowe, digters, politici, joernaliste – die God van die élite, van baie kolleges en universiteite, en selfs van sommige teologiese inrigtings, is nie veel beter as Baäl, die songod van die Fenisiërs nie. – *Die Groot Stryd, 583:1.*

**10. Watter aandeel sal so 'n afgodedienaar NIE hê in die hemelse koninkryk nie?** Efésiërs 5:5, laaste gedeelte.

**11. Toon nog ander maniere waarop die eerste gebod geskend / verbreek kan word.**
Die dra en vertoning van strikke en linte, valletjies en vere, en goud en silwer ornamente is 'n tipe van afgodery en is geheel en al ongeskik vir die heilige diens van God, waar die oog van elke aanbidder op die heerlikheid van God behoort te wees. Alle sake wat verband hou met kleredrag moet streng bewaak word, en moet in ooreenstemming wees met die Bybelse riglyn. Die mode is die godin wat die buitewêreld regeer het, en dikwels dring sy haarself by die kerk in. – *Testimonies, vol. 5, 499:2 (1948 uitgawe, 499:1).*

**12. Wat sal feitlik die hele wêreld voor die einde van tyd aanbid?** Openbaring 13:3, 4, 8, 12, 15.

## *God se Beloftes en Strawwe*

**13. Wat sal God besoek aan die kinders van diegene wat hierdie gebooie skend?**
Exodus 20:5.

**14. Sal die God van die hemel toelaat dat kinders vir hul ouers se sondes gestraf word?**
Eségiël 18:20.

Dit is onvermydelik dat die kinders die gevolge van hulle ouers se wandade sal ly, maar hulle word nie weens die ouers se skuldigheid gestraf nie, tensy hulle self aan hulle sonde meedoen. Dit geld egter gewoonlik dat kinders in die voetspore van hulle ouers volg. Deur erflikheid en voorbeeld doen die seuns mee aan hulle vaders se sonde. Sowel verkeerde neigings, verdorwe luste, en verlaagde sedes as liggaamlike siektes en ontaarding word as 'n erfnis van vader aan seun oorgegee tot in die derde en vierde geslag. Hierdie vreeslike waarheid behoort 'n plegtige krag te hê om mense van 'n sondige lewenswyse terug te hou. – *Patriarge en Profete, 306:3.*

**15. Wat is die belofte aan diegene wat God liefhet en Sy gebooie onderhou?**

En aan diegene wat Hom getrou dien, word genade belowe, nie net tot die derde en die vierde geslag soos die grimmigheid teenoor diegene wat Hom haat nie, maar tot in *duisende* geslagte. – *Patriarge en Profete, 306:4.*

## *Dink Hieroor:*

1. Ons lewe in 'n wêreld wat in middernagtelike duisternis verkeer, wat hom byna heeltemal aan afgodery oorgegee het. – *Testimonies, vol. 8, 42:1.*

2. Dit is net so maklik om 'n afgod van gekoesterde idees of voorwerpe te maak as om gode uit hout of klip te maak. – *Testimonies, vol. 5, 173:4.*

3. As ons die wêreldse dinge liefhet en 'n welbehae het in ongeregtigheid of gemeenskap het met die onvrugbare werke van die duisternis, het ons die struikelblok van ons sonde voor ons aangesig geplaas en afgode in ons hart opgestel. En tensy ons deur vasberade pogings hierdie dinge stop en versaak, sal ons nooit erken word as seuns en dogters van God nie. – *Testimonies, vol. 4, 164:2.*

4. Daar is tye wanneer dwaalleer die geledere binnedring, wanneer vroomheid nie in die harte is van diegene wat met hulle Goddelike leier tred moes gehou het nie. God se kinders maak skeiding tussen hulle en die bron van hulle krag, en trots, ydelheid, spandabelheid en vertoon volg. Daar is afgode aan die binnekant en aan die buitekant; maar God stuur die Trooster as 'n bestraffer van sonde, sodat Sy volk gewaarsku mag word teen hulle dwaalleer en bestraf mag word vir hulle afvalligheid. Wanneer die meer kosbare openbaringe van Sy liefde met dankbaarheid erken en waardeer word, sal die Here die balsem van vertroosting en die olie van vreugde oorgooi. – *Fundamentals of Christian Education, 197:1.*

5. Alles wat die hart kan aftrek van God moet versaak word. Mammon is die afgod van vele. Liefde vir geld, die hunkering na rykdom, is die goue ketting wat hulle aan Satan vaskoppel. Reputasie en wêreldse eer word weer deur ‘n ander klas aanbid. ‘n Lewe van selfsugtige gemak en vryheid van verantwoordelikheid is die afgod van nog ander. Maar hierdie slaafse bande moet verbreek word. – *Skrede na Christus, 44:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:3-6
Openbaring 13:3, 4, 8, 12, 15
2 Konings 17:5-18

## *Definieer of Identifiseer*

Afgod
Afgodery
Beeld; Gelykenis

# LES 34 – DIE DERDE GEBOD

**Die gebod belet nie net valse ede en gewone vloekwoorde nie, maar dit belet die gebruik van die Naam van God op 'n ligsinnige of onverskillige wyse sonder inagneming van sy vreeslike betekenis. Deur die Naam van God ingedagte in 'n gesprek te noem, deur ons in geringe dingetjies op Hom te beroep, en deur Sy Naam dikwels en onbedag te herhaal, doen ons Hom eneer aan. "Sy Naam is heilig en vreeslik." Psalm 119:9. Almal behoort na te dink oor Sy majesteit, Sy reinheid en heiligheid, sodat die hart 'n begrip kan hê van Sy verhewe karakter; en Sy heilige Naam moet plegtig en eerbiedig genoem word.** *– Patriarge en Profete, 306:6.*

## *Die Naam van die Here Jou God*

1. **Watter twee woorde word gebruik in verband met God se naam?** Psalm 111:9.

2. **Watter woorde het God gebruik toe Hy Sy naam aan Moses verkondig het?** Exodus 34:5-7.

Groot betekenis is geheg aan die name wat Hebreeuse ouers aan hulle kinders gegee het. Dikwels het hierdie name karaktereienskappe voorgestel wat die ouer graag in die kind wou sien ontwikkel. - *Profete en Konings, 481:0.*

3. **Met watter sorg moet ons God se Naam gebruik?** Exodus 20:7; Psalm 111:9.

Sommige beskou dit as 'n teken van nederigheid om op 'n alledaagse wyse tot God te bid, asof hulle met 'n mens praat. Hulle skend Sy Naam deur onnodig en oneerbiedig die woorde, "Almagtige God" met hulle gebede te vermeng. Hierdie is eerbiedwaardige, heilige woorde, wat nooit oor die lippe moet gaan behalwe in gedempte tone en met 'n gevoel van eerbied nie. – *Gospel Workers, 176:3.*

## *Die Aflê van 'n Eed*

4. **Verbied die derde gebod die aflê van die geregtelike eed?**

Die voorbeeld van Jesus verdien ons aandag. Die hoëpriester het vir Jesus gesê, "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is." Matthéüs 26:63.
**Ons Heiland het egter nie die gebruik van die geregtelike eed verbied waarin God plegtig geroep word om te getuig, dat wat gesê word die waarheid en niks anders as die waarheid is nie**. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 66:4.*

5. **Wie is dit wat, uit alle mense, konsekwent onder die geregtelike eed kan getuig, "Belowe jy om die waarheid, die hele waarheid, en niks behalwe die waarheid te vertel nie, so help jou God?"**

Maar as daar iemand is wat konsekwent onder eed kan getuig, is dit die Christen. Hy verkeer voortdurend in die teenwoordigheid van God, wetende dat elke gedagte oop en bloot is voor die oë van Hom met wie ons te doen het; en wanneer van hom wettiglik verwag word om dit te doen, is dit reg dat hy God roep om te getuig dat wat hy sê die waarheid is en niks anders as die waarheid nie. – Die Meester se Onsterflike Rede, 67:2.

## *Profaniteit (Vloekwoorde)*

**6. Wat is profaniteit? (Vloekwoorde)**

Alhoewel die verbod op profaniteit of ongewyde woorde in spreektaal nie die hoofdoel van die derde gebod is nie, word dit nietemin ingesluit. Dit waarna ons verwys as algemene vloektaal word “die mees sinnelose van alle sondes” genoem, omdat dit “nie slegs sondig is nie, maar ook nutteloos.” Dit is verspot, vulgêr, en profaan. Die woord “profaan” bestaan uit twee Latynse woorde, “pro,” wat beteken “voor,” en “fanum,” die tempel. Dit dui op oneerbiedigheid vir heilige dinge. Dit daag God as ‘t ware uit in juis die omgewing van Sy heilige tempel. Dit vertrap eerbiedigheid, die hoogste van die deugde. Die deur van God se heilige tempel, ‘n voorstelling van Sy teenwoordigheid, is gesluit vir diegene wat profane taal gebruik. Profaniteit is nooit ‘n teken van intelligensie nie. Dit is altyd die mees algemeen onder diegene wat kru, onbeskaafd, en ongeletterd is. As dit bedoel is as humor, is dit humor wat benede die peil is. As daar geen God is nie, is dit nutteloos en erger as ydelheid, ‘n teken van absolute onkunde. Sou enigeen so laag en oneerbiedig wees dat hy die naam van sy moeder, suster, vrou of liefling sal onteer? Wat moet ons houding dan wees teenoor die Naam van Een wat so hoog bokant ons is as wat die hemele hoër is as die aarde, Een wat oneindig rein en heilig is? - *Taylor G. Bunch, The Ten Commandments, 67:2 - 68:1.*

**7. Wat het Jesus gesê van sweer?** Matthéüs 5:34-37.

**8. Watter voorbeeld uit die Ou Testament toon die ernstige aard van lastering en vloektaal?** Levítikus 24:10-14.

**9. In watter opsig verskil die tweede en derde gebooie van die ander agt?** Exodus 20:4-7.

Die tweede en derde gebooie is die enigste twee wat ‘n dreigement bevat. Van die derde word daar gesê dat die Here nie die een wat Sy Naam ydellik gebruik ongestraf sal laat bly nie. Talle is geneig om Godslastering as ‘n nietige saak te beskou, maar hierdie vreeslike dreigement hoort hulle te oortuig dat die Here ydele aanbidding beskou as een van die ergste sondes, een wat Hy nie ongestraf sal laat nie.

**10. Hoe alleen kan God se Naam geheilig word?**

God se Naam kan geheilig word slegs deur Sy wil op aarde te doen net soos dit in die hemel gedoen word, en dit is die bewys van hemelse burgerskap. – *Taylor G. Bunch, The Ten Commandments, 75:4.*

**11. Hoe ernstig het Jesus gesê ons moet spreek?** *Matthéüs 5:33-37.*

Hierna het Jesus ‘n beginsel neergelê wat die neem van ede onnodig maak. Hy leer dat die reine waarheid die beginsel van spraak moet wees. “Laat julle woorde wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.” [Matthéüs 5:39.]

Hierdie woorde veroordeel al die onbeduidende sinne en kragterme wat aan vloektaal grens. Hulle veroordeel onbedoelde pluimpies, die ontwyking van die waarheid, vleitaal, oordrywings, wanvoorstellings in die handel wat so alledaags in die samelewing en sakewêreld voorkom. Hulle leer dat niemand wat probeer voorgee om

te wees wat hy nie is nie, of wie se woord nie die werklike bedoeling van sy hart weergee nie, as opreg kan deurgaan nie. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 67:3 – 68:1.*

## *Dink Hieroor*

1. "Sy Naam is heilig en vreeslik" (Psalm 111:9) verklaar die psalmdigter. Engele, wanneer hulle daardie naam spreek, bedek hul gesigte. Met watter eerbied moet ons, wat gevalle en sondig is, dit oor ons lippe laat kom! – *Gospel Workers, 178:3.*

2. Om die Naam van God te heilig, moet die woorde waarin ons die Opperwese aanspreek met eerbied geuiter word. "Sy Naam is heilig en vreeslik." Psalm 111:9. Ons moet die titels en benaminge van die Godheid nooit ligsinnig gebruik nie. Wanneer ons bid, kom ons in die teenwoordigheid van die Allerhoogste, en ons moet met heilige ontsag voor Hom verskyn. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 106:2.*

3. In elke daad behoort u die Naam van God te openbaar. Hierdie gebed beteken dat u Sy karakter moet besit. U kan Sy Naam nie heilig, Hom nie aan die wêreld voorstel tensy u lewe en karakter die lewe en karakter van God self openbaar nie. Dit kan u alleenlik doen deur die genade en geregtigheid van Christus aan te neem. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 107:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:7
Psalm 111:9

## *Definieer of Identifiseer*

Godslastering
Herhaling
Gebruik 'n naam ydellik
Profaniteit
Eerbied

# LES 35 – DIE VIERDE GEBOD

*Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seuin of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig. Exodus 20:8-11.*

**Die Sabbat word nie as 'n nuwe instelling ingevoer nie, maar as iets wat tydens die skepping ingestel is. Dit moet as 'n gedagtenis aan die werk van die Skepper gevier word. Dit dui God aan as die Skepper van die hemele en die aarde en onderskei die ware God van die valse gode. Almal wat die sewende dag vier, kenmerk hulle daardeur as aanbidders van Jehova. Die Sabbat is dus 'n teken van die mens se trou aan God solank as wat daar mense op aarde is wat Hom dien. Die vierde gebod is al een van die tien waarin sowel die Naam as die titel van die Wetgewer gevind word. Dit is al een wat aandui deur wie se gesag die wet gegee word. Dit bevat dus die seël van God en word aan Sy wet geheg as bewys dat dit eg en verpligtend is.**
**God het aan die mens ses dae gegee waarin hy sy werk moet verrig, en Hy eis dat sy eie werk in daardie ses werkdae gedoen moet word. Noodsaaklike werk en genadedade mag op die Sabbat verrig word; daar moet altyd vir die siekes en die lydendes gesorg word; maar onnodige werk moet ten sterkste vermy word. … God beskou diegene wat op die Sabbatdag sake bespreek of planne beraam, asof hulle werklik sake verrig. Om die Sabbat waarlik heilig te hou, moet ons nie eens toelaat dat ons gedagtes hulle met wêreldse dinge besig hou nie.** – *Patriarge en Profete, 307:2, 3.*

## *Waarom 'n Sabbat?*

**1. Wat het God "vir Sy wonders" gestig?** Psalm 111:4.

**2. Watter instelling is spesiaal bedoel om die mens aan die skepping te herinner?** Exodus 20:8-11; 31:16, 17.

As daar 'n algemene onderhouding van die Sabbat was, sou die gedagtes en liefde van die mens gerig gewees het op die Skepper as die voorwerp van eer en aanbidding en daar sou nooit afgodedienaars, godloënaars, en ongelowiges gewees het nie. – *Die Groot Stryd, 438:0.*

**3. Tot wie se voordeel is die Sabbat gemaak?** Markus 2:27, 28.

God het die sewende dag uitgehou as 'n tydperk van rus vir die mens, tot voordeel van die mens en ook Sy eie heerlikheid. Hy het gesien dat die behoeftes van die mens 'n dag van rus van sy arbeid en sorge vereis het, dat sy gesondheid en lewe bedreig sou wees sonder 'n tydperk van ontspanning van die arbeid en bekommernis van die ses dae. – *Testimonies, vol. 1, 532:1.*

***Een van die beste maniere om die Sabbat te gedenk, is om God in Sy heiligdom te aanbid.***



**4. Wys dat die Sabbat gehou is voordat die wet vanaf Sinai gespreek is:**

**a. Dit is geheilig – afgesonder vir heilige gebruik – ten tye van die skepping.** Génesis 2:1-3.
**b. Abraham het God se gebooie gehoorsaam.** Génesis 26:5.
**c. Die Sabbat is deur die Israeliete in die woestyn gehou voordat hulle Sinai bereik het.** Exodus 16.
**d. God het gesê, "Gedenk die sabbatdag."** Exodus 20:8.

Die Sabbat was bindend in Eden, en van daardie tyd tot nou bly dit van krag. In die KJV (King James Version) begin hierdie vierde gebod met die woord "remember," of "onthou" in Afrikaans, wat toon dat die Sabbat reeds bestaan het toe God die wet by Sinai op kliptafels geskryf het. Hoe kan mense beweer dat hierdie gebod afgeskaf is, terwyl hulle sal erken dat die ander nege bindend is? *Dwight L. Moody, Weighed and Wanting, 47:1.*

## *Die Nuwe Testament Sabbat*

**5. Wat word gesê van Jesus se gewoonte op die Sabbatdag?** Lukas 4:16.

**6. Watter dag van die week het Jesus se dissipels as die Sabbat gehou ten tye van die kruisiging?** Lukas 23:54 – 24:1.

**7. Watter aanduiding is daar dat Jesus verwag het dat Sy dissipels die Sabbat selfs na die kruisiging sou gehou het?** Matthéüs 24:20.

**8. Let op Paulus se gewoontes op die Sabbat:**
a. In Antiochië in Pisidië, selfs wanneer hy met die heidene praat. Handelinge 13:14, 42, 44.
b. In Filippi. Handelinge 16:12, 13.
c. In Thessalonika "volgens sy gewoonte het Paulus…" Handelinge 17:2.
d. In Korinthe "elke sabbat" vir agtien maande. Handelinge 18:3, 4, 11.

**9. Volgens Johannes in Openbaring, op watter dag het hy daardie groot profetiese oorsig van eindtydgebeure ontvang?** Openbaring 1:10.

**10. Watter is die enigste dag wat God verklaar het as die "dag van die HERE"?** Exodus 20:8-11; Jesaja 58:13, 14; Markus 2:27, 28.

## *Hoe om die Sabbat te onderhou*

**11. Wat is die beginpunt en eindpunt van elke Sabbat?** Levítikus 23:32.

**12. Hoe weet ons wat word bedoel met die woord "aand"?** Deuteronómium 16:6; Markus 1:32.




Die vierde gebod sê vir ons wie die Skepper is en hoe ons aan Hom eer kan bring.

**13. Watter Bybelse bewys het ons dat dit God se plan is dat daar op Sabbat 'n samekoms vir aanbidding sal wees?** Levítikus 23:3; Hebreërs 10:25.

***'n Samekoms is 'n byeenkoms of vergadering van mense***

**14. Wanneer moet ons vir die Sabbat voorberei?** Exodus 16:5; Lukas 23:54, 56.

**15. Gees van Profesie riglyne vir gepaste Sabbatsonderhouding:**

a. "Laat die voorbereiding vir die Sabbat op Vrydag voltooi wees." – *Testimonies, vol. 6, 355:3.*
b. "Voordat die son ondergaan, laat die gesinslede bymekaarkom om uit Gods Woord te lees, te sing en te bid." – *Testimonies, vol. 6, 356:5.*
c. "Moenie die kosbare ure van die Sabbat in die bed verkwis nie." – *Testimonies, vol. 6, 357:1.*
d. Plaas 'n wag op jou gesprekke. – *Testimonies, vol. 2, 703:2*.
e. Woon aanbiddingsdienste in die kerk by. – *Testimonies, vol. 6, 360:2 – 368:3.*

f. Gaan vir uitstappies in die natuur om die Sabbatsure vir kinders aangenaam te maak. – *Testimonies to Ministers, 137:1.*
g. Sluit af met sang en en gebed. – *Testimonies, vol. 6, 359:2 (1948 uitgawe, 359:1).*

**16. Hoe kan ons weet dat Saterdag in hedendaagse tye die identiese Sabbat is wat God tydens die skeppingsweek aan die begin geseën het?**

a. Jesus het dit geïdentifiseer. Lukas 4:16.
b. Dit is geidentifiseer as "die Sabbat … volgens die gebod" ten tye van die kruisiging en opstanding. Lukas 23:56.
c. Dit is deur die Joodse kalender geïdentifiseer; dit was tóé onderhou, en ook nou, in ons tyd.
d. Dit word vandag geïdentifiseer deur die Christelike praktyk van Sondagviering.

**17. Wat sal die spesiale aanbiddingsdag op die nuwe aarde wees?** Jesaja 66:23.

Groot seëninge gaan gepaard met die onderhouding van die Sabbat, en dit is God se begeerte dat die Sabbat vir ons 'n dag van vreugde sal wees. – *Testimonies, vol. 6, 349:1.*

Vir diegene wat God se heilige dag eerbiedig, is die Sabbat 'n teken dat God hulle as Sy uitverkore volk erken. Dit is 'n belofte dat Hy Sy verbond met hulle sal volbring. Elke siel wat die teken van God se regering aanvaar, plaas homself onder die Goddelike, ewige verbond. Hy maak homself vas aan die goue ketting van gehoorsaamheid, waarvan elke skakel 'n belofte is. – *Testimonies, vol. 6, 350:2.*

## *Dink Hieroor*

1. Beide deur voorskrif en voorbeeld het die Heiland die heilige verpligtinge van die Sabbatsgebod geleer. In Sy hele bediening op aarde was 'n groot gedeelte van lering daarop gemik om mense te onderrig rakende wat wettig was om op die Sabbat te doen. – *E.G. White, Signs of the Times, Nov. 12, 1894*.

2. God vereis dat hulle [almal] in ooreenstemming met Sy wet kom, en die Sabbat wat Hy daargestel het, onderhou. Die tyd het aangebreek wanneer die heerlikheid van die Here die aarde sal vul, en wanneer die hele aarde deur Sy heerlikheid verlig sal word. – *E.G. White, Signs of the Times, Nov. 19, 1894.*

3. Hulle verskoon hulself deur te sê: "Die Sabbat is aan ons gegee as 'n rusdag. Ek sal myself nie van rus ontneem om die kerkdiens by te woon nie nie, want ek het die rus nodig." Diesulkes maak die verkeerde gebruik van die geheiligde dag. Hulle hoort, veral op daardie dag, by hulle gesinne belangstelling in die onderhouding daarvan te wek en by die huis van gebed byeen te kom, tesame met 'n groot of klein groep, nieteenstaande. Hulle hoort hulle tyd en energie aan geestelike dinge te bestee, sodat die Goddelike invloed wat op die Sabbat rus hulle deur die week mag vergesel. Van al die dae in die week, is geen ander so gepas vir gewyde gedagtes en gevoelens as die Sabbat nie. – *Testimonies, vol. 2, 704:2.*

4. Ek sou verkies om slegs brood en water te eet, liewer as om die kans te waag om die vierde gebod te oortree. Alle nodige voorbereiding vir die Sabbat moet op Vrydag gemaak word. As die weer op Sabbatoggend koel is, laat daar warm pap voorsien word. Andersins moet alle kokery vermy word omdat dit 'n skending van die Sabbat is. – *E.G. White, Review and Herald, Mei 8, 1883.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:8-11;
Jesaja 66:23;
Exodus 31:16, 17;
Markus 2:27, 28

## *Definieer of Identifiseer*

Ateïs;
Gedenkteken;
Van sononder tot sononder;
Onthou;
Teorie van Evolusie;
Moenie jou eie belange bedink nie

# LES 36 – DIE SEËL VAN GOD

*Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig.*
*Exodus 31:13.*

**As daar 'n algemene onderhouding van die Sabbat was, sou die gedagtes en liefde van die mens gerig gewees het op die Skepper as die voorwerp van eer en aanbidding en daar sou nooit afgodedienaars, godloënaars, en ongelowiges gewees het nie. Die onderhouding van die Sabbat is 'n teken van lojaliteit aan die ware God, naamlik aan "Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." [Openbaring 14:7]** – Die Groot Stryd, 438.0.

## *'n Seël en die Gebruik Daarvan*

**1. Wat is 'n seël?**

'n Seël word gedefinieer as 'n instrument wat verseël, dit wat "deur individue, korporatiewe liggame, en state gebruik word om indrukke op was te maak, op skryfinstrumente, as 'n bewys van hulle egtheid." Die oorspronklilke woord in hierdie teks word gedefinieer as, "'n Seël, dws 'n seëlring; 'n merk, stempel, kenteken; 'n bewys, 'n pand)." Die werkwoord 'verseël' dui op: "Om aan enigiemand te bevestig, om seker te maak; om 'n seël of merk op enigiets te maak as 'n teken dat dit eg of bekragtig is; om te getuig, te bevestig, om vas te stel, om te onderskei by wyse van 'n merk." – *Uriah Smith, The Prophecies of Daniel and the Revelation, 454:5.*

**2. Watter ander woorde word as sinonieme van seël gebruik?**

Wanneer Eségiël 9:4 met Openbaring 7:3 vergelyk word, sien ons dat die Bybel die woorde "teken" en "seël" as sinonieme gebruik.

**3. Verduidelik die gebruik van 'n seël**

'n Seël word gebruik om enige wetsvoorskrifte of wette wat deur 'n persoon of mag uitvaardig word, geldig of eg te maak.

## *Die Seël van God*

'n Seël word gebruik in verband met 'n wet of 'n wetsvoorskrif wat gehoorsaamheid vereis, of op dokumente wat as wettig beskou moet word, of wat onderworpe aan die voorskrifte van die wet moet wees. 'n Wet en die verseëling daarvan is onafskeidbaar van mekaar. – *The Prophecies of Daniel and the Revelation, 455:1, 2.*

**4. Let op die gebruik van die seël in die dae van die Ou Testament.** 1 Konin**gs** 21:8; Ester 8:8.

**5. Watter drie dinge word op 'n seël gevind?**

**Die naam of beskrywende titel van die persoon of mag** wat die seël gebruik, die **gebied** wat gedek word, en **die reg om te regeer.**



God se seël sal nooit op enigiemand geplaas word wat doelbewus God se wet oortree nie.

**6. Wat moet met die wet gedoen word?** Jesaja 8:16.

**7. Wat is die enigste wet in die Tien Gebooie wat die naam, gesag, en grondgebied van die Skrywer van hierdie wet openbaar?** Exodus 20:8-11.

Die seël van God is daardie gedeelte van Sy wet wat Sy naam, of beskrywende titel, bevat, wat aandui wie Hy is, die omvang van Sy grondgebied, en Sy reg om te regeer. – *Uriah Smith, The Prophecies of Daniel and the Revelation, 456:5.*

**8. Wat is die Sabbat tussen God en Sy volk?** Exodus 31:16, 17.

**9. Van watter twee dinge is die Sabbat 'n teken?** Exodus 31:13; Eségiël 20:20.

Die Sabbat is die teken van God se skeppingsmag, of dit in die skepping of verlossing aan die dag gelê word, want verlossing is skepping – herskepping. Dieselfde mag wat skep, word benodig om te verlos. "Skep vir my 'n rein hart." Psalm 51:12. "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke…" Efésiërs 2:10. Dit is Gods plan dat ons elke Sabbat aan Hom moet dink as die Een wat ons geskape het, en wie se genade en heiligende krag in ons werk om ons geskik te maak vir Sy ewige koninkryk. – *Bible Readings for the Home.*

## *‘n Spesiale Werk van Verseëling Voorspel*

**10. Watter boodskap dra ‘n engel voor die einde van die genadetyd?** Openbaring 7:1-4. (Vergelyk Eségiël 9:1-6.)

**11. Waar word hierdie 144 000 ‘n bietjie later gesien, en wat dra hulle in hulle voorhoofde?** Openbaring 14:1.

**12. Wat word van hulle karakters gesê?** Openbaring 14:12.
Soos die Sabbat die teken was wat Israel onderskei het toe hulle uit Egipte gekom het om die aardse Kanaan binne te gaan, so is dit nou die teken wat Gods volk onderskei soos hulle uit die wêreld kom om die hemelse rus binne te gaan. Die Sabbat is ‘n teken van die verhouding wat bestaan tussen God en Sy volk, ‘n teken dat hulle Sy wet eerbiedig. Dit tref onderskeid tussen Sy lojale onderdane en oortreders. *– Testimonies, vol. 6, 349:1, 3.*

## *Dink Hieroor*

1. [D]ie gelaat van Christus (het) onskuld, deurlugtigheid, welwillendheid geopenbaar – die beeltenis van God. Maar Sy beskuldigers wou nie ag gee op die stempel van die hemel nie. – Koning van die Eeue, 754:1.
2. Christus poseer vir Sy portret in elke dissipel. God het elkeen van ons “verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun.” Romeine 8:29. Christus se lankmoedige liefde, Sy heiligheid, sagmoedigheid, genade en waarheid moet in elkeen se lewe aan die wêreld geopenbaar word. *– Koning van die Eeue, 312:2.*

3. Die gelaat van manne en vroue wat saam met God werk en wandel, weerspieël die hemelse vrede. Hulle word omring deur die hemelse atmosfeer. Vir hierdie siele het die koninkryk van God begin. Hulle het die blydskap van Christus, die blydskap om ‘n seën vir die mensdom te wees. *– Koning van die Eeue, 312:2.*

4. Namate die Woord van God oorpeins word, veredel dit die hele mens. In regverdige en genadige handelwyse sal die hande die beginsels van die wet van God soos ‘n seëlring openbaar. Hulle sal hulle weerhou van omkoopgeld en van alles wat korrup en vals is. Hulle sal aktief wees in liefde- en genadewerk. Die oë, op ‘n edele doel gerig, sal helder en opreg wees. Die ope gelaat, die sprekende oog, sal getuig van die vlekkelose karakter, van hom wat die Woord van God liefhet en Hom eer. *– Koning van die Eeue, 612.3.*

5. Diegene wat God liefhet, het Sy seël in hul voorhoofde, en verrig die werke van God. Ag, dat almal wat op Christenskap aanspraak maak, weet wat dit beteken om God prakties lief te hê. - *EG White, Youth’s Instructor, Julie 26 1894.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 31:13; Openbaring 14:1; Openbaring 7:1-4;
Openbaring 14:12

## *Definieer of Identifiseer*

Magtig; Merk; Teken

# LES 37 – SONDAG IN DIE NUWE TESTAMENT

**Aan die begin van die vierde eeu het Keiser Konstantyn ‘n dekreet uitgevaardig wat Sondag as openbare feesdag deur die hele Romynse Ryk verklaar het. Die dag van die son is deur sy heidense onderdane vereer en deur Christene geëerbiedig; dit was die keiser se beleid om die teenstrydige elemente in die heidendom en die Christendom te verenig.** Hy het dit op aandrang van die biskoppe van die kerk gedoen wat, besiel met ambisie en ‘n dors na mag, gesien het dat as dieselfde dag deur beide Christene en heidene vereer sou word, dit die uiterlike aanname van die Christelike geloof vir die heidene sou vergemaklik; daardeur sou die mag en heerlilkheid van die kerk toeneem. **Maar hoewel baie godvresende Christene trapsgewys daartoe gebring is om Sondag te beskou as ‘n dag met ‘n sekere mate van heiligheid, het hulle nog getrou gebly aan die Sabbat as die heilige dag van die Here en, in gehoorsaamheid aan die vierde gebod, het hulle dit gehou.**

**Maar die aartsbedrieer het nog nie sy werk klaar gehad nie. Hy was vasbeslote om die Christendom onder sy banier te skaar en om sy mag te laat geld deur sy plaasvervanger, die trotse pous, wat aanspraak gemaak het daarop dat hy die verteenwoordiger van Christus is. Deur middel van halfbekeerde heidene, eersugtige prelate, en wêreldliewende kerkmanne, het hy sy doel bereik.** Groot vergaderings is van tyd tot tyd gehou waar die waardigheidsbekleërs van die kerk uit alle dele van die wêreld saamgekom het. Op byna elke vergadering is die Sabbat wat God ingestel het, steeds laer en laer afgedruk terwyl die Sondag in dieselfde mate verhoog is. **As gevolg hiervan is die heidense feesdag eindelik vereer as ‘n goddelike instelling, terwyl die Bybelse Sabbat bestempel is as ‘n oorblyfsel van Judaisme, en diegene wat dit gevier het, is vervloek.**

**Die groot afvallige het eindelik daarin geslaag om homself te verhef “bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is.” 2 Thess. 2:4.** Hy het dit gewaag om die enigste gebod van die heilige wet te verander wat die mensheid op onmiskenbare wyse gewys het op die ware en lewende God. In die vierde gebod is God geopenbaar as die Skepper van die hemele en die aarde, en dit onderskei Hom van alle valse gode. Dit was as gedenkteken van die skepping dat die sewende dag geheilig is as rusdag vir die mensdom. Die doel daarvan was om die Lewende God altyd aan die mense voor te hou as die bron van die lewe en die voorwerp van verering en aanbidding. Satan is daarop uit om mense af te lok van hulle getrouheid aan God en gehoorsaamheid van Sy wet; daarom is sy pogings veral gemik op daardie gebod wat God aanwys as die Skepper.

Protestante voer nou aan dat die opstanding van Christus op Sondag, daardie dag die Christelike Sabbat maak. Maar daar is geen skriftuurlike bewys daarvoor nie. Christus en Sy apostels het daardie dag nie so vereer nie. Die viering van Sondag as ‘n Christelike instelling het sy oorsprong in die “verborgenheid van ongeregtigheid” (2 Thess. 2:7) wat selfs in Paulus se tyd reeds aan die werk was. Waar, en wanneer, het die Here hierdie kind van die Pousdom aangeneem? Watter grondige rede kan daar aangevoer word vir ‘n verandering wat nie deur die Skrifte gestaaf word nie? *– Die Groot Stryd, 53:1–54:1.*

**1. Hoeveel keer kom die sinsnede “eerste dag van die week” in die Nuwe Testament voor?**

Die sinsnede “eerste dag van die week” kom agt keer in die Nuwe Testament voor: Matthéüs 28:1; Markus 16:2; Markus 16:9; Lukas 24:1; Johannes 20:1; Johannes 20:19; Handelinge 20:7; 1 Korinthiërs 16:2.

Hoewel die woord Sondag nie in die Skrifte voorkom nie, is dit die eerste dag van die week. Dus dui die verwysings na die eerste dag van die week op Sondag.

**2. Na watter spesifieke dag in Christus se lewe verwys die eerste ses van hierdie agt tekste?**
Die eerste ses van die voorafgaande tekste verwys na die dag van Sy opstanding.




Ons kan nie die meerderheid in die wêreld volg en 'n dag onderhou wat die Here nie geseën het nie.

**3. Kommentaar op die opstandingsdag tekste:**

a. Geen aanduiding dat heiligheid verband hou met die eerste dag van die week.
b. Christus het geen stelling gemaak dat enige betekenis aan die dag geheg moet word nie.
c. Matthéüs, Markus, en Lukas maak dit duidelik dat die Sabbat geëindig het voor die dissipels op die eerste dag van die week na die graf gekom het.
d. Johannes maak dit ook duidelik dat Jesus se liggaam op die dag voor die Sabbat van die kruis afgehaal is. Johannes 19:31, 42.

**4. Hoeveel betekenis heg Paulus aan die opstanding?** 1 Korinthiërs 15:12-20.

a. "As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Chrisuts ook nie opgewek nie." Vers 13.
b. "En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof." Vers 14.

c. “en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes.” Vers 17.
d. As Christus nie opgewek is nie, “dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore.” Vers 18.
e. “Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.” Vers 20.

**5. Hoewel Jesus se opstanding, as ‘n gebeurtenis, van die uiterste belang is, watter bewys is daar dat die opstandingsdag as ‘n aanbiddingsdag of rusdag beskou moet word?**

Geen melding word gemaak van enige heiligheid wat verband hou met, of toegewys is, aan hierdie dag nie.

**6. Bevat die Goddelik-ingegewe verhaal van Jesus se lewe en lering enige stelling, direk of geïmpliseer, dat die Sabbat van die sewende dag na die eerste dag verander sou word?**

Inteendeel, Jesus het vir Sy dissipels gesê dat, in die lig van die naderende vernietiging van Jerusalem, moet hulle bid dat hulle “vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.” Matthéüs 24:20.
**Dus het die dissipels vir nege-en-dertig jaar gebid dat daar nie van hulle sou vereis word om hulle Sabbatdag – die sewende dag van die week - te ontheilig nie.**

**7. Leer die apostels in hulle geskrifte dat daar ‘n verandering van aanbiddingsdag sou plaasvind, van Sabbat na Sondag, die eerste dag van die week?**

Daar is nie so ‘n lering nie.

**8. Volgens Jesus se opdrag aan Sy volgelinge, wat moes hulle vir alle nasies leer?** Matthéüs 28:19, 20.

**9. In Handelinge 20:7 lees ons dat die dissipels brood gebreek het. Wat is die betekenis hiervan?**

Die breek van brood het nie geïmpliseer dat dit ‘n godsdienstige byeenkoms of ‘n heilige dag was nie. Volgens Handelinge 2:46 het hulle dit “dag vir dag” gedoen, dus sou hierdie spesifieke breek van brood geen spesiale betekenis inhou nie. En hierdie breek van brood het plaasgevind gedurende die donker gedeelte van daardie “eerste dag van die week.” Handelinge 20:7-11. Volgens ons berekening was dit Saterdagaand, maar vir hierdie mense was dit die eerste gedeelte van die “eerste dag van die week.” Sonder twyfel argumenteer niemand dat dit beteken dat Saterdagaand heilige tyd is nie.

**10. Wat van opsy sit en opspaar op “elke eerste dag van die week” in 1 Korinthiërs 16:2?**

“Die insameling vir die Christene” was ‘n offergawe wat Paulus vanaf die Heidense gemeentes wou neem na die armes in Jerusalem. In hierdie vers, vra Paulus slegs dat “elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.” 1 Korinthiërs 16:2.
Elke Sondagoggend, soos die Christen gelowiges die wins of verlies vir die afgelope week se werk bereken, moes hulle daardie gedeelte wat hulle vir die “heiliges” wou stuur, opsy sit. Dit was iets wat in ‘n geskikte vertrek moes plaasvind, liewer as in die kerk. Dus word daar geen vergadering of heiligheid van enige dag in hierdie teks geïmpliseer nie.

## *Dink Hieroor Na*

1. Die eerste openbare maatreël waardeur Sondagviering verpligtend gemaak is, was die wet wat Konstantyn in 321 n.C. uitgevaardig het. Hierdie dekreet het bepaal dat die dorpenaars op die "eerbiedwaardige dag van die son" moes rus; maar dit het die plattelandse bewonders nie belet om hulle plaaswerk voort te sit nie. Hoewel dit feitlilk 'n heidense wet was, is dit nogtans deur die keiser toegepas na sy sogenaamde aanname van die Christelike geloof. – *Die Groot Stryd, 574:1.*
2. Omdat hierdie keiserlike mandaat nie 'n genoegsame plaasvervanger van die Goddelike gesag was nie, het Eusebius, 'n biskop wat die guns van die vorste gesoek het en wat 'n goeie vriend en bewonderaar van Konstantyn was, beweer dat Christus die Sabbat oorgeplaas het op Sondag. Nie 'n enkele bewys uit die skrifte is aangevoer om hierdie nuwe leerstelling te staaf nie. Onwetend het Eusebius self die valsheid van die verandering erken, en hy wys ons op die ware bewerkers van die verandering. "Alle dinge," het hy geskryf, "wat ons plig was om op die Sabbat te doen, dit het ons oorgeplaas op die dag van die Here." – *R. Cox, Sabbath Laws and Sabbath Duties, bl. 538, 1853-uitgawe. – Die Groot Stryd, 574:2.*

3. Namate die pousdom bevestig is, het die verheffing van Sondag voortgegaan. Vir 'n tyd het die mense aangegaan met hulle landbouwerk wanneer hulle nie die kerkdienste bygewoon het nie en die sewende dag was nog beskou as die Sabbat. Maar langsamerhand het die verandering posgevat. Diegene wat 'n heilige amp beklee het, is verbied om enige burgerlike geskil op Sondag te verhoor. Kort daarna is alle mense, van watter rang ookal, beveel om hulle van gewone werk te onthou op straf van 'n boete vir vrymense en slae in die geval van slawe. Later is daar bepaal dat ryk mense gestraf moes word met die verlies van die helfte van hulle besittings; en eindelik, as hulle volhard in hulle ongehoorsaamheid, sou hulle slawe word. Die laer klasse sou vir altyd verban word. - *Die Groot Stryd, 574:3.*

4. Maar steeds het die gemis aan skriftuurlike gesag vir Sondagviering groot verleentheid veroorsaak. Die mense wou weet waar hulle leraars die reg gekry het om die positiewe verklaring van Jehova, "die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God," ter syde te stel ten einde die dag van die son te vereer. Weens die gebrek aan Bybelse bewys moes hulle hulle toevlug tot ander dinge neem. 'n Ywerige voorstander van Sondag wat teen die einde van die twaalfde eeu die kerke van Engeland besoek het, is deur getroue getuies van die waarheid weerstaan en so vrugteloos was sy pogings dat hy die land vir 'n tyd verlaat het om middels te soek om sy leerstellings te bekragtig. Toe hy weer teruggekeer het, het hy die middels gehad en hy het met groter sukses gewerk. Hy het met hom 'n rol saamgebring waarvan beweer is dat dit van God self afkomstig was en dat dit die nodige bevel vir Sondagviering bevat het, asook vreeslike dreigemente om die ongehoorsames bang te maak. Hierdie kostelike dokument – net so vals as die instelling wat dit wou steun – sou kwansuis uit die hemel geval het en dit is beweer dat dit in Jerusalem op die altaar van St. Simeon op Golgota gevind is. Maar die waarheid is, dat die pouslike paleis in Rome die plek is waar dit vandaan gekom het. Bedrog en vervalsings om die mag en voorspoed van die kerk te bevorder, is middels wat in alle eeue deur die pouslike hiërargie as wettig beskou is. – *Die Groot Stryd, 576:1.*

5. In die sestiende eeu het 'n pouslike konsilie duidelik verklaar: "Laat alle Christene onthou dat die sewende dag deur God geheilig is en dat dit ontvang en gevier is, nie alleen deur die Jode nie, maar deur alle ander mense wat voorgegee het om God te dien; alhoewel ons as Christene hulle Sabbat verander het in die dag van die Here." (Morer, *Dialogues on the Lord's Day,* bls. 281, 282.) Diegene wat hulle hande aan die goddelike wet geslaan het, het die aard van hulle daad besef. Hulle het hulleself opsetlik bokant God gestel. – *Die Groot Stryd, 577:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 24:20;
Lukas 24:1;
Handelinge 20:7;
Matthéüs 28:1;
Johannes 20:1, 19;
1 Korinthiërs 16:2
Markus 16:2, 9

## *Definieer of Identifiseer*

“Dag vir dag brood gebreek”;

“Uit vrees vir die Jode”;

Sondag

# LES 38 – DIE MENS SE PLIG TEENOOR GOD - OPSOMMING VAN EENHEID 5

*En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.*
*Lukas 10:27.*

**Die wet wat op Sinai afgekondig is, was ‘n weergawe van die beginsel van die liefde, ‘n openbaring aan die aarde van die hemelse wet. Dit is georden in die hand van ‘n Middelaar - gespreek deur Hom deur wie se krag die harte van die mens in harmonie met sy beginsels gebring kon word. God het die doel van die wet geopenbaar toe Hy aan Israel gesê het: “Julle moet vir My heilige mense wees” (Exodus 22:31).** – *Die Meester se Onsterflike Rede 46:2.*

### *Oorsprong en Doel van Gods Wet*

1. Wie het die wet van Tien Gebooie op Sinai geskryf en gespreek?
2. Bewys dat die wet “Christelik” is.
3. Waar is die tafels van die wet gehou? Hoe is dit ‘n bewys van hulle verhewe aard?
4. Noem etlike doelwitte van Gods wet.

### *God se Ewige Wet*

1. Noem die eienskappe van God wat ook die eienskappe van God se wet is. Toon dat die een net so ewigdurend is as die ander.
2. Watter gedeelte van die Bybel is net deur God geskryf? Hoekom?
3. In watter twee gedeeltes is die wet verdeel?

### *Jesus en die Gebooie*

1. Noem etlike maniere waardeur Christus die wet groot gemaak het.
2. Verduidelik “Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”
3. Wat doen geloof in Christus aan die wet?
4. Wat is die bewys van dissipelskap?

Gehoorsaamheid is die bewys van dissipelskap. – *Die Meester se Onsterflike Rede 146:3.*

### *Eerste en Tweede Gebod*

1. Wanneer word ‘n voorwerp vir ons ‘n afgod?
2. Verduidelik hoekom ons nie beelde of afbeeldings van God kan gebruik en Hom op hierdie wyse aanbid nie?
3. Noem ‘n paar voorwerpe wat baie gebruik word as voorwerpe van aanbidding, huidiglik en ook in die verlede?

## *Die Derde Gebod*

1. Maak ‘n lys van sommige van die items, behalwe die Here se naam, wat betrokke is by die oortreding van die derde gebod.
2. Maak ‘n lys van etlike van die Here se name.
3. Wat is ‘n geregtelike eed?
4. Hoe verskil die tweede en derde gebooie van die ander agt?

## *Die Vierde Gebod*

1. Hoe kan die Sabbat beskou word as die verjaarsdag van die wêreld? Verduidelik hoekom dit nie verander kan word nie.
2. Maak ‘n lys van daardie dinge waarvolgens ons weet dat die Sabbat voor Sinai gehou is.
3. Bewys dat die sewende dag Sabbat die Sabbat was na Christus se opstanding.
4. Noem die doelwitte van die Sabbat.
5. Hoe moet die Sabbat gehou word?
6. Kan jy seker wees dat die Saterdag op ons almanakke wel die dag is wat God oorspronklik geseën het?

## *God se Seël*

1. Dit is onmoontlik vir iemand wat in evolusie glo of ‘n ateïs is om die sewende dag Sabbat te hou. Verduidelik.
2. Definieer die woord “seël.”
3. Gee ‘n sinoniem vir die woord “seël.”
4. Watter drie dinge word in ‘n seël gevind? Vind hierdie drie dinge in die Sabbatsgebod.
5. Van watter twee dinge is die Sabbat ‘n teken?
6. Wat is die verhouding tussen die verseëlingswerk en die oorblyfselkerk?


## *Sondag in die Nuwe Testament*

1. Wie het die eerste Sondagwet uitgevaardig?
2. Na wie verwys 2 Thessalonicense 2:2-4?
3. By wie het Sondag as ‘n aanbiddingsdag sy oorsprong gehad?
4. Hoeveel keer kom die “eerste dag van die week” in die Nuwe Testament voor?
5. Toon dat die sleuteltekste van hierdie les geen bewyse van Sondag heiligheid lewer nie.

# EENHEID 6 – DIE MENS SE PLIG TEENOOR SY MEDEMENS

**Die wil van God soos dit verband hou met morele gedrag word bevat in Sy wet, die Tien Gebooie. Hierdie is groot morele, onveranderlike voorskrifte, bindend vir alle mense in elke eeu. *Exodus 20:1-17.***

“En die tweede (gebod) wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Matthéüs 22:39.



# LES 39 – DIE VYFDE GEBOD

*Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee. Exodus 20:12.*

**Ouers is geregtig op ’n mate van liefde en agting wat geen ander persoon toekom nie. God self, wat hulle verantwoordelik hou vir die siele wat aan hulle sorg toevertrou is, het bepaal dat die ouers gedurende die vroeë lewensjare van hulle kinders in die plek van God teenoor hulle staan. Wie dus die regmatige gesag van sy ouers verwerp, verwerp die gesag van God. Die vyfde gebod verg van die kinders nie net agting, onderdanigheid en gehoorsaamheid aan hulle ouers nie, maar hulle word ook gebied om hulle lief te hê en tederlik te bejeën, om hulle sorge te verlig, oor hulle goeie naam te waak en om hulle in hulle ouderdom te onderhou en te troos. Dit skryf ook voor dat hulle agting moet hê vir predikante en regeerders en ander wat God met gesag beklee het.** *– Patriarge en Profete, 308:2.*

## *Die Verantwoordelikheid van Kinders*

**1. Watter woorde het God vanaf Sinai gespreek rakende kinders en hulle ouers?** Exodus 20:12.

**2. Wat staan ‘n seun te doen met die tug van sy vader en wat moet hy nie doen met die onderwysing van sy moeder?** Spreuke 1:8.

**3. Wat word ingesluit by gehoorsaamheid aan ouers?** Efésiërs 6:1; Kolossense 3:20.

**4. Onder watter omstandighede mag ‘n kind regmatig weier om ‘n ouer te gehoorsaam?**

Soos in elke ander geval van gehoorsaamheid aan diegene in posisies van verantwoordelikheid, **(slegs wanneer die gehoorsaamheid wat vereis word teenstrydig is met God se bevele, mag ‘n mens weier om te gehoorsaam).**

a. Geval van Saulus en Jonathan. 1 Samuel 19:1-3.
b. Die apostels en die Joodse leiers. Handelinge 4:19; 5:29.
c. Paulus sê: “Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here.” Efésiërs 6:1.

**5. Wat onderskei die vyfde gebod van al die ander?** Efésiërs 6:2, 3.

Hierdie is die eerste gebod met ‘n belofte. Dit is bindend vir kinders en die jeug, vir middeljariges en bejaardes. Daar is geen stadium in die lewe wanneer kinders vrygestel word van eerbetoning aan hulle ouers nie. Hierdie ernstige verpligting is bindend vir elke seun en dogter, en is een van die voorwaardes om hulle lewens te verleng in die land wat die Here sal gee aan diegene wat getrou is. *– Testimonies, vol. 2, 80:1.*

**6. Verseker God ‘n seun of ‘n dogter van die ewige lewe as sy of haar ouers Godvrugtige lewens gelei het?** Eségiël 14:13-20.

Nieteenstaande al die angs en getrouheid van ouers ten behoewe van hulle kinders, hulle alleen kan die kinders nie red nie. Daar is ‘n werk vir die kinders om te doen. Elke kind het ‘n persoonlike saak waaraan hy aandag moet skenk. – *Messages to Young People 338:1.*

**7. Wat hoort een van die hoofstudies van kinders te wees?**

Kinders wat Christene is, sal die liefde en goedkeuring van hulle Godvresende ouers verkies bo elke aardse seën. Hoe om hulle ouers gelukkig te maak, hoort een van die hoofstudies van hulle lewens te wees. – *Messages to Young People, 335:3.*

**8. Die voorbeeld van Jesus in die huis.** Lukas 2:51.

Jesus is ons voorbeeld. Vele stel groot belang in die tydperk van Sy openbare bediening maar slaan geen ag op die lesse van Sy jeug nie. Maar dit is in Sy huislike lewe dat Hy die voorbeeld vir alle kinders en jongmense is. – *Koning van die Eeue, 74:4.*

**9. In watter lys van omstandighede plaas Paulus ongehoorsaamheid aan ouers?** 2 Timótheüs 3:1-5.

**10. Aan wie moet ons eer betoon?**

**a. God.** Spreuke 3:9; 1 Timótheüs 1:17.
**b. Jesus.** Johannes 5:23.
**c. Die magte wat oor ons gestel is.** Romeine 13:1-6; 1 Petrus 2:13, 14.
**d. Die koning.** 1 Petrus 2:17.
**e. Bejaardes.** Levítikus 19:32.
**f. Weduwees.** 1 Timótheüs 5:3.
**g. Almal.** 1 Petrus 2:17.

## *Dink Hieroor*

1. Die behoefte aan respek vir die raad van ‘n Goddelike ouer is een van die kenmerkende sondes van hierdie afvallige eeu. Deur die veragting van die raad van ‘n Godvresende moeder, wat gewillig sou wees om haar lewe vir haar kinders te gee, oortree jy die vyfde gebod. – *Testimonies, vol. 5, 125:1.*

2. Kinders …wat aan hulle eie wil oorgelaat word, is nie gelukkig nie; en waar ouerlike gesag ligtelik beskou word, sal daar nie respek vir God se gesag wees nie. – *Testimonies, vol. 5, 305:1.*

3. Beide kinders en ouers behoort aan God, om deur Hom regeer te word. God het vir ons leiding reëls gegee. God se wil moet bo alles voorkeur geniet. Nóg die ouer nóg die kind kan werklik voorspoedig wees behalwe as hy die Here se weg volg. – *Testimonies, vol. 5, 548:1.*

4. Die hoogste diens wat ouers vir God kan doen, is om hulle kinders op te voed en te leer om Christene te wees. … As ons hierdie verantwoordelikheid verwaarloos, bewys ons dat ons ontroue rentmeesters is. Geen verskoning vir so ‘n versuim is vir God aanneemlik nie. – *Gelykenisse van Christus, 195:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:1
Efésiërs 6:1
2 Timótheüs 3:1-5

## *Definieer of Identifiseer*

Beskerm reputasie
Eer
Respek / Respekteer
Om te gehoorsaam

# LES 40 – DIE SESDE GEBOD

*Jy mag nie doodslaan nie. – Exodus 20:13.*

**Elke onregverdige daad wat geneig is om die lewe te verkort; 'n gees van nyd en wraaksug of toegewing aan enige drif waardeur 'n ander benadeel word of wat ons selfs laat begeer om hom seer te maak (want "elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar"); 'n selfsugtige nalatigheid in die versorging van van hulpbehoewendes of lydendes; elke buitensporigheid of onnodige onthouding of oordadige werk wat neig om die gesondheid te benadeel – al hierdie dinge is in 'n kleiner of groter mate 'n oortreding van die sesde gebod.** *– Patriarge en Profete, 308:5.*

## *Die Waarde van Menselewens*

**1. Aangesien alle lewe van God die Skepper afkomstig is (Job 33:4; Handelinge 17:25), het Hy die alleenreg om dit weg te neem.**

**2. Wat is God se houding teenoor die goddelose?** Eségiël 33:11.

**3. Die waarde van enigiets word bepaal deur die prys wat daarvoor betaal is. Watter prys is vir die lewe van die mens betaal?** 2 Korinthiërs 5:15; 1 Petrus 1:18, 19.

Alle mense is teen hierdie onberekenbare prys gekoop. *– Gelykenisse van Christus, 326:1.*

## *Die Neem van Lewe*

**4. Op watter voorwaarde kon 'n mens doodgemaak word?** Génesis 9:6; Númeri 35:16-19.

**5. Hoekom is Kain se lewe gespaar?** Génesis 4:9-16.

Ondanks Kain se misdryf wat die doodsvonnis verdien het, het 'n genadige Slepper sy lewe gespaar en hom nog 'n geleentheid vir berou geskenk. Maar Kain het net sy hart verhard, meer opstand teen die Goddelike gesag opgestook en hoof geword van 'n geslag van vermetele, losbandige sondaars. … Deur die lewe van die eerste moordenaar te spaar, het God aan die ganse heelal 'n les gegee met betrekking tot die groot stryd. Die skandelike geskiedenis van Kain en sy nakomelinge was 'n voorbeeld van wat die gevolge sou gewees het as God die sondaar sou toelaat om vir ewig te leef en sy verset teen Hom voort te sit. Ten gevolge van die verdraagsaamheid van God het die goddeloses net al vermeteler en meer tartend in hulle ongeregtigheid geword. Vyftienhonderd jaar nadat Kain gevonnis was, het die heelal die vrugte van sy invloed en voorbeeld aanskou in die misdadigheid en onreinheid wat die aarde oorstroom het. Dit was toe duidelik dat die doodsvonnis wat weens sy oortreding oor die gevalle mensdom uitgespreek is, sowel genadig as regverdig was. *– Patriarge en Profete, 78:1, 2.*

Eva het getreur oor hulle seun, en hulle het begin bewus word van die volle straf van die sonde. *Patriarge en Profete, 78:1, 2.*

**6. Watter voorsiening is gemaak in die wette van outydse Israel vir die persoon wat iemand doodmaak sonder vyandskap, haat, of die bedoeling om hom leed aan te doen?** Númeri 35:22-29.

**7. Hoeveel getuies was onder daardie wette benodig voordat enigiemand doodgemaak kon word?** Deuteronómium 17:6.

**8. Hoekom is dit dat die hart van mensekinders so vol is om boosheid te doen?** Prediker 8:11.



***Toe Kain sy broer Abel doodgemaak het, het hy die eerste moord gepleeg. Adam en Eva het getreur oor hulle seun en het begin bewus word van die volle straf van die sonde.***

## *Die Nuwe Testamentiese Lering*

**9. Wie word nou erken as die persoon wat verantwoordelik is vir die bestraffing van kwaaddoeners?** Romeine 13:1-4.

Hy word selfs ‘n dienaar van God genoem, ‘n wreker om die een wat kwaad doen, te straf. Romeine 13:4.

**10. Waar het moord sy oorsprong?** Matthéüs 5:21, 22; 1 Johannes 3:15.

**11. Wie was van die begin af ‘n moordenaar?** Johannes 8:44.

**12. Indien Jesus se koninkryk van hierdie wêreld was, wat het Hy gesê sou Sy dienaars gedoen het?** Johannes 18:36.

**13. Wat het Jesus vir Petrus gesê toe hy probeer het om sy Meester met die swaard te verdedig?** Matthéüs 26: 51-53.

**14. Volgens Jesus, wat identifiseer ons met onse "Vader wat in die hemele is"?** Matthéüs 5:44, 45.

## *Misdade Wat in Ou Testamentiese Tye die Doodstraf Verdien Het*

**15. Noem die misdade wat onder die teokrasie die doodstraf verdien het:**

a. Hy wat 'n man slaan, dat hy sterwe. Exodus 21:12.
b. Hy wat sy vader of moeder vloek. Exodus 21:17.
c. Die eienaar van 'n bees wat daarvan bewus is dat die dier gevaarlik is maar hom nie inperk nie, en daardie bees maak 'n persoon dood. Exodus 21:29.
d. 'n Persoon in wie daar 'n gees van 'n afgestorwene is: 'n waarsêer, of 'n towerheks. Exodus 22:18; Levítikus 20:27.
e. Hy wat aan die gode offer, behalwe aan die HERE alleen. Exodus 22:20.
f. Elkeen wat sy kinders aan Molog offer. Levítikus 20:1-5.
g. Owerspel. Levítikus 20:10.
h. Ander gode dien. Deuteronómium 17:1-5.
i. 'n Koppige en wederstrewige seun, 'n deurbringer en 'n dronkaard. Deuteronómium 21:18-21.
j. Iemand wat 'n persoon steel en hom verkoop. Deuteronómium 24:7.

## *Dink Hieroor*

1. Die gees van haat en wraaksug het sy oorsprong by die Satan, en dit het hom daartoe beweeg om die Seun van God dood te maak. Wie ook al kwaadwilligheid of onvriendelikheid koester, koester dieselfde gees, en sy vrugte lei na die dood. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 56:2.*

2. Moord ontstaan eers in die gedagte. Hy wat haat koester, volg die pad van die moordenaar en sy offer is 'n gruwel vir God. – *Koning van die Eeue, 310:2.*

3. Maar wie meen dat hy hom onder die geringste provokasie aan woede of haatdraendheid kan oorgee, stel sy hart aan die Satan bloot. Bitterheid en vyandigheid moet uit die siel geweer word as ons in harmonie met die hemel wil leef. – *Koning van die Eeue, 310:4.*

4. God sal ons verantwoordelik hou vir selfs 'n woord wat minagtend gespreek word van een siel vir wie Christus Sy lewe neergelê het. – *Thoughts from the Mount of Blessings, 56:3.*

5. Ons moet die werk van oordeel en veroordeling aan God oorlaat. – *Thoughts from the Mount of Blessings, 90.3*

## *Tekste Om te Onthou*

Exodus 20:13; Prediker 8:1; Matthéüs 5:44, 45

## *Definieer of Identifiseer*

Haat; Gevoelloosheid teenoor die mens; Wraak
Aan My kom die wraak toe, spreek die Here.

# LES 41 – DIE SEWENDE GEBOD

*Jy mag nie egbreek nie. Exodus 20:14.*

**Hierdie gebod belet nie net onkuise dade nie, maar ook die sinlike gedagtes en begeertes of enige gebruik wat dit aanmoedig. Kuisheid word nie net vir die uiterlike lewe geverg nie, maar ook vir die geheime bedoelings en gevoelens van die hart. Christus wat geleer het hoe verreikend die verpligtinge van die wet van God is, het verklaar dat die bose gedagte of blik net so sondig is as die onwettige daad.** – *Patriarge en Profete, 308:7.*

## *Huwelik en Egskeiding*

**1. Waar en deur wie is die eerste huwelik voltrek?** Génesis 2:21-24.

God het die eerste huwelik voltrek. Hierdie instelling het dus by die Skepper van die heelal ontstaan. Die huwelik is eerbaar; dit is een van die eerste gifte wat God aan die mens gegee het, en dit is een van die twee instellinge wat Adam ná die sondeval saam met hom uit die Paradys uitgeneem het. Indien die Goddelike beginsels in hierdie verhouding erken en gehoorsaam word, is die huwelik 'n seën; dit bevorder die kuisheid en geluk van die mensdom, dit voorsien in die mensdom se maatskaplike behoeftes, dit veredel sy liggaamlike, verstandelike en sedelike natuur. – *Patriarge en Profete, 46:3.*

**2. Watter woorde gebruik Christus om te erken dat die huwelik van God is?** Matthéüs 19:5, 6.

Jesus (het) die huwelik as 'n Goddelike instelling erken. – *Koning van die Eeue, 151:1.*

**3. Wat word die man en die vrou ten tye van die huwelik?** Génesis 2:24.

**4. As gevolg van Sara en Abraham se fout met betrekking tot die beloofde seun, en die daaruit volgende moeilikheid tussen Sara en Hagar, watter opdrag het Abraham ontvang wat die heiligheid van die huweliksverhouding bevestig?** Génesis 21:11, 12.

Wat Abraham aangaande die heiligheid van die huweliksverhouding geleer is, moes deur al die eeue as les dien. Daaruit blyk dit duidelik dat die regte en geluk van hierdie verhouding versigtig bewaak moet word, selfs al verg dit groot opoffering. – *Patriarge en Profete, 147:1.*

**5. Hoe lank is die huwelik bindend vir die huwelikspaartjie?** Romeine 7:2; 1 Korinthiërs 7:39.

**6. Watter gebooie was veral bedoel om die gesinslewe te beskerm?** Exodus 20:14, 17.

Die familieband is die nouste, die teerste en die heiligste van aardse bande. Dit is as 'n seën vir die mensdom bedoel. En orals waar die huwelik op 'n intelligente wyse, in die vrees van God en met 'n besef van die verantwoordelikhede aangegaan word, is dit 'n seën. – *Die Helende Hand, 356:4.*

**7. Hoe het Ons Heiland die sewende gebod geïnterpreteer?** Matthéüs 5:27, 28.

**8. Alleenlik onder watter omstandighede mag die huweliksverhouding ontbind word?**
Matthéüs 5:32; 19:9.

In die Bergpredikasie het Jesus duidelik gesê dat die egbande nie verbreek kan word behalwe oor ontrouheid aan die huweliksgelofte nie. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 63:1.*

**9. Onder watter omstandighede alleenlik het enigiemand die reg om weer in die huwelik te tree?** Matthéüs 5:32; 19:9.

Alhoewel die Heilige Skrifte voorsiening maak vir verbreking van die egband in gevalle van "ontrouheid aan die huweliksgelofte," moet ernstige pogings deur die betrokke persone aangewend word om 'n versoening teweeg te bring deur die onskuldige huweliksmaat aan te moedig om die skuldige te vergewe, en die laasgenoemde om sy of haar gedrag te verander, sodat die huwelikseenheid behoue kan bly. Ingeval versoening nie teweeggebring kan word nie, het die onskuldige huweliksmaat die Bybelse reg om 'n egskeiding te verkry, en ook om weer te trou. – *Church Manual, 241, artikels 2, 3.*

**10. Onder watter ander sondes word die skending van die sewende gebod genoem?** Galásiërs 5:19, 20; Efésiërs 5:3, 2.

**11. Wat hoort die Christen te vermy?** 1 Thessalonicense 5:22.

**12. Hoe versigtig hoort ons ons gedagtes en woorde te bewaak?** 1 Korinthiërs 15:33; Efésiërs 4:29.

**13. Wat word Christene aangeraai om te bedink?** Filippense 4:8.

**14. Watter uitsonderlike voorbeeld van reinheid word in die Skrif gevind?** Génesis 39:7-23.

**15. Watter voorreg wag vir diegene wat rein van hart is?** Matthéüs 5:8.

## *Dink Hieroor*

1. Almal wat daar [in die Godstad] sal woon, sal hier rein van hart geword het. Die mens wat van Jesus leer, sal 'n toenemende afkeer hê van onverskillige gedrag, onwelvoeglike taal en onbehoorlike gedagtes. As Christus in die hart woon, sal die gedagtes en gedrag rein en verfynd word. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 24:3.*

2. Dié wat rein van hart is, leef in die tydjie wat hulle op aarde gegun word asof hulle in die sigbare teenwoordigheid van God is. En in die toekomstige, onsterflike lewe sal hulle Hom van aangesig tot aangesig sien, net soos Adam toe hy in Eden met God gewandel en gesels het. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 27:1.*
3. As die bose gedagte innerlik gekoester word, hoe heimlik ook al, het Jesus gesê, wys dit dat die sonde nog in die hart heers. – *Die Meester se Onsterfike Rede, 60:1.*

4. Want soos hy (enigiemand) in sy siel bereken, so is hy. Spreuke 23:7.

5. Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.
Spreuke 4:23.

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:14
Matthéüs 5:27, 28
Matthéüs 5:8
Filippense 4:8

## *Definieer of Identifiseer*

Grond vir egskeiding
Begeerlikheid
“Die huwelik is eerbaar”

# LES 42 – DIE AGSTE GEBOD

*Jy mag nie steel nie. Exodus 20:15.*

**Die agste gebod belet mensediefstal en slawehandel en dit belet ook roofsugtige oorloë. Dit veroordeel diefstal en rowery. Dit vereis die strengste onkreukbaarheid in die geringste lewensake. Dit belet oneerlikheid in die handel en vereis dat regmatige skuld en lone betaal moet word. Dit deel ons mee dat elke poging om munt te slaan uit die onkunde, swakheid of ongeluk van 'n ander in die boeke van die hemel as bedrog opgeteken staan.** – *Patriarge en Profete, 309:1.*

## *Om Ons Medemens te Besteel*

**1. Wat was die straf as iemand 'n bees steel en dit slag of verkoop? 'n Skaap?** Exodus 22:1.

**2. Hoe moes 'n persoon wat 'n Israeliet gesteel en verkoop het, gestraf word?** Deuteronómium 24:7.

**3. Watter waarneming word gemaak rakende 'n persoon wat "saam met 'n dief deel"?** Spreuke 29:24.

**4. Het die mens geweet dat dit verkeerd is om te steel voordat God die gebooie op Sinai gespreek het?** Génesis 31:30-32.

**5. Hoe het die mens die gebooie voor Sinai geken?** Romeine 2:14, 15.

Onmiddellik nadat hulle geskape was, het Adam en Eva 'n kennis van die wet van God gehad; hulle het geweet wat dit van hulle eis; Sy gebooie was op hulle harte geskryf.…Adam het sy kinders die wet van God geleer, en dit is deur opeenvolgende geslagte van vader tot seun aangegee. – *Patriarge en Profete, 363:1, 2.*

**6. Watter van Jesus se volgelinge was bereid om vierdubbel terug te gee aan diegene wat hy afgepers het?** Lukas 19:8.

**7. Watter fundamentele mensereg het die agste gebod bevestig?** Dit is 'n fundamentele reg van elke persoon om eiendom te besit.

## *Om God te besteel*

**8. Gee die antwoorde op die twee vrae in Maleági 3:8.**

**9. Is die tiende stelsel steeds van krag?** Matthéüs 23:23.

Die tiende stelsel was geen las vir diegene wat nie van die plan afgewyk het nie. Die stelsel wat vir die Hebreërs voorgeskryf is, is nie herroep of verflou deur die Een wie dit ingestel het nie. – *Testimonies, vol.3, 392:0.*

Alles wat teruggehou word van dit waarop God aanspraak maak, die tiende van jou hele opbrengs, word in die boeke van die hemel as diefstal aangeteken teen die persone wat dit terughou. – *Testimonies, vol. 3, 394:3.*

**10. Wat was Paulus se raad aan diegene wat steel?** Efésiërs 4:28.

**11. Wie het Jesus as 'n dief en 'n rower beskryf?** Johannes 10:1.

Die Fariseërs het nie besef dat hierdie woorde teen hulle gemik was nie. … Christus is die deur van die kudde van God. Deur hierdie deur het al Sy kinders van die vroegste tye af ingekom. … Baie het ander voorwerpe vir die geloof van die wêreld kom aanbied; seremonies en stelsels is besin waardeur die mens gehoop het om regverdiging en vrede by God te verkry en om so by Sy kraal te kan ingaan. Maar die enigste Deur is Christus en almal wat iets anders in die plek van Christus aangebied het, almal wat getrag het om die kraal langs 'n ander weg binne te gaan, is diewe en rowers. – *Koning van die Eeue, 477:2, 3.*

**12. Watter woorde van hoop het Christus teenoor die boetvaardige dief op die kruis gespreek?** Lukas 23:42, 43.

**13. Van watter toestand, wat betrekking het op bedrog in die laaste dae, het Jakobus na verwys?** Jakobus 5:1-8.

**14. Wat sal "diewe" nooit beërwe nie?** 1 Korinthiërs 6:9, 10.

## *Dink Hieroor*

1. Indien daar meer kleingeld aan jou oorbetaal word wanneer jy iets koop, wat hoort jy daarmee te doen?

2. Indien iemand nalaat om vir jou 'n billike rekening te stuur, wat hoort jy te doen?

3. Wat is jy as jy nie jou skulde betaal nie?

4. As 'n man R2000 per maand verdien, hoeveel tiende hoort hy in die kerk se skatkis in te betaal?

5. As 'n student wat werk om sy studiegeld te betaal en alles wat hy verdien benodig om sy onkostes te dek, R600 per maand vir sy werk verdien, hoeveel tiende hoort hy te betaal?

6. Veronderstel 'n man betaal R1000 huurgeld vir 'n plaas vir een jaar, en R1000 vir helpers op die plaas gedurende die jaar, en hy het ander uitgawes van R1500. Hy ontvang R5000 vir sy oeste, R750 vir melk en eiers, en R250 vir verskeie ander items. Hoeveel tiende hoort hy in die kerk se skatkis in te betaal?

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:15
Johannes 10:1
Efésiërs 4:28

# LES 43 – DIE NEGENDE GEBOD

*Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Exodus 20:16.*

**‘n Valse voorstelling van enige saak, elke poging om ‘n ander om die bos te lei, word hierby ingesluit. Valsheid beteken die bedoeling om te mislei. Deur ‘n blik van die oog, ‘n beweging van die hand of ‘n uitdrukking aan die gesig kan ‘n leuen net so maklik vertel word as met woorde. Elke opsetlike oordrywing, elke wenk of aantyging wat bedoel is om ‘n verkeerde of oordrewe indruk te maak, selfs as mens die waarheid vertel met die doel om ‘n verkeerde indruk te skep, al hierdie dinge is leuens. Hierdie gebod belet elke poging om ‘n ander se goeie naam te skend deur wanvoorstelling of kwade vermoedens, deur laster of skinderstories. Selfs doelbewuste onderdrukking van die waarheid, wat ander tot nadeel kan strek, is ‘n oortreding van die negende gebod.** *– Patriarge en Profete, 309:3.*

## *Leuens en Misleiding*

**1. Wie is aangewys as die vader van leuens en van diegene wat leuens vertel?** Johannes 8:44.

**2. Wat is sy eerste leuen wat opgeteken is?** Génesis 3:4.

**3. Hierdie eerste opgetekende leuen is die basis van watter algemene opvatting?**

Die hedendaagse spiritisme en die vorms van die outydse towery en afgodediens – wat almal op die beginsel van gemeenskap met die dode berus – berus op die eerste leuen waarmee die Satan Eva in Eden mislei het: “Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet… julle soos God sal wees.” (Génesis 3:4, 5). Albei berus op ‘n leuen en bevorder dit en albei kom van die vader van die leuen. *– Patriarge en Profete, 685:2.*

**4. Watter van die sewe dinge wat vir God ‘n gruwel is, hou verband met die negende gebod?**
Spreuke 6:16-19.

**5. Watter voorsorg is in die dae van Israel getref om met valse getuies af te reken?**
Deuteronómium 19:15-20.

## *Bybelse Voorbeelde*

Die Alwyse het gesien dat hierdie duidelike openbaring van die toorn van God noodsaaaklik was om die jong gemeente teen verdorwenheid te beskerm. Hulle getalle het vinnig toegeneem. Dit sou die gemeente in gevaar gestel het indien daar deur middel van die vinnige aanwas manne en vroue ingebring was wat, onderwyl hulle voorgee om God te dien, mammon nog aanbid. Hierdie oordeel het getuig dat mense God nie kan bedrieg nie, dat Hy die verborge sonde in die hart bespeur en dat Hy Hom nie laat bespot nie. Dit was bedoel om vir die kerk ‘n waarskuwing te wees en om hulle daartoe te bring om skyn en huigelary te vermy en op hulle hoede te wees om God nie te beroof nie. … Uit die strenge straf wat Hy aan daardie meinediges uitgedeel het, wil God hê dat ons ook moet leer hoe ‘n groot haat en afsku Hy vir alle huigelary en bedrog het. Deur voor te gee

dat hulle alles gegee het, het Ananias en Saffira vir die Heilige Gees gelieg, en gevolglik het hulle hierdie lewe en die toekomstige lewe ook verloor. Dieselfde God wat hulle gestraf het, veroordeel in ons tyd alle bedrog. *– Handelinge van die Apostels, 73:4; 75:3.*

**7. Vertel die ondervinding van Gehási.** 2 Konings 5:20-27.

Ernstige lesse word geleer deur die ondervinding van een aan wie daar groot en heilige voorregte gegee is. Gehási se optrede was sulks dat dit 'n struikelblok geplaas het op die weg van Naaman, aan wie 'n wonderbaarlike lig geopenbaar is, en wie goedgesind was teenoor die diens van die lewende God. Daar was geen verskoning vir Gehási se bedrog nie. Hy was melaats tot die dag van sy dood, vervloek deur God, en vermy deur sy medemens. *– Profete en Konings, 252:1.*

**8. Hoort ons 'n leuen te vertel om ons lewe te red?**

Die lewe self hoort nie met die prys van 'n leuen gekoop te word nie. By wyse van 'n woord of 'n knik kon die martelaars die waarheid ontken en hulle lewens red. Deur in te stem om 'n enkele graan wierook op die afgodsaltaar te plaas, sou hulle gered gewees het van die pynbank, die skavot, of die kruis. Maar hulle het geweier om in woord of daad vals te wees, alhoewel die voordeel wat hulle daaruit sou trek deur dit te doen, die lewe self was. Gevangenskap, marteling en die dood, met 'n skoon gewete, was deur hulle verwelkom, pleks van bevryding op voorwaarde van bedrog, leuens en geloofsversaking. Deur getrouheid en geloof in Christus het hulle die vlekkelose kleed en kroon wat met juwele versier is, verdien. - *Testimonies, vol. 4, 336:2.*

**9. Wat is opgeteken rakende Christus se voorbeeld?** 1 Petrus 2:21-23.

**10. Hoe word die "oorblyfsel van Israel" beskryf?** Sefánja 3:13; Openbaring 14:5.

## *Die Einde van Diegene wat Vals Is*

**11. Wat het God berei vir die duiwel en sy engele?** Mattheüs 25:41.

**12. Wie anders gaan ook in die "poel wat brand met vuur en swawel" wees?** Openbaring 21:8.

**13. Hulle wat God se gebooie doen, sal ingaan deur die poorte in die Nuwe Jerusalem.**
Openbaring 22:14.

**13b. Waar gaan elkeen wat leuens liefhet en doen, wees?** Openbaring 22:15.

**14. Watter gebed hoort elke Christen te bid?** Psalm 19:15.

## *Dink Hieroor*

1. Die mens dink dat hy die geregtigheid van God voorstel, maar hy stel nie Sy teerheid en Sy groot liefde teenoor ons voor nie. 'n Menslike versinsel, met sy oorsprong in die skoonklinkende liste van die Satan, kom in die blinde oë van die mens voor as iets wat nie onredelik is nie, want dit is inherent in sy geaardheid. 'n Leuen, aanvaar, en oor en oor vertel, word vir hom 'n waarheid. Dus word die doel van die sataniese magte

bereik, dat die mens tot hierdie gevolgtrekkings moet kom deur die werking van sy eie vindingryke denke. – *Testimonies for Ministers, 363:4.*

2. Almal wat nie die Skrifte in erns ondersoek en elke begeerte en lewensdoel aan daardie onfeilbare toets onderwerp nie, almal wat God nie in gebed soek om ‘n kennis van Sy wil te bekom nie, sal sekerlik die regte spoor byster raak en onder die misleiding van die Satan val. – *Testimonies, vol. 5, 192:3.*

3. Leuens wat die Satan vertel het:
a. dat Gods wet afgeskaf is.
b. dat die dode nie bewusteloos is nie, maar meer aktief as ooit vantevore.
c. dat die skeppingsdae nie letterlike dae was nie, maar lang tydperke.
d. dat die mens stap vir stap vanaf laer diersoorte en plantlewe ontwikkel het.
e. dat God se genade Sy geregtigheid getroef het.

4. Satan, soos ‘n engel beklee, sal, indien moontlik, die uitverkorenes mislei. – *Testimonies, vol. 5, 80:1.*

5. Dit is nooit geregverdig om leuens te vertel nie. Ons mag nie altyd in ‘n posisie te wees waar ons alles wat ons weet, kan vertel nie, maar ons hoort nooit dit te vertel wat ons weet onwaar is nie. Baie keer is swye goud. By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig. Spreuke 10:19.

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 20:16
1 Petrus 2:21-23
Johannes 8:44
Openbaring 14:5

## *Definieer of Identifiseer*

Kwade verdenking
Oordrywing
Huigelary
Bedoeling om te mislei
Wanvoorstelling

# LES 44 – DIE TIENDE GEBOD

*Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagde, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. Exodus 20:17.*

**Die tiende gebod raak die wortel van alle sonde deur die selfsugtige begeerte te belet waaruit die sondige daad gebore word. Hy wat gehoorsaam is aan die wet van God, waak teen die sondige begeerte vir iets wat aan 'n ander behoort, sal hom nie skuldig maak aan 'n verkeerde daad teenoor sy medeskepsele nie.** – *Patriarge en Profete, 309:5.*

## *Die Aard van Hebsug*

**1. Wat is hebsug?**

Hebsug word as volg gedefinieer: Om 'n buitensporige verlange te hê vir iets wat aan iemand anders behoort. Dit impliseer veral 'n oordrewe begeerte vir dit wat aan 'n ander behoort. – Webster.

**2. Ten tye van 'n geleentheid toe Jesus 'n skare toegespreek het, waarteen het Hy hulle gewaarsku?** Lukas 12:15.

**3. Wat het die apostel Paulus hebsug genoem?** Efésiërs 5:5; Kolossense 3:5.

**4. Waarvandaan kom hebsug?** Markus 7:21-23.

**5. Wat sal hebsug ons waarskynlik lei om te doen?** Deuteronómium 16:19; Miga 2:2.

Om iets deur geweld te neem en om omkoopgeld te aanvaar, is die gevolge van hebsug of gierigheid.

**6. Wat sal oor 'n gierige persoon kom?** Kolossense 3:6.

**7. Wat het Jesus gesê, kan ons nie doen nie?** Lukas 16:13.

## *Voorbeelde van Hebsug*

**8. Bestudeer die gelykenis van die ryk man soos in Lukas 12:16-21 opgeteken.**

**9. Watter toepassing van hierdie gelykenis het Jesus gemaak?** Lukas 12:20.

**10. Wat het Agan gedoen as gevolg van hebsug?** Josua 7:20-22.

**11. Wat het Judas gedoen as gevolg van dieselfde sonde?** Markus 14:10, 11.

**12. In die tyd van Christus, van watter sonde was die Fariseërs skuldig?** Lukas 16:14.

**13. Gaan kortliks die ondervinding van Bíleam na in sy poging om rykdom te bekom.**
Númeri 22:23, 24.

Bíleam was voorheen ‘n goeie man en ‘n profeet van die Here; maar hy het afvallig geword en hom aan die begeerlikheid oorgegee; nogtans het hy nog voorgegee dat hy ‘n dienaar van die Allerhoogste was. - *Patriarge en Profete, 439:2.*

**14. Hoe word geldgierigheid beskryf?** 1 Timótheüs 6:10.

**15. Waarvoor het Paulus het die Korinthiërs vermaan om hulleself te beywer?** 1 Korinthiërs 12:31.

**16. Watter sondes is veral aanstootlik vir God?**
In Psalm 10:3 lees ons: Want die goddelose juig oor die begeerte van sy siel; en hy seën hom wat onregverdige wins maak (maw die gierigaard), hy verag die Here.
Die grootste sonde wat nou in die kerk bestaan is hebsug (of gierigheid). God se frons rus op Sy belydende volk vir hulle selfsugtigheid. – *Testimonies, vol.1, 194:2.*

## *Dink Hieroor*

1. Ek het gesien dat die Israel van God se belydende volk moet opstaan en hulle krag in God hernu deur die hernuwing en onderhouding van hulle verbond met Hom. Hebsug, selfsugtigheid, die liefde vir geld, en die liefde vir die wêreld is algemeen onder diegene wat die Sabbat onderhou. Hierdie euwels is besig om die gees van opoffering onder Gods volk uit te wis. Diegene in wie se harte daardie hebsug is, is onbewus daarvan. Dit het ongemerk in hulle toegeneem, en tensy dit wortel en tak uitgeroei word, sal hulle vernietiging net so seker wees soos die van Agan. – *Testimonies, vol. 1, 140:1 (1948 uitgawe, 140:2).*

2. [Satan sê:] Laat hebsug en liefde vir aardse skatte die oorhand kry in hulle [die lidmate van die kerk se] harte. Solank as hierdie dinge die botoon vier, sal die verlossing en die genade op die agtergrond gestel word. Omring hulle van allerhande aanloklikhede, en ons sal hulle sekerlik in ons mag kry. – *Eerste Geskrifte, 267:0.*

3. Alle gierigheid word as afgodery veroordeel. Alle selfverwenning is afstootlik in Gods oë. – *Gelykenisse van Christus, 261:3.*

4. Om vir die self te lewe, beteken vernietiging. Hebsug, die begeerte vir voordeel net ter wille van die self, sny die siel van die lewe af. Dit is die gees van die Satan om te kry, om vir die self te versamel. Dit is die gees van Christus om te gee, om die self ter wille van andere op te offer. – *Gelykenisse van Christus, 259:1.*

5. Christene hoort hulself te beskou bloot as kanale waardeur genade en seëninge vanaf die Fontein van alle goedheid na hulle medemens kan vloei. – *Testimonies, vol. 4, 485:1.*

# LES 45 – DIE MENS SE PLIG TEENOOR SY MEDEMENS – OPSOMMING VAN EENHEID 6

*En die tweede [gebod] wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*
*Matthéüs 22:39.*

**Alles in die natuur, vanaf die stofdeeltjie in die sonstraal tot die wêrelde daarbo, is aan wette onderhewig. En die orde en harmonie van die natuurwêreld is van gehoorsaamheid aan hierdie wette afhanklik. So is daar verhewe beginsels van geregtigheid wat die lewe van alle intelligente wesens beheer en aan die nakoming van hierdie beginsels hang die welsyn van die heelal af.** – *Die Meester se Onsterflike Rede, 48:1.*

## *Die Vyfde Gebod*

1. Verduidelik hoekom ouers "geregtig is op 'n mate van liefde en agting wat geen ander persoon toekom nie."
2. Toon aan wat die vyfde gebod van kinders vereis in hulle verhouding met hul ouers en met andere.
3. Wie sal geen aandeel in die nuwe aarde hê, en ook nie die vrede van die verlostes skend nie?
4. Vir wie is die ernstige verpligtinge van die vyfde gebod bindend?
5. Wys op gevalle waar 'n kind met reg kan weier om 'n ouer te gehoorsaam.
6. In watter fase van Christus se lewe is Hy 'n voorbeeld vir kinders en die jeug? Haal aan uit die les.

## *Die Sesde Gebod*

1. Hoe wyd strek die vereistes van die sesde gebod?
2. Hoe bepaal ons die waarde van 'n artikel? In die lig van jou antwoord, bespreek die waarde van menselewe.
3. Alhoewel Kain se misdaad die dood verdien het, toon aan wat God wou illustreer deur toe te laat dat hy leef.
4. Hoe is 'n persoon onder die Israeliete beskerm nadat hy iemand onopsetlik of per ongeluk gedood het?
5. Noem agt misdade wat in Ou Testamentiese tye met die dood strafbaar was.
6. Wys die verskil in die hantering van misdaad in die Ou en Nuwe Testamentiese tye.

## *Die Sewende Gebod*

1. Hoe breed strek die betekenis van die sewende gebod?
2. Wat was een van God se eerste gawes aan die mens?
3. Met inagneming van Goddelike beginsels, hoe is die huwelik 'n seën vir die mens?
4. Verduidelik hoe die instruksies wat aan Abraham gegee is rakende die huweliksverhouding deur al die eeue heen as les moes dien.
5. Hoe dien die belofte in Matthéus 5:8 as aansporing om die hart rein te bewaar?

## *Die Agste Gebod*

1. Noem ses of sewe oortredings wat beskou word as skendings van die agste gebod.
2. Hoe is diegene wat aan diefstal skuldig was in Ou Testamentiese tye bestraf?
3. Was diegene wat voor Moses se tyd geleef het, onderhewig aan die agste gebod?
4. Verduidelik hoe iemand wat nog nooit by sy medemens iets gesteel het nie nogtans met reg ‘n dief en ‘n rower genoem kan word.

## *Die Negende Gebod*

1. Wat geld as ‘n leuen? Hoe mag ons ‘n leuen vertel sonder om ‘n woord te sê?
2. Waar en by wie het die leuen ontstaan?
3. Wys op die verband tussen moderne spiritisme en daardie eerste leuen wat aan Eva vertel is.
4. Gee twee Bybelse voorbeelde van persone wat leuens vertel het. Watter straf is aan hulle uitgedeel?
5. Wat sal die einde wees van al diegene wat leuens liefhet of leuens vertel?

## *Die Tiende Gebod*

1. Toon aan hoe die tiende gebod “die wortel van alle sonde (raak).”
2. Paulus noem gierigheid afgodediens. (Kolossense 3:5). Verduidelik hoekom gierigheid afgodediens genoem word.
3. Gee kortliks vyf gevalle van gierigheid (of hebsug) wat in die Bybel opgeteken is.
4. Watter sondes is veral vir God aanstootlik?


# EENHEID 7 – DIE WET EN GENADE

**Die wet van Tien Gebooie dui sonde aan, waarvan die straf die dood is. Die wet kan nie die sondaar uit sy sonde red nie, of die krag voorsien wat hom van die sonde sal weerhou nie. In oneindige liefde en genade, voorsien God die wyse waardeur dit gedoen kan word. Hy verskaf 'n plaasvervanger, Christus, die Regverdige Een, om in die plek van die mens te sterf, "[w]ant Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." 2 Korinthiërs 5:21.**

**Ons is geregverdig, nie deur gehoorsaamheid aan die wet nie, maar deur die geloof wat in Christus Jesus is. Deur die aanvaarding van Christus, word die mens met God versoen, geregverdig deur Sy bloed vir die sondes van die verlede, en gered uit die mag van die sonde deur Sy inwonende lewe. Dus word die evangelie "'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo." Romeine 1:16.**

**Hierdie ondervinding is teweeggebring deur die Goddelike bemiddeling van die Heilige Gees, wat oortuig van sonde en lei na die Sondedraer, en die gelowige in 'n nuwe-verbondsverhouding inlei, waar Gods wet op sy hart geskryf is, en deur die bemagtigende krag van die inwonende Christus, word sy lewe gelykvormig gemaak aan die Goddelike voorskrifte. Die eer en meriete van hierdie wonderbaarlike transformasie behoort geheel en al aan Christus.**

"Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees … want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Romeine 3:19, 23.



# LES 46 – DIE TWEE WETTE

*Met die groot soenoffer op Golgota is die stelsel van offerandes wat vir vierduisend jaar vooruitgewys het op die Lam van God, beëindig. Beeld het teenbeeld ontmoet en al die slagoffers en spysoffers van die seremoniële stelsel sou op daardie datum ophou.*
*Die Groot Stryd, 328:0.*

**Daar is baie mense wat hierdie twee stelsels probeer saamsmelt en wat tekste gebruik wat van die seremoniële wet praat om te bewys dat die sedewet afgeskaf is, maar dit is ʻn verdraaiing van die Skrifte. Daar is ʻn groot en duidelike verskil tussen die twee stelsels. Die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, Sy soenoffer en Sy priesterskap vooruit gewys het. … Maar aangaande die wet van tien gebooie sê die psalmdigter: "Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele" (Psalm 119:89). En Christus sê self: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet … te ontbind nie … Want voorwaar," – Hy maak die stelling so sterk moontlik – "Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" (Matthéüs 5:17, 18). Hier leer Hy nie net wat die wet van God voorheen geëis het, of destyds geëis het nie, maar wel dat daardie eise sou bly voortbestaan so lank as wat die hemel en die aarde bly voortbestaan. Die wet van God is so onveranderlik soos Sy troon. Deur al die eeue heen sal dit op die mensdom bindend wees.** *– Patriarge en Profete, 365:1.*

**1. Onderskei tussen die Wet van God, of die Tien Gebooie, en die wet van Moses.**

**DIE TWEE WETTE**

| Die Wet van God | Die Wet van Moses |
|---|---|
| **Die Skrif van God**<br>Exodus 32:16 | ***Die Skrif van Moses***<br>*Deuteronómium 31:9* |
| a. Waarop het God geskryf?<br>Exodus 31:18; 34:1. | a. Waarop het Moses geskryf?<br>Deuteronómium 31:24 |
| b. Wat het God geskryf?<br>Deuteronómium 5:22 (sien vv. 7-12); Deuteronómium 10:4. | b. Wat het Moses geskryf?<br>Exodus 24:4; Deuteronómium 31:9 |
| c. Waar het Moses God se skrywe gesit?<br>Deuteronómium 10:4, 5. | c. Waar het Moses sy eie skrywe gesit?<br>Deuteronómium 31:25, 26 |
| d. Wat is die karakter van Gods wet?<br>Psalm 19:7, 8. | d. Wat is die karakter van Moses se wet?<br>Levítikus 7:37, 38 |
| e. Wat was die doel van Gods wet?<br>Prediker 12:13. | e. Watter doel het Moses se wet gedien?<br>Kolossense 2:14, 17; Hebreërs 9:9; 10:1. |
| f. Hoe lank moes Gods wet voortbestaan? Psalm 111:7, 8; 119:89, 144; Matthéüs 5:17, 18. | f. Wanneer het Moses se wet tot ʻn einde gekom? Kolossense 2:14. |




Dit was die wet van tipes en ordinansies, nie Gods wet, wat aan die kruis genael is.

**2. Het die wet van Moses geheel en al gegaan oor die seremoniële wet, of die wet van sinnebeelde en simbole?**

Alhoewel ons praat van Moses se wet as een wet, tog is dit saamgestel uit talle wette wat geklassifiseer kan word as burgerlike wette, gesondheidswette, wette wat betrekking het op die kerk en die offerstelsel, en wette rakende hulle godsdienstige lewe.

**3. Die onderskeid tussen die twee wette is baie duidelik:**

Daar kan geen kwessie wees dat dit God se bedoeling was dat daar 'n duidelike onderskeid moes wees tussen die Tien Gebooie en die wette wat Hy vir Moses gegee het om te skryf nie. God het die Tien Gebooie vir Israel aangekondig (Deuteronómium 2:2-24), en toe het God self die gebooie op klip geskryf en hulle vir Moses gegee. Nadat Moses die eerste kliptafels gebreek het, het God vir Moses opdrag gegee om twee kliptafels te kap, en God het self die Tien Gebooie vir 'n tweede keer op klip geskryf. Deuteronómium 10:1-4. Andersyds, "die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, Sy soenoffer en Sy priesterskap vooruit gewys het." *– Patriarge en Profete, 365:1.*

## *Dink Hieroor*

1. Diegene wat voorgee dat Christus gekom het om die wet van God en die Ou Testament af te skaf, beweer dat die Joodse bedeling 'n eeu van duisternis was, en dat die godsdiens van die Hebreërs bloot uit vorms en seremonies bestaan het. Maar dit is verkeerd. Op elke bladsy van die gewyde geskiedenis waar die handelinge van God met Sy uitverkore volk opgeteken staan, is daar duidelike spore van die groot EK IS. Nooit het Hy aan die mensekinders 'n meer openbare bewys van Sy krag en heerlikheid gegee as toe Hy alleen as die heerser van Israel erken is en Sy wet aan Sy volk gegee het nie. Geen mensehand het hier die septer geswaai nie; en die statige uitgange van Israel se onsigbare Koning was onbeskryflik majestueus en ontsagwekkend. – *Patriarge en Profete, 366:1.*

2. Hoewel die dood van die Heiland 'n einde gemaak het aan die wet van tipes en skaduwees, het dit nie in die minste op die sedewet inbreuk gemaak nie. Inteendeel, die feit self dat dit nodig was vir Christus om te sterf om versoening te doen vir oortreding van daardie wet, bewys dat dit onveranderlik is. *– Patriarge en Profete, 365:3.*

3. Die wet is die evangelie ingevou; die evangelie is die wet ontvou.
Die wet is die evangelie omhul; die evangelie is die wet onthul;
Die wet is die evangelie verberg; die evangelie is die wet geopenbaar;
Die wet is die evangelie in volheid vertraag; die evangelie is die wet in volheid uitgebeeld;
Die wet is die evangelie in die minimum; die evangelie is die wet in die maksimum;
Die wet is die evangelie vervat; die evangelie is die wet in stand gehou;
Die wet is die evangelie waargeneem; die evangelie is die wet verlig;
Die wet is deur Christus ontwerp; die evangelie is deur Christus vasgelê.
*- F.C.Gilbert, Practical Lessons From the Experience of Israel, 1914 ed., 392:2.*

4. Die rituele of seremoniële wet, deur Moses aan die kinders van Israel gelewer, het al die opdragte en ordinansies bevat wat verband gehou het met die ou offerstelsel en tempeldienste wat onse Here gekom het en tot niet gemaak het. Maar die sedewet, vervat in die Tien Gebooie, en deur die profete toegepas, het Hy nie weggeneem nie.

"Vooraanstaande onder die vyande van die evangelie van Christus, is diegene wat openlik en duidelik 'die wet oordeel,' 'en kwaad spreek van die wet,' wat die mense leer om … al die gebooie tegelyk te verbreek; wat oop en bloot, en in soveel woorde leer, - 'Wat het onse Heer met die wet gedoen? Hy het dit afgeskaf. Daar is slegs een plig, en dit is om te glo. Alle gebooie is ongepas vir ons tyd.' Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" *– John Wesley, "Upon Our Lord's Sermon on the Mount," Discourse 5, in Works, 1829 ed., vol. 5, pp. 311, 317. (Bible Readings for the Home, 400.)*

## *Tekste om te Onthou*

Psalm 19:7;
Matthéüs 5:17-19;
Kolossense 2:14

## *Definieer of Identifiseer*

God se karakter;
Morele beginsel;
Ordinansies;
Ritueel;
Tipes en Skaduwees

# LES 47 – JESUS EN DIE SEREMONIËLE WET

*[E]n die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael. Kolossense 2:14*

**Die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, Sy soenoffer en Sy priesterskap vooruit gewys het. Die Hebreërs moes die rituele wet met sy offers en instellings verrig totdat die beeld sy teenbeeld ontmoet in die dood van Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Daarna moes al die offers ophou. Dít is die wet wat Christus "weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael" Kolossense 2:14.** *– Patriarge en Profete, 365:1.*

**Christus het die seremoniële wet gegee. Selfs nadat dit nie meer van krag was nie, het Paulus die regte plek en waarde daarvan aan die Jode voorgehou deur aan te toon waar dit by die verlossingsplan inpas en wat sy verhouding is tot die werk van Christus; en die groot apostel verklaar dat hierdie wet heerlik en sy Goddelike oorsprong waardig is. Die plegtige diens van die heiligdom het belangrike waarhede voorgestel wat deur navolgende geslagte geopenbaar sou word. Die wierookwolk wat saam met die gebede van Israel opgestyg het, is 'n voorstelling van Sy geregtigheid wat alleen in staat is om die sondaar se gebede vir God aanneemlik te maak; die bloeiende slagoffer op die brandofferaltaar het getuig van 'n Verlosser wat sou kom; en uit die allerheiligste plek het die sigbare teken van die Goddelike Teenwoordigheid geskyn. Deur al die eeue van duisternis en afvalligheid is die geloof langs hierdie weg in menseharte brandend gehou totdat die tyd vir die koms van die beloofde Messias aangebreek het.**
**Sedert Christus Sy bloed ter versoening van ons sondes gestort en na die hemel opgevaar het om "voor die aangesig van God vir ons te verskyn" (Hebreërs 9:24), kom daar strome lig van die kruis van Golgota en uit die heilige plekke in die hemel. Maar ons moet nie, omdat daar aan ons 'n duideliker lig gegun is, met minagting neersien op die lig wat vroeër ontvang is deur die sinnebeelde wat na die komende Heiland gewys het nie. Die evangelie van Christus werp lig op die Joodse bedeling en gee betekenis aan die seremoniële wet.** *– Patriarge en Profete, 367:2, 4.*

## *Die Seremoniële Wet*

**Die dood van die lam as 'n offerhande vir sonde was 'n voorstelling van Christus se dood vir die mens.**

1. **Wat is die seremoniële wet?** Efésiërs 2:15; Kolossense 2:13, 14.

Die wet van gebooie met regulasies. Efésiërs 2:15. – *Berkeley Version New Testament*
Rooi register van regulasies wat ons vyandig was en dit weggeruim het toe Hy dit aan die kruis vasgenael het. Kolossense 2:14. - *Berkley Version of the New Testament. Verband geskryf in Ordinansies*. Kolossense 2:14. – *Moulton's Modern Reader's Bible*.

**Die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, Sy soenoffer en Sy priesterskap vooruit gewys het. –** Patriarge en Profete, 365:1.

**2. Wanneer het die seremoniële stelsel sy begin gehad?** Génesis 4:1-5.

Hierdie is die eerste keer dat offers in die Bybel gemeld word, maar die melding word gemaak asof diegene wat daaraan sou deelneem, reeds daarmee bekend was en dit verstaan het.
Hulle [Kain en Abel] was bekend met die voorsiening wat vir die verlossing van die mens gemaak is en het die offerstelsel wat God verorden het, verstaan. Hulle wis dat hulle deur middel van hierdie offers hulle geloof moes betuig in die Verlosser van wie dit 'n sinnebeeld was; terselfdertyd moes hulle erken dat hulle geheel en al afhanklik was van vergifnis. Voorts het hulle geweet dat hulle, deur hulle aan die Goddelike plan vir hulle verlossing te onderwerp, bewys gelewer het van hulle gehoorsaamhgeid aan die wil van God. Sonder bloedvergieting kon daar geen vergifnis van die sonde wees nie; en hulle moes bewys dat hulle geloof het in die bloed van Christus, die beloofde versoening, deur die eerstelinge van die kudde as offer aan te bied. Daarbenewens moes die eerstelinge van die aarde as dankoffer aan die Here gebring word. - - *Patriarge en Profete, 71:2.*

**3. Wat is in die tyd van Abraham bygevoeg?** Génesis 17:9-14.

Die patriarg en sy nakomelinge moes hulle laat besny as teken dat hulle aan die diens van die Here gewy was en so van afgodedienaars afgesonder was en dat God hulle as Sy besondere eiendom aangeneem het. – *Patriarge en Profete, 138:1.*
[Besnydenis was] 'n belofte dat hulle hulle van afgodery sou onthou en die wet van God sou gehoorsaam. – *Patriarge en Profete, 363:2*.

**4. Volgens die Bybel, wanneer was die res van die rites en ordinansies bygevoeg?**

[D]ie Here (het) hulle by Sinai duidelike voorligting gegee aangaande die offerdiens. Nadat die heiligdom voltooi was, het Hy uit die wolk van heerlikheid bokant die versoendeksel tot Moses gespreek en aan hom volledige voorskrifte gegee aangaande die offerstelsel en die aanbiddingsplegtighede wat in die heiligdom verrig moes word. Op hierdie manier is die seremoniële wet aan Moses gegee, en hy het dit in 'n boek geskryf. *– Patriarge en Profete, 364:3.*

**5. Onderskei tussen die verskeie wette wat in Exodus, Levítikus, Númeri, en Deuteronómium geskryf is:**

a. **Die Morele wet**, of Tien Gebooie, Exodus 20; Deuteronómium 5.
b. **Verduidelikings en illustrasies** van die Tien Gebooie, soos in Exodus 21-24.
c. **Volkswette** – dinge wat gedoen moet word vir die regering van die nasie. Sommige wette wat in Exodus 21-24 opgeteken is in hierdie algemene klas.
d. **Gesondheidswette** – soos die wette in die boek van Levítikus. Hierdie wette mag betrekking gehad het op reiniging, maar die hoofrede was om dinge aan te dui wat goed en sleg vir die gesondheid van die individu is.
e. **Seremoniële wette** – dié wat betrekking het op die offers, ordinansies, en rites van hulle godsdiens en aanbidding.

Moses het opdrag gekry om oordele en wette neer te skryf wat God aan hom gegee het om Sy vereistes in die fynste besonderhede te beskryf. Daardie aanwysinge met betrekking tot die volk se verpligting teenoor God, teenoor mekaar en teenoor die vreemdeling was 'n blote uitbreiding van die beginsels van die tien gebooie wat so duidelik gestel is dat niemand hoef te dwaal nie.

Daar is baie mense wat hierdie twee stelsels probeer saamsmelt en wat tekste gebruik wat van die seremoniële wet praat om te bewys dat die sedewet afgeskaf is, maar dit is ‘n verdraaiing van die Skrifte. Daar is ‘n groot en duidelike verskil tussen die twee stelsels. Die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, Sy soenoffer, en Sy priesterskap vooruit gewys het. Die Hebreërs moes die rituele wet met sy offers en instellinge verrig totdat die beeld sy teenbeeld ontmoet in die dood van Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Daarna moes al die offers ophou. Dít is die wet wat Christus "weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael." (Kolossense 2:14). *Patriarge en Profete, 364:1;365:1.*

## *Die Seremoniële Wet Wys Na Jesus*

**6. Was sondaars ooit geregverdig deur die offers te maak en die ordinansies van die seremoniële wet te gehoorsaam?** Hebreërs 9:9, 10.

**7. Wat sou die invloed van Christus se dood op die "slagoffer en spysoffer" wees?** Daniël 9:26, 27.

**8. Hoe kan daar gesê word dat die wet wat betrekking het op die offerandes aan die kruis vasgenael was?** Kolossense 2:14.

Aangesien alle offerandes Jesus voorgestel het, en ‘n tipe van Hom was in Sy groot offer vir die mens; soos Hy aan die kruis gehang het, was Hy die vervulling van alle offers. Voortaan sou daar geen behoefte wees aan sulke diereoffers of enige ander soort offer nie, en ook sou hulle geen doel dien nie.

Toe die luide geroep: "Dit is volbring!" van Jesus se lippe kom, was priesters in die tempel besig. Dit was die uur van die aandoffer. Die lam wat Christus voorgestel het, is gebring om geslag te word. In sy sierlike en betekenisvolle gewaad het die priester met die mes gereed gestaan, soos Abraham toe hy gereed was om sy seun te dood. Met intense belangstellilng het die volk toegekyk; maar die aarde sidder en beef, want die Here self is daar. Met ‘n geknars word die voorhangsel van die tempel deur ‘n ongesiene hand van bo tot onder geskeur en die plek wat eens met die teenwoordigheid van God gevul was, word voor die oë van die skare ontbloot.

Vrees en verwarring heers. Die priester is op die punt om die lam te slag, maar die mes val uit sy lam hand en die lam ontsnap. Sinnebeeld het sy teenbeeld ontmoet in die dood van die Seun van God. Die groot soenoffer is gemaak. Die weg na die allerheiligste is gebaan. – *Koning van die Eeue, 756:5; 757:1.*

## *Die Sabbat*

a. Die sewende dag is die Sabbat. Exodus 20:10.

b. Het gewys na Christus as die Skepper. Exodus 20:11.

c. "Is gemaak vir die mens." Markus 2:27.

d. Die Sabbat herdenk die skepping en is voor sonde vir daardie doel ingestel voordat sonde in die wereld gekom het Gen 2:1-3, Exodus 20:8-11

## *Seremoniële Wet*

a. Het vele soorte seremoniële sabbatte bevat. Levítikus 23:37, 38.

b. Het gewys na Christus as Offer. Daniël 9:26, 27; Kolossense 2:17.

c. "Wat … ons vyandig was." Kolossense 2:14.

## *Die Seremoniële Wet is aan die Kruis Vasgenael*

**9. Kon die Sabbat aan die kruis vasgenael word? Wat was aan die kruis vasgenael?**

**10. Let op dat die offerandes, feeste, en ander simbole van die seremoniële wet by die kruis tot 'n einde gekom het, terwyl die Sabbat van Eden na Eden strek.**

***Die Volgende het by die Kruis tot 'n Einde Gekom:***

**Seremonies…………….**


**Feeste……………………**

**Offerandes………………**

**Paasfees…………………**

**Simbole…………………..**

**Tipes……………………..**



***Die Sabbat strek vanaf die Skepping tot op die Nuwe Aarde.***

**SKEPPING ◄ Sabbat van die Gebooie ► NUWE AARDE**




Die dood van die lam as sondeoffer het Christus se dood vir die mens voorgestel.

## *Dink Hieroor*

1. Dit is waar dat ons nie langer die seremonies van die wet van Moses hoef te onderhou nie; maar, wanneer reg beskou, sien ons dat hulle gloei met heilige en belangrike waarhede. Hierdie rites, deur Jehova self daargestel, het gedien as bakens om die weg van God se volk van ouds te verlig, en om hulle gedagtes te vestig op die groot offer wat vir die sondes van die mens gemaak sou word. Gesien in die lig van die kruis, bevat hulle die mees kosbare lesse vir God se volk vandag. – *EG White, Review and Herald, Jan. 9, 1883.*

2. Hy [Jesus] het gepoog om aan die mens te openbaar dat die Joodse godsdiensstelsel deur tipes en skaduwees die hele verborgenheid van die evangelie voorgestel het. Die diens van die verlede moes geensins geminag word nie; want in Christus het beeld die teenbeeld ontmoet, en skaduwee die werklikheid. – *EG White, Signs of the Times, Nov. 7, 1892.*

3. Die offerande op elke altaar was ‘n voorstelling van die Verlosser. Saam met die wierookwolk het daar uit elke berouvolle hart ‘n gebed opgestyg dat God hulle offerandes sou aanvaar as ‘n teken van hulle geloof in die komende Heiland. – *EG White, Review and Herald, March 2, 1886.*

4. As hulle [die kinders van Israel] gehoorsaam was en graag God se gebooie onderhou het, sou daar geen behoefte gewees het aan die menigte van seremonies en ordinansies nie. – *Testimonies, vol. 5, 666:3 (1948 uitgawe, 667:0).*

5. Almal wat op enige wyse in kontak met die dood gekom het, was beskou as seremonieël onrein. Dit was om hulle denke te beïndruk met die gedagte dat die dood die gevolg van sonde is en dus ‘n verteenwoordiger daarvan is. – *Testimonies, vol. 4, 120:2.*

## ***Tekste om te Onthou***

Kolossense 2:13-17
Hebreërs 9:9, 10

## ***Definieer of Identifiseer***

Paasfees
Beeld ontmoet teenbeeld
Offerande
“Voorhangsel … het in twee geskeur”

# LES 48 – DIE TWEE VERBONDE

*Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God. - Efésiërs 2:8.*

**'n Ander verdrag – wat in die Skrifte die "ou" verbond genoem word – is by Sinai tussen God en Israel aangegaan en dit is daar op die plek deur die bloed van 'n offerdier bekragtig. Die verbond met Abraham is deur die bloed van Christus bekragtig en word die "tweede" of "nuwe" verbond genoem omdat die bloed waarmee dit verseël is, gestort is ná die bloed wat die eerste verbond bekragtig het. Dat die nuwe verbond reeds in die dae van Abraham geldig was, blyk uit die feit dat dit destyds deur sowel die belofte as die eed van God bevestig is – die twee "onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg." (Hebreërs 6:18).** – *Patriarge en Profete, 371:1.*

## *Die Ou Verbond*

**1. Definieer die term "verbond."**

Om eens te wees met, om 'n formele ooreenkoms aan te gaan; om jouself deur 'n kontrak te bind. 'n Ooreenkoms tussen twee of meer persone of partye, of een van die bepalings in so 'n ooreenkoms. – *Vertaal uit Webster.*

**2. Waar en met wie het God die "ou" verbond gesluit?** Exodus 19:1-8.

**3. Watter voorstel het God aan hulle voorgelê?** Exodus 19:5, 6.

**4. Nadat Moses die terme van die verbond aan die volk verduidelik het, wat was die eenparige reaksie?** Exodus 19:8; 24:3.

**5. Vertel hoe hierdie verbond bekragtig is.** Exodus 24:3-8; Hebreërs 9:18-21.

**6. Wat het Israel gedoen nog voordat Moses klaar was met sy oudiënsie met God en van die bergtop afgekom het?** Exodus 32:7, 8.

Wat was verkeerd? Slegs dit: Die volk kon nie voldoen aan hulle kant van die ooreenkoms nie. Die fout het by hulle gelê. Hulle was vleeslik en kon nie onderwerp wees aan 'n geestelike en heilige wet nie. Hulle het probeer om hulle eie geregtigheid daar te stel deur hulle eie pogings, en het nie besef dat, sonder Goddelike hulp kon hulle niks doen nie. Toe hulle probeer om hulleself te beklee met 'n regverdige lewe, het hulle gevind dat hulle slegs met die besoedelde kleed van sonde bedek is. – *William H. Branson, Drama of the Ages, 359:2.*

**7. Wat was dan verkeerd met die ou verbond?** Hebreërs 8:7, 8.

Die ou verbond was ‘n stelsel van hervorming sonder Christus. Dit was ‘n verbond van werke waarvan Christus, die enigste Middelaar van geregtigheid en vrede, geheel en al uitgesluit was. – *William H. Branson, Drama of the Ages, 359:3.*

Die voorwaardes van die “ou verbond” was, Gehoorsaam en leef: Dit is “wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe” (Eségiël 18:5; Levítikus 18:5); maar “[v]ervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie” Deuteronómium 27:26. Die “nuwe verbond” is op “beter beloftes” gegrond – die belofte van vergifnis van sondes en van die genade van God om die hart te vernieu en in ooreenstemming met die beginsels van Gods wet te bring. – *Patriarge en Profete, 372:1.*

**8. Was die ou verbond die Tien Gebooie, die Morele wet?**

**Talle het verkeerdelik aangeneem dat die ou verbond die Morele wet was, die Tien Gebooie, en dat toe die Nuwe Verbond bekragtig is, is die wet nietig verklaar en opsy gesit. Die ou verbond was nie die Tien Gebooie wet nie, maar was in plaas daarvan ‘n ooreenkoms tussen God en die volk rakende die gehoorsaam aan Sy gebooie. “As julle gehoorsaam, sal julle leef,” was God se belofte. Hiertoe het die mense geantwoord: “Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister.” Exodus 24:7. Dit was die verbond ooreenkoms. Dit het gegaan oor die onderhouding van die Tien Gebooie wet, maar dit was nie die wet self nie. Die wet was slegs die onderwerp.** – *William H. Branson, Drama of the Ages, 359:5.*

**9. Wat het van die ou verbond geword?** Hebreërs 8:13.

## *Die Nuwe Verbond*

**10. Met wie het God die nuwe verbond gesluit?** Hebreërs 8:8, 9.

**11. Hoe het die nuwe verbond verskil van die ou een?** Jeremia 31:33; Romeine 8:3, 4; Hebreërs 8:9, 10.

***Die nuwe verbond is “Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.”*** Kolossense 1:27. (Sien ook Efésiërs 3:16-20; Filippense 4:13.)

**12. Wie is die Middelaar van hierdie verbond?** Hebreers 8:1, 6; 12:24.

**13. Wat is nodig waar daar ‘n verbond is?** Hebreërs 9:16, 17.


**14. Waar en hoe is hierdie nuwe verbond bekragtig?** Johannes 19:30; 20:17.

Jesus het geweier om hulde van Sy volgelinge te ontvang totdat Hy die versekering het dat Sy offer deur die Vader aanvaar word. Hy het opgevaar na die hemelse howe en het van God self die versekering ontvang dat Sy versoening vir die sondes van die mens toereikend is en dat almal deur Sy bloed die ewige lewe kan hê. Die Vader het Sy verbond met Christus bekragtig dat Hy berouvolle en gehoorsame mense sal ontvang en hulle net so lief sal hê soos Sy eie Seun. – *Koning van die Eeue, 790:3.*

**15. Met watter allegorie het Paulus die verskil tussen die twee verbonde duidelik gemaak?** Galásiërs 4:21-31.

**16. Tot watter gevolgtrekking kom ons aangaande verlossing in die studie van hierdie les?** Efésiërs 2:8-10.

Dit [die ou verbond] was nie 'n werktuig van verlossing nie. Diegene wat gered is, aan albei kante van die kruis, is gered deur geloof in Jesus Christus en deur Sy inwonende krag in die hart. – *William H. Branson, Drama of the Ages, 367:2.*




Wat sal ons vereer – die Sabbat van die Skepper, of Sondag, die tradisie van die mens?

***Die Twee Verbonde was Eenders Deurdat***

a. Albei word verbonde genoem.
b. Albei is met bloed bekragtig.
c. Albei is gesluit met Gods wet as grondslag.
d. Albei is gesluit tussen God en die volk.
e. Albei is op beloftes gegrond.

***Die Twee Verbonde was Verskillend Deurdat***

| | |
|---|---|
| a. Die een is die ou verbond genoem. | a. Die ander is die nuwe verbond genoem. |
| b. Die een is die eerste verbond genoem. | b. Die ander is die tweede verbond genoem. |
| c. Die een was 'n tydelike ooreenkoms. | c. Die ander is 'n ewige verbond. |
| d. Die een was deur die bloed van diere bekragtig. | d. Die ander is deur die bloed van Christus bekragtig. |
| e. Die een was gebrekkig. | e. Die ander is 'n beter verbond. |
| f. Die een was op die belofte van die volk gegrond. | f. Die ander is op God se beloftes gegrond. |
| g. Die een het gaan middelaar gehad nie. | g. Die ander het 'n Middelaar. |
| h. Die ou verbond maak geen voorsiening vir die vergifnis van sonde nie. | h. Die nuwe verbond maak voorsiening vir die vergifnis van sonde. |

### *Dink Hieroor*

1. In die rade van vrede tussen die Vader en die Seun, is ‘n volledige plan beraam waardeur, as die mens gesondig het, hy verlos kon word (sien Sagaría 6:12, 13). Dit was onmoontlik dat die plan gegrond sou word op die idee dat die doodsvonnis herroep sou word, en daar moes ‘n plaasvervangende dood wees wat aan al die eise van die gebroke wet voldoen. Om die mens te red, sou God die prys vir die mens se sondes moes betaal.

2. Dit is met ontsag en eerbied dat ons sien hoe Christus Homself voor die Vader aanbied en Homself bereidwillig verklaar om hierdie rol in die verlossing van die mens te speel. Hy bied aan om na die kruis te gaan.

3. Hierdie was Christus se rol in die mens se verlossing. Dus het Hy geword “die Lam wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af.” [Direk vertaal uit Openbaring 13:8 in die King James Version.]

4. Die Vader se rol in die ewige verbond was net so belangrik. Hy het die aanbod aanvaar wat Christus so bereidwillig gemaak het. Daar was geen alternatief nie.

5. Die Vader het ook ingestem dat diegene wat die voorsiening wat deur Christus se offer gemaak is, aanvaar, die seuns van God word.

6. Hy sou hulle sondes vergewe.

7. Hy sou hulle gebede aanhoor.

8. Hy sou aan hulle die geregtigheid van Christus toereken en toebedeel.

9. Hy sou Christus se kinders uit die dode opwek.

10. Hy sou aan hulle die kosbare gawe van die ewige lewe skenk.

11. Hy sou hulle weer terugbring na hulle lank verlore tuiste in die Paradys deur die herskepping van die aarde, en die verlostes sal daarin geplaas word.

12. Hy sou vir ewig by hulle woon. – *William H. Branson, Drama of the Ages. 365:1 – 366:5.*

### *Tekste om te Onthou*

Jeremia 31:33
Efésiërs 2:8-10
Hebreërs 8:8-10

### *Definieer of Identifiseer*

“Beter beloftes”
Bekragtig
Verbond
Regverdigmaking deur werke

# LES 49 – NIE ONDER DIE WET NIE, MAAR ONDER DIE GENADE

*Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Romeine 6:14.*

**Daar is twee foute waarteen die kinders van God moet waak - veral diegene wat pas tot bekering gekom het. Die eerste, wat ons alreeds bespreek het, is om op hul werke staat te maak om die guns van God te wen. Hy wat probeer om heilig te word deur sy eie pogings om die wet te onderhou, durf die onmoontlike aan. Alles wat die mens kan doen sonder Christus, is met sonde en selfsug besoedel. Dit is die genade van Christus alleen, deur geloof, wat ons kan heilig maak. Die ander dwaling wat nie minder gevaarlik is nie, is om te glo dat Christus ons vrystel van die onderhouding van die wet van God; en aangesien ons net deur geloof deelgenote word van die genade van Christus, ons werke niks met ons verlossing te make het nie.** – *Skrede na Christus, 59:4 – 60:1.*

## *Onder die Wet*

**1. Wat beteken die uitdrukking "onder die wet"?**

**Wet van God**

| | |
|---|---|
| a. Diegene onder die jurisdiksie van God se regering, wat in Sy wet beskryf word, dus *onder die wet.* | a. Diegene wat die wet oortree het en die ferme hand van die wet ondervind, of wat *onder die veroordeling daarvan kom, dus, onder die wet.* |
| b. Ons moet *almal* voor die regstoel van Christus verskyn. 2 Korinthiërs 5:10. | b. Die mens in sy natuurlike toestand het geen manier om voor 'n regverdige God geregverdig te wees nie. |
| c. *Geen veroordeling* vir die wat in Christus Jesus is nie. Romeine 8:1. | c. Sonder die bemiddelende werk van Christus moes die hele mensdom sterf. |

Dit is voor die hand liggend dat in een opsig, alle persone, die hele mensdom, onder Gods wet is, onder die jurisdiksie en gesag daarvan, aangesien die aarde aan God behoort en deel van Sy heelal is. Sekerlik kan dit nie Paulus se bedoeling wees dat Christene in hierdie opsig nie onder die wet is nie. Aan die ander kant, is dit duidelik dat daar dan "nou geen veroordeling (is) vir die wat in Christus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Romeine 8:1. Dus beteken die uitdrukking "julle is nie onder die wet nie" (Romeine 6:14), *nie onder die veroordeling van die wet nie*, vir diegene wat in Christus Jesus is.

## *Onder Genade*

**2. Wat is genade?**

Genade word gedefinieer as barmhartigheid of welwillendheid, vergewensgesinde goedertierenheid, vergifnis, onverdiende Goddelike goedgunstigheid. Genade is 'n eienskap van God wat Hy teenoor onwaardige mense betoon. "Ons het nie daarna gesoek nie, maar dit is gestuur om na ons te soek." – *Die Helende Hand, 161:2.*

**Om van Christus te leer, beteken om Sy genade te ontvang, wat Sy karakter is.** – *Die Gelykenisse van Christus, 271:1.*

**3. Wat is God se plan vir die mensdom?** 1 Timothéüs 2:4; Titus 2:11; 2 Petrus 3:9.

**4. Aangesien almal gesondig het (Romeine 3:23), en die loon van die sonde die dood is (Romeine 6:23), hoe kan God ons red?** Romeine 3:24-26; 1 Johannes 1:9.

**5. Hoe het Jesus die volgende vraag beantwoord: "Here, is die wat gered word, min?** Lukas 13:23-27.

***Die wet toon aan ons die merke van sonde, maar ons word slegs deur die genade van Christus gereinig.***

**6. Deur watter middele word ons gered?** Romeine 3:24; Efésiërs 2:8.

Goddelike genade is die groot reddende kragbron; daarsonder is alle menslike pogings nutteloos. – *Gospel Workers, 70:1.*

**7. Wat beteken dit om "onder die genade" te wees?**

Dit beteken om onder God se guns, Sy goedertierenheid, Sy vergifnis te wees. Dit word moontlik gemaak deurdat ons "deur Sy genade sonder verdienste geregverdig (word) deur die verlossing wat in Christus Jesus is." Romeine 3:24.

**8. Kan ons sondig nadat ons "onder die genade" of onder God se guns gekom het?**

Ja, ons kan (1 Johannes 2:1), maar dit is nie deel van God se plan nie. Paulus sê uitdruklik: "Nee, stellig nie! (ons sal nie sonde doen, omdat ons … onder die genade is.) Romeine 6:15.

**9. Vergelyk sonde en die gevolge daarvan met God se Genadegawe – die Ewige Lewe:**

| | |
|---|---|
| a. Die sonde is wetteloosheid. 1 Johannes 3:4 | a. Genade is onverdiende Goddelike guns – om reg te doen deur die inwonende Christus. Kolossense 1:27. |
| b. Die loon van die sonde is die dood. Romeine 6:23. Die Satan se loon is onverbiddelik seker. | b. "Die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." Romeine 6:23 |

**10. Maak geloof God se wet tot niet?** Romeine 3:31.

## *Dink Hieroor*

1. Die mens is verantwoordelik vir die aanvaarding of verwerping van heilige en ewige waarheid. Die Gees van God is voortdurend besig om te oortuig, en siele is besig om besluite te neem vir of teen die waarheid. Hoe belangrik is dit dan dat elke lewensdaad van so ‘n aard moet wees dat daar geen berou daaroor sal wees nie, veral onder die gesante van Christus, wat namens Hom optree! – *Gospel Workers, 174:4.*

2. Almal wat Christus as persoonlike Salilgmaker aanneem, moet demonstreer dat die evangelie waar is en dat dit krag het om die lewe te red. God stel geen vereistes sonder om vir die vervulling daarvan voorsiening te maak nie. Deur die genade van Christus kan ons alles verrig wat God verlang. Al die rykdom van die hemel moet deur Gods volk geopenbaar word. – *Die Gelykenisse van Christus, 301:2.*

3. Daar is geen perke aan die bruikbaarheid van iemand wat homself verloën en toelaat dat die Heilige Gees op sy hart werk en ‘n lewe lei wat geheel en al aan God gewy is nie. Almal wat liggaam, siel en gees aan Sy diens wy, sal gedurig nuwe liggaamlike, verstandelike, en geestelike krag ontvang. Die onuitputlike voorrade van die hemel is vir hulle beskikbaar. – *Die Helende Hand, 159:4.*

## *Tekste om te Onthou*

Romeine 3:31
Romeine 8:1
Titus 2:11
Romeine 6:14
Efésiërs 2:8

# LES 50 – DIE WET EN GENADE – OPSOMMING VAN EENHEID 7

*Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; ... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Romeine 3:19, 23.*

**Die kenteken van die Christelike geloof is nie 'n uiterlike teken nie, nie die dra van 'n kruis of 'n kroon nie, maar dit is iets wat die verbinding van die mens met God openbaar. Deur die krag van Sy genade soos dit in die verandering van die karakter geopenbaar word, moet die wêreld oortuig word dat God Sy Seun as sy Verlosser gestuur het. Geen ander invloed wat die mens se siel kan omring, het soveel krag as die invloed van 'n onselfsugtige lewe nie. Die sterkste invloed ten gunste van die evangelie is 'n liefhebbende en lieftallige Christen.** *– Die Helende Hand, 470:1.*

## *Die Twee Wette*

1. Noem die twee wette waarna hier verwys word. Wees spesifiek.
2. Maak 'n lys van die maniere waarop hierdie twee wette verskil.
3. Wat is die doel van hierdie twee wette?
4. Toon aan die verwarring wat volg wanneer ons die tekste rakende die twee wette vermeng.

## *Jesus en die Seremoniële Wet*

1. Definieer die "seremoniële wet."
2. Maak 'n lys van items in die seremoniële wet wat Christus verteenwoordig.
3. Hoe openbaar die seremoniële stelsel die harmonie tussen geloof en die wet?
4. Toon aan dat, as die Tien Gebooie aan die kruis vasgespyker was, sou dit 'n weerspreking, of ontkenning, van die verlossingsplan wees.

## *Die Twee Verbonde*

1. Definieer die term "verbond."
2. Verduidelik hoe die nuwe verbond ouer was as die ou verbond.
3. Dra kennis van verskeie ooreenkomste en verskille tussen die twee verbonde.
4. Hoe is die nuwe verbond beter as die ou verbond?


*Die "nuwe verbond" is op "beter beloftes" gegrond – die belofte van vergifnis van sondes en van die genade van God om die hart te vernieu. – Patriarge en Profete, 372:1.*

## *Nie Onder die Wet nie, Maar Onder die Genade*

1. Definieer "genade."
2. Met betrekking tot die wet en genade, teen watter twee dwalinge moet ons waak?
3. Wat is die doel van die wet? Van genade? Word die wet slegs in die Ou Testament gevind, en genade slegs in die Nuwe Testament?

# EENHEID 8 – JESUS GEOPENBAAR IN DIE BOEK VAN DANIËL

**Christus se wederkoms is die groot hoop van die kerk, die grootse klimaks van die evangelie en die plan van verlossing. Sy wederkoms sal letterlik, persoonlik, en sigbaar wees. Talle belangrike gebeure sal met Sy terugkoms gepaardgaan, soos die opstanding van die dode, die vernietiging van die goddelose, die reiniging van die aarde, die beloning van die regverdiges, die totstandkoming van Sy ewige koninkryk. Die bykans algehele vervulling van die verskeie reekse profesieë, veral die wat in die boeke van Daniël en Openbaring gevind word, tesame met heersende toestande in die stoflike, sosiale, industriële, politiese, en godsdienstige wêrelde, dui aan dat Christus se wederkoms "naby is, voor die deur." Matthéüs 24:33. Die presiese tyd van daardie gebeurtenis is nie voorspel nie. Gelowiges word aangemoedig om gereed te wees, "want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Matthéüs 24:44.**



"Die koning het Daniël geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is 'n God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar." Daniël 2:47.

# LES 51 – WAAG OM 'N DANIËL TE WEES

*En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdienaars vergunning gevra dat hy hom nie hoef te verontreinig nie.Daniël 1:8.*

**Daniël 1, 3, 6 en Prophets and Kings, 479:1 - 490:2; 503:1 - 513:1; 539:1 - 548:2.**

**Onder die kinders van Israel wat aan die begin van die sewentig jaar van ballingskap as gevangenes na Babilon geneem was, was Christelike patriotte, manne wat onwrikbaar trou aan beginsel was, wat nie deur selfsug verontreinig sou word nie, maar wat God sou vereer ten koste van alle dinge. In die land van hul ballingskap moes hierdie manne God se plan uitvoer deur aan heidense nasies die seëninge te skenk wat gepaard gaan met 'n kennis van Jehova. Hulle moes Sy verteenwoordigers wees. Hulle moes nooit 'n vergelyk met afgodsdienaars aangaan nie; hulle geloof en hulle naam as aanbidders van die lewende God moes hulle as 'n groot eer beskou. En dit het hulle gedoen. In voorspoed en teenspoed het hulle God vereer; en God het hulle vereer.** – *Prophets and Kings, 479:1.*

## *'n Beslissende Toets*

**1. Watter opdrag het die koning aan Aspenas, die owerste van sy hofdienaars, gegee rakende die jong seuns "uit die kinders van Israel"?** Daniël 1:3, 4.

**2. Watter vier jong seuns word genoem wat onder die gevangenes in die land van Babilon was, wat spesiale opleiding moes ontvang?** Daniël 1:6.

Onder diegene wat hulle getrouheid aan God gehandhaaf het, was Daniël en sy drie vriende, - vermaarde voorbeelde van wat die mens mag word wanneer hy met die God van wysheid en krag verenig. Uit die betreklike eenvoud van hul Joodse tuiste is hierdie jongmanne van koninklike afkoms na die luisterrykste van alle stede, na die hof van sy grootste vors, geneem. Nebukadnésar, wat in hierdie jongmanne die belofte van buitengewone vermoë gesien het, het bepaal dat hulle opgelei moes word om belangrike poste in sy koninkryk te vul. Sodat hulle ten volle gekwalifiseer is vir hulle lewenstaak, het hy gereël dat hulle die taal van die Chaldeërs leer praat, en vir drie jaar toegang mag hê tot die ongewone opvoedkundige voordele van die prinse van die koninkryk. – *Prophets and Kings, 480:1, 2.*

**3. Uit die ondervinding van hierdie jongmanne soos opgeteken in hoofstuk 1, hoe word daar klem gelê op die belangrikheid van getrouheid in die skynbaar klein dingetjies in die lewe?**

Ware sukses in enige soort werk is nie die gevolg van geluk, of toeval of lotsbestemming nie. Dit is die uitwerking van Gods eie voorsienigheid, die beloning van geloof en diskresie, van deug en volharding. God gee die geleenthede; sukses hang af van die gebruik daarvan. Ons moet ons deel doen om God se genade ons eie te maak. Sy genade word aan ons geskenk om te wil sowel as om te werk, maar nooit as plaasvervanger vir ons eie pogings nie. Hoe het hulle bevoeg geword vir so 'n vertrouenspos? Dit was getrouheid aan die

klein dingetjies wat aan hulle hele lewe kleur gegee het. Hulle het God in die kleinste pliggies vereer, sowel as in die groter verantwoordelikhede. – *Prophets and Kings, 486:2–487:2.*

## *Beloon vir Getrouheid*

**4. Wat het Nebukadnésar in die "dal Dura" opgerig en wie is byeengeroep na die inwyding daarvan?** Daniël 3:1, 2.

**5. Watter aankondiging is gemaak aan al diegene wat byeengekom het?** Daniël 3:3-7.

**6. Wie het die drie Hebreërs beskuldig, en wat was die aanklag teen hulle?** Daniël 3:8, 12.

**7. Is daar enige bewys in die gegewe verslag dat die drie Hebreërs bevrees was vir die koning se toorn of vir die straf wat op hulle gewag het?** Daniël 3:13-18.

***Net soos die drie getroue Hebreeuse jongmanne moet ons God bo vriende of posisie plaas.***

**8. Vertel wat plaasgevind het, en dui spesifiek op hoe hulle vereer is vir hul getrouheid.**
Daniël 3:19-27.

Maar God het nie Sy uitverkorenes vergeet nie. Toe Sy getuies in die brandende vuuroond gegooi was, het die Heiland Homself persoonlik aan hulle geopenbaar, en saam het hulle deur die vuur gestap. In die teenwoordigheid van die Here van die hitte en die koue, het die vlamme hul krag om te verteer, verloor. – *Prophets and Kings, 508:3.*

**9. Hoe het Nebukadnésar geweet hoe die Seun van God lyk?** Daniël 3:25 (KJV).
[Die Afrikaanse Ou Vertaling: "… en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun." King James Version: "…and the form of the fourth is like the Son of God."]

Die Hebreeuse gevangenes wat vertrouensposte in Babilon gevul het, het deur middel van hulle lewe en karakter die waarheid aan hom uitgebeeld. Toe hulle gevra was vir 'n rede vir hulle geloof, het hulle dit sonder enige aarseling gegee. Onomwonde en eenvoudig het hulle die beginsels van geregtigheid weergegee, en sodoende diegene rondom hulle geleer van die God wat hulle aanbid het. Hulle het vertel van Christus, die Verlosser wat sou kom; en in die voorkoms van die vierde in die vuur het die koning die Seun van God herken. – *Prophets and Kings, 509:2.*

**10. Het die koning reg gehandel om 'n dekreet uit te vaardig dat sy onderdane die God van die Hebreërs moet eerbiedig?** Daniël 3:28, 29.
Dit was reg van die koning om in die openbaar erkenning te gee aan, en om te streef om die God van die hemel te verhef bo alle ander gode; maar in sy pogings om sy onderdane te dwing om 'n soortgelyke belydenis van geloof te maak en om soortgelyke eerbied te toon, het Nebukadnésar sy reg as wêreldlike heerser oorskry. Hy het net so min die siviele of morele reg gehad om mense met die dood te dreig sou hulle God nie aanbid nie, as wat hy gehad het om 'n dekreet uit te vaardig dat almal wat weier om die goue beeld te aanbid, aan die vlamme oorgegee moet word. God dwing nooit die mens se gehoorsaamheid af nie. Hy laat almal toe om die vrye keuse te maak rakende wie hulle wil dien. – *Prophets and Kings, 510:4.*

## *Daniël in die Leeukuil*

**11. Na watter posisie is Daniël bevorder na die omverwerping van Babilon deur Medo-Persië?** Daniël 6:1-3.

**12. Wat was die enigste grond vir aanklag wat die jaloerse prinse teen Daniël kon vind?** Daniël 6:4, 5.

**13. Vertel die verhaal soos in Daniël 6:6-28 opgeteken.**

**14. Watter les kan ons leer uit Daniël se uitredding?**
Die bose teenstand teen God se dienskneg was nou geheel en al afgebreek. Uit die verhaal van Daniël se uitredding kan ons leer dat in tye van beproewing en somberheid hoort Gods kinders net dieselfde te wees as wanneer hulle vooruitsigte gevul was met hoop en hulle omgewing ideaal was. Daniël in die leeukuil was dieselfde Daniël wat voor die koning gestaan het as hoof van sy ministers en as profeet van die Allerhoogste. Die man wie se hart op God vertrou, is in die uur van sy grootste beproewing presies dieselfde as in sy voorspoed, toe die guns van God en die mens hom bestraal het. Die geloof reik na dinge wat ons nie sien nie, en neem die ewige werklikhede aan. – *Prophets and Kings, 545:1, 2.*

## *Oorweeg die Volgende*

1. God se goedkeuring was vir hom [Daniël] kosbaarder as die guns van die magtigste aardse heerser – kosbaarder as die lewe self. – *Prophets and Kings, 483:1.*

2. As aan een sonde in die siel vasgekleef word of een verkeerde gewoonte in die lewe behou word, word die hele wese besoedel. Dié mens word 'n werktuig van die ongeregtigheid. – *Koning van die Eeue, 313:1.*

3. Selfs een verkeerde karaktertrek, een sondige begeerte, as daarin volhard word, sal uiteindelik die invloed van die evangelie op die hart kragteloos maak. – *Skrede na Christus, 34:1.*

4. Christus sal elkeen wat hom oorgee om vrygekoop te word, uit die put van verdorwenheid en uit die dorings van sonde red. – *Gelykenisse van Christus, 188:2.*

5. In die verlossingswerk is daar geen dwang nie. Geen dwang word van buite af toegepas nie. Onder die invloed van die Gees van God staan dit die mens vry om te kies wie hy wil dien. Die verandering wat intree as die siel hom aan Christus oorgee, bring die hoogste begrip van vryheid. Die uitwerping van die sonde is die taak van die mens self. – *Koning van die Eeue, 466:4.*

## *Tekste om te Onthou*

Daniël 1:8; Daniël 3:17, 18; Daniël 6:5

## *Definieer of Identifiseer*

Diskresie; Kompromis; Peulvrug as voedsel; Integriteit; Verontreinig

# LES 52 – DIE BEDIENING VAN DIE PROFETE

*Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Amos 3:7.*

**Dit is Christus wat deur die profete tot Sy volk gespreek het. In sy sendbrief aan die Christelike gemeente sê die apostel Petrus dat die profete "geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die *Gees van Christus* wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna" (1 Petrus 1:10, 11). Dit is die stem van Christus wat deur die Ou Testament tot ons spreek. "Die getuienis van Christus is die gees van die profesie." Openbaring 19:10.** *– Patriarge en Profete, 366:3.*

## *Die Profeet en Sy Werk*

**1. Wat was profete in die ou tyd genoem?**

**a. Sieners.** 1 Samuel 9:9.
**b. Profete.** Jeremia 7:25.
**c. Boodskapper van die Here.** Haggai 1:13.
**d. Die stem.** Johannes 1:23.

**2. Wat was die werk van 'n profeet?**

a. Om sonde in verhewe plekke te veroordeel. 1 Konings 21:17-22.
b. Om die vyand se geheime planne te openbaar. 2 Konings 6:8-12.
c. Om 'n segsman vir God te wees. (1 Konings 22:13, 14); Jeremia 1:7.
d. Om oordeel uit te spreek. Jeremia 34:8-17.
e. Om verlossing uit die hand van die vyand te belowe. Jeremia 39:15-18.
f. Om 'n wag te wees. Eségiël 3:17.
g. Om die toekoms te voorspel. Daniël 2:28.
h. Om God se volk te lei. Hoséa 12:13.

## *Bewyse van 'n Ware Profeet*

**3. Hoe word 'n ware profeet uitgeken?**

a. Sy boodskap stem ooreen met Gods wet en met die getuienis van die ander profete. Jesaja 8:20.
b. Sy voorspellings word bewaarheid. Eségiël 12:25.
c. "So sal julle hulle dan aan hulle vrugte ken." Matthéüs 7:20.
d. Die gees van Christus is in hom. 1 Petrus 1:10, 11.
e. Hy moet 'n heilige lewe lei. 2 Petrus 1:21.
f. Hy erken dat "Jesus Christus in die vlees gekom het." 1 Johannes 4:1, 2.

**4. Noem vier vrouens wat in Ou Testamentiese tye die gawe van profesie gehad het.**

a. **Mirjam**. Exodus 15:20.
b. **Debóra**. Rigters 4:4.
c. **Hulda**. 2 Konings 22:14.
d. **Noádja**. Nehemía 6:14.

## *Profesie in die Christelike Kerk*

**5. Wie, behalwe die apostels en Paulus, was sommige van diegene in die Nuwe Testament wat oor die gawe van profesie beskik het?**

a. **Anna**. Lukas 2:36.
b. **Ágabus**. Handelinge 11:27, 28.
c. **Judas**. Handelinge 15:32.
d. **Silas**. Handelinge 15:32.

**6. In Efésiërs 4:8 lees ons "het Hy [Jesus] … gawes aan die mense gegee."**

**7. Watter vyf gawes is volgens Paulus aan die kerk gegee?** Efésiërs 4:11.

**8. Watter voorsorg het God getref om Sy getroue volk te beskerm teen die toorn van die Satan in die laaste dae?** Openbaring 12:17; 19:10, laaste gedeelte.

## *Oorweeg die Volgende*

1. Van die vroegste tye af is profete erken as leermeesters wat deur God aangestel is. In die hoogste sin van die woord was die profeet iemand wat onder direkte ingewing gespreek en aan die volk die boodskappe oorgedra het wat hy van God ontvang het. Maar die benaming is ook gebruik vir diegene wat, hoewel nie so direk geïnspireer nie, deur God geroep is om die volk oor die werke en weë van God te onderrig. Vir die opleiding van so 'n klas leermeesters, het Samuel, onder die Here se leiding, die profeteskole in die lewe geroep. – *Opvoeding, 46:1.*

2. Van besondere waarde vir God se kerk vandag – die oppassers van Sy wingerd – is die boodskappe van raadgewing en vermaning wat gegee was deur die profete wat Sy ewige planne ten behoewe van die mens duidelik gemaak het. – *Prophets and Kings, 22:1.*

3. Waar hy [Jeremia] ook al gedien het, het hy die mense genader met die ernstige versoek, "Hoor julle die woorde van hierdie verbond" (Jeremia 2:11), woorde wat hulle 'n volkome begrip sou gee van God se plan om 'n kennis van reddende waarheid na alle nasies te versprei. – *Prophets and Kings, 466:0.*

4. Nadat die stamme in Kanaan gevestig was, moes die insettinge van God daagliks in elke huis herhaal word; hulle moes duidelik op die deurposte en op die poorte geskryf wees, en ook op gedenkplate. Hulle moes getoonset en deur oud en jonk gesing word. Die priesters moes hierdie heilige insettinge by openbare byeenkomste leer, en hulle moes die daaglikse studie van die heersers van die land wees. – *Prophets and Kings, 464:2.*

5. “Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees.” 2 Kronieke 20:20.

***Wanneer ons die woord van God nederig en getrou bestudeer, sal dit die weg na die hemel aanwys.***

## *Tekste om te Onthou*

Amos 3:7
Jesaja 8:20
Openbaring 12:17; 19:10

# LES 53 – WÊRELDGESKIEDENIS VOORSPEL

*Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskapy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan. Daniël 2:44.*

***Redakteur se Nota:*** *Indien enige iets onduidelik is en vir 'n omvattende studie van Daniël, gaan asb na "**Studies in Daniel**" of **God's Prophetic Chain** deur leraar Stephen Bohr:*
***https://secretsunsealed.org/studies-in-daniel-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=fIgJaofjRXE&list=PLIWJyuxBfZ7i3cZqsQsloQdHHQ4axg8ey***

**In die geskiedenis van volke mag die student van Gods woord die letterlike vervulling van Goddelike profesie aanskou. Babilon, uiteindelik verpletter en vernietig, het van die wêreldverhoog verdwyn omdat haar heersers in tye van voorspoed hulleself as onafhanklik van God beskou het, en die roem van hulle koninkryk toegeskryf het aan menslike prestasie. Die Medo-Persiese ryk was getref deur die toorn van die Hemel, want God se wet is daarin onder die voete vertrap. Die koninkryke wat gevolg het, was nog laer en meer korrup; en hulle het laer en nog laer gesink volgens die skaal van sedelike deug. Die mag wat deur elke regeerder op aarde beoefen word, is deur die hemel toebedeel, en van sy gebruik van hierdie mag hang sy sukses af.** – *Prophets and Kings, 501:3-502:1.*

## *Die Koning Onrustig*

**1. Kort nadat Nebukadnésar koning van Babilon geword het, wat het gebeur om sy rus te versteur?** Daniël 2:1.

**2. Op wie het die koning staatgemaak by sulke geleenthede?** Daniël 2:2.

**3. Vertel die verhaal van wat gebeur het, soos in die Bybel opgeteken.** Daniël 2:3-13.

**4. Was die koning onredelik rakende wat hy van sy wyse manne vereis het?**

Onse God is, en Hy is 'n beloner van die wat Hom soek. Daniël het die Here gesoek toe die dekreet uitgevaardig is dat al die wyse manne in die koninkryk van Babilon gedood moes word omdat hulle nie 'n droom wat die koning nie kon herroep, kon weergee en uitlê nie. Nebukadnésar het nie slegs op die uitleg van die droom aangedring nie, maar ook die weergawe daarvan. As die wyse manne hieraan kon voldoen, dan sou hy dit aanvaar as bewys van hulle aanspraak dat hulle towenaars en astroloë was. Die towenaars was vol vrees en bewing. Hulle het verklaar dat die koning se versoek onredelik was, en dat so iets nog nooit van enige mens verwag is nie. Die koning het woedend geword, en het opgetree soos alle mense wat oor groot mag en onbeheerste hartstogte beskik. Hy het besluit dat elkeen van hulle doodgemaak moes word, en aangesien Daniël en sy vriende onder die wyse manne getel was, moes hulle deel in hulle lot. Hierdie gedrag is wat ons kan verwag van mense wat hoë gesagsposisies beklee, en wat deur onheilige passies beheer word. – *YI, November 22, 1894, par. 1.*

**5. Hoe het Daniël van die koning se dekreet te hore gekom?** Daniël 2:13-16.

**6. Wat het Daniël en sy vriende gedoen toe sy versoek vir tyd vergun is?** Daniël 2:17, 18.

**7. Lees met aandag Daniël se gebed van dankbetuiging nadat God die koning se droom aan hom geopenbaar het.** Daniël 2:19-23.

***In die Goddelike profesie van Daniël 2 word die oorsig van wêreldgeskiedenis duidelik voorspel.***

***Die Droom en die Uitlegging Daarvan***

**8. Wat was God se doel deur die droom aan die koning te gee?** Daniël 2:29, 30.

**9. Verduidelik wat die koning in sy droom gesien het.** Daniël 2:31-35.

**10. Noem die koninkryke wat deur die verskillende gedeeltes van die beeld voorgestel word.** Daniël 2:36-40.

**11. Wat is die sentrale tema van Daniël 2?** *God se beheer oor die geskiedenis word geopenbaar.* https://secretsunsealed.org/studies-in-daniel-pdf-download/

**12. Nadat hy die uitleg van die droom gegee het, wat het Daniël gesê rakende God se koninkryk en wanneer dit gestig sou word?** Daniël 2:44, 45.

**13. Wat was Nebukadnésar se reaksie?** Daniël 2:46, 47.

Die koning was oortuig van die waarheid van die uitleg, en met nederigheid en ontsag het hy "op sy aangesig geval en … aanbid," en gesê, "Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar." Daniel 2:47. – *Prophets and Kings, 499:2.*

**14. Hoe was Daniël en sy vriende deur die koning beloon?** Daniël 2:48, 49.

***Oorweeg die Volgende***

1. In die annale van die menslike geskiedenis verskyn die groei van volke, die opkoms en ondergang van ryke asof dit van die wil en vaardigheid van die mens afhanklik is. Die vorming van gebeurtenisse lyk of dit, in 'n groot mate, deur sy mag, ambisie of grille bepaal word. Maar in die Woord van God word die gordyn opsy getrek, en ons aanskou, agter, bo en deur die ganse spel en teenspel van menslike belange en mag en drifte die bemiddeling van die Almagtige, wat stilweg, geduldig, die raadsbesluite van Sy eie wil uitwerk. – *Opvoeding, 173:2.*

2. Om hierdie dinge te begryp – om die woorde te verstaan: "Geregtigheid verhoog 'n volk," dat "deur geregtigheid … die troon bevestig" word en die koning "deur liefde … sy troon" stut (Spreuke 14:34; 16:12; 20:28); om hierdie beginsels se werking te bespeur in die magsopenbaring van Hom van wie daar gesê word: "Hy sit konings af en stel konings aan" (Daniël 2:21) – dit is om die filosofie van die geskiedenis te begryp. – *Opvoeding, 175:1.*

3. Hoewel die nasies Gods beginsels verwerp, en deur dié verwerping hul eie ondergang teweeggebring het, was dit nogtans duidelik dat die Goddelike, oppermagtige voorneme deur al hul bewegings werk. – *Opvoeding, 177:1.*

4. Die geskiedenis wat die groot EK IS in Sy Woord uiteengesit het, deur skakel na skakel in die profetiese ketting aanmekaar te smee, van die ewige verlede tot die ewige toekoms, vertel ons waar ons vandag in die optog van die eeue is, en wat in die komende tyd verwag kan word. Alles wat die profesie voorspel het tot op hede sou gebeur, is in die oorkondes van die geskiedenis neergeskryf, en ons kan daarvan seker wees dat alles wat nog moet kom, op sy tyd vervul sal word. – *Opvoeding, 178:3.*

## *Tekste om te Onthou*

Daniël 2:1-23
Daniël 2:29, 30
Daniël 2:44, 45

## *Definieer of Identifiseer*

Droom
Geskiedenis
Towenaar
Voorspelling



*Daniël het 'n groot metaalbeeld gesien, en daar is aan hom gesê dat dit die groot koninkryke van Bybelprofesie voorstel.*

# LES 54 – DIE VIER GROOT DIERE VAN DANIËL 7

*Daniel 7 and the Great Prophecies of Daniel and Revelation deur Leraar Stephen Bohr.*

***Redakteur se Nota:*** *Indien iets vir u onduidelik is, of vir 'n omvattende studie van Daniël, gaan na "**The Great Prophecies of Daniel and Revelation"** deur leraar Stephen Bohr:* **https://secretsunsealed.org/the-great-prophecies-of-daniel-revelation-pdf-download/**

**https://www.youtube.com/watch?v=mtVju4xWLcU&list=PLIWJyuxBfZ7godSkJ-s20X5ifkfk8lBaZ**

**Uit die opkoms en ondergang van nasies soos dit in die boeke van Daniël en Openbaring duidelik gemaak word, moet ons leer hoe waardeloos bloot uiterlike en wêreldse eer is. Babilon, met al sy mag en heerlikheid, waarvan ons wêreld die gelyke sedertdien nooit aanskou het nie – mag en luister wat vir die mense van daardie tyd so stabiel en blywend gelyk het – hoe volkome het dit nie verdwyn nie! "Soos 'n blom van die gras" het dit tot niet gegaan. So vergaan alles wat nie God as sy fondament het nie. Net wat met Sy voorneme saamhang en Sy karakter uitdruk, kan bly bestaan. Sy beginsels is die enigste standhoudende dinge wat ons wêreld ken.** – *Prophets and Kings, 548:1.*

## *Daniël se Droom*

1. **In watter jaar was Daniël se droom aan hom gegee?** Daniël 7:1.

2. **Wat het die profeet in die naggesig gesien?** Daniël 7:2-14.

3. **Wat was die uitwerking van wat Daniël gesien het op hom?** Daniël 7:15.

4. **Wie het vir Daniël 'n uitlegging gegee van die gesig wat hy gehad het?** Daniël 7:16.
Die engel wat hierdie verduideliking gegee het, was sonder twyfel Gabriël.

## *Die Uitlegging*

5. **Wat verteenwoordig die wind en die see in profesie?** Daniël 7:2, 3.

Die groot koninkryke wat oor die wêreld geheers het, is deur die profeet Daniël voorgestel deur roofdiere wat verskyn het toe "die vier winde van die hemel die groot see in beroering gebring (het)." (Dan. 7:2). In Openbaring 17 het 'n engel verduidelik dat **water "volke en menigtes en nasies en tale" is.** Openb. 17:15. **Winde is 'n simbool van stryd.** Die vier winde van die hemel wat die groot see in beroering gebring het, stel die verskriklike veroweringstonele en die omwentelinge waardeur die koninkryke hulle mag verkry het, voor. *– Die Groot Stryd, 439:3, 7.*




1. Die leeu het Babilon voorgestel.



2. Die beer het Medo-Persië voorgestel.



3. Die luiperd verwys na Griekeland.



4. Die vreeslike en skrikwekkende dier is Rome.

**6. Watter ooreenkomste bestaan tussen Daniël 2 en Daniël 7?**

| ***Daniël 2*** | ***Daniël 7*** |
|---|---|
| a. Visioen gegee aan Nebukadnésar. | a. Visioen gegee aan Daniël. |
| b. Deur Daniël uitgelê. | b. Deur ‘n engel uitgelê. |
| c. Vier koninkryke, gesimboliseer deur metaal beeld. | c. Vier koninkryke, gesimboliseer deur diere. |
| d. God se koninkryk opgerig, en “self sal dit vir ewig bestaan.” Daniël 2:44. | d. Koninkryk van die heiliges opgerig – “’n ewige koninkryk.” Daniël 7:27. |
| e. Hoof van goud – Babilon. | e. Leeu – Babilon. |
| f. Bors van silwer – Medo-Persië. | f. Beer – Medo-Persië. |
| g. Buik en lendene van koper – Griekeland. | g. Luiperd – Griekeland. |
| h. Bene van yster – Rome. | h. Vreeslike dier – Rome. |
| i. Voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei – nasies van Europa. | i. Tien horings – nasies van Europa. |
| j. God verwek ‘n koninkryk. | j. Heiliges van die Allerhoogste ontvang die koninkryk. |

**7. In die lig van die ooreenkoms tussen hoofstukke 2 en 7 van Daniël, sou dit korrek wees om aan te neem dat die vier koninkryke van Daniël 7 dieselfde is as die vier koninkryke van die tweede hoofstuk. Verder, in elke visioen kom die klimaks van die aardse koninkryke met die oprigting van God se koninkryk nadat die voriges verbygegaan het.**

**8. Die vier koninkryke in die geskiedenis:**

**Leeu –** Babilon, 605 vC tot 539 vC.
**Beer** – Medo-Persië, 539 vC tot 331 vC.
**Luiperd** – Griekeland, 331 vC tot 168 vC.
**“Vreeslike en skrikwekkende dier”** – Rome 168 vC tot 476 nC.

**9. Watter koninkryk volg op hierdie vier?** Daniel 7:26, 27.

**10. Watter gebeurtenis merk die inlui van God se koninkryk?** Matthéüs 25:31.

Maar die volle verwesenliking van die koninkryk van Sy heerlikheid sal eers by die wederkoms van Christus geskied. “Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel” moet “aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste” gegee word (Daniël 7:27). Hulle sal die koninkryk beërwe wat “van die grondlegging van die wêreld af” vir hulle berei is (Matthéüs 25:34). En Christus sal Sy groot mag opneem en regeer. – *Die Meester se Onsterflike Rede, 108:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Daniël 7:2-14; Daniël 7:17

## *Definieer of Identifiseer*

Horings; See; Winde; Vlerke

## *Stop en Oorweeg die Volgende*

Soek na die Bakens
Soek na die bakens soos jy verder reis,
Soek na die bakens, soos jy een vir een verbygaan;
Deur die eeue heen, verby die vier koninkryke –
Waar staan ons nou? Kyk na die bakens.

Eers het die Assiriese koninkryk die wêreld regeer,
Toe het Medo-Persië se baniere gewapper;
En nadat Griekeland wêreldwyd geheers het,
Het Rome die septer geneem – waar is ons vandag?

Onder in die voete van yster en klei,
Voorspoedig en verdeeld, binnekort sal dit verbygaan;
Wat sal die volgende groot, glorieryke drama wees?
Christus en Sy wederkoms, en die ewigheid.

Soek na die bakens, die groot profetiese bakens,
Deur die eeue heen, verby die vier koninkryke.
Soek na die bakens, die groot profetiese bakens.
Die reis is amper op ‘n einde.

# LES 55 – DIE KLEIN HORING

### *Die Mens se Poging om God se Wet te Verander*

*En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende ‘n tyd en tye en die helfte van ‘n tyd. Daniël 7:25.*

**As gevolg van die daarstelling van ‘n valse sabbat, het die vyand probeer om tye en wet te verander. Maar het hy werklik daarin geslaag om God se wet te verander? Die woorde van die een-en-dertigste hoofstuk van Exodus gee die antwoord. Hy wie gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is, het rakende die sewende-dag Sabbat verklaar: “Dit is ‘n teken tussen My en julle in julle geslagte,” “dit (is) vir ewig ‘n teken.” Exodus 31:13, 17. Die veranderde padwyser wys in die verkeerde rigting, maar God het nie verander nie. Hy is steeds die magtige God van Israel. En Hy is nou net so beskermend teenoor Sy wet as wat Hy was in die dae van Agab en Elía.** *– Prophets and Kings, 184:3.*

## *Christus en die Wet*

**1. Wat sou Christus se houding teenoor die wet wees volgens die profeet Jesaja?** Jesaja 42:21. [Dit het die HERE behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing (wet; sien KJV) groot en heerlik te maak.]

**2. In die Bergpredikasie, wat het Christus gesê Hy nie gekom het om te doen nie?** Matthéüs 5:17.

**3. Van watter wet is die Sabbatgebod ‘n deel?** Exodus 20:8-11.

**4. Wat het Christus verklaar rakende hoe durend die wet is?** Matthéüs 5:18.

## *Die Antichris en die Wet van God*

**5. Watter valse godsdienstige mag sou volgens Paulus in die kerk ontstaan?** 2 Thessalonicense 2:3, 4.

**6. Wat het Daniël genoem, sou hierdie selfde valse stelsel poog om te doen?** Daniël 7:25.

**7. Sonder enige twyfel, na watter mag verwys hierdie profesieë?**
Die profesieë verwys na die Rooms-Katolieke Kerk.

Daardie priesters [*flamines*] van Babilon wil alleen regeer, hulle kan nie ‘n gelyke verdra nie, hulle sal nie ophou totdat hulle alle dinge onder hulle voete vertrap het nie, en totdat hulle in God se tempel sit, en totdat hulle hulself verhef het bo alles wat aanbid word. Hy wat die kneg van die knegte is, begeer om Here van die here te wees, asof hy God is. Hy spreek groot dinge, asof hy waarlik God is. Hy oorweeg nuwe planne in sy hart, sodat hy sy eie reëls vir homself kan maak, hy verander wette, hy bepaal sy eie wette, hy verdraai, hy plunder, hy beroof, hy bedrieg, hy maak dood – daardie hardnekkige man (na wie hulle gewoond- was om te

verwys as die Antichris) op wie se voorkop die belediging geskrywe staan: "Ek is God, ek kan nie fouteer nie." Hy sit in die tempel van God, en sy gesag strek wyd en syd. Maar soos in die geheime van die heilige geskrifte van God geskryf staan, laat hom wat lees, oplet: die geleerdes sal verstaan, al die goddeloses sal goddeloos handel, en hulle sal ook nie verstaan nie. (Vertaal uit Ioannes Aventinus, Annales Boirum Libri Septem, 684.)

Die betekenis van Eberhard se uitdrukking moenie uit die oog verloor word nie – dat mense in sy tyd [sy toespraak is in 1240 nC gemaak] "gewoond" was om na die pous as die "Antichris" te verwys. Hy het bloot op dramatiese wyse uiting gegee aan wat ‘n algemene oortuiging en ope verklaring geword het. – *LeRoy Froom, The Prophetic Faith of Our Fathers, vol. 1, 800:2, 3.*

**VERTALING VAN BRIEF VAN St Alphonsus (Rock) Church (1905) Sien afskrif van brief hieronder.**

Liewe Vriend,

Ek het ‘n aanbod van $1000 gemaak, en die aanbod staan nog steeds, vir enigeen wat aan my uit die Bybel alleen kan bewys dat ek verplig is, onder ernstige sonde, om Sondag te heilig.

Dit was die Katolieke Kerk wat die wet wat ons verplig om die Sondag te heilig, gemaak het. Die kerk het hierdie wet gemaak lank nadat die Bybel geskryf is.
Dus word hierdie wet nie in die Bybel gevind nie.
Christus, onse Here, het Sy kerk bemagtig om wette te maak wat bindend vir die gewete is. Hy het vir Sy apostels en hulle wettige opvolgers in die priesterdom gesê: "Wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees." Matt. 16.19. Matt. 18.17, Luk. 16, 19.

Die Katolieke Kerk het nie alleenlik die Sabbat afgeskaf nie, maar ook al die ander Joodse feeste.

Bid en studeer. Ek sal altyd bereid wees om jou te help, solank jy in alle erns die waarheid soek.

Hoogagtend die uwe

J. M. J. A. T.

**St. Alphonsus' (Rock) Church,**

1118 N. Grand Ave.

St. Louis, June 1 1905

Dear Friend, I have offered & still offer $1000, to any one who can prove to me from the Bible alone, that I am bound, under grievous sin to keep Sunday holy.

It was the Catholic Church which made the law obliging us to keep Sund. holy. The church made this law long after the Bible was written. Hence said law is not in the Bible.

Christ, our Lord empowered his church to make laws binding in conscience. He said to his apostles & their lawful successors in the priesthood "Whatsoever you shall bind on earth shall be binding in heaven." Mth. 16.19. Mth 18.17. Luk 16,19.

The Cath. Church abolished, not only the Sabbath, but all the other Jewish festivals.

Pray & study. I shall be always glad to help you as long as you honestly seek the truth

Respectfully

T. Enright CSsR

# DIE TIEN GEBOOIE

***(Exodus 20:3-17)***

**I**

**Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**

**II**

**Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.**

**III**

**Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.**

**IV**

**Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie -- jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.**

**V**

**Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.**

**VI**

**Jy mag nie doodslaan nie.**

**VII**

**Jy mag nie egbreek nie.**

**VIII**

**Jy mag nie steel nie.**

**IX**

**Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.**

**X**

**Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.**

# DIE TIEN GEBOOIE

## Rooms Katolieke Kerk

*"Hy sal dink dat hy daartoe in staat is om tye en wet te verander." Daniel 7:25. [Vertaal uit die Douaibybel.]*

I
DIE EERSTE GEBOD: JY MAG GEEN AFGODE VEREER NIE; JY MOET MY ALLEEN AANBID EN BO ALLES LIEFHÊ.

II
DIE TWEEDE GEBOD: JY MAG DIE NAAM VAN DIE HERE JOU GOD NIE ONEERBIEDIG GEBRUIK NIE.

III
DIE DERDE GEBOD: GEDENK DIE SABBATDAG, DAT JY DIT HEILIG.

IV
DIE VIERDE GEBOD: EER JOU VADER EN JOU MOEDER.

V
DIE VYFDE GEBOD JY MAG NIE DOODSLAAN NIE.

VI
DIE SESDE GEBOD JY MAG NIE EGBREEK PLEEG NIE.

VII
DIE SEWENDE GEBOD EN DIE TIENDE GEBOD JY MAG NIE STEEL NIE.

VIII
DIE AGSTE GEBOD JY MAG NIE VALSE GETUIENIS TEEN JOU NAASTE SPREEK NIE.

IX
DIE NEGENDE GEBOD JY MAG NIE JOU NAASTE SE HUIS BEGEER NIE; JY MAG NIE JOU NAASTE SE VROU BEGEER NIE, OF SY DIENSKNEG OF SY DIENSMAAGD, OF SY OS OF SY ESEL OF IETS WAT VAN JOU NAASTE IS NIE.

X
DIE TIENDE GEBOD JY MAG NIE DIT WAT AAN IEMAND ANDERS BEHOORT BEGEER NIE.

***['N KLEIN KATEGISMUS VAN DIE KATOLIEKE KERK***
***'n Publikasie deur DIE ORATORIUM UITGEWERY™]***

**8. Luther het geglo dat die koning in Daniël 11:36 na die pous verwys het.**

Hier is dit duidelik die pous wat in all sy dekrete onbeskaamd uitroep dat al die kerke en trone deur hom geoordeel sal word, maar hy self kan nie deur enigiemand geoordeel word nie. – *LeRoy Froom, The Prophetic Faith of Our Fathers, vol. 2, 270:5.*

**9. By watter kerkkonsilie het die biskoppe Sondag 'n weeklikse rusdag verklaar?**

By die konsilie van Laodicéa het die biskoppe Sondag 'n weeklikse rusdag gemaak. Can. 29. Christene sal nie Judaïseer en op 'n Saterdag ledig wees nie, maar sal op daardie dag werk; maar die dag van die Here sal hulle veral vereer, en, as Christene, sal hulle, indien moontlik, geen werk op daardie dag doen nie. As daar egter gevind word dat hulle Judaïseer, sal hulle van Christus afgesny word. … Dit sou verkieslik wees om, tesame met Remi Ceillier, Tillemont, en andere, die vergadering van die Sinode van Laodicéa in die algemeen iewers tussen die jare 343 en 381 te plaas, en om pogings om 'n meer akkurate datum te bepaal, te laat vaar. – *Charles Joseph Hefele, A History of the Councils of the Church, vol. 2, 316:1; 298:1*
.

**10. Wat is die eerste opgetekende erkenning van Sondag as 'n wettige rusdag?**

Die vroegste erkenning van Sondagonderhouding as 'n wettige verpligting is 'n staatsreëing van Konstantyn in 321 nC, wat bepaal het dat alle geregshowe, bewoners van dorpe, en werkswinkels moes op Sondag (*venerabili die solis*) rus, met 'n uitsondering ten gunste van diegene wat die land bewerk. – *The Encyclopaedia Britannica, 11th ed, art. "Sunday," vol. 26, 95:1.*

**11. Erken die pousdom dat hulle die Sabbat verander het?**

Dit behaag die Kerk van God in haar wysheid, dat die godsdienstige viering van die Sabbatdag oorgeplaas moet word na die dag van die Here. – *Theodore Alois Buckley, The Catechism of the Council of Trent, 398:3.*

**Vraag: Hoe bewys jy dat die Kerk die mag het om feeste en heilige dae in te stel?**

**Antwoord: Deur die blote verandering van die Sabbat na Sondag, wat die Protestante toelaat; en dus teenspreek hulle hulself deur Sondag streng te onderhou, en die meeste ander feeste wat deur dieselfde Kerk ingestel is, te verbreek.** – *Henry Tuberville, An Abridgement of the Christian Doctrine (1833 approbation), 58. (Sien Bible Readings for the Home, 435.)*

**Vraag: Is daar enige ander manier om te bewys dat die Kerk die mag het om heilige feesdae in te stel?**

**Antwoord: As sy nie oor sulke mag beskik het nie, kon sy nie dit gedoen het waarin alle moderne godsdiensyweraars haar ondersteun nie; - sy kon nie die viering van Sondag, die eerste dag van die week, in die plek stel van die viering van Saterdag, die sewende dag van die week nie, 'n verandering waarvoor daar geen Bybelse gesag is nie.** – *Stephen Keenan, A Doctrinal Catechism, 3d American ed, 174:4, 5.*

**Die Katolieke Kerk, ooreenkomstig haar Goddelike roeping, het die dag van Saterdag na Sondag verander.** *Catholic Mirror (Amptelike Spreekbuis vir Kardinaal Gibbons), Sept. 23, 1893.*

**12. Watter ander verandering het die Katolieke Kerk gepoog om aan God se wet te maak?**

Tien gebooie, die omvatting van die geopenbaarde uitdrukking van die Skepper se wil rakende die mens se hele plig teenoor God en sy medemens; Christus het hierdie gebooie saamgevat in die dubbele voorskrif van liefde – liefde vir God en vir die naaste; Hy het hulle verkondig as bindend onder die Nuwe Wet in Matthéüs 19 en in die Bergpredikasie (Matthéüs 5). Die kerk, aan die ander kant, nadat sy die rusdag verander het van die Joodse Sabbat, of sewende dag van die week, na die eerste, het die Derde Gebod laat verwys na Sondag as die dag wat geheilig moet word as die dag van die Here. – *The Catholic Encyclopaedia, art. "Commandments of God," vol. 4, 153.*

**13. Watter verdere getuienis gee die Katolieke Kerk aangaande die heiligheid van die Sabbat?**

**Vraag:** Watter is die Sabbatdag?

**Antwoord: Saterdag is die Sabbatdag.**

**Vraag:** Hoekom onderhou ons Sondag pleks van Saterdag?

**Antwoord: Ons onderhou Sondag pleks van Saterdag omdat die Katolieke Kerk, in die Konsilie van Laodicéa (336 nC) die plegtigheid van Saterdag na Sondag oorgeplaas het.** – *Peter Geiermann, The Convert's Catechism of Catholic Doctrine, 1923 uitgawe, 50:1-4.*

**14. Kyk hoe erken hierdie selfde kerk dat die Bybel niks sê in verband met die heiligheid van Sondag nie?**

Die Skrifte alleen bevat nie al die waarhede wat die Christen veronderstel is om te glo nie, en ook is daar geen uiteensetting van al die pligte wat hy veronderstel is om uit te voer nie. Sonder die melding van ander voorbeelde, is elke Christen nie veronderstel om Sondag te heilig en om op daardie dag hom te weerhou van alle onnodige werk nie? Is die onderhouding van hierdie wet nie een van die belangrikste van ons heilige pligte nie? **Maar jy kan die Bybel lees vanaf Génesis tot Openbaring, en jy sal nie 'n enkele reel vind wat die heiliging van Sondag magtig nie. Die Skrifte pas die godsdienstige onderhouding van Saterdag toe, 'n dag wat ons nooit heilig nie.** – *James Cardinal Gibbons, Faith of Our Fathers, 76ste uitgawe, 86:1.*

**15. Wat sê die Rooms Katolieke kerk aangaande "tradisie"?**

Soos twee heilige riviere wat uit die Paradys vloei, die heilige Bybel en Goddelike tradisie, bevat albei die Woord van God, albei is vol kosbare juwele van geopenbaarde waarhede. Alhoewel hierdie twee Goddelike strome, op sigself beskou, ewe heilig is as gevolg van hulle Goddelike oorsprong, en albei is vol geopenbaarde waarhede; nogtans, uit die twee, is Tradisie vir ons meer duidelik en veilig. – *Joseph Faa di Bruno, Catholic Belief, 5de uitgawe, 21:2, 3.*

**16. Tot watter gevolgtrekking kom kerkgeskiedkundiges aangaande die oorsprong van Sondagviering?**

Die Sondagsfees, soos alle ander feeste, was nog altyd 'n menslike instelling, en dit was geensins die apostels se bedoeling om 'n Goddelike gebod in hierdie opsig daar te stel, so ook was dit geensins die bedoeling van die vroeë apostoliese kerk, om die Sabbatswette op Sondag oor te plaas. – *August Neander, The History of the Christian Religion and Church, vertaal deur Henry John Rose, p. 186. (Source Book for Bible Students, 510.)*

**17. Watter vraag, deur Elía gevra, hoort in ons tyd versigtig oorweeg te word deur elke lewende wese?** 1 Konings 18:21.

## *Oorweeg die Volgende*

1. "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas." Markus 7:7, 8.

2. "Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis." Handelinge 4:19, 20.

3. "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense." Handelinge 5:29.

4. "Maar die meerderheid begeer die waarheid vandag net so min as die pousgesindes wat Luther teengestaan het. Daar is dieselfde neiging, net soos in vorige eeue, om die teorieë en tradisies van mense te aanvaar in stede van die Woord van God." – *Die Groot Stryd, 144:0.*

5. Soos die vorige keer, is die klag gegrond op Sy veronagsaming van die oorleweringe waarmee die wet van God beswaar is. Die oogmerke daarmee was om te verseker dat die wet nagekom word, maar hulle is heiliger as die wet self geag. As hulle gebots het met die wet wat van Sinai afgekondig is, is voorkeur aan die voorskrifte van die rabbi's gegee. – *Koning van die Eeue, 395:2.*

6. Die vervanging van die gebooie van God met gebooie van die mens het nog nie opgehou nie. Die mensdom kleef aan sy tradisies vas en eerbiedig sy gewoontes en koester haat teenoor diegene wat hulle op hul dwaling probeer wys. Vandag, waar ons die taak opgedra is om die aandag op die gebooioe van God en die getuienis van Jesus te vestig, ondervind ons dieselfde vyandigheid wat in die tyd van Christus geopenbaar is. – *Koning van die Eeue, 398:3.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 31:3;
Daniël 7:25;
2 Thessalonicense 2:3, 4;
1 Konings 18:21;
Matthéüs 5:17, 18

## *Definieer of Identifiseer*

Anti; Vervolging; Tyd; Tye; 'n Halwe tyd; Klein horinkie; Ontwortel

# LES 56 – JESUS GEOPENBAAR IN DIE BOEK VAN DANIËL – OPSOMMING VAN EENHEID 8

*Die koning het Daniël geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar. Daniël 2:47.*

**Watter lewenswerk was die van hierdie edele Hebreërs nie! Hoe min het hulle, toe hulle die tuiste van hul kinderdae vaarwel gesê het, kon droom van hulle hoë lotsbestemming! Getrou en standvastig het hulle hul aan Goddelike leiding oorgegee, sodat God deur hulle Sy doel kon verwesenlik.**

**Dieselfde geweldige waarhede wat deur hierdie manne geopenbaar is, wil God graag deur vandag se jongmense en kinders openbaar. Die geskiedenis van Josef en Daniël is 'n illustrasie van wat Hy sal doen vir diegene wat hulle aan Hom oorgee en van ganser harte sal trag om Sy doel te verwesenlik.**

**Die wêreld se grootste behoefte is die behoefte aan manne – manne wat nie gekoop of verkoop kan word nie, manne wat in die diepste van hul wese eg en eerlik is, manne wat nie vrees om sonde by die regte naam te noem nie, manne wie se gewete so getrou is soos die kompasnaald aan die pool, manne wat sal staan vir wat reg is, al sou die hemele val.**

**Maar so 'n karakter kom nie per toeval nie; dit is nie die gevolg van die Voorsienigheid se spesiale gunste of gawes nie. 'n Edele karakter spruit uit selfdissipline, uit die onderwerping van die laer aan die hoër natuur – die oorgawe van die eie ek vir liefdesdiens aan God en die mens.** – *Opvoeding, 57:1-4.*

## *Waag om 'n Daniël te Wees*

1. In die uitvoer van God se doel, wat moes Daniël en sy drie vriende aan die ander nasies gee?
2. Dui aan wat dit in hulle lewens was wat hulle geskik gemaak het vir posisies van sulke groot vertroue en eer.
3. Hoe was dit vir Nebukadnésar moontlik om die Seun van God in die vuuroond te herken?
4. Watter baie belangrike les kan ons leer uit die verhaal van Daniël se uitredding uit die leeukuil?

## *Die Bediening van Profete*

1. Deur watter groep mense het God deur die eeue heen gespreek?
2. Noem die verskeie pligte van 'n profeet soos in die Ou Testament opgeteken.
3. Dui aan vyf bewyse van 'n ware profeet.
4. Noem vier vroeë Christene, behalwe die apostels, wat die gawe van profesie gehad het.

## *Wêreld Geskiedenis Voorspel*

1. Wat sien die student van Gods Woord in die geskiedenis van nasies?
2. Waarvandaan kry aardse heersers hulle krag, en waarvan hang hulle sukses af?
3. Vertel Nebukadnésar se droom.
4. Noem in volgorde die koninkryke wat in hierdfie droom verteenwordig word, en gee die datums vir elkeen.
5. Parafraseer Daniël 2:44, 45.

## *Die Vier Groot Diere van Daniël 7*


1. Watter spesifieke les hoort ons te leer uit die studie van Daniël en Openbaring? Wat alleen kan bly bestaan?
2. Wat is die enigste standvastige dinge wat ons wêreld ken?
3. Dui op die ooreenkomste tussen Daniël 2 en 7.
4. Wanneer sal die volkome totstandkoming van die "koninkryk van heerlikheid" plaasvind?

## *Die Klein Horing*

1. Verduidelik die volgende stelling: "Die veranderde baken wys na die verkeerde rigting, maar God het nie verander nie." – Prophets and Kings, 184:3.
2. Waarop is God vandag net so gesteld as wat Hy was in die tyd van Agab?
3. Gee duidelik die redes hoekom jy glo dat Daniël 7:25 na die Rooms-Katolieke Kerk verwys.
4. Hoe vroeg in die geskiedenis was mense daaraan gewoond om na die pous as die "antichris" te verwys?
5. Toon aan hoe Daniël 7:25; Openbaring 12:6, 14; 13:5 na dieselfde tydperk verwys.

# EENHEID 9 – JESUS IN DIE HEILIGDOM

**Daar is geen profetiese tydperk in die Bybel wat tot by die wederkoms strek nie, maar die langste een, die 2300 dae van Daniël 8:14, het in 1844 geëindig, en het ons gebring tot by ‘n gebeurtenis waarna daar verwys word as die reiniging van die heiligdom. Die ware heiligdom, waarvan die tabernakel op aarde ‘n tipe was, is God se tempel in die hemel, waarvan Paulus in Hebreërs 8 en verder praat, en waarvan die Here Jesus, as ons groot Hoëpriester, dienaar is, en die priesterlike werk van onse Here is die antitipe van die werk van die Joodse priesters van die vorige dispensasie. Hierdie hemelse heiligdom is die een wat aan die einde van die 2 300 dae van Daniël 8:14 gereinig moet word; die reiniging daarvan is, soos in die tipe, ‘n werk van oordeel, wat begin met Christus se intrede as Hoëpriester in die oordeelsfase van Sy bediening in die hemelse heiligdom, voorafgeskadu in die aardse diens van reiniging van die heiligdom op die groot Versoendag. Hierdie oordeelswerk in die hemelse heiligdom het in 1844 begin, en die voltooiing daarvan sal die einde van die genadetyd vir die mens wees.**



“O God, U weg is in heiligheid (die heiligdom – KJV, v. 13). Wie is ‘n groot God soos God?” Psalm 77:14.

“Thy way, O God, is in the sanctuary: who is so great a God as our God?” Psalm 77:13.

# LES 57 – DIE HEILIGDOM IS WAAR GOD WOON

*Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes. Jesaja 57:15.*

***Redakteur se Nota:*** *Indien iets onduidelik is, gaan kyk gerus die volledige reeks.*

**[https://www.youtube.com/watch?v=cAtYmNq2mzU&list=PLIWJyuxBfZ7gaf0xBKeSpFs4KGndRI_8q](https://www.youtube.com/watch?v=cAtYmNq2mzU&list=PLIWJyuxBfZ7gaf0xBKeSpFs4KGndRI_8q)**

*Vir 'n omvattende studie van die Heiligdom, gaan na die lesings "His Way is in the Sanctuary," deur Leraar Stephen Bohr, by:* **[https://secretsunsealed.org/his-way-is-in-the-sanctuary-pdf-download/](https://secretsunsealed.org/his-way-is-in-the-sanctuary-pdf-download/)**

**Van die ewigheid af was dit God se doel dat elke skepsel, vanaf die glansende, heilige seraf tot die mens, 'n tempel vir die inwonende Skepper moet wees. As gevolg van die sonde was die mens nie meer 'n tempel van God nie. Verduister en besoedel deur die kwaad, het die mensehart nie meer die heerlikheid van die Heilige weerspieël nie. Maar in die vleeswording van die Seun van God is die hemelse doel verwesenlik. God woon in die mens en deur Sy reddende genade word die mensehart weer Sy tempel. Die doel van God was dat die tempel in Jerusalem 'n voortdurende getuie sou wees van die hoë roeping wat op elke siel wag. Maar die Jode het nie die betekenis van die gebou waarop hulle so trots was, begryp nie. Hulle het hulself nie beskikbaar gestel as heilige tempels vir die Heilige Gees nie.** – *Koning van die Eeue, 161:1.*

## *'n Heiligdom*

**1. Wat is 'n heiligdom?**

*Enige plek wat beskou word as 'n woonplek van Godheid, of as bewoon deur die persoonlike goddelike Teenwoordigheid. – Vertaal uit Webster.*

Die vraag: Wat is die heiligdom? word duidelik beantwoord in die Skrifte. Die benaming "heiligdom" soos in die Bybel gebruik, het in die eerste plek betrekking op die tabernakel wat deur Moses gebou is as die afbeeldsel van hemelse dinge; en in die tweede plek op die "ware tabernakel" in die hemel waarvan die aardse heiligdom 'n tipe was. – *Die Groot Stryd, 417:1.*

**2. Wat word gesê van God se weg?** Psalm 68:25 (AOV); Psalm 77:13 (KJV)

**3. Waarvandaan kom hulp?** Psalm 20:3.

**4. Wat is God vir Sy kinders?** Jesaja 8:13, 14; Eségiël 11:16.

**5. Waar het God die psalmdigter nader aan Hom getrek?** Psalm 73:17.

**6. Hoe wil God hê Sy heiligdom moet wees?** Psalm 96:6; Jesaja 60:13.
Dit is nie moontlik om die volgende paragraaf te vertaal sonder om die kern van die boodskap wat dit oordra, te verloor nie. Dus word dit in Engels weergegee:

It is interesting to note that "beauty of holiness" (Psalm 96:9) is translated in the margin of the King James Version of the Bible "in the glorious sanctuary;" in the margin of Psalm 29:2 the same expression is translated "in His glorious sanctuary." Psalm 96:6 seems to put the two together: "Strength and beauty are in His sanctuary." "It is the beauty of holiness, a meek and quiet spirit, which is of value with God." – *The Great Controversy, 566:3.*

Die weergalose heerlikheid van die aardse tabernakel het vir die menslike oog die heerlikheid van die hemelse tempel waar Christus ons voorgegaan het en vir ons dien voor die troon van God, weerkaats. Die woonplek van die Koning van die konings, waar duisendmaal duisend voor Hom dien, en tienduisendmaal tienduisend voor Hom staan (Daniël 7:10); daardie tempel, vervul met die heerlikheid van die ewige troon, waar serafs, sy skitterende bewakers, hulle gesigte in aanbidding bedek, kon, in die pragtigste gebou wat ooit deur menslike hande opgerig is, maar 'n floue weerkaatsing vind van Sy grootsheid en heerlikheid. – *Die Groot Stryd, 414:2.*

## *God se Troon 'n Heiligdom*

**7. Waar woon God?** Jesaja 57:15.

**8. Wat was van die begin af die plek van ons heiligdom?** Jeremia 17:12; Hebreërs 1:8.

**9. Wat verklaar Paulus, deur middel van analogie, is die hemelse heiligdom?** Hebreërs 9:24.

Paulus verklaar dat die hemelse heiligdom "die hemel self" is. Hebreërs 9:24.
Die hemelse tempel, die woonplek van die Koning van die konings, waar "duisend maal duisende" Hom gedien en "tienduisend maal tienduisende" voor Hom gestaan het (Daniël 7:10), die tempel wat met die heerlikheid van die onverganklike troon verlig is, waar serafs, sy skitterende wagte, hulle aangesigte in aanbidding bedek – geen aardse gebou kon die heerlikheid en grootheid daarvan voorstel nie. – *Patriarge en Profete, 357:2.*

## *Heiligdomme of Tempels op die Aarde*

**10. Wat is ons, volgens die apostel Paulus?** 1 Korinthiërs 3:16, 17; 2 Korinthiërs 6:16-18.

**11. Wat het God die Israeliete gevra om vir Hom in die woestyn te maak?** Exodus 25:8.

**12. Wanneer was die heiligdom opgerig, en wat het gebeur toe hulle dit klaar opgerig het?**
Exodus 40:2, 33-35.

**13. Watter gesprek het tussen Koning Dawid en die profeet Natan plaasgevind toe Dawid 'n huis vir die Here wou bou?** 2 Samuel 7:4-17.

**14. Maar wie het God gesê sou vir Hom 'n huis bou?**

Die tabernakel wat in die woestyn gebou was het die kinders van Israel vir baie jare gedien. Maar Dawid het gevoel dat dit nie gepas was dat die aanbidding van God in 'n tent moes plaasvind, terwyl die kinders van Israel nie meer in tente gewoon het nie. Hy wou 'n tempel vir God bou, maar hy is die voorreg ontsê. Dawid was 'n krygsman, en God wou hê dat Salomo, wat 'n man van vrede sou wees, die tempel moes bou. Salomo het dit gebou volgens die planne wat deur Dawid opgestel is. Hierdie tempel was 'n pragtige struktuur, en die Jode was trots daarop. Dit is vernietig tydens die Babiloniese gevangenskap. Toe het Serubbábel dit herbou, en dit het Herodus ses-en-veertig jaar geneem om dit te verfraai. Hierdie laasgenoemde gebou is vernietig toe die Romeine onder Titus Jerusalem ingeneem het in die jaar 70 nC. Dit is nooit herbou nie.

## *Die Gemeente (of Kerk) 'n Heiligdom*

**15. Watter naam is gegee aan die liggaam van Christus se volgelinge?** Matthéüs 16:18; Handelinge 2:47.

**16. Waarop is hierdie gemeente (of kerk) gebou?** Matthéüs 16:18; Efésiërs 2:20-22.

**17. Wat noem die apostel Petrus dit?** 1 Petrus 2:4-10.

**18. Waar is die name van die ware lidmate opgeteken?** Openbaring 3:5; 21:27.

**19. Wat begeer Christus, wie die kerk liefhet, dat die kerk moet wees?** Efésiërs 5:25-27.

Tydens eeue van geestelike duisternis was die kerk van God soos 'n stad wat op 'n heuwel gebou is. Eeu na eeu, van geslag tot geslag, is die suiwere leer van die hemel binne sy grense ontvou. Al kom die kerk swak en gebrekkig voor, is dit nogtans die een voorwerp waaraan God Sy verhewe aandag in 'n besondere sin skenk. Dit is die skouburg van Sy genade waarin dit Hom behaag om Sy mag om harte te verander, te openbaar. – *Handelinge van die Apostels, 12:1.*

Die kerk op aarde, saamgestel uit diegene wat getrou en lojaal aan God is, is die "ware tabernakel" (Hebreërs 8:2) waarvan die Verlosser die Dienaar is. 'n Heilige tabernakel bestaan uit diegene wat Christus as hulle persoonlike Heiland aanvaar. Christus is die Dienaar van die ware tabernakel, die Hoëpriester van almal wat in Hom glo as 'n persoonlike Verlosser. – *EG White, Signs of the Times, Feb. 14, 1900, par. 2*.

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. 'n Heiligdom is waar die Goddelike teenwoordigheid woon, en enige plek waar God is, is heilig.

a. Vir Adam en Eva was die Tuin van Eden 'n heiligdom. Na die sondeval, het hulle God ontmoet by die ingang wat deur die gérubs bewaak was.

b. Abel het Hom by die altaar ontmoet, waar vuur uit die hemel sy offer van geloof verteer het.

c. Henog het Hom ontmoet by 'n plek van afsondering, waar hy met God kon praat. "Henog het sy hart op die ewige skatte gestel. Hy het die hemelse stad aanskou. Hy het die Koning in Sy heerlikheid in die midde van Sion gesien. Sy gedagtes, sy hart, sy burgerskap was in die hemel.' – *Patriarge en Profete, 87:2.*

d. Abraham het Hom in die heimlike bidplek ontmoet en het Hom goed geken.

e. Jakob het Hom by Bet-el ontmoet en verklaar, "Waarlik, die HERE is op hierdie plek." Génesis 28:16.

f. Moses het met Hom in die bergvestings gemeenskap gehou, en het na die volk teruggekeer, en die vel van sy gesig het geblink met die weerkaatsing van die Goddelike teenwoordigheid.

g. Profete, priesters, en konings het Hom ontmoet, en hulle het die plekke waar hulle Hom ontmoet het, heilig geag.

2. Die tabernakel was in die woestyn gebou en later was dit in Silo geleë. Dit was gevolg deur 'n tent wat Dawid vir 'n kort tyd vir die ark opgerig het. Toe het die tempel van Salomo gevolg, en dit van Serubbábel. Die laaste tempel was meer glorieryk as die vorige een, want die Seun van God het self in die voorhowe van die tempel geleer. Herodus se tempel was die tempel van Serubbábel wat oor 'n tydperk van ses-en-veertig jaar deur Herodus verfraai is.

3. Die kerk van God op aarde is Sy tempel.

4. Die liggaam van die mens is die tempel van God as Hy daarin woon.

5. Nederigheid en eerbied moet kenmerkend wees van die gedrag van almal wat in die teenwoordigheid van God kom. … God moet grootliks geëerbiedig word; almal wat Sy teenwoordigheid waarlik besef, sal nederig voor Hom neerkniel, en soos Jakob wat die gesig van God gesien het, sal hulle uitroep: "Hoe vreeslik is hierdie plek! Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie, en dit is hier die poort van die hemel." [Génesis 28:17.] – *Patriarge en Profete, 252:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 25:8
Jesaja 57:15
1 Korinthiërs 3:16, 17

## *Definieer of Identifiseer*

Kerk
Heiligdom
Tabernakel
Tempel
Troon

# LES 58 – DIE AARDSE TABERNAKEL

*Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.*
*Exodus 25:8.*

**Kosbaar was die lesse wat gedurende hulle verblyf te Sinai aan Israel geleer is. Dit was 'n tydperk van spesiale opleiding vir die erfenis van Kanaän. En hulle omgewing hier het die vervulling van Gods doel begunstig. Op die kruin van Sinai, wat die vlakte oorskadu waar die volk hul tente opgeslaan het, het die wolkkolom gerus, wat die gids gedurende hulle reis was. Snags as vuurkolom het dit hulle van Goddelike beskerming verseker; en terwyl hulle deur die slaap omsluit is, het die brood van die hemel saggies op hul laer neergedaal. Orals daaromheen het geweldige, ruwe hoogtes in hul plegtige grootsheid van ewige verduring en majesteit gespreek. Die mens is daartoe gebring om sy onkunde en swakheid aan te voel in die teenwoordigheid van Hom wat "die berge geweeg [het] met 'n weegtoestel en die heuwels met 'n weegskaal." Jesaja 40:12. Hier het God, deur die openbaarmaking van Sy heerlikheid, probeer om Israel met die heiligheid van Sy karakter en vereistes te beïndruk, en die ontsettende skuld van oortreding.**

**Maar die volk was traag om die les te leer. Omdat hulle in Egipte aan tasbare voorstellings van die Godheid gewoond was wat ook dikwels van die verlagendste aard was, was dit vir hulle moeilik om 'n denkbeeld van die bestaan of karakter van die Onsienlike te vorm. Uit medelye met hul swakheid, het God hulle 'n simbool van Sy teenwoordigheid gegee. "Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak," het Hy gesê, "dat Ek in hulle midde kan woon." Exodus 25:8.** – *Opvoeding, 34:3-35:1.*

## *Die Voorbeeld vir die Tabernakel*

**1. Waar het Moses die voorbeeld vir die bou van die tabernakel ontvang?** Exodus 25:9, 40; Handelinge 7:44; Hebreërs 8:5.

**2. Waarvan was die tabernakel 'n voorstelling?** Hebreërs 8:1-5; 9:9, 23.

Die heilige plekke wat met hande gemaak is, moes 'n "teëbeeld van die ware" wees, "afbeeldinge van die dinge in die hemel" (Hebreërs 9:24, 23) – 'n namaaksel in die kleine van die hemelse tempel waar Christus, ons groot Hoëpriester, ten behoewe van sondaars sou dien nadat Hy Sy lewe as offer gegee het. – *Patriarge en Profete, 343:2.*

## *Die Tabernakel en Sy Meublemente*

**3. Hoe lank en hoe wyd was die voorhof wat die eintlike tabernakel omring het?** Exodus 27:18.

'n Algemene el was ongeveer een en 'n halwe voet, maar die "heilige" of "koninklike" el wat in die tabernakel gebruik was, was ongeveer twee-en-twintig duim; so die voorhof van die tabernakel sou ongeveer 90 x 180 voet wees.

**4. ‘n Noukeurige studie van die style en tentdoeke (oftewel gordyne) wat vir die tabernakel voorgeskryf was** (Exodus 25 – 27) openbaar dat die tabernakel self tien el wyd en dertig el lank was – “nie langer as 16,5 meter en 5,4 meter breed en hoog nie.” – *Patriarge en Profete, 347:1.*

Die voorhangsel het die tabernakel in twee afdelings, of vertrekke, verdeel (Exodus 26:33), die Heilige en die Allerheiligste. Dit het op die ooste uitgekyk, en is so geleë dat die agterkant van die tabernakel en die noordelike en suidelike kante twintig el – ongeveer ses-en-dertig voet - ver was van die behangsels wat die voorhof ingekamp het. Die Allerheiligste was so geleë dat die verbondsark presies in die middel van die westelike helfte van die voorhof was. Die brandofferaltaar was presies in die middel van die oostelike helfte van die voorhof. “Net soos Christus se bediening uit twee groot dele sou bestaan wat elk ‘n tydperk en ‘n vasgestelde plek in die hemelse heiligdom in beslag sou neem, so het die sinnebeeldige bediening ook uit twee afdelings bestaan, naamlik die daaglikse en die jaarlikse diens, en aan elk is ‘n afdeling van die tabernakel gewy.” – *Patriarge en Profete, 357:3*.



***Die priester het die Heilige daagliks binnegegaan om die volk te bedien. Hier was die wierookaltaar, die kandelaar met sewe arms, en die tafel met die toonbrode.***

**5. Watter meublemente was in die voorhof?** Exodus 40:6, 7.


**6. Watter meublemente was in die Heilige?** Exodus 40:4, 5.

**7. Wat was in die Allerheiligste in die heiligdom?** Exodus 26:33, 34.

**8. Is enige betekenis aan die verskeie meublemente in die aardse heiligdom geheg?**

Elke meubelstuk in die heiligdom, vol betekenis as gevolg van die rol wat dit in die tabernakeldiens gespeel het, het die een of ander eienskap van die verlossingswerk voorgestel: die brandofferaltaar in die voorhof het Golgota voorgestel, waar Jesus Sy lewe vir die sondige mens gegee het; die waskom, halfpad tussen die altaar en die ingang tot die heiligdom, het die afwas van sonde en die teenwoordigheid van Die Onskuldige voorgestel; die goue kandelaar, aan die linkerkant soos jy die heiligdom binnetree, met sy volmaakte getal

lampe, het Hom voorgestel wat die Lig van die wêreld is; die tafel met toonbrode was ‘n voorstelling van daardie brood wat uit die hemel neerdaal; die wierookaltaar was ‘n simbool van die huisaltaar, die geheime bidplek, of enige ander “gebruiklike bidplek” (Handelinge 16:13); die verbondsark waarin die tafels van die wet was, met die versoendeksel bo-op, en die beskuttende gerubs met uitgestrekte vlerke, het die troon van God voorgestel; en die Sjekina, daardie geheimsinnige lig wat bokant die versoendeksel, tussen die beskuttende gerubs, gehang het, was die sigbare teenwoordigheid van God self. Hy het gesê: “Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.” Exodus 25:8. – *Life and Times of the Old Testament, 183:1.*






***Toe Israel by Sinai vertoef het, het God ‘n verbond met die nasie gesluit, maar hulle het dit verbreek.***

**9. Wat het die engele wat in die tentdoeke (gordyne) van die tabernakel ingeweef was, voorgestel?** Daniël 7:10; Hebreërs 1:14.

Soos die binnenste bedekking, wat ook die plafon was, was dit [die tentdoeke, oftewel gordyne] van die mooiste kleure pers en purperrooi en bloedrooi pragtig geweef en daarop is gerubs met goud- en silwerdrade geborduur om die engeleskare voor te stel wat by die werk van die hemelse heiligdom betrokke is en wat vir Gods volk op aarde dienende geeste is. – *Patriarge en Profete, 347:2.* **[Let wel: Die heiligdom is in die middel van die kamp van Israel opgeslaan.]**

**10. Wat is sommige van die name in die Bybel wat aan hierdie aardse tabernakel gegee is?**


a. "Die heiligdom." 1 Korinthiërs 9:13.
b. "Aardse heiligdom." Hebreërs 9:1.
c. "Die eerste tabernakel." Hebreërs 9:8.
d. "'n Beeld met die oog op die teenwoordige tyd." Hebreërs 9:9.
e. "Die afbeeldinge van die dinge in die hemele." Hebreërs 9:23.
f. "'n Skaduwee … van die toekomstige weldade." Hebreërs 10:1.
g. "'n Heiligdom met hande gemaak." Hebreërs 9:24.
h. "'n Teëbeeld van die ware." Hebreërs 9:24.

**11. Vergelyk hierdie met die name wat aan die hemelse heiligdom gegee is.**

a. "U vaste woonplek." 2 Kronieke 6:39.
b. "Sy heilige paleis." Psalm 11:4.
c. "Sy woonplek." Psalm 33:14.
d. "U heilige en heerlike woning." Jesaja 63:15.
e. "Sy heilige woning." Jeremia 25:30.
f. "Die huis van my Vader." Johannes 14:2.
g. "Die heilige dinge." Hebreërs 8:2.
h. "Die ware tabernakel wat die Here opgerig het." Hebreërs 8:2.
i. "Die heiligdom." Hebreërs 9:8.
j. "Die tempel van God." Openbaring 11:19.

**12. Hoe weet ons dat hierdie tabernakel 'n sinnebeeld, of 'n tipe, van die hemelse heiligdom was?** Hebreërs 8:1-5.

Die bediening van die priester gedurende die jaar in die eerste afdeling van die heiligdom, "binnekant die voorhangsel" (Hebreërs 6:19) wat as deur gedien het en die heilige van die voorhof geskei het, stel die bediening voor wat Christus by Sy hemelvaart begin het. Dit was die priester se daaglikse werk van bediening om die bloed van die sondoffer voor God in te bring, en die wierook wat die gebede van die kinders van Israel voorgestel het, te brand.




'n diagram van die kamp van Israel soos dit elke keer opgeslaan is in verhouding tot die Heiligdom. Romeinse syfers wys die volgorde van optog van die kamp.

*'n Diagram van die laer van Israel soos dit elke keer opgerig was in verhouding tot die heiligdom. Romeinse getalle toon die volgorde waarin hulle die kamp sou verlaat.*

So het Christus met Sy bloed voor die Vader ten behoewe van sondaars gepleit en bring Hy die gebede van boetvaardige gelowiges, gemeng met die kosbare reukwerk van Sy eie geregtigheid voor God. … Dit is die werk van bediening in die eerste afdeling van die hemelse heiligdom.

Net soos die sondes van die volk in die ou tyd op die sondoffer geplaas is en dit deur sy bloed, in beeld, in die aardse heiligdom ingebring is, so ook word die sondes van die boetvaardiges onder die nuwe verbond deur geloof op Christus geplaas en in werklikheid in die hemelse heiligdom ingebring. En net soos die sinnebeeldige reiniging van die aardse heiligdom geskied het deur die verwydering van die sondes wat dit besoedel het, so ook word die werklike reiniging van die hemelse heiligdom teweeggebring deur die verwydering, of uitdelging van die sondes wat daar opgeteken is. – *Die Groot Stryd, 420:3; 421:3.*

**Wat op sinnebeeldige wyse in die bediening van die aardse heiligdom gedoen is, word in werklikheid gedoen in die bediening van die hemelse heiligdom.** - *Die Groot Stryd, 420:2.*

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. Dit blyk dat die vaandels wat die verskeie stamme gedra het soos hulle in volgorde beweeg het, een of ander kenmerk van Christus se werk in die verlossingsplan uitbeeld.

a. Moses, Aäron, en die priesters was heel voor met die heilige verbondsark van God. Hulle is gevolg deur Juda, Íssaskar, en Sébulon, met Juda wat hierdie groep voorgegaan het. Op Juda se vaandel was die gesig van ‘n leeu, ‘n voorstelling van Jesus, “die Leeu wat uit die stam van Juda is” (Openbaring 5:5), en sommige glo dat die evangelie van Matthéüs Hom as hierdie leeu voorstel.

b. Volgende in die optog was die Merariete, ‘n groep uit die stam van Levi, met die style van die tabernakel, gevolg deur die Gersoniete, nog ‘n groep uit die stam van Levi, met die “behangsels” van die tabernakel. Ruben, Símeon en Gad was volgende. Op hulle vaandel was die gesig van ‘n man, wat Jesus verteenwoordig as die “Seun van die mens,” soos voorgestel in die evangelie van Lukas.

c. Die Koratiete, nog ‘n groep uit die stam van Levi, met die meublemente van die tabernakel, met die uitsondering van die verbondsark, was volgende in die optog, gevolg deur die stamme van Efraim, Manasse, en Benjamin. Op hulle vaandel was die gesig van ‘n bees, wat Jesus voorstel as die Lasdraer vir die mensdom, soos voorgestel in die evangelie van Markus.

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 25:8
Daniël 7:10
Hebreërs 8:1-5

## *Definieer of Identifiseer*

Verbondsark
Voorbeeld
Simbool
Versoendeksel
Sjekina
Die getal sewe

# LES 59 – DIE DAAGLIKSE DIENS IN DIE TABERNAKEL

*Nie net die heiligdom self nie, maar ook die priesters moes dien as "'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge" (Hebreërs 8:5). Dit was dus uiters belangrik, en deur Moses het die Here aangaande elke punt in verband met hierdie sinnebeeldige diens die duidelikste en noukeurigste bevele gegee. Die diens van die heiligdom het uit twee dele bestaan, 'n daaglikse en 'n jaarlikse diens. Die daaglikse deel van die diens is by die brandofferaltaar in die voorhof van die tabernakel en in die heilige plek verrig; die jaarlikse diens het in die allerheiligste plek geskied. – Patriarge en Profete, 351:4.*

**Die skeuring van die voorhangsel van die tempel het aangetoon dat die Joodse offerstelsel en insettinge nie langer aangeneem sou word nie. Die groot Offer was geoffer en aangeneem, en die Heilige Gees wat op Pinksterdag neergedaal het, het die aandag van die dissipels van die aardse op die hemelse heiligdom gevestig, waarin Jesus gegaan het deur Sy eie bloed, om op Sy dissipels die voordele van die versoening uit te stort. Maar die Jode is in totale duisternis gelaat. Hulle het al die lig verloor wat hulle kon gehad het op die verlossingsplan, en hulle het voorgegaan om te vertrou op hulle nuttelose offers. Die hemelse heiligdom het die plek ingeneem van die aardse, maar hulle het geen kennis van die verandering gehad nie. Daarom kon hulle nie bevoordeel word deur die middelaarswerk van Christus in die heilige plek nie.** *– Eerste Geskrifte, 259:1.*

**Christus was die fondament en lewe van die tempel. Sy dienste het die offer van die Seun van God voorspel. Die priesterdom is tot stand gebring om die middelaarskap van Christus voor te stel. Die hele offerstelsel het vooruit gewys na die Heiland se dood om die wêreld te red. Hierdie offers sou kragteloos wees as die groot gebeurtenis waarna hulle nou al eeue lank verwys, eers vervul is.**
**Aangesien die hele seremoniëlestelsel simbolies van Christus was, was dit sonder Hom waardeloos. Toe die Jode hulle verwerping van Christus verseël het deur Hom aan die dood oor te lewer, het hulle alles verwerp wat betekenis aan die tempel en sy dienste gegee het. Die heiligheid het daaruit verdwyn. Dit was tot verwoesting gedoem. Van daardie dag af was die offer en die bygaande diens betekenisloos. Soos die offer van Kain, het hulle nie geloof in die Verlosser te kenne gegee nie. Deur Christus dood te maak, het die Jode hul tempel in werklikheid vernietig. Toe Christus gekruisig is, het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder geskeur as teken dat die ware groot offer gebring was en dat die offerstelsel vir goed beëindig was.** *– Koning van die Eeue, 165:3, 4.*

### *Die Priesters*

1. **Wie was gekies as die eerste hoëpriester?** Exodus 28:1-3.

2. **Wie was as priesters met hom verbind?** Exodus 28:1; Númeri 18:1.

**3. Watter een van die twaalf stamme was gegee om die priesters in die werk in die tabernakel by te staan?** Númeri 18:2.
**4. Wat was die priesters se verantwoordelikheid?** Númeri 18:1, 2, laaste gedeelte.

**5. Hoe was die priesters geklee?** Exodus 28:2-12.

Die gewone priester se kleed was van wit linne en is aaneen geweef. Dit het tot byna op die voete gereik en is om die middel gebind met ‘n wit linnegordel wat met pers en purperrooi en bloedrooi drade geborduur is. Sy bokleed is afgerond met ‘n linnetulband of mus.
Die hoëpriester se klere was van duur stof en pragtig bewerk om by sy hoë amp te pas. Behalwe die linnekleed van die gewone priester het hy ook ‘n pers kleed gedra wat aaneen geweef is. Rondom die soom was dit met goue klokkies en geborduurde granaatjies van pers en purperrooi en bloedrooi kleur versier. Bo-oor moes hy ‘n skouerkleed dra. Dit was ‘n korter kledingstuk van goud, pers, purperrooi en bloedrooi en wit stof. Dit was ook met ‘n pragtige gordel van dieselfde stof om die lyf gebind. Die skouerkleed was sonder moue en op die skouer met sy goue borduursel is twee oniksstene geset met die name van die twaalf stamme van Israel daarop. Bo-oor die skouerkleed was die borstas, die heiligste priesterlike kleed. Dit was van dieselfde stof as die skouerkleed. Dit was vierkantig omtrent ‘n span in elke rigting en is met ‘n pers tou aan die goue ringe geheg. Die soom is versier met ‘n verskeidenheid van kosbare gesteentes – dieselfde as die in die fondament van die Godstad. Binne die soom was twaalf stene wat in goud geset en in rye van vier gerangskik is en soos die skouerstukke ook met die name van die twaalf stamme van Israel beskrywe. Die Here het beveel: “So moet Aäron dan die name van die kinders van Israel in die borstas van beslissing op sy hart dra as hy in die heiligdom ingaan, om hulle in gedagtenis te bring voor die aangesig van die Here gedurigdeur” (Exodus 28:29). So dra Christus, die groot Hoëpriester, die naam van elke boetvaardige, gelowige siel op Sy hart wanneer Hy ten behoewe van sondaars Sy bloed voor die Vader pleit. Die psalmdigter sê: “Al is ek ellendig en behoeftig – die Here dink aan my.” Psalm 40:18. – *Patriarge en Profete, 350:2-351:1.*

## *Die Verskeie Offers*


**6. Watter offers is elke dag na die tabernakel gebring?** Númeri 28:1-8.

**7. Watter spesiale naam is aan hierdie offers gegee? *Die oggend- en aandoffer.*** Exodus 29:38-42.
(Sien ook 1 Konings 18:29.)

Die tabernakeldiens help ons om Christus se bediening in die hemelse tempel te visualiseer.
Elke oggend en elke aand is ‘n jaaroud lam tesame met die bypassende spysoffer op die altaar verbrand om die daaglikse toewyding van die volk aan Jehova en hulle voortdurende afhanklikheid van die bloed van Christus te simboliseer. – *Patriarge en Profete, 352:3.*

**8. Waar vind Christene ‘n voorbeeld vir oggend- en aandaanbidding?**

Die tye wat vir die oggend- en aandoffer aangewys is, is as heilig beskou, en die Joodse volk het dit mettertyd as die vasgestelde aanbiddingstyd beskou. Hierdie gewoonte is vir Christene ‘n voorbeeld vir die oggend- en die aandgodsdiens. Hoewel God blote seremonies sonder die gees van aanbidding verwerp, sien Hy met groot welbehae op diegene neer wat Hom liefhet en elke oggend en elke aand neerkniel om vergifnis te vra vir sondes wat gepleeg is en om nodige seëninge te versoek. – *Patriarge en Profete, 353:3.*



***Op die groot Versoendag het die Hoëpriester die Allerheiligste binnegegaan.***

**9. Na wie verwys hierdie oggend- en aandoffers?** Johannes 1:29, 36.

In die tempel het die more- en aandoffer daagliks na die Lam van God verwys. – *Koning van die Eeue, 44:1*.

**10. Watter offers is by spesiale geleenthede gebring?** Númeri 28:9 - 29:39.

a. Op die Sabbat. Númeri 28:9, 10.
b. Aan die begin van elke maand. Númeri 28:11-15.
c. Ten tye van die Paasfees en die Fees van Ongesuurde Brode. Númeri 28:16-25.
d. Op die dag van die eerstelinge. Verse 26-31.
e. Op die eerste dag van die sewende maand. Númeri 29:1-6.
f. Op die groot Versoendag. Verse 7-11.
g. Ten tye van die Huttefees. Verse 12-39.

**11. Noem sommige van die spesiale sondoffers.** Levítikus 4.

a. Vir 'n priester. Levítikus 4:3-12.
b. Vir die hele volk. Verse 13-21.
c. Vir 'n owerste. Verse 22-26.
d. Vir enigiemand van die volk. Verse 27-35.

Die offerstelsel is deur God verorden om vir die mens ‘n voortdurende herinnering en berouvole erkenning van sy sonde te wees en om as belydenis van sy geloof in die beloofde Verlosser te dien. Dit was bedoel om die sondige geslag goed te laat verstaan dat dit die sonde is wat die dood veroorsaak het. – *Patriarge en Profete, 68:1.*

**12. Hoe word die daaglikse diens in die tabernakel opgesom?**

Die daaglikse diens het uit die brandoffers in die oggend en in die aand, die brand van wierook op die goue altaar en spesiale offers vir persoonlike sondes bestaan. Daar was ook besondere offers vir die Sabbatdag, nuwemane en spesiale feesdae. – *Patriarge en Profete, 352:2.*

## *Die Volk se Sondes in die Tabernakel Opgehoop*

**13. Wat het gebeur met die sondes wat dag na dag bely is deur diegene wat na die tabernakel gekom het?** Númeri 18:1.

Die belangrikste deel van die daaglikse bediening was die diens wat ten behoewe van die persoon verrig is. Die boetvaardige sondaar het sy offer tot by die ingang van die tabernakel gebring, sy hande op die slagoffer se kop gelê en sy sondes bely, aldus het hy dit sinnebeeldig van homself op die onskuldige offerdier oorgedra. Met sy eie hand het hy die dier geslag en die priester het die bloed in die heilige plek ingedra en voor die voorhangsel gesprinkel waaragter die ark was met die wet wat die sondaar oortree het daarin. Deur hierdie seremonie is die sonde sinnebeeldig deur die bloed op die heiligdom oorgedra. In sommige gevalle is die bloed nie in die heiligdom ingedra nie, maar die priesters het van die vleis geëet soos Moses vir die seuns van Aäron voorgeslryf het: “Hy het dit aan julle gegee om die ongeregtigheid van die vergadering weg te neem” LevÍtikus 10:17. Albei plegtighede was sinnebeeldig van die oorplasing van die sonde van die boetvaardige op die heiligdom.
Dit is die werk wat elke dag, jaar in jaar uit verrig is. Omdat die sondes van Israel op hierdie manier op die heiligdom oorgeplaas is, is die heilige plekke verontreinig en derhalwe moes ‘n besondere werk verrig word om die sondes te verwyder. God het beveel dat daar vir elk van die heilige vertrekke en vir die altaar versoening gedoen moes word om dit te reinig en te heilig, “van die onreinhede van die kinders van Israel” (LevÍtikus 16:19). – *Patriarge en Profete, 354:2 - 355:1.*

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. Die offerlam is ‘n sinnebeeld van “die Lam van God.” Johannes 1:29.
Dit was nie genoeg dat die paaslam geslag is nie, sy bloed moes aan die deurposte gestryk word; so moet die verdienste van Christus se bloed aan die siel toegepas word. Ons moet nie net glo dat Hy vir die wêreld gesterf het nie, maar vir ons persoonlik. Ons moet die verdienste van die soenoffer vir ons persoonlik toe-eien. – *Patriarge en Profete, 277:1.*

2. God het uitdruklik beveel dat elke offer wat vir die diens van die heiligdom aangebied word, “sonder gebrek” moes wees. Exodus 12:5.
Ons moet ons aan die diens van God oorgee, en ons moet die offer so na aan volmaak as moontlik maak. God sal met niks tevrede wees wat minder is as die beste wat ons kan aanbied nie. Wie Hom van ganser harte liefhet, sal begeer om die beste diens van hulle lewe aan Hom te gee, en hulle sal voortdurend streef om elke

vermoë van hulle liggaam in ooreenstemming te bring met die wette wat hulle begaafdheid om Sy wil te doen, sal bevorder. – *Patriarge en Profete, 352:3*.

3. Alles in verband met die priester se klere en gedrag was bedoel om die aanskouer te beïndruk met die heiligheid van God en Sy aanbidding en die reinheid wat vereis word van diegene wat in Sy teenwoordigheid kom. – *Patriarge en Profete, 351:3.*

4. Daardie pragtige ampsgewade het die karakter van die groot teenbeeld, Jesus Christus, voorgestel. – *Koning van die Eeue, 709:1.*

5. Christus was die fondament en lewe van die tempel. Sy dienste het die offer van die Seun van God voorspel. Die hele offerstelsel het vooruit gewys na die Heiland se dood om die wêreld te red. – *Koning van die Eeue, 165:3.*

6. Namate hulle van God afgewyk het, het die Jode in groot mate die betekenis van die tempelrites uit die oog verloor. Hierdie diens is deur Christus self ingestel. Elke aspek daarvan was 'n sinnebeeld van Hom. – *Koning van die Eeue, 29:3 (1940 uitgawe, 29:2).*

7. Soos Aäron, wat Christus gesimboliseer het, dra Christus die name van al Sy volksgenote in die heilige plek op Sy hart. – *Gelykenisse van Christus, 148:2.*

## ***Definieer of Identifiseer***

Versoening
Borstas
Wierook
Lam
Wit linne mantel

# LES 60 – DIE VERSOENDAG

*Redakteur se Nota: Indien iets onduidelik is, gaan kyk gerus die volledige reeks* ***https://www.youtube.com/watch?v=wuiyoAnNmFE&list=PLIWJyuxBfZ7hURWsQPz5ycYd7bUgGuEcy***

*En vir 'n omvattende studie oor die Versoendag, gaan na die lesings* ***"The Great Cosmic Controversy"*** *deur leraar Stephen Bohr.* **https://secretsunsealed.org/the-great-cosmic-controversy-pdf-download/**

**Belangrike waarhede in verband met die versoening word deur die sinnebeeldige diens geleer. Daar is 'n plaasvervanger aangeneem in die plek van die sondaar; maar die sonde is nie deur die bloed van die slagoffer uitgewis nie. Op hierdie manier is daar 'n middel verskaf waardeur die sonde na die heiligdom gebring is. Deur die offer van die bloed het die sondaar die gesag van die wet erken, sy skuld bely en sy begeerte om vergifnis deur geloof in 'n Verlosser wat sou kom, uitgespreek; maar hy was nie daardeur heeltemal verlos van die veroordeling van die wet nie. Op die versoendag het die hoëpriester, nadat hy 'n offer geneem het van die vergadering, die Allerheiligste plek met die bloed van hierdie slagoffer binnegegaan en dit op die versoendeksel bo-oor die wet gesprinkel om te voldoen aan die eise daarvan. Daarna het hy, in sy hoedanigheid as middelaar, die sondes op homself geneem en dit uit die heiligdom gedra. Deur sy hande op die kop van die sondebok te plaas, het hy al die sondes op daardie bok bely en daardeur het hy op sinnebeeldige wyse die sondes van homself af oorgedra op die bok. Die bok is toe weggelei en die sondes is beskou as vir ewig verwyder van die volk.** – *Die Groot Stryd, 420:1.*

## *'n Spesiale Dag in Israel*

**1. Van al die dae wat in die seremoniële stelsel afgesonder was, watter dag was beskou as die plegtigste?** Levítikus 16:29-31.

**2. Wat moes elke persoon in die laer van Israel op daardie dag doen?** Levítikus 23:29; Númeri 29:7.
Terwyl die versoeningswerk aan die gang was, moes elke mens sy siel verootmoedig. Alle sake is gestaak en die hele volk van Israel het die dag in plegtige verootmoediging met gebed en vas en grondige selfondersoek deurgebring. – *Patriarge en Profete, 355:4.*

**3. Wat was die spesiale werk wat op daardie dag gedoen moes word?** Levítikus 16:31-34; 2 Korinthiërs 5:10; Hebreërs 9:7, 25.

**4. Wie alleen kon tydens die werk van daardie dag in die heiligdom wees?** Levítikus 16:17.

## *Die Hoëpriester se Reiniging vir Homself*

**5. Watter waarskuwing is aan Aäron gegee rakende sy binnetrede van die Allerheiligste in die tabernakel?** Levítikus 16:2.

**6. Watter offers moes hy op die Versoendag saam met hom bring?** Levítikus 16:3, 4, 11, 17.
**7. Wat word gesê in verband met sy persoonlike sindelikheid en sy kleredrag vir daardie dag?** Levítikus 16:4.

**8. Beskryf hoe die hoëpriester die bul vir sy eie reiniging moes offer, wat hy met die wierook moes doen, en waar hy die bloed van die bul moes sprinkel.** Levítikus 16:11-14.

## *Die Reiniging van die Aardse Tabernakel*

**9. Wat moes die hoëpriester van die vergadering van die kinders van Israel ontvang?** Levítikus 16:5.
**10. Waarom is die lot oor hierdie twee bokke gewerp?** Levítikus 16:8.

Ook is daar gesien dat terwyl die sondoffer op Christus gewys het as die soenoffer en dat die hoëpriester Christus as middelaar voorgestel het, die sondebok Satan, die bewerker van die sonde, voorstel… *- Die Groot Stryd, 422:2.*

**11. Wat het hulle gedoen met die bok wat Christus voorgestel het?** Levítikus 16:9, 15.

**12. Wat is "'n versoening"?** Romeine 5:8-11.

Die herstel van vrede of vriendskap, vredemaking (HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal).

Die geregtigheid van die wet het nie met een jota afgeneem nie, maar deur die soenoffer van Christus, staan die boetvaardige sondaar geregverdig voor die wet. *– EG White, Review and Herald, Mei 23, 1899.*

**13. Hoekom was bloedvergieting nodig?** Levítikus 17:11; Hebreërs 9:7, 22.

Die reiniging, beide in die sinnebeeldige en ware dienste, moet deur bloed geskied: in die eerste geval, deur die bloed van diere en in die tweede geval deur die bloed van Christus. Paulus sê dat die rede waarom hierdie reiniging met bloed moet geskied, is dat daar sonder bloedvergieting geen vergifnis plaasvind nie. *– Die Groot Stryd, 417:3.*

**14. Daar moet kennis geneem word dat die hoëpriester versoening moes doen vir die heilige plek, dws, die binneste vertrek; die tabernakel, dws, die eerste vertrek; en vir die altaar.** Levítikus 16:20.

Toe Jesus die Allerheiligste plek verlaat het, … het (Hy) vir 'n rukkie in die eerste afdeling van die heiligdom vertoef, en die sondes wat bely is terwyl Hy in die Allerheiligste plek was, is geplaas op die Satan, die bewerker van die sonde; hy moet die straf daarvoor ondergaan. *– Eerste Geskrifte, 280:2.*

**15. Wat was gedoen met die lewende bok, die een wat gekies was om Satan te verteenwoordig?** Levítikus 16:20-22.

Nou vind die gebeurtenis plaas wat voorafgeskadu is in die sluitingsdiens van die versoendag. Toe die bediening in die Allerheiligste plek afgesluit en die sondes van Israel uit die heiligdom verwyder is deur die bloed van die sondoffer, is die sondebok lewendig voor die Here gestel; en in die teenwoordigheid van die vergadering het die hoëpriester oor hom belydenis gedoen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en van al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al was, en hy het dit op die kop van die bok gelê. (Lev.16:21.) So ook, wanneer die werk van versoening in die hemelse heiligdom voleindig is, word die sondes van Gods volk in die teenwoordigheid van God en heilige engele op Satan geplaas; hy sal skuldig verklaar word aan al die boosheid waartoe hy die mense verlei het. En net soos die sondebok in die woestyn weggestuur is, sal Satan ook na die verwoeste aarde verban word, 'n onbewoonde en verlate wildernis. – *Die Groot Stryd, 658:1.*

Die Satan sal nie gestraf word vir die sondes van die regverdiges in die sin dat hy die sondedraer is, of dat hy as versoening vir die sondes van die regverdiges sal optree nie. Jesus het volkome voorsiening gemaak vir die verwydering van die sondes van elke mens wat Sy offer aan die kruis van Golgota aanvaar. Daar is geen behoefte aan enige verdere versoening nie. Die sondes van almal wat in geloof na Hom gekom het, is van hulle weggeneem en deur Hom in Sy liggaam gedra. Soos Hy op die kruis gehang het, soos voorafgeskadu deur die koperslang wat deur Moses in die woestyn verhoog is, was Hy die beliggaming van sonde. Die skuld van elke seun van Adam het Hom neergedruk. "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." 2 Korinthiërs 5:21. Dit is hoekom die Vader Sy gesig van Sy sterwende Seun weggedraai het. En Jesus sal die sondelas van die wêreld tot aan die einde van die tyd dra. Hy is "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Johannes 1:29. Wanneer die heelal finaal gereinig word, sal sonde vernietig word: diegene wat gesterf het met onbelyde sonde, of wat aan die einde van die genadetyd onbelyde sondes het, sal in die "poel van vuur" verbrand word, tesame met die een wat die oorsprong van sonde is, wat in dié tyd verantwoordelik gehou sal word vir al die regverdiges se sondes waarvan hy die oorsaak was. Satan sal verplig wees om die straf vir sonde te dra – die ewige dood.

**16. Met hoeveel sorg moes diegene wat met die sondebok gewerk het, hulself reinig?**

a. Die priester. Levítikus 16:23-25.
b. Hy wat die sondebok in die woestyn ingelei het. Vers 26.
c. Hy wat die oorblyfsel van die sondofferbul en die sondofferbok wat Christus voorgestel het, verbrand het. Verse 27, 28.

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. Die kleure wat in die heiligdom gebruik was, het ook betekenis gehad.

a. Die **wit**, die kombinasies en vermenging van al die kleure, het die **geregtigheid van die heiliges** voorgestel. Openbaring 19:8. [Direk vertaal uit KJV.] [AOV – DIE FYN LINNE IS DIE *REGVERDIGE DADE* VAN DIE HEILIGES; KJV – THE FINE LINEN IS THE *RIGHTEOUSNESS* OF SAINTS.]

Die vermenging van alle Christelike deugde sal tot gevolg hê, die geregtigheid wat Christus van al Sy kinders verwag.

b. Die **blou**, wat **lojaliteit en gehoorsaamheid** voorstel (Númeri 15:38-41), is milddadig gebruik in die behangsels in die heiligdom.

c. Die **goud** het **geloof en liefde** voorgestel. – *Testimonies for the Church, vol. 4, 88:1.*

d. Die **silwer** het **gehoorsaamheid** voorgestel. – *Prophets and Kings, 410:0.*
e. Die **rooi**, of **karmosyn**, het die **bloed van Jesus** voorgestel, die rooi stroom wat gevloei het vir die verlossing van die mens – *Testimonies for the Church, vol. 4, 120:3.*

f. Die **pers**, 'n kombinasie van blou en rooi, was die **koninklike kleur**.

2. Die **edelgesteentes** het die "**goeie werke**" voorgestel. – *Prophets and Kings, 410:0.*

3. Die bedekkings van die tabernakel het ook hulle betekenis gehad.

a. Die **dekkleed van robbevelle** (Exodus 26:14) "**het Hom voorgestel wat geen gestalte of heerlikheid gehad (het), dat ons Hom sou aansien nie**" Jesaja 53:2.

b. Die **rooigeverfde ramsvelle** (Exodus 26:14), die dekkleed onmiddellik onder die buitenste dekkleed van robbevelle, was 'n voorstelling van "**die bloed van Jesus Christus**" wat ons "**reinig … van alle sonde**." 1 Johannes 1:7.

c. Die **sneeuwit gordyne van bokhaar** *(sien E.E. Atwater, Sacred Tabernacle of the Hebrews, 26)* was 'n voorstelling van die **verwydering van sonde** "so ver as die ooste verwyderd is van die weste." Psalm 103:12.

d. Die pragtige gordyn, wat as plafon gedien het, was uitgewerk met figure van engele in blou, purper en skarlaken, 'n voorstelling van die engeleskare wat God se troon omring. En binnekant die tweede voorhangsel was die heilige skynsel, die sigbare openbaring van die **heerlikheid van Jesus ons Koning**.

## *Tekste om te Onthou*

Levítikus 16:30
2 Korinthiërs 5:10

# LES 61 – DIE HEMELSE HEILIGDOM

Die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.”  Hebreërs 8:2

*Ons oortreding kan slegs deur die deugde van Jesus vergewe word. Diegene wat geen behoefte aan die bloed van Christus voel nie, wat voel dat hulle deur hulle eie werke sonder die genade van God Sy goedkeuring kan verkry, begaan dieselfde fout as Kain. As hulle die reinigende bloed nie aanneem nie, bly hulle onder verdoemenis. Daar bestaan geen ander voorwaarde waardeur hulle van die slawerny van die sonde verlos kan word nie.* - Patriarge en Profete, 73:0.

**Die bemiddeling van Christus ten behoewe van die mens in die heiligdom daarbo, is net so belangrik vir die verlossingsplan as Sy kruisdood was. Deur Sy dood het Hy daardie werk begin wat Hy na Sy opstanding en hemelvaart in die hemel sou voleindig. Ons moet in geloof agter die voorhangsel ingaan “waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het.” (Hebr. 6:20.) Daar word die lig van die kruis weerkaats. Daar sal ons ‘n duideliker insig kry in die verborgenheid van die verlossing. Die verlossing van die mens is teen ‘n ontsettende prys verkry; die opoffering wat gemaak is, voldoen aan die gewigtige eise van die gebroke wet van God. Jesus het die weg tot Sy Vader se troon geopen en deur Sy intreding word die begeerte van almal wat in geloof tot Hom kom, aan God voorgestel.** – *Die Groot Stryd, 489:1.*

## *Die Tempel, of Heiligdom, in die Hemel*

**1. Wat noem Paulus die hemelse heiligdom in Hebreërs?**

a. “Die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.”  Hebreërs 8:2.
b. “Die heiligdom.”  Hebreërs 9:8.  [Of “die Allerheiligste” soos vertaal uit die KJV.]
c. “Die groter en volmaakter tabernakel.”  Hebreërs 9:11.
d. “Die hemel self.”  Hebreërs 9:24.
e. “Die beeld self van die dinge.”  Hebreërs 10:1.
f. “Die heiligdom.”  Hebreërs 10:19 [Of “die heiligste” soos vertaal uit die KJV.]
g. “Huis van God.”  Hebreërs 10:21.

**2. Wat het Johannes in die hemele gesien?**

a. Jesus tussen die sewe goue kandelare.  Openbaring 1:12-15.
b. Die goue wierookaltaar.  Openbaring 8:3-5.
c. “En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien.”  Openbaring 11:19.
d. “Die tempel van die tent van die getuienis.”  Openbaring 15:5-8.

## *Die Hoëpriester in die Hemelse Heiligdom*

**3. Is daar ‘n hoëpriester in die hemelse heiligdom?** Hebreërs 3:1; 8:1, 2; 9:11.

**4. Wat anders word Hy genoem?** Hebreërs 8:2, 3.

**5. Watter soort bediening het Hy verkry, en hoe is dit moontlik?** Hebreërs 8:6.

**6. Onder Sy priesterskap, watter soort verbond sluit God met ons?** Hebreërs 8:10; 10:16-21.

**7. Watter naam word aan hierdie verbond gegee om dit te onderskei van die ander een?** Hebreërs 8:13.

**8. Wat is die geheim van hierdie verbond?** Kolossense 1:27.

**9. Volgens die orde van wie is Hy 'n hoëpriester?** Hebreërs 5:6-10.

**10. Wat is sommige van die verskille tussen die priesterdom van Aäron en die van Melgisédek?**

a. In die priesterdom van Aäron was die priester sonder 'n eed ingeseën, in die van Melgisédek, met 'n eed. Hebreërs 7:21.
b. In die priesterdom van Aäron het die priesters gesterf, in die van Melgisédek, bly Hy (Jesus, die Hoëpriester) vir ewig. Hebreërs 7:23, 24.
c. In die priesterdom van Aäron het die priesters baie offers gebring; Hy, slegs een offer. Hebreërs 7:27; 10:11, 12.
d. In die priesterdom van Aäron het die priesters swakhede gehad; maar Hy is die Seun van God. Hebreërs 7:28.
e. In die priesterdom van Aäron het die priesters die bloed van diere geoffer; Hy het Sy eie bloed geoffer. Hebreërs 9:12, 23-26.
f. Die aardse hoëpriesters het een keer per jaar in die Allerheiligste ingegaan; Hy, een keer aan die einde van tyd. Hebreërs 9:7-12, 23-26.

## *Jesus in die Allerheiligste van die Hemelse Heiligdom*

**11. Waarheen het Jesus gegaan om as priester te dien toe Hy hierdie aarde verlaat het?**

a. Volgens die tipe, sou Hy eerstens in die eerste vertrek van die hemelse heiligdom dien. Hebreërs 8:5; 9:1-5. (Sien ook die talle stellings in die Pentateug.)

b. Jesus het die heilige plek van die hemelse heiligdom binnegegaan, en Stéfanus het Hom daar aan die regterhand van God gesien. Handelinge 7:55, 56. (Vergelyk Hebreërs 10:12.)

c. Johannes het Hom in die eerste vertrek gesien. Openbaring 1:12-16.

d. Paulus sê dat Hy in die "heilige plek" ingegaan het. Hebreers 9:12, direk vertaal uit die KJV. [AOV… dat Hy in die heiligdom ingegaan het.]

Die bediening van die priester gedurende die jaar in die eerste afdeling van die heiligdom, "binnekant die voorhangsel" wat as deur gedien en die Heilige Plek geskei het van die voorhof, stel die bediening voor wat Christus begin het by Sy hemelvaart. Dit was die werk van die priester in sy daaglikse bediening om die bloed

van die sondoffer voor God in te bring, asook die wierook wat die gebede van die kinders van Israel voorgestel het, te brand. So het Christus met Sy bloed voor die Vader ten behoewe van sondaars gepleit en bring Hy die gebede van boetvaardige gelowiges, gemeng met die kosbare reukwerk van Sy eie geregtigheid, voor God. Dit is die werk van bediening in die eerste afdeling van die hemelse heiligdom. – *Die Groot Stryd, 420:3.*

**12. Hoe lank moes Hy in daardie vertrek dien?**

a. Volgens die tipe, sou Hy daar dien tot naby die einde van die Christelike tydperk. Hebreërs 9:7. (Sien ook Levítikus 16.)
b. Paulus se argumente in Hebreërs 9 dui daarop dat Hy daar sou bly tot naby "die einde van die wêreld." Hebreërs 9:26, direk vertaal uit die KJV. [AOV: "die voleinding van die eeue."]

**Ons het 'n Voorspraak wat in die hemel vir ons sal pleit as ons ons saak aan Hom sal oorgee.**

**13. Hoe belangrik was Sy werk in die hemelse heiligdom?** Hebreërs 10:9-14.

Die bemiddeling van Christus ten behoewe van die mens in die heiligdom daarbo, is net so belangrik vir die verlossingsplan as Sy kruisdood was. Deur Sy dood het Hy daardie werk begin wat Hy na Sy opstanding en hemelvaart in die hemel sou voleindig. … Jesus het die weg tot Sy Vader se troon geopen en deur Sy intreding word die begeertes van almal wat in geloof tot Hom kom, aan God voorgestel. – *Die Groot Stryd, 489:1.*

**14. Is daar ooit 'n tyd genoem wanneer die reiniging van die hemelse heiligdom sou begin?**
Daniël 8:13, 14.

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. Jesus, ons Voorspraak, het sedert Sy hemelvaart "aan die regterhand van God" gedien. Handelinge 7:55, 56; Hebreërs 10:12.

2. Sy werk in die heiligdom daarbo is net so belangrik vir die verlossingsplan as Sy kruisdood was. – *Die Groot Stryd, 489:1.*

3. Dit is belangrik dat ons weet waar Hy is en wat Hy besig is om te doen in Sy bediening in die hemelse heiligdom, sodat ons nie deur die Satan mislei word nie. - *Eerste Geskrifte, "Die Einde van die 2300 Dae," 54-56.*

## *Tekste om te Onthou*

Daniël 8:13, 14
Hebreërs 8:10
Hebreërs 8:2
Hebreërs 10:16-21

## *Definieer of Identifiseer*

Ware tabernakel
Bemiddeling
Binnekant die Voorhangsel

# LES 62 – JESUS CHRISTUS BEPAAL DIE DATUM

*En Hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in* ***sy regte staat herstel*** *word. Daniël 8:14. (Nie die korekte Vertaling in Afr nie, Sien KJV hieronder)*

*[And he said unto me, Unto two thousand and three hundred days;* ***then shall the sanctuary be cleansed****. Daniel 8:14.]*

**Toe Jesus op Golgota gesterf het, het Hy uitgeroep, "Dit is volbring," en die voorhangsel van die tempel het van bo tot onder in twee geskeur. Dit was om te wys dat die dienste van die aardse heiligdom vir ewig tot 'n einde gekom het, en dat God die priesters nie meer sou ontmoet in die aardse tempel om hulle offers aan te neem nie. Die bloed van Jesus is toe gestort, en dit sou Hy self offer in die hemelse heiligdom. Net soos die priester eenmaal per jaar die allerheiligste plek binnegegaan het om die aardse heiligdom te reinig, so het Jesus die allerheiligste plek van die hemelse binnegegaan, aan die einde van die 2300 dae van Daniël 8, in 1844, om finale versoening te doen vir almal wat kon baat deur Sy middelaarskap, om so die heiligdom te reinig.** *– Eerste Geskrifte, 253:1.*

**Christus het Sy daaglikse, of voortdurende bediening of bemiddeling in die eerste vertrek van die hemelse heiligdom beëindig, en DIE DEUR GESLUIT, wat niemand kan oopmaak nie; en 'n deur oopgemaak, na die tweede vertrek, Die Allerheiligste, wat niemand kan sluit nie, (sien Openbaring 3:7, 8), en het Hy deur die tweede voorhangsel binne gegaan in die Allerheiligste in, en verskyn voor die Vader, met die borsplaat van beslissing (oordeel) aan, namens almal vir wie Hy as Middellaar intree voor die Vader. As dit die posisie is wat Christus nou inneem, dan is daar geen middelaar in die eerste vertrek nie; en tevergeefs klop misleide siele by daardie deur, en sê, "Here, Here, maak vir ons oop." Die woorde van die profeet het betrekking op die vervulling van hierdie deel van die gelykenis.** *– David Arnold, The Present Truth, December 1849.*

**Die werk in die aardse heiligdom het uit twee dele bestaan; die priesters het daagliks in die Heilige plek gedien, terwyl die hoëpriester eenmaal per jaar in die Allerheiligste plek 'n spesiale werk van versoening vir die reiniging van die Heiligdom gedoen het. Dag na dag het die boetvaardige sondaar sy slagoffer na die ingang van die tabernakel gebring en deur sy hande op die slagoffer se kop te plaas, het hy sy sondes bely, en dus het hy in beeld sy sondes van homself op die onskuldige slagoffer oorgedra. Daarna is die dier geslag, en die bloed en die vleis is deur die priester in die heilige plek ingeneem. Dus is die sonde, in beeld, na die Heiligdom oorgedra. Dit is die werk wat dwarsdeur die jaar voortgegaan het. Die voortdurende oorplasing van sonde na die heiligdom het 'n verdere bediening vir die verwydering van hierdie sondes vereis. Op die tiende dag van die sewende maand het die hoëpriester in die binneste vertrek, of die Allerheiligste, ingegaan, wat hy te enige ander tyd op straf van die dood belet was om binne te gaan. Die reiniging van die heiligdom wat hy daar gedoen het, het die dienste van die jaar afgesluit.** *– Spirit of Prophecy, vol. 4, 263.*

*Ellen White het die woorde '**daagliks**' en '**voortdurend**' gebruik om Christus se bediening in die heilige plek te beskryf.*

## *"Die Wonderbaarlike Teller"*

**1. Terwyl Daniël die verwoesting aanskou het wat die klein horing van Daniël 8 onder Gods volk sou saai, watter vraag het die een heilige gestel aan die "Teller van Geheime," of die "Wonderbaarlike Teller" (kantlyn) (wat niemand anders as Jesus is nie), rakende die heiligdom sowel as die oorgee van die leër aan vertrapping?** Daniël 8:13.

**2. Wie is die "Teller van Geheime," of die "Wonderbaarlike Teller"?** Génesis 40:8; 41:15. 16; Deuteronómium 29:29; Daniël 2:19-23, 26-28.

**3. Wat was die "Wonderbaarlike Teller" se antwoord?** Daniël 8:14.

**4. Wat verteenwoordig 'n dag in profetiese taal?** "Vir elke dag een jaar." Númeri 14:34; Eségiël 4:6.

**5. Hoe lank sou die 2300 dae tydperk dan wees?**
*Die 2300 dae tydperk sou 2300 jaar wees.*

**6. Wanneer het hierdie tydperk begin?**

In Daniël 8 vind ons geen sleutel tot die begin en einde van die 2300 jaar tydperk nie, maar in Daniël 9:24-27, toe die profeet die einste onderwerp wat hierdie les bespreek, bestudeer het, het Gabriël vir hom gesê, "Sewentig sewetalle is oor jou volk … bepaal." Daniël 9:24, Moffatt. Dit is die tweede keer dat 'n 490 jaar tydperk aan die Jode gegee is. Vanaf die salwing van Saulus tot die Babiloniese gevangenskap was daar slegs 490 jaar – 1095 tot 606 vC. In hierdie profesie sou daar vir hulle "sewentig sewetalle afgesny word" (die Companion Bible). "Afgesny" van wat? Die enigste tydperk wat voorheen genoem is waarvan hulle afgesny kan word, is die 2300 jaar tydperk van Daniël 8:14. Dus moet dit hierdie jare wees wat van die 2300 jaar tydperk "afgesny" is. Met ander woorde, 490 jaar van hierdie 2300 jaar sou aan die Jode as 'n nasie gegee word; die ander 1810 sou gegee word aan hulle as individue en aan iemand anders. As ons die begin van die 490 jaar tydperk vind, sou ons ongetwyfeld die begin van die 2300 jaar tydperk hê.

## *Die 490 Jaar Afgesny vir die Joodse Volk*

**7. Wie het na Daniël gekom toe hy besig was om hierdie onderwerp te bestudeer en daaroor te bid?** Daniël 9:20-23.

**8. Wat was die ses doelwitte waarvoor hierdie sewentig weke vir die Joodse volk gegee is?**
Daniël 9:24.

a. "Om die goddeloosheid te voleindg."
b. "Om die maat van die sondes vol te maak."
c. "Om die ongeregtigheid te versoen."
d. "Om ewige geregtigheid aan te bring."
e. "Om gesig en profeet te beseël."

f. "Om wat hoogheilig is, te salf."

**9. Met watter "woord" of dekreet het hierdie sewentig weke, of 490 jaar, begin?** Daniël 9:25 (eerste gedeelte).

**10. Wanneer het die dekreet of "woord … om Jerusalem te herstel en op te bou" uitgegaan?** Esra 7.

**Drie dekrete rakende Jerusalem is uitgevaardig. Hulle is:**

a. Die dekreet van Kores vir die herbou van die huis van God, 536 vC. Esra 1:1-4.
b. Die dekreet van Darius vir die uitvoering van die werk wat verhinder is, 519 vC.
Esra 6:1-12.
c. Die dekreet van Artasásta aan Esra, 457 vC. Esra 7.




God se lyn van profesie merk met sekerheid die weg na Sy koninkryk.

## *Daniël 9:25-27 se “70 weke”-tydprofesie rakende die Messias*

Hierdie dekreet van Artasásta is die enigste een van die drie wat beskou kan word as ‘n antwoord op die idee “om Jerusalem te herstel en op te bou.” Die ander twee was bloot opdragte om die tempel te herbou en die Joodse stesel van aanbidding te herstel. Dus is 457 vC die datum wat beskou word as die begin van die 490 jaar tydperk. Die jare van Artasásta se bewind is van die maklikste datums in die geskiedenis om te bepaal. Die Kanon van Ptolemy, met sy lys van konings en sterrekundige waarnemings, die Griekse Olimpiades, en verwysings in Griekse geskiedenis na Persiese sake dui sonder twyfel daarop dat 457 vC die sewende jaar van Artasásta se bewind was.

**11. In hoeveel dele moes die sewentig weke verdeel word?** Daniël 9:25, 26.

a. **“Sewe sewetalle”** of 49 jaar – 457 tot 408 vC – vir die herbouing van Jerusalem.

b. **“Twee-en-sestig sewetalle”** of 434 jaar – 408 vC tot 27 nC – tot op “‘n Gesalfde, ‘n Vors” – Jesus Christus se doop.

c. **Een week, of sewe jaar** – 27 nC tot 34.

In die middel van hierdie week sou Jesus gekruisig word. Jesus is gedoop in die herfs van 27 nC, toe Hy “omtrent dertig jaar oud” was. Lukas 3:23. Hy is gekruisig ten tye van die Pasga in die lente van 31 nC. In 34 nC is daar begin om die evangelie aan die heidene te verkondig. Die volgende drie dinge word gegee as die einde van die 490 jaar tydperk, en die uitbreiding van die werk van die evangelie aan die res van die wêreld.

**(1) Die steniging van Stefanus 34 nC** en die groot vervolging wat die gelowiges “oor die streke van Judéa en Samaria” (Handelinge 8:1), en later na baie ander lande verstrooi het. Hulle “het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig.


**(2) Petrus, deur God opdrag gegee in ‘n visioen, het die heidene in Cornelius se huis besoek** en het sommige van hulle gedoop. In sy verdediging voor sy broeders het hy gevra, “wie was ek dan, dat ek God kon verhinder?” (Handelinge 11:17).

**(3) Saulus van Tarsus, later Paulus die apostel na die heidene, is bekeer** toe hy op pad was na Damaskus om die dissipels van Jesus te vervolg.

## *Einde van die 2300-jaar Tydperk*

**12. Wanneer het die 2300-jaar tydperk tot ‘n einde gekom?**

**Wanneer ons die 490 jaar van die 2300 jaar aftrek, sien ons dat 1810 jaar oorbly, en wanneer ons 1810 jaar by 34 nC bytel, kom ons by 1844 nC uit.** Dit is die datum wat deur die “Teller van Geheime” bepaal is wanneer die reiniging van die heiligdom moes begin.




**"Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word" – Daniël 8:14.**

**13. Watter boodskap is aan die wêreld verkonding net voor die einde van die 2300-jaar tydperk in 1844? Openbaring 10.**

In alle dele van die wêreld het manne opgestaan en 'n boodskap verkondig wat gedui het op dit wat in 1844 sou begin. Hulle het hulle misgis met betrekking tot die presiese wyse waarop God se planne sou ontvou, maar hulle boodskap was een van waarskuwing, 'n vervulling van die dag van basuingeklank wat altyd op die eerste dag van die sewende maand gevier is:

a. William Miller het in Noord-Amerika gepreek, saam met talle ander wat by hom in sy pogings aangesluit het.

b. Irving en ongeveer 'n honderd predikers het die boodskap na Engeland geneem.

c. Joseph Wolff, "'n wêreldsendeling," 'n bekeerde Jood, het die boodskap in sewentien lande en veertien tale verkondig.

d. Lacunza, 'n priester in Suid-Amerika, het die boodskap in Latyns-Amerika onder die naam Ben-Ezra verkondig.

e. Kinderpredikers in die Skandinawiese lande, onder die invloed van die Heilige Gees, het groot skares toegespreek rakende Jesus se spoedige wederkoms.

f. Jong seuns het in Boheme en baie ander dele van die wêreld gepreek.

**14. Wat is die boodskap wat in werklikheid die reiniging van die heiligdom aankondig?**
Openbaring 14:6, 7.

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie." Amos 3:7.

2. Die "verborge" dinge behoort aan God, wie hulle aan Sy Seun openbaar, wie hulle aan die engel Gabriël gee, wie hulle aan die profete openbaar, en die profete leer hierdie dinge aan die mense.

3. Daar word 'n verslag van elke persoon se lewe bewaar, al sy gedagtes, bedoelings, woorde, dade, en die resultate daarvan, en dit is wat in die dag van die oordeel gebruik word; hierdie verslag getuig of vir of teen elkeen in daardie dag.

4. "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." 1 Johannes 1:9. "Die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde." Vers 7.

5. Dit was die sondelas – die ontsettende grootheid daarvan, en wat die siel van God skei – wat die hart van die Seun van God deurboor het. – *Skrede na Christus, 13:0.*

6. Deur vir die oortreding te boet deur na die graf te gaan, het Christus die graf verhelder vir almal wat in die geloof sterf. God, in die gedaante van 'n mens, het lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring deur die evangelie. In Sy dood het Christus die ewige lewe verseker vir almal wat in Hom glo. In Sy dood het Hy die een wat die oorsprong van sonde en ontrouheid is, veroordeel om die straf op die sonde – die ewige dood - te dra. – *Testimonies for the Church, vol. 6, 230:3.*

7. Die engel het 'n boodskap gehad vir diegene wat die teleurstelling ondervind het as gevolg van hulle misverstand rakende die reiniging van die heiligdom. Hy het vir Johannes gesê, "Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings." Openbaring 10:11. Dit is die inleiding tot die oordeelsuur boodskap.

## *Tekste om the Onthou*

Deuteronómium 29:29
Daniël 9:24-27
Daniël 8:14
Openbaring 10:11

## *Definieer of Identifiseer*

Uitgeroei
Dekreet
"Dit is volbring."
"Dag" in profesie
Heiden
Gesalfde

# LES 63 – "DIE UUR VAN SY OORDEEL HET GEKOM"

*Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom. Openbaring 14:7.*

**Die werk van ondersoek en die uitdelging van sondes het begin toe die tyd van die oordeel vasgestel; is, naamlik die einde van die 2300 dae, in 1844 aangebreek het. Almal wat ooit Christus bely het, se lewens moet ondersoek word. Beide die lewende en die dode moet geoordeel word "na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke." [Openbaring 20:12.]**
**Ons leef vandag in die groot versoendag. Die voorbereidingswerk is 'n persoonlike werk. Ons word nie in groepe gered nie. Die reinheid en toewyding van een sal nie die gebreke in die karakter van 'n ander aanvul nie. Elkeen moet getoets word en sonder vlek of rimpel of iets dergeliks bevind word.**
**Plegtig is die tonele wat in verband staan met die sluitingswerk van die versoening. Die allergewigtigste belange is daarin betrokke. Die oordeel is nou aan die gang in die hemelse heiligdom. Vir jare al is hierdie werk aan die gang. Spoedig – niemand weet hoe gou nie – kom die lewendes aan die beurt. In die vreeslike teenwoordigheid van God sal ons lewens in oënskou geneem word.**
**Wanneer die ondersoekende oordeel afgesluit word, sal die lot van alle mense vir die dood of die lewe beslis wees. Die genadetyd sluit 'n tydjie voor die verskyning van die Here op die wolke van die hemel.** *– Die Groot Stryd, 486:1 - 490:2.*

## *Die Tyd van die Oordeel*

**1. Wat leer die Bybel rakende 'n tyd van finale oordeel?**

a. Die Here "kom om die aarde te oordeel." 1 Kronieke 16:33; Psalm 96:13; 98:9.
b. "God sal die regverdige en die goddelose oordeel, want dáár is 'n tyd vir elke saak en vir elke werk." Prediker 3:17.
c. "Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom, oor al die verborge dinge, goed of sleg." Prediker 12:14.
d. "omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het." Handelinge 17:31.
e. Paulus het gespreek "oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel." Handelinge 24:25.
f. "Ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word." Romeine 14:10. (Vergelyk 2 Korinthiërs 5:10.)
g. "En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal." Judas 14, 15.

**Ons moet almal in die ondersoekende oordeel voor Gods regterstoel verskyn.**

## *Die Uur het Gekom*

**2. Watter boodskap is aan die wêreld gestuur toe die oordeelsuur in die hemel aangebreek het?** Openbaring 14:6, 7.

**3. Wat het in die hemel plaasgevind toe dit tyd was vir die begin van die oordeel?** Daniël 7:13, 14.

"Ek het bly kyk," sê die profeet Daniël, "totdat trone reggesit is, en 'n Oue van dae gaan sit het." … Op hierdie manier is daar aan die profeet 'n gesig gegee van die groot en plegtige dag wanneer die karakters en lewens van mense deur die Regter van die hele aarde ondersoek sal word en wanneer elke mens loon sal ontvang "volgens sy werke." [Matthéüs 16:27.] Die Oue van dae is God die Vader. … Dit is Hy, die oorsprong van alle lewe, die bron van alle wet, wat sal voorsit in die gereg. Heilige engele, as dienaars en getuies, … woon hierdie gereg by. – *Die Groot Stryd, 479:1, 2.*

**4. Wie is nader gebring voor die Oue van dae?** Daniël 7:13, 14.

Die koms van Christus wat hier beskryf word, is nie Sy tweede koms na die aarde nie. Hy kom na die Oue van dae in die hemel om heerskappy en heerlikheid en 'n koninkryk wat aan Hom gegee sal word aan die einde van Sy werk as middelaar, te ontvang. Dit is hierdie koms, en nie Sy tweede koms na die aarde toe nie, wat volgens die profesie in 1844, aan die einde van die 2,300 dae sou plaasvind. Vergesel van hemelse engele gaan ons Hoëpriester die allerheiligste plek binne en daar verskyn Hy in die teenwoordigheid van God om Sy laaste werk te doen ten behoewe van die mens, naamlik die ondersoekende oordeel en om versoening te doen vir die sondes van almal wat geregtig is daarop. – *Die Groot Stryd, 480:0.*

**5. Watter posisie beklee Jesus in hierdie oordeel?** 1 Johannes 2:1.

Ek het vier engele gesien wat 'n werk te doen gehad het op die aarde, en hulle was op weg om dit te doen. Jesus het Sy priesterlike kleed aangehad. Hy het in ontferming neergekyk op die oorblyfsel; toe het Hy Sy hande opgehef en met 'n stem vol bejammering geroep, "My bloed, Vader, My bloed, My bloed, My bloed!" Toe het ek 'n vreeslike helder lig sien kom van God wat op die groot wit troon gesit het, en dit het rondom Jesus geskyn. Toe het ek 'n engel gesien met 'n opdrag van Jesus, en hy het vinnig gevlieg na die vier engele wat 'n werk gehad het om te doen op die aarde; hy het iets op en neer in sy hand beweeg en met 'n luide stem geroep, "Hou! Hou! Hou! Hou! totdat die dienaars van God op hulle voorhoofde verseël is. – *Eerste Geskrifte, 38:1.*

Hy tree vir ons in met 'n gebroke liggaam en 'n vlekkelose lewe. Die verwonde hande, die deurstoke sy, die geskeurde voete, pleit vir die gevalle mens wie se verlossing teen so 'n oneindige prys gekoop is. – *Die Groot Stryd, 416:3.*

## *Die Boeke van die Oordeel*

**6. Wat is die standaard waarteen almal geoordeel sal word?** Jakobus 1:25; 2:8-12.

Ten einde gereed te wees vir die oordeel, is dit vir die mens nodig om Gods wet te onderhou. Daardie wet sal die maatstaf van karakter in die oordeel wees. Die apostel Paulus verklaar, "Almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word … in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel. En hy sê verder, "Die daders van die wet sal geregverdig word." Romeine 2:12-16. – *Die Groot Stryd, 436:0.*

**7. Watter boeke sal in die oordeel geopen word?** Daniël 7:10; Openbaring 20:12.

**a. Boek van die lewe.** Exodus 32:32; Psalm 69:29; Daniël 12:1; Filippense 4:3; Openbaring 3:5; 13:8; 21:27; 22:19.
**b. Gedenkboek.** Maleági 3:16.

**c. Boek van die dood.**
Die boek van die lewe bevat die goeie dade van die heiliges, en die boek van die dood bevat die bose dade van die goddelose. – *Eerste Geskrifte, 52:2.*

"Daar is 'n gedenkboek" voor Gods aangesig geskryf waarin die goeie dade opgeteken is van "die wat die Here vrees en sy Naam eer." (Mal. 3:16.) Hulle woorde van geloof, hulle liefdesdade is in die hemel opgeteken. In die gedenkboek van God is elke regverdige daad verewig. Daarin is opgeteken elke versoeking wat weerstaan is, elke sonde wat oorwin is en elke woord van ontferming wat uitgespreek it. Elke opoffering, elke lyding en droefheid wat om Christus ontwil verduur is, is opgeteken. Die psalmis se, "U het my omswerwinge getel; hou my trane in gedagtenis; is hulle nie in u boek nie?" Ps. 56:9.
Ook word die sondes van mense daar opgeteken. … Die geheime bedoelings en motiewe word noukeurig opgeteken; want God sal die verborge dinge van die duisternis in die lig bring en die bedoelinge van die harte openbaar maak. 1 Korinthiërs 4:5. – *Die Groot Stryd, 481:1, 2.*

Waar die boeke in die oordeel geopen word, ondersoek God die lewens van almal wat ooit in Jesus geglo het. Beginnende met die lewens van diegene wat eerste op die aarde gelewe het, stel Ons Voorspraak die sake van elke daaropvolgende geslag voor en Hy sluit af met die sake van diegene wat nog lewe. Elke naam word genoem en elke saak word deeglik ondersoek. Name word goedgekeur en name word verwerp. As enigeen sonde wat nie bely en nie vergewe is nie, in die boeke van die hemel het, sal sy naam uit die boek van die lewe uitgedelg word en sy goeie dade sal uitgewis word uit Gods gedenkboek. Aan Moses het die Here gesê, "Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek. Exod. 32:33. – *Die Groot Stryd, 483:1.*

**8. Wat word gedoen met die name van die regverdiges?** Matthéüs 10:32, 33; Openbaring 3:5.

Almal wat waarlik van hulle sondes bekeerd is, en wat deur geloof die bloed van Christus as hulle versoening aangeneem het, teenoor hulle name staan in die hemelse boeke "Vergewe" geskryf; en omdat hulle deelgenote geword het van die geregtigheid van Christus en hulle karakters in ooreenstemming met die wet van God is, sal hulle sondes uitgedelg word en hulle sal die ewige lewe waardig geag word. – *Die Groot Stryd, 483:2.*

**9. Hoe weet ons dat hierdie oordeel sou plaasgevind het voordat Mígael sal optree?** Daniël 12:1; Openbaring 22:11, 12.

## *Sondes Uit die Hemelse Heiligdom Verwyder*

**10. Deur wie se bloed word die sondes van die verlostes uit die hemelse heiligdom verwyder?** Johannes 1:29; Hebreërs 9:23-28; 1 Johannes 1:7.

Net soos die sondes van die volk in die ou tyd op die sondoffer geplaas is en dit deur sy bloed, in beeld, in die aardse heiligdom ingebring is, so ook word die sondes van die boetvaardiges onder die nuwe verbond deur geloof op Christus geplaas en in werklikheid in die hemelse heilgdom ingebring. En net soos die sinnebeeldige

reiniging van die aardse heiligdom geskied het deur die verwydering van die sondes wat dit besoedel het, so ook word die werklike reiniging van die hemelse heiligdom teweeggebring deur die verwydering, of die uitdelging van die sondes wat daar opgeteken is. Maar voor dit kan geskied, moet daar 'n ondersoek van die boeke wees om vas te stel wie deur belydenis van sondes en geloof in Christus geregtig is op die seëninge van Sy versoening. Die reiniging van die heiligdom bring dus 'n werk van ondersoek mee – 'n oordeelswerk. Hierdie werk moet gedoen word voor die wederkoms van Christus om Sy volk te verlos; want wanneer Hy kom, kom Hy met Sy loon om almal te vergeld volgens hulle werke. (Openb. 22:12.) – *Die Groot Stryd, 421:3.*

**11. Wat sê Jesus wanneer Hy die reiniging van die hemelse heiligdom voltooi?** Sefánja 2:1-3; Openbaring 22:11.

**12. Wat is die laaste ding wat Jesus doen rakende die reiniging van die hemelse heiligdom?**

Ook is daar gesien dat terwyl die sondoffer op Christus gewys het as die soenoffer en dat die hoëpriester Christus as middelaar voorgestel het, die sondebok Satan, die bewerker van die sonde, voorstel, op wie die sondes van al die opregte boetvaardiges eindelik geplaas sal word. Toe die hoëpriester, kragtens die bloed van die sondoffer, die sondes uit die heiligdom verwyder het, het hy dit op die sondebok geplaas. Wanneer Christus, kragtens Sy eie bloed, die sondes van Sy volk uit die hemelse heiligdom verwyder aan die einde van Sy bediening, sal Hy dit op Satan plaas wat, in die voltrekking van die oordeel, die uiteindelike straf daarop moet dra. Die sondebok is weggestuur na 'n onbewoonde land om nooit weer in die vergadering van Israel terug te kom nie. So ook sal Satan vir ewig verban word uit die teenwoordigheid van God en Sy volk en hy sal verdelg word tydens die uiteindelike vernietiging van sonde en sondaars. – *Die Groot Stryd, 422:2.*

## *Mooi Dinge om te Onthou*

1. Die heiligdom in die hemel is die middelpunt van Christus se werk ten behoewe van die mens. … Dit openbaar die verlossingsplan, dit bring ons tot die einde van die tyd en dit openbaar die oorwinning in die stryd tussen geregtigheid en sonde. – *Die Groot Stryd, 488:3.*

2. Die sondes van die volk is, in beeld, in die aardse heiligdom ingebring; so ook word die sondes van die boetvaardiges onder die nuwe verbond in werklikheid in die hemelse heligdom ingebring. – *Die Groot Stryd, 421:3.*

3. Vir agtien eeue het hierdie bediening in die eerste afdeling van die heiligdom voortgegaan. Die bloed van Christus ten behoewe van boetvaardige gelowige gepleit, het vergifnis en aanname by die Vader verkry, maar nogtans het hulle sondes in die hemelse boeke gebly. Net soos daar in die sinnebeeldige diens 'n versoeningswerk aan die einde van die jaar plaasgevind het, so ook moet daar, voordat Christus se verlossingswerk vir die mens voltooi is, 'n versoeningswerk gedoen word vir die verwydering van die sondes uit die heiligdom. Dit is die diens wat 'n aanvang geneem het aan die einde van die 2,300 dae. Toe, soos deur Daniël die profeet voorspel is, het ons Hoëpriester die Allerheiligste plek binnegegaan om die laaste deel van Sy plegtige werk te doen – die reiniging van die heiligdom. – *Die Groot Stryd, 421:2.*

4. Die reiniging van die heiligdom bring dus 'n werk van ondersoek mee – 'n oordeelswerk. Hierdie werk moet gedoen word voor die wederkoms van Christus om Sy volk te verlos; want wanneer Hy kom, kom Hy met Sy loon om almal te vergeld volgens hulle werke. – *Die Groot Stryd, 422:0.*

5. Soos Gods volk hulle siele voor Hom verootmoedig, en pleit vir reinheid van hart, word die opdrag gegee, “Neem die vuil klere van hom weg,” en die bemoedigende woorde word gespreek, “Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere.” Sagaría 3:4. Die vlekkelose kleed van Christus se geregtigheid word geplaas op die beproefde, versoekte, getroue kinders van God. Die veragte oorblyfsel word geklee in heerlike klere, om nooit weer deur die wêreld se korrupsies besoedel te word nie. Hulle name bly in die Lam se boek van die lewe, ingeskryf tesame met die getroues deur al die eeue heen.
Hulle het die liste van die bedrieër weerstaan, hulle het getrou gebly ten spyte van die gebrul van die draak. Nou is hulle vir ewig veilig teen die versoeker se strikke. Hulle sondes word oorgeplaas op die oorsprong van sonde. ‘n Rein tulband word op hulle hoofde geplaas. – *Prophets and Kings, 591:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Handelinge 17:31
Jakobus 2:8-12
Openbaring 14:7
2 Korinthiërs 5:10
Openbaring 22:11

## *Definieer of Identifiseer*

Opgeteken
Middelaar
Sondebok
Geregverdig
Genadetyd
Bestudering

# LES 64 – JESUS IN DIE HEILIGDOM – OPSOMMING VAN EENHEID 9

*O God, u weg is in heiligheid. Psalm 77:14*

*[**Thy way, O God, is in the sanctuary**. Psalm 77:13.]*

**Toe die Here op die berg Sinai neergedaal het, is die plek deur Sy teenwoordigheid geheilig. Moses is beveel om die berg af te kamp en om dit te heilig en die waarskuwing van die Here is gehoor: "Pasop dat julle nie nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word. Geen hand mag hom aanraak nie; maar hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is – hy mag nie lewe nie." Exodus 19:12, 13. So is die les geleer dat waar God Sy teenwoordigheid bekend gemaak het, die plek heilig is. Die omgewing van die tempel van God moes heilig geag gewees het.** – *Koning van die Eeue, 156:1 (1940 uitgawe, 155:4).*

### *Die Heiligdom is Waar God Woon*

1. Definieer "heiligdom."
2. Noem etlike "plekke" waar God woon.
3. Waar is God se troon?
4. Wat maak enige aardse plek heilig?

### *Die Aardse Tabernakel*

1. Wat het Moses gebruik as 'n voorbeeld vir die heiligdom wat hy gebou het?

2. Wees in staat om 'n kaart van die heiligdom te teken en plaas die meublemente.

3. Die meublemente in die voorhof en die tabernakel het die volgende voorgestel:

a. Die voorhof – **hierdie aarde, waar Jesus se soenoffer plaasgevind het.**
b. Die brandofferaltaar – **die kruis van Golgota.**
c. Die waskom – **die afwas van sondes en die teenwoordigheid van die Onskuldige.**
d. Die goue kandelare – **Hy wat die Lig van die wêreld is, en in 'n sekondêre sin, diegene wat op hierdie aarde vir Hom skyn.**
e. Die toonbrood – **Hy wat "die Brood van die Lewe" is.**
f. Die wierookaltaar – **Sy middelaarswerk** in die hemel en **Sy verdienste wat saam met elke ernstige, opregte gebed opgestyg het.**
g. Die Verbondsark – die **grondslag van God se regering, Sy troon.**
h. Die wet van Tien Gebooie - die **beginsels waarop Sy regering gegrond is.**
i. Die versoendeksel – **die plek waar regverdigheid en genade mekaar ontmoet in die groot verlossingsplan –** die heerlikheid van Sy koninkryk van genade.
j. Die Sjekina – **God se ewige teenwoordigheid.**

k. Die twee beskuttende gerubs – die **engeleskare** soos hulle **God en Sy troon in eerbied en aanbidding aanskou.**
l. Die engele wat in die tentdoeke vir die kant van die tabernakel en in die tentseil van die tabernakel se plafon ingeweef is – **die engele wat God se troon in gewillige diens en aanbidding omring.**
m. Die goud wat in die konstruksie van die tabernakel gebruik is – **"geloof en liefde."**
n. Die priesters – **Jesus Christus in Sy middelaarswerk vir die mens.**
o. Die offers – die **offer van die Seun van God as "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."**

## *Die Daaglikse Diens van die Tabernakel*

1. Wat was die twee afdelings van die aardse heiligdomdiens?
2. Wat verteenwoordig elkeen van die volgende?
a. Priesterdom.
b. Oggend- en aandoffer van 'n lam.
c. Hoëpriester.
d. Wit linnekleed.
3. Noem die heiligste van die artikels wat die priester gedra het.
4. Plaas jouself in die plek van die priester en verrig een van sy dienste in die heiligdom.

## *Die Groot Versoendag*

1. Wanneer was die Groot Versoendag? Gee die dag en die maand.
2. Kan sonde oorgeplaas word? Hoe?
3. Wees in staat om die werk van die hoëpriester te volg soos hy diens verrig tydens die reiniging van die heiligdom.
4. Wie is die sondebok?
5. Hoekom was die Groot Versoendag die plegtigste van alle dae?
6. Maak 'n lys van die items wat Christus op die Groot Versoendag verteenwoordig het.

## *Die Hemelse Heiligdom*

1. Wat doen Jesus nou in die hemelse heiligdom?
2. Maak 'n lys van sommige uitdrukkings wat die hemelse heiligdom beskryf.
3. Wat is sommige van die verskille tussen Aäron se priesterdom en die van Melgisédek?

## *Jesus Bepaal die Datum*

1. Kan jy die datum bepaal wanneer Jesus die Allerheiligste van die hemelse heiligdom betree het om met die ondersoekende oordeel te begin?
2. Wanneer het die aardse heiligdom diens werklik opgehou?
3. Bewys dat 457 vC die begindatum van die 2300 dae profesie is.
4. Vir wie het Daniël gehelp om die visioen van die 2300 dae te verstaan?
5. Teken 'n kaart van die 2300 dae profesie, en dui aan die dag- en jaarfaktore van die profesie.
6. Wie se dekreet is in 457 vC uitgevaardig?

## *Die Uur van Sy Oordeel het Gekom*

1. Definieer "ondersoekende oordeel."
2. By wie begin die oordeel? By wie eindig dit?
3. Wat het die "genadetyd" te doen met hierdie oordeel?
4. Wie is "'n Oue van dae"?
5. Watter plek beklee Jesus in die oordeel?
6. Wat is die standaard wat in die oordeel gebruik word?
7. Noem die boeke wat in die oordeel gebruik word.

# EENHEID 10 – DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS

**God, in die tyd van die oordeel en in ooreenstemming met Sy eenvormige handelinge met die mens om hulle te waarsku rakende komende gebeurtenisse wat hulle lotsbestemming grootliks sal beïnvloed (Amos 3:6, 7), stuur 'n proklamasie uit in verband met die naderende wederkoms van Christus; hierdie werk word gesimboliseer deur die drie engele van Openbaring 14; en hulle drievoudige boodskap toon 'n werk van hervorming om 'n volk voor te berei om Hom by Sy wederkoms te ontmoet.**

**Die tyd wanneer die heiligdom gereinig word, gesinkroniseer met die tydperk wanneer die boodskap van Openbaring 14 verkondig word, is 'n tyd van ondersoekende oordeel, eerstens met betrekking tot die dode, en tweedens, met betrekking tot die lewendes. Hierdie ondersoekende oordeel bepaal wie van die tallose menigte wat in die stof van die aarde slaap, waardig is om deel te hê in die eerste opstanding, en wie van die lewende menigte waardig is om na die hemel opgeneem te word.**



"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." Openbaring 1:3.

# LES 65 – DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS AAN DIE SEWE KERKE

*"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." Openbaring 1:3.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir die omvattende studies "Studies in Revelation – The Seven Churches," deur Leraar Stephen Bohr, by:***
***https://www.youtube.com/watch?v=H3Vc-Os1gPo&list=PLIWJyuxBfZ7hWTbEjflehB1GnoSRzvBZj***

***https://secretsunsealed.org/studies-in-Revelation-pdf-download/***

**In die Openbaring word die diepe dinge van God afgebeeld. Selfs die naam wat daaraan gegee is, "die Openbaring," weerspreek die bewering dat hierdie boek 'n verseëlde boek is. 'n Openbaring is iets wat openbaar gemaak wprd. Die Here self het die geheimenisse wat in hierdie boek bevat word aan Sy dienskneg geopenbaar, en dit is Sy bedoeling dat dit vir iedereen vir studie geopen moet wees. Sy waarhede word aan sowel diegene gerig wat in die laaste dae van die geskiedenis van die aarde leef as aan hulle wat in Johannes se dae geleef het. Sommige van die tonele wat in die profesie beskryf word, is reeds in die verlede, ander vind nou plaas; sommige toon die einde van die groot stryd tussen die magte van die duisternis en die Vors van die hemel, en sommige openbaar die sege en vreugde van die verlostes op die nuwe aarde.** – *Handelinge van die Apostels, 584:1.*

## *Inleiding*

**1. Watter belofte word gemaak aan diegene wat die woorde van die boek van Openbaring lees en hoor?** Openbaring 1:3.

**2. Deur watter stappe kom die openbaring van God tot die mens?** Openbaring 1:1.
a. God die Vader na Jesus Christus.
b. Jesus na Sy engel Gabriël. Van Gabriël het die Heiland in die Openbaring gesê: "… wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het." – *Koning van die Eeue, 99:1.*
c. Engel na Sy dienskneg, die profeet.
d. Profeet na die volk.

**3. Aan wie word die Openbaring van Jesus Christus gerig?** Openbaring 1:4, 11.

## *Die Sewe Kerke*

**4. Wat word verstaan deur "die sewe kerke"?**

Die name van die sewe gemeentes is simbolies van die kerk in die verskeie tydperke van die Christelike jaartelling. Die syfer 7 dui op volledigheid en is simbolies van die feit dat die boodskappe tot aan die einde van die tyd strek, en die simbole wat gebruik word, openbaar die toestand van die kerk gedurende die verskillende tydperke in die geskiedenis van die wêreld. – *Handelinge van die Apostels, 585.3.*

**5. Let op die verskeie kenmerkende eienskappe van Christus wat in die inleiding tot elke kerk na vore gebring word, soos, "Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dit sê Hy wat …" (Sien kaart II.)**

**6. Die tydperke wat deur elke gemeente gedek word, is benader.**

a. Éfese, "Begeerlik," 31-100 nC.
b. Smirna, "Mirre," 100-323 nC.
c. Pérgamus, "Wagtoring," of "Hoogte." 323-538 nC.
d. Thiatíre, "Lieflike geur," 538 - die Hervorming (ongeveer 1563).
e. Sardis, "Vreugdeslied," vanaf die Hervorming tot 1798.
f. Filadelfía, "Broederlike liefde," 1798-1844 nC.
g. Laodicéa, "Oordeel," of "Oordeel van die mense," 1844 tot aan die einde van tyd.

"STUDIES IN REVELATION – THE SEVEN CHURCHES" deur leraar Stephen Bohr.
https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-pdf-download/

## *Die Laodicese Kerk*

**7. Op watter mense is die boodskap aan die kerk van Laodicéa van toepassing?**

Daar is aan my getoon dat die getuienis aan die Laodiceërs van toepassing is op Gods volk in hierdie tyd, en die rede dat dit nie 'n groter werk tot stand gebring het nie is as gevolg van die hardheid van hulle harte. Maar God het die boodskap tyd gegee om sy werk te doen. Die hart moet gereinig word van sondes wat Jesus so lank afgesny het. – *Testimonies, vol. 1, 186:1. (Lees die volledige boodskap in vol. 1, pp. 185-195.)*

**8. Wat was die goud wat die Laodiceërs moes koop?**

Geloof en liefde is die ware rykdom, die suiwer goud wat die Waaragtige Getuie die louwarmes aanraai om te koop. Dit maak die hart ryk; want dit is gelouter totdat dit suiwer is, en hoe meer dit getoets word, hoe meer skitterend is die glans daarvan. – *Testimonies, vol. 4, 88:1, 2.*

**9. Wat word deur die wit klere voorgestel?**
Die wit klere is reinheid van karakter, die geregtigheid van Christus aan die sondaar toebedeel. Hierdie is inderdaad 'n kledingstuk van hemelse tekstuur, wat slegs by Christus gekoop kan word vir 'n lewe van gewillige gehoorsaamheid. – *Testimonies, vol. 4, 88:2.*

**10. Wat is die salf vir die oë?**
Die oogsalf is daardie wysheid en genade wat ons in staat stel om te onderskei tussen die bose en die goeie, en om die sonde onder watter dekmantel ook al te bespeur. God het aan Sy kerk oë gegee wat Hy vereis dat hulle met wysheid moet salf, sodat hulle duidelik mag sien; maar talle sou die oë van die kerk uitgrawe as hulle kon; want hulle wil nie hê dat hulle dade aan die lig moet kom nie, uit vrees dat hulle tereggewys sal

word. Die Goddelike oogsalf sal helderheid aan die begrip verleen. Al die deugde is aan Christus toevertrou. Hy sê: "Koop van My." – *Testimonies, vol. 4, 88:2.*

## *Dink Hieroor Na*

1. "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." Openbaring 1:3.

2. "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" Openbaring 1:5, 6.

3. "Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." Openbaring 1:8.

4. "Ek was in die Gees op die dag van die Here." Openbaring 1:10. "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie." Markus 2:27. God het slegs een dag uitgekies as Syne, en dit is die sewende dag Sabbat.

5. Die enigste veiligheid nou is om vir die waarheid, soos geopenbaar in die Woord van God, te soek, soos vir die verborge skat. Die onderwerpe van die Sabbat, die aard van die mens, en die getuienis van Jesus is die groot en belangrike waarhede wat verstaan moet word; hulle sal dien as anker vir Gods volk in hierdie gevaarlike tye. – *Testimonies, vol. 1, 300:1.*

6. In die boek Openbaring kom al die boeke van die Bybel bymekaar en daar vind hulle hulle einde. Hier is die aanvulling van die boek Daniël. Die een is 'n profesie; die ander is 'n openbaring. Die boek wat verseël is, is nie die Openbaring nie, maar daardie gedeelte van die profesie van Daniël wat betrekking het op die laaste dae. – *Handelinge van die Apostels, 585:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Openbaring 1:3
Openbaring 2
Openbaring 3

KAART 2

# DIE SEWE KERKE

| KERKE OF TYDPERKE | SPREKER | TYDPERK GEDEK | AANSPORINGS | BELOFTES AAN DIE OORWINNAAR |
|---|---|---|---|---|
| ÉFESE | "Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou." | Apostoliese Tydperk 31-100 nC | "Bekeer jou en doen die eerste werke." | "Sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe." |
| SMIRNA | "Die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het." | Tweede, derde en vierde eeue: 100-323 nC | "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee." | "Sal deur die tweede dood geen skade ly nie." |
| PÉRGAMUS | "Hy wat die skerp tweesnydende swaard het." | Dwaalleer en booshede word die kerk binnegebring in die vyfde en sesde eeue: 323-538 nC | "Bekeer." | "Sal Ek gee om te eet van die verborge manna … en 'n wit keursteen, … en 'n nuwe naam." |
| THIATÍRE | "Die Seun van God." | 538 tot die Hervorming (ongeveer 1563) | "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom." | "Sal Ek mag oor die nasies gee … en Ek sal hom die môrester gee." |
| SARDIS | "Hy wat die Sewe Geeste van God en die sewe sterre het." | Die Hervorming tot 1798 | "Wees wakker en versterk die wat oorbly." | "Sal beklee word met wit klere." "Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie." "Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele." |
| FILADELFÍA | "Die Heilige." "Die Waaragtige." "wat oopmaak en niemand sluit nie." "Hy sluit en niemand maak oop nie." | 1798-1844 | "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie." | "Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak." "Ek sal op hom die naam van my God skrywe." |
| **LAODICÉA** | **"Die Amen." "Die getroue en waaragtige Getuie." "Die begin van die skepping van God."** | **Laaste fase van die kerk: 1844 tot die einde. Tydperk van die ondersoekende oordeel.** | **"Koop goud wat deur die vuur gelouter is … en wit klere, … en salf om jou oë te salf." Wees dan ywerig en bekeer jou.** | **"Sal Ek gee om saam met My te sit op my troon."** |

# LES 66 – DIE SEWE SEËLS GEOPEN – OPENBARING 5, 6

*[W]ant die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? Openbaring 6:17*

**Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir omvattende studies van Openbaring 4:1 tot 8:1, gaan na "Studies in Revelation – THE SEVEN SEALS" by https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-the-seven-seals-pdf-download/**

**https://www.youtube.com/watch?v=x8V1mXYK9io&list=PLIWJyuxBfZ7jOXvy2XrgAglSj5BfaVb8_**

### *Oorsig van die Sewe Seëls*[25]

***Die seëls is 'n beskrywing van gewyde geskiedenis, nie sekulêre geskiedenis nie.** Hulle beskryf 'n reeks van historiese gebeurtenisse tussen die bevestiging van Christus as priester/koning in die hemel en Sy wederkoms om die onvoorwaardelike koningskap van die wêreld oor te neem. Daar is 'n sekere vloei verbonde aan die seëls; dws hulle is nie 'n beskrywing van individuele, geïsoleerde en onverwante gebeurtenisse in die gewyde geskiedenis nie, maar liewer 'n opeenvolgende en onderling verwante beskrywing van Satan se strategie vir die stryd soos hy poog om algehele heerskappy van die wêreld oor te neem. Aan die ander kant is die ware kerk wat met die Heilige Gees gevul is Christus se gekose manier om die oorwinning in die stryd vir wêreldoorheersing te behaal. Hierdie stryd word geïllustreer deur die beskrywing van die oprigting van God se geestelike tempel, soos ten volle beskryf in Die Handelinge van die Apostels, pp. 596-602.*

**Onder die eerste seël gaan die Apostoliese Kerk oorwinnend voort. Hierdie verowering van die vyand (Satan) se gebied maak die bose magte woedend wat dan lei tot vervolging onder die Romeinse keisers (rooi perd), leerstellings van die bose (duisternis) onder Konstantyn (swart perd), en die dood gedurende die Middeleeue (vaal perd).**

**Die vyfde seël openbaar dat die stryd nie naastenby verby is wanneer die Middeleeuse vervolging tot 'n einde kom nie. Daar sal 'n finale stryd sonder beperkings vir wêreldheerskappy wees. 'n Selfs groter aantal martelaars sal hulle lewens verloor in hierdie stryd om die Woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. Hierdie stryd word in Openbaring 12, 13; 14:18-20; 16:4-7; 17:6; 18:20, 24; 19:2 beskryf. Die vyfde seël toon dat hierdie stryd om wêreldheerskappy 'n groot finale stryd sal behels.**

**Die twee stadiums van martelaars onder die vyfde seël moet verstaan word in die konteks van die twee tydperke van heerskappy van die Rooms Katolieke Pousdom. Tussen die twee tydperke van vervolging is die dodelike wond (Openbaring 13:3). Hierdie perspektief word ook in Daniël 11 gevind waar die tonele in verse 30-39 in verse 40-45 herhaal sal word. Die vyfde seël dui aan dat die geskiedkundige gebeurtenisse van die eerste vier seëls nog 'n keer sal plaasvind, maar op 'n benadrukte en globale skaal. Dit is nie dat die eerste vier seëls weer vervul sal word nie, maar liewer dat die geskiedkundige gebeurtenisse wat hulle vervul het, nog een keer op soortgelyke wyse sal plaasvind. As die ongeregtighede van die eerste vier seëls in die geskiedenis van die kerk daartoe gelei het dat die martelaars onder die vyfde seël uitgeroep het, dan sou ons verwag dat die roep in die toekoms sal kom as gevolg van ongeregtighede soortgelyk aan die onder die eerste vier seëls. Net soos die klein horing gedink het dat hy die Sabbat gedurende die 1260 jaar kon verander, net so sal die dier in die toekoms Sondagviering op straf van die dood instel.**

**Die toekoms sal min of meer as volg lyk: Gods volk sal die krag van die laat reën ontvang soos die dissipels die krag van die vroeë reën tydens Pinkster ontvang het. Die kerk sal oorwinnnend met mag uitgaan om die lig en waarheid van Gods Woord te verkondig (PK, p. 725; wit perd). Dit sal vervolging aanwakker (rooi perd) soos die leerstellings van die duisternis en bygelowe (swart perd) die wêreld oorweldig (Openbaring 18:2, 3). Uiteindelik sal Gods volk tot die dood veroordeel word (vaal perd). Hierdie sal die tweede groep martelaars wees wat in Openbaring 6:9-11 genoem word. Toe die martelaars doodgemaak is, het dit gelyk asof die vyande van Christus oorwin het (Handelinge van die Apostels, p. 581). Aan die einde van die menslike geskiedenis sal die martelaars weereens uitroep (vyfde seël). En weer sal dit voorkom of Satan se koninkryk die hele wêreld sal oorneem en dat die enkele andersdenkende stemme vir ewig stilgemaak sal word. As Satan die oorblyfsel kon uitwis, sou sy oorwinning volkome wees (Die Groot Stryd p. 618). Die stryd sal woed tussen die oorblyfsel van God en die draak, die dier en die valse profeet. Die martelaars sal vanuit hulle grafte uitroep tot God vir regverdigheid (Ellen White maak dit duidelik in haar stellings rakende die martelaars onder die vyfde seël). Uiteindelik sal Jesus die slagveld betree en die werk voltooi, en die koningskap van die wêreld oorneem. Jesus ry voort soos 'n magtige oorwinnaar. Tekens in die son, die maan en die sterre (sesde seël) verkondig die koms van die triomfantelike koning. Hy kom as Koning van die konings en Here van die here en as die Leeu wat uit die stam van Juda is.**

**Dus sal die finale tonele die algemene beginsels van die sewe seëls herhaal. Aan die einde sal die kerk weereens rein wees en sal sy oorwinnend uitgaan. Gevolglik sal vervolging kom. Duisternis sal die kerk binnekom omdat Babilon vol duiwels is. En as gevolg hiervan sal 'n doodsdekreet uitgevaardig word teen Gods volk en die martelaars sal uitroep vir regverdigheid. Dan sal die kategorie van die martelaars voltooi wees.**

## *Ellen White en die Seëls*[1]

*Sy dui duidelik aan dat die inleidende visioen van Openbaring 4-5 van toepassing is op Christus se inhuldiging as Hoëpriester na Sy hemelvaart. Dit gee ons die belangrike beginpunt vir die sewe seëls.*[1]

*Kortliks, Openbaring 4-5 beskryf hoe Jesus vanaf die **aarde** op 'n **wolk** na die **hemel** gaan na Sy **Vader** in die **heilige plek** om na Sy **hemelvaart** as **Hoëpriester** ingehuldig te word. Aan die ander kant, gee Daniël 7 'n beskrywing van Jesus wat in **1844** op **wolke** kom vanaf die **heilige plek** na Sy **Vader** in die **allerheiligste** om as **Regter** en uiteindelik as **Koning** ingehuldig te word. Dieselfde wesens is by albei geleenthede teenwoordig en dit is hoekom die twee tonele so soortgelyk is.*

***Die Verhouding Tussen Openbaring Hoofstukke 4, 5, en 7, 19.** Let op die volgende chiastiese struktuur:*

- ***Die strydende kerk** in Openbaring 2, 3, word die seëvierende kerk in Openbaring 21, 22.*
- ***Die seëls** in Openbaring 4:1-8:1 bereik hulle klimaks in Openbaring 19, 20.*
- ***Die basuine** in Openbaring 8:2-11:19 bereik hulle klimaks in Openbaring 16-18.*

**Kommentaar oor Openbaring 4: Die troonkamer is voorberei vir die oorlogsheld. Die fokus in hierdie hoofstuk is op God die Vader as Skepper.**[2]

### *Ooreenkomste tussen Openbaring 4, 5, 7, 19.*[3]

| Openbaring 4 | Openbaring 5 | Openbaring 7 | Openbaring 19 |
|---|---|---|---|
| Vader (4:2) | Vader (5:1) | Vader (7:10) | God (19:4) |
| 24 Ouderlinge (4:4) | 24 Ouderlinge (5:6) | 24 Ouderlinge (7:11) | Ouderlinge (19:4) |
| 4 Lewende wesens (4:5-7) | 4 Lewende wesens (5:6) | 4 Lewende wesens (7:11) | Wesens (19:4) |
| Sewe Geeste (4:5) | Sewe Geeste (5:6) | Werk voltooi | Werk voltooi |
| | Lam (5:6) | Lam (7:10, 17) | Lam (19:7, 9) |
| | Engeleskare(5:11) | Engele (7:11) | Engele (19:6) |
| | | Groot menigte (7:9) | Groot menigte (19:1, 6) |

## *Verduideliking*[3]

In Openbaring 4 sien ons dat die Vader, die ouderlinge, die vier lewende wesens en die sewe Geeste teenwoordig is. In Openbaring 5 kom die engeleskare en die Lam by, maar die sewe Geeste word na die aarde gestuur. Uiteindelik, in Openbaring 7 en 19 sluit die groot menigte van die verlostes by die toneel aan. 'n Versigtige analise van die gesange openbaar dat in hoofstuk 4 is die skepping die motivering vir die singery. In hoofstuk 5 is verlossing die motivering. Maar in hoofstukke 7 en 19 is die motivering verlossing tydens die finale krisis. Dit kan in Openbaring 7:10 gesien word, waar verlossing van vernietiging in die groot verdrukking die motivering is, en in Openbaring 19:1, 2, waar Gods volk verlos is van die groot hoer, en hulle hulle verheug, want die bruilof van die Lam het gekom. Gesange deur die ouderlinge en die vier lewende wesens het stil geword en nou is die verlostes die sangers.

## *Opsomming van Openbaring 4*[4]

Die sentrale fokus van hoofstukke 4 en 5 is Jesus wat na hierdie wêreld gekom het, die oorhand oor Satan gekry het, en seëvierend na die hemel opgevaar het. In die seëls, gaan Gods volk deur dieselfde ondervinding as Jesus. Hulle ly, hulle oorwin, en hulle sal uiteindelik seëvierend in die hemel staan.
Die sleutelwoord in hoofstukke 4, 5, 7 en 19 is "troon." Die woord word **17 keer** in hoofstukke 4-5 gebruik, **sewe keer** in Openbaring 7:9-27 en **twee keer** in 19:1-10.

*In hoofstuk 4 is daar vier lewende wesens, vier-en-twintig ouderlinge, God die Vader en die Heilige Gees (die sewe Geeste). Die sewe vuurfakkels en die wierookaltaar is daar. Maar daar was ordes van wesens wat nie daar was nie:* ***Jesus Christus en die engeleskare.*** *Waar is die Seun in hoofstuk 4, en waar is die engeleskare?*

"Die ganse hemel het **gewag** om die Heiland in die hemelse howe **te verwelkom**. Al opvarende was Hy aan die spits, terwyl die menigte gevangenes wat met Sy opstanding vrygelaat is, gevolg het. Die **hemelse leërskare het die blye optog** met gejuig en lof en engelesang **begelei**.
"Daar is die troon (met God die Vader daarop) en rondom, die reënboog van belofte. Daar is gerubs en serafs. Die aanvoerders van die engeleleër, die seuns van God, die verteenwoordigers van die ongevalle wêrelde (die vier-en-twintig ouderlinge), is byeen. Die hemelse raad voor wie Lucifer God en Sy Seun beskuldig het, die teenwoordigers van al die sondelose ryke waaroor die Satan gehoop het om sy heerskappy te vestig – almal is daar om die **Verlosser te verwelkom**. Hulle is **gretig om Sy oorwinning te vier** en hul Koning te verheerlik.
"Maar Hy beduie hulle om te wag. Nie nou al nie; Hy kan nie nou al die kroon van heerlikheid en die koninklike kleed ontvang nie. Hy begeef Hom in die teenwoordigheid van Sy Vader [nou weet ons wie op die troon gesit het]. Hy wys na Sy verwonde hoof, die deursteekte sy, die deurboorde voete; Hy hef Sy hande omhoog met die spykermerke nog daarin [Hy bied Homself aan as die Lam, asof Hy geslag was].

Hy wys na die simbole van Sy oorwinning; Hy bied God die beweegoffer aan – die wat saam met Hom opgestaan het as verteenwoordigers [die eerste betaling] van die groot menigte wat by Sy wederkoms uit hul grafte sal kom. Hy nader die Vader [Openbaring 5:7] by wie daar vreugde is oor een sondaar wat hom bekeer; wat oor hom sing met gejubel. Nog voor die grondlegging van die wêreld het die Vader en die Seun 'n verbond aangegaan om die mens te verlos indien hy deur die Satan oorwin sou word. Hulle het die hande saamgevou in 'n plegtige gelofte dat Christus borg sou staan [Hy sou die verlore besitting loskoop] vir die mens. Hierdie gelofte het Christus nou nagekom. Toe Hy aan die kruis uitgeroep het: 'Dit is volbring,' het Hy die Vader aangespreek. Die ooreenkoms is ten volle nagekom. Nou verklaar Hy: 'Vader, dit is volbring. Ek het U wil gedoen, o My God. Ek het die verlossingstaak voltooi. As U geregtigheid bevredig is, wil Ek dat, waar Ek is, hulle wat U aan My gegee het, ook saam met My sal wees.' Johannes 19:30; 17:24.

"Die stem van God verkondig dat aan die geregtigheid voldoen is. Die Satan is verslaan. Christus se swoegende, worstelende volgelinge op aarde is begenadig 'in die Geliefde.´ Efés. 1:6. Voor die hemelse engele en die verteenwoordigers van die sondelose wêrelde word hulle as geregverdig verklaar. Waar Hy is, sal Sy kerk ook wees. 'Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtgiheid en vrede kus mekaar.' Die Vader omhels Sy Seun en die bevel weerklink: 'Al die engele van God moet Hom aanbid.'

"Met onuitspreeklike blydskap erken die owerhede en magte die opperheerskappy van die Vors van die lewe. Die engeleleër val voor Hom neer terwyl die tempelhowe weergalm van die blye geroep: 'Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.' Openb. 5:12. – *Koning van die Eeue, pp. 833-835.*[4]

## *Opsomming van die Inleidende Visioen en die Eerste Seël*

- ***Die Hemelvaart van die Oorlogsheld:*** *Handelinge 1:9-11; Koning van die Eeue, pp. 830-833; Handelinge van die Apostels, pp. 30-34.*
- ***Die Aankoms van die Oorlogsheld in die Hemel waar Hy as Priester/Koning gesalf word.*** *Hierdie gebeurtenis word aangekondig deur die uitstorting van die Heilige Gees op aarde: Openbaring 5; Handelinge 2; Handelinge van die Apostels, pp. 35-46 (veral bladsye 38, 39).*
- ***Die oorwinnings van die Apostoliese kerk onder die eerste seël:*** *Handelinge van die Apostels, pp. 47-602*

**1. Wat het Johannes gesien toe die eerste seël geopen is?** Openbaring 6:1.

**DIE WIT PERD** verteenwoordig die oorwinnings van die Apostoliese kerk en sy ruiter is 'n simbool van Jesus. Die eerste seël stem ooreen met die eerste kerk, Éfese.[6]

***Die Simbole*** [6]

- 'n **Wit perd** met sy ruiter – in Sagaría 10:3-6 word Juda vergelyk met 'n **oorwinnende perd**.
- **Wit** - wit is 'n simbool van **reinheid** (Psalm 51:7; Jesaja 1:18; Daniël 7:9; 12:10) en die apostoliese kerk was 'n rein kerk met betrekking tot beide **leerstellings** en **lewenstyl**.[7]
- 'n **Kroon** – die woord vir kroon is hier *stephanos.* Met min uitsonderings is die *stephanos* die kroon wat gegee word aan iemand wat die oorwinning behaal het na 'n stryd[8] (Openbaring 2:10; Jakobus 1:12; 2 Timothéüs 4:8; 1 Korinthiërs 9:24-27).
- 'n **Boog** – 2 Konings 13:17 beklemtoon dat die pyl en boog God se **uitredding uit die stryd** verteenwoordig.[7]
- As oorwinnaar om te oorwin[8] – **God het begeer dat Sy volk as oorwinnaar sou uitgaan om te oorwin.** – RH, Julie 10, 1900, par. 15.
- 

**2. Wat het tydens die opening van die tweede seël plaasgevind?** Openbaring 6:3, 4.

**DIE ROOI PERD** verteenwoordig vervolging teen die kerk deur die **Romeinse ryk.** Dit stem ooreen met die tweede kerk, Smirna.[9]

***Die Simbole***[9]

- Die kleur **Rooi** - verteenwoordig **bloedvergieting,** want die swaard verdryf vrede van die aarde en die gevolg is **oorlog en bloedvergieting** (Jesaja 63:2; Nahum 2:3; Openbaring 17:1-6).
- **Swaard** – die swaard verteenwoordig **die Bybel** (Hebreërs 4:12, 13; Efésiërs 6:17; Jesaja 49:2; Openbaring 19:13, 15, 21). Maar die swaard verteenwoordig ook die **burgerlike gesag** (Romeine 13:1-4). **Hoe hou hierdie twee swaarde verband met mekaar?**

**3. Wat is met die opening van die derde seël geopenbaar?** Openbaring 6:5, 6.

**DIE SWART PERD** verteenwoordig **infiltrasie van die kerk deur die wêreld.** Dit stem ooreen met die kerk van Pérgamus.[11]
Satan se **twee metodes** wat hy teen Gods volk gebruik is **vervolging** en **infiltrasie**. (Abel en die verhaal van die vloed is voorbeelde.)

## *Historiese Konteks*[11]

- Die **Wit Perd:** Die oorwinnings van die vroeë kerk – **Éfese: Die Apostoliese kerk.**
- Die **Rooi Perd:** Die keiserlike vervolging – **Smirna: Die vervolgde kerk.**
- Die **Swart Perd:** Infiltrasie van die kerk deur die wêreld – **Pérgamus: Die kompromitterende kerk.**

Dit is die tydperk van die kerk van **Pérgamus**. **Satan se troon** was in Pérgamus. Dit is die oorgangstydperk toe **Konstantyn**, die keiser van heidense Rome, sy troon, mag en gesag aan die pousdom oorhandig. Pérgamus is die verbindingskakel tussen die **Romeinse Ryk** en **Pouslike Rome** (Openbaring 13:2). Die weerhouende mag (die Romeinse Ryk), word verwyder. Hierdie is die tydperk wanneer die leerstelling van **Bíleam die kerk infiltreer**. Bíleam kon die kerk nie van **buite** vervloek nie, dus het hy dit met **afgodery** en **hoerery** geïnfiltreer. Hierdie twee sondes was juis dié wat die kerk aanvaar het toe vervolging opgehou het. (Númeri 23:8-10,21-23; 25:1, 2).[11]

## *'n Era van Geestelike Duisternis*

***Die bevestiging van die mag van die Roomse Kerk was die begin van die Donker Eeue.*** *Namate sy krag toegeneem het, het die duisternis vermeerder. Geloof in Christus, die ware fondament, is oorgeplaas op die pous van Rome. Pleks van vertroue op die Seun van God vir vergifnis van sonde en verlossing, het die mense opgesien na die pous, en na die priesters en prelate aan wie hy sy gesag meegedeel het. Hulle is geleer dat die pous hulle aardse middelaar is en dat niemand tot God kon nader behalwe deur hom nie: en wat meer is, dat hy vir hulle in die plek van God staan en daarom stip gehoorsaam moes word. Afwyking van sy bevele was genoeg om die verskriklikste straf te bring op die liggaam en siel van die oortreders. Op hierdie manier is die harte van die mense afgekeer van God na feilbare, dwalende, wrede mense; nee, nog meer, na die vors van duisternis self wat sy mag deur hulle uitgeoefen het. Sonde is verklee in 'n mantel van heiligheid. Wanneer die Skrifte onderdruk word, en die mens homself beskou as oppermagtig, kan ons slegs bedrog, valsheid en verlagende sondigheid verwag. Met die verheffing van menslike wette en tradisies is die verderf geopenbaar wat altyd volg op die tersydestelling van die wet van God. – Die Groot Stryd, 55:1.*

*‘n Ander stap in pouslike aanmatiging is gedoen toe Pous Gregorius VII in die elfde eeu verklaar het dat die Roomse Kerk volmaak is. Een van die aansprake wat gemaak is, het gelui dat die kerk nog nooit gedwaal het, en volgens die Skrifte, nooit sou dwaal nie. Maar skriftuurlike bewyse vir hierdie bewering het ontbreek. Die trotse pous het ook aanspraak gemaak op mag om keisers te onttroon en hy het verklaar dat geen uitspraak van hom deur enige persoon kon herroep of verander word nie en dat dit sy voorreg was om die uitsprake van alle ander te verander. – Die Groot Stryd, 57:2.*

*Met verloop van die eeue het die dwalings van Rome toegeneem. Selfs voor die bevestiging van die pousdom het die leerstellings van heidense filosowe aandag geniet en invloed uitgeoefen op die kerk. Baie wat voorgegee het dat hulle bekeerd was, het vasgeklem aan die beginsels van hulle heidense filosofie; nie alleen het hulle self voortgegaan met die studie daarvan nie, maar hulle het ook by ander aangedring om dit aan te neem as ‘n middel om hulle invloed onder die heidene te vermeerder. Op hierdie manier is daar skadelike dwaalleer in die Christelike kerk ingebring. Vernaamste onder hierdie dwalings was die geloof dat die mens van natuur onsterflik is en dat hy sy bewussyn behou in die dood. Hierdie leerstelling het die grondslag gelê waarop Rome die gebede aan afgestorwe heiliges en die verering van die Maagd Maria ingevoer het. Hieruit het die dwaalleer van ewige pyniging van sondaars ontstaan, iets wat vroeg reeds in die pouslike geloofsbelydenis opgeneem is. – Die Groot Stryd, 58:2.*



***Die profeet van God het Jesus gesien waar Hy tussen die sewe goue kandelaars staan met sewe sterre in Sy hand.***

## *4. Die vierde seël.* **DIE VAAL PERD.** Openbaring 6:7, 8.

### *Simbole en Uitdrukkings*[12]

- Die kleur **vaal** (*chloros):* **Die kleur van hierdie perd is eintlik 'n groenerige vaal** soos 'n jong spruit uit 'n boom. **Hierdie vaal kleur is die kleur van die dood.**
- **Die dood en die doderyk** (die doderyk volg die dood).
- **Die vierde deel van die aarde** (op hierdie stadium is die vernietigende krag van die vierde perd en sy ruiter nie universeel nie).
- **Hongersnood** (skaarste aan Gods Woord).
- **Pes** (in Nuwe Testamentiese Grieks beteken die woord *thanatos* die dood. Maar in 30 uit die 50 keer wat die Hebreeuse woord *deber* in die Griekse Ou Testament (LXX) verskyn, word dit as '**pes'** vertaal. Om te sê dat die vierde perd met die dood doodmaak, sal oorbodig wees. **Die dood as gevolg van die swaard en hongersnood bring pes en siekte mee wat op hul beurt lei tot die dood en die doderyk**.
- **Wilde diere** (bose leiers en nasies wat vyandig was teenoor Gods volk en hulle soos wilde diere gedra het).

### Hierdie perd het vir twee redes die dood en die doderyk gebring.[13]

Eerstens, omdat Gods volk gesterf het as gevolg van **geestelike hongersnood** en **pes** (sien Amos 8:11, 12) en tweedens, omdat hulle met die **swaard** doodgemaak is (Openbaring 13:10).
*Die Bybel verhef God en plaas die mens in sy ware posisie; daarom moet die heilige waarhede van die Woord bedek en onderdruk word. Dit is die logika van die Roomse Kerk. Vir honderde jare is die verspreiding van die Bybel verbied. Die mense is verbied om dit te lees of in hulle huise te hê en gewetenlose priesters en prelate het die leerstellings daarvan vertolk om hulle eie aanmatigings te staaf. As gevolg hiervan is die pous byna algemeen erken as die plaasvervanger van God op die aarde, beklee met gesag oor Kerk en Staat. – Die Groot Stryd, 51:3).*

### Die Verhouding Tussen die Derde, Vierde en Vyfde Seëls[14]

Die duisternis en skaarste aan brood onder die derde seël het vererger onder die vierde seël en het gelei tot die dood en die graf. Rakende hierdie tydperk verduidelik Ellen White: "*Die bevestiging van die mag van die Roomse Kerk was die begin van die Donker Eeue. Namate sy krag toegeneem het,* ***het die duisternis vermeerder****."* – Die Groot Stryd, 55:1.

*Wanneer die kerk geestelik sterf omdat sy nie Gods Woord deel van haar maak nie, begin sy om diegene wat nie deel het in haar gebrek aan geestelikheid nie, te vernietig. Hulle wat nie hulle leerstellings met die geestelike swaard (die Bybel) kan verdedig nie, sal dit met die letterlike swaard doen.*
Die martelaars wat gedurende die tydperk van die vierde perd gedood is, het uitgeroep dat God moet oordeel en hulle dood moet wreek.

## *Die vyfde seël.* Openbaring 6:9-11 – ***DIE UITROEP VAN DIE MARTELAARS.***[15]

Onder die vyfde seël het die oordeel nog nie plaasgevind nie. Ons weet dit, want die siele onder die altaar roep uit dat hulle bloed geoordeel en gewreek moet word. Dit beteken dat die oordeel moet plaasvind na die vyfde

seël. Ons sal sien dat die oordeelsproses nie sal begin tot na die tekens in die son, maan en sterre in Openbaring 6:12, 13 nie. En die uitvoer van die oordeel sal nie plaasvind totdat ons hoofstuk 19:1, 2 bereik nie.

**5a. Wat is die twee stadiums van die vyfde seël?** Daniël 7:25.

## *Die Twee Stadiums van die Vyfde Seël*[16]

*Die teks maak dit duidelilk dat daar* ***twee afsonderlike geskiedkundige stadiums*** *verbonde is aan die uitroep van die martelaars. Dit wil sê, daar is twee groepe martelaars –* ***een uit die verlede en die ander in die toekoms.***

**Wanneer is die eerste groep doodgemaak?**
**Die eerste stadium** van die martelaars word beskryf in **Daniël 7:25**. Daar word ons vertel dat die klein horing die heiliges van die Allerhoogste sal mishandel gedurende 'n tyd, tye en die helfte van 'n tyd:
*"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die* ***heiliges van die Allerhoogste mishandel*** *en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende* ***'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd****."*

## *5b. Die Eerste Stadium Gedurende die Middeleeue:*

Die **eerste vier kerke** stem ooreen met die eerste vier seëls:

- **Wit Perd:** Die apostoliese kerk (Éfese).
- **Rooi Perd:** Die kerk vervolg deur die Roomse keisers (Smirna).
- **Swart Perd:** Die kompromitterende kerk gedurende die tyd van Konstantyn die Grote (Pérgamus).
- **Vaal Perd:** Die kerk van die Middeleeue (Thiatíre).



"Een vir een is die kledingstukke weer uitgetrek, terwyl elke biskop 'n vloek uitgespreek het onderwyl hy sy deel van die plegtigheid uitgevoer het. Eindelik het hulle die puntige papier-myter op sy hoof geplaas waarop die figure van duiwels geskilder is, met die woord "Aartsketter" voorop, vir almal sigbaar. "Met blydskap," het Hus gesê, "sal ek hierdie kroon van skande dra vir U ontwil, o Jesus, wat vir my die doringkroon gedra het." – *Die Groot Stryd, 108:4.*

**5c. Wat het die Eerste Stadium van die Martelaars afgesluit?** [17] *Openbaring 13:10.*

**(Openbaring 13:10)** *As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.*
Antwoord: **Die dodelike wond het die eerste stadium van die martelaars afgesluit.**
***Romeine 13:1-4 verduidelik dat die swaard die burgerlike gesag van Rome simboliseer.*** *Tydens die drie en 'n halwe tye (1260 jaar) of twee-en-veertig maande het die klein horing (die dier, die Rooms Katolieke Stelsel) die swaard van die staat gebruik om Gods volk dood te maak. Maar dieselfde swaard het die klein horing (die dier) aan die einde van hierdie tydperk gewond.* ***Die eerste groep martelaars het voor 1798 gaan rus.***[17] *Openbaring 6:11; 14:13.*

***5d. Die Tweede Stadium van die Martelaars*** Openbaring 13:3.

**Die dier se dodelike wond sal genees en dan sal die dier hom gedra soos in die verlede.**
*Tonele soortgelyk aan die wat met hierdie woorde beskryf word, sal plaasvind. Ons sien dat die Satan vinnig beheer verkry oor die verstand van mense wat nie die vrees van God voor hulle hou nie. Laat almal die profesieë van hierdie boek lees en verstaan, want ons is nou besig om die tyd van benoudheid waarna Daniël verwys, binne te gaan: [Daniel 12:1-4, aangehaal]. – 13MR 394:2.*

*Die Gees van die Here word van die wêreld onttrek. Dit is nou nie die tyd vir die mens om homself te verhef nie. Laat ons op ons hoede wees vir selfsugtige hebsug, - Letter 103, 1904.*

*Wanneer ons nasie (die VSA) die beginsels van sy regering so versaak dat 'n Sondagwet uitgevaardig word, sal Protestantisme in hierdie daad met die Pousdom saamspan; dit sal niks anders wees as om lewe te gee [wat beteken dat dit dood was] aan die tirannie wat vir 'n lang tyd sy kans afgewag het om weer* ***na vore te kom*** *[wat beteken dat die aktiewe despotisme voorheen moes bestaan het] as aktiewe despotisme." – 5T, 712.0.*

***5e. Die Verhouding Tussen die Vyfde en Sesde Seëls***[18]
*Openbaring 6:12 13; Openbaring 7:1-8; Openbaring 19:1, 2; Daniël 8:11-13; Daniël 11:44; Daniël 12:1.*

**Die eerste gedeelte van die sesde seël** (Openbaring 6:12-13) **is daardie gedeelte van die vyfde seël wat op oordeel betrekking het, en die tweede deel van die sesde seël (Openbaring 6:14-17)** is daardie deel van die vyfde seël wat op wraak betrekking het. Tussenin het ons die parentese van Openbaring 7:1-8, die verseëling van die lewende regverdiges. Die martelaars en die 144,000 is twee afsonderlike groepe. Die martelaars word eerste geoordeel en dan word die 144.000 lewende heiliges laaste geoordeel.

**Die antwoord op die pleidooi van albei groepe martelaars word in Openbaring 19:1, 2 gevind.** Die wraak het gedurende die tydperk van die sewe laaste plae plaasgevind, veral toe die goddeloses bloed moes drink (Openbaring 16:5-7).
**In Openbaring 20:4 word aan hierdie selfde groep die toestemming gegee om hulle bose onderdrukkers te oordeel. Op hierdie stadium moes hulle reeds hulle beloning ontvang het.**

Die vervolging deur die klein horing gedurende die Middeleeue (Daniël 8:11-13) bring ons by die vraag: "Hoe lank?" Tekens in die hemel verkondig die begin van die oordeelsproses (Openbaring 6:12-13). Daniël 8:14 begin die oordeelsproses in antwoord op die pleidooie van die martelaars van die verlede.

Daniel 11:44 beskryf die eindtyd martelaars na die genesing van die pousdom se dodelike wond. In Daniël 12:1 eindig die oordeel, tekens word in die hemele gesien wat openbaar dat die oordeel geëindig het (Matthéüs 24:30), Babilon kom tot sy einde (Daniël 11:45) en God se volk word verlos en beloon (Daniël 12:2).

## *6. Die Sesde Seël. Tekens van die Oordeel* Openbaring 6:12-17.

### *6a. Is die Tekens Letterlik of Simbolies?* [19]

*Ons interpreteer baie van wat Openbaring sê as simbolies. Hoekom, dan, verstaan ons die aardbewing en die tekens in die son, die maan en die sterre as letterlik? Die antwoord word gevind in die betekenis van 'n Griekse woord wat vier keer in Openbaring 6:12-14 gebruik word, die woord "soos" (hos).*

*Ranko Stefanovic sê aangaande die betekenis van hierdie woord: "… die herhaalde gebruik van die woord "soos" (Gr. hos) in die tekste blyk baie belangrik te wees. Die son het swart geword soos 'n harige sak, die maan soos bloed, die sterre van die hemel het geval soos die navye van 'n vyeboom, en die hemel wyk weg soos 'n boek wat toegerol word. In die Grieks, bring hierdie woord ''n figuurlike analogie aan 'n werklike gebeurtenis' wat vergelyk word met iets figuurliks. Dit stel voor dat hierdie hemelse tekens letterlik geïnterpreteer moet word. Ranko Stefanovic, Revelation of Jesus Christ,, p. 244)*

**6b. Wat maak die Lissabon aardbewing, die Donker Dag van 1780 en die Sterrereën van 1833 uniek?** Die antwoord **is viervoudig: Ligging, volgorde, tyd en intensiteit.**[20]

Rakende **ligging**, is dit nie toevallig dat hierdie tekens in **Europa** en die **Verenigde State** verskyn het nie. Europa, want daar sou die dodelike wond aan die pousdom toegedien word, en dit sou die einde van die beproewing van 1260 dae aandui. Die Verenigde State (veral New England), want daar sou die boodskap van die oordeel met krag deur die Milleriete verkondig word, beginnende in die 1830's. Volgens C. Mervyn Maxwell was die ligging van hierdie tekens hoogs betekenisvol. Hulle het in die eerste plek in Europa en die Verenigde State plaasgevind, waar mense besig was om die Bybel te bestudeer en die profesieë te bepeins. Magnificent Disappointment, pp. 93, 94.

**6c. Die Groot Aardbewing, Lissabon, November 1, 1755**[21]
Lukas 21:25; Markus 13:24-26; Openbaring 6:12.

Ter vervulling van hierdie profesie was daar in die jaar 1755 die vreeslikste aardbewing wat daar nog ooit was. Hoewel dit tans bekend is as die aardbewing van Lissabon, het dit die grootste gedeelte van Europa, Afrika, en Amerika geskud. Dit is in Groenland, in die Wes-Indiese Eilande, op Madeira, in Noorweë en Swede, Groot-Brittanje en Ierland gevoel. Dit het 'n gebied van minstens viermiljoen vierkante myl aangetas. In Afrika was die skok byna net so geweldig as in Europa. 'n Groot gedeelte van Algiers is verwoes; en 'n entjie van Marokko af is 'n dorp van tussen agt- en tienduisend inwoners opgeswelg. 'n Magtige golf wat stede oorstroom en groot skade aangerig het, het die kuste van Spanje en Afrika getref. Dit was in Spanje en Portugal waar die ergste skok gevoel is. By Kadiz was die golf sestig voet hoog. Berge, "sommige van die grootste in Portugal, is heftig geskud, tot by hulle fondamente, as't ware; sommige van hulle is bo oopgeskeur sodat groot massas grond in die klowe afgestort het. Daar word vertel dat vlamme uit die berge gekom het." - *Sir Charles Lyell, Principles of Geology, p. 495*

**6d. Die Verduistering van die Son, Mei 19, 1780**[21]

Die Heiland se gesprek met Sy dissipels op die Olyfberg, nadat Hy die lang beproewingstydperk van die kerk beskryf het – die 1,260 jaar van pouslike vervolging waarvan Hy gesê het dat die verdrukking verkort sou word – het Hy sekere gebeurtenisse genoem wat Sy koms sou **voorafgaan** en Hy het die **tyd vasgestel** wanneer die **eerste daarvan** gesien sou word: "In daardie dae, ná die verdrukking, sal die son duister word, en die maan sal sy glans nie gee nie." Markus 13:24. Die 1,260 dae of jare het in 1798 geëindig.
'n Kwarteeu voor daardie tyd het die vervolging so te sê byna opgehou. Na hierdie vervolging, het Christus gesê, sou die son verduister word. Op 19 Mei 1780 is hierdie profesie vervul.

"Hierdie geheimsinnige en tot nog toe onverklaarbare verskynsel, naamlik die donker dag van 19 Mei 1780, staan byna alleen, indien nie heeltemal alleen nie, as die onverklaarbaarste verduistering van die sigbare hemele en atmosfeer in New England." – R.W. Devens, *Our First Century,* bl. 89.

**6e. "Die Sterre van die Hemel het Geval," November 13, 1833**

Wetenskaplike studie van die wentelbane van vallende sterre het begin na die voorval van die mees briljante meteoorreën wat op rekord staan – dit van November 13, 1833. Hierdie skouspel wat verantwoordelik was vir die grootste belangstelling onder almal wat dit waargeneem het, en wat met konsternasie deur onkundiges beskou is, onder wie daar vele was wat gedink het dat die einde van die wêreld aangebreek het, is oor die algemeen in Noord-Amerika aanskou, wat terloops daardie gedeelte van die aarde was wat direk teenoor die meteoorstorm gestaan het. Honderde-duisende skietsterre het binne die bestek van twee of drie ure geval. *The Encyclopedia Americana, artikel: "Meteors or Shooting Stars."*

## *Die Tweede Stadium van die Sesde Seël*[22]

**6f. Waaroor gaan die tweede gedeelte van die Sesde Seël?** Openbaring 6:14-17.

Daar sal onthou word dat die kwessie van die martelaars in die vyfde seël te doen het met twee aangeleenthede: "**oordeel en wraak**." Die eerste gedeelte van die sesde seël beantwoord die eerste gedeelte van hierdie pleidooi in die hemel deur middel van die oordeel. Dit wil sê, die klein horing sal geoordeel word nadat hy die gelowiges vir drie en 'n halwe tye vertrap het. Deel een van die sesde seël (6:12, 13) handel oor die "oordeel"-aspek. Hierdie gedeelte was aangekondig deur die groot aardbewing en die tekens in die hemele (6:12, 13).
**Die tweede gedeelte van die sesde seël (6:14-17) handel oor die tweede gedeelte van die martelaars se pleidooi,** d.w.s. die "wraak"-aspek. Dit word duidelik waargeneem in Openbaring 6:17. Die toorn van die Lam sal uitgestort word op diegene wat Sy volk gedurende die tweede stadium van die vervolging onderdruk het.

**Tussen hierdie twee stadiums van die sesde seël vind die oordeel plaas.** Eerstens het ons die regverdiging van die martelaars wat gedood is, en dan heel aan die einde het ons die verseëling van die 144,000 lewende heiliges. Vir die lewende heiliges is die verseëling van die 144,000 die oordeelsfase (Openbaring 7:1-8) en die beloning wat aan die groot menigte gegee word, is die wraak stadium (Openbaring 7:9-17).

**Die tweede deel van die sesde seël (die wraak-gedeelte)** word hervat in Die Groot Stryd, pp. 641, 642. Op hierdie bladsye haal Ellen White Openbaring 6:14-17 aan. (Sien ook Hebreërs 12:25-27; Joël 3:16; Jeremia

25:30-33; Jesaja 2:19-21; Jesaja 34:4; Psalm 2:2-4.) **Openbaring 19:1-10 toon 'n groot menigte wat seëvierend in die hemel staan**. Openbaring 19:1, 2 dui dus daarop dat op hierdie stadium die wraak van God alreeds uitgestort is. Die hoer is dus reeds geoordeel en God se verdrukte volk en martelare is dus reeds gewreek. Openbaring 19:18 verwys na dieselfde groepe mense as wat in Openbaring 6:15, 16 die geval is, en Openbaring 19:18-20 bereik weer dieselfde klimaks.

## *7. Die Sewende Seël. Stilte in die Hemel* Openbaring 8:1.

Die sewende seël verwys na 'n tydperk van **stilte** in die hemel van ongeveer **'n halfuur**. In profetiese tyd sou 'n halfuur sewe en 'n halwe dae wees, so ongeveer 'n halfuur sou **sewe dae** wees. Hierdie stilte merk die gebeurtenis wat sal plaasvind soos Jesus op die wolke kom om die bloed van Sy volk te wreek.[23]

**7a. Wie sal kan staande bly? [23]** Psalm 15.

Die **sewende seël** het betrekking op 'n vraag wat gevra word terwyl Jesus begin met Sy wederkoms na die aarde, 'n gebeurtenis wat etlike dae sal neem. (Sien Hábakuk 2:20; Sefánja 1:7; Sagaría 2:13.) "Voor Sy aangesig 'is alle aangesigte in bleekheid verander;' diegene wat Gods genade verwerp het, verkeer in ewige wanhoop. 'Die hart versmelt, en knieë wankel, en die aangesig van hulle almal word bleek.' Jeremia 30:6; Nahum 2:10.

Die regverdiges roep bewend uit, **'Wie sal kan staande bly?' Die engele hou op met sing en daar is 'n onheilspellende stilte.** Daarna word die stem van Jesus gehoor, wat sê, 'My genade is vir jou genoeg.' Die aangesigte van die regverdiges word verlig en vreugde vul elke hart. Die engele sit hulle lied hoër in en begin weer sing terwyl hulle steeds nader aan die aarde kom." *– Die Groot Stryd, 641.1.*

Die halfuur van stilte in die hemel (Hábakuk 2:20 – in konteks, onmiddellik voor hoofstuk 3 waar Jesus met Sy wederkoms uit die hemel kom. Jesus neem nou Sy mense hemel toe (Die Groot Stryd, pp. 645-657) en Hy gee vir hulle die ordeteken van hulle koninklike stand (die kroon van heerlikheid, die oorwinnaarskroon en die glinsterende siter. *(Die Groot Stryd, p. 646; Openbaring 7:9; 2:10; 2 Timótheüs 4:7, 8; Openbaring 14:2; 15:2; Die Groot Stryd, pp. 648, 649*).

## VERWYSINGS:


1. Studies in Revelation – The Seven Seals, deur Leraar Stephen Bohr, Secrets Unsealed.org, P. 3
2. P. 8
3. P. 22
4. PP. 29-31
5. P. 38
6. P. 39
7. P. 41
8. P. 42
9. P. 45
10. P. 46
11. P. 49
12. P. 55
13. P. 60
14. P. 61
15. P. 63
16. P. 68
17. P. 70
18. P. 74
19. P. 77
20. P. 78
21. P. 89
22. PP. 97-98
23. P. 101
24. PP. 105-106
25. PP. 107-108

**Kaart 3**

# DIE SEWE SEËLS

| ***SEËLS*** | ***SIMBOOL*** | ***BESKRYWING*** | ***TYDPERK*** |
|---|---|---|---|
| EERSTE | WIT PERD (Éfese) | Ruiter het 'n kroon en hy het uitgegaan om te oorwin. | 1ste Eeu 31-100 nC |
| TWEEDE | ROOI PERD (Smirna) | Aan ruiter gegee om vrede van aarde weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak. | 2de Eeu tot die Edik van Milaan in 313. 100-313 nC. |
| DERDE | SWART PERD (Pérgamus) | Ruiter het skaal in sy hand. "'n Rantsoen koring vir 'n penning." "Drie rantsoene gars vir 'n penning." "Moenie die olie en die wyn beskadig nie." (Goeie en slegte gekombineer.) | Vanaf die Edik van Milaan tot die vestiging van die pousdom in 538. 313-538 nC. |
| VIERDE | VAAL PERD (Thiatíre) | Ruiter se naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. Mag gegee om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur wilde diere. Die dood vir Christene. | Vanaf 538 tot die tyd van die Protestantse Hervorming. 1517-1755. |
| VYFDE | SIELE ONDER DIE ALTAAR (Sardis) | Gedood ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. "Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser?" "Aan elkeen van hulle is wit klere gegee." Hulle moes nog 'n klein tydjie rus. Vervolging. | Gedurende die tydperk van die Hervorming. 1517-1755 |
| SESDE | GROOT AARDBEWING (Filadelfía) | Son het swart geword geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed. Sterre van die hemel het op die aarde geval. Die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word. Die grotes van die wêreld verberg hulle vir die Lam. "Wie kan bestaan?" | Vanaf die tyd van die Lissabon aardbewing in 1755, tot Christus se wederkoms. 1755 – DIE EINDE |
| **SEWENDE** | **STILTE IN DIE HEMEL (Laodicéa)** | **HALFUUR STILTE IN DIE HEMEL = 7 dae** | **Christus se wederkoms.** |

# LES 67 – DIE GEKLANK VAN DIE SEWE BASUINE

*Openbaring 8:2 tot 11:19 en "STUDIES IN REVELATION – THE SEVEN TRUMPETS" deur Leraar Stephen Bohr*

*Redakteur se Nota:* **Dit is n onmoontlike taak om die reeks oor die Sewe Basuine wat 365 bladsye beslaan, op te som in 10 bladsye.** ***Dus,*** **indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir die omvattende studies van Die Sewe Basuine** *deur Leraar Stephen Bohr*

***https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-the-seven-trumpets-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=vTdbjhWQTPY&list=PLIWJyuxBfZ7hLEZN2-2MsosV6XzYivXAf***

***https://secretsunsealed.org/revelations-seven-trumpets-a-contextual-approach-pdf-download/***

**Die boek van Openbaring volg die voorskrif van die Hebreeuse heiligdom. In die reeks oor die sewe kerke is Jesus tussen die kandelaars, in die reeks oor die seëls, is Hy by die tafel van toonbrode, in die reeks oor die basuine is Hy by die wierookaltaar, in Openbaring 11:19 gaan Hy die Allerheiligste binne om te begin met Sy bediening daar, in Openbaring 15:5-8 sluit Hy Sy heiligdom bediening af, in Openbaring 16-19 val die plae en in Openbaring 20 het ons die sondebokseremonie en die uitwissing van die goddeloses. Om die basuine uit hulle regmatige konteks te verwyder, en in die toekoms te plaas, vernietig die mooi simmetrie van die boek. (Vir meer oor die literêre struktuur van Openbaring, sien** *God Cares, volume 1, pp. 33, 37, 48-49.*[1]**)**

**"Die literêre struktuur verdeel die boek van Openbaring in twee hoofafdelings: (1) 'n historiese afdeling (Openbaring 1-14) wat die ondervinding van die kerk en verwante gebeure gedurende die Christelike jaartelling benadruk, en, (2) 'n eskatologiese (eindtyd) afdeling (Openbaring 15-22) wat veral fokus op eindtyd gebeure en die einde van die wêreld.**

**"Die profesieë van die seëls en die basuine het net een profetiese vervulling."** *Frank B. Holbrook, editor, Symposium on Revelation, volume 1, p. 177.*[2]

## *Die Verhouding Tussen die Basuine en die Plae.*[3]

*Die basuine en die plae val op dieselfde dinge en in presies dieselfde volgorde:*

- Eerste basuin en plaag: Tas die **aarde** aan
- Tweede basuin en plaag: Tas die **see** aan
- Derde basuin en plaag: Tas die **riviere en waterfonteine** aan
- Vierde basuin en plaag: Tas die **hemelliggame** aan
- Vyfde basuin en plaag: **Hemelliggame** verdonker
- Sesde basuin en plaag: **Eufraat** word genoem
- Sewende basuin en plaag: **Koninkryk**

**Ek glo dat die basuine verteenwoordigend is van voorafgaande en gedeeltelike oordele wat geval het op die verdrukkers van Gods volk, wat begin met die vernietiging van Jerusalem en eindig met die vestiging van Christus se ewigdurende koninkryk.** Die gedeeltelike aard van hierdie oordele word aangedui deur die feit dat die basuine slegs val op derdes en nie op die geheel nie. **Bekering van sonde tydens die geklank van die basuine is moontlik.**

**Die plae, daarteenoor, beskryf finale en algehele oordele van God op eindtyd Babilon na die einde van die genadetyd.** Elke plaag is God se oordeel op 'n spesifieke sonde wat Babilon gepleeg het. **Die plae is vergeldend van aard en nie remediërend nie. Bekering van sonde is nie moontlik as die plae eers begin het nie.**

'n Noukeurige studie van die basuine en die plae toon aan dat die basuine die plae voorafskadu. Met ander woorde, **die basuine is die tipe en die plae is die antitipe.**[3]

## *Die Betekenis van Basuine*[3]

Basuine word in baie kontekste in die Ou en Nuwe Testamente gebruik – **aanbidding, heiligdom, oordeel.** In die geval van Openbaring se sewe basuine is dit duidelik dat die basuine verwant is aan die tema van oordeel. Ons sal vind dat die geblaas van elke van die sewe basuine 'n oordeel bring oor diegene wat Gods volk verdruk het. Númeri 10:8-10 is hier sleuteltekste. In hierdie tekste vind ons dat: Basuine is geblaas sodat die Here Sy verbond met Israel sou onthou en hulle van hulle vyande red. Die basuine beantwoord die pleidooie van Gods volk in die seëls. Wanneer God se volk verdruk word, kom hulle pleidooie voor God op en Hy onthou Sy verbond en laat Sy oordeel val op hulle verdrukkers. Die basuine is God se antwoord aan die magte wat Sy volk verdruk en vervolg het – hulle pleidooie is gehoor en beantwoord. Die pleidooie van God se volk in die basuine kan beter verstaan word in die konteks van die vervloekende Psalms waar God se volk uitroep vir Hom om getrou te wees aan Sy verbond en om hulle van hulle vyande te verlos.

**Op soortgelyke wyse, sal die sewe laaste plae dieselfde morele rede hê.** Elkeen van die plae sal 'n straf van God oor Babilon wees in antwoord op een of ander spesifieke sonde wat Babilon teen God en Sy volk gepleeg het. God se stem word dikwels voorgestel as die klank van 'n basuin (Hebreërs 12:19). In 1 Korinthiërs 15:51, 52, 1 Thessalonicense 4:16, 17 word die wat gesterf het, opgewek met die geklank van die basuin, maar in Johannes 5:28, 29 is dit die stem van Jesus wat die dode opwek. Dit is hoekom Openbaring 1:10 die stem van Jesus beskryf as die klank van 'n basuin.

## *Tydlyn van die Basuine*[5]

Die sewende basuin is wanneer Jesus die koninkryke van die wêreld oorneem (11:15), maar wanneer daardie basuin op die punt is om te blaas, eindig die genadetyd (10:7). Dit beteken dat die geklank van die vorige ses basuine gedurende die genadetyd plaasgevind het. Vroeër in Openbaring word daar na God verwys as die Een "wat is en wat was en wat sal kom" (Openbaring 1:8), maar in Openbaring 11:17 (tydens die sewende basuin) word daar na Hom verwys as die Een wat is en wat was en wat kom, wat Sy groot mag aangeneem en as koning geheers het.

## *Belangrikheid van die Inleidende Visioene. Openbaring 8:2-5*

***Openbaring 8:2-5*** gee die begin- en eindpunt van die basuinereeks. Die beginpunt is wanneer Jesus se bemiddelende werk begin. Die eindpunt is wanneer die wierookbak op die aarde gegooi word, die genadetyd tot 'n einde kom, en die tempel met rook gevul word (Openbaring 15:5-8).

Hierna word die plae uitgegooi, wat ‘n hoogtepunt bereik in die aardbewing, bliksemstrale en donderslae (Openbaring 16:17-21). Die verskynsels wat plaasvind onder die sewende plaag is baie soortgelyk aan die verskynsels tydens die inleiding tot die basuine.

**1. Waar het Johannes in ‘n heilige visioen sewe engele gesien? Wat was aan elke engel gegee?** Openbaring 8:2.
*In die allerheiligste plek het ek die ark gesien; die deksel en die kante was van pure goud. Op elke end was ‘n pragtige gerub, met vlerke oor die ark uitgestrek. Die gerubs het gestaan met hulle gesigte na mekaar toe, en hulle het afgekyk. Tussen die engele was ‘n goue wierookbak. Bokant die ark, waar die engle gestaan het, was daar ‘n baie helder glans, wat gelyk het soos die troon waar God woon. Jesus het by die ark gestaan, en namate die heiliges se gebede tot Hom opgestyg het, het Hy hulle gebede saam met die wierook aan Sy Vader geoffer. – CET 91.3*

*Christus roep Homself uit as ons Middelaar. Hy wil hê dat ons moet weet dat Hy genadiglik onderneem het om ons Plaasvervanger te wees. Hy plaas Sy verdienstelikheid in die goue wierookbak om saam met die gebede van Sy heiliges geoffer te word, sodat die gebede van Sy geliefde kinders met die welriekende verdienste van Christus gemeng kan word soos hulle in die wierookwolk opstyg na die Vader. – HP 79.3.*

## BASUIN 1[6] Openbaring 8:7

**2. Wat het gevolg op die geblaas van die basuin deur die eerste engel?**

**2b. Wanneer moet die Basuine begin?**

Die Basuine moet in apostoliese tye begin as hulle parallel is aan die kerke en die seëls. En die eerste basuin moet ‘n oordeel wees oor diegene wat Gods volk aanvanklik verdruk het. Watter oordeel het in apostoliese tye op die verdrukkers van God se volk (die Christene) geval? Daar is slegs een – die Joodse nasie.

Ons word vertel dat die oordeel moet begin by die huis van God (1 Petrus 4:17), so die oordeel moet by die Joodse nasie begin. In Eségiël 9:6 word die vernietigende boodskappers aangesê om by Gods heiligdom te begin met die vernietiging. Jerusalem was met vuur vernietig en die bloed van God se afvallige volk was gestort. Die Goddelike straf teen Jerusalem word voorgestel as ‘n wierookbak wat neergegooi word en die stad wat met vuur verbrand word (Eségiël 10:2, 6, 7, 22; 2 Kronieke 36:14-23).

## *Die Simbool van Derdes[7]*

**3. Waarvan is die basuine die voorbodes?**

‘n Derde van die bome sou beteken dat hierdie ‘n **gedeeltelike oordeel** was wat vooruitwys na ‘n groter oordeel in die toekoms. **Die basuine is die voorbodes van die plae.**
*Die profesie wat Hy gegee het, het ‘n tweevoudige betekenis gehad: terwyl die verwoesting van Jerusalem daarin voorspel was, het dit ook betrekking op die verskrikkinge van die laaste groot dag. – Die Groot Stryd, 25.3.*

## BASUIN 2[8] Openbaring 8:8, 9.

**4. Wanneer die tweede engel die basuin blaas, wat word "in die see gegooi," en wat was die resultaat?** Openbaring 8:8, 9.

**4b. Wat is die belangrike beginsel in Galásiërs 6:7?**

'n Noukeurige studie van die eerste drie kerke, Éfese, Smirna, en Pérgamus, dui op 'n progressie van die Apostoliese kerk na die Kompromitterende kerk. Éfese simboliseer die Apostoliese kerk, Smirna is simbolies van die vervolgde kerk tydens die heerskappy van heidense Rome.
Dit is duidelik uit die vorortdurende "doodstaal" wat gebruik word met betrekking tot hierdie kerk (sien Openbaring 2:8-11). Rakende hierdie tydperk sê Stedman: "Profeties beskou, is hierdie kerk [Smirna] 'n prentjie van die tydperk in die geskiedenis vanaf ongeveer 160 nC tot 320 nC, die opkoms van Konstantyn, die eerste sogenaamde Christelike keiser. Daar word na die hele tydperk verwys as die "Tydperk van Martelaars."

*Die sogenaamde bekering van Konstantyn aan die begin van die vierde eeu, het groot blydskap verwek en die wêreld het, geklee in 'n vorm van geregtigheid, die kerk binnegestap. Nou het die verdorwenheid vinnig toegeneem. Paganisme, terwyl dit geskyn het of dit oorwin is, het oorwinnaar geword; sy gees het die kerk beheers; sy leerstellings, seremonies en bygeloof is opgeneem in die geloof en godsdiens van die sogenaamde navolgers van Christus."* – Die Groot Stryd, 49.2.

*Hierdie kompromis tussen Paganisme en die Christelike geloof het die "mens van sonde" as gevolg gehad, wat, volgens die profesie homself as teenstander bokant God sou verhef. Hierdie reusestelsel van valse godsdien is 'n meesterstuk van Satan se mag – 'n monument aan sy pogings om self die troon te bestyg om die aarde volgens sy wil te regeer.* – Die Groot Stryd, 50.1.

Die Apostoliese Kerk (Éfese) het soos 'n veldbrand versprei. Satan het gereageer deur die kerk (Smirna) te vervolg. Maar hoe meer die kerk vervolg was, hoe meer het dit gegroei. Dus het Satan besluit om sy strategie te verander. Omdat hy nie die kerk van buite deur vervolging kon vernietig nie, het Satan besluit om die kerk te infiltreer. In 313 nC het vervolging tot 'n einde gekom. Konstantyn die Grote, 'n erkende aanbidder van die songod Mitra, het 'n dekreet van verdraagsaamheid uitgevaardig. Konstantyn het 'n "Christen" geword en die eerste siviele Sondagwet aangekondig, en hy het dit "die Eerbiedwaardige Dag van die Son" genoem. Konstantyn het inderdaad 'n muntstuk uitgereik met die omskrif, *Deus Sol Invictus* ("aan die onoorwinlike son"). Die hele koninkryk het nou "Christelik" geword.

Ter afsluiting, in 'n ware sin **het heidense Rome uit Pérgamus** gegroei (Daniël 8) en pouslike Rome het uit geestelike Pérgamus gegroei (Openbaring 2:13; Daniël 7:8-9).

**5. Wat sou die oordeel van die Tweede Basuin bring?**

Die oordeel van die tweede basuin het die ineenstorting van die hele sosiale en ekonomiese bedeling van die Romeinse Ryk gebring, en dit is wat met Rome gebeur het.[9]
Die Barbare het [die Romeinse Ryk] tussen 378 en 476 ingeval. In 378 het die Wes-Gote 'n hele Romeinse leër insluitende die Romeinse keiser Valens, uitgewis. In 410 het hulle Rome gestroop, die eerste keer dat enigiemand dit in 800 jaar gedoen het. In 455 het die Vandale Rome vir 'n tweede keer geplunder. Hulle het die stad twee weke lank stelselmatig en aanhoudend geplunder. Alles van waarde wat hulle in die hande kon kry, het hulle buitgemaak. Hulle het dieselfde goue kandelaar met sewe arms wat Titus in 70 nC uit die tempel in Jerusalem weggedra het, na Kartago weggedra. Geiserik, die leier van die Vandale, was 'n plunderaar. Die koninkryk het die

Jode, Christene soos Ignatius en Polycarp en ketterse Christene soos die Ariane vervolg. God se oordeel het nou op Rome geval.
**Die Barbare het die handelsroetes en die stede vernietig; hulle het Rome verwoes sodat dit feitlik 'n spookdorp geword het.**[9]

## BASUIN 3[10] Openbaring 8:10-11

**6. Wat sou onder die derde basuin plaasvind?** Openbaring 8:10, 11.

**6a. Wat kan die verskietende ster NIE wees nie?**

**Die Historiese Konteks**[11]

**Die Verskietende Ster**

Die val van hierdie ster verteenwoordig die groot afvalligheid wat die kerk van binne af ontheilig het toe Pouslike Rome mag gekry het uit die verwoesting wat die Barbare in die Romeinse Ryk gesaai het.
Die verskietende ster van hierdie basuin kan nie verwys na Satan se oorspronklike val uit die hemel nie, want dit het heel aan die begin gebeur, voor die skeppingsweek. Dit kan nie na sy val by die kruis verwys nie, wants die gebeure van die derde basuin vind plaas diep in die Christelike era na die val van Jerusalem (eerste basuin) en die Romeinse Ryk (tweede basuin).

**Die Brandende Fakkel**[11]
Die woord "fakkel" in Openbaring 8:10 verwys na 'n brandende fakkel. Dit word in Johannes 18:3 gebruik om die Fariseërs te beskryf wat met fakkels gekom het om Jesus in hegtenis te neem. Dit word ook in Handelinge 20:8 gebruik om lampe te beskryf waar die apostel Paulus in die nag gepreek het.
**Om (geestelik) te val hou verband met afvalligheid**
Etlike tekste gebruik die woord "val" om afvalligheid te beskryf. Onder hierdie tekste vind ons Jesaja 14:12; Openbaring 2:5; Romeine 11:11; 1 Korinthiërs 10:12 en Hebreërs 4:11.

**Riviere en Waterfonteine**
Die waterfonteine verskil van die bruisende waters van die see (Jesaja 17:12, 13). Die waterfonteine is die lewegewende waters wat lewe herstel en laat voortbestaan.

**Wilde-als en Afvalligheid**
In Deuteronómium 29:17,18 beskryf gif en wilde-als die vreeslike gevolge wat sou voortvloei indien Israel afvallig sou word.

**Die Besoedelde Waters**
Die riviere en waterfonteine moes baie skoon gewees het voordat hulle besoedel is. Dit is nog 'n aanduiding dat ons hier met afvalligheid te doen het. Wanneer die ster val, besoedel dit die waterfonteine met wilde-als en bitterheid en talle mense sterf. As die suiwer fonteinwater 'n voorstelling is van God se Woord wat aan die mens meegedeel is deur middel van die Heilige Gees, dan beteken die besoedeling van die waters die verdraaiing van God se Woord.

## TROMPET 4[12] Openbaring 8:12, 13.

***Jesus is die groter lig wat deur die son gesimboliseer word.***

**7. Wat sou onder die vierde basuin plaasvind?** Openbaring 8:12.

Die historiese konteks is belangrik. Nadat die Ster wat Alsem genoem is, die waters van die suiwer evangelie besoedel het, is die hemelse liggame gedeeltelik verdonker. Hierdie donkerheid sal aansienlik toeneem gedurende die vyfde basuin.
*God laat Sy son skyn op die regverdiges en die onregverdiges, en hierdie son verteenwoordig Christus, die Son van Geregtigheid, wat skyn as die lig van die wêreld, en Sy seëninge en genade, sigbaar en onsigbaar, op dieselfde manier uitstort op ryk en arm.* – Testimonies to Ministers, 280.2.
**Die Betekenis van die Sterre.** Daniël 12:3, 10.
Die verstandiges is diegene wat Bybelprofesie verstaan, en hulle is soos sterre.

**Die Twee Getuies en die 1260-Jaar Duisternis**
"Die twee getuies stel die Skrifte van die Ou en Nuwe Testamente voor. Albei is belangrike getuies van die oorsprong en ewigdurendheid van die wet van God.
Die Ou Testament getuig van Jesus (Johannes 5:39, 40, 45-47; Lukas 24:25-27, 44-46.)
Die Nuwe Testament getuig ook van Jesus (sien Johannes 21:24, 25). Die twee getuies getuig van Jesus.

**Die verdonkering van die son en maan. *"'n Era van Geestelike Duisternis."***
*"Die bevestiging van die mag van die Roomse Kerk was die begin van die Donker Eeue. Namate sy krag toegeneem het, het die **duisternis vermeerder**. Geloof in Christus, die ware fondament, is oorgeplaas op die Pous van Rome. Pleks van vertroue op die Seun van God vir vergifnis van sonde en verlossing, het die mense opgesien na die pous, en na die priesters en prelate aan wie hy sy gesag meegedeel het.* – Die Groot Stryd, 55.1.

## BASUIN 5[13] Openbaring 9:1-3

**8. Wat het Johannes gesien toe die vyfde engel die basuin blaas?** Openbaring 9:1-3.

## *DIE ELÍA TIPOLOGIE*
In die Ou Testament verhaal het Isébel, die heidense priesteres, afvalligheid in Israel ingebring. In Openbaring is Thiatíre 'n tydperk in die geskiedenis wanneer die Christelike kerk paganisme en Christelike godsdiens vermeng en soos Isébel optree.
**Die kwessies in die konflik het betrekking gehad op God se wet, aanbidding en die evangelie.** (Vir verdere studie, gaan na: *Studies in Revelation – The Seven Trumpets by Stephen Bohr – SecretsUnsealed.org, pp. 62-255*.)

Daar is 'n onderskeiding tussen die **eerste vier** en die **laaste drie** in die reeks van sewe kerke, sewe seëls, en sewe basuine.[14]
**Die vyfde kerk, seël en basuin is oorbruggend van aard.**[14]
Die vyfde kerk, seël en basuin **kyk beide vorentoe en terug** in die geskiedenis. Hulle kyk terug na die tydperk van **vervolging** onder die vierde in die reeks, maar hulle kyk ook vorentoe na die **oordeel** onder die sesde en sewende in die reeks.[14]

In **Openbaring 3:4, 5** word die oordeel aangekondig in die konteks van die vyfde kerk, Sardis.
In **Openbaring 6:9-11** word die oordeel aangekondig in die konteks van die vyfde seël.
In **Openbaring 9:4** word die oordeel aangekondig in die konteks van die vyfde basuin.
Die tydperk van die vyfde basuin (die eerste wee), word aangevul in **Openbaring 11:2-12.**
**Openbaring 11:13** lei dan kortliks die tydperk van die **sesde basuin** in.

**Die betekenis van die woord "wee" ("woe" or "alas")**
Die Griekse woord *ouai* is 'n uitroep of **tussenwerpsel** wat **pyn, onheil, lyding** en **smart** beteken.

**Die vyfde Basuin en die eerste wee** (Die Groot Stryd, p. 265-288)
*Soos ons later in hierdie studie sal sien, beskryf beide die Bybel en die Gees van Profesie die Franse Revolusie as die vervulling van die vyfde basuin en die eerste wee.*

## BASUIN 6[15] Openbaring 9:13, 14

**9. Toe die sesde engel geblaas het, watter opdrag is deur 'n stem vanaf die vier horings van die goue altaar gegee? Op**enbaring 9:13, 14.

***Let wel:** Ons weet vir seker dat die opdroog van die Eufraat ten tye van die sesde plaag plaasvind na die einde van die genadetyd, want die sewe skale van die grimmigheid van God sal uitgegooi word na die einde van die genadetyd (sien Openbaring 15:5-8 en 16:1).*[17]
Sommige het die vier engele wat die winde in Openbaring vashou, verwar met hierdie vier engele wat losgelaat word om verwoesting onder die mensdom te saai. Maar hierdie vier engele is nie die goeie engele wat die winde van stryd in Openbaring 7:1-4 terughou nie. Hierdie is bose engele wat wag vir God om hulle los te laat sodat hulle verwoesting onder die mensdom kan saai soos gesien kan word in die hieropvolgende konteks. Ons moet nie aanvaar dat slegs vier engele die verwoesting veroorsaak het nie. Die getal vier verteenwoordig universaliteit of globale omvang (sien Eségiël 7:2; Matthéüs 24:31; Openbaring 7:1, 2). Met ander woorde, Satan en sy engele gaan na die hele wêreld om verwoesting te saai, wat in 1844 begin het, maar wat veral toeneem soos die einde van die genadetyd nader kom.

**Die sesde basuin** (Openbaring 9:13-21) is 'n aanskoulike beskrywing van die versameling van die goddelose deur Satan se drie simboliese engele vir die finale stryd teen God se oorblyfsel (Openbaring 16:13-16). Hierdie finale versameling, wat in 1844 begin het, sal toeneem tot die einde van die genadetyd.

Onmiddelik voor die einde van die genadetyd (wanneer die sewende engel op die punt staan om sy basuin te blaas), sal Satan 'n groot vals Pinksterherlewing teweegbring (Openbaring 13:13). Die doel van hierdie valse Pinksterherlewing is om die ware herlewing wat sal plaasvind tydens die uitstorting van die laat reëns, vooruit te loop en te vervals. Inspirasie sê vir ons dat die Valse Profeet (afvallige Protestantisme) selfs vuur vanuit die hemel voor die mense sal laat neerdaal, 'n namaaksel wat 'n bespotting maak van die neerdaling van vuur uit die hemel in die tyd van Elía en die verskynsel van tonge van vuur op die dag van die Pinksterfees (sien Openbaring 13:13; Die Groot Stryd p. 464). Hierdie samekoms van die goddelose tydens die sesde basuin (in Openbaring 9:13-21) word verder uitgebrei in Openbaring 12:17, 13:11-18, 14:18-20 en 16:13-16.

*Daar word in **Openbaring 10:1-11:1** volledig uitgewei oor die tydperk van die **sesde basuin** (die tweede wee).*

**Openbaring 9:13-21:** Die sesde basuin word beskryf, maar wanneer dit in vers 21 ten einde loop, is daar geen verwysing na die einde van die tweede wee nie. (Dit lyk asof hoofstukke 10 en 11 meer te sê sal hê oor die tydperk van die sesde basuin.)
Die sesde basuin moet beskou word as die **negatiewe kant** (die perspektief van die vyande) van eindtyd gebeure, terwyl Openbaring 10 beskou moet word as die **positiewe kant** (die perspektief van die oorblyfsel) van dieselfde tydperk. Anders gestel, die sesde basuin beskryf die stand of houding van die vyande van die twee getuies (die Ou en Nuwe Testament) in die eind tyd, terwyl Openbaring 10 die stand of houding van die getroue oorblyfsel gedurende dieselfde tydperk beskryf.

Die sesde basuin neem ons van 1844 na die einde van die genadetyd wanneer die verborgenheid van God volbring sal wees (Openbaring 10:7). Ons weet dit, want die sewende basuin beskryf die einde van die genadetyd en Jesus se oorname van die koninkryke van die wêreld.

In **Openbaring 14:6-13** het die vierde en vyfde basuine van die toneel verdwyn. Die klem sal nou val op die boodskap wat deur die oorblyfsel verkondig sal word gedurende die tyd wanneer die sesde basuin blaas. Dit is om "weer te profeteer" volgens Openbaring 10:11.
Dit wil sê, Openbaring 14:6-13 neem ons terug na die begin van die verkondiging van die eerste engel se boodskap aan die wêreld (in die 1830s en vroeë 1840s) nadat die vyfde basuin en vyfde wee ("woe") in 1798 geëindig het.
Dit is die tydperk toe die twee getuies (Ou en Nuwe Testament) herleef het en nie meer hulle getuienis in sak en as gegee het nie.

***Die sesde basuin verdeel die wêreld in twee groepe*:** diegene wat die seël van God het en diegene wat die merk van die dier ontvang (Openbaring 14:9-11), wat weereens eindig met twee groepe (die vyande en die oorblyfsel) van Openbaring 14:9-11.

**10. Wanneer is die verborgenheid van God volbring?** Openbaring 10:7.

| | |
|---|---|
| Openbaring 9:13-21 | Die versameling van die goddelolse vanaf 1844 tot die einde van die genadetyd. |
| Openbaring 10:1-11:1 | Die versameling van die regverdiges vanaf 1844 tot die einde van die genadetyd. |
| Openbaring 12:17; 13:11-18 | Die versameling van die goddelose voor die einde van die genadetyd. |
| Openbaring 14:6-12 | Die versameling van die regverdiges voor die einde van die genadetyd. |
| Openbaring 14:14-20 | Die goddelose en regverdiges is versamel binne en buite die simboliese stad, geestelike Jerusalem. |

**Wanneer elkeen van die twee groep versamel is, blaas die sewende basuin en die verborgenheid van God is volbring.**
Dit word beskryf in Openbaring 14:14-20 waar beide die oes en die druiwe van die aarde ryp is. Die oorblyfsel word in geestelike Jerusalem gevind, terwyl die vyande wat die oorblyfsel wil vernietig buite die stad is (Openbaring 14:18-20; sien die agtergrond van Joël 3).

Soos vantevore genoem, die enigste ander tyd dat die naam "die groot rivier, die Eufraat" verskyn, is in hoofstuk 16, vers 12, so daar moet 'n verhouding wees tussen die sesde basuin en die sesde plaag.[19]

Sommige mense het probeer om die sesde basuin op die fenomenale groei van radikale Islam toe te pas omdat die Eufraat rivier genoem word. Die vraag wat ons moet vra, is die volgende: Watter verklarende beginsel laat toe dat hulle sê dat die Eufraat in Openbaring 9 verwys na 'n letterlike geografiese plek in die Midde-Ooste, terwyl die Eufraat van Openbaring 16 verwys na die menigtes van die hele wêreld onder die beheer van geestelike Babilon? Kortliks, hoekom moet die Eufraat in Openbaring 16:12 as simbolies gesien word, terwyl die een in Openbaring 9 as letterlik gesien moet word, terwyl albei van hulle verwys na dieselfde tydperk van die eindtyd (sesde basuin en sesde plaag)? Is die geografiese beperkings nie na die kruis verwyder nie? [19]

**11. Wat is die verborgenheid van God?** Galásiërs 1:11; Efésiërs 3:3-6; 1 Timótheüs 3:16.

## BASUIN 7[20] Openbaring 11:15-19

"Omdat die sewende basuin, soos die sewende seël en die sewende skaal, die groot eindgebeurtenis is, gaan dit gepaard met ander gevolge as die voorafgaande ses: nie die gevolge op aarde nie, maar die **IN DIE HEMEL**, word beskryf, die groot stemme en danksegging van die vier-en-twintig ouderlinge in die hemel, soos die halfuur van stilte in die hemel tydens die sewende seël, en die stem uit die tempel in die hemel, 'Dit is verby!' tydens die sewende skaal.

"**Dus, die sewe seëls, sewe basuine, en sewe skale, is nie opeenvolgend nie, maar parallel, en eindig in dieselfde eindgebeurtenis**. Hulle, vanuit bepaalde standpunte, ontvou God se planne om die grootse einde teweeg te bring, onder drie aspekte wat mekaar wedersyds aanvul." – *Kommentaar van Jemison, Fausset en Brown op Openbaring 11:19.*

Ons kan heeltemal seker wees dat die loslating van die vier engele onder die sesde basuin tydens die genadetyd plaasvind. Ons weet dit omdat die genadetyd slegs tot 'n einde kom wanneer die verborgenheid van God volbring is onder die sewende basuin. Dit beteken dat loslating van die vier engele onder die sesde basuin is nie dieselfde gebeurtenis as die loslating van die vier winde in Openbaring 7 nie. **Wanneer die engele van Openbaring 7 die winde loslaat, het die genadetyd reeds geëindig.** Let op die volgende aanhalings van Ellen White:


Ek het gesien dat die vier engele die vier winde sou vashou totdat Jesus se werk in die heiligdom klaar is, en dan sal die sewe laaste plae kom. – *Eerste Geskrifte, 36.2.*

Winde is 'n simbool van stryd. Die vier winde van die hemel wat die groot see in beroering gebring het, stel die verskriklike veroweringstonele en die omwentelings waardeur die koninkryke hulle mag verkry het, voor. – *Die Groot Stryd, 439.3.*

Tot dusver word die vier winde vasgehou totdat God se diensknegte op hulle voorhoofde verseël is. Dan sal die kragte van die aarde hulle magte aanvoer vir die laaste groot stryd. – *6T 14.1.*

*Die weerhoudende Gees van God word selfs nou van die wêreld onttrek. Orkane, storms, stormwinde, vuur en vloed, rampe op see en op land volg vinnig op mekaar. Die wetenskap soek na verduidelikings vir hierdie gebeure. Tekens wat om ons toeneem en wat dui op die naderende koms van die Seun van God, word toegeskryf aan enigiets behalwe die ware oorsaak. Die mensdom kan nie waarneem hoe die wakende engele die vier winde terughou sodat hulle nie sal waai totdat die diensknegte van God verseël is nie; maar sodra God Sy engele sal beveel om die winde los te laat, sal daar so 'n toneel van stryd wees soos geen pen kan uitbeeld nie. – 6T 408.1.*

# *'n Oorsig van die Sewe Basuine*[16]




| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | **7** |
| Aanbidders op Aarde Bid | Die Val Van Jerusalem | Val van Rome | Kerk Ontheilig | Pouslike Heerskappy | Franse Revolusie | Versameling van Regverdiges & Goddelose | Sluit van Probasie |
| Openbaring 6:9-11 | 34-70 nC. | 300-476nC | 313-53nC | 538 1798 | 1789-1798 | 1844-Sluit van Probasie / Genadetyd | ???? |
| | Openb 8:7 | Openb 8:8 | Openb 8:9-11 | Op 8:12; 11:2-6 | Openb 9:1-11; 11:7-12 | Openb 9:13-20 Goddelose<br>Regverdiges Rev.10:1-11:1,13 | Openb 11:15-19 |

## *Dink Hieroor*

Die weerhoudende Gees van God word selfs nou van die wêreld onttrek. Orkane, storms, stormwinde, vuur en vloed, rampe op see en op land volg vinnig op mekaar. Die wetenskap soek na verduidelikings vir hierdie gebeure. Tekens wat om ons toeneem, en wat dui op die naderende koms van die Seun van God, word toegeskryf aan enigiets behalwe die ware oorsaak. Die mensdom kan nie waarneem hoe die wakende engele die vier winde terughou sodat hulle nie sal waai totdat die diensknegte van God verseël is nie; maar sodra God Sy engele sal beveel om die winde los te laat, sal daar so 'n toneel van stryd wees soos geen pen kan uitbeeld nie. – *6T 408.1.*

## *Tekste om te Onthou*

Openbaring 8; 9

## *Die lidmate van die kerk word geroep om die laaste boodskap te verkondig voor dit te laat is.*


*VERWYSINGS*

1. Studies in Revelation – The Seven Trumpets by Stephen Bohr I SecretsUnsealed.org, P. 259
2. P. 4, p. 7
3. P. 8
4. P. 9
5. P. 10
6. P. 13
7. P. 14
8. P. 26
9. P. 31
10. P. 33-34
11. P. 38-45
12. P. 47-48
13. P. 61
14. P. 68
15. P. 136-143
16. P. 119
17. P. 147
18. P. 144
19. P. 152-153
20. P. 159-160

# LES 68 – “DIE DRAAK WAS VERTOORND OP DIE VROU”

*En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou. Openbaring 12:17.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir die omvattende studie- “STUDIES IN REVELATION 12 & 13”*** *deur Leraar Stephen Bohr*

***https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-12-13-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=dW4pSHZx67A&list=PLmtiSpKWaiFBlq3yhTgQLtQqv4r7J1Buq***

**‘n Vrou in die Bybel verwys na die Ware Kerk. Die hoer verwys na die Afvallige Kerk. Slegs een vrou: Daar is slegs een vrou voor Jesus se geboorte, toe Jesus gebore is, toe die Kerk vir 1260 jaar vervolg is en wanneer die laaste oorblyfsel vervolg word. God het in alle eeue slegs een ware Kerk. Diegene wat die Dispensasieleer aanhang, is heeltemal verkeerd wanneer hulle sê dat God twee wedersyds skeibare volke het. Daar is slegs een Messias en slegs een volk van die Messias. Dieselfde draak is ook aktief in al die stadiums.**[1]

## Die Vyf Stadiums van Openbaring 12[2]

1. 12:1-5, 7-12: Heidense Rome
2. 12:3: Die Tien Horings: Verdelings van Heidense Rome
3. 12:6, 13-15: Die 1260 jaar
4. 12:16: Die gebied van die Verenigde State bied toevlug
5. 12:17: Vervolging steek weer sy aaklige kop uit.

**Haar ander nakomelinge (oftewel, die oorblyfsel; “remnant of her seed” in KJV): Wie, Wanneer en Waar?**

**1) Hulle ontstaan aan die einde van die 1260 jaar.**
**2) Hulle oorsprong is in die gebied van die Verenigde State.**
**3) Hulle sal die gebooie bewaar.**
**4) Hulle sal beskik oor die Gees van Profesie.**[2]

## *Drie Fokuspunte*[3]

1. Openbaring 12:1-5 uitgebrei in 12:7-12: Die Kind
2. Openbaring 12:6 uitgebrei in 12:13-16: Die Vrou
3. Openbaring 12:17 uitgebrei in hoofstuk 13: Die Ander Nakomelinge (of Oorblyfsel)

## *Die Draak se Toorn*[4]

Vroeër in die hoofstuk let ons op dat die draak vertoornd was teen die vrou omdat haar kind weggeruk is na God en Sy troon. Maar aan die einde van die hoofstuk is die toorn te wyte aan die feit dat haar ander nakomelinge God se gebooie bewaar en oor die Gees van Profesie beskik. Kom ons gesels oor God se gebooie.

**Verwysings na God se Gebooie in Openbaring**

Die uitdrukking "die gebooie van God bewaar / onderhou / doen" word op drie plekke in die boek van Openbaring genoem: 12:17; 14:12 en 22:14.

**Verwysing #1:**

**Openbaring 14:12:** *[in kontras met diegene wat die dier en sy beeld aanbid]: Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus* ***bewaar (keep KJV)*** *(tereo)."*

**Verwysing #2:**

**Openbaring 22:14 [ons sal later die omstrede vertaling van hierdie teks behandel]:** *Salig is die wat sy gebooie* ***doen (do KJV)*** *[poieoo], sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."*

*Die teks sê nie dat hulle in die gebooie glo nie, of die gebooie het, of die gebooie leer of preek nie,* ***maar dat hulle die gebooie moet bewaar / onderhou / doen****.*

**So ek skat as jy leer dat niemand die gebooie kan bewaar / onderhou / doen nie, dan maak jy God uit om 'n leuenaar te wees!**

Die oorsprong van die woord **"bewaar" (keep KJV)** is die Griekse woord **"*tereo*"** wat in verskeie kontekste in die Bybel gebruik word. In Openbaring 16:15 word dit gebruik met betrekking tot diegene wat hulle klere "bewaar." Dit word ook in Johannes 9:16 gebruik waar Jesus daarvan aangekla word dat Hy nie die Sabbat "hou" nie. Dit word verder in Jakobus 2:10 en Matthéüs 19:17 gebruik waar dit verwys na die gebooie wat "onderhou" word.

**Oorsig van die Literêre Struktuur van Openbaring 12**[5]

Terugflitse na die hemel.
Israel in die Ou Testamentiese periode deur die 12 sterre aangedui.
Die geboorte van die Kind.
Hemelvaart van die Kind.
Oorwinningsfeesviering in die hemel.
Toorn van die draak teen die vrou.
Vervolging vir 1260 jaar.
Die aarde help die vrou.
Finale oorlog teen die oorblyfsel.
Dit is historisisme op sy beste! Dit gee vir ons 'n breë oorsig van die geskiedenis vanaf Lucifer se opstand in die hemel tot die finale oorlog teen God se volk.

**1. Wat word voorgestel deur "'n vrou"?**

"'n Vrou" beteken die ware kerk (2 Korinthiërs 11:2).

a. Die ware kerk word deur 'n "reine maagd" verteenwoordig. Jeremia 6:2; 2 Korinthiërs 11:2.

b. Die afvallige kerk word verteenwoordig deur ‘n vrou “vol godslasterlike name” en “dronk van die bloed van die heiliges.” Openbaring 17:3-6. Dit is duidelik dat God die beeld van ‘n vrou, ‘n rein vrou, gebruik om Sy volk, die kerk, voor te stel, en ook ‘n vrou, verdorwe en godslasterend, as voorstelling van die valse of afvallige kerk, wat ook bekend staan as die hoer.

***“Die son,” “die maan,” “twaalf sterre.”*** Openbaring 12:1.

**2. Wat word voorgestel deur die son wat die vrou beklee en die maan waarop sy staan? Die antwoord word bepaal deur die betekenis van die groter lig en die mindere lig.**

- **Die son** is die groter lig en die maan is die kleiner lig **(Génesis 1:16)**.
- **Die son:** Verteenwoordig Jesus Christus, die groter lig **(Psalm 84:12; Matthéüs 17:3; Openbaring 1:16; Maleági 4:1)**.
- **Die maan:** Die kleiner lig is die Bybel wat van Jesus getuig **(Johannes 5:35, 39, 46, 47)**.
- **Die twaalf sterre:** Hulle verteenwoordig die twaalf seuns van Jakob. Hulle is die voorvaders van die twaalf stamme van Israel **(Génesis 37:9, 10; 49:28)**.

Die twaalf sterre verteenwoordig ook die twaalf apostels wat die stigters van die Nuwe Testamentiese Kerk is **(Markus 3:14)**. Let op die aantal kere wat daar na *twaalf* dissipels of apostels verwys word **(Matthéüs 10:1, 2, 5; 11:1; 20:17; 26:20)**.

*Soos die twaalf aartsvaders in die Ou Testament verteenwoordigers van Israel was, so is die twaalf apostels verteenwoordigers van die evangeliekerk.* – Handelinge van die Apostels, 19.1.

**3. “Die derde van die sterre van die hemel.”** Openbaring 12:4.

Voor die skepping het die draak oorlog gevoer teen Mígael (Jesus) en een derde van Sy engele met sy leuens meegesleur. **Satan het ‘n derde van die engele mislei om saam met hom teen God te rebelleer.** Satan in sy rebellie het ‘n derde van die engele saam met hom geneem. Hulle het weggedraai van die Vader en Sy Seun en het hulle verenig met die opstoker van rebellie. – Testimonies vol. 3, 115,0.

**4. “‘n Manlike Kind.”** Openbaring 12:2, 5.
Die getuienis rakend die “manlike kind,” wat die draak wil vernietig, is toepaslik op slegs een wese wat in hierdie wêreld verskyn het, en dit is ons Here Jesus Christus. Geen ander een is weggeruk na God en Sy troon nie, maar Hy is op hierdie wyse verhoog. (Efésiërs 1:20, 21; Hebreërs 8:1; Openbaring 3:21.) Geen ander een het van God die groot opdrag ontvang om alle nasies met ‘n ystersepter te regeer nie, maar Hy is aangestel om hierdie werk te doen. (Psalm 2:7-9.) – *Uriah Smith, The Prophecies of Daniel and the Revelation, 551:2.*

**5. “Die draak.”** Openbaring 12:3, 7, 9-17.
Die profesie waarin hierdie simbole voorkom, begin met Openbaring 12, met die draak wat probeer om Christus by Sy geboorte te vernietig. Die draak is Satan (Openb. 12:9); dis hy wat Herodes beweeg het om die Heiland om die lewe te bring. Maar die vernaamste werktuig wat Satan gebruik het om oorlog te voer teen Christus en Sy navolgers gedurende die eerste eeue van die Christelike tydperk, was die Romeinse Ryk, waarin paganisme die hoofgodsdiens was. Hoewel die draak dus in die eerste plek Satan voorstel, is dit ook in ‘n ander sin die simbool van heidense Rome. – *Die Groot Stryd, 438:2.*

**6. "Duisend-tweehonderd-en-sestig dae."** Openbaring 12:6, 14.
Die twee-en-veertig maande stem ooreen met die "tyd en tye en die helfte van 'n tyd," naamlik drie en 'n half jaar, of 1,260 dae (Dan. 7). Gedurende hierdie tydperk sou die pouslike mag Gods volk verdruk. Soos in vorige hoofstukke aangetoon, het hierdie tydperk begin met die opperheerskappy van die pousdom in die jaar 538 nC en dit het geëindig in 1798. – *Die Groot Stryd, 439:2.*

**7. Hoekom is die volgende gesê: "Wee die bewoners van die aarde en die see"?** Openbaring 12:12.

**8. Verduidelik "die aarde het die vrou te hulp gekom."**

Hulle het ontsnap na die Verenigde State van Amerika, weg van die heerskappy van die Roomse pousdom.

**9. Waarom was die draak (Satan) "vertoornd op die vrou"?** Openbaring 12:17.

Ons ontdek nou die rede hoekom die draak vertoornd is op die vrou en weggegaan het om teen haar oorlog te voer. Die draak was woedend omdat hy by die kruis tot die aarde beperk is.[6]
"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Openbaring 12:17.
In die nabye toekoms sal ons sien hoe hierdie woorde bewaarheid word soos die Protestantse kerke met die wêreld en die pouslike mag verenig teen diegene wat die gebooie bewaar. Dieselfde gees wat papiste in die verlede aangespoor het, sal Protestante lei om 'n soortgelyke houding in te neem teen diegene wat volhou met hulle lojaliteit teenoor God. – *Testimonies, vol. 5, 449:2.*

**10. Die betekenis van die waters:** Jesaja 8:7, 8; salm 69:1, 2, 14, 15; Daniël 9:26; Jesaja 57:20; Psalm 68:21, 22; Psalm 89:9, 10; Jeremia 51:36 (rivier=see), Hábakuk 3:8, 15.

Die waters is nie net enige waters nie, **dit is die Eufraatrivier**.
**Génesis 15:18 beskryf die Eufraat as "die groot rivier"** (sien ook **Jesaja 8:7, 8; 17:12, 13; 59:19). Dus moet ons in Openbaring 12:15, 16 die terme "soos 'n rivier" en "die rivier" (met die bepalende lidwoord in Grieks) verstaan as die Eufraatrivier.**

## *Dink Hieroor*

In die sesde eeu is die pousdom ten volle bevestig. Sy setel is gevestig in die keiserlike stad en die biskop van Rome is as hoof van die ganse kerk verklaar. Paganisme is vervang deur die pousdom. Die draak het aan die dier "sy krag gegee en sy troon en grote mag." Nou het die 1,260 jaar van pouslike vervolging, soos voorspel in die profesieë van Daniël en Openbaring, 'n aanvang geneem. (Dan. 7:25; Openb. 13:5-7.) … Met groter woede as ooit tevore is die gelowiges vervolg en die wêreld het 'n groot slagveld geword. Vir honderde jare moes die kerk van Christus skuiling vind in eensaamheid en onbekendheid. – *Die Groot Stryd, 54:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Jeremia 6:2
Openbaring 12:17

VERWYSINGS

1. Studies in Revelation – 12 & 13 I Study Notes by Stephen Bohr I SecretsUnsealed.org
P. 6
2. Studies in Revelation – The Seven Trumpets by Stephen Bohr I SecretsUnsealed.org
P. 162
3. Studies in Revelation – 12 & 13 I Study Notes by Stephen Bohr I SecretsUnsealed.org
P. 3
4. P. 23-24
5. P. 21
6. P. 14

# LES 69 – DIE LUIPERD-DIER VAN OPENBARING 13

*En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. Openbaring 13:2.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir 'n omvattende studie- "STUDIES ON REVELATION 12 & 13"** deur Leraar Stephen Bohr by* ***https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-12-13-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=dW4pSHZx67A&list=PLmtiSpKWaiFBlq3yhTgQLtQqv4r7J1Buq***

**In Openbaring 13:1-10 word daar 'n ander dier beskryf, "soos 'n luiperd," aan wie die draak "sy krag en sy troon en sy grote mag gegee het." Hierdie simbool, soos die meeste Protestante ook aanneem, stel die pousdom voor wat die troon en die mag en die gesag van die ou Romeinse Ryk oorgeneem het. Van die luiperd-dier word daar gesê: "En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek. ... Hierdie profesie wat byna heeltemal met die beskrywing van die "ander horinkie" van Daniël 7 ooreenstem, sinspeel ongetwyfeld op die pousdom.** – *Die Groot Stryd, 439:1.*

**1. Wat is daar in die beskrywing van "die dier" wat daarop dui dat dit 'n godsdienstige mag is?**

a. "Op sy koppe 'n naam van godslastering." Openbaring 13:1.
b. "Hulle het die draak aanbid." Vers 4.
c. "En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek." Vers 5.
d. "Hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God." Vers 6.
e. "Dit was ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges." Vers 7.
f. "Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie." Vers 8.

**2. Wanneer het "die dier" verskyn?** Openbaring 13:2.
***Dit het verskyn na die draak van hoofstuk 12.***

Indien dit korrek is om die draak as die Romeinse Ryk in die dae van Christus te identifiseer, dan moet 'n mag geïdentifiseer word wat op die Romeinse Ryk volg, wat na verwant is daaraan. Die profesie verklaar dat "die draak [Romeine Ryk] aan hom sy krag, en sy troon, en sy grote mag gegee het." Openbaring 13:2.

**3. In die lig van die kerklike aard van "die dier," watter mag sou kwalifiseer as die ontvanger van die drievoudige gawe van die draak?**

In die sesde eeu is die pousdom ten volle bevvestig. Sy setel is gevestig in die keiserlike stad en die biskop van Rome is as hoof van die ganse kerk verklaar. Paganisme is vervang deur die pousdom. Die draak het aan die dier "sy krag gegee en sy troon en sy grote mag." Openbaring 13:2. – Die Groot Stryd, 54:2.

| ***Romeinse Ryk*** | ***Pousdom*** |
| --- | --- |
| Mag – wêreldwyd | Mag – wêreldwyd |
| Setel – stad van Rome | Setel – stad van Rome |
| Grote gesag | Grote gesag |



***Volgens Katolieke is die pous se tiara 'n simbool van sy mag en gesag.***

**4. Ooreenkoms tussen die klein horing van Daniël 7 en die dier van Openbaring 13.**

***Die klein horing van Daniël 7***
**a.** "Voer oorlog met die heiliges." Daniël 7:21.
**b.** "Sal woorde spreek teen die Allerheiligste." Daniël 7:25.
**c.** Het gevolg op die vierde koninkryk, die Romeinse Ryk van profesie.
**d.** Sou voortduur vir "'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd" [1,260 jaar (538-1798)]. Daniël 7:25.

***Die Dier van Openbaring 13:1-10***
**a.** "Om oorlog te voer teen die heiliges." Openbaring 13:7.
**b.** "Wat groot woorde en godslasteringe uitspreek." Openbaring 13:5.
**c.** Het gevolg op die Romeinse Ryk, waarvandaan hy "sy krag … en sy troon en sy grote mag" ontvang het. Openbaring 13:2.
**d.** "Om dit twee-en-veertig maande lank te doen." [1,260 jaar (538-1798)] Openbaring 13:5.

**5. "Net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees."** Openbaring 13:3.

Dit [die dodelike wond] is toegedien toe die pous deur Berthier, die Franse generaal, gevange geneem is, en die pouslike regering opgehef is. Gestroop van beide sy burgerlike en kerklike mag, is die gevange pous, Pius VI, op Augustus 29, 1799 in ballingskap oorlede te Valence in Frankryk.
Die dodelike wond is aan die pousdom toegedien toe die swaard van die staat wat deur die pousdom gebruik is om Gods volk te vervolg, teen hom gedraai het. Die dodelike wond was dus die verwydering van die swaard van die staat uit die hand van die pousdom. Dit het gelei tot die ballingskap van die pousdom, want hy kon nie langer die mag van die staat gebruik om sy praktyke en dogmas af te dwing nie.

***Die wond sal egter slegs volkome genees wees wanneer Kerk en Staat weereens verenig is, wanneer die godsdienstig mag weer 'n keer die burgerlike regering beheer sodat die gesag van die staat deur die kerk gebruik sal word om sy doelstellings te bereik om Gods volk te vervolg soos tydens die Donker Middeleeue.*** **Openbaring 13:11-12.**

**6. Die onweerlegbare herkenningsteken van "die dier."** Openbaring 13:18.

Die getal van die dier, vollgens die profesie, "is die getal van 'n mens." As dit afgelei moet word van 'n naam of 'n titel, sou die natuurlike gevolgtrekking wees dat dit die naam of titel van een of ander spesifieke of verteenwoordigende man moet wees. Die mees geloofwaardige uitdrukking wat ons gesien het wat moontlik die getal van die dier bevat, is een van die titels wat gebruik word vir die pous van Rome. Daardie titel is: **Vicarius Filii Dei, "Viseregent van die Seun van God."** Dit is opmerklik dat die Douay weergawe van die Bybel die volgende kommentaar op Openbaring 13:18 bevat: "Die getalaanduidende letters van sy naam sal hierdie getal uitmaak. – Uriah Smith, The Prophecies of Daniel and the Revelation, 619:2.




Wanneer 'n nasionale Sondagwet uitgevaardig word, sal ons weet dat die finale storm op hande is.

**7. Die letters in die titel wat Romeinse syfers is, kom op die volgende wyse uit op "sy getal:"**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **V** | **5** | **F** | **0** | **D** | **500** |
| **I** | **1** | **I** | **1** | **E** | **0** |
| **C** | **100** | **L** | **50** | **I** | **<u>1</u>** |
| **A** | **0** | **I** | **1** | | **<u>501</u>** |
| **R** | **0** | **I** | **<u>1</u>** | | |
| **I** | **1** | | **<u>53</u>** | | |
| **U(V)** | **5** | | | | |
| **S** | **<u>0</u>** | | | | |
| | **<u>112</u>** | | | | |

| | |
|---|---|
| **VICARIUS** | **112** |
| **FILII** | **53** |
| **DEI** | **<u>501</u>** |
| | **666** |

## *Dink Hieroor*

1. Daar is 'n baie hegte verwantskap tussen Openbaring 13, 14 en 15. Ons weet dit want Openbaring 13 verwys na die dier, sy beeld en die getal van sy naam. **(Openbaring 13:11-18)**. Openbaring 14 waarsku teen die dier, sy beeld, die merk en die getal van sy naam **(Openbaring 14:9-11)** en Openbaring 15:2-4 verwys na 'n groep wat die oorwinning behaal het oor die dier, sy beeld, sy merk en die getal van sy naam. In Openbaring 13 word die dier, sy beeld, sy merk en sy getal bekendgestel; in Openbaring 14 word die wêreld teen hulle gewaarsku en Openbaring 15 verseker ons dat 'n groep sal ag slaan op die waarskuwing en die oorwinning oor hulle sal behaal. Dus moet Openbaring 13, 14 en 15 saam bestudeer word![1]

**2. Kerk en Staat in Openbaring 13:** Die agtergrond van Daniël 2.[1]

*Ons het by die tyd gekom wanneer God se heilige werk verteenwoordig word deur die voete van die beeld waarin die yster met die klei gemeng was. God het 'n volk, 'n uitverkore volk, wie se onderskeidingsvermoeë geheilig moet word, wat nie onheilig moet word deur op die geloofsfondamente hout, strooi en stoppel te plaas nie. Elke siel wat getrou is aan die gebooie van God sal sien dat die karakteristieke kenmerk van ons geloof die sewende-dag Sabbat is. Indien die regering die Sabbat sou heilig soos God beveel het, sou dit staan in Gods krag en ter verdediging van die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Maar staatsmanne sal die valse Sabbat ondersteun, en sal hulle godsdienstige geloof meng met die onderhouding van hierdie kind van die pousdom; hulle sal dit plaas bo die Sabbat wat die Here geheilig en geseën het, wat Hy afgesonder het vir die mens om te heilig, as 'n teken tussen Hom en Sy volk, in duisend geslagte. Die vermenging van kerkkunde en staatkunde word verteenwoordig deur die yster en die klei. Hierdie eenheid is besig om alle krag van die kerke te verswak. Hierdie bekleding van die kerk met die mag van die staat sal lei tot bose resultate. Die mensdom het feitlik die punt van Gods verdraagsaamheid oorskry. Hulle het hulle krag in die politiek geïnvesteer, en het met die pousdom verenig. Maar die tyd sal kom wanneer God diegene sal straf wat Sy wet tot niet gemaak het, en hulle bose werk sal na hulle terugkeer"* – Manuscript 63, 1899, 4BC 1168.

*3. Toe die kerk die eenvoud van die evangelie en die krag van die Heilige Gees verloor het, het afvalligheid ingetree, en as gevolg daarvan, het die kerk en die staat verenig. Met die verloop van tyd, het dieselfde tonele van Jesus se verhoor en kruisiging van nuuts af plaasgevind. Maar hierdie keer was dit die gevalle kerk (wat met die staat verening was) wat die dissipels vervolg het, pleks van die Jode wat Jesus vervolg het. Maar deur die kerk (van die dissipels) te vervolg, was hulle besig om Jesus te vervolg.*[2]

4. Toe Pilatus (die burgerlike owerheid) oorweeg het of hy Jesus moes oorgee om gedood te word, het sy vrou vir hom ‘n boodskap gestuur waarin sy hom waarsku dat hy niks met “hierdie regverdige man” te doen moes hê nie. **Maar Pilatus, pleks dat hy gehoor gee aan sy vrou, het, as gevolg van die aandrang van die mense, wat op hulle beurt deur die godsdienstige leiers onder druk geplaas is, en om sy politieke loopbaan te red, sy hande gewas en ‘n onskuldige man oorgelewer aan die dood.**[2] *Matthéüs 27:24.*
*Pilatus was nie onskuldig aan die bloed van hierdie man nie. Dieselfde boodskap gaan uit na die politieke leiers van die wêreld vandag. Sal hulle ingee vir die druk van die kerk en God se getroue volk ter dood veroordeel, of sal hulle gehoor gee aan die raad van Pilatus se vrou? Die besluit sal in hulle hande wees.*[2]

**5. Beide die Skrif en die Gees van Profesie bevestig duidelik dat die geskiedenis van Jesus sal in Sy liggaam, die kerk, herhaal word.**[3] *Johannes 16:1-3.*
Die magte van die duisternis sal verenig met die menslike werktuie wat hulself aan Satan se beheer oorgegee het, en dieselfde tonele wat by die verhoor, verwerping en kruisiging van Christus geopenbaar is, sal weer gesien word. Deur die oorgawe aan Satan se invloed sal die mens oorgaan na boosheid, en diegene wat in God se beeld geskape is, sal die woning van drake word, en Satan sal in ‘n afvallige ras sy meesterstuk van boosheid aanskou – mense wat sy eie beeld weerkaats. – Manuscript S 39, 1894.

***Tekste om te Onthou***

Openbaring 13:2
Openbaring 13:18

VERWYSINGS

1. Studies in Revelation 12 & 13. Study Notes by Stephen Bohr, SecretsUnsealed.org, p. 32.
2. P. 45
3. P. 46.

# LES 70 – "DIE MERK VAN DIE DIER"

*En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Openbaring 13:16, 17.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir n omvattende studie- "STUDIES ON REVELATION 12 & 13"*** *deur leraar Stephen Bohr by* ***https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-12-13-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=dW4pSHZx67A&list=PLmtiSpKWaiFBlq3yhTgQLtQqv4r7J1Buq***

**Die spesiale kenmerk van die dier, en dus ook van sy beeld, is die oortreding van Gods gebooie. Van die "ander horing" – die pousdom – sê Daniël, "Hy sal probeer om tye en wet te verander." (Dan. 7:25.) Paulus noem hierdie selfde mag die "mens van sonde" wat hom bokant God sal verhef. Die een profesie vul die ander aan. Alleen deur Gods wet te verander, kon die pousdom homself bokant God verhef; wie ook al die veranderde wet willens en wetens hou, sal die hoogste eer bewys aan die mag deur wie die verandering gemaak is. So 'n daad van gehoorsaamheid aan pouslike wette sal 'n teken wees van trou aan die pous, pleks van aan God.** – Die Groot Stryd, 446:1.
**Johannes was geroep om 'n volk te aanskou wat verskil van diegene wat die dier of sy beeld aanbid deur die onderhouding van die eerste dag van die week. Die onderhouding van hierdie dag is die merk van die dier.** – Testimonies to Ministers, 133:1.

## *Die pousdom het probeer om God se wet te verander.*

## *Die Teken van God se Gesag*

**1. Wat is die teken of merk van God se gesag?** Exodus 20:8-11; 31:17.
Die Sabbat is 'n teken van die verhouding wat bestaan tussen God en Sy volk, 'n teken dat hulle Sy wet vereer. Dit onderskei tussen Sy getroue onderdane en oortreders. Die Sabbat wat aan die wêreld gegee is as die teken van God as Skepper is ook die teken van Hom as die Heiligmaker. Vir diegene wat die Sabbat heililg, is dit 'n teken van heiligmaking. En die Sabbat is die teken van gehoorsaamheid. Hy [die Sabbathouer] word deur gehoorsaamheid geheilig. Die Sabbat is 'n goue gespe wat God en Sy volk verenig. – Testimonies, vol. 6, 349:3-351:4.

## *Antichris – Teken van sy Gesag*

**2. Watter aardse mag vereis aanbidding?**

Maak hierdie mag daarop aanspraak dat hy God op aarde is? 2 Thessalonicense 2:3, 4; Openbaring 13:4, 8. Die pous is van so groot waardigheid en so verhef dat hy nie 'n blote mens is nie, maar as 't ware God,

en die plaasvervanger van God. So as dit moontlik was dat die engele in die geloof mag fouteer, of dat hulle denke teenstrydig met die geloof sou wees, dan kan die pous hulle oordeel en ekskommunikeer. – Feite uit Ferraris' Ecclesiastical Dictionary, artikel, "Pope." (Source Book for Bible Students, 409:4 en 410:7.)
Want u is die herder, u is die geneesheer, u is die leier, u is die landbouer, ten laaste, u is 'n ander God op aarde. – redevoering van Christopher Marcellus in die vierde sessie van die Vyfde Lateraanse Konsilie, 1512, aangehaal deur Labbe en Cossart in History of the Councils, vol. 14, kol. 109. (In Engels aangehaal in Source Book for Bible Students, 411:2.)

## *Die Teken van Pouslike Gesag*

**3. Wat stel die Katolieke Kerk daar as teken van haar gesag?**

**Vraag: Met watter gesag het die kerk die onderhouding van die Sabbat van Saterdag na Sondag verander?**

**Antwoord:** Die kerk het die onderhouding van die Sabbat na Sondag verander op grond van die Goddelike, onfeilbare gesag aan haar gegee deur haar Stigter, Jesus Christus. Die Protestant, wat daarop aanspraak maak dat die Bybel die enigste riglyn van geloof is, het geen reg om Sondag te onderhou nie. Rakende hierdie saak is die Sewende-dag Adventis die enigste beginselvaste Protestant. – The Catholic Universe Bulletin, Aug. 14, 1942, p. 4.

Dit was die Katolieke Kerk wat die verandering in die dag van die Here van die sewende dag van die week na die eerste gemagtig en bekragtig het. Sy het dit baie vroeg in haar bestaan gedoen – teen die einde van die derde en die begin van die vierde eeu was die gewoonte en gebruik universeel. Geen ander kerk het destyds bestaan nie. – Brief van C.F. Thomas, Kanselier van James Kardinaal Gibbons, Oktober 8, 1901. (Fotostaat No. 50, Sewende-dag Adventiste Teologiese Kweekskool.)
Omdat die ware Sabbat 'n teken van getrouheid aan die ware God is, is dit net natuurlik dat die valse sabbat beskou word as 'n teken van trou aan die afvallige kerk. En dit is ook die geval. – *Bible Readings for the Home, 444:4.*

**4. Wat sal die dier met twee horings voor die einde van elke persoon vereis?** Openbaring 13:15-17.
*Die dier met twee horings "maak dat aan almal, die kleintjies en die grotes, die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee is. Openbaring 13:16.* – Die Groot Stryd, , 445:2.

*Vreeslik is die beslissing waarvoor die wêreld te staan sal kom. Die aardse magte, verenig in stryd teen die gebooie van God, sal bepaal dat "almal, die kleintjies en die grotes, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe" (Openb. 13:16), moet meedoen aan die gebruike van die kerk deur die valse sabbat te vier. Almal wat weier om dit te doen, sal gestraf word deur die burgerlike howe en eindelik sal daar verklaar word dat hulle die dood verdien.* – Die Groot Stryd, 604:2.

*Daar is aangetoon dat die Verenigde State die mag is wat voorgestel word deur die dier met die lamshorings en dat hierdie profesie vervul sal word wanneer die Verenigde State Sondagviering verpligtend maak, naamlik die dag wat volgens Rome die merkteken van sy gesag is. Maar in hierdie huldebetoning aan die pousdom sal die Verenigde State nie alleen staan nie.* – Die Groot Stryd, 579:0.

**5. Wanneer sal mense die “merk van die dier” ontvang?**

Maar Christene van vorige geslagte het Sondag gevier en gemeen dat hulle daardeur die Bybelse Sabbat gevier het, en daar is tans ook opregte Christene in alle kerke, die Rooms-Katolieke Kerk inkluis, wat eerlik glo dat Sondag die Sabbat is wat God ingestel het. God neem sulke opregtheid aan. **Maar wanneer Sondagviering deur die wet verpligtend gemaak word en die hele wêreld ingelig is aangaande die verpligting van die ware Sabbat, dan sal diegene wat Gods gebod oortree om ‘n gebod te gehoorsaam wat geen hoër gesag het as die van Rome nie, daardeur die pousdom vereer bokant God. … Hulle sal besig wees om die dier en sy beeld te aanbid. As mense dan die instelling verwerp waarvan God sê dat dit ‘n teken is van Sy gesag en in die plek daarvan ‘n instelling vereer wat Rome verkies het as die teken van sy oppergesag, sal hulle daardeur die teken van getrouheid aan Rome aanvaar, naamlik, “die merk van die dier.”** [Openbaring 16:2.] Dit is eers wanneer die saak duidelik onder die aandag van die volk gebring is en hulle voor die keuse gestel word om te kies tussen die gebooie van God en die gebooie van mense, dat diegene wat volhou met hulle oortreding die “merk van die dier” sal ontvang. – *Die Groot Stryd, 449:1.*

**6. Sal daar diegene wees wat die oorwinning oor hierdie mag sal behaal?** Openbaring 15:2-4.

**7. Wat sal die lot wees van diegene wat die dier aanbid?** Openbaring 14:9-11.

**8. Wie sal in die vuurpoel wat met swawel brand, gewerp word?** Openbaring 19:20.

## *Dink Hieroor*

1. Die Sabbat is die teken van gehoorsaamheid. Hy wat uit sy hart die vierde gebod gehoorsaam, sal die hele wet gehoorsaam. – *Testimonies, vol. 6, 250:1.*

2. Elke siel wat die teken van Gods regering aanvaar, plaas homself onder die Goddelike, ewige verbond. Hy maak homself vas aan die goue draad van gehoorsaamheid, waarvan elke skakel ‘n belofte is. – *Testimonies, vol. 6, 350:2.*

3. Uit die tien bevat slegs die vierde gebod die seël van die groot Wetgewer, die Skepper van die hemele en die aarde. Diegene wat hierdie gebod gehoorsaam, aanvaar Sy naam, en al die seëninge wat daarmee gepaard gaan, behoort aan hulle.

4. Sondag is ‘n kind van die pousdom. – *E.G. White, Review and Herald, Julie 13, 1897.*

5. Die derde engel se boodskap is aan die wêreld uitgestuur, en het die mens gewaarsku om nie die merk van die dier of sy beeld op sy voorhoof of op sy hand te ontvang nie. Om hierdie merk te ontvang, beteken om tot dieselfde besluit as die dier te kom, en om dieselfde idees voor te staan, in direkte teenstand teen Gods Woord. – *E.G. White, Review and Herald, Julie 13, 1897.*

6. Indien jy die lig van die waarheid aangebied is en die Sabbat van die vierde gebod hierdeur aan jou geopenbaar is, en daar is getoon dat daar geen fondasie in Gods Woord is vir Sondagaanbidding nie, en tog kleef jy vas aan die valse sabbat en weier om die Sabbat te heilig waarna God verwys as “my heilige dag” [Jesaja 58:13], ontvang jy die merk van die dier. Wanneer vind dit plaas? Wanneer jy die dekreet

gehoorsaam wat jou beveel om jou op Sondag van werk te weerhou en God te aanbid, terwyl jy weet dat die Bybel nie 'n woord bevat wat toon dat Sondag enigiets anders as 'n gewone werksdag is nie, stem jy in om die merk van die dier te ontvang, en jy verwerp die seël van God. As ons hierdie merk op ons voorkoppe of op ons hande ontvang, moet die oordele wat teen die ongehoorsames uitgespreek is op ons val. Maar die seël van die lewende God word op diegene geplaas wat pligsgetrou die Sabbat van die Here onderhou. – *E.G. White, Review and Herald, Julie 13, 1897.*

## *Tekste om te Onthou*

Exodus 31:17
Openbaring 13:15-17
Openbaring 15:2-4

## *Definieer of Identifiseer*

Afvallig
Ekskommunikeer
Hulde
Onfeilbaar
Swawel
Vicar (Plaasvervanger)
Aanvul

# LES 71 – DIE DIER MET DIE TWEE HORINGS

*En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. Openbaring 13:11.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir 'n omvattende studie- "STUDIES ON REVELATION 12 & 13"** deur Leraar Stephen Bohr by **https://secretsunsealed.org/studies-in-revelation-12-13-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=dW4pSHZx67A&list=PLmtiSpKWaiFBlq3yhTgQLtQqv4r7J1Buq***

**Maar die dier met die lamshorings het uit die aarde opgekom. In stede dat hy ander volke onderwerp het om homself te bevestig, moet die volk wat hier voorgestel is, opkom uit terrein wat voorheen nie deur ander volke beset was nie en dit moes langsaam en vreedsaam ontwikkel. Hierdie volk kon dus nie opkom onder die bevolkte en worstelende nasies van die Ou Wêreld nie, naamlik uit daardie onstuimige see van "volke en menigtes en nasies en tale" nie. Ons moet dit dus in die Westelike Halfrond gaan soek.**
**Watter volk van die Nuwe Wêreld wat blyke gegee het van mag en grootheid, en wat die aandag van die wêreld getrek het, het in 1798 opgekom? Die antwoord is voor die hand liggend. Een volk, en slegs een, beantwoord aan die beskrywings van hierdie profesie; op onmiskenbare wyse dui dit die Verenigde State van Amerika aan.** *– Die Groot Stryd, 440:1, 2.*

## *Die Eerste Dier Gewond*

**1. Wat was voorspel rakende een van die koppe van die luiperd-dier van Openbaring 13:3?**

- **Slegs een kop van die dier is gewond, die kop wat regeer het gedurende die 42 maande.**
- Die dier het **sewe koppe maar hulle regeer opeenvolgend, een op 'n slag**. Wanneer ons Openbaring 17 bestudeer, sal ons vind dat op dié tydstip in die profesie het vyf van die koppe reeds gesterf. Toe Johannes die dier sien, is die kop onlangs 'n wond toegedien. Waar die ander koppe almal gesterf het en nooit weer sou leef nie, sou hierdie kop weer leef.
- Wat is die betekenis van die uitdrukking "net of dit dodelik gewond was"?

Die jaar 1798 was die klimaks van die Franse Revolusie wat in 1789 begin het. Die Revolusie was 'n opstand teen beide die koninklike mag en die priesterlike onverdraagsaamheid. Op Februarie 12, 1798 het Generaal Berthier die Vatikaanstad binnegegaan, die pous, Pius VI, onttroon, hom ingelig dat sy mag ten einde geloop het, en hom as gevangene na Frankryk geneem waar hy later in ballingskap gesterf het. Die keiser, Napoleon Bonaparte, het reeds beveel dat 'n opvolger nie verkies word nie.[2]

## *Die Tweede Dier*

**2. Watter ander mag het Johannes gesien wat uit die aarde opkom, ongeveer die tyd dat die pouslike kop gewond is? Openbaring 13:11.**

Die woord "aarde" in Openbaring 13:11-18 het 'n beperkte betekenis. In konteks, is dit hoofsaaklik van toepassing op die geografiese gebied van die Verenigde State soos gesien in die historiese sekwensie van Openbaring 12:13-17.[3]

**3. Verduidelik die betekenis van die uitdrukking, "uit die aarde … sien opkom." Openbaring 13:11.**

*Die woord "opkom" word in Matthéüs 13:7 gebruik om dorings te beskryf wat uit die aarde uitspruit.*
Openbaring 13:11 beskryf 'n dier met twee horings wat uit die aarde opkom, wat die hele wêreld sal dwing om die dier wat met die swaard gewond is, te aanbid. Uit die teks blyk dit dat hierdie tweede dier bestem is om die eerste dier te help om sy mag te herwin. Die dier uit die aarde sal 'n beeld van en aan die dier uit die see opstel en sal sy merk afdwing. Ons lees in die Skrif dat die dier uit die aarde al die mag van die dier uit die see ***voor sy oë*** sal uitoefen. Hierdie dier met twee horings sal die swaard in die hand van die pousdom wees en volgens die Skrif sal almal wat weier om die dier te aanbid, met daardie swaard gedood word.[3]

**4. Wat sê Johannes van die horings van hierdie dier? Watter soort nasie word deur hierdie dier met twee horings voorgestel?** Openbaring 13:11.

Wat merkwaardig is van hierdie dier is sy gesplete persoonlikheid. Terwyl dit twee horings het soos 'n lam, sal dit terselfdertyd soos 'n draak spreek. Dit is merkbaar dat die twee horings nie afgebreek word voordat hierdie dier soos 'n draak begin spreek nie. Dit spreek soos 'n draak terwyl dit nog steeds die twee horings soos die van 'n lam op sy kop het. Die karakter van hierdie dier herinner aan die gesplete persoonlikheid aan die dag gelê deur Dr. Jekyll (goed) en Mnr. Hyde (kwaad).[3]

***Die lamskenmerke van die dier met twee horingssal in haat en bloedvergieting verdwyn.***

Dit is belangrik om te besef dat Openbaring 13:11 die opsommende stelling is van die hele lewensloop van die dier uit die aarde, van begin tot einde. Dit is gebruiklik in Openbaring vir die begin- en eindpunt van 'n profetiese sekwensie om heel aan die begin van die profesie opgesom te word **(Openbaring 3:21; 8:1-5; 11:19; 15:1).** Hierdie profesie beteken nie dat die dier uit die aarde hom terselfdertyd soos 'n lam en 'n draak gedra heel aan die begin van sy lewensloop nie!! Wanneer hierdie dier van die aarde opkom, het hy twee horings soos 'n lam en slegs later, terwyl dit nog die lamshorings het, sal dit soos 'n draak spreek. Wat word bedoel met die twee lamashorings en die stem van die draak? Laat ons begin deur die betekenis van die draaksimboliek in die boek van Openbaring te identifiseer.[4]

## *'n Vervolgende Mag*

**5. Hoe sal hierdie mag uiteindelik spreek, ondanks die feit dat dit soos 'n lam voorkom?**
Openbaring 13:11?

Daar moet kennis geneem word dat die dier uit die aarde alles doen om die eerste dier te vereer en beïndruk. Ons lees in vers 12: "… hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid," en in vers 14 lees ons van tekens wat hy "voor die oë van die dier … doen." Ons lees ook dat hy 'n beeld van die eerste dier maak (3 keer in vers 15), om sodoende die dier te vereer (vers 14). Die dier uit die aarde verbied enigeen om te koop of verkoop tensy hy of sy die merk van die dier het (verse 16 en 17), en dit vaardig 'n doodsdekreet uit teen diegene wat weier om die beeld van die dier te aanbid (vers 15).[1]

Volgens betroubare leksikons, beteken die uitdrukking "voor die oë van die dier" "onder die opdrag van" die eerste dier. **Dus is die tweede dier die werktuig van die eerste dier.**

Wanneer ons in Openbaring 13:11 lees dat die dier uit die aarde soos 'n draak sal spreek, moet dit beteken dat hierdie dier nie slegs 'n spreekbuis vir Satan is nie, maar ook vir Rome. En so is die draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde almal werktuie van Satan wat deur Rome funksioneer.[2]

**6. Hoeveel mag sal hierdie dier uitoefen?** Openbaring 13:12, eerste gedeelte.

Die woord "maak" wat in hierdie gedeelte gebruik word, dui aan dat hierdie dier uit die aarde mag sal gebruik om die hele wêreld te dwing om eer aan die eerste dier te bring. Dit wil sê, hierdie dier sal nie mense oortuig om die dier te aanbid nie, maar sal hulle liewer dwing om dit te doen. Hoewel die woord "*poieo*" gewoonlik beteken "om te maak," in hierdie konteks bevat dit 'n nuanse van dwang. Die woord word op 'n soortgelyke wyse in Openbaring 3:9 gebruik waar ons lees dat God "sal maak" (dwing) dat die sinagoge van Satan voor die voete van die heiliges sal neerbuig.[1]

**7. Na watter mag word verwys in die uitdrukking "die eerste dier … voor sy oë"?** Openbaring 13:1-12.

**8. Wat maak hy die mensdom om te aanbid?** Openbaring 13:12, laaste gedeelte.

**9. Hoe mislei hy diegene wat die aarde op daardie stadium bewoon?** Openbaring 13:13, 14, eerste gedeelte.

**10. Wat sê hy vir "die bewoners van die aarde" om te doen?** Openbaring 13:14, laaste gedeelte.

**Maar wat is die "beeld … vir die dier" [Openbaring 13:14]? En hoe moet dit gevorm word?**

Die beeld word deur die dier met die twee horings gemaak, en dit is 'n beeld vir die eerste dier. Dit word ook 'n beeld van die dier genoem. Sodat ons kan leer wat die beeld is en hoe dit gevorm sal word, moet ons die kenmerke van die dier self – die pousdom – bestudeer.
Ten einde te bepaal wat die beeld van die dier is, moet ons eers die oorspronklike nagaan, want die beeld is 'n replika of weerspieëling tot eer van die eerste dier (sien bv. **Lukas 20:24; 2 Korinthiërs 3:18). Dit is 'n beeld van die dier en vir die dier.**

**Die beslissende vraag is die volgende:** Wat was die hoofkenmerk van die Rooms-Katolieke pousdom in sy fleur?
**Ons kan sien dat die woord "pousdom" verwys na 'n kerk wat die mag van die staat gebruik om sy eie doeleindes te bereik.**

Vir die Verenigde State om 'n beeld van die dier te maak, moet die godsdienstige mag die burgerlike regering op so 'n wyse beheers dat die kerk die gesag van die Staat vir sy eie doeleindes sal gebruik. *– Die Groot Stryd, 443:2, 3. (Vir verdere inligting, sien Die Groot Stryd, 443-450.)*

**11. Wat sal hierdie mag uit die hemel laat neerdaal?** Openbaring 13:13.

**12. Wat sal die kronende toneel in die groot drama van bedrog wees?**

As kronende toneel in die groot drama van bedrog sal Satan hom voordoen as Christus. Lank reeds het die kerk uitgesien na die koms van die Heiland as die verwesenliking van sy hoop. Die groot bedrieër sal dit nou laat skyn asof Christus werklik gekom het. In verskillende dele van die wêreld sal Satan homself onder die mense openbaar as 'n majestueuse wese van skitterende heerlikheid wat voldoen aan die beskrywing van die Seun van God soos deur Johannes in Openbaring gegee. (Openb. 1:13-15.) Die heerlikheid waarmee hy omring is, is onoortreflik – sterwelinge het nog nooit so iets aanskou nie. 'n Triomfkreet weergalm deur die lug, "Christus het gekom! Christus het gekom!" Die mense val in aanbidding voor hom neer, onderwyl hy sy hande ophef en 'n seën op hulle uitspreek net soos Christus Sy dissipels geseën het toe Hy op aarde was. Hy het 'n sagte, dog soetklinkende stem. In sagte, medelydende woorde verkondig hy sommige van dieselfde heerlike, hemelse waarhede wat die Heiland gespreek het; hy genees die siektes van die mense en dan, in sy aangenome karakter van Christus, beweer hy dat hy die Sabbat verander het tot Sondag en hy gebied almal om die dag wat hy geseën het, heilig te hou. Dit is die groot, byna onweerstaanbare bedrog. – Die Groot Stryd, 624:2.

**13. Wat is Satan nie toegelaat om na te maak nie?**

Satan word nie toegelaat om **die wyse van Christus se koms** na te maak nie. *– Die Groot Stryd, 625:2.*

**14. Wie alleen sal nie bedrieg wees nie?** Matthéüs 24:24; 2 Thessalonicense 2:10, 11.

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrifte is en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die verskriklilke bedrog wat die wêreld sal oorval. *– Die Groot Stryd, 625:3.*
Maar die volk van God sal nie mislei word nie. Die leerstellings van hierdie valse christus stem nie ooreen met die Skrifte nie. Sy seën word uitgespreek op die aanbidders van die dier en sy beeld, juis die klas op wie, volgens die Bybel, Gods ongemengde wraak uitgestort sal word. *– Die Groot Stryd, 625:1.*

**15. Watter twee Bybeltekste behoort ons daarvan te weerhou dat ons val vir die misleidings wat die wêreld gevange hou?** Jesaja 8:20; Johannes 14:29.

## *Dink Hieroor*

1. 'n Biddende ondersoek van die Bybel sal die ware karakter van die pousdom aan Protestante toon en dit sal hulle daartoe bring om dit te vermy en te verafsku; maar vele is so wys in hulle eie verwaandheid dat hulle geen behoefte voel om God nederig te vra om hulle in die waarheid te lei nie. … Wat hulle begeer, is 'n metode waardeur hulle God kan vergeet terwyl hulle dit voordoen as 'n metode waardeur hulle Hom onthou. Die pousdom is goed aangepas om in die behoeftes van sulkes te voorsien. Dit is berei vir twee klasse van mense wat byna die ganse wereld insluit – naamlik diegene wat deur hulle eie verdienste gered wil word en diegene wat in hulle sondes gered wil word. Hierin lê die mag van die pousdom. *– Die Groot Stryd, 572:2.*

2. Hierdie oorkondes van die verlede openbaar duidelik die vyandigheid van Rome teenoor die ware Sabbat en sy verdedigers, asook die middels wat hy gebruik het om sy instelling te vereer. Die woord van God leer ons dat hierdie tonele herhaal sal word wanneer Rooms-Katolieke en Protestante verenig in die verheffing van Sondag. *– Die Groot Stryd, 578:2. (Sien 577:2-578:1.)*

3. Die kerk sal hom beroep op die sterk arm van die burgerlike owerheid en in hierdie werk sal Katolieke en Protestante verenig. Namate die beweging vir verpligte Sondagsviering stoutmoediger en beslister word, sal die wet ingeroep word teen die bewaarders van die gebooie. – *Die Groot Stryd, 607:1.*

4. Hy [Rome] bou steeds sy grootse, massiewe geboue in die geheime skuilhoeke waarvan hy sy vorige vervolgings sal herhaal. Stil en onverdag versterk hy sy magte om sy eie doel te bereik wanneer die tyd vir hom aanbreek om op te tree. Al wat hy nog begeer, is vatkans en dit word alreeds aan hom gegee. Eerlank sal ons sien en ook voel wat die doel van die Roomse kerk is. Wie ookal die Woord van God aanneem en gehoorsaam, sal daardeur verwyt en vervolging op die hals haal. – *Die Groot Stryd, 581:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Openbaring 13:11-17

VERWYSINGS

1. Studies in Revelation 12 & 13. Study Notes deur Stephen Bohr, SecretsUnsealed.org, p. 53.
2. P. 61
3. P. 68
4. P. 69-70

# LES 72 – DIE EERSTE ENGEL SE BOODSKAP

*En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. Openbaring 14:6, 7.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir 'n omvattende studie- "THE THREE ANGELS' MESSAGES"*** *deur Leraar Stephen Bohr by* ***https://secretsunsealed.org/the-three-angels-message-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=bl0y-0CR1xw&list=PL6A480C40F7BA55A4***

**In die Openbaring voorspel Johannes die verkondiging van die evangelieboodskap net voor Christus se wederkoms. Hy sien 'n engel "in die middel van die lug … vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom."**
**In die profesie word hierdie waarskuwing aangaande die oordeel, met sy aansluitende boodskappe, gevolg deur die koms van die Seun van die mens in die wolke van die hemel. Die bekendmaking van die oordeel is 'n aankondiging dat Christus se wederkoms op hande is. En hierdie bekendmaking word die ewige evangelie genoem. So word aangedui dat die prediking aangaande Christus se wederkoms, die aankondiging dat dit naby is, 'n onmisbare deel is van die evangelieboodskap.** – *Gelykenisse van Christus, 227:1, 2.*

## *Die Boodskap*

**1. Die Drie Engele se Boodskappe.** Openbaring 14:6-12.

**Mense word deur engele bygestaan** om die boodskap **te verkondig. Drie letterlike** engele sal nie deur die hemelruim snel en hulle boodskappe met 'n **luide stem** wêreldwyd **uitroep** nie.[1]
Die **Griekse woord** vir engel beteken "boodskapper."
In die Nuwe Testament word daar **na mense verwys as engele omdat hulle deur God gestuur is om 'n boodskap te lewer.**[1]

- Epafrodítus (Filippense 2:25)
- Johannes die Doper (Matthéüs 11:10)
- Boodskappers aan Johannes gestuur (Lukas 7:24)
- Spioene wat Jérigo besoek het (Jakobus 2:25)
- Apostel Paulus (Galásiërs 4:14)
- Stéfanus (Handelinge 6:15)

Die **verkondiging** van die evangelie **is nie aan engele toevertrou nie**, maar aan mense. Matthéüs 28:18-20; Handelinge 1:8.[2]
*Die engele vlieg **in die middel van die lug** (heaven, KJV) wat beteken dat hulle boodskappe van hemelse oorsprong is.[2] Die boodskappe is **hemels in oorsprong, deur God gestuur.** Daarteenoor is **Satan** die **koning van die afgrond (Openbaring 9:11)** en sy verteenwoordigers kom **uit die see** (Openbaring 13:1) **en uit die aarde** (Openbaring 13:1).*

**2. Gee redes hoekom ons weet dat die Drie Engele Boodskappe met die Allerheiligste Plek in die hemelse Heiligdom verbind is.**

- Die bevel om **God te vrees** word in die Bybel verbind met die onderhouding van Sy **gebooie.** (Prediker 12:13).[2]
- Om **heerlikheid aan God** te gee, herinner ons aan die heerlikheid van die **Sjekina** wat in die Allerheiligste Plek geskyn het.[2]
- **Om die Skepper te aanbid,** behels die onderhouding van die **Sabbat** wat in die middel van die wet gevind is in die Allerheiligste Plek.[2]
- Die idee van **God se oordeel** sluit aan by die Groot Versoendag wanneer die hele Israel in twee kategorieë verdeel was. Die sentrale vertrek was die Allerheiligste Plek waar die **wet was**. En die oordeel **begin voor Jesus se wederkoms**.[2]
- **Openbaring 11:19** is inleidend tot hoofstukke **12-14** en die tempel is geopen. Nadat die drie engele hulle boodskappe gelewer het, word die tempel toegemaak **(Openbaring 15:5-8).**[2]

**3. Is die aanvaarding of verwerping van die Drie Engele Boodskappe 'n kleinigheid?** Openbaring 14:6.
Die aanvaarding of verwerping van die boodskappe is nie 'n kleinigheid nie. Dit is 'n saak van **lewe of dood**.[2] Diegene wat die boodskappe aanvaar, sal die **seël van God** ontvang en gered wees. Diegene wat die boodskappe verwerp, sal die merk van die dier ontvang en die wrange vrugte van Gods toorn pluk. Daar sal **geen middeweg** wees nie. Die verlostes sal **binne** die stad wees, en die wat verlore is, sal **buite** wees.[2]
God sal 'n volk hê wat die drie engele boodskappe sal aanvaar, verkondig en gehoorsaam (Openbaring 15:2-4). Hulle sal oorwin oor die magte waarna die derde engel se boodskap verwys.[2]

**4. Hoe moet hierdie evangelie verkondig word?** Openbaring 14:6.

Toon hoe Openbaring 14 wys na wat Jesus gedoen het, maar dit roep ons ook om God te vrees, heerlikheid aan Hom te gee, en Hom te aanbid, veral in die lig van die oordeel.[5]
Dit toon dat heiligmaking sowel as regverdigmaking betrokke is by the verkondiging van die evangelie. Wanneer die evangelie aan die wêreld verkondig is, sal die einde kom.[5]

**5. Wanneer is die Evangelie Plan bekend gemaak?**[3] Génesis 3:7; 3:15; 3:21.

***As gevolg van 'n plan wat vanuit die ewigheid beraam is, het hulle nie daardie einste dag gesterf nie.*** Die plan het twee spesifieke punte behels: Die uitkies van die **volmaakte lam**, en die **dood van daardie Lam**. Hierdie was geen **laaste oomblik noodtoestandplan** nie, maar liewer 'n **gebeurlikheidsplan** wat vanuit die ewigheid uitgelê is **ingeval** die mens sou sondig. God was nie verras nie, en het nie gesê: "O, o, wat gaan ons nou doen?" nie. 1 Petrus 1:18-20.
(Adam en Eva) Het probeer om hul naaktheid met **vyeblare** te bedek: Génesis 3:7.
God sê: "**Julle kan nie julle naaktheid** self bedek nie, **hoe hard julle ook al probeer**."

God belowe om '**n saad te stuur** om die kop van die **slang** te vermorsel.

**6. Hoe sou dit gedoen word?** Génesis 3:21.

'n Volmaakte lam het **daardie einste dag** gesterf, en die **dood** van die Lam sou die **kledingstukke verskaf** wat hulle naaktheid sou bedek.[3]
**Abraham** het vir sy seun Isak gesê: "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." (Génesis 22:8)[4]
God het die **offerstelsel** in Israel daargestel om **vooraf te skadu** wat in die **toekoms** sou gebeur.
**Priester** sonder **liggaamsgebrek**: Levítikus 21:17-21.[4]

**7. Watter plegtige verklaring maak die engel?** Openbaring 14:7.

**8. Met die oog op die oordeelsuur, wat word alle mense gevra om te doen?** Openbaring 14:7, eerste gedeelte.

Die eerste engel se boodskap van Openbaring 14 wat die uur van Gods oordeel aankondig en die mense maan om God te aanbid, is bedoel om die belydende volk van God af te skei van die verderflike invloede van die wêreld, en om hulle op te wek om hulle toestand van wêreldsgesindheid en afvalligheid te besef. In hierdie boodskap het God aan die kerk 'n waarskuwing gestuur wat, as dit aangeneem word, die booshede wat hulle van Hom skei, uit die weg sal ruim. *– Die Groot Stryd, 379:1.*

**9. "Aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."** Openbaring 14:7, laaste gedeelte.

**Die kernkwessies wat die wêreld in twee kampe sal verdeel,** sal **aanbidding en gehoorsaamheid wees** (Openbaring 14:6-7, 9-12).[2]
Dit was om hierdie waarheid voor die mens te hou dat God die Sabbat in Eden ingestel het; en solank as die feit bly staan dat Hy ons Skepper is en dat dit die rede is waarom ons Hom moet aanbid, so lank sal die Sabbat bly staan as die teken en gedenkteken daarvan. Dit is vanselfsprekend dat die boodskap wat die mense toeroep om God te aanbid en Sy gebooie te onderhou, 'n spesiale beroep op hulle sal doen om die vierde gebod te onderhou. *– Die Groot Stryd, 438:0.*


## *Omvang van die Boodskap*

**10. "Aan alle nasies en stamme en tale en volke."** Openbaring 14:6.

*Die Adventboodskap van 1840-44 was 'n heerlike openbaring van die krag van God; die eerste engel se boodskap het na elke sendingstasie in die wêreld gegaan en in sommige lande is daar die grootste godsdienstige belangstelling opgewek wat nog ooit gesien is sedert die Hervorming van die sestiende eeu; maar dit sal oortref word deur die magtige beweging in verband met die finale waarskuwing van die derde engel.* – Die Groot Stryd, 611:1.

**11. Verkondigers van die eerste engel se boodskap buite die V.S.A.:**

a. Manuel Lacunza (1731-1801) of Juan Josafat Ben-Ezra, ‘n Jesuïet van Chili en Italië, het geskryf, *La Venida del Mesias en Gloria y Majestad (The Coming of the Messiah in Glory and Majesty).*
b. Kinderpredikers in Swede in die 1840’s.
c. Henry Drummond (1786-1860), bankier, Parlementslid, Engeland.
d. Francois Samuel Robert Louis Gaussen (1790-1863), Frans-Switsers.
e. Edward Irving (1792-1834), Presbiteriaan, Engeland.
f. George Muller (1805-1898), Duits-Engels van Bristol Orphanages, Bristol, Engeland.
g. Lewis Way (1772-1840), Anglikaan, Engeland.
h. Joseph Wolff (1795-1862), Joodse-Christen (wêreldsendeling).




God roep Sy kerk om Sy boodskap aan 'n wêreld te gee wat voor die oordeel staan.

**12. Verkondigers van die eerste engel se boodskap binne die V.S.A.:**

a. Joseph Bates (1792-1872), Christen.
b. William C. Davis (1760-1831), Presbiteriaan, Suid-Carolina.
c. Charles Fitch (1805-1844), Presbiteriaan.
d. Joshua V. Himes (1805-1895), Christen.
e. Samuel McCorkle (1746-1811), Presbiteriaan, Noord-Carolina.
f. William Miller (1782-1849), Baptis.
g. Robert Scott, M.D. (1747-1834), Wesleyaan, Baptis, New York.
h. Richard C. Shimeall (1803-1874), Protestant Episkopaal, New Yorkstad.
i. George Storrs (-1880), Metodis.
j. James White (1821-1881), Christen.
k. Joshua Wilson (1774-1846), Presbiteriaan, Ohio.

***Dink Hieroor***
1. Die eerste engel roep die mense toe, “Vrees God en gee Hom heerlikheid,” en aanbid Hom as die Skepper van die hemel en die aarde. Om dit te kan doen, moet hulle Sy wet gehoorsaam. – *Die Groot Stryd, 436:1.*

2. In Openbaring 14 word die mense opgeroep om die Skepper te aanbid: en die profesie wys op ‘n klas wat as gevolg van die drievoudige boodskap die gebooie van God onderhou. Een van hierdie gebooie wys regstreeks op God as die Skepper. … Dit is vanselfsprekend dat die boodskap wat die mense toeroep om God te aanbid en Sy gebooie te onderhou, ‘n spesiale beroep op hulle sal doen om die vierde gebod te onderhou. – *Die Groot Stryd, 437:1-438:0.*

3. Die boodskap self werp lig op die tyd wanneer hierdie beweging sal begin. Dit word verklaar om deel te wees van die “ewige evangelie,” en dit kondig die aanvang van die oordeel aan. Die boodskap van saligheid is in alle eeue verkondig; maar hierdie boodskap is deel van die evangelie wat alleen in die laaste dae kan verkondig word, want alleen dan sou dit waar wees dat die uur van Sy oordeel *gekom* het. – *Die Groot Stryd, 355:3.*

4. Die werk om die evangelie te verkondig, is nie aan engele opgedra nie, maar is aan die mens gegee. Heilige engele is gebruik om leiding te gee in hierdie werk; hulle is in bevel van die groot bewegings vir die redding van die mens; maar die werklike verkondiging van die evangelie word gedoen deur die diensknegte van Christus op die aarde. … Getroue manne wat die leiding van Gods Gees en die leer van Sy Woord gehoorsaam, moes hierdie boodskap van waarskuwing aan die wereld gee. – *Die Groot Stryd, 312:1, 2.*

5. Dit het goddelike wysheid behaag om die verhewe karakter van die werk wat deur hierdie boodskap gedoen word en die krag en heerlikheid waarmee dit gepaard gaan, voor te stel deur die reinheid en heerlikheid en krag van die hemelse boodskapper. In die vlug van die engel “in die middel van die lug,” en “die groot stem” waarmee die waarskuwing gegee word, en die verkondiging daarvan aan almal wat op aarde woon – naamlik, “aan alle nasies, stamme en tale en volke” (Openbaring 14:6, 7) – is bewys van die spoed en wêreldwye omvang van die beweging. – *Die Groot Stryd, 355:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Openbaring 14:6, 7

## *Definieer of Identifiseer*

Ewige evangelie; Stamme; Nasies; Volke; Tale

VERWYSINGS

1. “The Three Angels Message Study Notes deur Stephen Bohr, ScretsUnsealed.org, p. 6
2. P. 7
3. P. 13
4. P. 14
5. P. 18



# LES 73 – DIE TWEEDE ENGEL SE BOODSKAP

*En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. Openbaring 14:8.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir n omvattende studie- "The Three Angels Messages"*** *deur Leraar Stephen Bohr by* ***https://secretsunsealed.org/the-three-angels-message-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=bl0y-0CR1xw&list=PL6A480C40F7BA55A4***

**Die benaming "Babilon" is afgelei van "Babel," wat verwarring beteken. Dit word in die Skrifte gebruik om die verskillende vorms van valse of afvallige godsdiens voor te stel. In Openbaring 17 word Babilon deur 'n vrou voorgestel – 'n beeld wat in die Bybel gebruik word as simbool vir 'n kerk; 'n goeie vrou stel 'n rein kerk voor, en 'n slegte vrou 'n afvallige kerk.** – *Die Groot Stryd, 381:1.*

**1. Is die woord "Babilon" spesifiek van toepassing op die Rooms-Katolieke Kerk?**

Die woord Babilon beteken die **universele wêreldlike en afvallige kerk**.

Die Babelbouers – **'n stelsel gesentreer op die mens wat die mens verheerlik.** Die mens probeer om homself te red en om die hemel deur sy eie pogings te bereik, en hy vervolg al diegene wat wat die ware God aanbid en Hom gehoorsaam. Génesis 11:1-9.[1]

Ten spyte van al die tale sal eindtyd-Babilon alle nasies, tale en volke verenig in rebellie teen God. Bestudeer hier sommige aspekte van **Openbaring 17,** hoe die konings, die hoer, die waters, die handelaars almal eensdenkend is, maar net soos die geval was met die toring van Babel, sal eindtyd-Babilon se planne in duie stort.[1]

***2 Korinthiërs 11:2****: Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle* ***aan een man verbind****, om julle as 'n* ***reine maagd*** *aan Christus voor te stel.*

'n **Hoer** verteenwoordig 'n **afvallige kerk** wat die **hoofrolspeler** in die storie is. Die hoer se naam is Babilon. Sy **sit** op die waters, wat beteken dat sy **oor hulle regeer**.[2] Haar heerskappy of beheer is **globaal of wêreldwyd**. Sy **hoereer met die konings** van die aarde, en verteenwoordig **'n kerk wat deurmekaar is met die politieke magte** van die wêreld.

**2. Hoe is Babilon van ouds se val profeties beskryf?** Jeremia 51:8.

**3. Let noukeurig op die redes wat gegee word vir die val van beide Babilon van ouds en hedendaagse Babilon.** Vergelyk Jeremia 51:7 en Openbaring 14:8.

Die parallele tussen die Roomse kerk en Babilon van ouds is treffend, soos ons kyk na die heidense Babiloniese staatsgodsdiens met sy rykdom en polities-magtige hierargie, sy fyn uitgewerkte tempel rituele, sy priesterlike monopolie van kennis, sy liturgie wat in 'n antieke taal, onbekend aan die algemene mens, uitgevoer word, sy prosessies van 'goddelike' beelde, sy groot lentefees waar rou deur vreugde gevolg word, sy alomteenwoordige Maagd Maria-godin wat vir haar aanbidders voorspraak maak. Maar daar is selfs meer as 'n parallel; daar is 'n werklike lyn van oorlewering van talle godsdienstige elemente, van Babilon deur die Romeinse Ryk na die Roomse Kerk. – *Bible Readings for the Home, 250:6.*

***4. Let op die volgende ooreenkomste tussen antieke en moderne Babilon:***

| **Babilon van Ouds** | **Moderne Babilon** |
|---|---|
| a. Godslasterlik. Daniël 3:1-5 | a. Godslasterlik. Openbaring 17:3. |
| b. Vervolger. Daniël 3:20, 21. | b. Vervolger. Openbaring 17:6. |
| c. Trots. Daniël 4:28-31. | c. Trots. Openbaring 17:4; 18:7. |
| d. Selfverhewe. Daniël 4:28-31. | d. Selfverhewe. Openbaring 18:7. |
| e. Het die aarde dronk gemaak. Jeremia 51:7. | e. Nasies het van haar wyn gedrink. Openbaring 14:8. |
| f. Mense gewaarsku om uit haar te vlug. Jeremia 51:6. | f. "Gaan uit haar uit, my volk." Openbaring 18:4. |
| g. Babilon het skielik geval. Jeremia 51:8; Daniël 5:30, 31. | g. "Geval het Babilon." Openbaring 14:8; 18:2. |
| h. "Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn!" Jeremia 51:8. | h. "Oor haar ween en oor haar weeklaag,… sal ween en rou bedrywe oor haar." Openbaring 18:9;11 |

**5. Hoekom het Babilon geval?** Openbaring 14:8; 18:2, 3.

***Sy het die Eerste Engel se boodskap verwerp.***
As sy die eerste engel se boodskap aanvaar het, sou sy nooit geval het nie. Sy het geval omdat sy **'n alkoholis geword het**, en **haar wyn (valse leerstellings) aan die bewoners van die wêreld gegee het**. Om **afgode te aanbid** is 'n gruwel.[3]

Die **eerste engel** sê vir ons dat: [3]

- Jesus is **net eenmaal geoffer, vir alle mense**.
- Hy is ons **enigste** en **voldoende hoëpriester**
- *Ons word **alleenlik deur Sy geregtigheid gered en nie deur ons werke nie**.*
- Ons behoort **God se karakter** te weerspieël.
- Ons moet ons **liggaam** en **gees** versorg.
- Ons moet **Gods wet** onderhou.
- Ons leef in die uur van **God se oordeel**.
- *Die **dode is dood** tot die opstanding en slegs God kan aan ons lewe gee.*
- Ons moet die **Sabbat** hou ter ere van die Skepper.

**6. Nog 'n dringende oproep aan die einde van die menslike geskiedenis.** Openbaring 18:2, 3.

**7. Wat sal die finale lotsbestemming van moderne Babilon wees?** Openbaring 18:21-24.

**8. Sal daar nog ‘n finale oproep wees om uit Babilon te gaan?** Openbaring 18:4, 5.
**Openbaring 18** wys die tyd aan wanneer die kerk, as gevolg van die verwerping van die drievoudige waarskuwing van Openbaring 14:6-12, eindelik die toestand sal bereik, soos voorspel deur die tweede engel en wanneer die volk van God wat nog in Babilon is, versoek sal word om hulle van haar af te skei. **Hierdie boodskap is die laaste wat ooit aan die wêreld verkondig sal word; en dit sal sy werk verrig.** – *Die Groot Stryd, 390:2.*

**9. Wat sal diegene wat uit Babilon kom, sing?** Openbaring 19:6, 7.

## *Dink Hieroor*

1. Babilon word verder beskryf as “die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.” Openb. 17:4-6, 18. Die mag wat vir soveel eeue despotiese heerskappy gevoer het oor die konings van die Christendom, is Rome. … Geen ander mag kan so treffend beskryf word as “dronk van die bloed van die heiliges” [Openb. 17:6], as daardie kerk wat die navolgers van Christus so wreed vervolg het nie. – *Die Groot Stryd, 382:2.*

2. “En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.” Openbaring 14:6-8. Hoe word dit gedoen? Deur mense te dwing om ‘n valse sabbat te aanvaar. – *Testimonies, vol. 8, 94:2.*

3. Die gevalle Protestantse kerke is Babilon. Babilon het met die verloop van tyd dodelike leerstellings bevorder, die wyn van dwaalleer. Hierdie wyn van dwaalleer bestaan uit valse leerstellings, soos die onsterflikheid van die siel, die ewige pyniging van sondaars, die ontkenning van die voorbestaan van Christus voor Sy geboorte in Betlehem, en die verkondiging en verheffing van die eerste dag van die week bo God se heilige en geheiligde dag. Hierdie en verwante dwalinge word deur die verskeie kerke aan die wêreld voorgehou, en dus word die Skrifte vervul wat sê, “omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.” [Openbaring 18:3.] Dit is ‘n grimmigheid wat deur valse leerstellings geskep word, en wanneer konings en presidente hierdie wyn van die grimmigheid van haar hoerery drink, word hulle aangehits tot woede teen diegene wat nie simpatiek staan teenoor die valse en sataniese kettery wat die valse sabbat verhef, en wat daartoe lei dat mense God se gedenkdag vertrap. – *Testimonies to Ministers, 61:3.*

4. Deur te weier om te luister na die boodskap van die eerste engel, het hulle die middel van die hemel wat vir hulle herstelling voorsien is, verwerp. Hier het ons die oorsaak van die vreeslike toestand van wêreldsgesindheid, afvalligheid, en die geestelike dood wat daar in die kerke van 1844 geheers het. – *Die Groot Stryd, 380:2.*


5. Die profesie verklaar dat die eerste engel sy boodskap sal gee aan “alle nasies en stamme en tale en volke.” [Openbaring 14:6.] Die waarskuwing van die derde engel wat deel uitmaak van dieselfde drievoudige boodskap, word net so wyd en syd verkondig. Die profesie sê dat dit met ‘n luide stem verkondig word deur ‘n engel wat in die middel van die lug vlieg; en dit sal die aandag van die ganse wêreld trek. – *Die Groot Stryd, 450:0.*

6. Van al die godsdienstige bewegings sedert die dae van die apostels, was daar nie een wat so vry van menslike onvolmaaktheid en sataniese bedrog was as dié van die herfs van 1844 nie. Selfs nou, na verloop van baie jare, voel almal wat aan daardie beweging deelgeneem en pal gestaan het op die platvorm van

waarheid, nog die heilige invloed van daardie geseënde werk en hulle getuig dat dit van God was. – Die Groot Stryd, 401:3.

***Met 'n groot stem verkondig die drie engele hulle boodskappe van waarskuwing wat na elke nasie en volk gaan.***






Kerke wat Gods Woord verlaat het en die tradisies van die mens aanhang, raak verdorwe.

***Tekste om te Onthou***

Jeremia 51:6-8
Openbaring 14:8
Openbaring 18:1-4

VERWYSINGS
1. The Three Angels' Message Study Notes deur Stephen Bohr, SecretsUnsealed.org, p. 54
2. P. 59
3. P. 65

# LES 74 – DIE DERDE ENGEL SE BOODSKAP

*As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. Openbaring 14:9, 10.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir 'n omvattende studie- "THE THREE ANGELS MESSAGES"** deur Leraar Stephen Bohr by* ***https://secretsunsealed.org/the-three-angels-message-pdf-download/***

***https://www.youtube.com/watch?v=bl0y-0CR1xw&list=PL6A480C40F7BA55A4***

**Die boodskap van die derde engel is om 'n volk voor te berei om in hierdie gevaarlike tyd te kan staan. Dit moet met 'n groot stem verkondig word en moet 'n werk verrig wat deur min begryp word.** – *Testimonies, vol. 8, 94:1.*
**Hierdie boodskap moes die verhoogde Heiland, die offer vir die sondes van die hele wêreld, meer prominent voor die wêreld bring. Dit bied regverdigmaking deur die geloof in die Borg; dit het mense genooi om die geregtigheid van Christus te aanvaar, wat geopenbaar word in gehoorsaamheid aan al God se gebooie. Talle het Jesus uit die oog verloor. Hierdie is die boodskap wat volgens God se bevel aan die wêreld gegee moet word. Dit is die derde engel se boodskap, wat met 'n groot stem verkondig moet word, en dit gaan gepaard met die grootskaalse uitstorting van God se Gees.** – *Testimonies to Ministers and Gospel Workers, 91:2.*

## *'n Waarskuwende Boodskap*

**1. Wat is die betekenis van die woord "waarskuwende"?**

Waarskuwende, 'n byvoeglike naamwoord, is beskrywend van "om te dien as 'n alarm, 'n teken, 'n oproep, ens., wat iets wat op hande of dreigend is, of die teenwoordigheid van gevaar, aankondig." – Vertaal uit die Webster woordeboek.

**2. Waar is die "teenwoordigheid van gevaar" betrokke; of, waar word 'n alarm geopenbaar; of, waar word die oproep gevind, waarna Openbaring 14:10, 11 se waarskuwende boodskap verwys?**

Die vreeslikste dreigement wat nog ooit teen sterwelinge geuiter is, woord vervat in die derde engel se boodskap. – *Die Groot Stryd, 449:2.*

**3. Die derde engel se boodskap waarsku teen drie dinge.** Openbaring 14:9.

a. **Die dier,** wat die pousdom is.
b. **Die beeld van die dier,** wat gevorm word wanneer die Verenigde State wette vir die onderhouding van Sondag uitvaardig en afdwing.

c. **Die merk van die dier,** wat ontvang word wanneer Sondag onderhou word as ‘n dag van aanbidding omdat die landswette dit vereis, ten spyte daarvan dat God se vereistes rakende Sy heilige dag aan almal bekend is.

**4. Wat is die kwessie wat betrokke is?** Psalm 119:126.

Dit is eers wanneer die saak duidelik onder die aandag van die volk gebring is en hulle voor die keuse gestel word om te kies tussen die gebooie van God en die gebooie van mense, dat diegene wat volhou met hulle oortreding die “merk van die dier” sal ontvang. – *Die Groot Stryd, 449:1.*

**5. Hoekom is hierdie waarskuwende boodskap so gewigtig?**

Daar word voorgestel dat die derde engel van Openbaring 14 vinnig deur die middel van die lug vlieg terwyl hy uitroep: “Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.” [Openbaring 14:12.] Hier word die aard van die werk van Gods volk aangetoon. Hulle het ‘n boodskap wat so belangrik is dat daar voorgestel word dat hulle vlieg tydens die verkondiging daarvan aan die wêreld. Hulle hou in hulle hande die lewensbrood vir ‘n hongerige wêreld. Die liefde van Christus dring hulle. Hierdie is die laaste boodskap. Daar is geen boodskappe wat hierna sal volg nie, geen verdere utnodigings van genade sal gegee word nadat hierdie boodskap sy werk gedoen het nie. Wat ‘n verantwoordelikheid! – *Testimonies, vol. 5, 206:3.*

**6. Hoe kan die waarskuwende boodskap dien as ‘n voorbereiding om God te ontmoet, indien daarop ag geslaan word?**

Hierdie is die boodskap wat in ooreenstemming met God se bevel het aan die wêreld gegee moet word. Dit is die derde engel se boodskap wat met ‘n groot stem verkondig moet word, en wat gepaard gaan met die uitstorting van Sy Gees in ‘n groot mate. – *Testimonies to Ministers and Gospel Workers, 92:0*.

**Aan diegene wat die boodskap ontvang het, het God die taak gegee om die wêreld te waarsku.**

## *Hef Christus op en Berei ‘n Volk*

**7. Let op die karaktertrekke van die heiliges wat die derde engel se boodskap net voor die wederkoms verkondig.**

a. Hulle is **geheilig en onberispelik.** 1 Korinthiërs 1:2, 8.
b. Hulle **verheerlik Christus.** 2 Thessalonicense 1:10.
c. Hulle **bewaar die gebooie van God.** Openbaring 12:17; 14:12.
d. Hulle bewaar **“die geloof in Jesus.”** Openbaring 14:12.
e. Hulle beskik oor **lydsaamheid.** Openbaring 14:12.

**8. Hoe word die oorblyfsel voorberei om die boodskap met welslae te verkondig?** Johannes 1:12; Handelinge 1:8.

Ek is gewys op die tyd wanneer die derde engel se boodskap afgesluit sal word. Die krag van God het op Sy volk gerus; hulle werk was afgedaan, en hulle was gereed vir die uur van beproewing voor hulle. Hulle het die laat reën ontvang, of die verkwikking van die aangesig van die Here, en die lewende getuienis het herlewe. – *Eerste Geskrifte, 279:1.*

Deur duisende stemme oor die aarde sal die waarskuwing gegee word. Op hierdie manier sal die bewoners van die aarde beweeg word om kant te kies. *– Die Groot Stryd, 612:1.*

## *Bevat 'n Beloning*

**9. Wat is 'n heilige?** Matthéüs 7:21; 25:32-46; Openbaring 14:12.

'n Heilige is iemand wat buitengewoon mensliewend, geduldig, onselfsugtig is – Vertaal uit Webster woordeboek.
Die ewige God het die skeidslyn getrek tussen die heiliges en die sondaars, die bekeerdes en die onbekeerdes. Hulle is so verskillend soos dag en nag. Hulle [die heiliges] oorpeins die vleeswording van Christus, hulle oorpeins die groot offer wat gemaak is om hulle uit die verderf te red, om vergifnis, vrede, en ewige geregtigheid mee te bring. Heiligheid en waarheid, genade en geregtigheid, vul die gedagtes. Die eie-ek sterf, en Christus leef in Sy dienaars. *– Counsels to Parents, Teacxhers, and Students, 341:1, 2.*

**10. Hoe word diegene beskryf wat weier om die dier te aanbid?** Openbarng 12:17; 14:12.

**11. Wat is die beloning van die heiliges?** Openbaring 15:2-4; 20:4-6.

## *Dink Hieroor Na*

1. Die derde engel se boodskap is deel van die ewige evangelie, nie 'n nuwe evangelie nie.

2. Waarom is die derde engel se boodskap 'n boodskap wat beide die heilige en die sondaar toets?

3. Hoe maak die derde engel se boodskap die Tien Gebooie groot?

4. Daar is aan my getoon dat die derde engel, wat die gebooie van God en die geloof van Jesus verkondig, die mense verteenwoordig wat hierdie boodskap aanvaar en die waarskuwende stem aan die wêreld verhef, om Gods gebooie soos die oogappel te hou, en dat talle die Sabbat van die Here sou aanvaar in antwoord op hierdie waarskuwing. *– Testimonies, vol. 1, 77:0, 5.*

Talle het aan my geskryf om te verneem of **die boodskap van regverdigmaking deur die geloof die derde engel se boodskap is,** en ek het geantwoord, "Dit is inderdaad die derde engel se boodskap." *– E.G. White, Review and Herald, April 1, 1890.*

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 24:14
Openbaring 14:9
Openbaring 22:11, 12

## *Definieer of Identifiseer*

Beeld van die dier
Merk van die dier

# LES 75 – DIE EINDE VAN DIE GENADETYD

*Toe sê die H**ERE**: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie. Génesis 6:3*

***https://www.youtube.com/watch?v=Zqo4mlAPZPE***

**Wanneer die ondersoekingswerk klaar is, wanneer die lewens van almal wat deur die eeue heen bely het dat hulle navolgers van Christus was, ondersoek is, dan, en nie voor daardie tyd nie, sal die genadetyd sluit en die genadedeur toegaan. In daardie een kort sinnetjie, "En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit," word ons gebring tot die einde van die Heiland se laaste bediening en tot die tyd wanneer die werk vir die verlossing van die mense voleindig is. Wanneer die ondersoekende oordeel afgesluit word, sal die lot van alle mense vir die dood of die lewe beslis wees. Die genadetyd sluit 'n tydtjie voor die verskyning van die Here op die wolke van die hemel.** - *Die Groot Stryd, 428:2; 490:2.*

## *God se Genade en Verlossing*

**1. Hoe word God se liefde onmiskenbaar geopenbaar?** Johannes 3:16; 15:13.

**Die tong kan dit nie uiter nie; die pen kan dit nie beskryf nie. Jy mag dit elke dag van jou lewe bepeins; jy mag die Skrifte ywerig ondersoek sodat jy dit kan verstaan; jy mag al jou krag en vermoëns wat God aan jou gegee het, bymekaar skraap in 'n poging om die liefde en barmhartigheid van die hemelse Vader te verstaan; en tog lê daar nog 'n oneindigheid voor.** – *Testimonies, vol. 5, 740:1.*

**2. Wat is die uitdrukking wat Dawid herhaaldelik gebruik om God se goedertierenheid te benadruk?** Psalm 136.

**3. Hoe het die psalmdigter God se goedertierenheid geïllustreer?** Psalm 103:8, 11.

**4. Watter sigbare, tasbare voorwerp het God gebruik om die samevoeging van Sy genade en Sy geregtigheid voor te stel?** Exodus 25:17, 22.

Die wet van God wat binne-in die ark was, was die reël van geregtigheid en oordeel. Daardie wet het die oortreder tot die dood veroordeel, maar bokant die wet was die versoendeksel waarop die teenwoordigheid van God geopenbaar is en waarvandaan aan die boetvaardige sondaar op grond van die versoening vergifnis geskenk is. Deur Christus se verlossingswerk vir ons soos dit deur die diens van die heiligdom gesimboliseer word, ontmoet goedertierenheid en trou mekaar dus; daar kus geregtigheid en vrede mekaar [Psalm 85:11]. – *Patriarge en Profete, 349:2.*

**5. Wat, het ons gevind, is die evangelieboodskap?** – Romeine 1:16.

**6. Let op die verkondiging en aanvaarding van die evangelie in die verskeie tydperke van die aarde se geskiedenis wat uiteindelik lei tot die einde van die genadetyd:**

a. Adam, voor die vloed. Génesis 3:15.

b. Henog. Judas 14.
c. Noag, voor en na die vloed. Génesis 6:8-22; Hebreërs 11:7.
d. Abraham, patriargale tydperk. Génesis 26:5; Hebreërs 11:8-19.
e. Moses, kerk in die woestyn. Hebreërs 11:23-29.
f. Samuel en Dawid, tydperk van profete en konings. Hebreërs 11:32, 33.
g. Daniël, tydperk van gevangenskap. Daniël 9:3-23.
h. Dissipels, tydperk van Jesus se bediening. Matthéüs 4:17-20.
i. Apostels, tydperk na Jesus se bediening. Handelinge 2:42-47.
j. Oorblyfsel, laaste tydperk. Openbaring 7:10; 12:17; 14:12.

**7. Wat moet nog gedoen word voordat "die einde" sal kom?** Matthéüs 24:14.

## *Tydperk van Beproewing*

**8. Wat beteken die woord "proeftyd"?**

Proeftyd – tydperk om te leer; enige handeling wat bedoel is om waarheid vas te stel, om karakter te bepaal; beproewing, of 'n tydperk van beproewing; die metode om 'n veroordeelde oortreder te behandel, waardeur hy vrygelaat word met 'n opgeskorte vonnis. – Vertaal uit Webster woordeboek.

**Ons weet nie hoe gou ons proeftyd kan sluit nie en ons van aangesig tot aangesig voor ons lewensgeskiedenis te staan sal kom.**

**9. Watter frase in Johannes 3:16 openbaar 'n element van 'n proeftyd?**

**10. Watter betekenisvolle gebeurtenis maak die maat van ongeregtigheid vol en sluit die proeftyd?**

**ANTWOORD:** Die afdwing van 'n mensgemaakte wet (Sondagaanbidding), strydig met die Goddelike wet van Sabbatonderhouding. By wyse van 'n dekreet wat die instelling van die pousdom in stryd met Gods wet afdwing, sal ons nasie haarself volkome losmaak van geregtigheid. Wanneer Protestantisme die hand oor die kloof uitsteek om die hand van die Roomse mag te neem, wanneer hulle die hand oor die kloof uitsteek en die hand van Spiritisme neem, wanneer, onder die invloed van hierdie drievoudige vereniging, ons land elke beginsel van ons grondwet as 'n protestantse en republikeinse regering sal verwerp, dan sal ons weet dat die einde naby is. Soos die nadering van die Romeinse leër vir die dissipels 'n teken was van die dreigende vernietiging van Jerusalem, so mag hierdie afvalligheid vir ons 'n teken wees dat die perke van God se lankmoedigheid bereik is, dat die maat van ons nasie se ongeregtigheid vol is. – *Testimonies, vol. 5, 451:1, 2.*

**11. Is 'n proeftyd 'n onmisbare deel van die evangelie?** Deuteronómium 28; Josua 24:15; Johannes 3:16.

**12. Hoekom is dit 'n genadedaad om die heerskappy van die sonde tot 'n einde te bring?** Jesaja 65:16-20; Eségiël 33:11; Johannes 14:1-3; Openbaring 21:1-5.

'n Lewe van opstand teen God het hulle ongeskik gemaak vir die hemel. Die reinheid, die heiligheid en vrede wat daar heers, sou vir hulle 'n marteling wees; die heerlikheid van God sou vir hulle 'n verterende vuur wees. Hulle sou smag om weg te vlug van daardie heilige plek. Hulle sou vernietiging verwelkom sodat hulle verberg kan wees vir die aangesig van Hom wat gesterf het om hulle te verlos. Die lot van die goddelose word deur

hulle eie keuse beslis. hulle uitsluiting uit die hemel is vrywillig aan hulle kant, en regverdig en genadig aan die kant van God. *– Die Groot Stryd, 543:0.*

**13. Let op die plegtige Bybelse taal wat die einde van die genadetyd kenmerk:**

a. Die oes is verby en ons is nie verlos nie. Jeremia 8:20.
b. 'n Honger om die woorde van die Here te hoor. Amos 8:11.
c. Die deur is gesluit. Matthéüs 25:11.
d. Wie vuil is, laat hom nog vuiler word. Openbaring 22:11.

**14. Watter soort persone moet ons wees soos ons besef dat die genadetyd binnekort tot 'n einde gaan kom?** 2 Petrus 3:11.

Ons het geen tyd om te verkwis nie. Ons weet nie hoe gou ons proeftyd kan sluit nie. Op sy langste het ons maar 'n kort lewensduur hier, en ons weet nie hoe gou die pyl van die dood ons hart mag tref nie. *– Die Helende Hand, 454:2.*

## *Dink Hieroor*

1. Hoe kan 'n God van liefde en genade eintlik 'n guns teenoor 'n sondaar betoon deur sonde tot 'n einde te bring?

2. Hoekom is dit verstandig om nou voor te berei pleks van te wag totdat "die Sondagaangeleentheid" sy klimaks bereik het?

3. Hoe vereenselwig jy die feite dat God genadig is, maar dat Hy die skuldiges "nooit ongestraf laat bly nie"? Exodus 34:7.

4. Kan daar 'n verlossingsplan wees sonder 'n proeftydperk?

5. Daar sal geen toekomstige proeftyd wees om hulle vir die ewigheid voor te berei nie. Ons moet die kleed van Christus se geregtigheid in hierdie lewe aantrek. Dit is ons enigste geleentheid om karakters te vorm vir die tuiste wat Christus vir diegene berei het wat Sy gebooie bewaar.
Die dae van ons proeftyd is haas verby. Die einde is naby. Aan ons word die waarskuwing gegee: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie." Lukas 21:34. Wees op u hoede dat dit u nie ongereed betrap nie. Wees versigtig dat u nie miskien by die Koning se feesmaal sonder bruilofskleed gevind word nie. *– Gelykenisse van Christus, 319:1, 2.*

## *Tekste om te Onthou*

Génesis 6:3; Josua 24:15; Eségiël 33:11

## *Definieer of Identifiseer*

(Die skuldiges) "nooit ongestraf laat bly nie"
Tasbaar

# LES 76 – DIE TYD VAN BENOUDHEID

*En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. Daniël 12:1.*

***https://www.youtube.com/watch?v=O064_bBOhkk***
*The Great Tribulation (Time of Trouble) - Leraar Stephen Bohr*

*Die Groot Stryd, 613:1 – 652:2; Eerste Geskrifte, 282:2 – 287:2.*

**Jakob se ervaring gedurende daardie nag van worsteling en angs is 'n sinnebeeld van die beproewing wat die volk van God onmiddellik voor die wederkoms van Christus moet deurmaak. Toe hy in 'n heilige gesig ons tyd gesien het, het die profeet Jeremia gesê: "Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! Waarom … is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word." Jeremia 30:5-7.** *– Patriarge en Profete, 201:1.*

## *Tyd van Benoudheid Voorspel*

**1. In watter taal beskryf Daniël die "tyd van benoudheid"?** Daniël 12:1.

**2. Met wie se ondervinding word hierdie "tyd van benoudheid" vergelyk?** Jeremia 30:7.

Dit is wat die volk van God in hulle laaste stryd met die magte van boosheid sal beleef. God sal hulle geloof, hulle volharding, hulle vertroue in Sy vermoë om hulle te red, toets. Die Satan sal hulle probeer bang maak met die gedagte dat hulle geval hopeloos is; dat hulle sonde te groot is om vergewe te word. Hulle sal 'n diepe besef hê van hulle tekortkominge, en wanneer hulle aan hulle lewe terugdink, sal hulle moedeloos word. Maar wanneer hulle aan Sy groot genade dink en onthou dat hulle opreg boetvaardig was, sal hulle aanspraak maak op Sy beloftes deur Christus aan hulpelose, boetvaardige sondaars. Hulle geloof sal nie kwyn omdat hulle gebede nie onmiddellik verhoor word nie. Hulle sal die krag van God aangryp soos Jakob die engel aangegryp het, en hulle hartetaal sal wees: "Ek sal U nie laat gaan nie tensy U my seën." [Génesis 32:26.] As Jakob nie reeds berou gehad het oor die sonde waardeur hy die geboortereg met bedrog gekry het nie, kon God sy gebed nie verhoor het en sy lewe genadiglik gespaar het nie. *– Patriarge en Profete, 202:1, 2.*

**3. Wat sê God het Hy opgespaar teen die tyd van benoudheid?** Job 38:22, 23.
(Sien ook Openbaring 16:17, 21.)

### *Wanneer Begin Dit?*

**4. Wanneer begin hierdie "tyd van benoudheid … soos daar nog nie gewees het nie"?** Daniël 12:1.

**Hierdie tyd van benoudheid sal begin sodra Christus Sy middelaarswerk vir die mens staak.** Dan sal die lot van elke siel beslis wees en daar sal geen versoeningsbloed wees om van sonde te reinig nie. *– Patriarge en Profete, 201:2.*

**5. Watter plegtige woorde dui die afsluiting van Jesus se werk as Middelaar aan?** Openbaring 22:11.

Wanneer Jesus Sy middelaarskap tussen God en mens neerlê, geskied die plegtige aankondiging: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word" (Openbaring 22:11). *– Patriarge en Profete, 201:2.*

***Voorbereiding vir die Tyd van Benoudheid***

**6. Teen watter voorbereiding word ons gewaarsku, en waarom?**

Die Here het keer op keer aan my getoon dat dit teen die Bybel is om enige voorsorg te maak vir ons stoflike behoeftes in die tyd van benoudheid. Ek het gesien dat as die heiliges voedsel opgaar, of op die lande het in die tyd van benoudheid, wanneer die swaar hongersnood, en pessiektes in die land is, sal dit van hulle afgeneem word deur geweldenaars, en vreemdelinge sal hulle lande afoes. *– Eerste Geskrifte, 56:2.*




Talle is besig om te sluimer in 'n tyd van gevaar, en hulle is onbewus van die krisis wat voorlê.

**7. Wat alleen sal ons red in die tyd van benoudheid?**

**'n Gedaante van godsaligheid sal niemand red nie. Almal moet hulle geestelike lewe verdiep. Slegs dit sal hulle red in die tyd van benoudheid.** Dan sal hulle werk op die proef gestel word, om te bepaal hoedanig dit is; en as dit goud, silwer, en kosbare stene is, sal hulle in die Here se verborge skuilplek verberg word. Maar as hulle werk hout, strooi, en stoppels is, kan niks hulle beskut teen die felheid van Jehova se toorn nie. *– Testimonies, vol. 1, 125:1.*

**8. Watter verhouding het die "verkwikking" en die "laat reëns" met ons gereedheid vir die tyd van benoudheid?**
Ek het gesien dat vele daardie voorbereiding verwaarloos wat so nodig is, en dat hulle uitgesien het na die tyd van "verkwikking" [Handelinge 3:19] en die laat reëns [Sagaría 10:1] wat hulle sal versterk om te kan staan in die dag van die Here, en te lewe in Sy teenwoordigheid. O, hoeveel het ek gesien in die tyd van benoudheid sonder 'n beskutting! Hulle het in gebreke gebly om die nodige voorbereiding te maak; daarom kon hulle nie die verkwikking verkry wat almal moet hê om hulle geskik te maak om te lewe in die teenwoordigheid van 'n heilige God nie. ... Ek het gesien dat niemand kan deel in die "verkwikking" tensy hy die oorwinning behaal oor elke swakheid, hoogmoed, selfsug, liefde vir die wêreld, en oor elke verkeerde woord en daad nie. *– Eerste Geskrifte, 71:2.*

**9. Watter soort geloof is nodig om die tyd van benoudheid die hoof te bied?**
Die tyd van ellende en angs wat voor ons is, vereis 'n geloof wat vermoeienis, vertraging en honger sal verduur – 'n geloof wat nie sal verflou nie hoe heftig die beproewing ook is. *– Die Groot Stryd, 621:2.*

**10. Wat moet waar wees rakende diegene wat Gods seël ontvang en beskerm word in die tyd van benoudheid?**
Diegene wat die seël van die lewende God ontvang en beskerm word in die tyd van benoudheid, moet die beeld van Jesus ten volle weerkaats. *– Eerste Geskrifte, 71:1.*

## *God se Volk Gedurende die Tyd van Benoudheid*

**11. Hoekom was die goddelose so woedend vir die oorblyfsel?**

Ek het die swaard, en hongersnood en pestilensie en groot verwarring in die land gesien. Die goddelose het gemeen dat ons die oordele op hulle gebring het, en hulle het raadgehou om ons van die aarde te verdelg, menende dat hulle op daardie wyse die onheil sou keer. *– Eerste Geskrifte, 33:2.*

**12. Wat het God belowe om in die tyd van benoudheid te doen?** Psalm 27:5; 41:2.

**13. Watter versekering van beskerming en hulp tydens die plae word gegee?** Psalm 91:9, 10; Jesaja 33:16; 41:17.

Terwyl die goddelose sterf van honger en die pes, sal engele die regverdiges beskerm en in hulle behoeftes voorsien. Aan hom "wat in geregtigheid wandel," is die belofte gegee, "Sy brood word hom gegee, sy water is gewis." (Jesaja 33:15, 16.) *– Die Groot Stryd, 629:2.*

**14. Hoekom is dit so moeilik om die naderende tyd van benoudheid voor te stel?** Daniël 12:1.

Dikwels is dit die geval dat moeilikheid wat ons verwag, groter skyn as wat dit werklik is; maar dit is nie die geval met die krisis voor ons nie. Die treffendste woorde sal nie die grootheid van die benoudheid kan beskryf nie. In daardie tyd van beproewing sal elke siel alleen voor God moet staan. – *Die Groot Stryd, 622:4.*

**15. Wanneer sal God Sy volk verlos?**

Dit was middernag toe God besluit het om Sy volk te verlos. Terwyl die goddelose rondom hulle gespot het, het die son skielik opgekom en in sy volle krag geskyn; en die maan het stilgestaan. Die goddelose het die toneel in verbasing aanskou, terwyl die heiliges die tekens van hulle verlossing met eerbiedige vreugde aanskou het. – *Eerste Geskrifte, 285:1.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Die "tyd van benoudheid vir Jakob" kom na die einde van die genadetyd en, natuurlik, voor Jesus se wederkoms.

2. Dit is 'n tyd wanneer daar nie meer 'n middelaar tudden God en die mens is nie – Satan sal sy uiterste doen om elkeen "verlore" te laat voel.

3. God se volk sal beskerm word – hulle brood en water sal seker wees; hulle sal nie meer gedood word nie, want 'n martelaarsdood sal teen daardie tyd geen doel meer dien nie, en God se engele sweef oor hulle.

4. "Dit was middernag toe God besluit het om Sy volk te verlos" moet nie vertolk word om te beteken Jesus sal op daardie tydstip kom nie. Dan sal die aardse mag oor die heiliges verbreek word. Dit is op daardie tydstip dat die spesiale opstanding plaasvind. Dit is op dieselfde tydstip dat Jesus die dag en uur van Sy wederkoms aankondig.

5. Soos die nadering van die Romeinse leër vir die dissipels 'n teken was van die dreigende vernietiging van Jerusalem, so mag hierdie afvalligheid [die vereniging van kerk en staat in die Verenigde State] vir ons 'n teken wees dat die perke van God se verdraagsaamheid bereik is, dat die maat van ons nasie se ongeregtigheid vol is, en dat die engel van genade op die punt staan om te vertrek, om nooit weer terug te keer nie. Die volk van God sal dan in daardie tonele van lyding en ellende wat deur die profeet beskryf word as die tyd van Jakob se benoudheid, gedompel word. Die geroep van die getroue vervolgdes styg op na die hemel. – *Testimonies, vol. 5, 451:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Jesaja 33:16
Daniël 12:1

## *Definieer of Identifiseer*

"Laat reën"
Wêreldlik
"Verkwikking"

# LES 77 – DIE SEWE LAASTE PLAE

*En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. Openbaring 15:1.*

***Redakteur se Nota: Indien iets nie duidelik is nie, gaan gerus na die skakels hieronder vir 'n omvattende studie- "CRACKING THE GENESIS CODE"** deur Leraar Stephen Bohr by*
***https://secretsunsealed.org/cracking-the-gnesis-code-pdf-download/***

**From Close of Probation to the New Earth – Stephen Bohr**
***https://www.youtube.com/watch?v=tNgy9W5xp8w&list=PLIWJyuxBfZ7gLK7C-orjBjh15c5TAsbdq***

**Die engel het gese, "Maak klaar, maak klaar, maak klaar." … Toe het ek gesien dat die sewe laaste plae eerlank uitgegiet moet word op diegene wat geen skuilplek het nie; maar die wêreld het hom so min daaraan gesteur asof dit 'n paaar druppels water was wat op die punt gestaan het om te val. Toe is ek in staat gestel om die vreeslike skouspel te sien van die sewe laaste plae, naamlik die wraak van God. Ek het gesien dat sy toorn vreeslik en verskriklik was, en dat as Hy Sy hand sou uitstrek, of dit in toorn sou ophef, sou die bewoners van die wêreld word asof hulle nooit gewees het nie, of hulle sou ly aan ongeneeslike sere en verterende plae wat hulle sou tref; en daar sou vir hulle geen verlossing wees nie, maar hulle sou daardeur vernietig word. Ek het vreesbevange geword, en het op my aangesig geval voor die engel en hom gevra om die gesig voor my weg te neem en te verberg, want dit was te vreeslik. Toe het ek, soos nog nooit tevore nie, gesien hoe belangrik dit is om die Woord van God deeglik te ondersoek om te weet hoe om te ontvlug van die plae wat volgens daardie Woord sal kom op al die goddelose wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang op hulle voorhoofde of in hulle hande.***– Eerste Geskrifte, 64:1, 2.*

## *Die Plae*

**1. Wat is die sewe laaste plae?**

a. Ek het sewe engele met die sewe laaste plae gesien, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. Openbaring 15:1.
b. Sewe goue skale, vol van die grimmigheid van God. Openbaring 15:7.
c. Aan die sewe engele, Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. Openbaring 16:1.

Die plae is nie wêreldomvattend nie, anders sou die aardbewoners almal uitgeroei word. Hulle is nogtans die vreeslikste gésels wat sterwelinge ooit geken het. Voor die afsluiting van die genadetyd was al die oordele van God op die mense met genade vermeng. Die pleitende bloed van Christus het sondaars beskerm teen die volle straf op hulle sonde; maar in die eindoordeel word die grimmigheid van God sonder genade uitgestort. *– Die Groot Stryd, 628:2.*

***Eerste Plaag:*** Openbaring 16:2

**2. Wie word veral uitgewys as diegene wat die eerste plaag sal ontvang?** Openbaring 16:2.
***Tweede Plaag:*** Openbaring 16:3

**3. Wat het gebeur toe die tweede plaag uitgegooi is?** Openbaring 16:3.
***Derde Plaag:*** Openbaring 16:4

**4. Wat was aangetas toe die derde plaag uitgegooi is?** Openbaring 16:4.

**5. Watter verklaring het "die engel van die waters" gemaak, en wie het hom geantwoord?** Openbaring 16:5-7.

Die engel van God het verklaar: "Ja, Here God, die Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. Want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het vir hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien." Openb. 16:5, 6. Deur die volk van God op die aarde tot die dood te veroordeel, het hulle net so gewis die skuld op hulle hals gehaal asof hulle met hulle eie hande die bloed vergiet het. Net so ook het Christus die Jode van Sy tyd skuldig verklaar aan die bloed van al die heiliges wat vergiet is van die dae van Abel af; want hulle was besiel met dieselfde gees en hulle het getrag om dieselfde werk as die moordenaars van die profete te doen. – *Die Groot Stryd, 628:0.*

***Vierde Plaag:*** Openbaring 16:8, 9

**6. Wat was die vierde plaag, en hoe het diegene op wie dit geval het, gereageer?** Openbaring 16:8, 9.

Die profete beskryf die toestand van die aarde gedurende daardie vreeslike tyd, as volg: "Die veld is verwoes, die aarde treur; … Al die bome van die land het verdor; want verwelk het die vreugde, weg van die mensekinders." "Die graankorrels het weggekrimp onder die kluite, die voorraadkamers is verwoes. … Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie. … Die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer." "En die liedere van die paleis sal in dié dag weeklaag, spreek die Here Here: 'n menigte van lyke gooi hulle oral neer in stilte." **Joël 1:10-12, 17-20; Amos 8:3.** – *Die Groot Stryd, 628:1.*

**7. Wat was in die verlede die gevolge van God se oordele?** Jesaja 26:9.

**8. Hoekom kom mense nie tot bekering soos hierdie oordele op hulle val nie, soos in die verlede gebeur het?** Openbaring 16:9, 11.

Die plae was besig om op die aardbewoners te val. Sommige het God verwens en vervloek. Ander het na die volk van God gehaas en hulle gesmeek om geleer te word hoe om Sy oordele te ontvlug. Maar die heiliges kon hulle nie help nie. Die laaste traan vir sondaars was gestort, die laaste smeekbede gebid, die laaste las gedra, en die laaste waarskuwing gegee. Die soete stem van genade sou hulle nie meer uitnooi nie. Toe die heiliges, en die hele hemel, belanggestel het in hulle verlossing, het hulle persoonlik glad nie belanggestel nie. Hulle het die keuse van die lewe of die dood gehad. Vele het die lewe begeer, maar hulle het geen poging gemaak om dit te verkry nie. Hulle het nie die lewe gekies nie, en nou was daar geen versoeningsbloed meer om sondaars te reinig nie, en geen ontfermende Verlosser om vir hulle te pleit nie, en te roep, "Spaar, spaar

die sondaar 'n bietjie langer." Die ganse hemel het saamgestaan met Jesus toe hulle daardie vreeslike woorde hoor, "Dit is verby. Dit is volbring." Die verlossingsplan is volvoer, maar min het gekies om dit aan te neem. En toe die soet stem van genade wegsterf, het die goddelose vreesbevange geword. Met skrikwekkende helderheid het hulle die woorde gehoor, "Te laat! Te laat!" – *Eerste Geskrifte, 281:1.*

***Vyfde Plaag:*** Openbaring 16:10, 11

**9. Wat het gebeur toe die vyfde engel sy skaal uitgegooi het "op die troon van die dier"?** Openbaring 16:10, 11.




Vreeslik is die oordele wat sal val op diegene wat die heiliges vervolg het.

***Sesde Plaag:*** Openbaring 16:12-16

**10. Waarop word die sesde skaal uitgegooi?** Openbaring 16:12.

Die baie waters waarop Babilon sit, is die Eufraatrivier. Maar hierdie waters verteenwoordig volke en menigtes en nasies en tale.[1] (Openbaring 17:15.)

In Jesaja 8:7, 8 word die inval van die Assiriese konings in Israel vergelyk met die Eufraatrivier wat in vloed is en wat selfs strek tot die breedte van Emmanuel se land. Daar word genoem dat die Rivier sy vlerke uitsprei. Die opdroog van die Eufraatrivier moet beteken dat hierdie nasies en menigtes hulle ondersteuning vir Babilon gaan onttrek. In werklikheid verduidelik Openbaring 17:16 wat die opdroog van die Eufraatrivier beteken. Hoewel die konings by die hoer aangesluit het (Openbaring 17:1, 2), sal hulle nou "*die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand*." *(Openbaring 17:16.)*

**11. Wat was die oogmerk met die opdroog van die waters van die Eufraatrivier, en hoe is die konings van die aarde "versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God"?**
Openbaring 16:12-14.

Dit word baie duidelik dat die twee leërs nie die Arabiere teen die Jode is nie, maar liewer die geallieerde magte van die aarde teen Christus en Sy engele. Moenie die punt miskyk dat die draak, die dier en sy beeld van hoofstukke 12-13 dieselfde drie magte van 16:13 en 19:19-20 is. Dit bewys bo alle twyfel dat Openbaring hoofstukke 12 tot 19 handel oor dieselfde sentrale tema, die oorlog van die verenigde magte van die aarde teen God en Sy volk.[1]

**12. "Die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" - "Armagéddon."** Openbaring 16:14-16.

Die naam Armagéddon in die Hebreeus (*harmoed*) beteken die "berg van samekoms." In die Ou Testament is die berg van samekoms berg Sion. Met ander woorde, die vyande kom tot hulle einde buite die heilige stad, Jerusalem (Openbaring 14:20).[2]
Die oorlog van Armageddon vind nie tydens die sesde plaag plaas nie. Die voorbereiding vind onder die sesde plaag plaas, maar die oorlog self vind in werklikheid tydens die sewende plaag plaas.[2]

**13. Watter van Christus se woorde bring hoop aan Sy getroue volgelinge?** Openbaring 16:15.

***Sewende Plaag:*** Openbaring 16:17-21.

**14. Soos die sewende engel sy skaal in die lug uitgooi, watter kort aankondiging het 'n stem vanuit die tempel in die hemel gemaak, en wat gebeur in die lug en op die aarde?** Openbaring 16:17, 18.

**DIT IS VERBY!**

Tydens die sewende plaag, is die grote Babilon in gedagtenis voor God gebring, om haar die beker met die wyn van die grimmigheid van Sy toorn te gee. Eilande en berge het verdwyn, en groot hael het uit die hemel geval. (Openbaring 16:19-21.)[3]

Aan die einde van die storie sal God se volk die lied van Moses en die lied van die Lam sing (Openbaring 15:2-4). Let daarop dat diegene wat hierdie liedere sing oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken was.[3]

**15. Die kernsaak in die oorlog van Armagéddon**[3]

Openbaring 16:15 verduidelik waaroor die oorlog van Armagéddon gaan: "Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie."
**Dieselfde waarskuwing is aan die kerk van Laodicéa gegee.** (Openbaring 3:18.)
**Let wel**: Dit moet beteken dat die kerk van Laodicéa op aarde sal wees gedurende die tydperk van die sesde plaag, anders sou God nie die waarskuwing gegee het nie. Tog maak talle Protestantse predikante daarop aanspraak dat die kerk nie gedurende die tydperk van die plaag op aarde sal wees nie!
*Die stem skud die hemele en die aarde. Daar kom 'n magtige aardbewing "soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde is nie – so 'n geweldige groot aardbewing." (Openb. 16:17, 18.) Die berge skud soos 'n riet wat deur die wind beweeg word en geskeurde rotse val aan alle kante. Daar word 'n gedreun gehoor soos van 'n geweldige wind. Die see bruis. Die gedruis van 'n rukwind word gehoor soos die stemme van duiwels op hulle vernietigingswerk. Die aarde beweeg op en neer soos die bare van die see.* – Die Groot Stryd, 637:1,

**Let wel:** Die kernsaak in die eindtyd stryd is hoe jy aangetrek is. As jy gedoop is, is jy met Christus beklee en jy is Abraham se saad, en jy is daarom geregtig op al die beloftes! God maak ‘n beroep op Sy volk om uit Babilon te kom, sodat hulle nie gemeenskap met haar sondes mag hê nie en van haar plae ontvang nie. Is jy gewillig om jou plek in te neem en te staan saam met hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar?[3]

## *God se Volk Beskerm*

**15. Wie sien Johannes op die see van glas, met siters van God?** Openbaring 15:2.

**16. Goddelike beloftes:**
a. “Die Engel van die Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.” Psalm 34:8.
b. “Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes.” Psalm 91:3.
c. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil.” Psalm 91:4.
d. “Al val daar ‘n duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Psalm 91:7.
e. “Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie.” Psalm 91:10.
f. “Sy brood word hom gegee, sy water is gewis.” Jesaja 33:16.
g. “Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die Here, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel , sal hulle nie verlaat nie.” Jesaja 41:17.

## *Dink Hieroor Na*

1. Nadat die merk van die dier en sy beeld ontwikkel is, val die eerste plaag op diegene wat “die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.” Openbaring 16:2.

2. Wanneer die sewe laaste plae uitgegooi word, sal Christus se werk as ons Middelaar tot ‘n einde gekom het, aangesien “niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.” Openbaring 15:8.

3. Die genadetyd is verby, want geen bekering is meer moontlik nie. Openbaring 16:9, 11.

4. Wanneer Jesus Sy voorbidding in die heiligdom daarbo staak, sal die ongemengde grimmigheid van God wat gedreig is teen hulle wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang, ingeskink word. – *Die Groot Stryd, 627:3.*
By die wêreldkonferensie van gelowiges van die teenswoordige waarheid, gehou te Sutton, Vermont, in September 1850, **is aan my getoon dat die sewe laaste plae uitgegiet sal word nadat Jesus die heiligdom verlaat het**. - *Eerste Geskrifte, 52:1.*

### *Tekste om te Onthou*

| | |
|---|---|
| Psalm 34:8 | Openbaring 15:1 |
| Psalm 91 | Openbaring 16 |

VERWYSINGS
1. Cracking the Genesis Code, 1-32 Studienotas deur Leraar Stephen Bohr; SecretsUnsealed.org, p. 300

2. P. 184
3. P. 184-185

# LES 78 – "DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS" OPSOMMING VAN EENHEID 10

*Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby. Openbaring 1:3.*

**Die belangrikheid om Openbaring te bestudeer, neem toe met die verloop van tyd. Hier is dinge "wat gou moet gebeur." Openbaring 1:1. Selfs toe Johannes getuig het van die Woord van God, en van die getuienis van Jesus Christus, en van alle dinge wat hy gesien het, was die lang tydperk waarbinne daardie agtereenvolgende tonele verwerklik sou word, op hande. Die eerste in die verbonde reeks was op die punt van vervulling. As nabyheid dan 'n rede was om ag te slaan op hierdie inhoud, hoeveel te meer is dit nou van toepassing! Elke eeu wat verbygaan, elke jaar wat tot 'n einde kom, maak dit nog meer belangrik om aandag te gee aan die laaste boek in die Bybel. En maak die mens se beheptheid met die huidige, wat 'n kenmerk is van ons tyd en ons land, nie hierdie aanspraak meer redelik nie? Daar was sekerlik nog nooit 'n groter behoefte aan een of ander groot teenwerkende mag nie. Die bestudering van die Openbaring van Jesus Christus voorsien die geskikte regstellende invloed. Mag dit wees dat alle Christene in die volste mate die seën ontvang van hulle "wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby."** – Openbaring 1:3. *– Augustus C. Thompson, Morning Hours in Patmos, 28.*

### *Die Openbaring van Jesus Christus aan die Sewe Kerke*

1. Waarom is die Openbaring nie 'n "verseëlde boek" nie?
2. Noem die sewe kerke en die betekenis van hulle name.
3. Watter kerk is lou? Hoekom?
4. Watter kerke verkondig die drie engele boodskappe?

### *Die Sewe Seëls Geopen*

1. Wat word deur die sewe seëls as 'n eenheid verteenwoordig?
2. Weet wat die sewe seëls is en watter tydperk deur elke seël verteenwoordig word.
3. Watter les sien jy in die progressie van kleure van wit na vaal?
4. Wat veroorsaak die stilte in die hemel?
5. Met betrekking tot die seëls, waar staan ons in die stroming van die tyd?

### *Die Geblaas van die Sewe Basuine*

1. Wat stel die verduistering van die son en maan voor onder die vierde basuin?
2. Wat was die datum van die val van Westelike Rome?
3. Die loslating van die vier engele onder die sesde basuin vind plaas gedurende watter tydperk?
4. Op watter tyd sal die verborgenheid van God voltooi wees?
5. Wat vind plaas tydens die geblaas van die sewende basuin?

### *Die Draak was Vertoornd op die Vrou*

1. Wat verteenwoordig die volgende in die Skrifte?
a. vrou
b. draak
c. oorblyfsel
d. getuienis van Jesus Christus
e. son
f. maan
g. sterre
2. Wat beteken: "Die aarde het die vrou te hulp gekom"?
3. Hoekom sal God se oorblyfsel vervolging verduur?

### *Die Luiperd-Dier van Openbaring 13*

1. Maak 'n lys van die faktore wat die beste daarop dui dat die "dier van Openbaring 13" 'n godsdienstige mag is.
2. Wie is die dier?
3. By wie het die dier sy mag verkry?
4, Watter hoofstuk in Daniël stem ooreen met Openbaring 13?
5. Wie het die "dodelike wond" toegedien?
6. Kan jy die getal van die dier bereken?

### *Die Merk van die Dier*

1. Wat is die "merk van die dier"?
2. Wat is die teken van God se gesag?
3. Na wie verwys 2 Thessalonicense 2:2-4?
4. Watter punte kan jy opnoem wat aandui dat die pous die antichris is?

### *Die Dier met Twee Horings*

1. Wat word verteenwoordig deur die dier met twee horings? Wat doen hy vir die pousdom?
2. Ondergaan hierdie dier 'n verandering in sy gedrag? Hoe?
3. Van wie maak die tweede dier 'n beeld?
4. Wat is die verskil tussen "die merk van die dier" en "die beeld vir die dier"?
5. Wanneer het die dier met twee horings uit die aarde opgekom?
6. Wat is die toppunt van misleiding?

### *Die Eerste Engel se Boodskap*

1. Wanneer is daar begin om die eerste engel se boodskap te verkondig?
2. Maak 'n lys van die waarskuwings betrokke by hierdie boodskap.
3. Hoe is dit 'n Sabbatsboodskap?

4. Maak jouself bekend met die lewensverhale van etlike mense wat gehelp het om hierdie boodskap te verkondig.

### *Die Tweede Engel se Boodskap*

1. Wat beteken die woord "Babilon"?
2. Op hoeveel maniere kan Babilon voorgestel word?
3. Maak 'n lys van die ooreenkomste tussen Babilon van ouds en moderne Babilon.
4. Wat word God se volk wat nog in Babilon is, aangemoedig om te doen?

### *Die Derde Engel se Boodskap*

1. Wat sal bereik word deur die derde engel se boodskap?
2. Teen watter drie dinge waarsku die derde engel se boodskap?
3. Definieer die selfstandige naamwoord "heilige."
4. Wat maak hierdie boodskap so plegtig?

### *Die Einde van die Genadetyd*

1. Wanneer die ondersoekende oordeel afgehandel is, watter besluit sal reeds gefinaliseer wees?
2. Op watter manier het God Sy liefde vir die mens geopenbaar?
3. Dui aan wat God se doel is met genadetyd vir die mens.
4. Hoe kan ons weet dat die einde van die genadetyd op hande is?
5. Toon aan dat dit 'n genadedaad van God is om sonde se heerskappy te beëindig.

### *Die Tyd van Benoudheid*

1. Wat verteenwoordig die beproewing wat God se volk moet verduur net voor Christus se wederkoms?
2. Beskryf die sielsangs waardeur God se volk moet gaan in hierdie "tyd van benoudheid."
3. Watter dekreet word uitgevaardig aan die begin van die "tyd van benoudheid"?
4. Moet voorsiening gemaak word vir ons wêreldlike behoeftes gedurende die "tyd van benoudheid"?
5. Hoe sal die regverdiges ondersteun word gedurende daardie tyd?

### *Die Sewe Laaste Plae*

1. Hoekom sal die sewe laaste plae veel erger wees as enige oordele wat die mens in die verlede beleef het?
2. Noem die plae in die volgorde waarin hulle uitgegooi word.
3. Hoe word die konings versamel vir die oorlog van Armagéddon?
4. Waar is Armagéddon?
5. Na 'n sorgvuldige studie van hierdie les, besef jy soos nooit tevore die belangrikheid van 'n deeglike ondersoek van die Skrifte sodat jy God se toorn kan vryspring?
6. Toon aan ses beloftes van God wat aan die regverdiges vervul sal word gedurende die tyd wanneer die sewe laaste plae uitgegooi word op diegene wat hulle nie bekeer het nie.

# EENHEID 11 – DIE AARD EN LOT VAN DIE MENS

**Die toestand van die mens in die dood is een van onbewustheid. Alle mense, goed en kwaad, bly in die graf tot die opstanding. Prediker 9:5, 6; Psalm 146:4; Johannes 5:28, 29. Daar sal 'n opstanding wees van beide die regverdige en die onregverdige. Die opstanding van die regverdige sal plaasvind met Christus se wederkoms; die opstanding van die onregverdige sal 'n duisend jaar later plaasvind, wanneer die millennium eindig. Johannes 5:28, 29; 1 Thessalonicense 4:13-18; Openbaring 20:5-10. Die onboetvaardiges, wat Satan, die oorsprong van sonde, insluit, sal deur die vure van die laaste dag uitgewis word, en sal word asof hulle nooit bestaan het nie, en so sal God se heelal van alle sonde en sondaars gereinig word.**



"Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." Johannes 11:25.

# LES 79 – DIE AARD VAN DIE MENS

*En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.*
*Génesis 2:7.*

**In die skepping van die mens sien ons die werking van 'n persoonlike God. Toe God die mens na Sy eie beeld geskape het, was die menslike gestel in alle opsigte volmaak; maar dit was sonder lewe. Toe het 'n persoonlike, selfbestaande God in daardie vorm lewe ingeblaas, en die mens het 'n lewende, intelligente wese geword. Al die dele van die menslike organisme is in werking gestel. Die hart, die bloedvate, die tong, die hande, die voete, die sintuie, die verstandelike vermoëns – almal het hulle werk begin, en almal is onder wet geplaas. Die mens het 'n lewende siel geword. Deur Christus, die Woord, het 'n persoonlike God die mens geskape en hom met intelligensie en krag bedeel**. *– Die Helende Hand, 415:1.*

## *Die Skepping van die Mens*

**1. Waaruit het God die mens in die begin geskape?** Génesis 2:7, eerste gedeelte.
**2. Deur middel van watter spesifieke daad het God van die mens 'n "lewende siel" gemaak?** Génesis 2:7, laaste gedeelte.

## *Die Mens se Kenmerke*

**3. Word enige ander skepsel behalwe die mens 'n "lewende siel" genoem?** Openbaring 16:3.

**4. Watter liggaamlike eienskappe het die mens gemeen met ander lewende skepsels?** Génesis 2:7; Prediker 3:19; Handelinge 17:25.

**5. Wat noem Job dit wat God in die mens se neus geblaas het?** Job 27:3. In die kantlyn van die Engelse Bybel lees ons: "Die asem wat God hom gegee het."

**6. As die "gees" die "asem" is, wat word daarvan wanneer ons sterf?** Prediker 12:7.

Dit wil sê, die gees, of asem van die lewe waardeur die mens leef, en wat God slegs aan hom leen, gaan by die dood terug na die groot Skepper van die lewe. Aangesien dit van Hom afkomstig is, behoort dit aan God, en die mens kan dit vir ewig hê slegs as 'n gawe van God, deur Jesus Christus. (Romeine 6:23.) Wanneer die gees terugkeer na God, gaan die stof, waaruit die mens aan die begin 'n "lewende siel" gemaak is, terug na die aarde soos dit was, en die individu bestaan nie meer as 'n lewende, bewuste, denkende wese nie, behalwe soos hy bestaan in die denke, plan en doel van God deur Christus en die opstanding. In hierdie opsig, leef almal vir Hom (Lukas 20:38), want almal sal uit die dode opgewek word. (Sien Johannes 5:28, 29; Handelinge 24:15; Romeine 4:17.) *– Bible Readings for the Home, 499:14.*

### *DIE AARD VAN DIE MENS*


**7. Wat is die aard van die mens?** Job 4:17.

Sterflik: "Onderhewig aan die dood" – Vertaal uit Webster woordeboek.
Onsterflik: "Nie onderhewig aan die dood nie." Vertaal uit Webster woordeboek.

**8. Wanneer en by wie het die leerstelling van die onsterflikheid van die mens sy oorsprong gehad?** Génesis 3:4. Die slang – Satan – het gesê, "Julle sal gewis nie sterwe nie." Génesis 3:4.

**9. Watter volk was die eerste om die teorie te ontwikkel en leer dat die siel van die mens onsterflik is?**

Die Egiptenare was ook die eerste om die opinie te lug dat die siel van die mens onsterflik is, en dat, wanneer die liggaam sterf, gaan dit die vorm van 'n dier binne wat op daardie oomblik gebore word, dus beweeg dit van een dier na 'n ander totdat dit deur al die skepsels beweeg het wat die aarde, die water, en die lug bewoon, en opnuut gebore word. Die totale tydperk van die oorgang is (volgens hulle) drie duisend jaar. Daar is Griekse skrywers, sommige van 'n vroeër, ander van 'n later tydperk, wat hierdie leerstelling by die Egiptenare geleen het en dit as hulle eie voorbring. *– Herodotus, b. 2, hfst. 123, na Engels vertaal deur George Rawlinson (Source Book for Bible Students, 346:1.)*




Die lering van natuurlike onsterflikheid raak ontslae van Christus se verlossing vir die verlore mens.

## *Die Siel van die Mens*

**10. Die siel is 'n volkome lewende wese.** Génesis 2:7.

**11. Let op die faktore wat eie is aan die siel wat dit anders maak as die gees en die liggaam.**

a. Dit kan sondig. Eségiël 18:4.
b. Dit kan haat. Matthéüs 5:22.

Aangesien 'n siel kan sondig, is dit dus verskillend van diere omdat dit beskik oor die vermoë om morele besluite te neem. Eweneens kan die siel onderskei word van die gees (asem of wind) en die liggaam (die elemente van die aarde) omdat hulle nie self sondig nie, aangesien hulle onder die beheer van die verstand is. Dus, in die groter prentjie is die siel die volkome bewuste mens; maar in 'n spesifieke sin is dit slegs die "bewuste" deel van die mens. Gevolglik, kan dit of vleeslik, goddeloos, en verlore wees; of geestelik, regverdig, en gered. Verder volg dit dat as daar by die dood geen bewustheid in die gees, of in die liggaam is nie, en die verstand verloor ook bewustheid, dan is daar geen spesifieke meriete daaraan verbonde om onbewustelik hemel toe te gaan nie. Voorwaar, die slaap van die dood word meer verstaanbaar.

## *Onsterflikheid*

**12. Wie alleen het onsterflikheid?** 1 Timótheüs 1:17; 6:15, 16.

**13. In wie kan die ewige lewe gevind word?** Johannes 17:3; 1 Johannes 5:11.

**14. Hoe kan ons die ewige lewe bekom?** 2 Timótheüs 1:10; 1 Johannes 5:12.

**15. Hoekom het Jesus na hierdie aarde gekom?** Johannes 5:40; 10:10.

Hy [Jesus] was gewillig om Sy siel in die dood uit te stort ten einde verlossing binne hulle bereik te bring; maar hoe min wou na Hom toe kom sodat hulle die lewe kon hê! *– Die Groot Stryd, 22:1.*

**16. Waarna hoort ons te soek?** Romeine 2:7.

Alleen deur Christus kan die onsterflikheid verkry word. *– Die Groot Stryd, 533:1.*

**17. Wat is die Christen se beloning, en wanneer sal hy dit ontvang?** 1 Korinthiërs 15:51-54.

By Sy [Jesus se] koms sal die regverdige dode opgewek word en die regverdige lewendes sal verander word. Deur hierdie groot verandering word hulle toeberei om die koninkryk te ontvang. *– Die Groot Stryd, 322:1, 2.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Die Satan het sy bedrog in Eden begin. Aan Eva het hy gesê, "Julle sal gewis nie sterwe nie." **[Génesis 3:4.**] Dit was die Satan se eerste les oor die onsterflikheid van die siel, en hy het hierdie bedrog van daardie tyd af voortgesit tot vandag toe, en hy sal dit voortsit totdat Gods kinders uit die gevangenis vrygestel is. – *Eerste Geskrifte, 218.1.*

2. Dit was vir my 'n wonder dat die Satan so goed daarin geslaag het om die mens te laat glo dat die woorde van God: "Die siel wat sondig, die moet sterwe" (Eségiël 18:4), beteken dat die siel wat sondig nie sal sterwe nie, maar in ewigheid in ellende sal lewe. Die engel het aan my gesê, Lewe is lewe, of dit in pyniging of in geluksaligheid is. Die dood is sonder pyn, sonder vreugde, sonder haat. – *Eerste Geskrifte, 218:2.*

3. Die preek wat Satan vir Eva gepreek het aangaande die onsterflikheid van die siel – "Julle sal gewis nie sterwe nie" [ Génesis 3:4] – het hulle [die populêre bediening] vanaf die kansel herhaal; en die mense ontvang dit as suiwer Bybelse waarheid. Dit is die fondasie van spiritisme. – *Testimonies, vol. 1, 344:1*.

4. Onsterflikheid is 'n eienskap van God alleen. – *Testimonies, vol. 1, 344:1.*

5. Vir die gelowige is Christus die opstanding en die lewe. In ons Heiland is die lewe wat deur die sonde verbeur is, herstel; want Hy het lewe in Homself om op te wek wie Hy wil. Hy is met die reg beklee om onsterflikheid te skenk. Die lewe wat Hy as mens afgelê het, neem Hy weer op en gee dit aan die mens. – *Koning van die Eeue, 786:4.*

## *Tekste om te Onthou*

Génesis 2:7
Job 27:3
1 Timótheüs 6:16

## *Definieer of Identifiseer*

Bewuste
Skep
Beeld
Onsterflik
Sterflik

# LES 80 – DIE MENS IN DIE DOOD

*Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Prediker 9:5.*

**Vir die gelowige is die dood maar 'n geringe saak. Christus verwys daarna as van min betekenis. "As iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie," "sal hy die dood in der ewigheid nie smaak nie." Vir die Christen is die dood maar 'n slaap, 'n oomblik van stilte en donkerheid. Die lewe is met Christus in God verborge en "wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word." Kolossense 3:4.** *– Koning van die Eeue, 787:1.*

## *Die Dood en die Resultate Daarvan*

**1. Watter veranderinge vind by die dood plaas?**

a. "Hy hou nie stand nie." Job 14:2.
b. "'n Man sterwe en is magteloos." Job 14:10.
c. "Die mens sou tot stof terugkeer." Job 34:15.
d. "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan." Psalm 146:4.
e. "… en die gees na God terugkeer wat dit gegee het." Prediker 12:7.

**2. Sy verstandelike vermoëns hou op om te funksioneer.**

a. Daar is geen kennis van mense nie. Job 14:21.
b. Daar is geen kennis van God nie. Psalm 6:6.
c. Daar is geen kennis van enigiets nie. Psalm 146:4; Prediker 9:5.
d. Hulle is nie in staat om óf pyn óf plesier te ondervind nie. Prediker 9:5.

**3. Watter terugvoer het Lasarus vanaf die graf teruggebring?**

Baie het verwag dat Lasarus hulle 'n wonderlike beskrywing van die tonele na sy dood sou kon gee. Hulle was verbaas toe hy hulle niks vertel het nie. Hy het niks van hierdie aard te vertelle gehad nie. … Maar Lasarus het 'n indrukwekkende getuienis te lewer gehad in verband met die werk van Christus. Om hierdie doel is hy uit die dode opgewek. Met krag en oortuiging het hy verklaar dat Jesus die Seun van God is. *– Koning van die Eeue, 557:4.*

**4. Wat dan is die dood?**

Die Bybelse antwoord [rakende die dood] is eenvoudig en uitdruklik. Dit is die teenoorgestelde van die lewe. Dit is 'n terugkeer na wat die mens was voordat God die lewensasem in hom geblaas het. Die dood is die onttrekking van die lewe en alles wat dit impliseer. Die lewe impliseer denke en bewustheid. In die dood is

daar geen gedagtes of bewustheid nie. Die lewe suggereer aktiwiteit. Die dood beteken die einde van aktiwiteit. In die dood word alle verbintenis met die lewe verbreek. – *W.L. Emmerson, The Bible Speaks, 660:7.*

## *Die Mens se Rusplek*

**5. Is die regverdige dode nie nou in die hemel, besig om God te loof nie?** Psalm 115:17.

**6. Die dode slaap.** Johannes 11:11, 14; Handelinge 7:60.

**7. Hoe het Job diegene beskryf wat gesterf het?** Job 3:17, 18.

**8. "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?** Job 14:14.

**b. Hoe het Job sy eie vraag beantwoord?** Job 14:21.

**9. Waar sê Job sal die dode slaap?** Job 17:13; 21:32.

Die oorspronklike Hebreeuse woord vir "graf" in hierdie teks is "sheol," wat onder andere 'n donker, hol, ondergrondse plek beteken, wat gewoonweg gebruik word met betrekking tot die tuiste van die dode in die algemeen, sonder om te onderskei tussen die goeie en die slegte. – *Bible Readings for the Home, 504:9*.

**10. Hoe lank, het Job gesê, sal die dode in die graf bly?** Job 14:12, 14.

**11. Wanneer hierdie tydperk van "rus" verby is, wie sal diegene roep wat slaap?** Job 14:15; Johannes 5:25; 1 Thessalonicense 4:16.

Toe het Jesus se silwertrompet weerklink onderwyl Hy afgedaal het op die wolk, omhul van vuurvlamme. Hy het na die grafte van die slapende heiliges gekyk, en toe het Hy Sy oë en hande opgehef na die hemel en uitgeroep, "Ontwaak! ontwaak! ontwaak! julle wat slaap in die stof van die aarde, staan op." – *Eerste Geskrifte, 16:1.*

## *Besware Beantwoord*

**12. Bewys Jesus se belofte aan die dief nie dat wanneer 'n persoon sterf, dan gaan hy direk hemel toe nie?** Lukas 23:42, 43.

Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees. Christus het nie beloof dat die misdadiger daardie dag nog saam met Hom in die Paradys sou wees nie. Hy is self nie daardie dag na die Paradys nie. Hy het in die graf geslaap en in die opstandingsmôre het Hy gesê: "Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie." (Johannes 20:17.) … **"Vandag,"** terwyl Hy as kwaaddoener aan die kruis sterf, verseker Christus die arme sondaar: Jy sal met My in die Paradys wees." – *Koning van die Eeue, 751:3.*

**13. By die graf het Jesus vir Maria gesê dat Hy nog nie na Sy Vader opgevaar het nie.** Johannes 20:17, 18.

**14. Hoe verduidelik jy die gelykenis van Lasarus en die ryk man?** Lukas 16:19-31
.
In die gelykenis van die ryk man en Lasarus het Christus getoon dat die mens sy ewige lotsbestemming in hierdie lewe beslis. Geen latere proeftyd sal aan hulle gegun word nie. Die gelykenis vergelyk die rykes wat nie op God vertrou nie met die armes wat wel op God vertrou. Christus leer dat die tyd sal kom wanneer die bordjies verhang sal wees. In hierdie gelykenis het Christus die volk op hulle eie vlak behandel. Vele wat na Christus geluister het, het in die leer van 'n bewuste voortbestaan tussen die dood en die opstanding geglo. – *Gelykenisse van Christus, 260:1, 2; 263:2.*

**15. Verduidelik Filippense 1:23.**

Dit sal vervul word wanneer Paulus, tesame met alle Christene, sy beloning tydens Christus se wederkoms ontvang. (Sien 2 Timótheüs 4:6-8.)

**16. Waarvan praat Paulus in 2 Korinthiërs 5:1-8?**

Dit sal gebeur wanneer hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word. (Sien 1 Korinthiërs 15:42-45; 54.)

## *Dink Hieroor Na*

1. As gevolg van Adam se sonde het die dood deurgedring tot die ganse mensdom. Een en almal gaan na die graf. En deur die voorsiening van die verlossingsplan sal almal weer uit hulle grafte voortkom. – *Die Groot Stryd, 544:2.*

2. Die Bybel leer duidelik dat die dode nie onmiddellik hemel toe gaan nie. Hulle word voorgestel as slapende tot die opstanding. (1 Thess. 4:14; Job 14:10-12.) In die dag wanneer die silwerdraad afgesny word, en die goue olie-kan stukkend val (Pred. 12:6) – in daardie dag is dit met die gedagtes gedaan. Hulle wat neerdaal na die graf, is stil. Hulle weet van niks wat aangaan nie. (**Job 14:21**.) – *Die Groot Stryd, 550:0.*

3. As Christus in die siekekamer was, sou Lasarus nie gesterf het nie; want die Satan sou dan geen mag oor hom gehad het nie. Die dood sou sy pyl nie op Lasarus kon mik in die teenwoordigheid van die Gewer van die lewe nie. – *Koning van die Eeue, 528:2.*

4. 'Die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." (**Rom. 6:23**.) Terwyl die lewe die erfdeel is van die regverdiges, is die dood die deel van die goddelose. Aan Israel het Moses gesê, "Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk." (**Deut. 30:15**.) Die dood waarna verwys word in hierdie skrifture is nie die dood wat oor Adam uitgespreek is nie, want die hele mensdom deel in die straf om sy oortreding. Dit is die "tweede dood" **(Openb. 20:14**) wat hier in teenstelling met die ewige lewe genoem word. – *Die Groot Stryd, 544:1.*

### *Tekste om te Onthou*

Job 14:12, 21; Psalm 146:3, 4; Prediker 9:5, 6; 12:7

### *Definieer of Identifiseer*

Dood; Ewige; Graf; Hel; Slaap

# LES 81 – DIE OPSTANDING

*Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die graf is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling. Johannes 5:28, 29.*

**Christus kom op die wolke met groot heerlikheid. 'n Menigte glansende engele sal Hom vergesel. Hy sal kom om die dode op te wek en die lewende heiliges van heerlikheid tot heerlikheid te verander. Hy sal diegene kom eer wat Hom liefgehad en Sy gebooie onderhou het en om hulle na Hom toe te neem. Hy het nie hulle of Sy beloftes vergeet nie. Die ketting van die gesin sal weer aaneengeskakel word. As ons na ons dode kyk, kan ons dink aan die more waanneer die trompet van God sal weerklink "en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word." (1 Korinthiërs 15:22.)** – *Koning van die Eeue, 632:3.*

## *Voorspel in Profesie*

**1. Hoe was Job se vraag beantwoord "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?"** Job 14:14, 15.

Die vraag, "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?" (Job 14:14) is reeds beantwoord. Deur die straf van die sonde te dra deur na die graf te gaan, het Christus die grafkelder opgehelder vir almal wat in die geloof sterf. God in die gedaante van 'n mens het lewe en onsterflikheid deur die evangelie aan die lig gebring. – *Testimonies, vol. 6, 230:3.*

**2. Wanneer, het Dawid gesê, sal hy versadig wees?** Psalm 17:15.

**3. Wat het Jesaja omtrent die dode geskryf?** Jesaja 26:19.

**4. Wat het Eségiël geskryf aangaande die opstanding?** Eségiël 37:12.

## *Jesus se Opstanding*

**5. Wat het Jesus vir Martha gesê rakende Homself?** Johannes 11:25.

**6. Wat het die engel gesê vir diegene wat daardie Sondagoggend na die graf gekom het?** Matthéüs 28:1-8; Markus 16:6, 7; Lukas 24:2-7.

**7. Wie behalwe Jesus is op daardie heerlike oggend opgewek?** Matthéüs 27:52, 53.

**8. Waarvan het die apostels met groot krag getuienis gegee?** Handelinge 4:33.

**9. Hoe belangrik is Jesus se opstanding?** 1 Korinthiërs 15:13-22.

a. "As daar geen opstanding van die dode is nie" – "dan is Christus ook nie opgewek nie." Vers 13.

b. “As Christus nie opgewek is nie” – “dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes.” Vers 17.
c. As die wat in Christus ontslaap het, verlore is – “dan is ons die ellendigste van alle mense.” Vers 19.
d. Christus is opgewek – “die eersteling … van die wat ontslaap het.” Vers 20.
e. “Soos hulle almal in Adam sterwe” – “so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word.” Vers 22.

## *Opstanding van die Dode*

**10. Is die “heiliges” die enigstes wat uit die graf opgewek word?** Johannes 5:28, 29.

**11. In werklikheid is daar twee algemene opstandings (Johannes 5:29):**
a. “Die opstanding van die lewe” vir die wat goed gedoen het.
b. “Die opstanding van die veroordeling” vir die wat kwaad gedoen het.

**12. Wanneer vind die “opstanding van die lewe” of die opstanding van die regverdiges plaas?** Matthéüs 24:30, 31; 1 Korinthiërs 15:52; 1 Thessalonicense 4:16.

Die regverdige dode sal eers na die oordeel opgewek word, nadat hulle die opstanding tot die lewe waardig geag is. (Johannes 5:29.) Hulle sal dus nie persoonlik teenwoordig wees by die gereg waar hulle lewens nagegaan en hulle sake beslis word nie. – Die Groot Stryd, 482:3.
Eerlank het die groot wit wolk verskyn. Dit was pragtiger as ooit. Daarop het die Seun van die mens gesit. Eers het ons Jesus nie op die wolk gesien nie, maar namate dit nader aan die aarde gekom het, kon ons Sy heerlike gestalte sien. Hierdie wolk, toe dit eers verskyn het, was die teken van die Seun van die mens in die hemel. Die stem van die Seun van God het die slapende heiliges opgewek, beklee met die heerlike onsterflikheid. Die lewende heiliges is in ‘n oomblik verander en saam opgeneem in die wolke-wa. Dit het te heerlik gelyk terwyl dit opwaarts gestyg het. – *Eerste Geskrifte, 35:1.*

**13. Wat is die verhouding tussen die opgewekte Christus en die regverdige dode?** 1 Korinthiërs 15:23.

Die opstanding van Jesus was ‘n sinnebeeld van die laaste opstanding van almal wat in Hom ontslaap het. Die gelaat van die herrese Heiland, Sy houding, Sy spraak, het die dissipels maar te goed geken. Soos Jesus uit die dode opgestaan het, so sal almal wat in Hom ontslaap het, weer opstaan. Ons sal ons vriende ken, net soos die dissipels Jesus herken het. Al was hulle gebreklik, sieklik of geskend in hierdie sterflike lewe sal hulle opstaan in volmaakte gesondheid en gestalte; tog sal hulle identiteit in hul verheerlikte liggaam volkome bewaar gebly het. Dan sal ons ken net soos ons geken word. (1 Korinthiërs 13:12.) In ‘n gelaat wat straal van die lig wat van die gelaat van Jesus skyn, sal ons die gelaatstrekke van ons geliefdes herken. – *Koning van die Eeue, 804:1.*

**14. Watter rol sal die engele in die opstanding speel?** Matthéüs 24:31.

Klein kindertjies word deur engele na hulle moeders se arms gedra. – *Die Groot Stryd, 645:1.*
Elke verloste sal die bediening van engele in sy eie lewe begryp. Die engel wat vanaf sy eerste oomblik sy bewaker was; die engel wat oor sy voetstappe waggehou en sy hoof in die dag van gevaar bedek het; die engel wat hom in die dal van die doodskaduwee vergesel het, wat op sy rusplek gelet het, wat die eerste was wat hom op die opstandingsmôre te begroet – hoe sal dit nie wees om met hom te praat, en om die geskiedenis

van Goddelike tussentrede in die indiwiduele lewe te verneem nie, van hemelse samewerking in elke taak vir die mens! – *Opvoeding, 305:2.*

**15. Wat van die fisieke gestalte van diegene wat opgewek is?** Maleági 4:2.

Almal kom uit hulle grafte voort net so groot as toe hulle gesterf het. Adam, wat ook onder die verrese skare is, is lank en van pragtige liggaamsbou, maar hy is ‘n bietjie kleiner as die Seun van God. Hy vorm ‘n treffende teenstelling met die mense van latere geslagte; en hierin kan die groot agteruitgang van die mens gesien word. Almal staan op in die lewenskrag van ewige jeug. Die mens is in die begin geskape in die ewebeeld van God, nie alleen wat karakter betref nie, maar ook in vorm en gelaatstrekke. Die sonde het die goddelike beeld geskend en byna uitgewis; maar Christus het gekom om te herstel wat verlore was. Hy sal ons vernederde liggame van gedaante verander om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam. Die sterflike, verganklike vorm, sonder enige skoonheid en wat eenmaal deur die sonde besoedeld was, is nou volmaak, heerlik en onsterflik. Alle smette en gebreke word in die graf agtergelaat. Met vrye toegang tot die boom van die lewe in Eden wat so lank verlore was, sal die verlostes ontwikkel tot die volle grootte van die menslike geslag voor die sondeval. – *Die Groot Stryd, 644:3.*

**16. Die eerste opstanding word voorafgegaan deur ‘n spesiale opstanding wat sommige van die regverdiges en sommige van die goddelose sal insluit.** Daniël 12:2.

**a. Regverdiges** – Almal wat in geloof in die derde engel se boodskap gesterf het, kom verheerlik voort uit die graf om Gods verbond van vrede te hoor met diegene wat Sy wet onderhou het. – *Die Groot Stryd, 637:2.*

**b. Goddelose** – “Ook hulle wat Hom deursteek het” (Openbaring 1:7), diegene wat Christus bespot en uitgeskel het in Sy doodsangs en die vernaamste teenstanders van Sy waarheid en Sy volk word opgewek om Hom in Sy heerlikhid te sien en om die eer te aanskou wat die getroues en gehoorsames ontvang. – *Die Groot Stryd, 637:2.*

**17. Daar is drie onderskeie opstandings:**

*a.* ***Spesiale Opstanding***
(1) Sommige tot die ewige lewe. Daniël 12:2.
(2) Sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. Daniël 12:2. (Sien ook Eerste Geskrifte, 285:1; Die Groot Stryd, 637:2.)

*b.* ***Eerste Opstanding***
(1) Jesus kom. 1 Thessalonicense 4:16.
(2) Regverdige dode staan op wanneer Jesus roep. 1 Thessalonicense 4:16; Openbaring 20:6.
(3) Een duisend jaar.
(a) Regverdiges by Jesus. Openbaring 20:4.
(b) Goddelose op aarde is dood. Openbaring 20:5.

*c.* ***Tweede Opstanding***
(1) “En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.” Openbaring 20:5.

## *Deurdink die volgende:*

1. Toe die stem van die magtige engel by Christus se graf weerklink het: U Vader roep U, het die Heiland uit die graf getree deur die lewe wat Hy in Homself gehad het. – *Koning van die Eeue, 785:2.*
2. Christus het een vlees met ons geword, sodat ons een gees met Hom kon word. Dit is uit hoofde van hierdie vereniging dat ons uit die graf sal voortkom – nie bloot as 'n openbaring van die mag van Christus nie, maar omdat Sy lewe deur die geloof ons lewe geword het. – *Koning van die Eeue, 388:1.*

3. Toe Jesus opgestaan het, het Hy 'n menigte gevangenes saam uit die graf gebring. Die aardbewing tydens Sy dood het hul grafte oopgeruk en toe Hy opgestaan het, het hulle saam met Hom opgestaan. Dit was diegene wat mede-arbeiders van God was en wat met hul lewens geboet het vir die waarheid waarvan hulle getuig het. Nou sou hulle getuies wees vir Hom wat hulle uit die dode opgewek het. – *Koning van die Eeue, 786:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Johannes 5:28, 29
1 Thessalonicense 4:16, 17

## *Definieer of Identifiseer*

Vir ewig afgryslik
Onverganklik
Sterf
Ewige lewe
Grafkelder

***Die boog van belofte oorbrug die kloof van die dood: "Ek is die opstanding en die lewe."***

# LES 82 – SPIRITISME

*Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang. 1 Timótheüs 4:1.*

**Die heidense orakels het hulle teenhangers in die spiritismediums, die heldersiendes en die waarsêers van ons tyd. Die geheimsinnige stemme wat te Ekron en Endor gespreek het, mislei die mensekinders nog deur hulle leuenagtige woorde. Die vors van duisternis het slegs onder 'n nuwe dekmantel verskyn. Die misteries van heidense aanbidding word vervang deur die geheime organisasies en séances, die ondeursigtigheid en wonders van die duiwelskunstenaars van ons tyd. Hulle onthullings word gretig ontvang deur duisende wat weier om lig van Gods woord of van Sy Gees te ontvang. Terwyl hulle met minagting praat van die towenaars van ouds, lag die aartsbedrieër triomfantelik soos hulle aan sy liste in verskillende gedaantes toegee.** – *Testimonies, vol. 5, 193:1.*

## *Spiritisme van Ouds*

**1. Waarom het God die nasies van Kanaän verdryf?** Deuteronómium 18:9-12.

Die Here het Israel gewys op die gevolge van gemeenskap met bose geeste deur hulle attent te maak op die gruwels van die Kanaäniete; hulle was sonder natuurlike liefde, afgodedienaars, owerspelers, moordenaars en weens elke verdorwe gedagte en walglike gebruik 'n gruwel. Soos nou het Satan toe al rondgesoek om gunstige omstandighede vir opstand te skep sodat die volk van Israel hulle in die oë van die Here gruwelik kon maak, net soos die Kanaäniete. Die sielevyand is gedurig op die uitkyk om kanale oop te stel sodat boosheid onverhinderd deur ons kan vloei, want hy begeer ons verderf sodat God ons sal veroordeel. – *Patriarge en Profete, 688:3.*

**2. Definisies**

a. **Waarsêery.** 'n Poging om die toekoms te lees. Die Hebreërs het ook nekromansie of die voorspelling van die toekoms deur die geeste van die dode op te roep en met hulle te gesels, by waarsêery ingesluit. – The Westminster Dictionary of the Bible, artikel, "Divination."

b. **Gees van 'n afgestorwene.** Die gees van 'n persoon wat gesterf het wat beroepsmediums beweer dat hulle opgeroep het vir konsultasie. (Deuteronómium 18:11.) – The Westminster Dictionary of the Bible, artikel, "Familiar Spirit."

c. **Nekromansie.** Sien "Gees van 'n Afgestorwene" en "Waarsêer."

d. **Towenaar.** Iemand wat towerkuns beoefen, wat brousels gebruik wat 'n sogenaamde effektiwiteit put uit magiese betowering, en beweer om bonatuurlike mag of kennis te besit, op enige manier bekom, veral deur

die oogluikende toelating van bose geeste. Die Hebreeuse en Griekse woorde vir towenaar en towerkuns word soms vertaal as heks en heksery. – The Westminster Dictionary of the Bible, artikel, "Sorcerer."

e. **Waarsêer.** 'n Persoon in besit van sogenaamde bonatuurlike kennis, wat verkry is, in die vorm van towerkuns waarna die Bybel verwys, van die beweerde vermoë om met die geeste van die dode te praat. Die towenaar word nooit alleen genoem nie, maar altyd in verband met die geeste van afgestorwenes, omdat hy behoort aan dieselfde klas van diegene wat die dode ondervra. – The Westminster Dictionary of the Bible, artikel, "Wizard."

**3. Wat moes gedoen word met 'n man of 'n vrou wat "'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê"?** Levítikus 20:27.

**4. Wat het Koning Josia van Juda gedoen met "die dodebesweerders (workers with familiar spirits) en die waarsêers"?** 2 Konings 23:24.

**5. Op watter leuen is outydse towery asook moderne spiritisme gefundeer?** Génesis 3:2-4.

Die hedendaagse spiritisme en die vorms van die outydse towery en afgodediens – wat almal op die beginsel van gemeenskap met die dode berus – berus op die eerste leuen waarmee die Satan Eva in Eden mislei het: "Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet… julle soos God sal wees" (**Génesis 3:4, 5**). Albei berus op 'n leuen en bevorder dit en albei kom van die vader van die leuen. – *Patriarge en Profete, 685:2.*

Miljoene mense sal bedrieg word deur die leerstelling dat die dode kan terugkeer.

**6. Toe Saul vir die vrou wat 'n dodebesweerster is, sê: "Laat Samuel vir my opkom," wie het opgekom?** 1 Samuel 28:7-25.

Die boodskap self is 'n genoegsame bewys van sy oorsprong. Die doel was nie om Saul tot inkeer te lei nie, maar om hom tot sy eie ondergang aan te spoor; en dit is nie die werk van God nie, maar van die Satan. Boonop verklaar die Skrifte uitdruklik dat sy raadpleging van die waarsêers een rede was waarom God hom verwerp en aan die verderf oorgegee het. (1 Kronieke 10:13, 14.) Daar sê dit duidelik dat Saul by 'n gees gaan verneem het en nie by die Here nie. Hy het nie met Samuel, die profeet van die Here, gepraat nie; maar deur die waarsegster het hy met die Satan in verbinding getree. Die Satan kon nie die ware Samuel voortbring nie, maar hy het 'n namaaksel aangebied wat die doel van sy misleiding kon dien. – *Patriarge en Profete, 683:2.*

**7. Gee Bybelse bewyse wat toon dat dit nie Samuel kon wees met wie Saul gepraat het nie.**

a. "**Maar die Gees van die Here het van Saul gewyk."** 1 Samuel 16:14. "En Saul sê aan sy dienaars: Soek julle vir my 'n vrou wat 'n dodebesweerster is." 1 Samuel 28:7.
b. **"Samuel het gesterwe."** 1 Samuel 28:3. "Die dooies weet glad niks nie." Prediker 9:5.
c. **"Die Here het hom [Saul] nie geantwoord nie,** nie deur drome en nie deur die Urim en nie deur die profete nie." 1 Samuel 28:6.
d. **Die gees wat vir Samuel praat, sê vir Saul,** "Waarom verontrus jy my deur my te laat opkom?" 1 Samuel 28:15.

e. **Saul antwoord: "God het van my gewyk,"** en antwoord my nie langer deur die diens van die profete [Samuel was 'n profeet] en ook nie deur drome nie; daarom het ek u geroep." 1 Samuel 28:15.
f. **Die gees wat vir Samuel praat, sê:** "Môre sal jy met jou seuns by my wees." 1 Samuel 28:19.
g. **"En Saul het gesterwe weens ontrou,** omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het, maar die Here nie geraadpleeg het nie. Daarom het Hy hom omgebring." 1 Kronieke 10:13, 14.

## *Moderne Spiritisme*

**8. Onder watter dekmantel werk moderne spiritisme?**

Graag veronderstel mense dat heidense bygelowe voor die beskawing van die twintigste eeu gewyk het. Maar die Woord van God en die stroewe getuienis van die feite verklaar dat towery nog net soos in die dae van die outydse towenaars in hierdeie eeu bedryf word. Die outydse towery is in werklikheid presies dieselfde as wat deesdae as spiritisme bekend staan. Die Satan vind toegang tot die gemoedere van duisende deur hom in die gedaante van afgestorwe vriende voor te doen. Die Skrifte verklaar: "Die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Hulle gedagtes, hulle liefde, hulle haat, het alles vergaan. Die dooies hou nie gemeenskap met die lewendes nie. Maar getrou aan sy vroeë lis, maak die Satan van hierdie misleiding gebruik om die heerskappy oor mense se gemoedere te verkry. – *Handelinge van die Apostels, 289:2.*

**9. Kan bose geeste die toekoms voorspel?** 1 Samuel 28:19.

**10. Het dit wat aan Saul meegedeel is, 'n werklikheid geword?** 1 Samuel 31:1-4.

Ja, Saul is deur die Filistyne verslaan, en hy en sy seuns het in die stryd gesterf, met Saul wat sy eie lewe geneem het.
Die sogenaamde besoekers uit die geestewêreld gee dikwels waarskuwings wat waar is. Daarna, wanneer hulle vertroue gewin het, stel hulle leerstellings voor wat regstreeks geloof in die Skrifte ondermyn. Die feit dat sommige van die dinge wat hulle sê, waar is en dat hulle soms toekomstige dinge kan voorspel, gee 'n skyn van betroubaarheid aan hulle verklarings; en hulle valse leerstellings word deur die groot meerderheid aangeneem net so geredelik asof hulle onder die heiligste waarhede van die Bybel is. – *Die Groot Stryd, 552:2.*

**11. Deur watter twee groot dwalings sal Satan die mense in hierdie laaste dae onder sy misleidings bring?**

Deur hierdie twee groot dwalings, naamlik die leer van die onsterflikheid van die siel en die leer van die heiligheid van Sondag, sal Satan die mense onder die krag van sy bedrog bring. Terwyl eersgenoemde die grondslag vir Spiritisme lê, vorm laasgenoemde die band van samewerking met Rome.
Namate Spiritisme die sogenaamde Christelike godsdiens van vandag noukeurig na-aap, verkry dit groter krag om te bedrieg en te versterk. Volgens Spiritiste het Satan tot bekering gekom. Hy sal in die hoedanigheid van 'n engel van die lig verskyn. Deur middel van Spiritisme sal wonderwerke geskied, siekes sal genees word en wonders wat nie ontken kan word nie, sal verrig word. – *Die Groot Stryd, 588:1, 2.*

**12. Wat is die enigste wyse van verdediging teen hierdie bose geeste?** Johannes 5:39, laaste gedeelte.

Die kinders van die Here moet voorberei wees om hierdie geeste te bestry met die Bybelse waarheid dat die dode niks weet nie, en dat diegene wat aan hulle verskyn die geeste van duiwels is. Ons moet wysheid van omhoog soek sodat ons staande kan bly in hierdie dae van dwaling en misleiding. – *Eerste Geskrifte, 87:2*.

**13. Hoe moet ons die geeste toets wat in hierdie laaste dae kom?** Jesaja 8:19, 20; 1 Johannes 4:1.

## *Deurdink die Volgende*

1. Sommige sal versoek word om hierdie wonders te ontvang asof dit van God afkomstig is. Die siekes sal voor ons gesond gemaak word. Wonderwerke sal voor ons oë verrig word. Is ons voorbereid op die beproewing wat op ons wag, wanneer Satan se wonders van die leuen meer volledig vertoon sal word? Is daar nie talle siele wat verstrik en gevang sal word nie? Deur weg te draai van die duidelike voorskrifte en gebooie van God, en ag te slaan op fabels, word die denke van talle voorberei om hierdie wonders van die leuen te aanvaar. Ons moet almal nou voorberei vir die stryd waarby ons binnekort betrokke sal raak. Geloof in Gods Woord, biddend geondersoek en prakties toegepas, sal ons skild wees teen Satan se mag en sal ons, deur die bloed van Christus, as oorwinnaars laat uittree. – *Testimonies, vol. 1, 302:2.*

2. Maar Spiritisme wat honderdduisende aanhangers het, ja miljoene, en wat selfs wetenskaplike kringe binnegedring het, ook die kerke, en wat aanhangers het in parlemente en selfs koninklike howe – hierdie reusebedrog is slegs 'n herlewing in 'n nuwe vermomming, van die towery wat in die ou tyd verbied en veroordeel is. – *Die Groot Stryd, 556:2.*

3. Jare lank het die invloed en gewildheid van spiritisme toegeneem deur 'n sekere tipe van geloof in Christus te verkondig, en dus is daar talle Protestante wat besig is om versot te raak op hierdie verborgenheid van die ongeregtigheid. – *E.G. White, Signs of the Times, Mei 28, 1894.*

## *Tekste om te Onthou*

Jesaja 8:19, 20
1 Timótheüs 4:1

## *Definieer of Identifiseer*

Heldersiende
Towenaar
Orakel
Séance
Spiritisme

# LES 83 – DIE STRAF VAN DIE GODDELOSE

*Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maleági 4:1.*

**Die goddelose ontvang hulle vergelding op die aarde. Hulle sal "'n stoppel wees; en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare." (Mal. 4:1.) Sommige word in 'n oomblik vernietig, terwyl ander baie dae ly. Almal word gestraf volgens hulle dade. Daar die sondes van die regverdiges op Satan oorgeplaas is, ondergaan hy nie alleen straf vir sy eie opstand nie, maar ook vir al die sondes waartoe hy Gods volk verlei het. Sy straf sal baie groter wees as wat diegene ontvang wat hy verlei het. Nadat almal vernietig is wat weens sy bedrog ten gronde gegaan het, sal sy straf nog steeds voortduur. In die reinigende vlamme word die goddelose eindelik verdelg, wortel en tak – Satan die wortel en sy volgelinge die takke. Die volle straf van die wet word uitgevoer; daar word voldoen aan die vereistes van geregtigheid; en die hemel en die aarde waar hulle dit aanskou, getuig van die geregtigheid van Jehova.** *– Die Groot Stryd, 673:1.*

## *Woordelys*

**1. Let op die definisies van die fundamentele woorde van hierdie les:**

a. **Dood: "**Oorsaak van die verlies van die lewe; die toestand van die dode; uitwissing."

b. **Sterf:** "Om op te hou lewe; om nie meer te bestaan nie; om te verdwyn."

c. **Vir ewig:** "'n Onbeperkte tyd, alewig." – Vertaal uit Webster. Van die Hebreeuse woord 'ad, gebruik as 'n voorsetsel, bywoord, voegwoord – "so ver (of lank, of veel) as gedurende, terwyl, totdat." *– James Strong, The Exhaustive Concordance of the Bible, Hebrew and Chaldee Dictionary, woord nommer 5704.*
Sommige het gedink dat, as gevolg van die profeet se vloek, Naaman se melaatsheid aan hom en sy nageslag sou vaskleef, dat daar persone is wat nog leef wat hierdie man se ware afstammelinge is, en wat aangetas is deur hierdie vreeslike siekte. Die "vir ewig" impliseer so lank as enige van sy nageslag sou oorbly. Die "vir ewig" vir Gehási was totdat sy nageslag sou uitsterf. – Adam Clarke, A Commentary and Critical Notes, on 2 Kings 5:27. Volgens sy [Clarke se] reël moet die woorde, "vir ewig," en "vir ewig en ewig," as volg vertolk word: so lank as iets, die omstandighede in ag geneem, kan bestaan. – Uriah Smith, Here and Hereafter, 295:5.

d. **Hel: "**Die plek van die dode, die graf, die plek van straf."

e. **Sterflik:** "Onderworpe aan die dood; bestem om te sterf; lewensvernietigend."

f. **Doodgaan:** "Om tot niet te gaan; om vernietig te word; om te sterf."

## *God is liefde*

**2. Hoe lief is God vir sondaars?** Johannes 3:16; 15:13.

**3. Wat is God se houding teenoor die goddelose?** Eségiël 33:11; Matthéüs 23:37-39.

**4. Sal daar grade van beloning en straf wees?** Openbaring 22:12.

***a. Die Belonings:***
(1) Sommige van hulle het glinsterende blink krone gehad, terwyl ander s'n nie so geblink het nie. Almal was heeltemal tevrede met hulle krone. – *Eerste Geskrifte, 16:2.*

(2) Naaste aan die troon is diegene wat eenmaal ywerig vir die saak van Satan was, maar wat soos stukke brandhout uit die vuur geruk is en hulle Verlosser gevolg het met 'n vurige toegewydheid. Naas hulle is diegene wat hulle Christelike karakters volmaak het te midde van valsheid en ongeloof; diegene wat die wet van God geëer het toe die Christen-wêreld dit tot niet verklaar het; en die miljoene van alle eeue wat die marteldood vir hulle geloof gesterf het. En anderkant hulle is "'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale … voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande." **Openb. 7:9, 10.** – *Die Groot Stryd, 665:2.*

**"Die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees." Maleági 4:1.**

***Trots en alle ander sataniese karaktertrekke sal in die dag van God se oordeel vernietig word.***

***b. Die Strawwe:***

Sommige word in 'n oomblik vernietig, terwyl ander baie dae ly. Almal word gestraf volgens hulle dade. Daar die sondes van die regverdiges op Satan oorgeplaas is, ondergaan hy nie alleen straf vir sy eie opstand nie, maar ook vir al die sondes waartoe hy Gods volk verlei het. Sy straf sal baie groter wees as wat diegene ontvang wat hy verlei het. Nadat almal vernietig is wat weens sy bedrog ten gronde gegaan het, sal sy straf nog steeds voortduur. – *Die Groot Stryd, 673:1.*

## *Geen Eindelose Pyniging*

**5. Die woord "hel" het vier afleidings:**

**a. Hades:** "Die onderwêreld. Die graf, die doderyk." – Liddell en Scott, A Greek-English Lexicon.

***Voorbeeld***
"Dood, waar is jou angel? Doderyk [hades], waar is jou oorwinning? 1 Korinthiërs 15:55.
**b. Sjeool:** (dieselfde as Hades). Watter Hebreeuse woord stem ooreen met die Griekse Hades?
**ANTWOORD**: Sheol.

Hierdie is die ekwivalente terme in die twee tale. Alles wat 'n Hebreeuse skrywer met die woord "Sheol" wou oordra, word deur 'n Griekse skrywer oorgedra met die woord "Hades," en andersom. *– Uriah Smith, Here and Hereafter, 1897 uitg., 175.*

***Voorbeeld:*** "Want U sal my siel aan die doderyk [graf - sheol] nie oorgee nie." Dit is Hebreeus in die Ou Testament. Psalm 16:10. "U sal my siel nie aan die doderyk [graf – hades] oorlaat … nie." Dit is Grieks in die Nuwe Testament. Handelinge 2:27.

**c. Tartarus:** "'n Donker afgrond." – Liddell en Scott, A Greek Lexicon.
Hierdie woord word slegs een keer gebruik en verwys na gevalle engele. 2 Petrus 2:4. Let daarop dat hulle "vir die oordeel in bewaring gehou word."

**d. Gehenna:** Die dal van "Hinnom, suid van Jerusalem, besoedel met alle soorte vullis, asook die karkaste van diere en die liggame van kwaaddoeners wat verteer word deur vure wat brandend gehou word, om die pestilensie te vermy wat andersins sou volg op so 'n massa vullis." – Greenfield, Greek Lexicon, artikel, Gehenna.

**6. Wat is die loon van die sonde?** Romeine 6:23.

**7. As die lewe voordele inhou, gaan dit ook gepaard met verantwoordelikhede?** Deuteronómium 30:15, 16; Josua 24:15; Lukas 12:48.

In die oordeel sal mense nie veroordeel word omdat hulle 'n leuen werklik geglo het nie, maar wel omdat hulle die waarheid nie geglo het nie, omdat hulle nagelaat het om uit te vind wat waarheid is. *– Patriarge en Profete, 55:2.*

**8. In die gelykenis van die talente, wat het met die persoon gebeur wat sy een talent begrawe het?** Matthéüs 25:14-30.

**9. Neem God geboorte, oorerflikheid, en/of omgewing in ag?** Psalm 87:4-6; Lukas 12:48.
Hulle straf sal in verhouding wees tot hulle verstandelike vermoë. – Testimonies, vol. 4, 165:0.
Die lyding van die manne van Juda sou wees in verhouding tot die lig waaroor hulle beskik het, en die waarskuwings wat hulle verag en verwerp het. *– Prophets and Kings, 425:2.*

**10. Let op hoe die Skrifte die volkome vernietiging van die goddelose uitbeeld:**

**a.** Hoe kan die goddelose voortdurend pyn verduur, wanneer die goddelose nie daar sal wees nie? Psalm 37:10.
**b.** Hoe kan die goddelose oneindige pyniging deurmaak sonder 'n plek waar hulle bestaan? Psalm 37:10. *"Jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie."*
**c.** Die goddelose sal ly. "Maar die goddelose sal omkom." Psalm 37:20.
d. Die goddelose sal verdwyn. "Hulle verdwyn soos rook, hulle verdwyn." Psalm 37:20.
**e.** Sal die vuur wat die goddelose vernietig, uitbrand? Jesaja 47:15. *"Hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie."*
**f.** Die goddelose sal brand. "Die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek." Maleági 4:1.

**g.** Die vuur sal vir die goddelose "geen wortel of tak" oorlaat nie. Maleági 4:1.
**h.** Hy wat nie in die Seun glo nie, **"**sal die lewe nie sien nie." Johannes 3:36.
**i.** Die goddelose sal gestraf word met "'n ewige verderf." 1 Thessalonicense 1:9.

## *Goddelose Vernietig – Liggaam en Siel*

**11. Wat is die uiteinde van die liggaam van die goddelose?** Maleági 4:3.

**12. Die liggaam kan doodgemaak word, maar wat van die siel?** Matthéüs 10:28.

**13. Is die siel net so sterflik as die liggaam?** Eségiël 18:4; Matthéüs 10:28.

**14. Kan die siel lewend gehou word?** Vergelyk Psalm 22:30 met Jesaja 38:17.

**15. Wat is God se vreemde werk?** Jesaja 28:21.

## *Besware Beantwoord*

**16. Die vuur wat "nie uitgeblus sal word nie" sal uitgaan.** Vergelyk 2 Kronieke 36:19-22 en Jesaja 478:14 met Jeremia 17:27.

**17. Die wurm wat nie sal sterwe nie, sal sterwe.** Vergelyk Jesaja 66:24 met Openbaring 21:1-5 en Die Groot Stryd, 673:1.

**a.** Let op die woord "lyke" in Jesaja 66:24. **Die hele grondslag van eindelose pyniging word nietig gemaak deur die feit dat 'n lyk geen pyn kan voel nie.**

**b.** Maar vuur van God uit die hemel reën op hulle, en die grotes en magtiges en edelmanne, en die armes en ellendiges word almal tesame verteer. Ek het gesien dat sommige sommer gou vernietig is, terwyl ander langer gely het. Dit het dae geneem om sommige te verteer, en solank daar nog 'n stukkie van een oorgebly het wat nog nie verteer is nie, het die lyding aangehou. Die engel het gesê, "Die wurm van die lewe sal nie sterf nie; hulle vuur sal nie uitgeblus word nie solank daar nog die kleinste deeltjie oorbly wat verbrand moet word." – *Eerste Geskrifte, 294:1.*

**18. "Die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid," maar dit sal tot 'n einde kom.** Vergelyk Openbaring 14:11 en Openbaring 18:8, Maleági 4:1-4 met Jona 2:6; Exodus 21:1-6.

**a. Die term "vir ewig" beteken aanhoudende aksie so lank as die voorwerp waarna verwys word, kan voortbestaan.**
(1) ***Voorbeeld:*** "Jy mag hulle vrede en hulle geluk solank as jy lewe, vir ewig nie soek nie." Deuteronómium 23:6. Jy kan slegs "solank as jy lewe" hulle vrede en hulle geluk nie soek nie.
(2) ***Voorbeeld:*** "Daarom sal die melaatsheid van Naäman jou [Gehási] en jou nageslag vir ewig aanklewe." 2 Konings 5:27. Naäman se melaatsheid kleef nie nou vir Gehasi en sy nageslag aan nie. *(Sien Uriah Smith, Here and Hereafter, 296.)*

## *Weereens 'n Skoon Heelal*

**19. Wat is die belofte rakende die finale uitwissing van sonde?** Nahum 1:9.

**20. Wanneer die goddelose vernietig is, sal daar nie meer pyn wees nie.** Jesaja 65:25; Eségiël 28:26; Openbaring 21:4.
**21. Wat sal die finale einde van Satan wees, volgens Gods Woord?** Eségiël 28:18, 19.

**22. Wat is die uiteindelike lotsbestemming van die aarde?** Jesaja 66:22, 23; Openbaring 21:5.

Die groot stryd is beëindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van eensgesindheid en blydskap klop deur die groot skepping. – *Die Groot Stryd, 678:3*.

## *Deurdink die Volgende:*

1. God het 'n "welbehae in goedertierenheid." Miga 7:18. Vir Hom is die werk van vernietiging en veroordeling "vreemd." Maar dit is in genade en liefde dat Hy die sluier van die toekoms lig en aan die mens die gevolge van die sondeweg openbaar. – *Koning van die Eeue, 582:3*.

2. Dit [die vernietiging van die goddelose] is nie 'n arbitrêre magsuitoefening an die kant van God nie. Wie Sy genade verwerp, maai wat hulle gesaai het. God is die bron van die lewe; as 'n mens verkies om die sonde te dien, sonder hy hom van God af en daarom ook van die lewe. – *Koning van die Eeue, 763:5*

3. Diegene wat hulleself vlei dat God te genadig is om die sondaar te straf, het slegs nodig om na Golgota te kyk om alle twyfel uit die weg te ruim dat wraak geneem sal word op elke oortreder van Sy regverdige wet. – *Ellen G. White, Signs of the Times, April 3, 1884.*

4. Hulle [wat geen lewende verbinding met God het nie] hou vas aan menslike verklarings dat oordeel teen sonde teenstrydig is met God se karakter van welwillendheid, en, terwyl hulle by oneindige welwillendheid stilstaan, probeer hulle vergeet dat daar so iets as oneindige regverdigheid is. – *Ellen G. White, Signs of the Times, Maart 13, 1884.*

## *Tekste om te Onthou*

Eségiël 18:4
Romeine 6:23
Judas 7
Maleági 4:1
2 Petrus 2:6

# LES 84 – DIE AARD EN LOT VAN DIE MENS – OPSOMMING VAN EENHEID 11

*Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. Johannes 11:25.*

**Ofskoon ons stamouers onskuldig en heilig geskape is, was dit nie vir hulle onmoontlik om kwaad te doen nie. Op sedelike gebied was hulle vry om self te kies; hulle kon die wysheid en weldadigheid van Sy karakter en die regverdigheid van Sy vereistes waardeer en na willekeur gehoorsaam of ongehoorsaam wees. Hulle was bestem om die gemeenskap van God en die heilige engele te geniet; maar voordat hulle vir ewig beveilig kon word, moes hulle trou eers op die proef gestel word. Van die begin van sy bestaan af is die mens se lus vir selfbevrediging beteuel, want dit was juis die dodelike hartstog waarop die Satan skipbreuk gely het. Die boom van die kennis, wat naby die boom van die lewe in die middel van die tuin gestaan het, moes dien om die gehoorsaamheid, geloof en liefde van ons stamouers op die proef te stel. Hoewel hulle toegelaat is om vrylik van die vrugte van elke ander boom te eet, is hulle op straf van die dood belet om van dié boom te eet. Hulle sou ook aan die versoekinge van die Satan blootgestel word; maar indien hulle hierdie proef kon deurstaan, sou hulle uiteindelik buite bereik van sy mag gestel word en die voortdurende guns van God geniet.** *– Patriarge en Profete, 48:4.*

## *Die Aard van die Mens*

1. Wie is die outeur van die woord “sterfling”?
2. Onderskei tussen gees, siel, en liggaam.
3. Definieer “sterflik.”
4. Wie was die eerste om te leer dat die mens nie sal sterf nie?
5. Wanneer sal die mens onsterflikheid ontvang?

## *Die Mens in die Dood*

1. Waarmee het Christus die dood vergelyk?
2. Versoen die dood van ‘n Christen met die stelling, “Hy (sal) die dood in der ewigheid nie smaak nie.” Johannes 8:52.
3. Waarna keer die mens terug wanneer hy sterf?
4. Bewys dat die dief nie by sy dood Paradys toe is nie.
5. Wat is sommige van die aanskouingslesse wat deur die gelykenis van die ryk man en Lasarus geleer word?

## *Opstanding*

1. Watter gebeurtenis sal die teken wees van die opstanding?
2. Wie het gevra, "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?"
3. Wanneer sal Dawid tevrede wees?
4. Toon aan hoe Christus se opstanding belangrik is.
5. Noem die twee algemene opstandings en wanneer hulle sal plaasvind.
6. Wattter rol speel engele in die opstanding?

## *Spiritisme*


1. Wie neem vandag die plek in van die hekse en towenaars van ouds?
2. Wie het die heks van Endor geraadpleeg, en vir watter rede?
3. Op watter leuen aan Eva is spiritisme gebaseer?
4. Op watter twee groot dwalinge is Satan se finale misleidings gebaseer?
5. Watter toets hoort toegepas te word om egtheid te bepaal?

## *Straf van die Goddelose*

1. Wees in staat om die volgende te definieer: (1) doodgaan, (2) hel, (3) sterflik, (4) omkom.
2. Gee 'n Bybelse voorbeeld van die gebruik van die woorde "vir ewig" waar dit nie eindelose aktiwiteit beteken nie.
3. Aangesien straf nie ewigdurend is nie, en aangesien sommige slegter is as ander, hoe word die goddelose regverdig gestraf?
4. Hoeveel bewyse kan jy saamstel om te toon dat ewigdurende pyniging nie Bybels is nie?
5. Nadat sonde en sondaars vernietig is, sal hulle nie 'n tweede keer verrys nie. Hoekom?

# EENHEID 12 – JULLE BEHOORT NIE AAN JULSELF NIE

**Die volgelinge van Christus behoort 'n Goddelike volk te wees, en nie die onheilige wêreldse beginsels aan te neem of te voldoen aan die ongeregtige leefwyse daarvan nie, om nie die sondige plesier van die wêreld lief te hê en ook nie om sy dwaasheid te steun nie.**
**Gelowiges hoort hul liggame as die tempel van die Heilige Gees te beskou, en dus hoort hulle daardie liggaam met netjiese, fatsoenlike en deftige klerasie te beklee.**
**Verder, met betrekking tot eet en drink en in hulle algehele optrede hoort hulle hul lewens te vorm soos dit die volgelinge van die sagmoedige, nederige Meester betaam. Dus sal Christus se volgelinge gelei word om hulself van alle dronkmakende drankies, tabak, en ander narkotika te weerhou, en om elke gewoonte en praktyk wat liggaam en siel besoedel, te vermy.**



"Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle." 1 Korinthiërs 3:16, 17.

# LES 85 – DIE TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES

*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? 1 Korinthiërs 6:19.*

**Oortreding van die natuurwette is oortreding van God se sedewet, want God is net soseer die maker van natuurwette as van die sedewet. Hy het Sy wet met Sy eie vinger op elke senuwee, elke spier en elke vermoë geskrywe wat aan die mens toevertrou is. En elke misbruik van enige deel van ons liggaam is 'n skending van daardie wet.**
**Almal behoort 'n intelligente kennis van die menslike gestel te hê sodat hulle hul liggame in die toestand kan hou wat nodig is om die werk van die Here te doen. Die fisieke lewe moet versigtig bewaar en ontwikkel word sodat die Goddelike natuur in al sy volheid deur die mens geopenbaar kan word. Die verhouding van die fisieke organisme tot die geestelike lewe is een van die belangrikste vertakkings van die onderwys. Dit behoort in die huis en in die skool noukeurige aandag te geniet. Almal het nodig om bekend te raak met hulle fisieke struktuur en met die wette wat die natuurlike lewe beheers. Hy wat willens en wetens onkundig bly aangaande die liggaamwette en hulle weens onkunde oortree, sondig teen God. Almal behoort die beste verhouding moontlik tussen hulle lewe en hulle gesondheid te bewaar. Ons gewoontes moet onder die beheersing gebring word van 'n verstand wat self deur God beheers word.** – *Gelykenisse van Christus, 347:1 – 348:1.*

## *Julle Behoort Nie aan Julself Nie*

**1. Wat word jou liggaam genoem en aan wie behoort jy?** 1 Korinthiërs 6:19, 20.

**2. As jy die tempel van God is, wie is dit wat in jou woon?** 1 Korinthiërs 3:16.

**3. Wat sal God aan jou doen as jy die tempel van God, wat jou liggaam is, skend of vernietig?** 1 Korinthiërs 3:17.

**4. Hoe word ons die tempel van God?** 2 Korinthiërs 6:16.

**5. In die lig van hierdie feit, wat staan ons te doen?** 1 Korinthiërs 6:17-20.

## *God se Begeerte vir Ons*

**6. Wat het Johannes van gesondheid gesê?** 3 Johannes 2.

Gesondheid is 'n seën waarvan min die waarde besef; tog hang die bekwaamheid van ons verstandelike en liggaamlike kragte grootliks hiervan af. Ons drange en hartstogte setel in die liggaam, dit moet dus fisiek in die beste toestand gehou en onder die beste geestelike invloede gestel word sodat ons talente vir die hoogste doel gebruik kan word. – *Gelykenisse van Christus, 346:1.*

**7. Hoe belangrik is goeie gesondheid vir enige individu?**
Omdat die verstand en die siel deur die liggaam uiting vind, hang sowel verstandelike as geestelike forsheid in 'n groot mate van liggaamlike krag en werksaamheid af; alles wat liggaamlike gesondheid bevorder, bevorder die ontwikkeling van 'n sterk verstand en 'n ewewigtige karakter. Sonder gesondheid kan niemand sy verpligtinge teenoor homself, teenoor sy medemens of teenoor sy Skepper so duidelik verstaan of so volledig nakom nie. Daarom moet die gesondheid net so getrou as die karakter bewaak word. 'n Kennis van die fisiologie en gesondheidsleer moet die grondslag van alle opvoedkundige pogings wees**.** – *Opvoeding, 195:1.*

## *Fundamentele Beginsels*

**8. Hoe behoort die natuurwette in ag geneem te word?**

As die grondbeginsel van alle opvoeding in hierdie rigting, moet die jeug geleer word dat die natuurwette die wette van God is – inderdaad net so Goddelik as die voorskrifte van die Tien Gebooie. Die wette wat ons liggaamlike organisme beheer, het God op elke senuwee, spier en weefsel van die liggaam geskrywe. Elke roekelose of moedswillige skending van hierdie wette is 'n sonde teen ons Skepper. – *Opvoeding, 196:3.*

**9. Wat word gesê van 'n vrolike hart en die effek daarvan op die gesondheid?** Spreuke 17:22.

**10. Hoe sal die onderhouding van God se gebooie die lewe affekteer?** Spreuke 3:1,2.

**11. Wat is die effek van vriendelike woorde op die gesondheid?** Spreuke 16:24.

**12. By wie is die fontein van die lewe?** Psalm 36:9-11.

**13. Hoekom het Jesus na hierdie wêreld gekom?** Johannes 10:10.

**14. Noem sommige van die noodsaaklikhede vir goeie gesondheid:**

a. Behoorlike dieet.
b. Sonskyn en vars lug.
c. Aangename omgewing en liggaamlike oefening.
d. Behoorlike tydperke van rus en slaap.
e. Gepaste verstandelike uitkyk en geestelike verhoudings.

Hy is nie net die grondlegger van alles nie, maar Hy is die lewe van elke ding wat leef. Dit is Sy lewe wat ons ontvang, in die sonlig, in die suiwer, vars lug, in die voedsel wat ons liggame opbou, en ons krag in stand hou. Dit is deur Sy lewe dat ons uur na uur, oomblik na oomblik, bestaan. Behalwe waar dit deur sonde verdraai is, neig al Sy gawes tot die lewe, tot gesondheid en vreugde. – *Opvoeding, 197.5.*

## *God se Eiendom*

**15. Aan wie behoort ons nie?** 1 Korinthiërs 6:19.

**16. Aangesien ons aan God behoort, wat hoort ons in ons liggaam en in ons gees te doen?**
1 Korinthiërs 6:20; 2 Korinthiërs 5:15; 1 Petrus 1:17-21.

‘n Groot les word geleer wanneer ons ons verhouding tot God en Sy verhouding tot ons verstaan. Die woorde, “… dat julle nie aan julself behoort nie? want julle is duur gekoop” [1 Korinthiërs 6:19, 20], hoort in die skathuis van die geheue gehang te word, sodat ons altyd God se reg op ons talente, ons besittings, ons invloed, ons as individue, sal erken. Ons moet leer hoe om hierdie gawe van God te behandel, in liggaam, in siel, in gees, sodat ons, as Christus se gekoopte eiendom, aan Hom heilsame, opbouende diens sal lewer. – *Testimonies to Ministers, 423:1.*

## *Onthou*

1. Jou liggaam is die tempel van die Heilige Gees en in alles wat jy dink, sê of doen moet hierdie feit in gedagte gehou word.

2. Julle moet onder hulle uitgaan en julle afsonder [2 Korinthiers 6:17] van die wêreld: julle is deel van ‘n “uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.” 1 Petrus 2:9.

3. Die gesondheidswette is net so heilig as die Tien Gebooie.

## *Tekste om te Onthou*

1 Korinthiërs 3:17
1 Korinthiërs 6:19, 20
1 Petrus 2:9

# LES 86 – "WAT JULLE SAL EET"

*Hou maaltyd soos manne en nie soos drinkers nie. Prediker 10:17.*

**Ons liggame word opgebou deur die voedsel wat ons eet. Die liggaamsweefsels word gedurig afgebreek; elke beweging van elke orgaan veroorsaak slytasie en dit moet herstel word deur die voedsel wat ons eet. Elke orgaan van die liggaam het sy deel van die voeding nodig. Die brein moet van sy deel voorsien word; die beendere, spiere en senuwees moet hulle deel kry. Dit is 'n wonderbaarlike proses wat die voedsel in bloed verander en wat die bloed gebruik om die verskillende liggaamsdele op te bou; maar hierdie proses gaan gedurig voort en voorsien voortdurend aan elke senuwee, spier en weefsel lewe en krag.** *– Die Helende Hand, 295:1.*

***Redakteur se Nota:*** *Die informasie wat in hierdie hoofstuk gedeel word, moet nie gebruik word as behandeling vir individuele gevalle nie. Indien jy enige dermkanaalverwante kwessies of siektes het, raadpleeg asseblief 'n geskikte Mediese Praktisyn of "Functional Practitioner". Hierdie hoofstuk is bedoel om beskikbare informasie met u te deel volgens God se Woord en om ons te lei om gehoorsaam aan ons Skepper te wees.*

## *Die Mens se Oorspronklike Dieet*

**1. Wat is in die begin aan die mens gegee om te eet?** Génesis 1:29.

**2. Wat het God by die mens se dieet gevoeg nadat die aarde deur die sonde vervloek is?** Génesis 3:18.

Om te weet watter voedselsoorte die beste is, moet ons Gods oorspronklike plan vir die mens se dieet bestudeer. Hy wat die mens geskape het en die beste weet wat sy behoeftes is, het Adam se voedsel vir hom aangewys. … Graan, vrugte, neute en groente is die dieet wat ons Skepper vir ons gekies het. Hierdie voedselsoorte, so eenvoudig en natuurlik moontlik berei, is die gesondste en voedsaamste. Hulle gee krag, uithouvermoë en verstandelike krag wat nie uit 'n ingewikkelder en meer stimulerende dieet verkry kan word nie. *– Die Helende Hand, 295:3 – 296:1.*

## *Basiese Vereistes vir 'n Genoegsame Dieet*

**3. Dit blyk dat daar vyf basiese vereistes is vir 'n genoegsame dieet vir die mens:**

a. Proteïene
b. Vette
c. Koolhidrate (stysels en suikers)
d. Mineraalsoute
e. Vitamiene

**4. Wat is proteïene?**

Proteïene is ‘n klas van voedselsoorte wat in feitlik alle groente- en dierprodukte gevind word. Die woord “proteïen” is afgelei van die Griekse woord wat beteken “eerste.” Proteïene neem die eerste plek in, want daar kan geen lewe wees sonder hulle nie. Proteïene is noodsaaklike bestanddele van elke sel in die liggaam. Proteïene voorsien die materiaal vir die konstruksie, groei, herstel, en instandhouding van weefsel en strukture. Daar is twee klasse: volledig, soos gevind in diere-produkte, of proteïene wat afkomstig is van plante soos sojabone, quinoa, en neute; en onvolledig, soos gevind in die meeste graansoorte en peulgewasse.

Elke keer wanneer peulgewasse soos **boontjies**, lensies en grondboontjies gekombineer word met grane soos **rys**, koring, en mielies [wat nie geneties gemodifiseer is nie], word ‘n volledige **proteïen** gevorm. Grondboontjiebotter (wat nie hidrogeneer is nie) op volkoring- of “sourdough” brood is ‘n vinnige peuselhappie wat, hoewel hoog in kalorieë, die liggaam voorsien van alle noodsaaklike aminosure, asook gesonde vette. Daar word aanbeveel dat ongeveer 10 persent van die totale kalorieë wat ingeneem word, vanaf proteïene bekom moet word. Chia- en pampoensade is ook bronne van volledige proteïene. Sojabone wat nie geneties gemodifiseer is nie, quinoa en amarant is elkeen ‘n bron van volledige proteïene.

**5. Wat staan bekend as vette in voedsel?**

Vette is voedselsoorte wat die liggaam met energie of brandstof voorsien. Elke gram vet wat deur die liggaam verbrand word, lewer nege kalorieë hitte. Gewoonlik moet 25 tot 30 persent van die totale kalorieë-inname afkomstig wees van vette soos olyfolie, of lynsaadolie, klapperolie (gebruik koud), druiwesaadolie, of sonneblomolie (wat nie geneties gemodifiseer en nie hidrogeneer is nie) vir kook of bak – twee of meer eetlepels daagliks.

**6. Wat is koolhidrate?**

Koolhidrate is ‘n voedselklas wat energie verskaf. Elke gram wat in die liggaam verbrand word, lewer vier kalorieë hitte. Koolhidrate mag as brandstof verbrand word om energie te lewer vir interne of eksterne werk, of vir hitte. Hulle mag in die liggaam as glukogeen gestoor word, of in liggaamsvet omgeskakel word. Sonskyn is die bron van voedsel wat energie verskaf. Die groot groep stysels en suikers val onder hierdie kategorie.

**7. Wat is mineraalsoute?**

Toenemende erkenning word gegee aan die mineraalelemente van voedselstowwe en die uiters belangrike rol wat hulle in menslike voeding speel. Die fermheid en hardheid van die beendere en tande is te danke aan die anorganiese, relatief onoplosbare mineraalelemente wat hulle bevat. Die meer prominente en belangrike elemente is kalsium, fosfor, yster, jodium, swawel, koper, natrium, kalium, magnesium, ens. As ons daagliks voldoende hoeveelhede kalsium, fosfor, yster (vitamien C bevorder die opname van yster) en jodium (verkieslik verkry vanuit nie-gejodeerde seesout of Himalajasout wat 84 minerale bevat) vanuit ons voedsel bekom, is dit onwaarskynlik dat ons tekorte aan die ander mineraalelemente sal ondervind.

**8. Die nodige vitamines**

Daar is talle vitamienes. Die wat waarskynlik in ‘n andersins voldoende dieet sal kortkom, is vitamien A, in lewertraanolie, patats, wortels, swartbekboontjies, spinasie, broccoli, rooi soetrissie; vitamien B1, of tiamien, ‘n gedeelte van die B-kompleks, wydverspreid in die natuur, veral in die kiem van graansoorte en in die buitelae van volgrane; B2, of riboflavien, gevind in ‘n groot verskeidenheid van voedsel verkry uit plante en diere; niasien, gevind in klein hoeveelhede in natuurlike kosse; vitamien C, of askorbiensuur, wydverspreid in natuurlike stapelvoedsel, veral onder vrugte, in die besonder sitrus; en vitamien D, gevind in skrapse hoeveelhede in natuurlike voedselbronne. Hierdie vitamien moet verkry word uit **sonlig** of ultravioletstrale vanaf spesiale lampe, gefortifiseerde sojamelk (wat nie geneties gemodifiseer is nie), amandelmelk, sampioene, aanvullings bekom uit plante (mondsproei of kapsules).

**9. Watter voedsel vorm vandag ‘n gesonde plant-gebaseerde dieet?**

Die basiese sewe, wat bestaan uit vrugte, twee of meer porsies vars vrugte daagliks – sitrusvrugte of tamaties dikwels; groente (groen en/of geel) twee of meer daagliks behalwe aartappels, blaargroente dikwels; olyfolie of lynsaadolie, klapperolie (gebruik koud), druiwesaadolie, of sonneblomolie (nie-hidrogeneer) – twee of meer eetlepels daagliks; volkoring – twee of meer porsies daagliks in die vorm van brood (bak self suurdeegbrood as jy gluten-intolerant is) of gekookte graanpap, dws bokwiet, polenta, sorghum, hawermout; en neute en neutbotters, boontjies en rys, lensies en rys, ertjies, kekerertjies, voedselsoorte wat hoë vlakke van probiotika bevat, soos suurkool, of tuisgemaakte gefermenteerde wortels, sojabone wat nie geneties gemodifiseer is nie, quinoa of amarant, een of meer porsies per dag. Chiasaad, pampoensaad en amandels.

***Vleis as Voedsel***

**10. Is daar ooit aan die mens toestemming verleen om vleis te eet?** Génesis 9:3, 4.

Voor daardie tyd het die Here nie aan die mens verlof gegee om dierevoedsel te gebruik nie; dit was Sy plan dat die mensdom net die voortbrengsels van die aarde sou eet; maar noudat elke groen ding vernietig was, het Hy aan hulle verlof gegee om van die vleis van die rein diere wat in die ark gered was, te eet. – *Patriarge en Profete, 107:3.*

**11. Vertel van die ondervinding van die kinders van Israel toe hulle in die woestyn aangedring het op dierevoedsel.** Exodus 16:8, 11-15; Númeri 11.

God het aan die volk gegee wat nie vir hulle die beste was nie, omdat hulle daaroor geneul het; hulle kon nie tevrede gestel word met die dinge wat vir hulle voordelig sou wees nie. Daar is aan hulle opstandige begeertes voldoen, maar hulle moes die gevolge dra. Hulle het oormatig daarvan geëet, en is spoedig vir hulle oordaad gestraf. “Die Here het onder die volk ‘n baie groot slagtig teweeggebring.” Groot getalle is deur ‘n brandende koors neergevel, en die skuldigste is getref sodra hulle geproe het aan die voedsel wat hulle begeer het. – *Patriarge en Profete, 382:2.*

**Deur van die plan af te wyk wat God vir hulle dieet bepaal het, het die Israeliete groot verlies gely. Hulle het ‘n vleisdieet begeer, en hulle het die gevolge daarvan gely. Hulle het nie die karakterpeil bereik wat God vir hulle bedoel het nie en hulle het Sy doel nooit vervul nie. Die Here het “hulle gegee wat hulle**

**gevra het, maar in hulle siel 'n maerte gestuur" (Psalm 106:15). Hulle het meer waarde aan die aardse as aan die geestelike geheg, en die heilige voortreflikheid wat Hy vir hulle bedoel het, het hulle nie bereik nie.** – *Die Helende Hand, 312:2.*

**12. Watter beginsel vir eet is deur Salomo uiteengesit?** Prediker 10:17.

**13. Wat sê die wyse man sal na die drinker en die vraat kom?** Spreuke 23:21.

**14. Watter voorstel word gemaak vir die persoon wat neig om te ooreet?** Spreuke 23:2.

**15. Is vleiskosse nou net so veilig as in die tyd van die Israeliete?**

Ek bied die Woord van die Here God van Israel aan, as gevolg van oortreding het God se vloek oor die aarde self gekom, en oor alle vlees. Die mens dra die gevolge van sy eie optrede deurdat hy afgewyk het van die gebooie van God.
Die diere ly ook onder die vloek. Siektes onder vee maak die eet van vleis 'n gevaarlike saak. Die Here se vloek rus op die aarde, op die mens, op die diere, op die visse, en soos die oortreding feitlik wêreldwyd word, sal daar toegelaat word dat die vloek so breed en so diep soos die oortreding word. Siektes word opgedoen deur die gebruik van vleis. Die aangetaste vleis van hierdie dooie karkaste word op die mark verkoop, en siektes onder die mensdom is die gevolg. Die Here wil Sy mense bring tot op 'n punt waar hulle nie die vleis van dooie diere sal aanraak of smaak nie. **Dit is nie veilig om die vleis van dooie diere te eet nie, en binnekort sal die melk van koeie ook uit die dieet van Gods wetsgehoorsame volk uitgeskakel word. Binnekort sal dit nie veilig wees om enigiets vanuit die diereskepping te gebruik nie.** – *Unpublished Testimony, Julie 26, 1898. [PUR, November 7, 1901, par. 1]*

**16. Let op die rein en onrein diere wat in Levítikus 11 gelys word.**

**17. Is daar enige morele saak betrokke by 'n vleisdieet?**

Die geestelike nadele van 'n vleisdieet is net so duidelik as die liggaamlike kwale. Vleis is nadelig vir die liggaam, en dinge wat die liggaam aantas het 'n ooreenkomstige uitwerking op die gemoed en op die siel. Dink aan die dieremishandeling wat by die eet van vleis betrokke is en aan die uitwerking daarvan op hulle wat die diere doodmaak en diegene wat dit aanskou. Hoe vernietig dit die teerheid wat ons vir hierdie skepsels van God behoort te koester! – *Die Helende Hand, 315:2.*

**18. Wat moet gedoen word wanneer vleis as kos afgeskaf word?**

Wanneer vleis as kos afgeskaf word, moet dit met 'n verskeidenheid van graansoorte, neute, groente en vrugte vervang word wat beide voedsaam en smaaklik is. Dit geld veral vir diegene wat swak is of wat swaar werk moet doen. Die vleis moet met heilsame voedsel vervang word wat nie duur is nie. In hierdie saak hang veel van die kookster af. – *Die Helende Hand, 316:4*.

**19. Wat hoort die oorheersende invloed te wees in die keuse van voedsel?** 1 Korinthiërs 10:31.



***1. MELK – nie-suiwel***

**Amandel of Sojamelk wat nie Geneties Gemodifiseer is nie, of klappermelk is goeie plaasvervangers vir suiwel.**



***KOMPLEKSE KOOLHIDRATE***

***2. VRUGTE***

***Twee porsies vrugte daagliks***



*3. GROENTE*

**Ten minste 3 porsies per dag,** waarvan een 'n groen blaargroente moet wees, en/of een kruisblommig moet wees.





*4. PROTEÏEN*

**Daaglikse behoeftes – plus minus 0.75g per kg liggaamsgewig.**

*4.1* **Soja, quinoa & amarant word beskou as volledige plantproteïene.**

Vegetariese of streng vegetariese bronne is **tofu wat nie geneties gemodifiseer is nie en sojabone wat nie geneties gemodifiseer is nie.**



*4.2 PEULVRUGTE – Plantproteïen en Koolhidraat*

Week alle peulvrugte behalwe lensies vir 24 uur, spoel deeglik. (Week lensies vir n uur of 2) Kook 10-15 minute, spoel deeglik, voeg skoon water by, herhaal. Moenie sout byvoeg totdat peulvrugte heeltemal gaar en sag is nie.

Boontjies of lensies saam met rys bevat al 9 aminosure wat die menslike liggaam benodig. (Saam vorm hulle 'n volledige proteïen.)

Spoel die rou rys deeglik voor dit gekook word.



***4.3 SADE EN NEUTE – Plantproteïen & Gesonde Vette***
***Week neute om te aktiveer. Spoel en droog in oond. Chia- & pampoensade is volledige proteïene.***



***5. GESONDE VETTE***
Avokado's, Klapperolie – Trigliseriede (breinvoedsel en anti-inflammatories). Geskik om kos te braai. Olyf- en lynsaadolie – Omega-olies – gebruik by kamertemperatuur in slaaie, souse.



***6. BROOD EN ONTBYTGRAAN (KOOLHIDRATE)***
Een porsie volkoring ontbytgraan. Twee of meer snytjies volkoring brood of rogbrood daagliks.
Persone met gluten intoleransie kan hulle eie "Sourdough" brood bak (stadige proses). Die gluten word afgebreek. Laat brood vir 2 dae staan nadat dit gebak is; sny in snytjies en vries.

***Voedsame kos help om 'n sterk liggaam te bou en verseker beter gesondheid.***

***Onthou***

1. Dit is beter om te eet om te lewe, as om te lewe om te eet.

2. Smaak is nie altyd die beste aanduiding van wat vir ons goed is nie.

3. Dit is verkeerd om te eet bloot om die aptyt te bevredig, nogtans moet die voedsel nie van 'n swak gehalte wees of onverskillig berei word nie. As die voedsel nie geniet word nie, sal die liggaam ook nie so goed gevoed word nie. Die voedsel moet sorgvuldig gekies en oordeelkundig en knap berei word. – *Die Helende Hand, 300:2.*

4. Voedsel moet versigtig gekies word. Ons dieet moet by die seisoen pas en ook by die klimaat waarin ons leef en die werk wat ons doen. Sommige voedselsoorte wat vir een seisoen en vir sekere klimaatstoestande geskik is, is nie onder ander omstandighede geskik nie. So is daar ook verskillende voedselsoorte wat die geskikste is vir mense van verskillende beroepe. Dit gebeur dikwels dat voedselsoorte wat voordelig is vir mense wat harde liggaamlike arbeid doen, ongeskik is vir mense wat sit- of intensiewe breinwerk doen. God het aan ons ‘n groot verskeidenheid van heilsame voedselsoorte gegee en daaruit moet elke mens dié soorte kies wat die ondervinding en gesonde oordeel geleer het die beste by sy eie behoeftes pas. *– Die Helende Hand, 297:0.*

5. Dit blyk dat die eet van vleiskosse baie meer ‘n saak van gesondheid is as enigiets anders. Na die vloed het die mense grotendeels dierevoedsel geëet. En Hy (God) het toegelaat dat die mens wat voor die Vloed so oud geword het, dierevoedsel mag eet om sodoende hulle sondige lewens te verkort. Kort na die Vloed het die mens se liggaamsgrootte en lewensjare vinnig begin afneem. – *Spiritual Gifts, vol. 4, 121:2*.

6. Die Here wil Sy mense bring tot op ‘n punt waar hulle nie die vleis van dooie diere sal aanraak of smaak nie. Dit is nie veilig om die vleis van dooie diere te eet nie, en binnekort sal die melk van koeie ook uit die dieet van Gods wetsgehoorsame volk uitgeskakel word. Binnekort sal dit nie veilig wees om enigiets vanuit die diereskepping te gebruik nie. Diegene wat vertroue het in Gods Woord en wat Sy gebooie met die hele hart gehoorsaam, sal geseën wees. God sal die skild wees wat hulle beskerm. Maar die Here sal nie bespot word nie. Wantroue, ongehoorsaamheid, vervreemding van Gods wil en weë sal die sondaar in die posisie plaas waar die Here nie Sy Goddelike guns aan hom kan toon nie… - *[CD, 411:3]*

7. Weereens sal ek verwys na die dieet aangeleentheid. Ons kan nie nou maak soos ons in die verlede gemaak het met betrekking tot die eet van vleis nie. Dit was nog altyd ‘n vloek op die ganse mensdom, maar nou is dit nog meer so in die vloek wat die Here op die kuddes uitgespreek het as gevolg van die mens se oortreding en sonde. Siektes onder diere word al hoe meer algemeen, en die enigste veiligheid vir ons is nou om vleiskos geheel en al uit te los. Die ergste siektes is nou baie algemeen, en die heel laaste ding wat ingeligte dokters hoort te doen, is om pasiënte aan te raai om vleis te eet. Die oormatige eet van vleis is besig om mans en vroue te demoraliseer, hulle bloed word verdorwe, en siekte kan in die liggaam posvat. Talle sterf as gevolg van die inname van vleis en hulle verstaan nie die rede nie. As die waarheid bekend was, sou dit getuig dat dit die vleis van dooie diere was. Net die gedagte aan die eet van dooie diere is afstootlik, maar daar is ook iets anders – wanner ons vleis eet, nuttig ons sieklike dooie vleis, en dit saai die saad van korrupsie in die menslike liggaam. – *[CD 412:1]*

8. Ons is nie voorskriftelik met betrekking tot ‘n spesifieke dieet nie, maar ons wil sê dat in lande waar vrugte, graansoorte en neute in oorvloed beskikbaar is, is dierevoedsel nie die regte kos vir Gods volk nie. - *[CD 95:4]*

9. As God se boodskappers, sal ons nie vir die mense sê: “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God”? 1 Korinthiërs 10:31.

10. Sal ons nie ‘n besliste getuienis lewer teen toegewing aan ‘n verdorwe aptyt nie? Sal diegene wat evangeliedienaars is, wat die plegtigste boodskap ooit aan die mensdom verkondig, ‘n voorbeeld stel deur na die vleispotte van Egipte terug te keer? Sal diegene wat onderhou word deur die tiende uit God se skathuis

toelaat dat hulle die leweggewende stroom wat deur hulle are pols vergiftig deur die bevrediging van self? Sal hulle die lig en waarskuwings wat God aan hulle gegee het, verontagsaam? – *[BLJ 316:5]*

11. Almal word nou getoets en beproef. Ons is in Christus gedoop, en as ons ons deel bring deur ons los te maak van alles wat ons sou verlaag en van ons maak wat ons nie hoort te wees nie, sal daar aan ons krag gegee word om te groei in Christus, ons lewende hoof, en ons sal die verlossing van God sien. – *[BLJ 317:2]*

12. Slegs wanneer ons verstandig is met betrekking tot die beginsels van ‘n gesonde lewenswyse kan ons bewus wees van die euwels wat volg op ‘n verkeerde dieet. Diegene wat, nadat hulle hul foute agterkom, die moed het om hul gewoontes te verander, sal agterkom dat die hervormingsproses ‘n stryd en baie deursettingsvermoë verg, maar wanneer die regte voorkeure eers aangeleer is, sal hulle besef dat die gebruik van voedsel wat hulle voorheen as onskadelik beskou het, stadigaan besig was om die fondament te lê vir slegte spysvertering en ander siektes. – *[BLJ 317:3]*

## *Tekste om te Onthou*

Génesis 1:29
Prediker 10:17
Spreuke 23:21
1 Korinthiërs 10:31

# LES 87 – WAT JULLE SAL DRINK

*Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. Johannes 4:10.*

**In gesondheid en in siekte is rein water een van die hemel se keurigste seëninge. Die regte gebruik daarvan bevorder die gesondheid. Dit is die drank wat God voorsien het om die dors van mens en dier te les. As u baie water drink, help dit om die benodigdhede van die gestel te voorsien en dit help die natuur om siekte te weerstaan.** *– Die Helende Hand, 237:1.*

## *Die Gawe van God*

**1. Wat was water in sommige Oosterse lande genoem?** Johannes 4:10.

In die Ooste word water "die gawe van God" genoem. Om 'n dorstige reisiger drinkwater te gee, is as so 'n heilige plig beskou dat die Arabiere in die woestyn uit hul pad sou gaan om dit te doen. *– Koning van die Eeue, 183:4.*

**2. Wat was die eerste dinge waarop die kinders van Israel op pad na die Beloofde Land aangedring het?** Exodus 15:23-27.

**3. Wat word gesê van water as 'n noodsaaklikheid vir die mens?**

**Na die vars lug wat ons inasem, is water die mens se kosbaarste aardse besitting.** – The Encyclopaedia Americana, 1941 uitgawe, vol. 29, 41.

Die mens kan vir baie dae sonder kos klaarkom sonder om sy liggaam ernstig te skaad, maar hy kan nie vir baie ure sonder water wees sonder dat hy probleme ondervind nie. Die Semiete van ouds het groot waardering vir water gehad, nog meer so as die meeste ander rasse as gevolg van die skaarsheid daarvan in die lande waar hulle gewoon het. In die Arabiese woestyn, hulle oorspronklike tuiste, was dit bekombaar slegs vanuit die skrapse fonteine wat hier en daar deur die droë grond gesypel het. In Kanaän en die ander lande aanliggend aan die woestyn het die reën geval, maar dit was so skaars en onseker dat dit vir hulle 'n voortdurende bron van kommer was. Dit is dus nie verbasend dat water meer dikwels in die Bybel genoem word as enige ander middel nie. In **Jesaja 3:1; 33:16** word dit beskou as een van die hoof lewensmiddele. As gevolg van die noodsaaklikheid en skaarsheid daarvan, word water in die Bybel 'n stylfiguur vir allerhande soorte seëninge, bv., goeie nuus (**Spreuke 25:25**), en veral vir die Goddelike genade **(Psalm 23:3; Jesaja 32:2; 55:1; 58:11; Johannes 7:38; Openbaring 7:16; 21:6; 22:1, 17**). *– Jacobus, Nourse, en Zenos, A Standard Bible Dictionary, artikel, "Water."*

## *Die Natuur Berei Goeie Drankies Voor*

**4. Watter ander drankie wat dikwels en tot voordeel genuttig word, word in die Bybel genoem?** Génesis 14:18; Matthéüs 26:29; Johannes 2:1-11; 1 Timótheüs 5:23.

Die wyn wat Christus vir die fees voorsien het en die wat Hy as ‘n simbool van Sy eie bloed aan die dissipels gegee het, **was die suiwere sap van die druif.** Hierna verwys die profeet Jesaja waar hy praat van die nuwe wyn “soos wanneer iemand mos vind in ‘n tros druiwe,” en sê: “Verniel dit nie, want daar is ‘n seën in.” **Jesaja 65:8.** – *Koning van die Eeue, 149:3.*

**5. Noem ander vrugte- en groentesappe wat ons kan aanskaf.**

Appel, appelkoos, boysenbessie, wortel, suurlemoen, lemoen, perske, peer, pynappel, nartjie, tamatie en talle ander. Behalwe dat dit die liggaam van vloeistof voorsien, bevat hierdie sappe vitamienes en mineraalsoute wat die liggaam kan gebruik in sy werk van reiniging en herstel. Hulle is uitstekend as drankies vir alle individue, en veral vir diegene wat siek is.

## *Koeldrank en Gewoontevormende Drankies*

**6. Is koeldranke voordelig vir die gesondheid?**

Koeldranke is nie so voordelig as wat diegene wat hulle gebruik graag wil glo nie. Daar is aangeteken dat daar in Amerika in een jaar meer as agtien biljoen ses-ons bottels versoete gaskoelddranke verkoop is. Dit was buiten die groter “gesinsgrootte” bottels. Gaskoeldranke bevat baie suiker en dus is die slegte effek daarvan grotendeels te wyte aan die suiker. Dit is bekend dat die oormatige gebruik van geraffineerde suiker neig om tandbederf te veroorsaak, en dit bederf die aptyt sodat daar nie veel begeerte is vir voedsame kos nie; dit irriteer die maag, vertraag vertering, veroorsaak fermentasie, en belemmer die chemie wat verwant is aan vitamienes. Die probleem is veral ernstig in die geval van kinders aangesien hulle die grootste verbruikers is van gaskoeldranke. – *California Health, Aug. 15, 1948.*

Wat tee, koffie, tabak en sterk drank betref, is die veiligste beleid: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie. Die neiging van tee en koffie en dergelike dranke is in dieselfde rigting as die van alkoholiese drank en tabak, en in baie gevalle is dit net so swaar om die gewoonte op te gee as vir ‘n dronkaard om sy bedwelmende drank te laat staan. Diegene wat besluit om hierdie prikkelmiddels te laat staan, sal vir ‘n tyd lank daarsonder verlore voel en baie ly. Maar as hulle volhard, sal hulle die hunkering oorwin en nie meer die gemis daarvan voel nie. Die natuur sal miskien ‘n tydjie nodig hê om van die gevolge van die misbruik te herstel, maar gee hom sy kans en hy sal herstel en sy werk weer goed doen. – *Die Helende Hand, 335:4*.

## *Stimulante en Narkotika*

**7. Is daar enige waarskuwings of vermanings in die Bybel rakend alkoholiese drank?**

a. Noag het homself onteer; en sy kleinseun, Kanaän, was vervloek as gevolg daarvan. Génesis 9:20-25.
b. Die Nasireërs is verbied om alkoholiese drank te gebruik. Númeri 6:3; Rigters 13:14.
c. Die Regabiete het hulle daarvan onthou. Jeremia 35; Die Groot Stryd, 362:0.
d. “Die wyn is ‘n spotter.” Spreuke 20:1.
e. “Op die end byt dit soos ‘n slang en spuug gif uit soos ‘n basilisk.” Spreuke 23:31, 32.
f. “En ook die manne hier wankel deur die wyn…” Jesaja 28:7, 8.
g. “Bowendien, die wyn is ‘n bedrieër.” Hábakuk 2:5.
h. “Wee hom wat aan sy naaste drank gee.” Hábakuk 2:15.

i. “Moenie dronk word van wyn nie.” Efésiërs 5:18.
j. Daar moet “geen drinker” onder die ouderlinge en diakens wees nie. 1 Timótheüs 3:3; Titus 1:7; 2:3.
k. Die heidene het in dronkenskap gewandel. 1 Petrus 4:3.

**8. Onder watter soort “werke” word dronkenskap in die Bybel geklassifiseer?** Galásiërs 5:19-21.

**9. Wat is die enigste veilige en konsekwente rigting wat ons kan inslaan rakende die gebruik van stimulante en dronkmakende drank?**

Die enigste veilige beleid met betrekking tot tee, koffie, wyne, tabak, opium, en alkoholiese drank is, raak nie, smaak nie, roer nie aan nie. Die noodsaaklikheid vir die mans van hierdie geslag om die wilskrag te gebruik wat deur Gods genade versterk word, sodat hulle Satan se versoekings kan weerstaan en hoegenaamd nie toegee aan ‘n verdorwe aptyt nie, is nou veel groter as ‘n paar geslagte gelede. Die enigste veiligheid is om standvastig te wees met betrekking tot matigheid, en om weg te bly van die pad van gevaar. – *Counsels on Health, 125:1.*

**10. Wat is ‘n narkotikum?**

‘n Narkotikum is iets wat verdoof. Dronkmakende drank, opium, mak dagga, morfien, tabak, en ander soortegelyke middels word as narkotika geklassifiseer. Die gebruik van een van hierdie middele berei ‘n mens voor en maak hom vatbaar vir die gebruik van die ander. Hulle is almal nuttelose, duur en nadelige gewoontes, en hoort onmiddellik uit die samelewing verban te word.

**11. Wat kan gesê word van die koste verwant aan die gebruik van stimulante en narkotika in die Verenigde State van Amerika?**

## *Onthou*

1. Jou liggaam benodig elke vier-en-twintig uur ongeveer agt glase water.

2. Een van die ernstigste probleme wat die administrateurs van stede in die gesig staar, is die voorsiening van voldoende suiwer water vir gebruik deur die inwoners.

3. Geen persoon wat alkohol begin gebruik het, was van voorneme om ‘n dronkaard te word nie. As jy nooit die eerste glas dronkmakende drank drink nie, sal jy nooit ‘n dronkaard word nie; maar as jy begin drink, het jy geen idee wat die uiteinde daarvan sal wees nie.

### *Tekste om te Onthou*

Spreuke 20:1; Hábakuk 2:15; Galásiërs 5:19-21; Johannes 4:10

### *Definieer of Identifiseer*

Alkoholiese drank; Narkotikum; Alkoholies; Stimulant; Matigheid

# LES 88 – WAT JULLE SAL AANTREK

*Is die lewe nie meer as die voedsel en die lewe as die klere nie. Matthéüs 6:25.*

**Die Bybel leer dat mens jou beskeidenlik moet klee. Hier word vertoon, opsigtelike kleure en oormatige versiering afgekeur. Enigiets wat bedoel is om die aandag op die draer te vestig of om bewondering uit te lok, pas nie by die beskeie kleredrag wat God behaag nie. Ons klere moet nie duur wees nie – "nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie." [1 Timótheüs 2:9.] Geld is iets wat God aan ons toevertrou. Dit behoort nie aan ons om vir die bevrediging van ons eie trots of eersug uitgegee te word nie. In die hande van Gods kinders is dit voedsel vir die hongerlydendes en kleding vir die naaktes. Maar hoewel ons kleding eenvoudig en beskeie moet wees, moet dit tog van 'n goeie kwaliteit, van geskikte kleure en dienlik wees. Dit moet vir duursaamheid gekies word, nie vir vertoon nie. Dit moet warmte en behoorlike dekking verskaf. Ons klere moet skoon wees. Klere wat nie skoon is nie, is ongesond, en besoedel dus die liggaam en die siel. Ons klere moet in alle opsigte bevorderlik wees vir gesondheid. Bo alles wil God hê dat ons "gesond" moet wees – gesond in liggaam en siel. Ons moet met Hom saamwerk vir die gesondheid van beide siel en liggaam. In albei opsigte sal ons gesondheid deur 'n gesonde kleredrag bevorder word. Die kleding moet die bevalligheid, die mooiheid en die paslikheid van natuurlike eenvoud hê. Christus het ons teen die grootsheid van die lewe gewaarsku, maar nie teen sy bevalligheid, en natuurlike skoonheid nie. Hy het na die blomme van die veld gewys, na die lelie wat in al sy reinheid ontluik, en gesê "dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie" [Matthéüs 6:29]. So illustreer Christus deur middel van die natuur die skoonheid wat die hemel waardeer, die beskeie bevalligheid, die eenvoud, die reinheid, die gepastheid wat ons kleredrag vir Hom behaaglik sou maak.** *– Messages to Young People, 351:1 – 352:4.*

## *Kleredrag, Soos die Bybel Ons Leer*

**1. Hoekom het Adam en Eva "vyeblare aanmekaargewerk" en vir hulle skorte gemaak?**
Génesis 3:7, 10.

**2. Wie het die eerste "rokke van vel" gemaak?** Génesis 3:21.

Die atmosfeer wat voorheen so matig en egalig van temperatuur was, was nou aan merkbare veranderinge onderhewig, en in Sy genade het die Here vir hulle 'n velkleed voorsien om hulle teen die uiterstes van warmte en koue te beskerm. – *Patriarge en Profete, 61:5.*

**3. Waar is 'n beskrywing van die kleredrag van sommige van die "dogters van Sion" teen wie God straf afgekondig het?** Jesaja 3:16-26.

**4. Watter soort kleding het die "deugsame vrou" vir haar huishouding voorsien?** Spreuke 31:21 (In die kantlyn van die KJV word "skarlaken" vertaal as "dubbele kleding.")

**5. Hoe hoort vroue hulself te beklee, volgens Paulus se lering?** 1 Timótheüs 2:9.

**6. Wat was Petrus se onderrig rakende kleredrag?** 1 Petrus 3:3, 4.

Die inwendige versiering van 'n sagmoedige en stille gees is van onskatbare waarde. In die lewe van die ware Christen stem die uiterlike versiering altyd ooreen met die inwendige vrede en heiligheid. Selfverloëning en opoffering sal die lewe van die Christen kenmerk. 'n Bewys dat die smaak bekeerd is, sal in die kleredrag van almal gesien word wat op die weg wandel wat vir die verlostes van die Here gemaak is.
Dis reg om lief te wees vir wat mooi is en om dit te begeer; maar God begeer dat ons eers die allerhoogste skoonheid moet nastreef – die wat onverganklik is. Geen uiterlike versiering kan die waarde of die lieflikheid hê van daardie "sagmoedige en stille gees," die "wit en fyn rein linne" (Openbaring 19:14) wat al die heiliges van die aarde sal dra nie. Hierdie klere sal hulle hier skoon en bemind maak, en hierna sal dit hulle bewys van toegang tot die paleis van die koning wees. Sy belofte is: "Hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is" (Openbaring 3:4). – *Handelinge van die Apostels, 523:2, 3.*

## *Praktiese Onderrig*

**7. Die gees van profesie gee praktiese voorstelle rakende kleredrag:**

**a.** In hulle kleredrag hoort hulle [Christene] oortolligheid en vertoon te vermy; maar hulle kleredrag sal netjies, beskeie en nie uitspattig wees nie, en van goeie smaak getuig. Voorsorg sal getref word sodat die kleredrag getuig van 'n heilige ontsag vir die heilige Sabbat en die aanbidding van God. – *Messages to Young People, 349:2.*

**b.** Moeders, beklee julself en julle kinders in beskeie kleredrag, skoon en netjies, maar sondere onnodige sieraad. – *Counsels on Sabbath School Work, 20:3.*

**c.** Die invloed van gelowiges sou tien maal groter wees as mans en vroue wat die waarheid aanvaar, wat voorheen slordig en laks in hul gewoontes was, so opgehef en geheilig word deur die waarheid dat hulle gewoontes van netheid en goeie smaak in hul kleredrag weerspieël word. – *Messages to Young People, 349:3.*

**d.** Liewe jongmense, 'n neiging in julle om volgens die modes aan te trek, en om kant en goud en dit wat kunsmatig is vir vertoon te dra, sal nie julle geloof en die waarheid wat julle bely aan andere aanbeveel nie. Eenvoudige, pretensielose kleredrag sal 'n voorbeeld vir my jong susters wees. Julle kan op geen beter wyse as deur julle eenvoudige kleredrag en optrede julle lig voor andere laat skyn. – Testimonies for the Church, vol. 3, 376:2.

**e.** Ek moet daardie dinge eet wat tot grootste voordeel vir my liggaam sal wees, en ek moet voorsorg tref dat my kleredrag 'n gesonde bloedsomloop sal bevorder. – *Medical Ministry, 230:1.*

**f.** Talle trek soos die wêreld aan, om sodoende 'n invloed te hê. Maar hier maak hulle 'n hartseer en dodelike fout. As hulle 'n ware en reddende invloed wil uitoefen, laat hulle hulle belydenis uitleef, hulle geloof deur hulle regverdige werke toon, en die onderskeid tussen die Christen en die wêreld groot maak. Ek het gesien dat die woorde, die kleredrag, die gedrag ten goede vir God moet tel. – *Messages to Young People, 128:1.*

**g.** Christene moenie moeite doen om van hulself 'n spektakel te maak deur anders as die wêreld aan te trek nie. Maar as hulle, in ooreenstemming met hulle geloof en plig rakende hulle beskeie kleredrag wat ook gesondheid bevorder, agterkom dat hulle uit die mode is, hoort hulle nie hulle kleredrag te verander om by die wêreld aan te pas nie. As die wêreld 'n beskeie, gerieflike en gesonde vorm van kleredrag wat in ooreenstemming met die Bybel is, inbring, sal dit nie ons verhouding met God of die wêreld verander om so 'n vorm van kleredrag aan te neem nie. Christene hoort Christus te volg, en hulle kleredrag by Gods Woord aan te pas. – *Messages to Young People, 350:1.*

**h.** Hoogmoed en oordaad met betrekking tot klere is 'n sonde. – *Messages to Young People, 355:2.*

**i.** As die hart reg is, sal jou woorde, jou kleredrag, jou gedrag alles reg wees. – *Messages to Young People, 131:2.*
**j.** "'n Vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie; want almal wat dit doen, is vir die Here jou God 'n gruwel." Deuteronómium 22:5. Daar is 'n toenemende neiging vir vroue om in hulle kleredrag en voorkoms so na as moontlik aan die teenoorgestelde geslag te wees, en hulle klere nogal baie te skoei op die van mans, maar God noem dit 'n gruwel. – *Testimonies for the Church, Vol. 1, 421:3.*

**k.** Sal die heerlikheid van God en die heil van andere nie ons belangrikste lewensdoel wees nie? Dit blyk dat talle dink dat kleredrag in God se oë van geen belang is nie. Die aangeleentheid van kleredrag, in isolasie gesien, mag nie so belangrik wees nie, maar die euwels wat volg op uitspattige klere is geensins min of onbelangrik nie, aangesien hulle die geestelikheid van die kerk in gevaar stel. Tyd wat bestee moet word aan die veredeling van die denke, en aan die bevoordeling van siele wat sterwend is, word bestee aan onnodige werk om die kleredrag meer aantreklik te maak. Oordenking en gebed word verwaarloos, terwyl die hart vervul is met maniere om gelykvormig aan die wêreld te wees. Diegene wie se tyd en gedagtes deur klere in beslag geneem word, bring hulself nie in verbinding met God deur die studie van die Skrifte, en oorpeinsing van Sy weë en werk nie. Buitensporigheid met betrekking tot klere is besig om toe te neem. Een na die ander mode gryp die aandag, en skei die siele van daardie dinge wat betrekking het op die ewige lewe. Niemand kan bekostig om die nuutste modes aan te hang nie, want dit is berowing van God, ook kan niemand die verlies aan geestelikheid bekostig wat daarop sal volg nie. Hulle sal verarm word in die dinge van God. – *Review and Herald, Junie 2, 1891, par. 10.*

## *Die Standaard in Alle Dinge*

**8. Wat behoort die doelwit met betrekking tot kleredrag, en ook ander dinge, te wees?**
1 Korinthiërs 10:31.

**9. Wat het God belowe rakende ons klere?** Matthéüs 6:25-33.

## *Onthou*

1. Ons kleredrag behoort netjies, skoon, gepas, geskik vir die seisoen te wees, en so lieflik as wat eenvoud en beskeidenheid toelaat.
2. Mense in die wêreld bewonder die eenvoud en beskeidenheid van ware Christene se kleredrag.
3. Wanneer ons ons klere koop, moet ons kyk na kwaliteit en gepastheid, en ons hoort soveel moontlik te bespaar, sodat andere wat minder bevoorreg as ons is oor die middele mag beskik om hulself te klee.

4. As jy kan kom en gaan sonder dat jou kleredrag aandag trek, óf as gevolg van die armoede óf die vertoon daarvan, dan is jy goed en gepas aangetrek.
5. Styl is wat ons pas; dit wat ons dra omdat andere dit dra, mag slegs ‘n gier wees.

### ***Tekste om te Onthou***

Génesis 3:21
1 Korinthiërs 10:31
1 Petrus 3:3, 4

# LES 89 – WAAR JULLE SAL GAAN

*Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.*
*1 Korinthiërs 10:31*

**Ek is oortuig dat, terwyl ons poog om ons geeste te verkwik en ons liggame te versterk, daar deur God van ons vereis word om te alle tye al ons kragte vir die beste doel aan te wend. Ons kan en hoort ons ontspanning op so 'n manier te bestuur dat ons geskik gemaak kan word vir die suksesvolle uitvoer van die pligte wat aan ons oorgedra word, en dat ons invloed meer voordelig sal wees vir diegene met wie ons omgaan. Ons kan na ons wonings terugkeer, geestelik verryk en liggaamlik verkwik, en gereed om opnuut die werk op te neem, met beter hoop en beter moed. Ons is van daardie klas wat glo dat ons elke dag van ons lewens die voorreg het om God op die aarde te verheerlik, dat ons nie slegs vir ons eie vermaak in hierdie wêreld moet leef, bloot om onsself te behaag nie. Ons is hier om die mensdom te help en tot seën van die samelewing te wees. Ons kan nie in onskuld deelneem aan enige vermaaklikheid wat ons ongeskik sal maak vir die meer getroue uitvoer van alledaagse pligte nie. Daar sal 'n opvallende kontras wees tussen volgelinge van Christus se omgang vir Christelike ontspanning, en die wêreldse byeenkomste vir genot en vermaak. Die natuurlike denke neig na plesier en selfbevrediging. Dit is die Satan se beleid om 'n oorvloed hiervan te skep. Hy poog om die gedagtes van die mensdom te vul met 'n begeerte vir wêreldse vermaak, sodat hulle geen tyd sal hê om hulself die vraag te vra nie, Hoe gaan dit met my siel? Die liefde vir plesier is aansteeklik. Wanneer die gedagtes hieraan oorgegee is, jaag hulle van die een ding na 'n ander, voortdurend op soek na een of ander vermaaklikheid. Gehoorsaamheid aan Gods wet werk teen hierdie neiging, en bou versperrings teen ongoddelikheid.** *– Counsels to Parents, Teachers, and Students, 336:1 – 337:1.*

## *Ons Behoort aan God*

**1. Hoe "onberispelik" in "gees en siel en liggaam" wil God graag hê ons moet wees?**
1 Thessalonicense 5:23.

**2. In wie moet Gods kinders "een" wees?** Johannes 17:21. 23.

**3. As ons "een" moet wees, en "volkome een kan wees" soos in die vorige tekste getoon, wie behoort die wêreld te sien wanneer dit ons sien?** Johannes 14:7-11; Galásiërs 2:20.

Nie ek, maar Christus, moet in my verhoog word; nie ek, maar Hy, gehoor word en gesien; nie ek, maar Hy, in elke blik en hand'ling, nie ek, maar Hy, die Meester wat ek dien. *– Vertaling van Not I, but Christ deur Fannie E. Boulton.*

**4. Hoe word Gods kinders gelei?** Romeine 8:14;

**5. Wat, het Jesus gesê, was die rede vir Sy koms, en hoe is die Christelike lewe oorvloedig?** Johannes 10:10 (NV).
Die enigste individu in die hele wêreld wat waarlik gelukkig is, is die ware Christen, want niks anders kan daardie geluk meebring wat volg op die toewyding van die hart aan God, en oorwinning oor die sonde. – *Recreational Plans for Missionary Volunteers, 13:1*.

## *Voordele van Ontspanning*

**6. Wat is sommige van die voordele van 'n gepaste ontspanningsprogram?**

a. Voorsien 'n veiligheidsklep vir rustelose energie van jongmense. – *Opvoeding, 213:3*.
b. Verleen bevoegdheid vir suksesvolle uitvoer van pligte. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 336:1.*
c. Gee nuwe lewe, moed, hoop. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 336:1.*
d. Gee nuwe krag om beter manne en vroue te wees. – *Testimonies for the Church, vol. 2, 587:2.*
e. Voorsien verkwikking vir verstand en liggaam. – *Opvoeding, 207:1.*
f. Stel ons in staat om siekte af te weer. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 347:2.*
g. Maak invloed oor medewerkers meer voordelig. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 336:2.*
h. Versterk en bou liggaam en verstand en siel op. – *Opvoeding, 211:3.*

**7. Wat is een van die beste vorms van ontspanning, veral vir ouer seuns en dogters en jongmense?**

Oefening in die buitelug, veral nuttige arbeid, is een van die beste metodes om liggaam en verstand te ontspan; en die onderwyser se voorbeeld sal sy leerlinge met 'n belangstelling in en respek vir handearbeid besiel. – *Opvoeding, 278:2.*
Die gesondheid kan nie behoue bly tensy 'n gedeelte van elke dag gewy word aan oefening in die ope lug nie. Bepaalde ure behoort bestee te word aan een of ander soort handearbeid, enigiets wat alle dele van die liggaam sal betrek. Beoefen beide die verstandelike en fisieke kragte in gelyk mate en die verstand van die student sal verfris wees. – *Fundamentals of Christian Education, 146:3.*

**8. Wat is een faktor wat ontspanning voordelig maak?**

Geen ontspanning wat net ten nutte van hulself sou wees, sal die kinders en jongmense soveel tot seën strek as die wat hulle hulpvaardig teenoor andere maak nie. Van nature geesdriftig en ontvanklik, reageer die jongmense gou op voorstelle. Laat die onderwyser, wanneer hy planne beraam om plante te kweek, trag om 'n belangstelling vir die verfraaiing van die skoolgrond en die klaskamer gaande te maak. 'n Dubbele voordeel sal hieruit spruit. Wat die leerlinge probeer om te verfraai, sal hulle onwillig wees om te laat beskadig of ontsier. 'n Verfynde smaak, ordeliewendheid en die gewoonte van sorgsaamheid sal aangemoedig word; en die gees van kameraadskap en samewerking wat tot standkom, sal vir die leerlinge 'n lewenslange seën wees. So ook kan 'n nuwe belangstelling in tuinwerk of die uitstappie in veld en bos gewek word wanneer die leerlinge aangespoor word om te dink aan diegene wat ingeperk is, weg van hierdie aangename plekke af, en om die mooi dinge van die natuur met hulle te deel. – *Opvoeding, 212:2 – 213:1.*

**9. Wat behels 'n plesierige tyd?**

'n Plesierige tyd is nie moeilik om te definieer nie. Die reël hiervoor is: Om op die bes moontlike wyse te doen wat jy hoort te doen wanneer dit gedoen moet word. Hierdie belangrike reël moet altyd in gedagte gehou word. Dit beteken dat, as die werk klaar is en die buitelug roep, moet die speletjies en ander vermaaklikheid wat gekies word elkeen se vaardigheid beproef en dus liggaamlike fiksheid, 'n skerp verstand en geestelike oordeel opbou. Dit beteken dat alle ontspanning 'n doel moet hê; dit hoort ons te herskep om ons sodoende sterker te maak, gelukkiger, gretiger om 'n onkreukbare lewe te lei, en dit hoort ons van daardie nuttige en inspirerende kontakte te voorsien wat so nodig is vir instinktiewe sosiale gedrag en verstandelike groei. Die regte soort vermaak of plesier maak ons meer gereed as ooit om te werk. Die soort sogenaamde plesierige tye wat ons van slaap beroof, ons geÏrriteerd laat voel, en ons lei om dinge te doen wat gesonde beginsels skend of ons lewensideale verlaag, is hoegenaamd nie plesierige tye nie. – *Recreational Plans for Missionary Volunteers, 10:1, 2.*

## *Voordelige Vermaak*

**10. Wat is sommige van die dinge wat Christelike jongmense kan doen, en nog steeds voel dat hulle binne Gods wil optree?**

a. Sendeling Vrywilligers [Missionary Volunteers] progessiewe klaswerk, veral die Meestersgids [Master Guide] program vir diegene wat ouer as sestien is.
b. Verwerf beroepshonneurs.
c. Neem deel aan gepaste speletjies en buitelug aktiwiteite – roei, swem, perdry, stap in die natuur.
d. Gepaste musiek en konserte. Iemand het gesê dat musiek die vierde behoefte van die mens is – voedsel, klere, skuiling, en dan musiek.
e.Lees en lesings. Die lees van goeie boeke is 'n gewoonte wat elkeen moet aanleer. Een van die laaste dinge wat Ellen White geskryf het vir publikasie was dat leersame boeke vir ons jongmense gekies moet word, en dat, as haar lewe gespaar moet word vir verdere werk, sal sy graag help om boeke vir die jeug voor te berei. *(Sien Review and Herald, April 15, 1915.) Die "Missionary Volunteer*" Departement bied elke jaar 'n wonderlike leeskursus aan vir diegene van primêre ouderdom, diegene van junior ouderdom, en vir die ouer jeug.

**11. Wat is sommige van die vrae wat jongmense hoort te vra rakende hulle vermaaklikheidsaktiwiteite?**

a. Verskaf dit rus en krag aan die liggaam?
b. Verskaf dit rus en krag aan die brein?
c. Maak dit dit makliker om versoeking te weerstaan?
d. Laat dit liefde vir deug, reinheid, matigheid, en regverdigheid toeneem?
e. Is dit inspirerend en laat dit entoesiasme toeneem?
f. Laat dit respek vir manlikheid en vroulikheid toeneem?
g. Lei dit tot 'n nouer verhouding met Christus en berei dit 'n persoon vir Christelike diens?
As 'n persoon se vermaaklikheids- en sosiale aktiwiteite hom toelaat om hierdie en soortgelyke vrae positief te beantwoord, kan hy verseker wees dat hy die pad volg wat deur sy hemelse Vader goedgekeur is. – *Recreational Plans for Missionary Volunteers, 21:5 – 22:6.*

## *Onthou*

1. Om slegs na daardie plekke te gaan waar ons beskermengel ons kan vergesel. As hy by die ingang moet bly terwyl ons binne by een of ander plek van vermaak is, is ons op Satan se terrein en ons behoort versigtig te wees.

2. Om slegs deel te hê aan daardie vermaaklikhede wat liggaam, siel en gees hernu. Te veel van ons tyd se vermaaklikheid vernietig liggaam, siel en gees.

3. Om te onderskei tussen goed en kwaad, en om alle vermaaklikheid te vermy wat liggaam, siel en gees vernietig, waaronder kaartspeel, dobbel, bioskoop, kompeterende sport, dans, en soortgelyke vermaak val.

4. Om alle sosiale planne en kontakte "reik-uit-om-te-red" te maak.

5. Om 'n lewe te lei wat geheel en al aanvaarbaar vir God is.

## *Tekste om te Onthou*

Romeine 8:14
Galásiërs 2:20
1 Korinthiërs 10:31
1 Thessalonicense 5:23

# LES 90 – WAT JULLE MOET DOEN

*En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus. Kolossense 3: 23, 24.*

**Met so 'n leër van werkers as wat ons jongmense, reg opgelei, kan voorsien, hoe snel sou die boodskap van 'n gekruisigde, verrese en spoedig komende Heiland nie na die hele wêreld uitgedra kon word nie! Hoe gou sou die einde nie kon kom nie – die einde van lyding en droefheid en sonde! Hoe spoedig sou ons kinders, in plaas van 'n besitting hier, met sy verderf van sonde en pyn, hulle erfenis kon ontvang, waarvan daar gesê word: "Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon;" waar "geen inwoner sal sê: Ek is siek nie," "en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie." Psalm 37:29; Jesaja 33:24; 65:19.** *– Opvoeding, 271:2.*

## *Wat God Begeer*

**1. Watter vraag wat deur Saul van Tarsus gevra is, hoort elke Christen sy eie te maak?** Handelinge 9:5, eerste gedeelte.

**2. Wat wil God hê dat seuns en dogters en jongmense moet word?** Psalm 144:12.

**3. Wat wil Hy elkeen van ons vir Homself maak?** Handelinge 9:15.

Gods voorneme vir die kinders wat langs ons vuurherde grootword, is wyer, dieper, hoër, as wat ons beperkte visioen ingeneem het. Uit die nederigste lot is diegene wat Sy oë getrou bevind het, in die verlede al geroep om in die wêreld se hoogste posisies vir Hom getuies te wees. En menige jongeling vandag, wat soos Daniël in sy Judese ouerhuis opgroei en Gods Woord en Sy werke bestudeer, terwyl hy die lesse van getroue diens leer, sal nog in wetgewende vergaderings, geregshowe of in koninklike howe vir die Koning van die konings as getuie staan. Menigtes sal tot 'n wyer diens geroep word. Miljoene der miljoene het nog nooit eers van God gehoor of van Sy liefde wat in Christus geopenbaar is nie. Hulle is daarop geregtig om hierdie kennis te ontvang. Hulle het saam met ons 'n gelyke aanspraak op die Heiland se genade. En dit berus by ons wat die kennis ontvang het, saam met ons kinders aan wie ons dit kan meedeel, om op hulle geroep te antwoord. Aan elke huisgesin en elke skool, aan elke ouer, onderwyser en kind op wie die lig van die evangelie geskyn het, word in hierdie krisis die vraag gestel wat tot Ester, die koningin tydens daardie belangrike krisis in Israel se geskeidenis gerig is: Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?" **Ester 4:14**. *– Opvoeding, 262:2.*

**4. Gee voorbeelde van jongmense in Bybelse tye wat vir God staande gebly het en getuienis gelewer het van Sy liefde en genade:**

a. Abel. Génesis 4:1-8.
b. Josef. Génesis 39-41.
f. Dawid. 1 Samuel 16:11-13.
g. Daniël. Daniël 1.

c. Moses. Exodus 2.
d. Samuel. 1 Samuel 2; 3.
e. Rut. Rut 1-4.
h. Daniël se drie vriende. Daniël 1; 3.
i. Ester. Ester 4:10-7:6.
j. Jesus. Lukas 2:42-52.

**5. Hoe oud was sommige van die stigters van die Sewende-dag Adventiste denominasie toe hulle God se saak begin dien het?**

| | |
|---|---|
| **a.** Joshua V. Himes het op 22 begin preek.<br>**b.** Ellen G. Harmon-White het op 17 "die Here se boodskapper" geword.<br>**c.** James White het op 22 begin preek.<br>**d.** J.N. Andrews het op 21 begin preek.<br>**e.** J.N.Loughborough het die bediening op 20 betree.<br>**f.** M.E. Cornell het op 25 begin preek.<br>**g.** Uriah Smith het Review & Herald op 20 begin. | **h.** S.N. Haskell begin op 21 preek.<br>**i.** R.C. Porter begin sy bediening op 21.<br>**j.** J.H. Morrison betree die bediening op 21.<br>**k.** O.A. Olsen het sy bediening voor 20 begin.<br>**l.** G.I. Butler het op 22 begin preek.<br>**m.** A.G. Daniels het bediening op 22 betree.<br>**n.** E.W. Farnsworth het bediening op 20 betree.<br>**o.** W.E. Howell het sy lang loopbaan op 20 begin. |

Die kerk mag vra of jong mans vertrou kan word met die gewigtige verantwoordelikhede betrokke by die oprigting en toesighouding van buitelandse sending. My antwoord is dat God dit so beplan het dat hulle so in ons kolleges opgelei sal word en deur samewerking met manne met ondervinding voorberei sal wees vir bruikbaarheid in hierdie saak. Ons moet vertroue in ons jong manne toon. Hulle hoort pioniers te wees in elke onderneming waar daar werk en opoffering by betrokke is, terwyl die afgeremde dienaars van Christus gekoester moet word as raadgewers, om diegene wat die swaarste houe vir God slaan, te bemoedig en te seën. Die Voorsienigheid het hierdie ervare vaders op 'n vroeë ouderdom in moeilike, verantwoordelike posisies geplaas, toe nóg die fisieke nóg die intellektuele kragte ten volle ontwikkel was. Die omvang van die vertroue wat in hulle geplaas is, het hulle versterk, en hulle aktiewe arbeid in die werk het beide die fisieke en verstandelike ontwikkeling bevorder. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 516:2.*

## *Die Verkryging van Opvoeding*

**6. Hoe kan ons vir God opgevoed word?** 2 Timótheüs 2:15.

Die Here verlang dat ons al die opleiding moontllik moet kry, met die doel om ons kennis aan andere te kan oordra. Niemand weet waar of hoe hy geroep kan word om vir God te arbei of te spreek nie. Net ons hemelse Vader kan sien wat Hy van die mens kan maak. Voor ons lê moontlikhede wat ons swak geloof nie raaksien nie. Ons verstande moet in so 'n mate opgelei word dat ons die waarhede van Sy Woord, indien nodig, op so 'n wyse aan die hoogste aardse instansies kan verduidelik dat Sy Naam verheerlik sal word. Ons moet selfs nie een geleentheid deur ons vingers laat glip om onsself verstandelik te bekwaam om vir God te werk nie.
Laat die jongmense wat opvoeding nodig het, met vasberadenheid aan die werk spring om dit te verkry. Moenie vir 'n opening wag nie, maak self een. Maak van die geringste geleentheid gebruik. Wees spaarsaam. Moenie u geld uitgee om u aptyt te bevredig of vir plesier nie. Wees vasberade om so nuttig en bekwaam te word as wat God van u verlang. Wees deeglik en getrou in alles wat u onderneem. Soek elke geleentheid binne u bereik om die verstand op te bou. – *Gelykenisse van Christus, 333:4 – 334:1.*

**7. Hoe hoog kan 'n seun of dogter streef om die opvoedings leer te klim?**

In ewewig met godsdienstige beginsel, mag jy so hoog klim as wat jy begeer. – *Fundamentals of Christian Education, 83:1.* Dit is reg dat jy voel dat jy na die hoogste rang van die opvoedingsleer moet klim – Fundamentals of Christian Education, 192:0.

Universiteir Frankryk

















*Universiteit Spanje*

'n Paar van die Sewende-dag Adventiste kerk se kolleges en universiteite wat in verskeie lande gevind word. Liewe jongmense, wat is die doel en oogmerk van jou lewe? Wil jy graag opvoeding verkry sodat jy 'n naam en posisie in die wêreld kan hê? Het jy gedagtes wat jy nie durf uitspreek nie, dat jy eendag mag staan op die toppunt van intellektuele uitmuntendheid, dat jy mag sit in beraadslagende en wetgewende raadsvergaderings, en help om wette vir die nasie uit te vaardig? Daar is niks verkeerd met hierdie aspirasies nie. Elkeen van julle mag julle merk maak. Julle hoort nie tevrede te wees met enige gemiddelde prestasie nie. Mik hoog, en ontsien geen moeite om die standaard te bereik nie. – *Fundamentals of Christian Education, 82:2.*

**8. Hoe hoog is God se ideaal vir Sy kinders?**

Hoër as wat die mens se hoogste gedagte kan reik, is Gods ideaal vir Sy kinders. Godsvrug – Godgelykheid – is die doel wat bereik moet word. Voor die student gaan daar 'n pad van oneindige vooruitgang oop.
Hy het 'n doel om te verwesenlik, 'n standaard om te bereik, wat alles goed, en rein en edel insluit. Hy sal in elke vertakking van ware kennis vorder, so vinnig en so ver as wat moontlik is. – *Opvoeding, 18:3.*

## *'n Plek in God se Werk*

**9. Wat het die "Seun van die mens" vir elke "mens" gegee?** Markus 13:34.

**10. Waar wil Hy hê ons moet werk?** Matthéüs 20:1-7.

**11. Aan wie moet ons dink wanneer ons 'n loopbaan kies?** Prediker 21:1, eerste gedeelte.

**12. Hoe moet ons te werk gaan wanneer ons ons lewenswerk kies?**

Ons moet Gods plan vir die lewe versigtiger volg. Om ons beste te lewer in die werk wat byderhand is, om ons weë aan God oor te gee en om op die aanduidings van Sy voorsienigheid te let – dit is reëls wat veilige leiding in die keuse van 'n beroep verseker. – *Opvoeding, 267:1.*

**13. Watter belonings word gegee vir getroue diens in God se saak, beide nou en in die toekoms?**

**a. Persoonlik** – die genoeë om vir God te werk.
**b. Geestelik** – die vreugde om siele te sien wat vir Gods koninkryk gered is.
**c. Ewig** – die hemelse vreugdes en die samesyn van die verlostes vir alle ewigheid.

## *Onthou*

1. Dit is veral belangrik dat jongmense God en Sy begeertes vir elke individu in gedagte hou, en dat hulle Hom raadpleeg voordat hulle hul lewenswerk kies.

2. Die jeugjare is die tyd om goeie gewoontes te vestig, om verkeerde gewoontes wat aangeleer is, reg te stel, om op die mag van selfbeheersing beslag te lê, en om die plan te beraam; om dit 'n gewoonte te maak om al die lewensaktiwiteite te reël met betrekking tot die saaityd, wat die oes beide in hierdie lewe en die lewe anderkant die graf bepaal. – *E.G. White, Health Reformer, 153*.

3. Ouers en onderwysers moet hulle daarop toelê om verstande te beÏndruk met die waarheid in sy skoonheid. Hulle hoort te besef dat die veiligheid van die jeug afhang van die kombinasie van die kultuur van godsdiens met algemene opvoeding, sodat hulle die strik van ongeheiligde kennis mag vryspring. – *E.G. White, Signs of the Times, Maart 20, 1884.*

### *Tekste om te Onthou*

Prediker 12:1
Handelinge 9:15
Kolossense 3:23, 24

# LES 91 – JULLE BEHOORT NIE AAN JULSELF NIE – OPSOMMING VAN EENHEID 12

*Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees vab God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle. 1 Korinthiërs 3:16, 17.*

**Die grootste eer wat mense God kan bewys, is om gewyde kanale te word deur wie Hy kan werk. Tyd gaan spoedig oor in die ewigheid. Laat ons nie van God weerhou wat Hom toekom nie. Laat ons nie weier om aan Hom dit te gee wat, alhoewel dit nie sonder verdienste gegee kan word nie, nie sonder nadeel teruggehou kan word nie. Hy vra om 'n hele hart; gee dit aan Hom; dit is Syne omdat Hy dit geskape en ook losgekoop het. Hy vra om u verstand; gee dit aan Hom; dit is Syne. Hy vra om u geld; gee dit aan Hom; dit is Syne. "Weet julle nie … dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop." 1 Korinthiërs 6:19, 20. God eis die hulde van 'n geheiligde siel wat hom voorberei het deur die beoefening van die geloof wat deur die liefde werk om Hom te dien. Hy hou aan ons die hoogste ideaal voor, naamlik volmaaktheid. Hy vra dat ons in hierdie wêreld sonder voorbehoud vir Hom moet wees net soos Hy in die teenwoordigheid van God vir ons is.** – *Handelinge van die Apostels, 566:1.*

## *Die Tempel van die Heilige Gees*

1. Aan wie behoort ons, en wat is ons liggaam? 1 Korinthiërs 6:19, 20.

2. Wat sal God doen aan die persoon wat Sy tempel skend? 1 Korinthiërs 3:17.

3. Wat was Jesus se doelwit toe Hy na die aarde gekom het? Johannes 10:10.

## *Wat Julle Sal Eet*

1. Hoe kan ons weet wat God as die beste diet vir ons beskou?

Om te weet watter voedselsoorte die beste is, moet ons Gods oorspronklike plan vir die mens se dieet bestudeer. Hy wat die mens geskape het en die beste weet wat sy behoeftes is, het Adam se voedsel vir hom aangewys. – *Die Helende Hand, 295:3.*

2. Wat behels die dieet wat God aan die begin vir die mens gekies het, wat nog steeds vir ons gesond is? Génesis 1:29; 3:18.
Graan, vrugte, neute en groente is die dieet wat ons Skepper vir ons gekies het. – *Die Helende Hand, 296:1.*

3. Wat is die "basiese sewe"?
Sien nota onder No. 8 in die les "Wat Julle Sal Eet," asook die gedeelte, "Vereistes vir 'n Gebalanseerde Dieet."

## *Wat Julle Sal Drink*

1. Na die lug wat ons inasem, wat het elkeen van ons nodig?
2. Watter ander drankies berei die natuur vir ons voor, wat vir ons baie gesond is in die ongegiste toestand?
3. Hoekom is koeldranke en gewoontevormende drankies vir ons nadelig?

## *Wat Julle Sal Aantrek*

1. Wat is sewe vereistes wanneer ons ons kleredrag kies?
a. Dit hoort beskeie te wees.
b. Nie duur nie, maar moet van goeie smaak getuig.
c. Eenvoudig, goeie kwaliteit, gepaste kleure, en geskik vir die doel daarvan.
d. Skoon
e. Gesond
f. Moet beskik oor fatsoenlikheid, fraaiheid en die geskiktheid van natuurlike eenvoud.
g. Moet ons hemelse Vader behaag.

## *Waar Julle Sal Gaan*

1. In die keuse van ons ontspanning, wat moet ons onthou rakende God se begeerte dat ons onberispelik moet wees? 1 Thessalonicense 5:23.
2. Maak 'n lys van sommige van die voordele van ontspanning.
3. Wat is sommige van die dinge wat ons moet vermy as ons nie liggaam, gees en siel wil vernietig nie. (Sien No. 3 onder "Onthou" in die les "Waar Julle Sal Gaan.")
4. Watter vrae moet ons onsself vra in verband met die dinge wat ons doen om te ontspan? Sien lys onder vraag 11 van die les "Waar Julle Sal Gaan."

## *Wat Julle Moet Doen*


1. Wat is God se doelwit vir die jongmense "wat soos Daniël in sy Judese ouerhuis opgroei en Gods Woord en Sy werke bestudeer"? Handelinge 9:5, 15; Psalm 144:12.
2. In ewewig gehou deur godsdienstige beginsels, hoe ver mag 'n persoon streef om te klim om kennis te bekom? Sien nota onder vraag 8 van die les "Wat Julle Moet Doen."
3. Wie moet ons in gedagte hou in ons keuse van 'n beroep? Prediker 12:1.

# EENHEID 13 – DIE CHRISTELIKE HUIS

**Christene is in die wêreld as gesante vir God; dit is hulle besigheid om die karakter, die wil, en die mag van Jesus Christus uit te beeld. Deur hulle dade, hulle woorde, hulle beginsels, moet hulle mense vir Christus win en hulle burgers van Gods koninkryk maak. In daardie werk het Christelike ouers hulle eerste plig en hulle grootste geleentheid in die persone van hulle kinders. Hulle ontvang hierdie kinders uit Gods hand – onskuldig, ontvanklik, vertrouend – en het die geleentheid om op hulle die indruk van God in karakter en lewe te stempel. Die hoofkwartier van hulle sending is die ouerhuis.**

**Die Christelike huis is 'n ambassade van God. Die invloed van 'n ware Christelike huis op die gemeenskap, op die wêreld, is onberekenbaar. Die huis maak die samelewing; die huis hou die lotsbestemming van die wêreld in sy hande. As elke huis Christelik was, sou die wêreld vir Christus gewin word. Lees die register van die geloofshelde deur al die eeue heen – hervormers, profete, martelaars, sendelinge, bedieners van hulle medemens – en jy sal die oorsprong van hulle krag vind in ouerhuise waar Goddelike ouers hulle eerbied en gehoorsaamheid geleer het.** *– Arthur W. Spalding, Makers of the Home, 262:1-3.*

"Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees." Génesis 2:23, 24.



# LES 92 – DIE HUWELIK EN DIE HUIS

*Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? 2 Korinthiërs 6:14.*

**Belydende Christene behoort nie in die huwelik te tree totdat die saak sorgvuldig en biddend uit 'n hemelse standpunt oorweeg is om te bepaal of God deur die huwelik verheerlik sal word. Hulle behoort die gevolg van elke voorreg van die huweliksverhouding te oorweeg en geheiligde beginsel behoort die grondslag van elke handeling te wees. Voordat hulle hul gesinne vergroot, behoort hulle in ag te neem of dit eer of oneer aan God sal bring as hulle kinders in die wêreld bring. Deur hulle huwelik moet hulle streef om God te verheerlik, vanaf die eerste en in elke daaropvolgende jaar van hulle getroude lewe. Hulle behoort met kalmte te oorweeg watter voorsiening vir hulle kinders gemaak kan word. Hulle het geen reg om kinders in hierdie wêreld te bring om vir andere 'n las te wees nie.** – *Testimonies, vol. 2, 380:2.*

## *Hoekom in die Huwelik Tree?*

**1. Watter voordeel het God daarin gesien om vir Adam 'n vrou te voorsien?** Génesis 2:18, 21-24.
God het die eerste huwelik voltrek. Hierdie instelling het dus by the Skepper van die heelal ontstaan. Indien die Goddelike beginsels in hierdie verhouding erken en gehoorsaam word, is die huwelik 'n seën; dit bevorder die kuisheid en geluk van die mensdom, dit voorsien in die mensdom se maatskaplike behoeftes, dit veredel sy liggaamlike, verstandelike en sedelike natuur. – *Patriarge en Profete, 46:3.*

**2. Hoe beskryf die Bybel die ideale vrou?** Spreuke 31:10-31.

a. "Haar waarde is ver bo korale." Vers 10.
b. "Die hart van haar man vertrou op haar." Vers 11.
c. "Sy doen aan hom goed al die dae van haar lewe." Vers 12.
d. "Sy werk met gewillige hande." Vers 13.
e. "Van die vrug van haar hande plant sy 'n wingerd." Vers 16.
f. "Sy is nie bevrees vanweë die sneeu nie." Vers 21.
g. "Sy maak vir haarself dekens." Vers 22.
h. "Vriendelike onderrigting is op haar tong." Vers 26.
i. "Die brood van luiheid eet sy nie." Vers 27.
j. "Haar man prys haar." Vers 28.

## *Geluk of Skaduwees*

**3. Wat is die verskil tussen dwase verliefdheid en liefde?** 1 Korinthiërs 13.

### *Dwase Verliefdheid*

a. "Rede word verblind."
b. "Oordeel word omvergewerp."
c. "Dring daarop aan om hulle eie gang te gaan."
d. "Die pligte van die lewe word verwaarloos." – *Messages to Young People, 456:2 – 457:1.*
e. "Hierdie aansteeklike siekte – blinde liefde." – *Testimonies, vol. 5, 110:2.*

### *Liefde*

a. "Dit is nie onredelik nie."
b. "Dit is nie blind nie."
c. "God se genade sal geopenbaar word."
d. "Beskeidenheid, eenvoud, opregtheid, sedelikheid, en godsdiens sal elke stap kenmerk." – *Messages to Young People, 459:2.*
e. Nie 'n gevoel nie, maar 'n beginsel. – *Messages to Young People, 435:1.*

**4. Ware Liefde is:**

a. "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee." Johannes 15:13.
b. Die "grootste" van alle deugde. 1 Korinthiërs 13.
c. "God is liefde." 1 Johannes 4:8.
d. "Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê." 1 Johannes 4:11.
e. Ware liefde is 'n hoë en heilige beginsel, heeltemal anders as die soort liefde wat uit die drang van die oomblik ontstaan en dan skielik wegsterf wanneer dit beproef word. – Messages to Young People, 466:2.

**5. Watter groot besluit neem jongmense wat hulle toekomstige geluk bepaal?** Deuteronómium 7:1-4; 2 Korinthiërs 6:14-16.

Tensy u 'n tuiste begeer waar skaduwees hulle intrek geneem het, moenie uself verenig met iemand wat 'n vyand van God is nie. – *Testimonies, vol. 5, 363:0.*

**6. Voorbeelde van huwelike "Binne" en "Buite" die waarheid:**

**"Binne"**

**a. Isak** – Génesis 24.
(1) Eliëser bid tot God om die vrou vir Isak aan hom te openbaar. Verse 12-14.
(2) Abraham se seun, Isak, moes nie met 'n Kanaänietiese vrou trou nie. Vers 37.
(3) Isak het Rebekka liefgehad. Vers 67.
(4) Hulle huwelik was 'n pragtige voorbeeld van teder huislike geluk. – *Patriarge en Profete, 175:2.*

**b. Jakob** – Génesis 29.
(1) "Jakob het Ragel liefgehad." Vers 18.
(2) "Twee maal sewe jaar het hy vir haar gedien, en sy liefde vir haar het dit lig gemaak." – *Patriarge en Profete, 206:3.*

**“Buite”**
**a. Simson** – Rigters 14, 15, 16.
(1) Teen sy ouers se wense, was hy lief vir ‘n vrou uit die dogters van die Filistyne. – Rigters 14:2, 3.
(2) Filistynse vrou streef om hom te verswak. Rigters 14:15-18.
(3) Raak verlief op ‘n ander Filistynse vrou, Delíla.- Rigters 16:4.
(4) Sy ontdek sy geheim en verkoop hom as slaaf aan die Filistyne. Rigters 16:6-21.

**b. Salomo** – 1 Konings 11:1-13.
(1) “Koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad.” Vers 1.
(2) “Sy vroue (het) sy hart verlei agter ander gode aan.” Vers 4.
(3) “Salomo (het) gedoen wat verkeerd was.” Vers 6.

**c. Agab** – 1 Konings 16:29-34.
(1) “Hy het Isébel, van die Sidoniërs, as vrou geneem.” Vers 31.
(2) “Hy het Baal [Isébel se god] gaan dien.” Vers 31.
(3) “Daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is, … omdat sy vrou Isébel hom verlei het nie.” 1 Konings 21:25.

Godsdiens word in die ouerhuis benodig. Slegs dit kan die ernstige onregte verhoed wat so dikwels die getroude lewe bitter maak. Slegs waar Christus regeer, kan daar innige, ware, onselfsugtige liefde wees. Dan sal siel met siel verenig wees, en die twee lewens sal saamsmelt in eensgesindheid. Engele van God sal gaste in die huis wees, en hulle heilige wake sal die huwelikskamer heilig. Verlagende sinnelikheid sal verdryf word. Die gedagtes sal opwaarts tot God gerig wees; tot Hom sal die hart se toewyding opgaan. – *Messages to Young People, 440:1.*

**7. Watter belangrike vrae behoort voor die huwelik beantwoord te word?**

Voordat sy haar hand in die huwelik gee, behoort elke vrou navraag te doen of die man met wie sy haar lot gaan verenig, waardig is.
Wat is sy geskiedenis?
Is sy lewe rein?
Is die liefde waaraan hy uiting gee van ‘n edele en verhewe aard, of is dit bloot emosionele versotheid?
Het hy die karaktertrekke wat haar gelukkig sal maak?
Kan sy ware vrede en vreugde in sy liefde vind?
Sal sy toegelaat word om haar individualiteit te behou, of moet haar oordeel en gewete oorgegee word aan die beheer van haar man? – *Messages to Young People, 439:2.*

**8. Hoeveel hoort die jong paartjie gemeen te hê?** Amos 3:3; Mattheüs 18:19.

‘n Paartjie hoort gemeenskaplike belange te hê.
Daar hoort ‘n mate van ooreenstemming te wees rakende vrye tyd voorkeure.
As beide tuisaktiwiteite geniet, sal minder moeilike omstandighede kop uitsteek.
As die een lief is om tuis te wees, en die ander wil heeltyd aan die gang wees, mag daar baie moeilikheid wees wat voorlê.

Die beste kanse op geluk in die huwelik is in die geval van daardie paartjies waar albei tuisaktiwiteite geniet. Soortgelyke smaak in musiek en ontspanning neig om die paartjie hegter te verenig. – *Arthur l. Bietz, "Preparing for Marriage," Review and Herald, Aug. 2, 1951.*

## *Die Egband*

**9. Hoe heilig is die egband?**
Die familieband is die nouste, die teerste en die heiligste van aardse bande. – *Die Helende Hand, 356:4.*

**10. Hoe bindend is dit?** Matthéüs 19:3-6, 9.

## *Tien Reëls vir 'n Gelukkige Huwelik*

1. Verdra en verduur.
2. Werk saam, speel saam, groei saam.
3. Vermy klein argumente – die grotes sal vir hulleself sorg.
4. Kom tot 'n skikking. Dit is die teengif wat die gif van die egskeiding vernietig.
5. Beoefen simpatie, goeie humor, en wedersydse begrip.
6. Moenie knorrig wees voor ontbyt nie – ook nie daarna nie.
7. Respekteer jou skoonouers, maar moet hulle nie kritiseer nie, en moet ook nie kritiek van hulle kant duld nie.
8. Vestig julle eie huis, selfs in 'n enkelkamer woonstel.
9. Veg vir mekaar, maar nie met mekaar nie.
10. Bou julle tuiste op godsdienstige geloof, en moet nooit toelaat dat 'n dag tot sy einde kom sonder 'n skoon lei van vergifnis nie. – *Judge Joseph Sabbath, "What 20,000 Divorces Have Taught Me," November, 1948, p. 10.*

## *"Oos, Wes, Tuis Bes"*

1. Alleenlik in Christus kan die huweliksverbintenis veilig aangegaan word. Menslike liefde behoort sy hegste bande uit die Goddelike liefde te put. Alleenlik waar Christus regeer, kan daar diepe, ware, onselfsugtige liefde wees. – *Die Helende Hand, 358:3.*

2. Voordat hulle die verantwoordelikhede van die huwelikslewe aanvaar, moet jongmense so 'n ondervinding van die praktiese lewe hê dat dit hulle sal voorberei vir die pligte en die laste van die huwelik. Mense moet nie aangemoedig word om jonk te trou nie. – *Die Helende Hand, 358:1.*

3. Abraham het die keuse van 'n vrou vir sy seun as uiters belangrik beskou, en hy wou hom baie graag met iemand getroud sien wat hom nie van God sou weglei nie. – *Patriarge en Profete, 171:1.*

4. Rondom elke gesin is daar 'n veilige kring wat ongeskonde moet bly. Geen ander persoon moet toegelaat word om binne daardie kring te kom nie. Nòg die man nòg die vrou moet toelaat dat enige ander persoon die vertroue deel wat alleen tussen hulle behoort te wees nie. – *Die Helende Hand, 361:1.*

5. Hoewel daar moeilikhede, verwarring en ontmoedigende dinge sal kom, moet nòg die man nòg die vrou aan die gedagte toegee dat die huwelik ‘n fout of ‘n teleurstelling is. Neem u voor om vir mekaar alles te wees wat u moontlik kan. Hou aan met die hoflikhede van voorheen. Moedig mekaar op alle maniere aan om die stryd van die lewe te stry. – *Die Helende Hand, 360:2.*

6. Lê julle daarop toe om mekaar se geluk te bevorder. Laat daar wedersydse liefde, wedersydse verdraagsaamheid wees. Dan sal die huwelik pleks van die einde van liefde as‘t ware net die begin daarvan wees. Die warmte van ware vriendskap en die liefde wat hart aan hart bind, is ‘n voorsmaak van die vreugde van die hemel. – *Die Helende Hand, 360:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Amos 3:3;
Matthéüs 19:9;
Korinthiërs 6:14, 15

## *Definieer of Identifiseer*

Verliefdheid

# LES 93 – KINDERS IN DIE OUERHUIS

*Beter is 'n behoeftige maar wyse jongman as 'n ou maar dwase koning wat nie meer weet om hom te laat waarsku nie. Prediker 4:13.*

**Terwyl die kinders en jongmense 'n feitekennis van onderwysers en uit handboeke verkry, laat hulle so leer om lesse af te lei en waarheid te bespeur. Dis net hy wat in die natuur sy Vader se handewerk erken, wat in die rykdom en skoonheid van die aarde die Vader se handskrif lees – net hy leer uit die natuurdinge hul diepste lesse, en ontvang hul hoogste diens. Net hy wat dit as 'n uitdrukking van Gods gedagte aanskou, 'n openbaring van die Skepper, kan ten volle die betekenis van berg en dal, rivier en see, begryp.** – *Opvoeding, 119:2, 3.*

## *Verantwoordelikheid van Kinders*

**1. Watter voorbeeld het Jesus agtergelaat?** Lukas 2:51.

**2. Watter twee redes het Paulus gegee waarom kinders aan hulle ouers gehoorsaam behoort te wees?** Efésiërs 6:1; Kolossense 3:20.

**3. By een geleentheid het God na die aarde gekom en hoorbaar met Israel gepraat. Wat het Hy omtrent kinders en ouers gesê?** Exodus 20:12.

Daar is baie kinders wat bely dat hulle die waarheid ken, wat nie aan hul ouers die eer en teerheid toon wat hulle toekom nie, wat maar min liefde teenoor vader en moeder openbaar, en wat nalaat om hulle te vereer deur hulle by hul ouers se wense neer te lê en hulle te verlos van hul bekommernis. Vele wat belydende Christene is, weet nie wat beteken "eer jou vader en jou moeder" nie, en gevolglik weet hulle net so min wat beteken "dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee." [Exodus 20:12.] Diegene wat hulle ouers nie respekteer en liefhet nie, sal ook nie vir God respekteer en eer nie. – *Messages to Young People, 331:2, 3.*

**4. Watter raad word gegee aan eiesinnige jongmense wat nie hulle ouers gerespekteer en liefgehad het soos hulle moes nie?**

Indien jy gesondig het deur nie liefde en gehoorsaamheid aan hulle [jou ouers] te bewys nie, begin dan nou om die verlede uit te koop. Jy kan nie bekostig om enige ander rigting in te slaan nie; want dit sal vir jou die verlies van die ewige lewe tot gevolg hê. Die Ondersoeker van Harte is bekend met jou houding teenoor jou ouers; want Hy weeg die sedelike karakter in die goue weegskaal van die hemelse heiligdom. O, bely jou verwaarlosing van jou ouers, bely jou onverskilligheid teenoor hulle, en jou minagting van God se heilige gebod. Talle vaders en moeders het met gebroke harte na hulle graf gegaan as gevolg van ondankbaarheid, die gebrek aan respek, wat hulle kinders aan hulle getoon het. – *Messages to Young People, 332:2, 3.*

**5. Hoe kan ons 'n verantwoordelikheidsbesef ontwikkel?** Klaagliedere 3:27.

Die jeug is van nature geneig om te voel dat nie veel verantwoordelikheid, sorgsaamheid, of lasdraery van hulle verwag word nie. Maar op elkeen rus die verpligting om die Bybelse standaard te bereik. Die lig wat uitstraal in voorregte en geleenthede, in die bediening van die Woord, in raadgewing, waarskuwings, en bestraffing, sal karakter vervolmaak, of sal die agtelosige verdoem. Hierdie lig moet gekoester word deur die jeug, en ook deur diegene wat ouer is. Wie sal nou vir God getuig, vasberade om die eerste plek in hulle lewens aan Sy diens toe te wy? Wie sal lasdraers wees? *– Messages to Young People, 368:4.*

**6. Watter teken in die "laaste dae" is van toepassing op die jeug?** 2 Timótheüs 3:1-5.

## *Wyse Raad aan Jongmense*

**7. Watter raad het die "wyse man" aan jongmense gegee?**

a. "My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie." Spreuke 1:8.
b. "My seun, as die sondaars jou wil verlei, moet jy nie inwillig nie." Spreuke 1:10.
c. "Die wat na my luister, sal veilig woon." Spreuke 1:33.
d. "My seun, verag die tug van die Here nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie." Spreuke 3:11.
e. "Hoor, julle seuns, na die tug van 'n vader." Spreuke 4:1.
f. "Luister na tug en word wys." Spreuke 8:33.
g. "'n Wyse seun luister na die tug van die vader." Spreuke 13:1.
h. "Luister na raad en neem tug aan." Spreuke 19:20.
i. "Hoor, my seun, en word wys." Spreuke 23:19.
j. "Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel." Spreuke 28:9.

**8. Waarteen waarsku God ons, sodat ons nie mislei word nie?** Galásiers 6:7, 8.

Die gewoontes wat tydens die kinder- en jeugjare gevorm word, het 'n groter invloed as enige natuurlike gawe om manne en vroue intellektueel groot, pleks van verdwerg en kreupel, te maak; want die heel beste talente mag, deur verkeerde gewoontes, verdorwe en verswak raak. In 'n groot mate word die karakter gedurende die vroeë jare gevorm. Regte, deugsame gewoontes wat tydens die jeugjare gevorm word, sal gewoonlik gedrag in die verloop van die individu se lewe kenmerk. In die meeste gevalle sal daar gevind word dat diegene wat God eerbiedig en dit wat reg is, vereer, hierdie les geleer het voordat die wêreld sy afbeeldings van sonde op die siel kon stempel. Volwasse manne en vroue is in die algemeen so ongevoelig soos 'n klip vir nuwe indrukke, maar die jeug is vatbaar vir indrukke, en 'n regte karakter kan dan maklik gevorm word. – *Testimonies, vol. 4, 574:3*.

## *Oos, Wes, Tuis Bes*

**1. Die Christelike lewe van iedereen word baie ten goede of ten kwade beïnvloed deur hulle vroeër opvoeding.** – Testimonies, vol. 2, 74:0.

**2. Kinders behoort van hulle vroegste jare godsdienstige onderrig te ontvang.**
Die ouers hoort hulle kinders te beskerm deur middel van wyse, aangename onderrig. Met liefderike belangstelling hoort hulle die kinders dag na dag te leer wat dit beteken om kinders van God te wees, en om in gehoorsaamheid die wil aan Hom oor te gee. Leer hulle dat gehoorsaamheid aan God gehoorsaamheid aan

hulle ouers behels. Dit moet ‘n werk wees wat daagliks, uur na uur plaasvind. Ouers, waak, waak en bid, en maak julle kinders julle deelgenote. – *Testimonies, vol. 6, 93:4.*

3. God beveel Sy volk om hulle kinders in die tug en vermaning van die Here groot te maak. Wat beteken dit – die tug en vermaning van die Here? Dit beteken om hulle te leer om hulle lewens te reël volgens die vereistes en lesse van die Woord; om hulle te help om ‘n duidelike begrip van die voorwaardes vir toegang tot die Stad van God te bekom. Die poorte van daardie stad sal nie geopen word vir almal wat wil binnegaan nie, maar slegs vir diegene wat geleer het om God se wil te ken, en wat hulle lewens aan Sy leiding oorgegee het. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 109:1.*

4. Die werk van die moeder is baie belangrik en heilig. Sy hoort haar kinders van die wieg af selfverloëning en selfbeheersing te leer.. Die besorgdheid van die Christelike moeder hoort nie slegs oor die uiterlike te wees nie, maar dat haar kinders ook ‘n gesonde gestel en goeie sedes mag hê. – *Testimonies, vol. 3, 562:3.*

5. Min ouers besef dat hulle kinders gevorm word deur hulle voorbeeld en dissipline, en dat hulle verantwoordelik is vir die karakters wat hulle kinders ontwikkel. Sou die Christelike ouers se harte gehoorsaam wees aan Christus se wil, sou hulle die opdrag van die hemelse Leraar gehoorsaam: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” [Matthéüs 6:33.] Indien diegene wat bely dat hulle Christus se volgelinge is net dit wil doen, sou hulle nie net vir hulle kinders nie, maar ook vir die ongelowige wêreld, voorbeelde stel wat ware Bybelse godsdiens uitbeeld.



*Jesus het grootgeword in ‘n ouerhuis waar God bemin was, en die seun was getrou en liefdevol in sy vele pligte in die timmerman se werkswinkel.*

## ***Tekste om te Onthou***

Exodus 20:12; Galásiers 6:7, 8; Kolossense 3:20; Prediker 4:13; Efésiërs 6:1

# LES 94 – HEMELSE TUISTE OP AARDE

*Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie. Spreuke 22:6.*

**Vaders en moeders wat God eerste plaas in hul huishoudings, wat hul kinders leer dat die vrees van die Here die beginsel van die wysheid is, verheerlik God voor engele en mense deur aan die wêreld 'n ordelike, gedissiplineerde gesin te toon – 'n gesin wat God liefhet en aan Hom gehoorsaam is pleks van teen Hom te rebelleer. Christus is nie 'n vreemdeling in hulle tuiste nie; Sy naam is 'n bekende naam, wat eerbiedig en verheerlik word. Engele verheug hulle in 'n tuiste waar God die botoon voer en die kinders geleer word om eerbied te toon aan godsdiens, die Bybel, en hul Skepper. Sulke gesinne kan aanspraak maak op die belofte, "Die wat My eer, sal Ek eer." Dit is met 'n gees wat versag en onderwerp is deur omgang met God dat 'n vader vanuit so 'n huis na sy daaglikse pligte gaan. Hy is 'n Christen, nie slegs in sy beroep nie, maar in handel, in al sy besigheidsverhoudings. Hy doen getrou sy werk, met die wete dat die oë van God op hom is.** *– Testimonies, vol. 5, 424:2.*

## *Die Mens se Eerste Tuiste*

**1. Beskryf die mens se tuiste in Eden.** Génesis 2:8-15.

Daardie huis wat deur die hand van God self verfraai is, was geen skitterende paleis nie. God het Adam in 'n tuin gesit. Dit was sy woning. Die bloue hemel was sy koepel; die aarde met sy tenger blomme en sy lewende groen tapyt was die vloer; die lowerryke takke van die fraai bome was sy gewelf. Die mure was met die pragtigste versiersels behang – die handewerk van die Meesterkunstenaar. *– Patriarge en Profete, 49:3.*

**2. Waarvan moes hierdie eerste tuiste 'n patroon wees?**

Ons stamouers se huis moes die patroon wees vir ander huise wanneer hulle kinders sou uitgaan om die aarde te bewoon. *– Patriarge en Profete, 49:1.*

**3. Wat was God se oorspronklike plan vir die aarde?** Génesis 1:28; Jesaja 45:18.

## *Die Ouers se Verantwoordelikheid*

**4. Watter tere verwantskap behoort tussen 'n man en sy vrou te bestaan?** Génesis 2:24; Efésiërs 5:25.

**5. Hoe word kinders beskryf?** Psalm 127:3; Proverbs 17:6.

Groot is die eer en die verantwoordelikheid van vaders en moeders omdat hulle teenoor hulle kinders in die plek van God moet staan. Gelukkig is die ouers wie se lewens 'n ware weerkaatsing van die Goddelike is, sodat die beloftes en bevele van God by die kind dankbaarheid en eerbied sal verwek. Ouers wat aan die kind so 'n gawe gee, het aan hom 'n skat gegee wat kosbaarder is as die rykdom van al die eeue – 'n skat wat dit in ewigheid sal bly. *– Die Helende Hand, 375:2, 3.*

**6. Watter seëninge hoort gepaard te gaan met kinders in die huis?**

a. Troos. Génesis 5:29.
b. Geluk. Psalm 127:4, 5.
c. Sterkte en grasie. Psalm 144:12.

## *Dissipline in die Ouerhuis*

**7. Watter plegtige verantwoordelikheid rus op die ouers?** Spreuke 22:6.

Hierdie taal [Spreuke 22:6] is positief. Die onderrig wat Salomo voorskryf, is om op te voed, te rig, te ontwikkel. Ouers moet self eers die weg verstaan waarop die kind moet gaan sodat hulle hierdie werk kan doen. Dit is onmoontlik vir ouers om hulle kinders die regte opvoeding te gee tensy hulle eers hulself aan God oorgee, en die lesse van gehoorsaamheid aan Sy wil van die Groot Leermeester leer. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 108:1.*

**8. Wat hoort die basiese beginsel met die onderrig van kinders te wees?** Psalm 111:10; Efésiërs 6:4.
Sommige plaas opvoeding langs godsdiens, maar ware opvoeding is godsdiens. Die Bybel behoort die kind se eerste handboek te wees. Uit hierdie boek moet die ouers wyse onderrig gee. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 108:3.*

**9. Wat is die mees invloedryke hulpmiddel vir die geestelike opvoeding van die kind?** Génesis 12:8.

## *Die Huisaltaar*

Abraham, "die vriend van God" [Jakobus 2:23], het vir ons 'n goeie voorbeeld gestel. Orals waar hy sy tent opgeslaan het, het hy digby sy tent 'n altaar opgerig en daarheen het hy almal in die laer na die oggend- en aandoffer ontbied. Wanneer hy verder getrek het, het die altaar daar gebly. – *Patriarge en Profete, 128:1.*

**10. Waarin behoort ouers hulle kinders te onderrig?**

a. Die insettinge van die Here. Deuteronómium 6:7-9; Psalm 78:5.
b. Die voorsienigheid van God. Deuteronómium 6:20-24; Psalm 78:4.
c. Uit nuttige arbeid, uit die studie van die Skrif en die natuur, en uit lewensondervindings – Goddelike lesboeke, vol onderwysing vir almal wat die gewillige hand, die oplettende oog en die begrypende hart daarvoor wil aanwend. – *Opvoeding, 77:2.*

**11. Wat behoort met ouerlike onderrig gepaard te gaan?**

a. Teregwysing. Spreuke 23:13, 14; 29:17.
b. Tugtiging. Spreuke 13:24; 19:18.
Die heil van hulle kinders in hierdie wêreld en hulle geluk in die aanstaande wêreld sal grotendeels van hulle afhanklik wees. In 'n groot mate is dit hulle wat bepaal watter liggaamlike en sedelike stempel hulle kinders sal ontvang. – *Die Helende Hand, 357:1.*

**12. Gee twee voorbeelde uit die Ou Testament waar die een sy ouerlike verantwoordelikhede vervul het, terwyl die ander in gebreke gebly het.**

a. Abraham. Génesis 18:19.
b. Eli. 1 Samuel 3:13.

**13. Watter verdere beginsel moet in gedagte gehou word in die onderrig van jongmense?**
Spreuke 31:26.

**14. Watter is die belangrikste van al die ouerlike deugde?** Spreuke 31:26.

Leef in die sonskyn van die Heiland se liefde. Dan sal jou invloed die wêreld seën. Laat toe dat Christus se Gees jou beheer. Laat die wet van vriendelikheid altyd op jou lippe wees. Verdraagsaamheid en onselfsugtigheid merk die woorde en dade van diegene wat wedergebore is, om die nuwe lewe in Christus te leef. – *Testimonies, vol. 7, 50:1.*

**15. Watter vraag sal ouers tydens die oordeel gevra word?** Jeremia 13:20, laaste gedeelte.

Ouers wat hulle Godgegewe verantwoordelikhede verwaarloos het, sal in die oordeel daarvoor moet boet. Dan sal die Here vra: "Waar is die kinders wat Ek aan jou gegee het om vir My te onderrig? Hoekom is hulle nie aan My regterhand nie?" Talle ouers sal dan sien dat onwyse liefde hulle oë vir hulle kinders se foute verblind het, en dit het daartoe gelei dat die kinders verwronge karakters ontwikkel het, ongeskik vir die hemel. Ander sal agterkom dat hulle nie tyd en aandag, liefde en teerheid, aan hulle kinders getoon het nie; die verwaarlosing van hulle pligte het veroorsaak dat die kinders is wat hulle is. – *Testimonies, vol. 4, 424:1.*

## *Oos, Wes, Tuis Bes*

1. Vaders en moeders wat 'n stukkie grond en 'n gerieflike huis besit, is konings en koninginne. – *Fundamentals of Christian Education, 327:0.*

2. Vaders en moeders, spreek u kinders vriendelik aan; onthou hoe gevoelig u is, hoe min u dit kan verdra om verkwalik te word; dink daaroor na en besef dat u kinders net soos u is. Moenie die dinge wat u nie kan verdra op hulle lê nie. Sonde en dit wat verkeerd is, moet gesien word vir wat dit is – sonde, en 'n vasberade koers moet ingeslaan word om die herhaling daarvan te verhoed. Kinders se verkeerde dade moet 'n indruk op hulle maak, tog moet hulle nie die situasie as hopeloos ondervind nie, maar hulle moet voel dat hulle met 'n mate van moed kan verbeter en julle vertroue en goedkeuring sodoende wen.- Testimonies, vol. 1, 401:1.

3. Die werk van die huis strek verder as sy eie huisgenote. Die Christelike huisgesin moet 'n aanskouingsles wees wat die uitnemendheid van die ware lewensbeginsels uitbeeld. So 'n voorbeeld sal vir die wêreld 'n voorbeeld ten goede wees. Veel kragtiger as enige preek ooit kan wees, is die invloed van 'n ware ouerhuis op menseharte en –lewens. Wanneer die jongmense uit so 'n ouerhuis uitgaan, deel hulle die lesse wat hulle geleer het aan ander mee. Edeler lewensbeginsels word in ander huisgesinne ingebring en 'n opheffende invloed werk in die gemeenskap. – *Die Helende Hand, 352:3.*

# LES 95 – DIE CHRISTELIKE TUISTE – OPSOMMING VAN EENHEID 13

*Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. Génesis 2:23, 24.*

**Bo alles, moet ouers hul kinders omring met 'n atmosfeer van blymoedigheid, hoflikheid en liefde. 'n Ouerhuis waar liefde woon en waar blikke, woorde, en dade daarvan betuig, is 'n plek waar die engele graag woon. Ouers, laat die sonskyn van liefde, blymoedigheid en tevredenheid tot u eie harte deurdring en laat die soete invloed daarvan u huis deurtrek. Openbaar 'n vriendelike, verdraagsame gees en moedig dit ook by u kinders aan; kweek al die deugde aan wat u huislike lewe sal veraangenaam. Die atmosfeer wat so geskep word, sal vir die kinders wees wat lug en sonskyn vir die plantewêreld is – dit sal liggaamlike en verstandelike gesondheid en lewenskrag bevorder.** – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 115:1.*

### *Die Huwelik en die Tuiste*

1. Wat hoort 'n Christen te doen voordat hy of sy in die huwelik tree?
2. Gee ses deugde van die ideale vrou.
3. Toon die verskille tussen verliefdheid en liefde.
4. Gee 'n aantal voorbeelde van huwelike "in" en "buite" die waarheid.
5. Hoekom hoort diegene wat trou, gemeenskaplike belange te hê?
6. Gee die tien reëls vir 'n gelukkige huwelik.

### *Kinders in die Ouerhuis*

1. Wie alleen leer uit die natuurdinge hulle diepste lesse, en ontvang hul hoogste diens?
2. Watter waarskuwing word vir jongmense gegee wat hulle ouers nie liefgehad en gerespekteer het nie?
3. Hersien sorgvuldig die wyse man se raad aan die jeug.
4. Dui aan die belangrikheid van gewoontes wat in die kinderjare gevorm is.

### *Die Hemelse Tuiste op Aarde*

1. Hoe bring vaders en moeders heerlikheid aan God voor die engele en die mensdom?
2. Slegs hoe kan ouers hulle kinders die regte onderrig gee?
3. Dui aan die mees invloedryke hulpmiddel vir die geestelike opvoeding van die kind.
4. Wat hoort die basiese beginsel in die onderrig van 'n kind te wees?
5. Watter vraag sal ouers in die oordeel gevra word?

# EENHEID 14 – JY EN JOU KERK

**Die Goddelike beginsel van tiendes en offergawes vir die ondersteuning van die evangelie is 'n erkenning van Gods eienaarskap in ons lewens, en dat ons rentmeesters is wat aan God rekenskap moet gee van alles wat Hy aan ons toevertrou het. Levítikus 27:30; Maleági 3:8-12; Matthéüs 23:23; 1 Korinthiërs 9:9-14; 2 Korinthiërs 9:6-15. "Laat elke siel hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy nie die mag vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf." Romeine 13:1-4.**



En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Matthéüs 16:18.

# LES 96 – DIE KERK IN DIE OU TESTAMENT

*Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het. Hebreërs 11:5.*

**Die gemeente is Gods vesting, Sy vrystad, wat Hy in 'n opstandige wêreld behou. Elke verraad van die gemeente is troubreuk teenoor Hom wat die mensdom met die bloed van Sy eniggebore Seun gekoop het. Van die begin af was getroue siele die gemeente op aarde. In elke eeu het die Here Sy wagters gehad wat getrou voor hulle geslag hulle getuienis gelewer het. Daardie wagters het hulle waarskuwingsboodskap gegee; en wanneer hulle geroep is om hulle wapenrusting neer te lê, het ander die werk opgeneem. God het met hierdie getuies 'n verbondsbetrekking aangegaan en het die gemeente op aarde sodoende met die gemeente in die hemel verenig. Hy het Sy engele uitgestuur om Sy gemeente te dien, en die poorte van die hel was nie in staat om Sy volk te oorheers nie.** *– Handelinge van Die Apostels, 11:2.*

## *Aanbidding in die Dae van die Patriarge*

**1. Watter belofte van verlossing was in die Tuin van Eden gegee?** Génesis 3:15.

**2. Waar het Adam en sy gesin aanbid nadat hulle uit die Tuin van Eden verban was?**

Die tuin van Eden het op die aarde gebly, nog lank nadat die mens uit sy aangename wandelweë verban was. Die gevalle geslag is lank toegelaat om hulle blik oor die woning van hulle onskuld te laat gaan; net die wakende engele het hulle belet om in te gaan. Daarheen het Adam en sy seuns gekom om God te aanbid. Daar het hulle opnuut beloof om die wet van God te gehoorsaam – die wet wat hulle oortree het met die gevolg dat hulle uit Eden verban is. *– Patriarge en Profete, 62:2*

.

**3. Wat het Abraham gebou orals waar hy sy tent opgeslaan het?**

Abraham, "die vriend van God," het vir ons 'n goeie voorbeeld gestel. Hy het 'n lewe van gebed gelei. Orals waar hy sy tent opgeslaan het, het hy digby sy tent 'n altaar opgerig, en daarheen het hy almal in die laer na die oggend- en aandoffer ontbied. Wanneer hy verder getrek het, het die altaar daar gebly. In die daaropvolgende jare het Abraham sommige van die swerwende Kanaäniete van die ware God geleer; en so dikwels as een van hulle by so 'n altaar uitgekom het, het hy geweet wie was voor hom daar; en nadat hy sy tent opgeslaan het, het hy die altaar herstel en die lewende God daar aanbid. *– Patriarge en Profete, 128:1.*

**4. Op wie het die offers wat die patriarge aangebied het, gedui?** Handelinge 10:43.

Hy verklaar dat hulle die woord van God verwerp het omdat hulle Hom verwerp het wat God gestuur het. Op elke bladsy, of dit nou geskiedenis, gebod of profesie is, is die Ou Testament deurstraal met die heerlikheid van die Seun van God. Sover as wat dit 'n Goddelike instelling was, was die hele Joodse stelsel 'n saamgevatte profesie van die evangelie. Aangaande Christus het "al die profete" getuig. Handelinge 10:43. Van die belofte

aan Adam af deur die patriarge en regsinstellings het die hemelse lig die voetstappe van die Verlosser verlig. Sieners het die Ster van Betlehem, die komende Silo, gesien namate die toekomstige dinge in ‘n raaiselagtige optog voor hulle verbygetrek het. Elke offerhande het van die dood van Christus getuig. In elke wierookwolk het Sy geregtigheid opgestyg. Elke trompet met die jubeljaar het Sy naam uitgebasuin. In die ontsagwekkende verborgenheid van die allerheiligste het Sy heerlikheid geskyn. – *Koning van die Eeue, 211:4, 5.*

## *“DIE KERK IN DIE WOESTYN”*

**5. Wie, volgens oorlewering, is in die kerk in die woestyn?** Handelinge 7:37, 38.

**6. Wanneer, en as gevolg van watter gebeurtenis, het Israel ‘n kerk en ‘n nasie geword?** Exodus 19:20.

Kort nadat hulle hulle kamp by Sinai opgeslaan het, is Moses na die berg ontbied om God daar te ontmoet. Alleen het hy met die steil, oneffe voetpad opgeklim wat hom na die wolk gelei het waar die teenwoordigheid van God was. Nou moes Israel in ‘n besondere en noue betrekking met die Allerhoogste gebring word – hulle sou as gemeente en nasie onder die regering van God verbind word. … Moses het na die laer teruggekeer en nadat hy die oudstes byeengeroep het, het hy die Goddelike boodskap aan hulle oorgedra. Hulle antwoord was: “Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen.” So het hulle met God ‘n plegtige verbond gesluit en hulle verbind om Hom as hulle Heerser te aanvaar sodat hulle in ‘n besondere sin die onderdane van Sy gesag geword het.” – *Patriarge en Profete, 303:1, 3.*

**7. Wat word gesê rakende die Rots waaruit die water in die woestyn gestroom het om die dors van die Israeliete te les?** 1 Korinthiërs 10:4.

**8. Wie het die kinders van Israel uit Egipte gebring, wie het bedags in ‘n wolkkolom voor hulle uitgetrek en in ‘n vuurkolom snags, en Gods wet vanaf die hoogte van Sinai gespreek? Wie het hulle brood uit die hemel gegee om te eet, en water om te drink?** Nehemía 9:9-15.

**9. Hoe versigtig was God met betrekking tot al die besonderhede van die kamp van Sy “vergadering in die woestyn”?**

Die burgerlike bestuur van Israel is gekenmerk deur die deeglikste organisasie, ‘n wonder vir gelyktydig sy volledigheid en sy eenvoud. Die order wat allerweë in die volmaaktheid en reëling van Gods geskape werke uitgeblink het, is ook in die Hebreeuse staatshuishoudkunde geopenbaar. God was die hoogste gesag en regering, die alleenheerser van Israel. God het Moses as hulle sigbare leier aangestel om die wette in Sy Naam uit te voer. Later is ‘n raad van sewentig oudstes uit die stamme van Israel gekies om Moses met die algemene belange van die volk by te staan. Naas hulle was die priesters wat die Here in die heiligdom geraadpleeg het. Owerstes of vorste het oor die stamme geregeer. Naas hulle was daar “owerstes oor duisend en owerstes oor honderd en owerstes oor vyftig en owerstes oor tien,” [Deuteronómium 1:15], en naas hulle amptenare wat met besondere sake belas was. – *Patriarge en Profete, 374:2, 3.*

**10. Wie het die slang wat in die woestyn op die kruis opgelig is, voorgestel?** Númeri 21:7-9; Johannes 3:14, 15.

Die oprigting van die koperslang moes aan Israel 'n belangrike les leer. Hulle kon hulle nie van die dodelike uitwerking van die gif in hulle wonde red nie. Net God kon hulle genees. Hulle moes egter hulle geloof betoon in die voorsiening wat Hy gemaak het. Hulle moes kyk om te kan leef. Dis hulle geloof wat vir God aanneemlik was en hulle het hulle geloof bewys deur na die slang te kyk. Hulle het geweet dat daar in die slang self geen krag was nie, maar dit was 'n sinnebeeld van Christus, en op hierdie manier is die noodsaaklikheid van geloof in Sy krag by hulle tuisgebring. Voorheen het baie van hulle hulle offers aan die Here gegee en gevoel dat hulle sodoende voldoende vir hulle sondes versoening gedoen het. Hulle het hulle nie op die komende Verlosser van wie hierdie offers 'n sinnebeeld was, verlaat nie. Deur hierdie middel wou God hulle leer dat hulle offers op sigself niks meer krag of deug besit het as die koperslang nie, maar dat dit hulle op dieselfde manier aan Christus, die groot sondoffer, moes herinner. – *Patriarge en Profete, 430:3.*

## *Christus in die Ou Testament*

**11. Jesus was nog altyd:**

a. Die Skepper. Johannes 1:1-3; 14; Kolossense 1:16, 17.
b. Die Onderhouer. Nehemía 9:6; Hebreërs 1:3.
c. Die Verlosser uit slawerny. Nehemía 9:11; 1 Korinthiërs 10:1-4.
d. Die Wetgewer. Nehemía 9:13, 14.
e. Hy wat brood en water in die woestyn voorsien het. Nehemía 9:15; 1 Korinthiërs 10:1-4.
f. Die Lam van God. Jesaja 53:6, 7; Johannes 1:29.
g. Hy wat die skrywers van beide die Ou en Nuwe Testamente geïnspireer het. 1 Petrus 1:10, 11.

**12. Slegs in wie was daar te alle tye verlossing?** Handelinge 4:12.
Vergifnis van sonde in Ou Testamentiese tye sowel as nou was en is moontlik slegs deur die verdienste van Christus.

**13. Deur al die eeue heen het verlossing slegs gekom deur geloof in Jesus.** Génesis 15:6; Jeremia 23:6.

In hierdie openbaringe van die Goddelike teenwoordigheid is die heerlikheid van God deur Christus geopenbaar. Nie net tydens die eerste koms van Christus nie, maar in al die eeue ná die val en in die belofte van die verlossing het "God in Christus die wêreld met Hom versoen" [2 Korinthiërs 5:19]. In sowel die eeu van die patriarge as in die bedeling van die Jode was Christus die grondslag en die middelpunt van die offerstelsel. Sedert die sonde van ons stamouers was daar geen regdstreekse gemeenskap tussen God en mens nie. Die Vader het die wêreld in die hande van Christus oorgelaat sodat Hy die mensdom deur middel van Sy middelaarswerk kan verlos en die gesag en heiligheid van die wet van God kan verdedig. Alle gemeenskap tussen die hemel en die gevalle mensdom het deur middel van Christus geskied. Dit was die Seun van God wat die belofte van die verlossing aan ons stamouers gegee het. Dit is Hy wat Hom aan die patriarge geopenbaar het. Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob en Moses het die evangelie verstaan. Hulle het die verlossing deur die mens se Pand en Plaasvervanger verwag. Daardie heilige mense van ouds het gemeenskap gehou met die Verlosser wat in mensevlees na die aarde sou kom; en sommige van hulle het van aangesig tot aangesig met Christus en met hemelse engele gepraat. – *Patriarge en Profete, 366:1.*

## *Die Evangelie in die Ou Testament*

**14. Aan wie, volgens Paulus, is die evangelie verkondig?** Hebreërs 4:2, eerste gedeelte.

**15. Hoekom het dit nie Israel van ouds gebaat nie?** Hebreërs 4:2, laaste gedeelte.

**16. Wat is die evangelie waarvan Paulus in Hebreërs 4:2 praat?** Romeine 1:16.

**17. Wat word deur die evangelie geopenbaar?** Romeine 1:17.

**18. God se geregtigheid word deur die evangelie geopenbaar. Vergelyk die evangelie in die Ou en Nuwe Testamente.**

Die Ou Testament is net so gewis die evangelie in tipes en skaduwees as wat die Nuwe Testament in sy openbarende mag is. Die Nuwe Testament bied nie 'n nuwe godsdiens aan nie; en die Ou Testament bied nie 'n godsdiens aan wat deur die Nuwe vervang moet word nie. Die Nuwe Testament is slegs die bevordering en die openbaring van die Oue. Abel het in Christus geglo en was net so gewis deur Sy mag gered as wat Petrus en Paulus was. Daardie God wat met Henog gewandel het, was onse Heer en Heiland Jesus Christus. Hy was toe, net soos nou, die Lig van die wêreld. – *Testimonies, vol. 6, 392:1, 2.*

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Die woord "kerk" het verskeie betekenisse:
a. 'n Gebou gewy aan openbare aanbidding – veral Christelike aanbidding.
b. Kerkdiens; aanbidding van God of godsdiens in 'n kerkgebou of 'n ander plek.
c. 'n Groep Christene van dieselfde geloofsbeginsels, wat dieselfde rites handhaaf, en wat dieselfde geestelike gesag erken, soos bv., die Sewende-dag Adventiste Kerk.
d. Die algehele liggaam Christene wat almal met Christus geïdentifiseer word as Sy opregte volgelinge.
e. Diegene wat God herken as Sy eie, hulle wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf en gehandhaaf word.

2. Dit is nie genoeg dat ons name op die kerkboeke is nie. Dit is wel nodig, maar om ons "roeping en verkiesing vas te maak" [2 Petrus 1:10], moet ons dit enduit volhou en geheel en al aan God en slegs God behoort.

3. Vanaf die begin af het God Sy "kerk" gehad, en hoewel dit nie in die ou tyd daardie spesifieke naam genoem is nie, het Sy eie kinders geweet aan wie hulle behoort.

4. Jesus het gesê: "Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na My stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder." Johannes 10:16.

5. Ware gelowiges wat nog in ander kerke is.
Nieteenstaande die geestelike duisternis en die vervreemding van God wat daar in die kerke is wat Babilon uitmaak, is die grootste gedeelte van die ware navolgers van Christus nog in daardie kerke. Daar is baie wat nog nooit die spesiale waarhede vir hierdie tyd gehoor het nie. Die tyd sal kom wanneer diegene wat God bo alles liefhet, nie langer in verbinding kan bly nie met diegene wat "meer liefhebbers van vermaak as liefhebbers van God" is en "wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën. **[2 Timotheus 3:4, 5:1**]. – *Die Groot Stryd, 390:1.*

# LES 97 – DIE KERK IN DIE NUWE TESTAMENT

*Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, so ook Christus. 1 Korinthiërs 12:12*

.

**Gedurende eeue van vervolging, stryd en duisternis het God Sy kerk bygestaan. Geen wolk het dit oorval waarvoor Hy nie voorsiening gemaak het nie; geen enkele teenstrydige mag het ontstaan om Sy werk te belemmer waarvan Hy nie vooruit geweet het nie. Alles het gebeur soos Hy voorspel het. Hy het Sy gemeente nie in die steek gelaat nie, maar het in profetiese verklaringe beskryf wat sou gebeur; en wat Sy Heilige Gees Sy profete beweeg het om te voorspel, is bewaarheid. Al Sy voornemens sal uitgevoer word. Sy wet is met Sy troon verbind en geen bose mag kan dit tot niet maak nie. Die waarheid word deur God ingegee en beskerm; en dit sal oor alle teenstand seëvier.**
**Tydens eeue van geestelike duisternis was die kerk van God soos 'n stad wat op 'n heuwel gebou is. Eeu na eeu, van geslag tot geslag, is die suiwere leer van die hemel binne sy grense ontvou. Al kom die kerk swak en gebrekkig voor, is dit nogtans die een voorwerp waaraan God Sy verhewe aandag in 'n besondere sin skenk. Dit is die skouburg van Sy genade waarin dit Hom behaag om Sy mag om harte te verander, te openbaar.**
**Die kerk van God is die hof van die heilige lewe, met 'n verskeidenheid van gawes gevul en met die Heilige Gees bedeel.** *– Handelinge van die Apostels, 11:3; 12:1, 2.*

## *Die Nuwe Testamentiese Kerk*

**1. Die evangelies verwys twee keer na "die gemeente."** Matthéüs 16:18; 18:17.

**2. Daar word 104 keer in die Nuwe Testament na die gemeente as sulks verwys.**

Die eerste stap sou nou gedoen word in die organisasie van die kerk wat ná die vertrek van Christus Sy verteenwoordiger op aarde sou wees. Daar was geen kosbare tempel byderhand nie, maar die Heiland het Sy dissipels na Sy geliefkoosde plek gelei en in hul gedagtes is die gewyde ervarings van daardie dag vir altyd aan die skoonheid van berg en vlakte en see gekoppel.
Jesus het Sy dissipels aangestel om hulle te kan uitstuur as Sy getuies om aan die wêreld te verkondig wat hulle van Hom gesien en gehoor het. Hulle amp was die belangrikste waartoe die mens nog geroep is, ondergeskik aan slegs dié van Christus self. Hulle moes medewerkers van God wees vir die verlossing van die wêreld. Soos die twaalf stamvaders in die Ou Testament Israel verteenwoordig het, so moes die twaalf apostels die verteenwoordigers van die evangeliekerk word. *– Koning van die Eeue, 291:2, 3.*


## *Die Fondament van die Kerk*

**4. Op wie is die Christelike kerk gebou?** Matthéüs 16:16, 18.

"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus." 1 Korinthiërs 3:11. "Op hierdie rots," het Jesus gese, "sal Ek my gemeente bou." In die teenwoordigheid van God en al die hemelse wesens, in die teenwoordigheid van die onsigbare leer van die hel, het Christus Sy kerk op die lewende Rots gevestig. Daardie Rots is Hy – Sy eie liggaam, wat vir ons gebreek is. Teen die kerk wat op hierdie fondament gebou is, sal die poorte van die doderyk nie seëvier nie. – *Koning van die Eeue, 413:2.*

**5. Wat het Petrus geskryf rakend die fondament van die kerk?** 1 Petrus 2:4-8.

a. "Die lewende steen wat by God uitverkore is."
b. "'n Uitverkore en kosbare hoeksteen."
c. "Uitverkore."
d. "Kosbaar."
e. "Die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie."
f. "Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword."
g. "'n Rots van struikeling."
h. "'n Steen van aanstoot vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is."



Die kerk het slegs een fondament – dit is Jesus Christus, wat gesterf het om 'n verlore wêreld te red.

**6. Wat het Paulus gesê in verband met die fondament van die kerk?** Efésiërs 2:19-21.
Die apostels het op 'n vaste fondament gebou, naamlik die Rots van die Eeue. Na daardie fondament het hulle die stene gebring wat hulle uit die wêreld gegrawe het. Die bouers het nie ongehinderd gearbei nie. Die vyande van Christus het hulle werk uiters moeilik gemaak. Hulle moes stry teen die dweepsug, vooroordeel en haat van diegene wat op 'n valse fondament gebou het. Vele van diegene wat die kerk gebou het, kon vergelyk word by die bouers van die muur in Nehemía se tyd, aangaande wie daar geskryf staan: "Van die bouers aan

die muur het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou" [Nehemía 4:17]. – *Handelinge van die Apostels, 596:3.*

**7. Was daar ooit enige ander fondament wat vir die ware kerk gelê is?** 1 Korinthiërs 3:11.

**8. Wie is volgens die Skrif die hoof van die kerk?** Efésiërs 1:20-22; 5:23.

"Julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man." 1 Korinthiërs 11:3. God, wat alle dinge onder die Heiland se voete onderwerp het, het "Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." Efésiërs 1:22, 23. Die kerk is gebou op Christus as fondament; hy moet Christus as hoof gehoorsaam. Hy moet nie op 'n mens staatmaak of deur 'n mens beheer word nie. Baie beweer dat 'n verantwoordelike pos in die kerk hulle die gesag gee om aan andere voor te skryf wat hulle moet glo en wat hulle moet doen. God magtig nie so 'n aanspraak nie. Die Heiland sê: "Julle is almal broeders." Almal is aan versoeking blootgestel en almal maak foute. Ons kan op geen mens om leiding steun nie. Die Rots van die geloof is die lewende teenwoordigheid van Christus in die kerk. Pleks van een oor hulle aan te stel, het Christus vir die dissipels gesê: "Laat julle nie rabbi noem nie;" "julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus." **Matthéüs 23:8, 10**. – *Koning van die Eeue, 414:3, 2.*

## *Kerkamptenare*

**9. Wie was die amptenare van die kerk?**

**a. Ouderlinge.** Handelinge 14:23; 20:17.

**b. Opsieners.** 1 Timótheüs 3:1-4.

In die Nuwe Testament kom die woord eerste voor in Paulus se vermaning aan die ouderlinge (kantlyn, Engelse Bybel, presbiters) van die kerk te Éfese, toe hy gesê het, "Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het." Handelinge 20:17, 28. Hier en op ander plekke identifiseer Paulus ouderlinge, presbiters, en opsieners. Titus 1:5-7. Die terme is verskillende benamings vir die bekleër van dieselfde amp. – *Vertaal uit The Westminster Dictionary of the Bible, artikel, "Bishop," 76*.

**c. Diakens.** 1 Timótheüs 3:8-12.

**d. Dienaars.** 1 Korinthiërs 4:1.

**e. Opsieners.** Handellinge 20:28.

**10. Watter beswaar is daar teen die titel "Eerwaarde"?** Psalm 111:9.

As Christus vandag op aarde was, omring deur mense met die titel "eerwaarde" of "hoogeerwaarde" sou Hy nie Sy waarskuwing herhaal nie: "Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus"? – *Koning van die Eeue, 613:3.*

**11. Hoe beskryf Paulus die kerk wat Christus voor Hom kan stel?** Efésiërs 5:25-27.

a. Geheilig } deur die woord
b. "Gereinig"

c. "Sonder vlek" } 'n kerk wat verheerlik is
d. "Heilig"
e. "Sonder gebrek"

## *MAAK GOD SE WEG JOU WEG*

1. In antwoord op Petrus se geloofsbelydenis, "U is die Christus, die Seun van die lewende God," het Jesus gesê, "Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou." **Matthéüs 16:16, 18.**

2. Hy het twaalf apostels georden om Sy kerk te versorg. Later is sewe diakens gekies en tot hulle werk georden.
3. Christus het op Pinkster erkenning aan Sy kerk verleen: "En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is." **Handelinge 2:47**.

4. Jesus se volgelinge het rondgegaan en die evangelie verkondig en gemeentes gestig; baie van hulle word by die naam genoem: die gemeente in Rome (Romeine 1:6, 7), die gemeente in Korinthe (1 Korinthiërs 1:2), die gemeente van die Thessalonicense (1 Thessalonicense 1:1). Let ook op die verwysings na provinsiale gemeentes: die gemeentes van Galásië [1 Korinthiërs 16:1], die gemeentes van Asië [**1 Korinthiërs 16:19**], die gemeentes van Sírië en Cilicië [**Handelinge 15:41**].

5. En in die laaste boek van die Bybel stuur Jesus persoonlike boodskappe aan sewe gemeentes, wat nie slegs die gemeentes by daardie spesifieke plekke voorstel nie, maar ook die kerk gedurende verskillende tydperke van die Christelike jaartelling:

(1) Die gemeente van Éfese – die eerste eeu van die Christelike jaartelling.
(2) Die gemeente van Smirna – nC 100 tot 323.
(3) Die gemeente van Pérgamus – 323 tot 538.
(4) Die gemeente van Thiatíre – 538 tot die Hervorming.
(5) Die gemeente van Sardis – die Hervorming tot 1798.
(6) Die gemeente van Fildelfía – 1798 tot 1844
(7) Die gemeente van Laodicéa – 1844 tot aan die einde van die tyd.

### *Tekste om te Onthou*

1 Korinthiërs 3:11; 12:12
Efésiërs 2:20

# LES 98 – DIE OORBLYFSELKERK

*En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou. Openbaring 12:17.*

**Vandag behoort God se oorblyfselvolk Sy naam te verheerlik deur die laaste boodskap van waarskuwing, die laaste uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam, te verkondig. Die enigste manier waardeur hulle aan God se verwagtinge kan voldoen, is om verteenwoordigers van die waarheid vir hierdie tyd te wees.** – *Testimonies, vol. 8, 153:2.*

## *Die Oorblyfselkerk*

**1. Wat is 'n "oorblyfsel"?**
Webster definieer oorblyfsel as volg: (1) Residu, oorskot. (2) 'n klein fragment; 'n klein bietjie wat behoue gebly het.

**2. Wat sal die "oorblyfselkerk" dan wees?**
Die laaste kerk, wat aan die einde van tyd van God se kerk op aarde oorbly.

**3. Hierdie woord word orals in die Bybel gebruik en dit beteken die oorblywende gedeelte:**

a. "God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker." Génesis 45:7.
b. "Toe het die oorblyfsel van die vernaamste manne van die volk afgetrek." Rigters 5:13.
c. "Hef dan 'n gebed op vir die oorblyfsel wat nog aanwesig is." 2 Konings 19:4.
d. "Uit Jerusalem sal 'n oorblyfsel uitgaan." 2 Konings 19:31.
e. "Die oorblyfsel van die menigte het Nebusarádan in ballingskap weggevoer." 2 Konings 25:11.
f. "Sal U nie op ons vertoorn wees, totdat ons vernietig is, sodat daar geen oorblyfsel of vrygeraakte meer is nie?" Esra 9:14.
g. "As die Here van die leerskare vir ons nie 'n klein oorblyfsel oorgelaat het nie…" Jesaja 1:9.
h. "Die oorblyfsel sal terugkom, die oorblyfsel van Jakob na die sterke God toe." Jesaja 10:21.
i. "En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop…" Jesaja 11:11.

Die woord "oorblyfsel" kom 84 keer in die Bybel voor in min of meer dieselfde konteks as in die voorafgaande tekste. Dit word gebruik om die oorblywende gedeelte van enigiets of enige volk aan te dui.

**4. Vroeg in die bestaan van die Sewende-dag Adventiste Kerk het dit bekend geword as "die oorblyfselkerk."**

Eerste Geskrifte, een van dié denominasie se vroeë publikasies, gebruik die woord ten minste twaalf keer wanneer daar verwys word na die volk wat God besig is om voor te berei vir die laaste tonele in die geskiedenis van ons wêreld.




God se laaste boodskap word inderhaas aan die hele wêreld verkondig deur middel van moderne kommunikasie metodes.

## *Identifisering van die Oorblyfsel*

**5. Daar is vier kenmerke waardeur die oorblyfselkerk geïdentifiseer kan word:**

***a. Bewaar al God se gebooie.*** Openbaring 12:17; 14:12.
***b. Beskik oor die gees van die profesie.*** Vergelyk Openbaring 12:17 met Openbaring 19:10.

Let veral op die woorde "wat die … getuienis van Jesus Christus hou." Met ander woorde, dit vereis beide bewaring van die gebooie en die gees van die profesie om as die oorblyfselkerk te kwalifiseer. Die een sonder die ander sal slegs 'n halwe waarheid wees. God se gebooie en die getuienis van Jesus Christus vorm 'n geheel. Hulle moet duidelik aan die wêreld verkondig word. – *Testimonies, vol. 8, 117:1.*

***c. Die boodskap word op die regte tyd verkondig.*** [Sien les 62, aangaande die 2300 dae profesie.]
***d. Dit is "die ewige evangelie"*** [Openbaring 14:6], en Jesus het verklaar: "Hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies." **Matthéüs 24:14.**

## *Die Evangelie Soos Deur die Oorblyfselkerk Verkondig*

6. Die Evangelie soos deur die oorblyfselkerk verkondig, is dieselfde evangelie wat deur al die eeue heen bekend en verkondig was.

| **Deur die Oorblyfselkerk Verkondig** | **Deur die Eeue Heen Bekend** |
|---|---|
| **a. Gods wet is ewig en moet gehoorsaam word. Psalm 19:8-12; 119:142.** | **a. Gods wet is gehoorsaam deur:**<br>1) Adam. Vergelyk 1 Johannes 3:4 met Romeine 3:20; 4:15.<br>2) Abraham. Génesis 26:5.<br>3) Israeliete. Exodus 20; Romeine 3:2.<br>4) Jesus. Jesaja 42:21; Matthéüs 5:17; 19:17. |
| **b. Die sewende dag is die Sabbat.** | **b. Die Sabbat is onderhou deur:**<br>1) Adam. Génesis 2:2, 3; Markus 2:27; 2 Johannes 6.<br>2) Israeliete. Exodus 16; 20:8-10; 31:16-18.<br>3) Christus. Markus 2:27, 28; Lukas 4:16.<br>4) Dissipels (by en na die opstanding). Lukas 23:56; Handelinge 13:40, 42; 17; 18:4; Openbaring 1:10. |
| **c. Jesus sal die tweede keer kom. Johannes 14:1-3.** | **c. Die volgende het in Christus se wederkoms geglo:**<br>1) Henog. Judas 14, 15.<br>2) Job. Job 19:25.<br>3) Dawid. Psalm 50:3.<br>4) Jesus. Matthéüs 24; Johannes 14:1-4.<br>5) Dissipels. 1 Korinthiërs 15:51-53; 1 Thessalonicense 4:16, 17; Openbaring 1:7. |
| **d. Die mens is sterflik en slaap onbewustelik na die dood. Prediker 9:4-6.** | **d. Mense van ouds het geglo dat die mens sterflik is:**<br>1) Adam. Génesis 3:1-4; 19.<br>2) Job. Job 4:17; 15:20, 21.<br>3) Dawid. Psalm 37:10, 20; 146:3, 4.<br>4) Salomo. Prediker 9:4-6.<br>5) Dissipels. Handelinge 2:29; 1 Korinthiërs 15:51-55. |
| **e. Sondige mens word deur genade en geloof in Christus gered. Efésiërs 2:5-10.** | **e. Die mens kon nooit gered word behalwe deur geloof in Christus nie.**<br>1) Adam. Génesis 3:15.<br>2) Noag. Génesis 6:8; Hebreërs 11:7.<br>3) Israeliete. (Sien les 61.)<br>4) Alle mense deur al die eeue heen is deur genade gered. Titus 2:11.<br>5) Dissipels. Romeine 3:31; Hebreërs 11:6; Titus 2:20. |
| | |

| | |
|---|---|
| **f. Ondersteuning van die evangelie deur tiendes en offergawes. Maleági 3:8, 10.** | **f. Elkeen van die volgende het tiende betaal:**<br>1) Abraham. Génesis 14:20.<br>2) Jakob. Génesis 28:22.<br>3) Maleági. Maleági 3:8-12.<br>4) Jesus het geleer ivm tiendebetaling. Matthéüs 23:23. |
| **g. Die gesondheid moet net so sorgvuldig soos die karakter bewaak word. 3 Johannes 2.** | **g. Die volgende het gesondheidsbeginsels verstaan:**<br>1) Adam (het geen vleis geëet nie). Génesis 1:29; 2:16.<br>2) Israeliete (sanitasie-wette). Levítikus 11; 14<br>3) Dissipels. 1 Korinthiërs 10:31. |

**7. Behalwe die verkondiging van die laaste waarskuwingsboodskap, watter ander doelwit moet die oorblyfselkerk hê?** Matthéüs 25:10.

Ek het ook gesien dat vele nie besef wat hulle moet wees om te kan lewe in die teenwoordigheid van die Here nie, sonder 'n hoëpriester in die heiligdom gedurende die tyd van benoudheid. Diegene wat die seël van die lewende God ontvang en beskerm word in die tyd van benoudheid, moet die beeld van Christus ten volle weerkaats. – *Eerste Geskrifte, 71:1.*

**8. Hoe suksesvol sal die oorblyfselkerk wees om die Here se oogmerk te bereik?**

Alhoewel daar euwels in die kerk is, en ook sal wees tot aan die einde van tyd, sal die kerk in hierdie laaste dae die lig wees van die wêreld wat deur sonde besoedel en verdorwe is. Die kerk, swak en gebrekkig, met 'n behoefte aan teregwysing, waarskuwing en beraad, is die enigste voorwerp waaraan Christus Sy verhewe aandag skenk. Engele is verbaas soos hulle die verandering van karakter aanskou wat teweeggebring word in diegene wat hulself aan God oorgee. Hulle sien hoe hulle deur 'n Christelike ondervinding voorberei word om saam met hulle Here te ly, en hoe hulle daarna deelnemers saam met Hom in Sy heerlikheid in die hemel sal wees. – *Testimonies to Ministers, 49:1.*

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. God se oorblyfsel moet 'n bekeerde volk wees. Die verkondiging van hierdie boodskap hoort die bekering en heiliging van siele tot gevolg te hê. Ons moet die krag van God se Gees in hierdie beweging voel. Hierdie is 'n wonderlike, bepaalde boodskap; dit beteken alles vir die ontvanger daarvan, en moet met 'n luide stem verkondig word. Ons moet 'n ware, blywende geloof hê dat hierdie boodskap met toenemende belangrikheid tot aan die einde van die tyd sal uitgaan. – *Testimonies, vol. 9, 154:1.*

2. Hulle (die oorblyfsel) sal elke afgod versaak wat hulle aan die wêreld bind, en sal "Hom (aanbid) wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." **Openbaring 14:7**. Hulle sal hulleself losmaak van elke verstrikking, en sal voor die wêreld staan as gedenktekens van God se genade. Gehoorsaam aan die Goddelike vereistes, sal hulle deur engele en mense erken word as "hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." **Openbaring 14:12.** – *Prophets and Kings, 299:3.*

3. Die dekreet wat uiteindelik teen God se volk uitgevaardig sal word, sal baie soortgelyk wees aan dit wat deur Ahasvéros teen die Jode uitgevaardig was. Vandag sien die vyande van die ware kerk in die klein groepie wat die Sabbatsgebod onderhou 'n Mórdegai in die poort.
Die eerbied van Gods volk vir Sy wet is 'n gedurige bestraffing vir diegene wat die vrees van die Here verwerp het, en wat besig is om Sy Sabbat te vertrap. – *Prophets and Kings, 605:2.*

4. Die oorblyfsel sal oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis. Sommige verwag dat hulle alleen deur die bloed van die Lam sal oorwin, sonder enige spesiale poging van hulle eie. Ek het gesien dat God genadig was deur aan ons die gawe van spraak te gee. Hy het aan ons 'n tong gegee, en ons sal rekenskap aan Hom moet gee van hoe ons dit gebruik het. Ons moet God verheerlik met ons mond deur tot eer van die waarheid te praat en van Sy grenslose genade, en ons moet oorwin deur die woord van ons getuienis, deur die bloed van die Lam. – *Eerste Geskrifte, 114:2.*

5. "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." **Openbaring 14:12.**

## *Tekste om te Onthou*

Jeremia 6:16
Openbaring 19:10
Openbaring 12:17
Openbaring 22:14

## *Definieer of Identifiseer*

Dispensasie
Oorblyfsel
"Die draak"
Tradisie

# LES 99 – DIE WERK VAN DIE KERK

*Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie. Prediker 11:6.*

**Die kerk is die werktuig wat God vir die verlossing van die mensdom aangewys het. Dit is op diens ingestel en sy sending is om die evangelie aan die wêreld oor te dra. Van die begin af was dit Gods plan dat Sy volheid en Sy genoegsaamheid deur die kerk aan die wêreld weerspieël moet word. Die lede van die kerk, die wat Hy uit die duisternis tot Sy wonderbare lig geroep het, moes Sy heerlikheid verkondig. Die kerk is die bewaarplek van die rykdom van die genade van Christus; en deur die kerk sal die laaste en volle bewyse van die liefde van God uiteindelik aan selfs "die owerhede en magte in die hemele" (Efésiërs 3:10) geopenbaar word.** – *Handelinge van die Apostels, 9:1.*

## *Die Groot Opdrag*

**1. Watter opdrag het Jesus aan Sy dissipels gegee net voor Sy hemelvaart?** Matthéüs 28:19, 20; Markus 16:15.

**2. Hoe wyd, en tot wanneer, het Hy gesê, moet die evangelie verkondig word?** Matthéüs 24:14; 28:18-20.

Om die sonde en sy gevolge te vernietig, het Hy Sy Dierbaarste gegee, en Hy het dit in ons mag gestel om, deur samewerking met Hom, hierdie toneel van ellende te beëindig. Nie dat almal geroep is om in die gewone sin van die woord predikante of sendelinge te wees nie; maar almal kan Sy medewerkers wees om die "blye tyding" [Lukas 2:10, vertaal uit New Testament according to the Eastern Text] aan sy medemens te verkondig. Aan almal, groot of klein, geleerd of onkundig, oud of jonk, word die bevel gegee. – *Opvoeding, 264:0, 1.*

**3. Wat is hierdie evangelie wat ons gevra word om te verkondig?** Romeine 1:16.
"Dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo."

**4. Hoe het God ons met Hom versoen, en wat is aan ons toevertrou as gesante vir God?**
Christus was die kanaal waarlangs Sy oneindige liefde na die gevalle wêreld gevloei het. "God het in Christus die wêreld met Homself versoen." 2 Korinthiërs 5:19. God het saam met Sy Seun gely. – *Skrede na Christus, 15:1.*

## *Gesante van die Hemel*

**5. Wat word diegene wat hierdie verantwoordelikheid aanvaar, genoem?**
'n Gesant is 1. 'n Verteenwoordiger van 'n staat by die hoof van 'n ander staat; 2. Iemand wat met 'n opdrag gestuur word; afgevaardigde. – *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.*

**6. Wat is die ware Christene vir die wêreld?** Matthéüs 5:13-16.

**"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies. … En leer hulle" die evangelie.**

## *VOORBEREIDING BENODIG*

**7. Hoe het Christus Sy apostels vir die werk voorberei?** Lukas 24:25; Johannes 20:22.

**8. Hoekom het Hy vir die groep dissipels gesê om in Jerusalem te bly?** Lukas 24:49.

**9. Wat het gevolg op die uitstorting van hierdie krag op die gelowiges?** Handelinge 2:47; 4:4; 6:7

.

## *Die Kerk se Verantwoordelikhede*

**10. Dui 'n aantal spesifieke pligte van die kerk in ons tyd aan.**

***10a. Verkondig die evangelie aan elke mens***
Aan my is getoon dat Christus se dissipels Sy verteenwoordigers op aarde is, en dit is Gods plan dat hulle ligte sal wees in die sedelike duisternis van hierdie wêreld, oor die hele land versprei, in die dorpe en stede. – *Testimonies, vol. 2, 631:2*.

***10b. Herstel diegene wat gestruikel het.*** Galásiërs 6:1; Jakobus 5:19, 20.
As een van hierdie kleintjies sou struikel en u 'n onreg aandoen, is dit u taak om hom te help herstel. Moenie hom beskaamd maak deur sy fout voor andere openbaar te maak nie. Om die wonde van die siel te behandel, vereis die sagste hande, die gevoeligste aanraking. – *Koning van die Eeue, 440:2, 3.*

***10c. Handhaaf standaarde van hervorming***
Hy doen op die kerk 'n beroep om hulle aangewese plig te aanvaar, en om die standaard van ware hervorming in hulle eie gebied te handhaaf, terwyl die werkers met opleiding en ondervinding die nuwe plekke kan bewerk. – *Testimonies, vol. 6, 292:3.*

***10d. Versorging van nuwe bekeerlinge***
Nadat individue tot die waarheid bekeer is, moet hulle versorg word. Hulle moet nie alleen gelaat word nie, 'n prooi vir die Satan se magtigste versoekings; hulle moet onderrig word met betrekking tot hul pligte, daar moet op vriendelike wyse met hulle gewerk word. Hulle moet gelei word, besoek word, en daar moet met hulle in gebed verenig word. – *Testimonies, vol. 4, 68:3.*

***10e. Help om behoeftige jongmense te onderrig***
Die kerke in verskillende plekke hoort te voel dat daar 'n plegtige verantwoordelikheid op hulle rus om die jongmense te onderrig en talente te ontwikkel vir sendingwerk. Wanneer hulle diegene in die kerk identifiseer wat lyk asof hulle belowende werkers sal wees, maar wat nie in staat is om hulself in die skool te onderhou nie, hoort hulle die verantwoordelikheid te aanvaar om hulle na een van ons opleidingskole te stuur. – *Counsels to Parents, Teachers, and Students, 69:2*.

***10f. Bestraf sonde in die lidmate van die kerk***
Maar as die sondes van die mense oorgesien word deur diegene in verantwoordelike posisies, sal hulle in onguns wees by God, en Sy volk, as 'n liggaam, sal verantwoordelik gehou word vir daardie sondes. – *Testimonies, vol. 3, 265:1.*

## *Die Belonings*

**11. Wat sal vergoed vir al die trane wat God se getuies gestort het soos hulle die saad gesaai het?** Psalm 126:5, 6.

**12. Watter ewige belonings sal die persoon wat siele tot regverdigheid lei, ontvang?** Daniël 12:3.

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Christus het Sy kerk toegerus om 'n groot oes van heerlikheid van Sy verloste, vrygekoopte eiendom te ontvang. Die kerk, toegerus met die geregtigheid van Christus, is Sy opslagplek waarin al die rykdom van Sy genade en liefde in volle luister gesien kan word. – *Testimonies to Ministers, 18:2.*

2. Die gemeente is Gods vesting, Sy vrystad, wat Hy in 'n opstandige wêreld behou. Elke verraad van die gemeente is troubreuk teenoor Hom wat die mensdom met die bloed van Sy eniggebore Seun gekoop het. Van die begin af was getroue siele die gemeente op aarde. In elke eeu het die Here Sy wagters gehad wat getrou voor hulle geslag hulle getuienis gelewer het. Daardie wagters het hulle waarskuwingsboodskap gegee; en wanneer hulle geroep is om hulle wapenrusting neer te lê, het ander die werk opgeneem. God het met hierdie getuies 'n verbondsbetrekking aangegaan en het die gemeente op aarde sodoende met die gemeente in die hemel verenig. Hy het Sy engele uitgestuur om Sy gemeente te dien, en die poorte van die hel was nie in staat om Sy volk te oorheers nie. – *Handelinge van die Apostels, 11:2*.

3. 'n Werkende gemeente met 'n las vir siele sal 'n biddende gemeente wees, 'n gelowige gemeente, en 'n gemeente wat dit waarvoor hulle bid, ontvang. - *Testimonies to Ministers, 205:1.*

4. Die ware karakter van die gemeente word gemeet, nie deur die heiligheid waarmee hy te koop loop nie, nie deur die name op sy boeke nie, maar deur wat hy werklik vir die Meester doen, deur die aantal volhardende, getroue werkers. – *Gospel Workers, 200:2.*

5. Die wêreld sal oortuig wees, nie deur dit wat van die preekstoel geleer word nie, maar deur dit wat die gemeente uitleef. Vanaf die preekstoel verkondig die leraar die teorie van die evangelie; terwyl die praktiese vroomheid van die gemeente die krag daarvan demonstreer. – *Testimonies, vol. 7, 16:3.*

# LES 100 – DIE KERK EN DIE STAAT

*Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom. Matthéüs 22:21.*

**Christus se antwoord was geen ontwyking nie maar ‘n openhartige antwoord op die vraag. In Sy hand het Hy die Romeinse geldstuk gehou met die naam en beeld van die keiser daarop. Hy het verklaar dat aangesien hulle onder die beskerming van die Romeinse gesag verkeer, hulle aan daardie gesag die ondersteuning moet gee wat hy verg, solank dit nie met ‘n hoër plig gebots het nie. Maar terwyl hulle vreedsaam aan die landswette onderhewig was, moes hulle te alle tye hul hoogste trou aan God bewys.** *– Koning van die Eeue, 602:4.*

## *Die Burgerlike Sfeer*

**1. Hoekom hoort elke persoon hom te onderwerp aan die “magte wat oor hom gestel is”?** Romeine 13:1.

**2. Wanneer ons weerstand bied aan die burgerlike gesag, wie weerstaan ons?** Romeine 13:2.

**3. Wat is die sfeer van burgerlike gesag?** Romeine 13:1-3.

Ons moet die menslike regering as instelling van God aanvaar en leer dat dit ‘n heilige plig is om hom binne sy regmatige perke te gehoorsaam. Maar wanneer sy eise met die eise van God strydig is, moet ons God liewer as mense gehoorsaam. Gods Woord moet as verhewe bo alle menslike wetgewing beskou word. ‘n “So sê die Here,” mag nie tersyde gestel word vir ‘n “So sê die kerk” of ‘n “So sê die staat” nie. Die kroon van Christus moet bokant die krone van aardse heersers verhef word.” *– Handelinge van die Apostels, 69:0.*

**4. Hoekom word daar van Christene vereis om hulle aan aardse gesag te onderwerp?** 1 Petrus 2:13; Romeine 13:5.

**5. Vir wie hoort Christene te bid?** 1 Timótheüs 2:1, 2.

**6. Watter burgerlike regte hoort almal te geniet?** Handelinge 19:35-40.


Die beslissing van die stadsklerk en van ander wat eerbare poste in die stad beklee het, het Paulus as onskuldig aan enige onwettige daad voor die mense gestel. Dit was nog ‘n oorwinning van die Christelike geloof oor dwaling en bygeloof. God het ‘n belangrike refter na vore gebring om sy apostel te regverdig en die oproerige gepeupel in bedwang te hou. *– Handelinge van die Apostels, 295:2.*

## *Die Geestelike Sfeer*

**7. Hoe het Jesus aangedui dat daar ‘n ander sfeer is behalwe die van die keiser?** Matthéüs 22:21.

**8. Het Jesus in Sy antwoord aan die Fariseërs geleer dat dit moontlik was om terselfdertyd bevredigend onder twee regerings te leef?** Matthéüs 22:15-22.

Godsdiens en vryheid is onskeibaar. Godsdiens is vrywillig, en kan nie, en hoort nie gedwonge te wees nie. Vryheid is onmoontlik op die basis van 'n samesmelting van kerk en staat, waar die een noodgedwonge die ander inperk of beheer. Dit benodig 'n skeiding onder goedgesinde omstandighede, waar elke mag geheel en al onafhanklik in sy eie sfeer is. Die kerk as sulks het niks te doen met die staat nie behalwe om die wette van die staat te gehoorsaam, en om die sedelike fondament van die staat te versterk; die staat het niks te doen met die kerk nie, behalwe om sy eiendom en vryheid te beskerm; en die staat moet ewe regverdig wees teenoor alle vorms van geloof en ongeloof wat nie die openbare veiligheid in gevaar stel nie. *– Philip Schaff, Church and State in the United States, 9:5 – 10:2.*



*Jesus het geleer dat ons lojaal aan die Staat moet wees soos dit die Staat toekom, en dat ons God moet gehoorsaam soos dit Hom toekom.*

**9. Waar die vereistes van hierdie twee regerings bots, watter een hoort die Christen te gehoorsaam?** Handelinge 5:29.

**10. Let op die volgende voorbeelde:**

a. Daniël se drie waardige vriende. – Daniël 3:1-30.
b. Daniël. – Daniël 6:1-28.
c. Mordecai. – Ester 3:1-8.
d. Die Apostels. - Handelinge 5:17-32.

## *Wanneer burgerlike gesag God se sfeer binnedring*

**11. Watter ondervinding wag op Gods volk?** Openbaring 13:16. 17.

Deur middel van die dekreet wat die instelling van die pousdom sal afdwing in oortreding van Gods wet, sal ons volk geregtigheid geheel en al verwerp. Wanneer Protestantisme die hand uitsteek oor die kloof om die hand van die Roomse mag te neem, wanneer sy die hand oor die kloof sal uitstrek om die hand van Spiritisme te neem, wanneer, onder die invloed van hierdie drievoudige vereniging, ons land elke beginsel van sy Grondwet as 'n Protestantse en republikeinse regering sal verwerp, en voorsiening sal maak vir die verspreiding van pouslike bedrog en misleidings, dan sal ons weet dat die tyd vir Satan se wonderwerke gekom het, en dat die einde naby is. – *Testimonies, vol. 5, 451:1.*

**12. Hoekom word daar voorgestel dat die engele die winde vashou?** Openbaring 7:1-3.

Maar solank as Jesus in die heiligdom daarbo optree as middelaar van die mens, sal die weerhoudende invloed van die Heilige Gees gevoel word deur regeerders en volk. In 'n sekere mate beheers dit nog die wette van die land. As dit nie vir hierdie wette was nie, sou die toestand van die wêreld baie erger wees as wat dit tans is. Terwyl baie van ons regeerders aktiewe werktuie van Satan is, het God ook Sy werktuie onder die leiers van die volk. Die vyand beïnvloed sy diensknegte om maatreëls voor te stel wat Gods werk baie sal verhinder; maar godvresende staatslui word deur heilige engele beïnvloed om sulke maatreëls te bestry met onweerlegbare argumente. Op hierdie manier sal 'n paar manne die sterk stroom van onheil terughou. Die teenstand van die vyande van die waarheid sal bedwing word, sodat die derde engel se boodskap sy werk kan doen. Wanneer die finale waarskuwing gegee word, sal dit die aandag trek van hierdie vooraanstaande manne deur wie die Here tans werk, en sommige van hulle sal die boodskap aanneem en saam met Gods volk staan in die tyd van benoudheid. – *Die Groot Stryd, 610:3.*

**13. Wat hoort ons baie te bemoedig wanneer ons vir ons geloof getoets word?** Romeine 8:31
.

**14. Toon vier maniere hoe God die lojaliteit van diegene wat getrou is, sal vereer.**

14a. Staan op die see van glas. Openbaring 15:2.
14b. Sing die lied van Moses en die Lam. Openbaring 15:3.
14c. Sit op trone en neem deel aan die oordeel van die goddelose. Openbaring 20:4.
14d. Leef en regeer 'n duisend jaar lank saam met Christus. Openbaring 20:4, laaste gedeelte.

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Sy [Roger Williams se] klein staatjie, Rhode-eiland, het die toevlugsoord geword van verdruktes en dit het gegroei en gebloei totdat die grondbeginsels daarvan – naaamlilk burgerlike en godsdiensvryheid – die hoekstene geword het van die Amerikaanse Republiek. – *Die Groot Stryd, 295:1.*

2. Die banier van waarheid en godsdiensvryheid wat deur die stigters van die evangeliekerk en deur die getuies van God gedurende die eeue sedertdien hooggehou is, is in hierdie laaste stryd in ons hande toevertrou. Die verantwoordelikheid vir hierdie groot gawe berus by diegene wat God met 'n kennis van Sy Woord geseën het. Ons moet daardie Woord as die opperste gesag aanvaar. Ons moet die menslike regering as instelling van

God aanvaar en leer dat dit ‘n heilige plig is om hom binne sy regmatige perke te gehoorsaam. Maar wanneer sy eise met die eise van God strydig is, moet ons God liewer as mense gehoorsaam. Gods Woord moet as verhewe bo alle menslike wetgewing beskou word. ‘n “So sê die Here,” mag nie tersyde gestel word vir ‘n “So sê die kerk” of “So sê die staat” nie. Die kroon van Christus moet bokant die krone van aardse heersers verhef word. – *Gospel Workers, 389:2.*

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 22:21
Openbaring 7:1-3
Handelinge 5:29
Openbaring 13:16, 17
Romeine 13:1-3

# LES 101 – HOEKOM BY DIE KERK AANSLUIT?

*En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. Handelinge 2:47.*

**Tydens eeue van geestelike duisternis was die kerk van God soos 'n stad wat op 'n heuwel gebou is. Eeu na eeu, van geslag tot geslag, is die suiwere leer van die hemel binne sy grense ontvou. Al kom die kerk swak en gebrekkig voor, is dit nogtans die een voorwerp waaraan God Sy verhewe aandag in 'n besondere sin skenk. Dit is die skouburg van Sy genade waarin dit Hom behaag om Sy mag om harte te verander, te openbaar.** – *Handelinge van die Apostels, 12:1.*

## *Een Ware Kerk*

**1. Die kerk is die liggaam van Christus en het baie lede.** 1 Korinthiërs 12:12, 14, 18, 27.

**2. Die kerk is die georganiseerde groep gelowiges wat Jesus erken as hulle allerhoogste leier.**

*2a.* ***Die kerk*** – die liggaam van Christus. Efésiërs 1:22, 23; Kolossense 1:18.
*2b.* ***Die hoof van die kerk*** – Christus. Efésiërs 5:23; Kolossense 1:18.
*2c.* ***Lede van die kerk*** – lede van Sy liggaam. Efésiërs 5:30.

**3. Hoeveel lede is daar?** 1 Korinthiërs 12:20.

**4. Hoeveel liggame is daar?** 1 Korinthiërs 12:12, 20.

**5. As ons aan Christus wil behoort – Sy liggaam, Sy kerk – moet ons een van die "lede afsonderlik" word.** 1 Korinthiërs 12:27.

## *Redes vir Aansluiting by die Kerk*

**6. Hoekom moet ek by die kerk aansluit?**

6a. Om die versekering te hê dat Jesus my voor Sy Vader sal bely as ek Hom voor die mense sal bely. Matthéüs 10:32, 33.
6b. Om myself met Jesus en Sy volk te identifiseer. Matthéüs 12:30.
6c. Om meer in staat te wees om Christus se opdrag te vervul om die evangelie na die hele wêreld uit te dra. Matthéüs 28:18-20.

**7. Jesus is die deur na die skaapstal, en as ek by daardie deur ingaan, sal ek gered word.** Johannes 10:9.

**8. Jesus is die Goeie Herder. Ek wil aan Sy stal behoort.** Johannes 10:16.



Gods Woord is 'n anker vir elke lidmaat van die kerk in die tyd van benoudheid.

## *Werk van die Lidmate van die Kerk*

**9. Soos die dissipels uitgegaan het na alle nasies om aan hulle die evangelie te verkondig, wat moes hulle nog doen?** Matthéüs 28:19; Markus 16:15, 16.

**10. Watter vraag het Petrus gevra toe Cornelius en sy huishouding die gawe van die Heilige Gees ontvang het?** Handelinge 10:44-48.

**11. Watter antwoord het Paulus en Silas die tronkbewaarder gegee in antwoord op sy vraag, "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"** Handelinge 16:30, 31.

**12. Hoe het die tronkbewaarder openlik sy geloof in Jesus Christus getoon?** Handelinge 16:33.

## *Hoe om by die Kerk aan te Sluit*

**13. Wat is die teken van toegang tot Christus se geestelike koninkryk of Sy kerk?** Handelinge 2:38.

**Christus het die doop die teken van toegang tot Sy geestelike koninkryk gemaak.** Hy het dit 'n positiewe voorwaarde gemaak waaraan almal wat erken wil word as persone onder die gesag van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees, moet voldoen.
Voordat die mens 'n tuiste in die kerk kan vind, voordat hy oor die drumpel van God se geestelike koninkryk gaan, moet hy die stempel ontvang van die Goddelike naam, Die Here ons Geregtigheid**." Jeremia 23:6.** – *Testimonies, vol. 6, 91:2.*

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Die kerk is die werktuig wat God vir die verlossing van die mensdom aangewys het. Dit is op diens ingestel en sy sending is om die evangelie aan die wêreld oor te dra. Die lede van die kerk, die wat Hy uit die duisternis tot Sy wonderbare lig lig geroep het, moet Sy heerlikheid verkondig. – *Handelinge van die Apostels, 9:1.*

2. Die gemeente is Gods vesting, Sy vrystad, wat Hy in 'n opstandige wêreld behou. – *Handelinge van die Apostels, 11:2.*

3. Van die begin af het God deur Sy volk gewerk om die aarde tot seën te wees. Elkeen in wie se hart Christus woon, elkeen wat Sy liefde aan die wêreld uitdra, werk saam met God tot seën van die mensdom. Namate hy van die Heiland genade ontvang om aan andere uit te deel, vloei daar uit sy hele wese 'n stroom geestelike lewe. – *Handelinge van die Apostels, 13:2.*

4. Die doop is die ingang tot die kerk. Petrus het op Pinkster gesê, "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." **Handelinge 2:47.**

5. Slegs deur 'n doelgerigte poging kan die hele wêreld bereik word, en die kerkorganisasie is nodig vir so 'n doelgerigte poging. Dus hoort almal wat vir die Here Jesus lief is, saam te span en vir Hom te werk, en so 'n samespanning sal gewis beteken om by die kerk aan te sluit om vir die Meester te werk.

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 12:30
Handelinge 2:47

# LES 102 – EERBIED IN DIE HUIS VAN GOD

*Die Here is in Sy heilige tempel – swyg voor Hom, o ganse aarde! Hábakuk 2:20.*

**Ware eerbied teenoor God word deur 'n gewaarwording van Sy oneindige grootheid en 'n besef van Sy teenwoordigheid ingeboesem. Met hierdie gewaarwording van die Onsienlike moet die hart van elke kind diep beïndruk word. Die uur en plek van gebed is heilig, omdat God daar is. En soos eerbied in houding en handelswyse getoon word, sal die gevoel waardeur dit geïnspireer word, verdiep. "Sy Naam is heilig en vreeslik" [Psalm 111:9], verklaar die psalmdigter. Wanneer engele dit uitspreek, bedek hulle hul aangesigte. Met watter eerbied behoort ons, wat gevalle en sondig is, dit nie op ons lippe te neem nie!** – *Prophets and Kings, 48:2.*

## *Eerbied vir God*

**1, Wat, verklaar Dawid, is God se naam?** Psalm 111:9.

"Sy Naam is heilig en vreeslik." Psalm 111:9. Ons moet die titels en benaminge van die Godheid nooit ligsinnig gebruik nie. … Ons kan, soos die Jode in Christus se tyd, die grootste uiterlike vertoon van eerbied vir God maak en tog Sy Naam gedurig ontheilig. "Die Naam van die Here" is "barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou ... wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe" (**Exodus 34:5-7**). – *Die Meester se Onsterflike Rede, 106:2, 3.*

## *Eerbied vir die Bybel*

**2. Hoekom moet die Skrif met eerbied beskou word?**

***2a. Hulle is God se woorde in geskrewe vorm.*** Exodus 24:4; Jeremia 30:2.
***2b. Heilige mense is "deur die Heilige Gees gedrywe" om hulle neer te skryf.*** 2 Petrus 2:21.
***2c. Ingewing verklaar dat hulle "heilig" is.*** 2 Timótheüs 3:15.

Vir die gedrukte boek moet ons ontsag he en dit nooit vir alledaagse gebruik aanwend, of dit onverskillig hanteer nie. En nooit moet daar vir die grap uit die Skrif aangehaal, of dele geparafraseer word om 'n gevatte opmerking kwyt te raak nie. – *Opvoeding, 244:1.*

## *Eerbied vir die Huis van God*

**3. Beskryf hoe die tempel "'n rowerspelonk" geword het.** Markus 11:15-17.

**4. Wat, het Jesus verklaar, is die huis van God?** Lukas 19:46.

**5. God se teenwoordigheid maak enigiets heilig.**

5a. Grond. – Exodus 3:5.
5b. Berg. – Exodus 19:10-14, 21-24.
5c. Tempel. – Hábakuk 2:20.
5d. Ons is heilig as ons Gods tempel is. – 1 Korinthiërs 3:17.

**6. God se eienaarskap maak enigiets heilig.**

6a. Die sewende dag is heilig. Exodus 20:8-11.
6b. Die tiende, of 'n tiende van ons inkomste, is heilig. Levítikus 27:30.

**7. Wat moes Israel doen behalwe "My Sabbatte hou"?** Levitikus 19:30.

Wanneer die aanbidders die huis van samekoms binnegaan, behoort hulle dit met betaamlikheid te doen, en stil na hulle sitplekke te beweeg. Alledaagse pratery, fluistering, en 'n gelag hoort nie in die huis van aanbidding toegelaat te word nie, óf voor óf na die diens. Groot vroomheid hoort die aanbidders te kenmerk. Wanneer die leraar binnekom, hoort dit te wees met 'n waardige, plegtige houding. Hy hoort te kniel vir stil gebed sodra hy die kansel betree, en in erns God om hulp te versoek. Wat 'n indruk sal dit nie maak nie! 'n Atmosfeer van plegtigheid en eerbied sal onder die mense heers. Hulle leraar is in noue aanraking met God, hy wy homself toe aan God voordat hy waag om voor die gemeente te staan. So ook moet elke lid van die gemeente wat God vrees met gebuigde hoof in stille gebed met hom verenig sodat God die vergadering met Sy teenwoordigheid sal vereer, en krag sal verleen aan Sy waarheid wat deur menselippe verkondig word. Wanneer die samekoms deur gebed geopen word, hoort elke knie te buig in die teenwoordigheid van die Heilige, en elke hart hoort in stille aanbidding tot God op te styg. – *Testimonies, vol. 5, 492:1, 3.*

## *Eerbied vir die Dienaars van God*

**8. Hoe het God Sy misnoeë te kenne gegee toe een van Sy dienaars met 'n gebrek aan respek behandel is?** 2 Konings 2:23-25.

Elísa was 'n saggeaarde en vriendelike mens, maar toe hy op pad na Bet-el bespot is deur goddelose seuntjies wat uit die stad gekom het, is daar deur sy optrede getoon dat hy ook streng kon wees. Hierdie jong seuns het gehoor van Elía se hemelvaart, en hulle het hierdie plegtige gebeurtenis die onderwerp van hulle bespotting gemaak, en vir Elísa gesê, "Gaan op, kaalkop! Gaan op, kaalkop!" 2 Konings 2:23.
As Elísa geen ag op hierdie spottery geslaan het nie, sou die gepeupel voortgegaan het om hom uit te skel en te bespot, en sy sending om te onderrig en te red in 'n tyd van groot gevaar vir die volk, mag skipbreuk gely het. – *Prophets and Kings, 235:2; 236:1.*

**9. Hoekom is Elísa se ondervinding met die kinders van Bet-el opgeteken?** Romeine 15:4; 1 Korinthiërs 10:11.

**10. Watter raad het God se boodskapper aan Sy volk gegee rakende Sy leiers in die kerk?**

Hulle [die kinders] word selde geleer dat die leraar God se gesant is, dat die boodskap wat hy bring een van God se werktuie is vir die verlossing van siele, en vir almal wat die voorreg binne hulle bereik het, sal dit 'n reuk van die lewe tot die lewe wees, of van die dood tot die dood. – *Testimonies, vol. 5, 497:0.*

**11. Hoe behoort die aanbidders na "die heiligdom" te kom?** Psalm 122:1; Prediker 5:1, 2; Hábakuk 2:20.

Almal moet geleer word dat hulle kleredrag netjies, skoon, en fatsoenlik moet wees, maar dat uiterlike versiering geheel en al ongepas is vir die heiligdom. Daar hoort geen vertoon van die kleredrag te wees nie; want dit bevorder oneerbiedigheid. God moet die onderwerp van die gedagtes wees, die onderwerp van aanbidding, en enigiets wat die gedagtes weglei van die plegtige, heilige diens is vir Hom aanstootlik. – *Testimonies, vol. 5, 499:1.*

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Diegene wat wil hê hulle kinders moet die Here liefhê, moet van Sy goedheid, Sy majesteit, en Sy krag praat soos in Sy Woord en in die werke van die skepping geopenbaar. – *Patriarge en Profete, 504:2.*

2. Ware eerbied teenoor God word deur 'n gewaarwording van Sy oneindige grootheid en 'n besef van Sy teenwoordigheid ingeboesem. Met hierdie gewaarwording van die Onsienlike moet die hart van elke kind diep beïndruk word. Die tyd en plek van gebed is heilig, want God is daar teenwoordig. En namate eerbied in die houding en gesindheid geopenbaar word, sal die gevoel wat dit in die hand werk, verdiep word. – *Profete en Konings, 48:2.*

3. "Sy Naam is heilig en vreeslik" (Psalm 111:9), verklaar die psalmdigter. Wanneer engele dit uitspreek, bedek hulle hul aangesigte. Met watter eerbied behoort ons, wat gevalle en sondig is, dit nie op ons lippe te neem nie! – *Prophets and Kings, 49:0.*

4. Eerbied moet aan Gods verteenwoordigers betoon word – aan predikante, onderwysers en ouers wat geroep is om namens Hom te spreek en op te tree. Deur die respek wat teenoor hulle aan die dag gelê word, word Hy vereer. – *Opvoeding, 244:3.*

5, God het veral 'n tere agting vir die oues van dae beveel. Hy sê: "Grysheid is 'n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid." Spreuke 16:31. Dit vertel van veldslae wat gelewer en oorwinnings wat behaal is; van laste gedra en versoekings weerstaan. Dit vertel van vermoeide voete na aan hul rus, van plekke wat spoedig leeg sal wees. Help die kinders om hieraan te dink, en hulle sal deur hul hoflikheid en respek die weg van die oues van dae gelykmaak, en bekoring en skoonheid in hul jong lewens bring soos hulle aan die bevel gehoor gee: "Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer." **Levítikus 19:32**. – *Opvoeding, 244:4.*

## *Tekste om te Onthou*

Levítikus 19:30
Hábakuk 2:20

## *Definieer of Identifiseer*

Geaardheid
Eerbied

# LES 103 – DIE VERORDENINGE VAN DIE HUIS VAN DIE HERE

*Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.*
*Matthéüs 23:12.*

## *Die Verordening van Nederigheid*

**Jesus, die liewe Heiland, het aan almal duidelike lesse in nederigheid gegee. In Sy vernedering, toe Sy werk op aarde feitlik voltooi was en Hy op die punt gestaan het om na Sy Vader se troon terug te keer, was daar onder Sy laaste lesse aan Sy dissipels, een aangaande die belangrikheid van nederigheid. Terwyl Sy dissipels gestry het wie die grootste in die beloofde koninkryk sou wees, het Hy Homself as 'n dienaar omgord, en die voete gewas van diegene wat Hom Heer en Meester genoem het.** – *Testimonies, vol. 4, 373:2.*

**1. Watter beginsel met 'n universele toepassing het Jesus uiteengesit toe Hy met die menigtes en Sy dissipels gepraat het?** Matthéüs 23:12.

**2. Hoekom wou Jesus in die besonder hê dat Sy dissipels hierdie beginsel moes aanvaar?** Lukas 22:24.

**3. Wat het Jesus gedoen om hulle 'n les te leer wat hulle nooit sou vergeet nie, aangaande elkeen wat homself hoër geag het as die ander?** Johannes 13:14.

**4. Deur wie was hierdie diens gewoonlik verrig?**
Op die fees was dit gebruiklik dat 'n bediende die gaste se voete was en voorsiening is ook vir hierdie diens gemaak. Die beker, kom en handdoek was daar, net vir voete was, maar geen bediende nie; die dissipels sou dit dus moet doen. Maar elke dissipel was in sy gekrenkte trots vasberade om nie bediende te speel nie. Almal het hulle onverskillig voorgedoen en voorgegee dat hulle van geen taak bewus is nie. In hulle swye het hulle geweier om hulself te verneder. - *Koning van die Eeue, 644:2.*

**5. Hoe het Jesus hierdie geleentheid gebruik om vir hulle en ons 'n broodnodige les te leer?**
Johannes 13:4, 5.

Die dissipels het nie 'n ooglid verroer om mekaar te bedien nie. Jesus het 'n oomblikkie gewag om te sien wat hulle sou doen. Toe staan Hy, die Goddelike Leraar, van die tafel af op. Hy het 'n handdoek geneem en Hom daarmee omgord. Verbaas het die dissipels Hom aangekyk en in stilte gewag om te sien wat gaan gebeur. Hierdie daad het die dissipels se oë laat oopgaan. Skaamte en vernedering het hulle aangegryp. Hulle het die onuitgesproke teregwysing ingesien en hulself nou in 'n heel ander lig gesien. Hy het hulle 'n voorbeeld gestel wat hulle nooit sou vergeet nie. Een van Sy laaste dade op aarde was om Hom as 'n dienskneg te omgord en die rol van 'n kneg te speel. – *Koning van die Eeue, 644:4, 5.*

**6. Wat was Petrus se reaksie toe Jesus die voete van die dissipels gewas het?** Johannes 13:6-10.

**7. Wat wil Jesus selfs nou graag doen?**

Hy wat die voete van Judas gewas het, verlang om die hart van elke sondevlek skoon te was. – *Koning van die Eeue, 656:3.*


**8. Met watter woorde het Christus spesifiek hierdie ‘n verordening van die kerk gemaak?**
Johannes 13:12-16.

**9. Wat sal die viering van hierdie verordening in die lewe van ‘n opregte Christen meebring?**
Johannes 13:17.

**Wie die gees van hierdie diens snap, sal dit nooit ‘n leë seremonie vind nie. Sy les sal voortdurend wees: “Dien mekaar deur die liefde.” Galásiërs 5:13.**
Jesus, wat deur almal gedien word, het gekom om almal se dienaar te wees. En omdat Hy almal gedien het, sal Hy weer deur almal gedien en vereer word. En wie ook deel wil hê aan Sy Goddelike eienskappe en saam met Hom die vreugde wil deel om siele gered te sien, moet Sy voorbeeld van onbaatsugtige diens volg. – *Koning van die Eeue, 651:2, 3.*

## *Die Nagmaal*

Christus het op die oorgangspunt tussen twee bedelinge en hul twee groot feeste gestaan. Hy, die vlekkelose Lam van God, was op die puint om Hom as sondoffer aan te bied, om sodoende die stelsel van sinnebeelde en seremonies wat vierduisend jaar lank na Sy dood verwys het, te beëindig. Toe Hy die Paasmaal saam met Sy dissipels gebruik, het Hy in die plek daarvan ‘n diens ingestel wat as herdenking van Sy groot offer kon dien. Die volksfees van die Jode sou vir goed verdwyn. Die diens wat Christus ingestel het, was vir Sy volgelinge in alle lande en deur al die eeue bedoel. – *Koning van die Eeue, 652:2.*




Jesus het die verordeninge aan Sy kerk gegee om gelowiges die weg na Sy koninkryk aan te wys.

**10. Hoekom het Jesus en Sy dissipels by hierdie geleentheid byeengekom?** Lukas 22:7, 8.

**11. Hoe is aan Petrus en Johannes gesê om 'n kamer vir die Nagmaal te vind?** Lukas 22:9-13.

**12. Hoekom sou hierdie spesifieke Pasga vir Jesus van spesiale belang wees?** Lukas 22:15; 1 Korinthiërs 11:23.

**13. Tydens die Pasga, watter rite vir die Christelike kerk het ons Heiland ingestel?** Lukas 22:19, 20.



*Jesus besig om die voete van Sy dissipels te was tydens die Nagmaal.*

Paslik genoeg by die rus wat hulle nou geniet het, het die volk die Paasmaal nou in 'n rustende houding geniet. Rusbanke is om die tafel geplaas en die gaste het daarop gelê, lyf op die linkerarm gestut en die regterarm vry om mee te eet. In hierdie ligging kon 'n gas sy hoof leun op die bors van die een wat bokant hom gesit het. En omdat die voete oor die buitenste rand van die rusbank gehang het, kon hulle gewas word deur een wat buite om die kring beweeg het.
Christus is nog aan die tafel waarop die Paasmaal voorgesit is. Die ongesuurde brode wat vir die Pasga gebruik word, staan voor Hom. Die Pasgawyn, totaal ongegis, staan op die tafel. Hierdie simbole gebruik Christus om Sy eie vlekkelose offer voor te stel. Niks wat deur gisting aangetas is, wat die simbool van die sonde en die dood is, kan die "Lam sonder gebrek en vlekkeloos" voorstel nie. 1 Petrus 1:19. – *Koning van die Eeue, 653:1, 2.*

**14. Wat verteenwoordig die brood? Die wyn?** Matthéüs 26:26, 28.

**15. Wat herdenk hierdie verordening?** 1 Korinthiërs 11:26.

Christus het hierdie diens ingestel sodat dit tot ons sinne kon spreek van die liefde van God wat namens ons uitgedruk is. Daar kan geen vereniging tussen ons siele en God wees behalwe deur Christus nie. Die eenheid en liefde tussen broeder en broeder moet deur die liefde van Jesus saamgebind en verewig word. En niks minder as die dood van Christus kon Sy liefde vir ons doeltreffend maak nie. Dit is net Sy dood wat ons in staat stel om met vreugde op Sy wederkoms te wag. Sy offer is die middelpunt van ons hoop. Daarop moet ons ons geloof vestig. – *Koning van die Eeue, 660:1.*

**16. In hierdie diens, wie bedien diegene wat teenwoordig is?**

Niemand moet van die Nagmaal af wegbly omdat ‘n onwaardige mens teenwoordig mag wees nie. Onwaardige harte en hande kan selfs die Nagmaal bedien, maar Christus is daar om Sy kinders te bedien. Almal wat hierdie tye van Goddelike voorreg verwaarloos, sal skade ly. – *Koning van die Eeue, 656:4.*

**17. Behoort enigiemand van deelname uitgesluit te word?**

Mense wat nie van harte dienaars van die waarheid en heiligheid is nie, maar wat graag aan die diens wil deelneem, kan hulle by die groep voeg. Hulle moet nie belet word nie. Daar is getuies teenwoordig wat teenwoordig was toe Jesus die voete van die dissipels en van Judas gewas het. Meer as menseoë het die toneel aanskou. – *Koning van die Eeue, 656:2.*

**18. Hoe belangrik is dit dat ons teenwoordig is?**

Almal wat kom met hul geloof op Hom gevestig, sal ‘n groot seën wegdra. Almal wat hierdie tye van Goddelike voorreg verwaarloos, sal skade ly. Van hulle sal tereg gesê kan word: “Julle is nie almal rein nie.” [**Johannes 13:11**.] – *Koning van die Eeue, 656:4.*

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Ware nederigheid is om met ‘n dankbare hart enige voorsiening ten behoewe van ons te aanvaar en om opreg vir Christus te arbei. – *Koning van die Eeue, 646:1.*

2. Plegtig het Christus vir Petrus gesê, “As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.” [**Johannes 13:8.**] Hierdie diens wat Petrus wou weier, was die simbool van ‘n hoër reiniging. Christus het gekom om die hart van die smet van die sonde te reining. – *Koning van die Eeue, 646:1.*

3. Deur saam met Sy dissipels brood en wyn te neem, het Christus Hom verbind om hul Verlosser te wees. Hy het die nuwe verbond aan hulle opgedra waardeur almal wat Hom ontvang, kinders van God word en mede-erfgename van Christus. Deur hierdie verbond was elke seën wat die hemel in hierdie en die toekomstige lewe kan uitstort hulle s’n. Hierdie verbondsakte sou deur die bloed van Christus bekragtig word. En die hou van die sakrament sou hulle herinner aan die perkelose opoffering wat vir elkeen van hulle individueel gemaak is as deel van die gevalle mensdom se groot geheel. – *Koning van die Eeue, 656:5.*

4. Die Nagmaal is ‘n belofte van die wederkoms van Christus. – *Koning van die Eeue, 659:3.*

5. Aan die dood van Christus is ons selfs hierdie aardse lewe verskuldig. Die brood wat ons eet, is met Sy gebroke liggaam gekoop. Die water wat ons drink, is met Sy vergote bloed gekoop. Geen mens, heilige of sondaar, eet sy daaglikse kos nie of hy word gevoed deur die liggaam en die bloed van Christus. Die kruis van Golgota is op elke brood afgestempel. Dit word in elke waterbron weerkaats. Dit alles leer Christus ons in die instelling van die simbole van Sy groot offer. Die lig wat van daardie Nagmaaldiens in die bokamer straal, heilig die voorsiening vir ons daaglikse lewe. Die gesinstafel word soos die tafel van die Here en elke maaltyd ‘n sakrament. – *Koning van die Eeue, 660:3.*

### *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 23:12

# LES 104 – ONDERSTEUNING VAN DIE KERK

*Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon. Psalm 24:1.*

**Die heffing van tiendes en offergawes was bedoel om 'n groot waarheid onder die aandag van die volk te bring, naamlik dat God die bron is van elke seëning wat Sy skepsele ontvang, en dat die mens Hom dank verskuldig is vir die goeie gawes van Sy voorsienigheid.** *– Patriarge en Profete, 525:3.*

**God se plan met die tiendestelsel is treffend in sy eenvoud en regverdigheid. Almal mag dit gelowig en moedig aangryp. Eenvoud en nuttigheid word daarin gekombineer, en dit vereis nie 'n hoë vlak van kennis om dit te verstaan en uit te voer nie. Almal kan voel dat hulle 'n rol kan speel om die kosbare verlossingswerk voort te sit. Elke man, vrou en jongmens mag 'n tesourier vir die Here word en mag 'n werktuig wees om te voldoen aan die behoeftes van die tesourie. Die apostel sê: "Elkeen (moet) self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is."** [1 Korinthiërs 16:2.]

## *Die Tiende*

**1. Wat was, en is nog steeds, God se plan vir die ondersteuning van diegene wat werk vir die bevordering van Sy saak?** 1 Korinthiërs 9:7, 13, 14.

Hier het die apostel na die plan van die Here vir die onderhoud van die priesters wat in die tempel dien, verwys. Diegene wat vir hierdie heilige amp afgesonder is, is deur hulle broeders onderhou aan wie hulle die geestelike seëninge bedien het. "Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem." Hebreërs 7:5. Een-tiende van al die aanwas is deur die Here as Sy eiendom gevorder, en as iemand die tiende teruggehou het, het Hy dit as roof beskou. *– Handelinge van die Apostels, 336:1.*

**2. Wat is 'n tiende?**

'n Tiende van 'n persoon se inkomste, toegewy aan God. *– John D. Davis en Henry S. Gehman, The Westminster Dictionary of the Bible, artikel, "Tithe."*

**3. Wie vra ons om tiende te betaal?** Maleági 3:8, 10.

Almal behoort in gedagte te hou dat God se aansprake op ons ten grondslag lê aan alle ander aansprake. Hy voorsien milddadig in ons behoeftes, en die kontrak wat Hy met die mens gesluit het, is dat 'n tiende van sy besittings aan God terugbesorg sal word. Die Here het goedgunstiglik Sy skatte aan Sy rentmeesters toevertrou, maar van die tiende sê Hy: Hierdie is Myne. Namate God Sy besittings aan die mens gegee het, so moet die mens aan God getrou 'n tiende van al sy goed terugbesorg. Hierdie onmiskenbare ordening is deur Jesus Christus self daargestel. *– Testimonies, vol. 6, 384:2.*

**4. Wanneer word tiende-betaling vir die eerste keer in die Bybel genoem?** Génesis 14:18-20.

**4a. Wie het die tiende betaal?**


**4b. Aan wie was dit betaal?**

**5. Hierdie voorbeeld van tiende-betaling word sonder enige verduideliking in die Bybelse verhaal ingebring.** Dit wil dus voorkom dat tiende-betaling in daardie dae die gebruik was.

**6. Op watter fundamentele grondslag rus tiende-betaling?**

a. God se eienaarskap van alle dinge. Psalm 24:1; 50:7-15. Haggai 2:8.
b. Ons erkenning van God as die bron van alle seëninge. Deuteronómium 8:11-18.
Die heffing van tiendes en offergawes was bedoel om 'n groot waarheid onder die aandag van die volk te bring, naamlik dat God die bron is van elke seëning wat Sy skepsele ontvang, en dat die mens Hom dank verskuldig is vir die goeie gawes van Sy voorsienigheid. – Patriarge en Profete, 525:3.
c. Ons word geseën omdat ons gee. Spreuke 11:24, 25; Matthéüs 10:8; Handelinge 20:35.

**7. Hoe moet die tiende bereken word?** Deuteronómium 14:22.
Vrywillige offergawes en die tiende vorm die inkomste van die evangelie. Van die middele wat aan die mens toevertrou is, maak God aanspraak op 'n sekere gedeelte – 'n tiende; maar Hy laat dit aan elkeen oor om te sê hoeveel die tiende is, en of hulle meer as dit sal gee. Hulle moet gee in ooreenstemming met hulle voorneme.
*– Testimonies, vol. 5, 149:1.*



Die betaal van die tiende aan God is 'n erkenning van ons afhanklikheid van Hom.

**8. In watter opsig is die tiende en die Sabbat eenders?** Exodus 20:8-11; Levitikus 27:30.

**9. Hoe word diegene beskou wat nie aan God die tiende terugbesorg nie?** Maleági 3:8.

God lê Sy hand op al die mens se besittings, en sê: Ek is die eienaar van die heelal, en hierdie goedere is Myne. Die tiende wat jy teruggehou het, het Ek bestem vir die onderhoud van My diensknegte in hulle werk om die Skrifte uit te lê aan diegene wat in die duisternis is, diegene wat nog nie My wet verstaan nie. In die gebruik van hierdie geld vir jou begeertes het jy siele beroof van die lig wat Ek voorsien het vir hulle om te ontvang. Jy het geleentheid gehad om lojaliteit aan My te toon, maar jy het dit nie gedoen nie. Jy het My beroof; jy het My geld gesteel. "Met die vloek is julle belaai. " **Maleági 3:9.** – *Testimonies, vol. 6, 387:2.*

**10. Hoe beantwoord God die beswaar, "Ek kan nie bekostig om tiende te betaal nie"?**
Maleági 3:10, 11.

| VOORWAARDES | GOD SE BELOFTE |
|---|---|
| a. "Bring die hele tiende na die skathuis" | a. "Ek (sal) vir julle die vensters van die hemel … oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën … uitstort." |
| b. "Sodat daar spys in my huis kan wees." | b. "Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer." |
| c. "Beproef My tog hierin." | c. "Die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie." |
| God het 'n hemel vol seëninge vir diegene wat saam met Hom sal werk. Almal wat Hom gehoorsaam, kan met vertroue die vervulling van Sy beloftes opeis. – Gelykenisse van Christus, 145:1. | 'n Belofte word hier gemaak dat, as al die tiendes na Gods skathuis gebring word, sal Hy 'n seën uitstort op diegene wat gehoorsaam is. – Testimonies, vol. 3, 394:4. |

**11. Waarvoor het Jesus die skrifgeleerdes en Fariseërs erkenning gegee?** Matthéüs 23:23.

**12. Drie redes om tiende te betaal:**

a. Al die tiendes … behoort aan die Here. Levítikus 27:30.
b. Dit (die tiende) is heilig aan die Here. Levítikus 27:30.
c. Van diegene wat nie tiende betaal nie, sê God, "Julle beroof My." Maleági 3:8.

## *Offergawes*

**13. Wat, bo en behalwe ons tiende, moet ons aan God gee?** Maleági 3:8.

Tiendeheffing was maar net 'n deel van Gods plan vir die onderhoud van Sy diens. God het talle geskenke en offergawes duidelik omskryf. Onder die Joodse stelsel is mense geleer om 'n vrygewige gees te koester in sowel die onderhoud van die saak van God as in voorsiening in die nood van die behoeftiges.
Deur hierdie stelsel van weldadigheid het die Here getrag om aan Israel te leer dat Hy in alles eerste moet wees. Op hierdie manier is hulle daaraan herinner dat God die eienaar is van hulle landerye, hulle kuddes en hulle vee; dat dit Hy is wat aan hulle die sonskyn en die reën gestuur het om die oeste te laat groei en ryp word. Alles wat hulle besit het, was Syne; hulle was die rentmeesters van Sy goedere.
God is nie van plan dat Christene wie se voorregte veel groter is as die van die Joodse nasie, minder vrygewig moet wees as hulle nie. – *Handelinge van die Apostels, 336:3 – 337:2.*

**14. Wat is 'n "offergawe"?**

*'n Gawe; veral geld, wat aan 'n kerk geskenk word vir die onderhoud daarvan. – Webster.*

**15. Hoeveel is in tiendes en offergawes van die Jode vereis?**

Die Israeliete moes ruim een-vierde van hulle inkomste vir godsdienstige en liefdadigheidsdoeleindes afstaan. Mens sou verwag dat so 'n swaar belasting op hulle inkomste hulle sou verarm; maar die getroue nakoming van hierdie reëls was inteendeel een van die voorwaardes van hulle voorspoed. *– Patriarge en Profete, 527:1.*

**16. In watter mate behoort ons te gee?** 1 Korinthiërs 16:2.

**17. Watter soort gewer het God lief?** 2 Korinthiërs 9:7.

**18. Weerhou God Sy seëninge omdat ons nie gee nie?** Haggai 1:5-11.

'n Treffende voorbeeld van die gevolge van die selfsugtige terughou van vrywillige offergawes aan die saak van God is in die dae van die profeet Haggai gegee. Nadat hulle uit hulle Babiloniese ballingskap teruggekeer het, het die Jode onderneem om die tempel van die Here te herbou; maar omdat hulle hardnekkige teenstand van hulle vyande ondervind het, het hulle die werk gestaak; en 'n groot droogte wat hulle in werklike armoede gedompel het, het hulle oortuig dat dit vir hulle onmoontlik was om die herbouing van die tempel te voltooi. Hulle het gesê: "Nog het die tyd nie gekom, die tyd dat die huis van die Here gebou moet word nie." Maar die profeet van die Here het 'n boodskap aan hulle gebring: "Is dit vir julleself wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê? Gee ag op wat julle wedervaar het: julle het baie gesaai, maar min ingebring. Ter wille van my huis wat in puin lê." (**Haggai 1:2-9**.) *– Patriarge en Profete, 527:2.*

**19. Waaruit behoort ons God te vereer?** Spreuke 3:9, 10.

**20. Wat word gesê van die siel wat seën?** Spreuke 11:25.

God het mense as Sy rentmeesters aangestel. Die besittings wat Hy in hulle hande toevertrou het, is die middele wat Hy voorsien het vir die verbreiding van die evangelie. Aan diegene wat bewys het dat hulle getroue rentmeesters is, sal Hy 'n groter pand toevertrou. *– Patriarge en Profete, 529:2.*

## *Maak God se Weg Jou Weg*

1. Die tiende behoort aan die Here, dit is Sy rente, en moet gereeld en stiptelik in Sy skathuis inbetaal word. Ons moet Sy eie aan Hom teruggee met blydskap vir Sy liefde teenoor diegene wat Sy genade nie verdien nie. Die evangelie van Christus moet tot aan die uiteindes van die aarde verkondig word, en wanneer mense nalaat om God se rente aan Hom te betaal, is hulle ontroue rentmeesters. *– EG White, Signs of the Times, Januarie 13, 1890.*

2. God maak aanspraak op ‘n tiende van ons inkomste, wat geheel en al gewy moet word aan die onderhouding van diegene wat hulself toelê op die verkondiging van die evangelie. *– EG White, Review and Herald, Mei 9, 1893.*

3. Hulle moet nie, wanneer hulle in die nood beland, geld neem wat bedoel is vir godsdienstige doeleindes, en hulle gewete streel deur te sê dat hulle dit in die toekoms sal terugbetaal nie. Dis beter om jou uitgawes te sny na gelang van jou inkomste, beperk jou begeertes, en leef binne jou vermoëns, liewer as om die Here se geld vir wêreldse doeleindes te gebruik. Hierdie onderwerp word nie beskou soos dit hoort nie. Onder geen voorwendsel moet die geld wat in Gods skathuis inbetaal is, tot voordeel van enigiemand vir sy tydelike sake gebruik word nie. Dit moet slegs aangewend word vir die doel waarvoor dit gegee is. *– EG White, Review and Herald, Mei 23, 1893*
.

4. Diegene wat deel het aan die genade van God behoort nie traag te wees om hulle waardering vir daardie gawe te toon nie. Hulle behoort nie die tiende te beskou as die toppunt van hulle gulhartigheid nie. Daar is van die Jode verwag om, behalwe die tiende, talle offergawes aan God te bring; en sal ons, wat die seëninge van die evangelie geniet, nie net soveel doen om God se saak te ondersteun as wat in die vorige, mindere bevoorregte dispensasie die geval was nie? *– EG White, Review and Herald, Augustus 24, 1886.*

5. Wanneer diegene wat jare lank hulle tiendes teruggehou het, oortuig raak, en bereken en sien hoe groot die bedrag is wat aan God verskuldig is, moet hulle nie moedeloos raak en niks doen om die skuld te delg nie. As jy daartoe in staat is, betaal die volle bedrag, maar as jy nie kan nie, doen jou beste, begin om tiendes te betaal vanaf die eerste van 1890 [blykbaar vanaf die tyd wanneer ons ons verpligting besef, aangesien hierdie die eerste uitgawe van Januarie, 1890 is.] Bely aan die Here dat julle Hom beroof het, en gee julleself in volle oorgawe as ‘n offer aan die Here. Sê vir die Here dat, as Hy dit vir julle moontlik maak, julle jul verpligting teenoor Hom sal nakom, en wat Syne is aan Hom sal terugbesorg. *– EG White, Signs of the Times, Januarie 6, 1890.*

## *Tekste om te Onthou*

Levítikus 27:30
Maleági 3:8-10
Psalm 24:1
Matthéüs 23:23

# LES 105 – JY EN JOU KERK – OPSOMMING VAN EENHEID 14

*En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Matthéüs 16:16-18.*

**Die gemeente is Gods vesting, Sy vrystad, wat Hy in 'n opstandige wêreld behou. Elke verraad van die gemeente is troubreuk teenoor Hom wat die mensdom met die bloed van Sy eniggebore Seun gekoop het. Van die begin af was getroue siele die gemeente op aarde. In elke eeu het die Here Sy wagters gehad wat getrou voor hulle geslag hulle getuienis gelewer het. Daardie wagters het hulle waarskuwingsboodskap gegee; en wanneer hulle geroep is om hulle wapenrusting neer te lê, het ander die werk opgeneem. God het met hierdie getuies 'n verbondsbetrekking aangegaan en het die gemeente op aarde sodoende met die gemeente in die hemel verenig. Hy het Sy engele uitgestuur om Sy gemeente te dien, en die poorte van die hel was nie in staat om Sy volk te oorheers nie.** – *Handelinge van die Apostels, 11:2.*

### *Die Kerk in die Ou Testament*

1. Wie was in die kerk in die woestyn?
2. Deur watter middel is mense voor die kruis gered?
3. Wat beteken "uit genade is julle gered, deur die geloof"?

### *Die Kerk in die Nuwe Testament*

1. Op wie is die kerk van Christus gebou?
2. Wie staan aan die hoof van die Christelike kerk?
3. Noem vyf punte in die beskrywing van die kerk wat Christus voor Homself wil stel, verheerlik.

### *Die Oorblyfselkerk*

1. Gee vier identifiserende kenmerke van die oorblyfselkerk.
2. Toon dat die oorblyfselkerk vandag besig is om Jesaja 58:12 te vervul omdat sy die "hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak" is.
3. Die oorblyfselkerk moet die "getuienis van Jesus" hê. Verduidelik.

### *Die Werk van die Kerk*

1. Vir watter doel is die kerk ingestel, en wat moes die sending daarvan wees?
2. Wat staan bekend as die groot opdrag?

3. Hoe het Christus die apostels vir hulle werk voorberei?
4. Noem vier spesifieke pligte van die kerk.

### *Die Kerk en die Staat*

1. Noem twee redes hoekom Christene die landswette gehoorsaam.
2. Hoe het Christus dit duidelik gemaak dat ons getrou moet wees aan beide God en die nasie?
3. Wat vind uiteindelik plaas wanneer die burgerlike mag God se sfeer binneval?

### *Hoekom by die Kerk Aansluit?*

1. Gee drie redes hoekom ons by die kerk behoort aan te sluit.
2. Daar is talle lidmate wat aan die kerk behoort. Hoeveel kerke?
3. Watter illustrasie het Paulus gebruik om te toon dat daar slegs een kerk is?
4. Wat is die teken van toegang tot God se geestelike koninkryk, of Sy kerk?

### *Eerbied in Gods Huis*

1. Gee drie redes hoekom ons die heilige Skrif moet eerbiedig.
2. Verskaf die twee ontbrekende woorde: "Sy Naam is ____ en ____. Psalm 111:9.
3. Wat maak enigiets heilig?
4. Wat is die primêre doel van Gods huis?

### *Die Verordeninge van Gods Huis*

1. Hoe het Jesus aan Sy dissipels die beginsels onderliggend aan ware grootheid geleer?
2. Watter woorde van Jesus dui daarop dat Hy wou hê dat Sy volgelinge mekaar se voete moes was?
3. Wat het die brood en die wyn by die Nagmaal gesimboliseer?

### *Die Ondersteuning van die Kerk*


1. Wat was, en is nog steeds, God se plan vir die ondersteuning van Sy werk?
2. Het die betaling van tiende sy oorsprong in die wet van Moses gehad? Bewys jou antwoord.
3. Noem vier beloftes wat God aan die betaler van tiende maak.
4. Behalwe die tiende, wat vra God nog van ons?
5. Hoe word die verkondiging van die evangelie vandag ondersteun?

***Eerbied in God se heiligdom was in die ou tyd 'n vereiste net soos dit vandag die geval is.***

# EENHEID 15 – DIE GAWE VAN DIE GEES

**God het in Sy kerk die gawes van die Heilige Gees geplaas, soos in 1 Korinthiërs 12 en Efésiërs 4 opgenoem. Hierdie gawes werk in ooreenkoms met die Goddelike beginsels van die Bybel, en word gegee om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus. Openbaring 12:17; 19:10; 1 Korinthiërs 1:5-7. Die gawe van die gees van profesie is een van die identifiserende kenmerke van die oorblyfselkerk. 1 Korinthiërs 1:5, 7; 12:1, 28; Openbaring 12:17; 19:10; Amos 3:7; Hoséa 12:10, 13. Hierdie gawe is geopenbaar in die lewe en bediening van Ellen G. White.**

“Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.” Romeine 8:14.



# LES 106 – DIE VROEË EN LAAT REËNS

*Bid tot die Here om reën in die tyd van die laat reëns; die Here maak die weerligte, en Hy sal aan hulle ‘n stortreën gee, plante op die veld aan iedereen. Sagaría 10:1.*

**Onder die beeld van die vroeë en die laat reëns wat tydens die saai- en die oestyd in Oosterse lande val, het die Hebreeuse profete voorspel dat die genade van die Gees in buitengewone mate op Gods kerk uitgestort sal word. Die uitstorting van die Gees in die dae van die apostels was die begin van die vroeë reëns, en die gevolge was heerlik. Die teenwoordigheid van die Gees sal tot die einde toe by die ware kerk bly.** – *Handelinge van die Apostels, 54:2.*

**Die Here gebruik hierdie werkinge van die natuur om die werk van die Heilige Gees voor te stel. Soos die dou en die reën gegee word om eerstens die saadjie te laat ontkiem, en dan om die oes te laat ryp word, so is die Heilige Gees gegee om die proses van geestelike groei van een stadium na die volgende voort te sit. Die rypwording van die graan verteenwoordig die voltooiing van die werk van Gods genade in die siel.** – *Testimonies to Ministers, 506:1.*

## *Die Vroeë Reën*

**1. Wat was die doel van die vroeë reën?**

In die Ooste val die vroeë reën tydens die saaityd. Dit is nodig sodat die saadjie kan ontkiem. Onder die invloed van die bevrugtende reën stoot die tere spruit op. – *Testimonies to Miinisters, 506:1.*

**2. Hoekom is die vroeë reën so belangrik?**

Tensy die vroeë reën geval het, sal daar geen lewe wees nie, die groen blaartjie sal nie opstoot nie. Tensy die vroeë reëns hulle werk gedoen het, kan die laat reëns geen saad tot volmaaktheid bring nie. – *Testimonies to Ministers, 506:2.*

**3. Wat is die aanduiding van die begin van die geestelike lewe?** Johannes 3:3, 5.

Die ontkieming van die saad stel die begin van die geestelike lewe voor en die ontwikkeling van die plant is ‘n lieflike beeld van die Christelike opwassing. Soos in die natuur, so ook met genade; sonder groei kan daar geen lewe wees nie. Die plant moet of groei of doodgaan. Net soos dit stil en onsigbaar, dog voortdurend groei, so is die ontwikkeling van die Christelike lewe. – *Gelykenisse van Christus, 65:2.*

**4. Teen watter vreeslike foute word ons gewaarsku?** Efésiërs 4:30; 1 Thessalonicense 5:19.

Talle het in ‘n groot mate nagelaat om die vroeë reëns te ontvang. Hulle het nie al die voordele ontvang wat God dus vir hulle verskaf het nie. Hulle verwag dat die tekort deur die laat reëns voorsien sal word. Wanneer genade ryklik en oorvloedig uitgestort sal word, beplan hulle om hul harte oop te maak om dit te ontvang. Hulle is besig om ‘n verskriklike fout te maak. Daar moet geen verwaarlosing wees van die genade wat deur die vroeë reëns voorgestel word nie. – *Testimonies to Ministers, 507:1.*

**5. Oor watter tydperk sal die seëninge wat met die vroeë reëns gepaard gaan, benodig word?**

Op geen stadium van ons ondervinding kan ons klaarkom sonder die bystand van dit wat ons in staat stel om die eerste tree te neem. Daardie seëninge wat ons onder die vroeë reën ontvang, het ons tot aan die einde nodig. – *Testimonies to Ministers, 507:2.*

**6. Hoe word die ondervinding op die Pinksterdag geïdentifiseer?** Handelinge 2:16-18.

Die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag was die vroeë reën, maar die laat reën sal nog oorvloediger wees. – *Gelykenisse van Christus, 121:1.*

**7. Watter voorbereidings is deur die dissipels getref soos hulle gewag het op die ontvangs van die Heilige Gees op die Pinksterdag?** Handelinge 1:14; 2:1.

Dit was deur die belydenis en versaking van sonde, deur ernstige gebed en die toewyding van hulleself aan God, dat die vroeë dissipels voorberei het vir die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag. – *Testimonies to Ministers, 507:1.*

## *Die Laat Reëns*

**8. Wat is die profeet Sagaría se raad in die tyd van die laat reëns?** Sagaría 10:1.

Moenie tevrede wees dat die reën wel sal val in die gewone verloop van die seisoen nie. Vra daarvoor. Die groei en volmaaktheid van die saad berus nie by die landbouer nie. Slegs God kan die oes laat ryp word. Ons moet Sy gunste met die hele hart nastreef as ons die stortreëns van genade wil ontvang. – *Testimonies to Ministers, 508:1.*

**9. Wat is God se aangewese geleenthede vir die uitstorting van die vroeë en laat reëns?** Handelinge 2:1-4; Hebreërs 10:25.

Die byeenkoms van die gemeente, soos in kampvergaderings, die samekoms van die huiskerk, en alle geleenthede waar daar persoonlike arbeid vir siele is, is God se aangewese geleenthede vir die uitstorting van die vroeë en die laat reëns. – *Testimonies to Ministers, 508:1.*

**10. Vir watter geleentheid berei die laat reëns die kerk voor?** Openbaring 14:14-16.

Die laat reëns wat die aarde se oes laat ryp word, verteenwoordig die geestelike genade wat die kerk voorberei vir die Seun van die mens se wederkoms. – *Testimonies to Ministers, 506:2.*

**11. Noem twee ondervindings wat nodig is sodat ons die laat reëns kan ontvang in die "tye van verkwikking."** Handelinge 3:19.

a. Kom tot inkeer.
b. Bekeer (julle).

**12. Wanneer sal die laat reëns op ons val, soos die vroeë reëns op die eertydse dissipels op die Pinksterdag geval het?**

Nie een van ons sal ooit die seël van God ontvang terwyl daar een vlek of rimpel op ons karakters is nie. Dit word aan ons oorgelaat om die tekortkominge in ons karakters reg te stel, om die sielstempel te reinig van elke verontreiniging. Dan sal die laat reëns val. – *Testimonies, vol. 5, 214:2.*

**13. Wat is die verhouding tussen die laat reëns en die tyd van benoudheid?** Joël 2:21-32.

Dit is die laat reëns wat hulle [die getroue kinders van God] versterk en met nuwe moed besiel om die tyd van benoudheid deur te maak. – *Testimonies, vol. 1, 353:3.*

**14. Wanneer God se volk die laat reëns ontvang, vir watter ander groot geestelike gebeurtenis sal hulle toegerus word?**

Diegene wat aan al die eise voldoen, en elke toets deurstaan, en oorwin, wat ook al die prys, het ag geslaan op die onomwonde getuienis van die Waaragtige Getuie, en hulle sal die laat reëns ontvang, en sal dus toegerus wees om na die hemel opgeneem te word. – *Testimonies, vol. 1, 187:1.*

## *Het Jy Geweet?*

1. Die uitstorting van die Gees in die tyd van die apostels was die "vroeë reën," met heerlike gevolge. Maar die "laat reën" sal nog oorvloediger wees. – *Koning van die Eeue, 827:2.*

2. Wanneer die laat reëns uitgestort word, sal die kerk bemagtig word vir sy werk; maar die kerk as geheel sal dit nooit ontvang totdat sy lidmate nydigheid, kwade verdenking, en kwaadpratery onder hulle uit verwyder nie. Diegene wat hierdie sondes koester, ken nie die salige ondervinding van liefde nie; hulle is nie bewus van die feit dat die Here hulle toets en hulle liefde vir Hom beproef deur die houding wat hulle teenoor mekaar inslaan nie. – *EG White, Review and Herald, Oktober 6, 1896.*

3. Diegene wat in die lig volg, hoef nie te vrees dat hulle nie deur die Heilige Gees gedoop sal word tydens die uitstorting van die laat reëns nie. Sou ons die lig ontvang vanaf die glorieryke engel wat die aarde deur sy heerlikheid verlig, laat ons sorg dat ons harte gereinig is, van die self geledig, en hemelwaarts gedraai, sodat hulle gereed mag wees vir die laat reëns. – *EG White, Signs of the Times, Augustus 1, 1892.*

4. Ek het gesien dat niemand kan deel in die "verkwikking" tensy hy die oorwinning behaal oor elke swakheid, hoogmoed, selfsug, liefde vir die wêreld, en oor elke verkeerde woord en daad nie. – *Eerste Geskrifte, 71:2.*

5. Soos die derde engel se boodskap uitbrei tot 'n luide geroep, en soos groot krag en heerlikheid gepaard gaan met die sluitingswerk, sal God se getroue volk deel hê aan daardie heerlikheid. Dit is die laat reëns wat hulle verkwik en versterk om die tyd van benoudheid te deurstaan. Hulle gelate sal blink met die heerlikheid van daardie lig van die derde engel. – *Testimonies, vol. 1, 353:3.*

## *Tekste om te Onthou*

Sagaría 10:1

Handelinge 3:19

## *Definieer of Identifiseer*

Onmerkbaar

"Die vroeë reëns"

"Die laat reëns"

# LES 107 – DIE GAWES EN VRUG VAN DIE HEILIGE GEES

*En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. 1 Korinthiërs 12:1.*

**Toe die Heiland gesê het: "Gaan … maak dissipels van al die nasies," het Hy ook gesê: "En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Markus 16:17, 18. Die belofte is net so verreikend as die opdrag. Nie dat al die gawes aan elke gelowige uitgedeel word nie. Dit is gawes wat die Heilige Gees "aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil." 1 Korinthiërs 12:11. Maar die gawes van die Heilige Gees word aan elke gelowige belowe na gelang van sy behoeftes in die werk van die Here. Die belofte is vandag nog net so kragtig en betroubaar soos in die dae van die apostels.** – *Koning van die Eeue, 823:2.*

## *Die Gawes*

**1. Wanneer en deur wie is die gawes van die Gees geskenk?** Efésiërs 4:7, 8.

"Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee." Efésiërs 4:8, 7. "Maar aan elkeen van ons is gegee volgens die mate van die gawe van Christus," terwyl die Gees "aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil." 1 Korinthiërs 12:11. Die gawes is reeds ons s'n in Christus, maar die eintlike inbesitneming hang van ons ontvangs van die Gees af. – *Gelykenisse van Christus, 327:2.*

**2. Wat is die doel van die gawes van die Gees?** 1 Korinthiërs 12:7; Efésiërs 4:12, 13.

a. "Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk."
b. "Tot opbouing van die liggaam van Christus."
c. "Totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof."
d. "Totdat ons almal kom tot die eenheid … van die kennis van die Seun van God."
e. "Totdat ons almal kom … tot 'n volwasse man."
f. "Totdat ons almal kom tot die mate van die volle grootte van Christus."

Toe ons Heiland Sy dienaars uitstuur, het Hy aan hulle gawes geskenk, want deur hulle dra Hy aan die wêreld die woorde van die ewige lewe oor. Hierdie gawes is die middel wat God bestem het om die heiliges toe te rus met kennis en ware heiligheid. – *Testimonies, vol. 5, 237:4.*

3. Die gawes van die Gees is:

**Soos opgeteken in 1 Korinthiërs 12**

a. “Apostels”
b. “Profete”
c. “Leraars”

God het sommige in die Gemeente gestel.

d. “Kragte”
e. “Genadegawe van Gesondmaking”
f. “Helpers”
g. “Regeringe”
h. “Allerhande tale”
i. “Uitleg van tale”
j. “Woord van wysheid”
k. “Woord van kennis”
l. “Geloof”
m. “Werkinge van kragte”
n. “Onderskeiding van die geeste”

**Soos opgeteken in Effesiers 4**

a. “Apostels”
b. “Profete”
c. “Evangeliste”
d. “Herders”
e. “Leraars”

**4. Net soos die talente, vermeerder God se “gawes” wanneer hulle gebruik word.** Matthéüs 25:14-30.

As die gawes tot seën van andere gebruik word, word hulle meer. As hulle vir selfdiens gebruik word, word hulle minder en uiteindelik heeltemal weggeneem. Hy wat weier om te gee wat hy ontvang het, sal eindelik ontdek dat hy niks het om te gee nie. – *Gelykenisse van Christus, 364:1.*

**5. Wat behoort ons houding te wees teenoor geestelike gawes?** 1 Korinthiërs 12:31; 14:1.

## *Vrug van die Gees*

**6, Die “vrug van die Gees” is ‘n vrug met nege aspekte.** Galásiërs 5:22, 23.

a. “Liefde”
b. “Blydskap”
c. “Vrede”
d. “Lankmoedigheid”
e. “Vriendelikheid”
f. “Goedheid”
g. “Getrouheid”
h. “Sagmoedigheid”

i. “Selfbeheersing”

**7. Hoe word hierdie vrug in die lewe ontwikkel?**

Die volmaakte vrug van die geloof, sagmoedigheid en liefde, kom dikwels te midde van onweerswolke en duisternis die beste tot volle wasdom. … Dikwels wanneer ons om die bevallighede van die Gees bid, werk God om ons gebede te beantwoord, deur ons in omstandighede te plaas wat hierdie vrugte laat ontwikkel; maar ons verstaan nie Sy doel nie, en ons wonder en is ontstel.

Tog kan niemand hierdie bevallighede op ‘n ander manier as deur groei en vrugte dra, aankweek nie. Ons aandeel is om Gods Woord te ontvang en daaraan vas te hou terwyl ons ons geheel en al daaraan onderwerp. Dan sal Sy doel in ons verwesenlik word. – *Gelykenisse van Christus, 61:1, 2.*

**8. Watter illustrasie het Jesus gebruik om die dra van vrugte duidelik te maak?** Matthéüs 7:16-20; Johannes 15:1, 2.

**9. Wat is absoluut noodsaaklik vir die dra van vrugte deur die Christen?** Johannes 15:4.

Daar is ‘n groot verskil tussen ‘n sogenaamde eenheid en ‘n ware verbinding met Christus deur geloof. ‘n Belydenis van die waarheid plaas mense in die kerk, maar dit bewys nie dat hulle ‘n lewende verbinding met die lewende Wynstok het nie. Daar is ‘n reël waarvolgens die ware dissipel onderskei mag word van diegene wat daarop aanspraak maak om Christus te volg, maar wat geen geloof in Hom het nie. Die een klas dra vrugte, die ander, nie. Die een word dikwels aan God se snoeiskêr onderwerp sodat hulle meer vrugte mag voortbring; die ander, soos verdroogte takke, sal weldra uit die lewende Wynstok uitgewerp word. – *Testimonies, vol. 5, 228:5.*

***Soos reën uit die hemel kom die Heilige Gees om die harte van Gods kinders nat te maak.***

**10. Hoekom het Jesus Sy dissipels (en ons) aangespoor om “veel vrug” te dra?** Johannes 15:8.

Die vrugte wat ons dra is die enigste toets van die karakter van die boom voor die wêreld. *Dit is die bewys van ons dissipelskap*. Sou ons werke van so ‘n aard wees dat ons, as takke van die lewende Wynstok, groot trosse kosbare vrugte dra, dan toon ons aan die wêreld dat ons seuns en dogters van God is. Ons is lewende sendbriewe, bekend aan, en gelees deur alle mense. – *Testimonies, vol. 5, 348:2.*

**11. Wat is die verhouding tussen die dra van die vrug van die Gees en Christus se wederkoms?**

Dit is die voorreg van elke Christen, nie net om na die koms van die Here Jesus Christus uit te sien nie, maar ook om dit te verhaas. (2 Petrus 3:12.) As almal wat Sy Naam bely vir Sy verheerliking vrugte sou dra, hoe gou sou die hele wêreld nie met die evangeliesaad besaai wees nie. Die laaste groot oes sou spoedig ryp wees en Christus sou kom om die kosbare graan in te samel. – *Gelykenisse van Christus, 69:2.*

1. “Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.” Galásiërs 5:22. Hierdie vrug kan nooit vergaan nie, maar sal volgens sy soort ‘n oes lewer wat die ewige lewe meebring. – *Gelykenisse van Christus, 68:1.*

2. Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, en vrede. Tweedrag en stryd is die werk van Satan en die vrug van sonde. Indien ons as 'n volk vrede en liefde wil geniet, moet ons ons sondes opsy sit; ons moet in ooreenstemming met God kom, en ons sal in ooreenstemming met mekaar wees. – *Testimonies, vol. 5, 169:3.*

3. God het 'n kerk, en dié het 'n Goddelike bediening. Die Here het Sy aangestelde verteenwoordigers, en 'n kerk wat deur vervolging, konflik, en duisternis gegaan het. Jesus het die kerk liefgehad, en het Homself daarvoor geoffer, en Hy sal dit verkwik, reinig, veredel, en verhef, sodat dit sal vasstaan te midde van die verderflike invloede van hierdie wêreld. Mense wat deur God aangestel is, is uitgekies om met ywerige sorg, met waaksame deursettingsvermoë toe te sien dat die kerk nie deur die bose misleidings van Satan omvergewerp sal word nie, maar dat Sy kerk in die wêreld sal staan om die heerlikheid van God onder die mense te bevorder. Daar sal altyd 'n bitter stryd tussen die kerk en die wêreld wees. Die denke van een teen die denke van die ander, beginsel teen beginsel, waarheid teen dwaalleer; maar in die krisis op hande, wat reeds begin het, moet die manne met ondervinding hulle God-aangewese werk verrig, en waak oor siele soos een wat verantwoording moet doen. – *Testimonies to Ministers, 52:2, 3.*

4. Die doel van die gawes was om die heiliges tot die eenheid van die geloof en van die kennis te bring. Sommige wat hulle vandag uitgee as herders en leraars betoog dat hierdie gawes hulle doel volkome bereik het sowat agtienhonderd jaar gelede, en dat hulle opgehou het. Hoekom doen hulle dan nie afstand van hulle titels as herders en leraars nie? As die amp van profeet deur hierdie teks beperk is tot die vroeë kerk, dan geld dit ook vir die van evangelis, en al die ander; want daar word geen uitsondering gemaak nie. – *Eerste Geskrifte, 139:3.*

5. God se doel vir Sy kinders is dat hulle sal opwas tot volwasse manne en vroue, tot die mate van die volle grootte van Christus. Om dit te bereik, moet hulle die regte gebruik maak van elke vermoë van siel, en liggaam en gees. Hulle kan nie bekostig om enige verstandelike of liggaamlike krag te verkwis nie. – *Testimonies, vol. 9, 153:2.*

## *Tekste om te Onthou*

1 Korinthiërs 12:1, 28

Efésiërs 4:8, 12

Galásiërs 5:22, 23

# LES 108 – DIE GEES VAN PROFESIE

*Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie. Openbaring 19:10.*

**Dit was Christus wat deur die profete tot Sy volk gespreek het. In sy sendbrief aan die Christelike gemeente sê die apostel Petrus dat die profete "geprofeteer het oor die genade wat vir hulle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. 1 Petrus 1:10, 11. Dit is die stem van Christus wat deur die Ou Testament tot ons spreek. "Die getuienis van Jesus is die gees van profesie." Openbaring 19:10.** – *Patriarge en Profete, 366:3.*

## *Oorsprong en Doel van die Gees van Profesie*

**1. Waarvandaan kom profesie?** 2 Petrus 1:21.

**2. Wat is die doel van profesie?** Johannes 13:19; 14:29; 16:4.

Die profesieë wat die groot EK IS in Sy Woord uiteengesit het, deur skakel na skakel in die profetiese ketting aanmekaar te smee, van die ewige verlede tot die ewige toekoms, vertel ons waar ons vandag in die optog van die eeue is, en wat in die komende tyd verwag kan word. – *Prophets and Kings, 536:3.*

**3. Was Christus se evangelieboodskap op die profesieë gegrond?** Matthéüs 4:12-17; Markus 1:14, 15.

Die hooftema van Christus se prediking was: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom." **Markus 1:15**. So het die evangelieboodskap wat die Heiland self verkondig het, op die profesieë berus. Die "tyd" [**sien Daniël 9:24-27**] wat Hy gesê het vervul is, was die tydperk wat deur die engel Gabriël aan Daniël bekend gemaak is. – *Koning van die Eeue, 233:1.*

**4. Was daar profete in die tyd van die Nuwe Testament?** Lukas 7:28; Handelinge 11:28; 21:9, 10; Openbaring 1:1-3.

## *In die Oorblyfselkerk*

**5. Bewys uit die Skrif dat die oorblyfselkerk die gees van profesie sal hê.** Openbaring 12:17; 19:10.

**6. Hoekom het God in Sy genade die Getuienisse van die gees van profesie aan die kerk gegee?**

As julle Gods Woord bestudeer het, met 'n begeerte om die Bybelse standaard te bereik en die algehele oorwinning te behaal, sou julle nie die Getuienisse benodig het nie. Dit is omdat julle nagelaat het om julle op hoogte met God se geïnspireerde Woord te stel dat Hy getrag het om julle deur eenvoudige, direkte getuienisse te bereik, terwyl Hy julle aandag vestig op die woorde van ingewing wat julle nagelaat het om te gehoorsaam,

en julle aanmoedig om jul lewens te vorm in ooreenstemming met die rein en verhewe leeringe van die Bybel. *– Testimonies, vol. 2, 605:1.*

**7. Dui aan wat die doel is van die gees van profesie in die oorblyfselkerk.** 1 Korinthiërs 12:4-8.

**a. Om te waarsku, tereg te wys, voor te lig.**

Die Here is van voorneme om julle te waarsku, tereg te wys en voor te lig deur middel van die getuienisse wat gegee is, en om ‘n indruk op julle gedagtes te maak rakende die belangrikheid van die waarheid van Sy woord. *– Testimonies, vol. 2, 605:2.*

Sien die volgende vir verwysings wat hierdie punt illustreer:

Testimonies, vol. 1, 426 – 437
Testimonies, vol. 2, 625 – 631
Testimonies, vol. 2, 243 – 253
Testimonies, vol. 2, 259 – 261.

**b. Nie om bykomende waarheid of nuwe lig te gee nie.**

Die skriftelike getuienisse moet nie nuwe lig gee nie, maar die ingegewe waarhede wat reeds daarin geopenbaar is, moet ‘n indruk maak op die hart. Bykomende waarheid word nie geopenbaar nie. *– Testimonies, vol. 2, 605:2.*

**c. Nie om die plek van die Bybel in te neem nie.**

Die Getuienisse is nie gegee om die plek van die Bybel in te neem nie. *– Testimonies, vol. 5, 663:1.*

**d. Nie om die Bybel te verklein nie, maar om dit te verhef.**

Die Getuienisse moet nie die woord van God verklein nie, maar moet dit verhef en aantreklik maak sodat die lieflike eenvoud daarvan ‘n indruk op almal kan maak. *– Testimonies, vol. 5, 665:2.*

**e. Om eenheid in die kerk mee te bring;** Gods volk sal eens met mekaar wees.

God is van voorneme dat Sy volk ‘n eenheid sal wees, dat hulle met mekaar eens sal wees; eensdenkend, met dieselfde oordeelkundigheid. Dit kan nie bereik word sonder ‘n duidelike, ter sake, lewende getuienis nie. *– Testimonies, vol. 3, 361:3.*

**f. Om God se boodskap oor te dra aan ‘n wêreld in nood.**

Daar is aan my ook die plegtige opdrag gegee om die Here se boodskap getrou oor te dra, sonder om onderskeid tussen vriende en vyande te tref. *– Testimonies, vol. 5, 677:1.*

**g. Om diegene wat rebels is van Israel te skei.**

Die onomwonde getuienis moet opnuut onder die aandag gebring word, en dit sal diegene van Israel skei wat nog altyd oorlog gevoer het teen die middele wat God verordineer het om verdorwenheid uit die kerk te hou. *– Testimonies, vol. 3, 324:1.*

## *Het Jy Geweet?*

1. God gee voldoende bewys vir die eerlike mens om te glo, maar die persoon wat wegdraai van die baie bewyse omdat daar ‘n paar dinge is wat hy met sy beperkte begrip nie kan insien nie, sal in die koue, kille atmosfeer van ongeloof en knaende twyfel agtergelaat word, en sal in die geloof skipbreuk ly. – *Testimonies, vol. 4, 232:1; 5, 675:3.*

2. Sou jy net so veilig voel om jou eie impulse te volg as om die lig te volg wat deur God se gedelegeerde dienaar gegee is, stel jy jouself in gevaar en jy sal verdoem word omdat jy die lig wat die hemel vir jou gestuur het, verwerp het. – *Testimonies, vol. 5, 688:1.*

3. Dit is Satan se plan om Gods volk se geloof in die Getuienisse te verswak. Daarna volg ongelowigheid rakende die belangrike punte van ons geloof, die pilare van ons posisie, en dan twyfel met betrekking tot die heilige Skrifte, gevolg deur die afdraande pad na die verderf. Wanneer die Getuienisse, wat mense eens geglo het, betwyfel en prysgegee word, weet die Satan dat diegene wat mislei is nie hier sal ophou nie; en hy verdubbel sy pogings totdat hy hulle tot openlike opstand aangehits het, wat dan ongeneeslik word en in vernietiging eindig. – *Testimonies, vol. 4, 211:1.*

## *Tekste om te Onthou*

Markus 1:14, 15

2 Petrus 1:21

Johannes 13:19

Openbaring 19:10

## *Definieer of Identifiseer*

Ewigheid

Ingewing

Profesie

Oorblyfsel

# LES 109 – DIE SONDE WAT NIE VERGEWE SAL WORD NIE

*Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. Matthéüs 12:31.*

**Dit is deur die Gees wat God harte aanraak; as 'n mens die Gees opsetlik verwerp en aan die Satan toeskryf, sluit hy die kanaal af waardeur God met hom gemeenskap kan hou. As die Gees eers finaal verwerp is, is daar niks meer wat God vir die siel kan doen nie. Dit is nie die Here wat mense se oë verblind of hulle harte verhard nie. Hy stuur die mens lig om sy foute te besef en om hom op 'n veilige weg te lei; dit is wanneer hierdie lig verwerp word dat die oë verblind en die hart verhard word. Die proses is dikwels geleidelik en ongemerk. Lig bereik die siel deur die Woord van God, deur Sy dienaars, of die regstreekse invloed van die Heilige Gees; maar as een ligstraal veronagsaam word, word die geestelike insig gedeeltelik verstomp en word die tweede openbaring van lig minder duidelik bespeur. So neem die duisternis toe totdat nag in die siel heers.** – *Koning van die Eeue, 322:0, 2.*

## *Wat die Onvergeeflike Sonde Nie is Nie*

**1. Dit is nie noodwendig moord of egbreuk nie. (Dawid se geval – hy het gesondig, maar is vergewe.)**

1a. "Ek het gesondig." 2 Samuel 12:13.
1b. "My sonde het ek aan U bekend gemaak. U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe." Psalm 32:5.

**2. Dit mag nie noodwendig vloekery en leuens wees nie. (Petrus se geval – Christus verloën, maar is vergewe.)**

2a. "Toe begin hy [Petrus] homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie." Matthéüs 26:74.
2b. "Gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus [van Jesus se afspraak met hulle in Galiléa]." Markus 16:7.

Drie maal het Petrus sy Here openlik verloën en drie maal het Jesus aangedring op die versekering van sy liefde en trou, met 'n vraag wat soos 'n dolk in sy gewonde hart was. [Sien Johannes 21:15-17.] Voor die ander dissipels het Jesus die diepte van Petrus se berou blootgelê en hulle gewys hoe terdeë die eens grootpraterige dissipel nou verneder was. – *Koning van die Eeue, 812:2.*

## *God se Gewilligheid om te Vergewe*

**3. Hoe gewillig is God om elke sondaar te vergewe?** Psalm 86:5.

**4. Watter taal gee uiting aan God se begeerte dat sommige nie moet vergaan nie?** Eségiël 33:11; Johannes 3:16; 2 Petrus 3:9.

## *Wat die Onvergeeflike Sonde Wel is*

**5. Die onvergeeflike sonde is –**

**5a. "Die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie."** Matthéüs 12:31.
**5b. Om die Heilige Gees te bedroef. "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie."** Efésiërs 4:30.
**5c. Om voort te gaan in sonde nadat jy bewus is van die waarheid.** "Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie" [Hebreërs 10:26], omdat God se Gees nie vir ewig in die mens sal heers nie. "My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie." Génesis 6:3.

## *Hoe die Onvergeeflike Sonde Gepleeg Word*

**6. Die volgende is kenmerkend van God se handelinge met ons:**

**6a. God se Heilige Gees bearbei almal:**
Jesus, "die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan die kom in die wêreld." Johannes 1:9. [Vergelyk met Lukas 4:18.]
"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." Openbaring 22:17.
"Die gesuis van 'n sagte koelte" [1 Konings 19:12], wat sê: "Dit is die weg, wandel daarop!" [Jesaja 30:21].

**6b. Maar as ons die Heilige Gees se stem verwerp:**
"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie." Spreuke 28:13.
"Leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die Here nie wil hoor nie." Jesaja 30:9.
"O Jerusalem, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!" Matthéüs 23:37.
"Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde. Jakobus 4:17.

**6c. Dan raak die hart verhard:**
"Die Egiptenaars en Farao (het) hulle hart verhard." 1 Samuel 6:6.
"Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie." Psalm 95:8; Hebreërs 3:15.
"En alhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie." Johannes 12:37.

**6d. Dan is dit te laat:**
"Hulle het die boodskappers van God uitgelag en sy woorde verag en met sy profete gespot, totdat daar geen genesing meer was nie." 2 Kronieke 36:16.
"Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan! Hoséa 4:17.
"As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan." Lukas 16:31.

**6e. Die gevolg is dat die sondaar homself bevind waar God se stem hom nie meer kan bereik nie:**
Daar is geen manier wat God met ons kan praat as ons alle moontlikhede dwarsboom nie. [Sien 1 Samuel 28:6.]
"Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk, maar die einde daarvan is die weë van die dood." Spreuke 14:12.
"Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel." Spreuke 28:9.

**7. Die volgende persone is voorbeelde van diegene wat hulself bevind het waar God se stem hulle nie meer kon bereik nie:**
**Saul…** "God het van my gewyk en antwoord my nie langer nie." 1 Samuel 28:15.

**Efraim…** “Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan! Hoséa 4:17.
**Judas…** “Hy (het) dadelik uitgegaan. En dit was nag.” Johannes 13:30. Maar die laaste liefdesberoep het op dowe ore geval. Judas se lot was toe beslis en die voete wat Jesus gewas het, het uitgestap om sy verraad te gaan pleeg. – Koning van die Eeue, 720:3.

## *Hoe Kan Ons Weet?*

**8. Hoe kan ‘n sondaar weet of hy te ver gegaan het?** Efésiërs 4:19; Hebreërs 10:26.

Solank ‘n mens dié weg volg [“deur Christus te verwerp; deur die uitnodiging van genade te weier,” p. 324.4], kan hy geen hoop op vergifnis vind nie en eindelik sal hy alle begeerte verloor om met God versoen te raak. *Koning van die Eeue, 325:0.*

Solank daar ‘n innige begeerte is om na God terug te keer, en nie net ‘n “verskriklike verwagting van oordeel” nie [**Hebreërs 10:27**], sal God se Gees steeds met die hart streef, en daar is steeds die geleentheid om na die huis van die hemelse Vader terug te keer.

## *Het Jy Geweet?*

1. Die boek van die lewe bevat al die name van almal wat hulle aan die diens van die Here gewy het. Indien enigeen van hulle van Hom afdwaal en deur hardnekkige volharding in die sonde uiteindelik teen die invloede van die Heilige Gees verhard word, sal hulle name in die oordeel uit die boek van die lewe uitgewis word en hulle sal aan die verderf oorgegee word. – *Patriarge en Profete, 326:3.*

2. God werk deur die openbaring van Sy Gees om die sondaar te bestraf en te oortuig, en indien die werk van die Gees uiteindelik verwerp word, kan God vir die siel niks meer doen nie. Die laaste redmiddel van die genade van God is reeds opgebruik. Die oortreder het hom van God verwyder, en die sonde het geen middel om sigself mee te genees nie. Daar is geen bykomende krag waarmee God kan werk om die sondaar te oortuig en tot inkeer te bring nie. Die Goddelike bevel lui: “Laat hom staan!” [Hosea 4:17]. Dan “bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar ‘n verskriklike verwagting van oordeel en ‘n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer” [Hebreërs 10:26, 27]. – *Patriarge en Profete, 405:1.*

3. Wat die sonde ook mag wees, as die siel hom bekeer en glo, word die skuld afgewas in die bloed van Christus; maar hy wat die werk van die Heilige Gees verwerp, plaas hom in ‘n posisie waar bekering en geloof hom nie kan bykom nie. Dit is deur die Gees wat God harte aanraak; as ’n mens die Gees opsetlik verwerp en aan die Satan toeskryf, sluit hy die kanaal af waardeur God met hom gemeenskap kan hou. As die Gees eers finaal verwerp is, is daar niks meer wat God vir die siel kan doen nie. – *Koning van die Eeue, 322:0.*

4. Satan wil graag hê dat ons moet glo dat ons die onvergeeflike sonde gepleeg het. Dan is ons in sy mag en hy kan met ons maak soos hy goeddink. Maar ons kan verseker wees dat, solank ons die sonde wil bely en gered wil word, het ons nie die onvergeeflike sonde gepleeg nie.

## *Tekste om te Onthou*

Spreuke 14:12; Hebreërs 10:26; Matthéüs 12:31; Jakobus 4:17

## *Definieer of Identifiseer*

Teenstander; Godslastering; Openbaarmaking

# LES 110 – DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

*En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing. Efésiêrs 4:30.*

**Wanneer die Heilige Gees op die menslike werktuig werk, vra Hy ons nie op watter manier Hy behoort te werk nie. Dikwels beweeg Hy op onverwagte maniere. Christus het nie gekom soos die Jode verwag het nie. Hy het nie gekom op 'n manier wat hulle as 'n nasie verheerlik het nie. Sy voorloper het gekom om die weg vir Hom voor te berei deur op die mense 'n beroep te doen om hulle sondes te bely, te bekeer, en hulle te laat doop. Christus se boodskap was, "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." [Markus 1:15.] Die Jode het geweier om Christus te aanvaar, omdat Hy nie gekom het in ooreenstemming met hulle verwagtinge nie. Die idees van sterflinge is as onfeilbaar beskou, as gevolg van hul gryskoppe. Dit is die gevaar waaraan die kerk nou blootgestel is - dat die uitvindings van sterflinge sal aandui presies hoe die Heilige Gees sal kom. Hulle is nie bereid om hulle eie geregtigheid, wat ongeregtigheid is, te ruil vir die geregtigheid van Christus, wat suiwer, onvervalste waarheid is nie. Die Heilige Gees vlei geen mens nie, ook werk Hy nie in ooreenstemming met dit wat enige mens uitdink nie. Wanneer Hy sal kom as 'n teregwyser, deur middel van enige menslike werktuig wat God sal kies, is dit die mens se plig om Hom te hoor en Sy stem te gehoorsaam.** – *Testimonies to Ministers, 64:2, 3.*

## *Die Gees en Diegene wat met die Gees Gevul is*

**1. Watter ander name word vir die Heilige Gees gebruik?**

a. "Die Gees van God." Exodus 31:3; 1 Samuel 10:10.
b. "Die Gees van die Here." 1 Samuel 16:14.
c. "Die Gees." Lukas 4:1.
d. "Die Trooster." Johannes 14:26; 15:26.
e. "Die Gees van die waarheid." Johannes 14:17; 15:26.
f. 'Die Gees van Christus." 1 Petrus 1:11.

**2. Sommige individue is met die Heilige Gees gevul:**

a. Besáleël – "Ek het hom vervul met die Gees van God." Exodus 31:2, 3.
b. Saul [seun van Kis] – "Die Gees van God het oor hom vaardig geword." 1 Samuel 10:10.
c. Sagaría – "Vervul met die Heilige Gees." Lukas 1:67.
d. Símeon – "Die Heilige Gees was op hom." Lukas 2:25.
e. Jesus – "Vol van die Heilige Gees." Lukas 4:1.
f. Petrus – "Vervul met die Heilige Gees." Handelinge 4:8.
g. Stéfanus – "Vol van die Heilige Gees." Handelinge 6:5; 7:55.
h. Bárnabas – "Vol van die Heilige Gees." Handelinge 11:22-24.
i. Saulus [Paulus] – "Vervul met die Heilige Gees." Handelinge 13:9.

**3. Wat het die Heilige Gees gedoen vir of met die volgende?**

a. Besáleël. Exodus 31:2-5.
b. Bíleam. Númeri 23:5-24; 24.
c. Gídeon. Rigters 6:34; 7:22.
d. Simson. Rigters 15:14.
e. Saul, seun van Kis. 1 Samuel 10:6.
f. Símeon. Lukas 2:25-32.
g. Petrus. Handelinge 4:8-12.
h. Stéfanus. Handelinge 7:55, 56.
i Saulus [Paulus]. Handelinge 13:9-12.

Dit is baie duidelik dat die Gees van God Homself op verskeie maniere by verskeie geleenthede in verskillende individue openbaar, met verskillende gevolge.

**4. As God, deur Sy Gees, besit neem van 'n individu en hom gebruik, is daardie individu daardeur verseker van sy verlossing?** 1 Samuel 16:14; 1 Kronieke 10:13, 14.

## *Werk van die Heilige Gees*

**5. Noem vier dinge wat die Trooster of die Gees sou doen, volgens Jesus.** Johannes 14:26; 16:13.

a. "Sal julle alles leer."
b. "Sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."
c. "Sal julle in die hele waarheid lei."
d. "Sal die toekomstige dinge aan julle verkondig."

**6. In watter verhouding staan die Heilige Gees tot Christus?** Johannes 15:26.

**7. Hoekom moes die dissipels in die stad Jerusalem bly?** Lukas 24:49.

**8. Wat, volgens dit wat Jesus vir Sy volgelinge gesê het, sou hulle doen "wanneer die Heilige Gees oor julle kom"?** Handelinge 1:8.

**9. Watter eerste stap in die lewe van 'n Christen word deur die Heilige Gees teweeggebring?** Johannes 3:5.

**10. As ons die seuns van God is, watter verhouding behoort ons met die Heilige Gees te hê?** Romeine 8:14.

**11. Watter kenmerke word in die Gees-gevulde lewe gesien?** Galásiërs 5:22, 23.

**12. Waar woon Gods Gees op aarde?** 1 Korinthiërs 3:16, 17; 6:19, 20.

**13. Op watter manier help die Heilige Gees ons in gebed?** Romeine 8:26.

**14. Hoe het Jesus duiwels uitgedryf?** Matthéüs 12:28.

**15. Op wie se voorstel het die kerk op Antiochíë vir Paulus en Bárnabas afgesonder vir evangeliewerk?** Handelinge 13:2.

**16. Watter finale woord spreek die Gees tot die mens?** Openbaring 22:17.

**17. Ander dinge wat die Heilige Gees sal doen:**

a. En ons kan nie eers bekering vind sonder die Gees van God nie. – Koning van die Eeue, 175:4.
b. As die Gees van God van die hart besit neem, herskep Hy die lewe. – Koning van die Eeue, 173:1.
c. Die sonde kan alleenlik deur die magtige werking van die derde persoon van die Godheid weerstaan en oorwin word, want Hy sou nie in beperkte mate kom nie, maar in die volheid van die Goddelike krag. – *Koning van die Eeue, 671:2.*
d. Dit is die Gees wat bevestig wat deur die wêreld se Verlosser bewerkstellig is. – *Koning van die Eeue, 671:2.*
e. Dit is deur die Gees wat die hart rein gemaak word. Deur die Gees word die gelowige 'n deelgenoot aan die Goddelike natuur. – *Koning van die Eeue, 671:2.*



Geen skoonheid op aarde kan vergelyk met dit van 'n lewe wat die vrug van die Gees dra nie.

## *Het Jy Geweet?*

1. Die keurigste voortbrengsels van die kuns het geen skoonheid wat vergelyk kan word met 'n mooi karakter nie, en dit is die vrug van die werking van die Heilige Gees in die siel. – *Testimonies, vol. 7, 143:4.*

2. Die grootheid van God is vir ons onbegryplik. "Die troon van die Here is in die hemel" (Psalm 11:4); tog is Hy deur Sy Gees orals teenwoordig. Hy het 'n intieme kennis van en 'n persoonlike belang by al die werke van Sy hand. – *Opvoeding, 132:2.*

3. Hoekom is die geskiedenis van die werk van die dissipels opgeteken, soos hulle, besiel deur die Heilige Gees, met heilige ywer gearbei het, as dit nie so is dat Gods volk vandag daardeur geïnspireer kan word om ernstig vir Hom te werk nie? Dit is nou nog belangriker dat die Here vandag vir Sy volk doen wat Hy destyds vir hulle gedoen het. Alles wat die apostels gedoen het, behoort elke lidmaat van die kerk vandag te doen. En ons moet meer ywerig werk om in 'n groter mate deur die Heilige Gees vergesel te word, soos die toename in goddeloosheid 'n meer besliste oproep tot bekering vereis. – *Testimonies, vol. 7, 33:1.*

4. In die groot, onmeetlike gawe van die Heilige Gees word al die hemelse redmiddels saamgevat. Dit is nie omdat God beperk is dat die rykdom van Sy genade nie na die mens op aarde vloei nie. As almal gewillig sou wees om te ontvang, sou almal met die Heilige Gees vervul word. – *Gelykenisse van Christus, 419:1.*

5. Ons kan die Heilige Gees nie gebruik nie. Die Gees moet ons gebruik. Hierdie beloofde seën, wat in die geloof ontvang word, bring al die ander seëninge met Hom mee.

Om die Gees te ontvang, is om die lewe van Christus te ontvang. Net diegene wat so deur God geleer word, diegene wat die innerlike werking van die Gees besit en in wie se lewe die Christuslewe geopenbaar word, kan staan as ware verteenwoordigers van Christus. – *Gospel Workers, 285:1, 2.*

## *Tekste om te Onthou*

Romeine 8:14

Efésiërs 4:30

Openbaring 22:17

## *Definieer of Identifiseer*

Vervalste

Onfeilbaar

Geregtigheid

# LES 111 – DIE GAWE VAN DIE GEES – OPSOMMING VAN EENHEID 15

*Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is die kinders van God. Romeine 8:14.*

**Die Heilige Gees is die verteenwoordiger van Christus, maar sonder die menslike persoonlikheid en onafhanklik daarvan. Met menslikheid belas, kon Christus nie persoonlik oral wees nie. Daarom was dit in hul belang dat Hy na die Vader gaan en die Gees stuur om Sy opvolger op aarde te wees. Niemand kon dan bo ander bevoorreg wees as gevolg van sy woonplek of sy persoonlike aanraking met Christus nie. Deur die Gees sou die Heiland vir almal toeganklik wees. In hierdie sin sou Hy nader aan hulle wees as wat Hy kon gewees het as Hy nie opgevaar het nie. In elke beproewing sou Hy met hulle wees. Op alle plekke en te alle tye, in alle droefheid en in alle beproewinge, wanneer die vooruitsigte donker en die toekoms ontstellend is en ons hulpeloos en alleen voel, sal die Trooster gestuur word ten antwoord op die gebed van die gelowige. Omstandighede kan ons van elke aardse vriend skei; maar geen omstandigheid, geen afstand, kan ons van die hemelse Trooster skei nie. Waar ons ook al is, waar ons ook mag gaan, Hy is altyd aan ons regterhand om ons te steun, te onderhou, te bewaar en op te beur. –** *Koning van die Eeue, 669:2-4.*

## *Die Vroeë en die Laat Reëns*

1. Onder watter sinnebeeld het die Hebreeuse profete die uitstorting van geestelike genade op Gods kerk voorspel?
2. Dui aan wat die doel van die vroeë en laat reëns is. Is beide baie belangrik om die oes te kweek?
3. Waarvan is die ontkieming van die saad en die ontwikkeling van die plant 'n lieflike sinnebeeld?
4. Waarvoor sal die laat reëns God se volk voorberei?

## *Die Gawes en die Vrug van die Heilige Gees*

1. Van wie kom die gawes?
2. Wat is die doel van die gawes?
3. Noem twaalf van die gawes van die Gees, soos deur Paulus weergegee.
4. Wat is die vrug van die Gees?

## *Die Gees van Profesie*

1. Noem die oorsprong en doel van die Heilige Gees.
2. Hoekom het God in Sy genade die gees van profesie aan die oorblyfselkerk gegee?
3. Noem ses doelwitte van die gees van profesie in die oorblyfselkerk.

## *Die Sonde wat nie Vergewe Sal Word nie*

1. Vertel wat die Heilige Gees nie is nie.

2. Wat, dan, is die onvergeeflike sonde? Wees spesifiek.
3. Hoe mag ons hierdie sonde pleeg?
4. Hoe kan ons weet dat ons teen die Heilige Gees gesondig het?
5. Verduidelik hoekom hierdie sonde nie vergewe kan word nie.

## *Die Werk van die Heilige Gees*

1. Watter ander name word vir die Heilige Gees gebruik?
2. Noem ses Bybelkarakters wat met die Heilige Gees gevul was.
3. Die Heilige Gees werk deur die menslik werktuig. Noem ses Bybelkarakters en vertel hoe die Gees hulle gebruik het.
4. Gee verskeie spesifieke maniere waarop die Heilige Gees die mensdom bystaan.

## *Wie het gesê, aan wie, en onder watter omstandighede?*

1. "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood." Spreuke 14:12.
2. "Bid tot die Here om reën in die tyd van die laat reëns; die Here maak die weerligte, en Hy sal aan hulle 'n stortreën gee, plante op die veld aan iedereen." Sagaría 10:1.
3. "Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie." Matthéüs 12:31.
4. "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." Markus 1:14, 15.
5. "Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat dit Ek is." Johannes 13:19.
6. "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom." Handelinge 3:19.
7. "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Romeine 8:14.
8. "En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie." 1 Korinthiërs 12:1.
9. "En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale." 1 Korinthiërs 12:28.
10. "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie." Galásiërs 5:22, 23.
11. "Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee." Efésiërs 4:8.
12. "Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus." Efésiërs 4:12.
13. "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseél is tot die dag van verlossing." Efésiërs 4:30.
14. "Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie." Hebreërs 10:26.
15. "Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde." Jakobus 4:17.
16. "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." 2 Petrus 1:21.

17. “En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.” Openbaring 19:10.
18. “En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.” Openbaring 22:17.

### *Heilige Gees, Kom Sweef Oor Ons*

Heilige Gees, kom sweef oor ons,
Hemelse Duif, daal neer;
Laat in ons hart U liefde brand
En trek ons tot die Heer!

Red ons van dwase eiewaan
En aardse ydelheid
Dal sal ons met hernieude moed
Volhard in hierdie stryd.

Stem U ons harte om te sing
Van onse God en Heer,
Dan hef ons saam ‘n danklied aan
En twyfel nimmermeer.


Vader, ons wil nie langer leef
In duisternis en leed
Ons gee aan U ons hele hart,
U sal ons nooit vergeet.

Heilige Gees, kom sweef oor ons,
Hemelse Duif, daal neer.
Blaas hoog die liefde in ons hart
Met U groot liefde Heer!
- Isaac Watts

# EENHEID 16 – "KYK, EK KOM GOU"

**Christus se wederkoms is die groot hoop van die kerk, die groot klimaks van die evangelie en die plan van verlossing. Sy koms sal letterlik, persoonlik, en sigbaar wees. Talle belangrike gebeurtenisse sal met Sy koms geassosieer wees, soos die opstanding van die dode, die vernietiging van die goddelose, die reiniging van die aarde, die beloning van die regverdiges, die oprigting van Sy ewige koninkryk.**

**Die duisendjarige heerskappy van Christus dek die tydperk vanaf die eerste tot die tweede opstandings, en gedurende daardie tyd sal die heiliges uit al die eeue saam met hulle salige Verlosser in die hemel woon. Aan die einde van die millennium sal die Heilige Stad, saam met al die heiliges, op die aarde neerdaal. Die goddelose, wat in die tweede opstanding opgewek sal word, sal met Satan aan die hoof optrek oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges omsingel, wanneer vuur van God uit die hemel sal neerdaal en hulle verslind. In die vlammesee wat Satan en sy leërskare sal vernietig, sal die aarde self hernu en gereinig word van die gevolge van die vloek. En so sal God se heelal gereinig word van die klad van sonde. God sal alles nuut maak. Die aarde, in sy eertydse skoonheid herstel, sal die ewige tuiste van die heiliges van die Here word. Die belofte aan Abraham, dat hy en sy nageslagte, deur middel van Christus, die aarde onverpoos deur die ewigheid sou besit, sal dan vervul word.**



"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openbaring 22:12.

# LES 112 – DIE SEKERHEID VAN JESUS SE WEDERKOMS

*Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. Johannes 14:1-3.*

**Een van die plegtigste, dog heerlikste waarhede wat in die Bybel geopenbaar is, is die van die wederkoms van Christus om die verlossingswerk te voltooi. Die leerstelling van die wederkoms is inderwaarheid die sleutel tot die Heilige Skrifte. Sedert die dag toe die eerste mensepaar droewig van Eden weggestap het, het die kinders van geloof gewag op die koms van die Beloofde Een om die mag van die verwoester te verbreek en hulle weer in die verlore Paradys te herstel.** *– Die Groot Styd, 299:1.*

**1. Wat is die eerste profesie rakende Christus se wederkoms wat opgeteken is, en deur wie is dit gemaak?** Judas 14.

Heilige manne van ouds het uitgesien na die koms van die Messias in heerlikheid as die vervulling van hulle verwagting. Henog, uit die sewende geslag na die Edenbewoners, hy wat vir drie eeue op die aarde met God gewandel het, is toegelaat om op 'n afstand die koms van die Verlosser te sien. *– Die Groot Stryd, 299:1.*

**2. Wat het Job geweet aangaande sy Verlosser?** Job 19:25-27.

**3. Wat het Abraham verwag?** Hebreërs 11:10.

God het Abraham hierdie onverganklike erfnis laat sien, en daarmee was hy tevrede. *– Patriarge en Profete, 170:1.*

**4. Wat het Dawid gesê toe hy gesing het van die mag en majesteit van Israel se Koning?** Psalm 50:2-4.

**5. Hoekom het Jesaja die dode gebied: "Waak op en jubel"?** Jesaja 25:8, 9; 26:19.

**6. Hábakuk het in 'n heilige gesig die verskyning in heerlikheid van ons Verlosser aanskou.** Hábakuk 3:3-13.

**7. Met watter woorde het die Heiland Sy dissipels getroos toe Hy op die punt gestaan het om hulle te verlaat?** Johannes 14:1-3.

Dit is die Here self wat die belofte aan Sy dissipels gemaak het, "As Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem." Johannes 14:3. *– Die Groot Stryd, 339:2.*

**8. Wie het aan die dissipels die belofte van Christus se terugkeer herhaal?** Handelinge 1:11.

Dit was die ontfermende Heiland wat die eensaamheid en verdriet van Sy navolgers vooruitgesien het en engele beveel het om hulle te vertroos met die versekering dat Hy persoonlik weer sou kom net soos Hy na die hemel weggevaar het. – *Die Groot Stryd, 339:2.*

**9. Watter hoop het Paulus skriftelik aan sy bekeerlinge weergegee?** 1 Korinthiërs 1:7;
1 Thessalonicense 2:19.

**10. Petrus het Christus se wederkoms geleer.** 2 Petrus 3:3, 4, 10.

**11. Wat het Johannes op Patmos gesê rakende Sy wederkoms?** Openbaring 1:7.

**12. Wat is die gebed van die kerk?** Openbaring 22:20.

Op die rotsagtige Patmos het die geliefde dissipel die belofte gehoor, "Kyk, Ek kom gou." En in sy antwoord het hy die verlange van die kerk op sy lang pelgrimstog uitgespreek, "Ja kom, Here Jesus!" **Openbaring 22:20**. – *Die Groot Stryd, 302:3.*

***God se Beloftes is meer seker as die sonsopkoms, en staan meer vas as Gibraltar***

***"WAT BUIG JY JOU NEER, O MY SIEL? … HOOP OP GOD" PS. 42:6***

## *Dink Hieroor Na*

1. Ons lewe nou in die slottonele van hierdie aarde se geskiedenis. Laat mense sidder omdat hulle bewus is van die verantwoordelikheid wat gepaard gaan met 'n kennis van die waarheid. Die einde van die wêreld is op ons. – *EG White, Review and Herald, Julie 23, 1895.*

2. Die belofte van Christus se wederkoms moes altyd lewendig in die gedagtes van Sy dissipels bly. Dieselfde Jesus wat hulle na die hemel sien opvaar het, sou weer kom om diegene wat hulle hier op aarde aan Sy diens wy, na Hom toe te neem. Dieselfde stem wat aan hulle gesê het: "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld," sou hulle in die hemelse koninkryk in Sy teenwoordigheid verwelkom. – *Handelinge van die Apostels, 33:2.*

3. Christus het tekens van Sy koms verstrek, Hy sê dat ons kan weet wanneer Hy naby is, voor die deur. Van diegene wat hierdie tekens sien, sê Hy: "Hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie." [**Matthéüs 24:34**.] Hierdie tekens het verskyn. Ons weet nou gewis dat die koms van die Here naby is. – *Koning van die Eeue, 632:2.*

4. Diegene wat in alle eeue geglo het in die letterlike, persoonlike, sigbare koms van Jesus Christus vir die tweede keer na hierdie aarde, het nie kunstig verdigte fabels nagevolg nie. Hierdie leerstelling is een van die fundamentele leerstellings in die Heilige Skrifte, en word meer dikwels genoem op die bladsye van die Skrif as enige ander van die kerk se leerstellings – hierdie heerlike gebeurtenis word meer as driehonderd keer in die Nuwe Testament, en vyftienhonderd keer in die Bybel as geheel genoem. Vir die vrome gelowige kan daar geen twyfel bestaan dat Jesus weer sal kom nie. – *C.B. Haynes, Our Lord's Return, 11:1.*

5. Die verkondiging van Christus se koms behoort nou, net soos die dag toe dit deur die engele aan die herders van Betlehem verkondig is, 'n tyding van groot blydskap te wees. Diegene wat die Heiland regtig liefhet, kan nie anders as om die verkondiging, gegrond op Gods Woord, met blydskap te begroet dat Hy in wie hulle hoop op die ewige lewe gevestig is, weer sal kom. – *Die Groot Stryd, 339:3.*

### ***Tekste om te Onthou***

Johannes 14:1-3

Handelinge 1:11

Openbaring 1:7

### ***Definieer of Identifiseer***

Voltrekking

Geslag


Patmos

Fabels

Paradys

Pelgrimstog

Fundamenteel



***Wanneer Jesus kom met al die hemelse engele, sal die aardse stede val; maar diegene wat gereed is om Hom te ontmoet, sal met vreugde hemelwaarts kyk.***

# LES 113 – TEKENS IN DIE HEMEL EN OP AARDE

*En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. Lukas 21:25, 26.*

**Ek het gesien dat wanneer die Here sê "hemele" in die beskrywing van die tekens in Matthéüs, Markus, en Lukas, dan bedoel Hy die hemele; en wanneer Hy sê "aarde," dan bedoel Hy die aarde. Die kragte van die hemele is die son, maan, en sterre. Hulle voer heerskappy in die hemele. Die kragte van die aarde is diegene wat op die aarde regeer. Die kragte van die hemel sal geskud word deur die stem van God. Die son, maan, en sterre sal uit hulle plekke verskuif word. Hulle sal nie vergaan nie, maar hulle sal geskud word deur die stem van God.** *– Eerste Geskrifte, 41:1.*

### *Tekens in die son, maan, en sterre*

**1. Die Fariseërs het Jesus gevra vir tekens. Vir watter tekens het die dissipels gevra?** Matthéüs 24:3.

**2. Hoe sou die son, maan, en sterre tekens word?** Jesaja 13:10; Joël 2:10, 30, 31; 3:15; Matthéüs 24:29; Lukas 21:25.

**a. "Sal die son verduister word."** Matthéüs 24:29.

In die geskiedenis staan 19 Mei 1780 bekend as "Die Donker Dag." Sedert die tyd van Moses was geen duisternis so donker, so uitgestrek en het dit so lank geduur as die wat hier beskryf is nie. Die beskrywing van hierdie gebeurtenis, deur 'n ooggetuie gegee, is slegs 'n weerklank van die woorde van die Here. *– Die Groot Stryd, 308:1.*

'n Vel wit papier, binne 'n paar duim van die oë gehou, was net so onsigbaar as die swartste fluweel. *– Brief van Dr. Samuel Tenney, 1785, in Collection of the Massachusetts Historical Society, pt. 1, vol. 1, 1792 uitgawe, 97, 98.*

Die verduistering het ongeveer tienuur in die oggend begin, en het voortgeduur tot die middel van die volgende nag. *– Noah Webster's Dictionary, 1869 uitgawe.*

**b. "Die maan sal sy glans nie gee nie."** Matthéüs 24:29.

Hoewel die maan daardie aand om nege-uur opgekom het, "het dit nie in die minste die doodse skaduwees verdryf nie." Na middernag het die duisternis verdwyn en die maan, toe dit die eerste maal sigbaar geword het, het soos bloed gelyk. *– Die Groot Stryd, 308:0.*

**c. "Die sterre sal van die hemel val."** Matthéüs 24:29.

Wetenskaplike studie van die wentelbane van verskietende sterre het begin na die voorkoms van die grootste vertoning van hierdie sterre wat tot dusver opgeteken is – dit wat op 13 November, 1833 plaasgevind het. Hierdie skouspel, wat die grootste belangstelling gewek het onder almal wat dit gesien het, en met onsteltenis beskou is deur onkundiges, van wie talle gedink het dat dit die einde van die wêreld was, was waargeneem dwarsdeur Noord-Amerika, juis daardie gedeelte van die aarde wat uitgekyk het op die meteoorreën. Honderde duisende verskietende sterre het oot 'n tydperk van twee of drie ure geval. Sommige waarnemers het hulle getalle vergelyk met die vlokkies van 'n sneeustorm, of met die reëndruppels in 'n stortreën. – *The Encyclopaedia Americana, artikel, "Meteors or Shooting Stars."*

## *Tekens op die Aarde*

**3. Watter tekens sal op die aarde verskyn?** Matthéüs 24:7; Lukas 21:25.

**3a. Aardbewings –** Die groot Lissabon aardbewing, 1755.

(1) Watter tydsverhouding bestaan tussen die groot aardbewing van die sesde seël en die tekens in die son, maan, en sterre? **Openbaring 6:12.**

Onder die aardbewegings wat die koninkryk van Portugal in historiese tye getref het, neem die aardbewing van November 1, 1755, die eerste plek in, en in sommige opsigte is dit ook die geval wanneer dit vergelyk word met alle ander aardbewings wat opgeteken is. Die aanvanklike skokke van hierdie aardbewing het gekom sonder enige waarskuwing behalwe die gedreun van donder, wat geklink het asof dit onder die grond ontstaan het, en onmiddelik daarna is dit gevolg deur 'n hewige geskud wat byna die hele stad platgetrek het. Binne ses minute het sestigduisend mense gesterf. – *W.H. Hobbs, Earth-quakes, 1907 uitgawe, 142, 143. (Aangehaal in Source Book for Bible Students, Artikel, "Earthquakes," 150.)*

(2) Wat veroorsaak aardbewings?

Daar is destyds [ten tye van die vloed] geweldige oerwoude begrawe. Hulle is sedertdien in steenkool verander sodat daar tans groot steenkoolneerslae is, wat ook groot hoeveelhede olie voortgebring het. Die steenkool en die olie raak dikwels aan die brand en veroorsaak groot vure onder die oppervlakte van die aarde. Die rotse word warm, kalkklip word gebrand en ystererts smelt. Die uitwerking van die water op die kalk maak dit nog soveel warmer en dit veroorsaak aardbewings, vulkane en brandende strome. Wanneer die vuur en die water met rotslae en erts in aanraking kom, is daar groot ondergrondse ontploffings wat soos gedempte donderslae klink. Al meer van hierdie wonderlike verskynsels sal gesien word, en kort voor die wederkoms van Christus en die einde van die wêreld sal hulle as tekens van die naderende verdelging van die aarde al vreesliker word. *– Patriarge en Profete, 108:2.*

**3b. "En mense se harte beswyk van vrees."** Lukas 21:26.

Ons dink noodgedwonge aan die vervulling van hierdie profesie wanneer ons alte dikwels lees van die skielike dood van mans wat groot verantwoordelikhede in die regering, besigheidswêreld en ekonomiese sake gedra het.

**3c. Hongersnode en pessiektes.** Matthéüs 24:7. [Sien ook Eségiël 7:6, 15-17.]

**4. Sou die tekens in die son, maan, en sterre voor of na die verdrukking kom?** Markus 13:24. Let op die woorde "in daardie dae" in die Skrif.

**5. Wanneer was die "groot verdrukking"?** Matthéüs 24:21; Markus 13:24. Vergelyk Daniël 7:25 met Openbaring 12:6, 14.

In die sesde eeu is die pousdom ten volle bevestig. Nou het die 1,260 jaar van pouslike vervolging, soos voorspel in die profesieë van Daniël en Openbaring, 'n aanvang geneem. Die volgende woorde van Jesus het nou in vervulling getree: "Julle sal gehaat wees deur almal terwille van my Naam." Lukas 21:16, 17. – *Die Groot Stryd, 54:2,*

**6. Wat kan ons weet wanneer hierdie tekens verskyn?** Matthéüs 24:32, 33.

**7. Watter teken in die hemele moet nog vervul word?** Matthéüs 24:29, laaste gedeelte.

**8. Sal enigeens die presiese tyd van Jesus se terugkeer weet?** Matthéüs 24:36.

**9. Sal die dag en die uur van Jesus se wederkoms ooit aangekondig word?**

En toe God die dag en die uur van Jesus se koms aankondig, en die ewige verbond aan Sy volk gee, het Hy een sin gespreek en dan stilgebly, terwyl die woorde oor die aarde gerol het. Die Israel van God het gestaan met hulle oë na die hemel gerig, en het geluister na die woorde soos hulle uit die mond van Jehova gekom en oor die aarde gerol het soos harde donderslae. Dit was alles baie plegtig. Aan die einde van elke sin het die heiliges uitgeroep: "Heerlik! Halleluja!" Hulle aangesigte was verlig met die heerlikheid van God, en hulle gesigte het gestraal van die heerlikheid soos die van Moses toe hy van Sinai afgekom het. Die goddelose kon weens die heerlikheid nie na hulle kyk nie. En toe daardie ewige seën uitgespreek is oor diegene wat God geëer het deur Sy Sabbat te heilig, het daar 'n magtige oorwinninigskreet opgegaan oor die dier en sy beeld. – *Eerste Geskrifte, 285:2.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Op watter wyse dui die hemelse liggame profetiese tyd aan?

2. Hoe dui die toename in aardbewings, hongersnode, en oorloë, beide met betrekking tot getalle en skadelikheid, op die nabyheid van die einde? Is daar perke aan hulle skadelikheid?

3. Behoort 'n belydende Christen bekommerd te raak soos hy die vervulling van hierdie tekens waarneem? Op watter wyse?

4. Hoe bewys aardbewings dat daar wel 'n vloed plaasgevind het?

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 24:29
Lukas 21:25, 26
Openbaring 6:12

## *Definieer of Identifiseer*

Meteoor
Wentelbane

“Kragte van die hemele”
“Die Donker Dag”

# LES 114 – TEKENS IN DIE SOSIALE EN GODSDIENSTIGE WÊRELD

*Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. 2 Timótheüs 3:1-5.*

**Nieteenstaande die geestelike duisternis en die vervreemding van God wat daar in die kerk is wat Babilon uitmaak, is die grootste gedeelte van die ware navolgers van Christus nog in daardie kerke. Daar is baie wat nog nooit die spesiale waarhede vir hierdie tyd gehoor het nie. Daar is baie wat ontevrede is met hulle geestelike lewe en wat verlang na meer lig. Die tyd sal kom wanneer diegene wat God bo alles liefhet, nie langer in verbinding kan bly nie met diegene wat “meer liefhebbers van vermaak as liefhebbers van God” is en “wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën.”** *– Die Groot Stryd, 390:1.*

## *Tekens in die Sosiale Wêreld*

**1. Met watter dae het Jesus die tyd van “die koms van die Seun van die mens” vergelyk?**
Matthéüs 24:37-39.

**Dieselfde sondes wat die toorn van God op die antediluviane gebring het, bestaan vandag nog. Die vrees van God is uit menseharte verban, en Sy wet word met onverskilligheid en minagting bejeën. Die hedendaagse geslag is net so diep wêreldsgesind as die geslag van daardie tyd. God het die antediluviane nie veroordeel omdat hulle geëet en gedrink het nie. Hy het aan hulle ‘n oorvloed van die vrugte van die aarde gegee om in hulle natuurlike behoeftes te voorsien. Hulle sonde was dat hulle die gifte gebruik het sonder om die Gewer te erken en dat hulle hulle deur losbandigheid verlaag het. Dit was hulle geoorloof om te trou. God het die huwelik ingestel; dit was immers een van Sy eerste instellinge. Hy het besondere bepalinge aangaande hierdie instelling gegee en het dit met heiligheid en skoonheid beklee; maar hulle het Sy voorskrifte vergeet, die huwelik is misbruik om die hartstogte te bevredig.** *– Patriarge en Profete, 101:2.*

**2. Watter besondere sosiale toestande het Paulus uitgewys as kenmerkend van die laaste dae?** 2 Timótheüs 3:1-4.

a. “Liefhebbers van hulleself.”
b. “Geldgieriges.”
c. “Grootpraters.”

d. “Trotsaards.”
e. “Ongehoorsaam aan hulle ouers..”
f. “Sonder natuurlike liefde.”
g. “Onversoenlik.”
h. “Wreed.”
i. “Verraaiers.”
j. “Roekeloos.”
k. “Verwaand.”
l. “Sonder liefde vir die goeie.”
m. “Meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God.”

**3. Kan ons verwag dat toestande sal verbeter of vererger?** 2 Timótheüs 3:13.

**4. Watter waarskuwing het Jesus gegee, dat “dié dag julle nie skielik oorval nie”?** Lukas 21:34, 35.

4a. “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur”:

(1) “Swelgery” (oormatig eet en drink).
(2) “Dronkenskap.”
(3) “Sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie.”

4b. “Want soos ‘n strik sal hy kom oor almal.”

**5. Verwys dronkenskap altyd na die gebruik van wyn of soortgelyke drank?** Jesaja 29:9.

Baie mense wat onder die gelowiges gereken word, is nie werklik deel van hulle met betrekking tot geloof en beginsel nie. In hul pogings om rykdom te op te gaar, versamel hulle sorge en laste totdat hulle denke feitlik daardeur verswelg word. Hulle streef winste na, maar is altyd bevrees dat daar verlies sal wees. Hoe meer geld en eiendom hulle besit, hoe meer wil hulle hê. “Hulle is dronk, maar nie van wyn nie; hulle waggel, maar nie van sterk drank nie.” [Jesaja 29:9.] Hulle is teë van die sorge van die lewe wat hulle beïnvloed soos sterk drank die dronkaard beïnvloed. Hulle is so verblind deur selfsug dat hulle dag en nag werk om verganklike skatte te verkry. Is die sintuie van sulke persone nie bedrieg nie? Is hulle nie dronk van die bedwelmende beker van wêreldsgesindheid nie? – Testimonies, vol. 5, 258:2.

## *Tekens in die Godsdienstige Wêreld*

**6. Wat het Petrus gesê, sou “aan die einde van die dae” kom?** 2 Petrus 3:3, 4.

Hoor ons hierdie einste woorde nie van sowel die kanselredenaars as die openlik goddeloses van ons land nie? Hulle roep: “Daar is geen rede vir vrees nie! Voordat Christus kom, sal die ganse wereld tot inkeer kom, en geregtigheid sal duisend jaar lank regeer. Vrede, vrede! Alles bly soos dit van die begin van die skepping was. Julle moet julle nie deur die prediking van hierdie skrikverspreiders op loop laat jaag nie.” – *Patriarge en Profete, 103:0.*

**7. Watter vraag het Jesus gevra rakende geloof “as die Seun van die mens kom”?** Lukas 18:8.

**8. Wat is die antwoord op Jesus se vraag?** Openbaring 14:12.

**9. Wat dui Paulus aan sal die godsdienstige toestand in die laaste dae wees?** 2 Timótheüs 3:1-5.

***"Die mense sal"***
a. "Lasteraars wees"
b. "Ondankbaar."
c. "Onheilig."
d. "Sonder liefde vir vir die goeie."
e. "'n Gedaante van godsaligheid" hê.
f. "Die krag daarvan [van die godsaligheid] verloën."

En tog, in hierdie tyd van allergrootste gevaar, is daar belydende Christene wat geen huisgodsdiens hou nie. In hulle huis, word daar geen eer aan God gebring nie; hulle leer hulle kinders nie om Hom lief te hê en te vrees nie. Hulle het hulself so ver van Hom verwyder dat hulle veroordeel voel wanneer hulle Hom nader. Hulle is nie in staat om "met vrymoedigheid na die troon van die genade (te) gaan" nie (Hebreërs 4:16), en "heilige hande op (te) hef sonder toorn en twis" nie (1 Timótheüs 2:8). Hulle het geen lewende verbinding met God nie. Hulle het 'n gedaante van godsaligheid, maar verloën die krag daarvan. – *Testimonies, vol. 7, 42:2.*

**10. Wat het Jesus gesê om aan te dui dat valse christusse en valse profete groot tekens en wonders sal doen wat uiters misleidend sal wees?** Matthéüs 24:24; Markus 13:22, 23.

As kronende toneel in die groot drama van bedrog sal Satan hom voordoen as Christus. – *Die Groot Stryd, 624:2.*

Satan word nie toegelaat om die wyse van Christus se koms na te maak nie. Die Heiland het Sy volk gewaarsku teen bedrog op hierdie punt en Hy het die wyse van Sy koms duidelik voorspel. Dit is onmoontlik om hierdie koms na te maak. Dit sal oor die hele wêreld bekend wees – deur almal gesien word. – *Die Groot Stryd, 625:2.*

**11. Wat, het Jesus verklaar, sal gedoen word voor die belofte, "en dan sal die einde kom" vervul sal word?** Matthéüs 24:14?

**12. Watter aangeleentheid van 'n godsdienstige aard sal die hele wêreld net voor Jesus se koms in die gesig staar?** Openbaring 13:12, 15-17; 14:9-12.

Vreeslik is die beslissing waarvoor die wêreld te staan sal kom. Die aardse magte, verenig in stryd teen die gebooie van God, sal bepaal dat "almal, die kleintjies en die grotes, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe" (Openbaring 13:16), moet meedoen aan die gebruike van die kerk deur die valse sabbat te vier. Almal wat weier om dit te doen, sal gestraf word deur die burgerlike howe en eindelik sal daar verklaar word dat hulle die dood verdien. – *Die Groot Stryd, 604:2.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Terwyl hy deur die eeue heen na die einde van die tyd gekyk het, is Petrus besiel om die toestande te beskryf wat kort voor die wederkoms van Christus in die wêreld sou heers. Nie almal sou egter deur die vyand se planne verstrik raak nie. Namate die einde van alle aardse dinge sou nader, sou daar getroues wees wat in staat sou wees om die tekens van die tye te onderskei. Alhoewel 'n groot aantal belydende gelowiges hulle geloof deur hulle dade sou verloën, sou daar 'n oorblyfsel wees wat tot die einde toe volhard. – *Handelinge van die Apostels, 535:2*.

2. Daar word so oormatig geëet, gedrink, en aangetrek dat hierdie dinge misdade word, en onder die gekenmerkte sondes van die laaste dae gereken word, en as 'n teken van Christus se nabye koms beskou word. – *Testimonies, vol. 3, 164:2.*

3. Ek wys julle op die aggressiewe stappe wat nou geneem word om godsdienstige vryheid te beperk. Ons mense is half aan die slaap – hulle moet alles in hulle mag doen met dit wat tot hulle beskikking is om die boodskap van waarskuwing te verkondig. – *Testimonies, vol. 6, 18:2.*

4. Op ons skyn al die lig van die verlede. Die geskiedenis van Israel se nalatigheid is vir ons inligting bewaar. In hierdie tyd het God Sy hand uitgestrek om vir Homself 'n volk te versamel uit alle nasies en stamme en tale.

As almal saamgewerk het in 1844, die derde engel se boodskap aangeneem het en verkondig het in die krag van die Heilige Gees, sou die Here op magtige wyse deur hulle gewerk het. 'n Stroom van lig sou op die wêreld geskyn het. Die bewoners van die aarde sou jare gelede reeds gewaarsku gewees het, die werk sou voltooi gewees het en Christus sou gekom het om Sy volk te verlos. – *Testimonies, vol. 8, 115:4.*

## *Tekste om te Onthou*

Lukas 21:34, 35
2 Timótheüs 3:1-5
2 Petrus 3:3, 4

# LES 115 – TEKENS IN DIE POLITIESE EN EKONOMIESE WÊRELD

*Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby. Jakobus 5:8.*

**Daar is min, selfs onder die leerkragte en die staatsmanne, wat die onderliggende oorsake van die huidige toestand van die samelewing begryp. Die regeerders van die land is nie in staat om die probleme van armoede, armlastigheid en toenemende misdadigheid op te los nie. Hulle worstel tevergeefs om sakebedrywighede op 'n veiliger grondslag te bring. As mense meer op die leer van Gods Woord wou ag slaan, sou hulle 'n oplossing vind vir hierdie probleme waaroor hulle so verslae is. Die Skrifte beskryf die toestand van die wêreld kort voor Christus se wederkoms. Van mense wat deur middel van roof en afpersing groot rykdom opbou, is daar geskryf: "Julle het skatte vergader in die laaste dae. Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare. Jakobus 5:3, 4.** – *Testimonies, vol. 9, 13:3, 4.*

## *Onenigheid Tussen Nasies*

**1. Wat, volgens Jeremia, het die Here met die nasies?** Jeremia 25:31.

Vir sesduisend jaar het die groot stryd gewoed; die Seun van God en Sy hemelse boodskappers het die stryd gevoer teen die Bose om die mensekinders te waarsku, te verlig en te verlos. Nou het almal hulle besluit geneem; die goddelose het nou ten volle by Satan in sy oorlog teen God aangesluit. Die tyd het nou aangebreek vir God om die gesag van Sy vertrapte wet te handhaaf. Die stryd is nou nie net teen Satan alleen nie, maar teen mense. – *Die Groot Stryd, 656:1.*

**2. Wat, het die Here gesê, sou uitgaan van volk tot volk?** Jeremia 25:32, eerste gedeelte.

**3. Wat sou die gevolg van hierdie onheil wees?** Jeremia 25:32, laaste gedeelte.

**4. Hoe verwys Joël na hierdie selfde tyd van onenigheid tussen die nasies?** Joël 3:9-12.

**5. Wanneer, het Johannes gesê, sou die nasies toornig wees?** Openbaring 11:18.

Ons staan op die drumpel van groot en plegtige gebeure. Profesieë word vervul. Vreemde, merkwaardige geskiedenis word in die boeke van die hemel aangeteken. Alles in ons wêreld is in beroering. Daar is oorloë en gerugte van oorloë. Die nasies is toornig, en die tyd van die dode het gekom, dat hulle geoordeel moet word. Maar terwyl een nasie reeds teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander, is daar nog nie 'n algehele konfrontasie nie. Tot dusver word die vier winde vasgehou totdat die diensknegte van God op hulle voorhoofde verseël is. – Testimonies, vol. 6, 14:1.

## *Onenigheid oor Geld*

**6. Hoeveel is geregtig op 'n aandeel in die natuurlike rykdom van die wêreld?** Prediker 5:9, KJV.

**7. Watter gebod beskerm the regte van die individu?** Exodus 20:15; Levítikus 19:11.

**8. Die agste gebod word vandag deur talle in die wêreld geskend:**

a. Uitbuiting. Job 24:2-4.
b. Oneerlike mate. Spreuke 20:10; Amos 8:4, 5.
c. Agterhou van verdiende loon. Jeremia 22:13.
d. Afpersing. Eségiël 22:12.

**9. Vir watter tyd sou mense skatte vergader volgens Jakobus?** Jakobus 5:3, 7.

**10. Wat sal die rykes as gevolg van hierdie rykdom "in die laaste dae" doen?** Jakobus 5:1-3.

**11. Hoe is hierdie onregmatig verkreë wins versamel?** Jakobus 5:4.

Gods Woord maak melding van "die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is." [Jakobus 5:4.] Daar word algemeen aanvaar dat dit van toepassing is op welgestelde mense wat werknemers in diens het en hulle nie betaal vir hulle arbeid nie, maar dit het ook 'n wyer betekenis. Dit is beslis van toepassing op diegene wat deur die Gees van God verlig is en wat nogtans op dieselfde beginsel werk as hierdie mense wat arbeiders in diens neem, en hulle pryse tot op die laagste vlak afdwing. – *Testimonies, vol. 5, 375:2.*

**12. Hoe sal die arbeiders probeer om hulself te verdedig?** Jakobus 5:4.

***"Die loon van die arbeiders … roep uit"***

Kyk vandag na enige hawestad in die wêreld, en jy sal die vervulling van hierdie profesie waarneem. In Amerikaanse en ander hawestede in die Westerse wêreld is die arbeiders hoogs georganiseerd in werkersunies, en op hierdie wyse beskerm hulle hul belange, maar in baie ander lande van die wêreld is daar siedende onrus en onenigheid tussen ryk en arm. Dwarsdeur die wêreld verkeer kapitaal en die werkersklas in gespanne verhoudings.

**13. Let op hoe die rykes leef en hoe die "regverdiges" behandel is.** Jakobus 5:5, 6.

**14. Wat is God se raad aan diegene wat onregverdig behandel word?** Jakobus 5:7, 8.

**15. Watter spesiale lig is aan ons gegee wat ons in 'n gunstige posisie sal plaas indien ons dit volg?**

Jare lank is daar spesiale lig wat aan my gegee is dat die middelpunt van ons werk nie in die stede moet wees nie. Die gewoel en verwarring in hierdie stede, die toestande wat deur die werkersunies meegebring word en die stakings, sal 'n groot hindernis vir ons werk wees. Daar is mense wat diegene van verskillende ambagte onder die beheer van sekere werkersunies wil bring. Dit is nie God se plan nie, maar die beplanning van 'n mag wat ons onder geen omstandighede moet erken nie. God se woord word bewaarheid; die goddelose bind hulself in bondels, gereed om verbrand te word. Nou is dit tyd vir ons om elke bekwaamheid wat aan ons toevertrou is, te gebruik om die laaste boodskap van waarskuwing aan die wêreld te verkondig. In hierdie werk moet ons ons individualiteit behou. Ons moet ons nie met geheime organisasies of werkersunies verenig nie. Met ons Godgegewe vryheid, moet ons voortdurend na Christus kyk vir leiding. Alles wat ons doen, moet gedoen word met die begrip dat die werk wat vir God verrig moet word, van die grootste belang is. – *Testimonies, vol. 7, 84:2, 3.*

**16. Hoe beskryf Jesaja dieselfde tyd waarna Jakobus verwys?** Jesaja 2:2, 7-9.

**17. Lees versigtig wat Paulus te sê het oor rykdom en hoe dit gebruik moet word.** 1 Timótheüs 6:6-11, 17-19.

**18. Watter eienskap word veral vandag deur Christene benodig?** Jakobus 5:8.

## *Dink Hieroor Na*

1. Daar kom vinnig en seker 'n feitlik universele skuld oor die bewoners van die stede as gevolg van die deurlopende toename in doelbewuste boosheid. Ons leef te midde van 'n misdaadskrisis wat diepsinnige, Godvresende mense oral verstom laat. Die heersende korrupsie kan nie beskryf word nie. Elke dag bring nuwe openbaringe van politiese tweestryd, omkopery, en bedrog; elke dag bring sy hartverskeurende verslag van geweld en wetteloosheid, van ongevoeligheid teenoor menslike lyding; van wreedaardige, duiwelse vernietiging van menselewe. Elke dag getuig van die toename in waansin, moord en selfmoord. – *Testimonies, vol. 9, 89:1.*

2. Selfs die kerk, wat die pilaar en grondslag van die waarheid behoort te wees, moedig die selfsugtige liefde vir vermaak aan. As geld vir godsdienstige doeleindes ingesamel moet word, hoe gaan baie kerke te werk? Hulle hou basaars, bankette, kermisse, selfs loterye en soortgelyke funksies. Dikwels word die plek wat vir godsdiens bedoel is, ontheilig deur eet en drink, koop en verkoop en jolyt. Ontsag vir die huis van God en eerbied vir die godsdiens neem in die gedagtes van die jeug af. Die skanse van selfbeheersing word verswak. 'n Beroep word gedoen op selfsug, eetlus, die liefde vir vertoon, wat sterker word namate daaraan toegegee word. – *Testimonies, vol. 9, 91:3.*

3. Deur allerlei onderdrukking en afpersing hoop mense kolossale rykdom op terwyl die geroep van die uitgehongerde mensdom voor God opkom. Daar is menigte wat in armoede worstel, wat genoodsaak word om vir geringe vergoeding hard te werk en slegs in staat is om die heel nodigste lewensmiddels te bekom. Arbeid en ontbering, sonder hoop op beter dinge, maak hulle las swaar. Wanneer daar boonop pyn en siekte is, word die las byna ondraaglik. Hulle is uitgeput van sorge en teneergedruk, en weet nie waar om verligting te soek nie. – *Testimonies, vol. 9, 90:4.*

4. "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." **Matthéüs 24:37-39.**

5. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het die vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig." **Lukas 17:28-30.**

## *Tekste om te Onthou*

Jesaja 2:2, 7-9; Jakobus 5:1-8; Openbaring 11:18

## *Definieer of Identifiseer*

Eienskap; Uitbuiting; Regverdig; Stryd
Aanmoediging

# LES 116 – “KENNIS SAL VERMEERDER”

*En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder. Daniël 12:4.*

***Redakteur se Nota:** Vir ‘n omvattende studie gaan na die lesings **“KNOWLEDGE SHALL BE INCREASED”** deur leraar Stephen Bohr,*

**https://secretsunsealed.org/knowledge-shall-be-increased-pdf-download/**

**Die boek wat verseël is, is nie die boek van Openbaring nie, maar daardie gedeelte van die profesie van Daniël wat betrekking het op die laaste dae. Die Skrif sê, “En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder” [Daniël 12:4]. Toe die boek geopen is, is die aankondiging gemaak, “Daar (sal) geen tyd meer wees nie.” [Sien Openbaring 10:6.] Die boek van Daniël is nou nie meer verseël nie, en die openbaring deur Christus aan Johannes is nou beskikbaar vir al die bewoners van die aarde. Deur middel van die vermeerdering van kennis, sal ‘n volk voorberei word wat sal staan in die laaste dae.** – *{17MR 6.3}*

## *Bybelse Kennis*

**1. Wanneer het die “tyd van die einde” begin?** Daniël 12:4, 7.

Die “tyd van die einde” het aan die einde van die 1260-jaar tydperk begin, in die jaar 1798.

Daniël 12:4 verwys nie na die toename in tegnologie nie, maar na die vermeerdering van kennis van die Profesieë en die Woord van God. In hierdie hoofstuk verwys ons egter na sommige tegnologiese uitvindsels, maar met verwysing na hoe dit van toepassing is op die verspreiding van die ewige evangelie waarna Openbaring 14:6 en Matthéüs 24:14 verwys.

**2. Hoe was die Woord van God voor die uitvinding van die drukpers beskikbaar gemaak aan diegene wat dit kon lees?**

Die drukkuns was nog onbekend en dit was slegs deur langsame en vermoeiende arbeid dat afskrifte van die Bybel gemaak kon word. So graag wou die mense die boek hê dat baie gewillig die werk onderneem het om dit af te skryf, maar dit het moeilik gegaan vir die skrywers om in die aanvraag te voorsien. – *Die Groot Stryd, 88:3.*

**3. Watter verandering het plaasgevind met die ontdekking van die drukkuns?**

Die verbeteringe in die drukkuns het die verspreiding van die Bybel baie aangehelp. Die verbeterde kommunikasiemiddels tussen verskillende lande het die ou hindernisse van vooroordeel en nasionale afsondering uit die weg geruim en die verlies aan wêreldlike mag deur die pous van Rome het die weg gebaan vir die Woord van God. – *Die Groot Stryd, 288:1.*

**4. Watter verenigings is aan die begin van die tydperk van “die tyd van die einde” (Daniël 12:4) gestig vir die verspreiding van Gods Woord?**

Die Religious Tract Society of London is in 1799 georganiseer, die British and Foreign Bible Society in 1804, die American Bible Society in 1816, en die American Tract Society in 1825. Teen 1948 is die Bybel in 'n totaal van 1 090 tale en dialekte vertaal.

Honderde miljoene afskrifte van die Skrif het na alle dele van die wêreld gegaan, asook ontelbare traktate, pamflette, en godsdienstige koerante wat kennis van die waarhede van verlossing versprei het. - *Bible Readings for the Home, 316:1.*

**5. Wat het die ontdekking van die Rosetta-steen te doen gehad met die begrip van die Bybel?**

Dit was die sleutel tot die Egiptiese hiërogliewe wat Bybelse stellings bevestig het.

**6. Watter boodskap het hulle begin verkondig kort na die begin van "die tyd van die einde" (Daniël 12:4) om verdere impetus te verleen aan die bestudering van Gods Woord?** Daniël 8:14; Openbaring 14:6, 7.

Let veral daarop dat, na die Franse Rewolusie en die einde van die 1260 jaar, sien ons die grootste verskuiwing in die spil van profetiese belangstelling en belangrikheid wat in die geskiedenis opgeteken is. Dit was van Daniel 7 – met die vierde koninkryk, die daaropvolgende verdelings, die verskyning van die klein horing, en nou die einde van daardie toegekende tydperk – tot Daniël 8:14, wat eindig met die 2300 dae-jare en die reiniging van die heiligdom. En gepaard daarmee, die waarskuwing van die naderende groot oordeelsuur. Geen soortgelyke boodskap is nog ooit vantevore verkondig nie. Terselfdertyd, in Engeland, Skotland, Ierland, Duitsland, Frankryk, Switserland, Skandinawië, Amerika, Indië, Noord-Afrika, en die Nabye-Ooste is al hoe meer onafhanklike stemme gehoor wat dieselfde boodskap en profetiese tydperk verkondig. – *LeRoy E. Froom, The Prophetic Faith of Our Fathers, vol. 3, 10:4.*

**7. Watter invloed het dit gehad op die wêreldwye verspreiding van die evangelie?**

Soos nooit tevore is dit moontlik om die evangelie aan mense regoor die wêreld bekend te maak. Die menige verbindingskanale – die radio [en televisie] en die vliegtuig, tesame met die meer alledaagse bydraes van vroeër tye, die gedrukte blad, die spoorweg, die stoomskip, en die motor – maak dit prakties moontlik om alle mense te bereik. Christelike gemeenskappe in feitlik elke land en onder feitlik elke stam en nasie dien, soos nooit tevore, as kerns vir die verspreiding van die geloof. In baie lande is die verbrokkeling van kulture verantwoordelik vir die afname in weerstand teenoor die evangelie. – Kenneth Scott Latourette, The Christian Outlook, 1ste uitgawe, 200, 201.

**8. Die negentiende eeu was 'n tydperk van ontwaking vir Christene wat besef het dat hulle 'n verantwoordelikheid het aangaande sendingwerk.**

Ondersteun deur die kerke en sendingrade het sendelinge in een land na die ander begin werk, soos uit die volgende gesien kan word:

| | |
|---|---|
| 1793 William Carey na Indië | 1841 David Livingstone na Suidelike Afrika |
| 1807 Robert Morrison na Sjina | 1842 Eerste hawens in Sjina deur verdrag geopen |
| 1811 Henry Martyn na Persië | 1853 Japan geopen deur Kommodoor Perry. 1ste Protestantse sendelinge kom ses jaar later |
| 1813 Adoniram Judson na Burma | 1858 John G. Paton na Nuwe Hebride |
| 1816 John Williams na Geselskapseilande | 1874 J.N. Andrews 1ste SDA Buitelandse Sendeling |
| 1817 Robert Moffat na Suidelike Afrika | 1875 1ste Protestantse sendelinge na Korea |
| 1819 Pioniers na Sirië | 1885 1ste SDA werk in Australië |
| 1833 Siam binnegegaan | 1894 1ste SDA "heidense sending" Solusi, Afrika |
| 1838 James Calvert na Fidji | 1898 1ste Protestantse werk in Filipyne |

**9. Die ontdekkings of uitvindsels van belang vanaf 1798 tot 1945 is die volgende:**

| | |
|---|---|
| Stoomaangedrewe drukpers in 1811 | Elektriese ligte in 1879. |
| Fulton se eerste stoomboot in 1803. | Petrolenjin in 1883. |
| Stoomtrein in 1825. | Stoomturbine in 1884. |
| Maai- en snymasjiene in 1831. | Linotipe in 1885. |
| Elektriese telegraaf in 1836. | Motorvoertuig in 1892. |
| Gevulkaniseerde rubber in 1839. | Rolprente in 1893. |
| Fotografie in 1839. | X-strale in 1895. |
| Narkose in 1846. | Draadlose telegrafie in 1895. |
| Naaimasjien in 1846. | Radium in 1898. |
| Bessemerstaal in 1856. | Draadlose telefonie in 1902. |
| Masjiengeweer in 1861. | Eerste vliegtuig met loods in 1903. |
| Gepantserde oorlogskip in 1862. | Radio-uitsending in 1920. |
| Tikmasjien in 1864. | Insulien in 1922. |
| Pateur se kiemteorie in 1864. | Televisie-uitsending in 1936. |
| Lugrem in 1869 | Spuitvliegtuigturbine in 1937. |
| Telefoon in 1876. | Penisillien in 1938. |
| Fonograaf in 1877. | Skeepsradar in 1938. |
| Elektriese spoorlyn in 1879 | Atoombom in 1945. |

- *Bible Readings for the Home, 316:5.*

## *Die Aarde is Verlig*

En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. **Openbaring 18:1**. - *{ML 63.1}*

Die einde van alle dinge is op hande. God is besig om elke hart aan te raak wat ontvanklik is vir die indrukke van Sy Heilige Gees. Hy stuur ons boodskappers te stuur sodat hulle die waarskuwing na elke plek kan oordra. God is besig om die toewyding van Sy kerke te toets, asook hulle gewilligheid om gehoorsaam te wees aan die leiding van die Gees. **Kennis sal vermeerder.** Die Hemelse boodskappers kan gesien word soos hulle heen en weer haas en op elke moontlike wyse poog om die mense te waarsku teen die komende oordele en die blye boodskap van verlossing deur Jesus Christus te verkondig.

Die maatstaf van geregtigheid moet verhef word. Die Gees van God beweeg menseharte, en dié wat Sy invloed gehoorsaam, sal die lig van die wêreld word. Hulle word oral gesien waar hulle die lig wat hulle ontvang het, met andere deel soos die geval was nadat die Heilige Gees neergedaal het op Pinksterdag. En soos hulle hulle lig laat skyn, ontvang hulle al hoe meer van die Gees se krag. Die aarde is verlig met die heerlikheid van God. - *{ML 63.3}*

Hierdie boodskap sal met 'n krag en sterkte eindig wat die middernagtelike geroep ver oortref. Dienaars van God, omgord met krag van omhoog, en met hulle gesigte stralende van heilige toewyding, het uitgegaan om die boodskap van die hemel te verkondig. - *{ML 63.3}*

Talle het God geloof. Die siekes is genees, en ander wonderwerke is gedoen. 'n Gees van intreding is gesien, soos geopenbaar was voor die groot Dag van Versoening. Honderde en duisende is gesien waar hulle gesinne besoek en die Woord van God voor hulle oopmaak. Harte is oortuig deur die krag van die Heilige Gees, en 'n gees van ware bekering is aan die dag gelê. Aan alle kante het deure oopgegaan vir die verkondiging van die waarheid. Dit het geblyk dat die wêreld deur die Hemelse invloed verlig was. - *{ML 63:4}.*

**10. Vanaf 1946 tot 2020, het die tegnologiese uitvindsels nog vinniger vermeerder as in die laaste dekades en eeue. Baie van die uitvindsels wat hieronder gegee word, het dit moontlik gemaak om die Ewige Evangelie oor te dra aan "alle nasies en stamme en tale en volke." Matthéüs 24:14; Openbaring 14:6.**

In 2020, klim jy in jou motor en gaan trek kontant by 'n outobank; of jy doen jou besigheid met die bank oor die internet, of via jou selfoon. Lees die nuus, of ontvang selfs die Evangelie op jou selfoon, TV of die internet! Jy kan in werklike tyd video-oproepe maak na enige plek ter wêreld sonder om daarheen te reis! Hierdie dinge mag nie vir jou merkwaardig klink nie, maar dit was nie lank gelede dat al hierdie dinge ondenkbaar was nie. Sewe en 'n halwe dekades van wetenskaplike en tegnologiese innovasie, en 2020 lyk geheel an al anders as 1946. Van Velcro na virtuele werklikheid, LED's na Facebook, die kansel na TV-, rekenaar-, internet-, Epos- en selfoon-evangelisasie, daar was van daardie tyd uitvindsels wat ons lewens geheel en al verander het. Die Evangelie word nou via verskillende media tot in jou binnekamer gebring.

1971 – Epos was eerste deur Ray Tomlinson ontwikkel.
1973 – Eerste handselfoon deur Motorola ingenieur Martin Cooper.
1977 – Ontwikkeling van die internet soos ons dit vandag ken.
1977 – Eerste PC-modem, ontwikkel deur Dennis Hayes en Dale Heatherington.
1989 – Voorstel vir die Wêreld-Wye-Web
1990 – Wereld-Wye-Web in werking.
1993 – Regerings sluit aan op die Wereld-Wye-Web met ".gov en .org" domeinname.
1995 – Geo-stede, die Vatikaan en Java sluit aan.
1998 – Google.
2004 – Facebook oop vir kollege-studente.
2005 – Youtube videos toeganklik vir die massas.
2007 – Stappe geneem om TV-programme aanlyn beskikbaar te maak.
2007 – iPhone en die Mobile Web.
2008 – Eerste "Internet-verkiesing" vind plaas in VSA.

*Verwysing*: https://www.webfx.com/blog/web-design/the-history-of-the-internet-in-a-nutshell/

## *DIE PROFETIESE TOEPASSING VAN DANIËL 12:4 IN KONTEKS:*

Alhoewel die tegnologiese uitvindsels wat bo genoem is, deur baie kenners beskou word as die kennis wat volgens Daniël 12:4 sal vermeerder: "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." Ons moet hierdie Bybelvers in konteks beskou en toelaat dat die Bybel self die interpretasie gee.

Ons moet verstaan dat dit 'n **profetiese toepassing** het en dus in konteks verwys dit na die profesie van Daniël se "boekie," wat hy aangesê is om te verseël. Hierdie "boekie" hou verband met die 2300-dae profesie in Daniel 8:14 (Númeri 14:34 – die beginsel in profesie dat 'n dag gelykstaande is aan 'n jaar, dus 2300 jaar). DIT (die boekie) IS WAT VERSEËL IS TOT DIE TYD VAN DIE EINDE, maar dan sal baie dit deursoek om te verstaan WAT verseël is en "kennis" van die inhoud van die "boekie" sal vermeerder.

**Toe die boek geopen is, is die aankondiging gemaak, "Daar (sal) geen tyd meer wees nie." [Sien Openbaring 10:6.] Die boek van Daniël is nou nie meer verseël nie,** en die openbaring deur Christus aan Johannes is nou beskikbaar vir al die bewoners van die aarde. Deur middel van die vermeerdering van kennis, sal 'n volk voorberei word wat sal staan in die laaste dae. *- {17MR 6.3}.*

**"Die tyd van die einde" het aan die einde van die 1260-jaar tydperk begin, in die jaar 1798.**

Soos die boodskap van Christus se eerste koms die koninkryk van Sy genade verkondig het, so kondig die boodskap van Sy wederkoms die koninkryk van Sy heerlikheid aan. En die tweede boodskap berus, soos die eerste, op die profesieë. Die woorde van die engel aan Daniël betreffende die laaste dae sou in die tyd van die einde verstaan word. Dan sal "baie … dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." "Die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan." **Daniël 12:4, 10.** Die Heiland het self die tekens van Sy koms gegee en Hy sê: "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur." "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie." "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan." **Lukas 21:31, 34, 36.** *– Koning van die Eeue, 234:4.*

Ons het die tyd bereik wat in hierdie skrifgedeeltes voorspel word. Die tyd van die einde is hier, die gesigte van die profete is ontseël en hul plegtige boodskappe waarsku ons dat die heerlike koms van onse Here naby gekom het. *– Koning van die Eeue, 235:1.*

Die Jode het die Woord van God verkeerd vertolk en wantoegepas en hulle wis nie die dag van hulle besoeking nie. Die jare van die bediening van Christus en Sy apostels – die kosbare laaste genadejare vir die uitverkore volk – het hulle deurgebring met sameswerings om die boodskappers van die Here te vernietig. Wêreldse ambisies het hulle besig gehou en die geestelike koninkryk is tevergeefs vir hulle aangebied. Ook vandag neem die koninkryrk van hierdie wêreld die mensdom se gedagtes in beslag en hulle let nie op die profesieë en tekens van die spoedige koms van die koninkryk van God wat so snel vervul word nie. *– Koning van die Eeue, 235:2.*

"Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie." Hoewel ons nie die uur van die Here se wederkoms sal weet nie, kan ons wel weet wanneer dit naby is. "Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees." **1 Thessalonicense 5:4-6**. *– Koning van die Eeue, 235:3.*

## *'n Groot Godsdienstige Opwekking*

In Openbaring 14 word daar 'n groot godsdienstige opwekking voorspel tydens die verkondiging van die spoedige wederkoms van Christus. Die apostel het 'n engel "in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke." "Met 'n groot stem" verkondig hy die boodskap, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." **[Openbaring 14:6, 7.]** *– Die Groot Stryd (1888), 355:1.*

Die feit dat daar gesê word dat 'n engel hierdie boodskap verkondig, is betekenisvol. Dit het goddelike wysheid behaag om die verhewe karakter van die werk wat deur hierdie boodskap gedoen word en die krag en heerlikheid waarmee dit gepaard gaan, voor te stel deur die reinheid en heerlikheid en krag van die hemelse boodskapper. In die vlug van die engel "in die middel van die lug," en "die groot stem" waarmee die waarskuwing gegee word, en die verkondiging daarvan aan almal want op die aarde woon – naamlik "aan alle nasies, stamme en tale en volke" is bewys van die spoed en wêreldwye omvang van die beweging. *– Die Groot Stryd (1888), 355:2.*

Die boodskap self werp lig op die tyd wanneer hierdie beweging sal begin. Dit word verklaar om deel te wees van die "ewige evangelie," en dit kondig die aanvang van die oordeel aan. Die boodskap van saligheid is in alle eeue verkondig; maar hierdie boodskap is deel van die evangelie wat alleen in die laaste dae kan verkondig word, want alleen dan sou dit waar wees dat die uur van Sy oordeel *gekom het.* **Die profesieë stel 'n reeks gebeurtenisse voor wat ons tot die begin van die oordeelsuur bring. Dit is veral waar van die boek van Daniël. Maar daardie deel van sy profesie wat betrekking het op die laaste dae, moes Daniël verseël "tot die tyd van die einde." Nie voor ons hierdie tyd bereik, kan die boodskap van die oordeel wat gebaseer is op die vervulling van hierdie profesieë, verkondig word nie. Maar in die tyd van die einde, sê die profeet, sal "baie … dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."** [**Daniël 12:4.]** *– Die Groot Stryd (1888), 355:3.*

Die apostel Paulus het die kerk gewaarsku om nie die wederkoms van Christus in sy tyd te verwag nie, "Eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word," voordat daardie dag kan kom. (2 Thessalonicense 2:3.) Eers na die groot afval en die lang tydperk van die regering van die mens van sonde, kan ons die wederkoms van ons Here verwag. **Die "mens van sonde," wat ook genoem word "die verborgenheid van ongeregtigheid," die "seun van die verderf," en "die ongeregtige," stel die pousdom voor, wat soos in die profesie voorspel is, vir 1,260 jaar heerskappy sou voer. Daardie tydperk het in die jaar 1798 geëindig. Die wederkoms van Christus kon nie voor daardie tyd geskied nie. Paulus se waarskuwing geld vir die hele Christelike bedeling tot by die jaar 1798. Dit is na daardie tyd dat die boodskap van die wederkoms van Christus sou verkondig word.** *– Die Groot Stryd (1888), 356:1.*

Geen dergelike boodskap is ooit in die verlede verkondig nie. Soos ons gesien het, het Paulus dit nie gepreek nie; hy het die aandag van sy broeders op die verre toekoms gevestig vir die wederkoms van die Here. Die Hervormers het dit nie verkondig nie. Martin Luther het in sy tyd gesê dat die oordeelsdag nog omtrent driehonderd jaar in die toekoms was. Maar sedert die jaar 1798 is die boek van Daniël geopen, kennis van die profesieë het toegeneem en vele het die plegtige boodskap verkondig dat die oordeelsuur naby was. *– Die Groot Stryd (1888), 356:2.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Die boodskap van saligheid is in alle eeue verkondig; maar hierdie boodskap is deel van die evangelie wat alleen in die laaste dae kan verkondig word, want alleen dan sou dit waar wees dat die uur van Sy oordeel *gekom het.* Die profesieë stel 'n reeks gebeurtenisse voor wat ons tot die begin van die oordeelsuur bring. Dit is veral waar van die boek van Daniël. Maar daardie deel van sy profesie wat betrekking het op die laaste dae, moes Daniël verseël "tot die tyd van die einde." **Nie voor ons hierdie tyd bereik, kan die boodskap van die oordeel wat gebaseer is op die vervulling van hierdie profesieë, verkondig word nie.** Maar in die tyd van die einde, sê die profeet, sal "baie … dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." (**Daniël 12:4.)** – *Die Groot Stryd, 356:0.*

2. Die woorde van die engel aan Daniël betreffende die laaste dae sou in die tyd van die einde verstaan word. – *Koning van die Eeue, 234:4.*

3. Sy (Daniël se) wonderlike profesieë, soos deur hom opgeteken in hoofstukke sewe tot twaalf van die boek wat sy naam dra, was selfs nie eens deur die profeet self ten volle verstaan nie; maar voordat sy lewenstaak afgehandel was, het hy die salige versekering ontvang dat "aan die einde van die dae" (**Daniël 12:13**) – aan die einde van die aarde se geskiedenis – sou hy weer opstaan. – *Prophets and Kings, 547:1.*

4. Die Skrif sê, "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." [**Daniël 12:4.]** Toe die boek geopen is, is die aankondiging gemaak, "Daar (sal) geen tyd meer wees nie." [Sien **Openbaring 10:6.]** Die boek van Daniël is nou nie meer verseël nie, en die openbaring deur Christus aan Johannes is nou beskikbaar vir al die bewoners van die aarde. Deur middel van die vermeerdering van kennis, sal 'n volk voorberei word wat sal staan in die laaste dae. - *{17MR 6.3}.*

5. Daar is 'n behoefte aan 'n dieper bestudering van Gods Woord; daar moet, soos nooit vantevore, veral aandag bestee word aan Daniël en die Openbaring…. Die lig wat Daniël van God ontvang het, is veral vir hierdie laaste dae gegee. – *TM 112, 113 (1896). {LDE 15:3}*

6. Laat ons die twaalfde hoofstuk van Daniël lees en bestudeer. Dit is 'n waarskuwing wat ons almal sal moet verstaan voor die tyd van die einde. – *15MR 228 (1903). {LDE 15.4}.*

7. Die laaste boek van die Nuwe Testament is vol waarhede wat ons moet verstaan. – *Gelykenisse van Christus, 133:2 (1900); {LDE 15.5}.*

8. Die onvervulde voorspellings van die boek Openbaring sal binnekort vervul word. Hierdie profesie moet nou met toewyding deur Gods volk bestudeer word, en moet duidelik verstaan word. Dit verdoesel nie die waarheid nie; dit waarsku ons vooraf en maak bekend wat in die toekoms sal gebeur. – *{LDE 15.6}.*

9. Die plegtige boodskappe wat in hul volgorde in die Openbaring gegee word, moet die vernaamste plek in die gedagtes van Gods volk inneem. – *{LDE 16.1}.*

## *Teks om te Onthou*

Daniël 12:4

# LES 117 – DIE TYD EN DIE WYSE VAN SY KOMS

*En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Handelinge 1:9-11.*

**Jesus ry voort soos 'n magtige oorwinnaar. Met hemelse lofliedere vergesel die engele Hom – 'n leërskare van engele wat ontelbaar is. Die uitspansel is bedek met heerlike gedaantes – tienduisendmaal tienduisend en duisende van duisende. Geen pen kan die toneel beskryf nie; geen menseverstand kan die heerlikheid besef nie. Namate die wolk steeds nader kom, sien elke oog die Vors van die lewe. Geen doringkroon skend nou Sy heilige hoof nie, maar Hy dra 'n kroon van heerlikheid. Sy aangesig oortref die verblindende heerlikheid van die middagson.** – *Die Groot Stryd, 641:0.*

## *Sy Belofte*

**1. Wat is Jesus se duidelike belofte dat Hy sal terugkeer?** Johannes 14:1-3.

**2. Hoe verwys Paulus na Jesus se wederkoms?** Hebreërs 9:28.

**3. Hoe seker is God se beloftes?** Titus 1:2; Hebreërs 6:18.

## *Die Tyd van Jesus se Koms*

**4. Word die presiese tyd van Christus se wederkoms geopenbaar?** Matthéüs 24:36.

**5. Maar kan ons weet naastenby wanneer Hy sal kom?**

a. Ons kan weet dat dit naby is, "voor die deur." Markus 13:29.

b. "Die uur (is) vir ons reeds daar om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het." Romeine 13:11.

c. Die vrede en veiligheid uitroep: "Wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan." 1 Thessalonicense 5:3. [Vergelyk 2 Thessalonicense 2:8.]

d. Die dag van die Here kom soos 'n dief, maar – "Julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie." 1 Thessalonicense 5:4.

e. Wanneer Protestantisme haar hand oor die kloof sal uitsteek om die hand van die Roomse mag te neem, wanneer sy die hand oor die kloof sal uitsteek om die hand van spiritisme te neem, wanneer, onder die invloed van hierdie drievoudige vereniging, ons land elke beginsel van die Grondwet as 'n Protestantse en republikeinse regering verwerp, dan kan ons weet dat die tyd gekom het vir Satan se wonderwerke en dat die einde naby is. – *Testimonies, vol. 5, 451:1.*

## *“Elke Oog Sal Hom Sien”*

**6. Wie sal Jesus sien wanneer Hy kom?** Matthéüs 24:27; Openbaring 1:7.

**7. Sal beide die regverdiges en die goddelose Jesus sien wanneer Hy kom?** Jesaja 25:9; Matthéüs 24:30; Openbaring 6:15-17.

**8. Hoe kan ons weet dat Jesus persoonlik sal kom?**

a. Jesus het gesê: “Ek (kom) weer.” Johannes 14:3.

b. Van die Christus wat sou terugkeer, het die engele gesê: “Hierdie Jesus … sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.” Handelinge 1:11.

c. “Dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.” Matthéüs 24:30.

d. Ons kan nie vergeestelik, en sê: “Dit is die geloofsoog” nie, want die goddelose sê: “Verberg ons vir die aangesig van Hom.” **Openbaring 6:16**. LET WEL: Die goddelose sal nie geloof hê nie, sal hulle?

## *Jesus Sal as ‘n Koning Kom*

**9. Wat is Jesus se titel soos Hy met Sy wederkoms voortry?** Openbaring 19:11-16.

**10. Wat dra Hy op Sy hoof?** Openbaring 19:12.

Geen doringkroon skend nou Sy heilige hoof nie, maar Hy dra ‘n kroon van heerlikheid. – *Die Groot Stryd, 641:0.*

Toe het ek gesien dat Jesus Sy priesterlike kleed uittrek, en Sy koninklike kleed aantrek. Op Sy hoof was baie krone, ‘n kroon op ‘n kroon. Omgewe van die heerskare van engele, het Hy die hemel verlaat. – *Eerste Geskrifte, 281:1.*

## *Sy Koms Sal nie in die Geheim Geskied nie*

**11. Sal hierdie gebeurtenis stilletjies of in die geheim plaasvind?** Psalm 50:3; Jeremia 25:30-32; Joël 3:16.

**12. Watter waarskuwing word ons gegee dat Christus nie in enige geheime plek sal wees nie?** Matthéüs 24:26.

**13. Hoe sal Jesus praat wanneer Hy kom?** 1 Thessalonicense 4:16, 17.

Terwyl die aarde waggel, die weerligte uitslaan en die gedreun van donder gehoor word, roep die Seun van God die slapende heiliges te voorskyn. Hy kyk na die grafte van die regverdiges en dan met Sy hande uitgestrek na die hemel roep Hy: “Staan op, staan op, staan op, julle wat in die stof slaap, staan op!” Oor die lengte en breedte van die aarde sal die dode Sy stem hoor; en hulle wat hoor, sal lewe. – *Die Groot Stryd, 644:2.*

**14. Die berg van verheerliking was Christus se wederkoms in miniatuur.** Let op hoe hierdie voorstelling in miniatuur vergelyk met die profesieë aangaande die tweede koms van Christus. Matthéüs 17:2-6.

| **Op die Berg van Verheerliking – Mattheüs 17** | **Die Werklike Gebeurtenis** |
|---|---|
| *a.* ‘n Helderligte wolk het hulle oordek. V. 5. (Sien ook Handelinge 1:9-11.) | *a.* “Hy kom met die wolke.” Openbaring 1:7; *Eerste Geskrifte*, 33, 34. |
| *b.* “Daar se ‘n stem uit die wolk…” V. 5. | *b.* “Die stem van ‘n aartsengel.” 1 Thessalonicense 4:16. |
| *c.* “Sy *aangesig het geblink* soos die son.” V. 2. (Outeur se klem.) | *c.* “Sal die ongeregtige … met die asem van Sy mond … verdelg.” 2 Thessalonicense 2:8. |
| *d.* God die Vader was daar – “Daar se ‘n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom!” V. 5. (Sien 2 Petrus 1:16, 17.) | *d.* Hy sal kom in die heerlikheid van Sy *Vader* tesame met al Sy heilige engele. Vergelyk Lukas 9:26 met Openbaring 8:1. (Die hemel sal leeg wees.) |
| *e. “*Moses (was daar) in gesprek met Hom.” V. 3. | *e.* Moses* verteenwoordig die herrese heiliges. (Sien nota onder.) |
| *f.* “Elía (was daar) in gesprek met Hom. | *f.* Elía* verteenwoordig diegene wat verander sal word. |

*Die toekomstige koninkryk van die heerlikheid is hier op die berg in miniatuur voorgestel – Christus die Koning, Moses, ‘n verteenwoordiger van die herrese heiliges en Elía van die wat verander sal word. – *Koning van die Eeue, 422:0.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Volgens die Skrif, wie was die eerste Adventiste prediker?  Judas 14, 15.

2. Hoe kon die Jode geweet het min of meer wanneer Christus die eerste keer sou kom?  Daniël 9:24-27.

3. Watter betekenis is daar in die feit dat Jesus ‘n sekel in Sy hand sal hê wanneer Hy die tweede keer kom?

## *Tekste om te Onthou*

Psalm 50:3
1 Thessalonicense 4:16, 17
Handelinge 1:9-11
Openbaring 1:7

## *Definieer of Identifiseer*

Kloof
Misleiding
Voortplanting
Lofsang
Kroon
Verwerp

# LES 118 – “DAAROM MOET JULLE OOK GEREED WEES”

*Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie. Matthéüs 24:44*

**God se boodskap aan die bewoners van die aarde vandag is,”Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.” Matthéüs 24:44. Die heersende toestande in die samelewing, en veral in die groot stede van die nasies, verkondig luid dat die uur van Gods oordeel het gekom, en dat die einde van alle aardse dinge naby is. Ons staan op die drumpel van die krisis van die eeue. Die oordele van God volg vinnig op mekaar – vuur, en vloed, en aardbewing, met oorlog en bloedvergieting. Ons moet nie gedurende hierdie tyd verbaas wees deur groot en beslissende gebeure nie; want die engel van genade kan nie veel langer talm om die onboetvaardiges te beskerm nie.** – *Prophets and Kings, 278:1.*

## *Ons Word Gewaarsku om Gereed te Wees*

**1. Watter rede verskaf ons Heiland vir Sy dringende waarskuwing,”Daarom moet julle ook gereed wees”?** Matthéüs 24:44; Lukas 12:40.

**2. Watter waarskuwing is deur die profeet Johannes aan die kerk te Sardis gegee?** Openbaring 3:3.

Om ‘n volk voor te berei om in die groot dag van God te kan staan, moet daar ‘n groot hervormingswerk gedoen word. God het gesien dat baie van Sy sogenaamde volk nie vir die ewigheid gebou het nie en in Sy genade het Hy op die punt gestaan om aan hulle ‘n boodskap van waarskuwing te stuur om hulle uit hulle slaap wakker te skud en om hulle te lei en gereed te maak vir die koms van die Here. – *Die Groot Stryd, 311:2.*

En aan diegene wat weier om gewek te word uit hulle toestand van valse veiligheid, is die volgende waarskuwing gegee: “As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.” Openbaring 3:3.

Die profeet Jeremia, vooruitsiende na daardie vreeslike tyd, het uitgeroep: “Ek bewe van angs!” Jeremia 4:19. – *Die Groot Stryd, 310:0, 2.*

## *Drie Gelykenisse Benadruk die Belangrikheid van Voorbereiding*

**3. Hoe het Jesus in Sy leringe probeer benadruk hoe belangrik dit is om gereed te wees?**

**a. In die gelykenis van die tien maagde.** Matthéüs 25:1-13.

Terwyl Christus gesit en kyk het na die groep wat op die bruidegom gewag het, het Hy die verhaal van die tien maagde aan Sy dissipels vertel en deur hulle ondervinding die ondervinding van die kerk geïllustreer wat net voor Sy wederkoms sou bestaan. Die twee soorte wagtendes stel die twee klasse voor wat beweer dat hulle op hulle Here wag. Hulle word maagde genoem omdat hulle ‘n reine geloof bely. Deur die lampe word die Woord van God voorgestel. Die olie simboliseer die Heilige Gees. – *Gelykenisse van Christus, 406:2, 3.*

Die klas wat deur die dwase maagde voorgestel word, is nie huigelaars nie. Hulle het agting vir die waarheid: hulle het die waarheid verkondig; hulle voel hulle aangetrokke tot diegene wat die waarheid glo; maar hulle het hulle nie aan die werkinge van die Heilige Gees onderwerp nie. Hulle diens vir God ontaard in ‘n vorm.

Dit is hierdie soort wat in tye van gevaar uitroep:"Vrede en veiligheid." Dit is in 'n krisis dat die karakter geopenbaar word. Die groot en finale toets kom aan die einde van die menslike proeftyd wanneer dit reeds te laat is om in die behoeftes van die siel te voorsien.

Die tien maagde wag in die aande van die wêreld se geskiedenis. Almal gee voor om Christene te wees. Elkeen het 'n roeping, 'n naam en 'n lamp en almal beweer dat hulle God dien. Almal wag blykbaar op Christus se verskyning. Maar vyf is onvoorbereid. Vyf sal verras en verstom buite die banketsaal gevind word. – *Gelykenisse van Christus, 411:1 – 412:2.*

**b. In die gelykenis van die bruilofskleed.** Matthéüs 22:1-14.

Die gelykenis van die bruilofskleed ontsluit vir ons 'n les van groot belang. Die bruilof stel die huwelik van die mensheid met die Godheid voor; die bruilofskleed stel die karakter voor wat almal moet besit wat as geskikte gaste by die bruilof gereken sal word. – Gelykenisse van Christus, 307:1.

Toe die koning inkom om die gaste te sien, is die ware karakter van almal geopenbaar. Vir elke gas by die fees is 'n bruilofskleed voorsien. Hierdie kleed is deur die koning geskenk. Deur dit te dra, het die gaste hulle agting vir die een bewys wat die feesmaal gegee het. Maar een man het nog sy alledaagse klere aangehad. Hy het geweier om die voorbereiding te maak wat die koning verwag het. Hy het geweier om die kleed te dra wat teen geweldige koste vir hom voorsien is. Sodoende het hy sy heer beledig. Toe die koning hom vra: "Hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?" (Matthéüs 22:12.) kon hy geen antwoord gee nie. Hy het homself veroordeel. Daarna sê die koning: "Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis." (Matthéüs 22:13.) Die koning se ondersoek van die gaste by die fees stel oordeelswerk voor. Dit is terwyl die mense nog op die aarde woon dat die werk van die ondersoekende oordeel in die hemelhowe plaasvind. – *Gelykenisse van Christus, 309:3 – 310:2*.

Hierdie kleed, wat op die weefstoel van die hemel geweef is, het geen enkele draad wat deur die mens bedink is nie. Christus het 'n volmaakte karakter in Sy mensheid gevorm, en Hy bied aan om ons met hierdie karakter te bedeel. – *Gelykenisse van Christus, 311:4.*

Toe die koning in die gelykenis vra: "Hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?" (Matthéüs 22:12) was die man stom. So sal dit in die groot oordeelsdag wees. Mense kan tans vir hulle karaktergebreke verskoning maak, maar in daardie dag sal hulle geen verskoning aanbied nie. – *Gelykenisse van Christus, 317:1.*

Daar sal geen toekomstige proeftyd wees om hulle vir die ewigheid voor te berei nie. Ons moet die kleed van Christus se geregtigheid in hierdie lewe aantrek. Dit is ons enigste geleentheid om karakters te vorm vir die tuiste wat Christus vir diegene berei het wat Sy gebooie bewaar. – *Gelykenisse van Christus, 319:1.*

[*Vir verdere leesstof rakende hierdie gelykenis, sien Die Gelykenisse van Christus, 307 – 319*.]

**c. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus.** Lukas 16:19-31.

Die laaste gebeurtenisse in hierdie aarde se geskiedenis word in die uiteinde van die ryk man se geskiedenis uitgebeeld. Die ryk man het daarop aanspraak gemaak dat hy 'n seun van Abraham was, maar hy was deur 'n onoorbrugbare kloof van Abraham geskei – naamlik 'n karakter wat verkeerd ontwikkel was. Abraham het God gedien, Sy Woord in geloof en gehoorsaamheid gevolg. Maar die ryk man het God en die behoeftes van 'n lydende mensdom verontagsaam. Die groot kloof wat tussen hom en Abraham gevestig was, was die kloof van ongehoorsaamheid. Daar is vandag vele wat dieselfde koers inslaan. – *Gelykenisse van Christus, 269:3.*

Om van Christus te leer, beteken om Sy grasie te ontvang, wat Sy karakter is. Maar diegene wat nie die kosbare geleenthede en heilige invloede wat op aarde aan hulle gegee word, waardeer en gebruik nie, is nie geskik om aan die reine toewyding in die hemel 'n deel te hê nie. Hulle karakters is nie in die Goddelike ewebeeld gevorm nie. Deur hulle eie nalatigheid het hulle 'n kloof geskep wat met niks oorbrug kan word nie. Tussen hulle en die regverdiges is 'n groot kloof gevestig. – *Gelykenisse van Christus, 271:1*.

## *Die Belangrikheid om die Bybel Nou te Bestudeer*

**4. Wie Alleen Sal Kan Staan en die Tyd van Benoudheid Deurmaak?**

Alleen diegene wat hulle verstand versterk het met Bybelse waarhede, sal staande bly in die groot stryd. – *Die Groot Stryd, 593:2.*

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrif is en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die verskriklike bedrog wat die wêreld sal oorval. Deur die getuienis van die Bybel sal hulle die bedrieër in sy vermomming herken. – *Die Groot Stryd, 625:3.*

**5. Watter voorbeeld het ons van 'n kerk wat getrou Bybelstudie gedoen het?** Handelinge 17:10-12.

"Hulle (die mense in Beréa) het elke dag die Skrifte ondersoek." Handelinge 17:11.

**6. Watter raad word ons gegee aangaande die bestudering van die Bybel?**

Soos ons liggaamlike lewe deur voedsel onderhou word, so word ons geestelike lewe deur die Woord van God onderhou. En elke siel moet afsonderlik vir hom lewe uit die Woord van God put. Soos ons vir onsself moet eet om voedingskrag te ontvang, so moet ons Gods Woord vir onsself ontvang. Ons moet dit nie bloot deur middel van 'n ander se verstand ontvang nie. Ons moet die Bybel grondig bestudeer en God vra om die voorligting van die Helige Gees , sodat ons Sy Woord kan verstaan. Ons moet een teks neem en ons daarop toesppits om die gedagte wT God in daardie teks vir ons uitdruk, vas te stel. Ons moet daardie gedagte oorpeins totdat dit ons eie word en ons weet wat die Here spreek. – *Koning van die Eeue, 390:4*.

## *Dink Hieroor Na*

1. Satan is "die owerste van die mag van die lug" (**Efésiërs 2:2**), maar hy is ook 'n oorwonne vyand. Hy kan nie eens die swakste heilige oorwin nie, solank hierdie heilige sy vertroue in God geplaas het.

2. "Julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" (1 Petrus 5:8), maar, soos in die geval van Daniël in die leeukuil, sal sy mond toegesluit bly solank as ons verhouding met God en Sy engele behoue bly.

3. Toe Satan uit die hemel gewerp is, het hy een derde van die engele saam met hom geneem. God het twee engele vir elkeen wat Satan het; dus, indien nodig, kan Hy twee keer soveel engele stuur om ons te help as wat Satan teen ons kan stuur.

4. Hoe nader ons aan die einde van tyd kom, hoe erger is Satan se versoekings; maar ons hoef nie wanhopig te raak nie. Elkeen het 'n engel wat die grootste belangstelling in alles aangaande hom of haar het, en God is altyd gereed om te luister na die bede van hulle wat Hom nodig het.

5. “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.” **Matthéüs 24:24**.

Die enigste rede hoekom dit nie moontlik sal wees om God se uitverkorenes te mislei nie, is omdat hulle ‘n grondige kennis van die Bybel het, en bewus is van hoe dinge sal ontvou. Satan sal nie diegene kan mislei wat God op Sy woord glo en Hom gehoorsaam nie.

## *Tekste om te Onthou*

Matthéüs 24:44
Lukas 12:40
Matthéüs 25:1-13
Lukas 16:19-31

## *Definieer of Identifiseer*

Aartsengel
Verbond
Toorn

# LES 119 – WAT SAL GEBEUR WANNEER HY KOM?

*Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. 1 Thessalonicense 4:16.*

**By Sy koms sal die regverdige dode opgewek word en die regverdige lewendes sal verander word. "Ons sal wel nie almal ontslaap nie," sê Paulus, "maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." 1 Korinthiërs 15:51-53.** *– Die Groot Stryd, 322:1.*

## *Die Regverdiges*

**1. Hoekom kom Jesus terug na hierdie aarde?** Johannes 14:1-3.

**2. As die regverdiges hemel toe sou gaan wanneer hulle sterf, sou dit vir Jesus nodig wees om te belowe om na die aarde terug te keer en om "julle na My toe (te) neem"?**

**3. Hoekom kom al die heilige engele saam met Christus?** Matthéüs 24:31; 25:31, 32.

**4. Soos Jesus van die hemel neerdaal, watter drie dinge gebeur wat veroorsaak dat die dode opstaan?** 1 Thessalonicense 4:16.

**5. Tydens hierdie koms, wie onder die dode staan op?** 1 Thessalonicense 4:16.

Toe het Jesus se silwertrompet weerklink onderwyl Hy afgedaal het op die wolk, omhul van vuurvlamme. Hy het na die grafte van die slapende heiliges gekyk, en toe het Hy Sy oë en hande opgehef na die hemel en uitgeroep, "Ontwaak! ontwaak! ontwaak! julle wat slaap in die stof van die aarde, staan op." Toe was daar 'n groot aardbewing. Die grafte het oopgegaan, en die dode het voortgekom, beklee met onsterflikheid. Die 144,000 het geskreeu, "Halleluja!" toe hulle hulle vriende herken het wat deur die dood van hulle geskeur is, en op dieselfde oomblik is ons verander en saam met Hom opgeneem die Here tegemoet in die lug. *– Eerste Geskrifte, 16:1.*

## *'n Spesiale Opstanding*

**6. Watter spesiale opstanding het die opstanding van die regverdiges voorafgegaan?** Daniël 12:2; Openbaring 1:7.

"Ook hulle wat Hom deursteek het" (Openbaring 1:7), diegene wat Christus bespot en uitgeskel het in Sy doodsangs en die vernaamste teenstanders van Sy waarheid en Sy volk word opgewek om Hom in Sy heerlikheid te sien en om die eer te aanskou wat die getroues en gehoorsames ontvang. *– Die Groot Stryd, 637:2.*

***Ons Heiland het die kloof tussen hemel en aarde oorbrug sodat ons die ewige lewe mag hê.***

**7. Wie word ingesluit in "sommige tot die ewige lewe" in Daniël 12:2?**

Grafte word geopen "en baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." (Daniël 12:2.) Almal wat in geloof in die derde engel se boodskap gesterf het, kom verheerlik voort uit die graf om Gods verbond van vrede te hoor met diegene wat Sy wet onderhou het. – *Die Groot Stryd, 637:2.*

## *Die Regverdige Lewendes*

**8. Watter ondervinding wag vir die regverdige lewendes tydens Christus se wederkoms?**
1 Korinthiërs 15:51-53; 1 Thessalonicense 4:17.

Die lewende regverdiges word verander "in 'n oomblik, in 'n oogwink." Op Gods magwoord word hulle verheerlik; nou is hulle onsterflik en saam met die verrese heiliges word hulle opgeneem, die Here tegemoet in die lug. Klein kindertjies word deur engele na hulle moeders se arms gedra. Vriende wat lank deur die dood geskei was, word herenig om nooit weer te skei nie en met vreugdeliedere vaar hulle saam op na die Godstad. – *Die Groot Stryd, 645:1.*

## *Die Goddelose, Beide Dode en Lewende*

**9. Hoe raak die koms van Christus die goddelose dode?**

Hulle word glad nie daardeur geraak nie, behalwe die enkeles waarna daar in Openbaring 1:7 verwys word, wat in die spesiale opstanding opgewek is.

**10. Aangesien die goddelose dode nie tydens Christus se wederkoms opgewek sal word nie, sal hulle ooit lewend gemaak word?** Johannes 5:28, 29; Openbaring 20:5.

**11. Wat sal die ondervinding van die lewende dode wees tydens die heerlike koms van Christus met al die heilige engele?** Openbaring 6:14-16.

Die gespot het opgehou. Leuenagtige lippe is stil. Die gekletter van wapens en die rumoer van oorlog, "met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is," is stil. Jesaja 9:4. Daar word nou niks gehoor nie behalwe stemme wat bid en mense wat ween en weeklaag. Van lippe wat so kort gelede nog gespot het, word die kreet nou gehoor, "Die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Die goddelose bid tot die rotse om hulle te bedek, liewer as om die aangesig te sien van Hom wat hulle verag en verwerp het.

Die stem wat selfs tot die ore van die dode deurdring, ken hulle. Hoe dikwels het daardie pleitende, tere stem hulle nie tot bekering geroep nie! Daardie stem bring dinge in herinnering wat hulle graag uitgedelg wou sien – waarskuwings wat verag is, uitnodigings wat geweier is en voorregte wat verwaarloos is. – *Die Groot Stryd, 642:2, 3.*

**12. Terwyl die regverdige lewendes in die hemel opgeneem sal word, wat sal die ondervinding van die goddelose lewendes met Christus se wederkoms wees?** 2 Thessalonicense 1:7-10.

'n Teken van verlossing is geplaas aan diegene "wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word." Die doodsengel gaan nou uit, soos voorgestel in Eségiël se gesig deur manne met wapens aan wie bevel gegee is: "Slaan dood grysaards, jongmanne en jongdogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan

niemand op wie die teken is nie, en begin by my heiligdom." **Eségiël 9:6**. Die profeet sê, "Hulle het begin by die ou manne wat voor die huis was." Die werk van verwoesting begin onder diegene wat voorgegee het dat hulle die geestelike beskermers van die volk was. Die valse wagters word eerste geslaan. Daar is niemand wat ontferming het of wat spaar nie. Mans, vrouens, meisies en klein kindertjies – almal word doodgemaak. "En in dié dag sal die Here 'n groot verwarring onder hulle stig, sodat hulle mekaar by die hand sal gryp en teen mekaar die hand sal ophef." Sagaría 14:13. Die goddelose aardbewoners – priesters, owerstes, die volk, ryk en arm, hoog en laag, kom om in die stryd van hulle eie verwoede drifte en in die uitstorting van Gods grimmigheid. "Die wat deur die Here verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie." **Jeremia 25:33**.

By die koms van Christus word die goddelose oor die ganse aarde uitgedelg – verteer deur die asem van Sy mond en verdelg deur die heerlikheid van Sy koms. – *Die Groot Stryd, 656:2 - 657:2*.

## *Met Christus se Koms*

### *Regverdiges*

Lewendes – sal in die hemel opgeneem word [sal nie sterf nie].
Dode – word uit die graf geroep.

### *Goddelose*

Lewendes – sterf.
Dode – bly dood tot die tweede opstanding.

## *Dink Hieroor Na*

1. Moses was die eerste wat uit die dode opgewek is, 'n belofte dat God diegene wat in geloof in Hom gesterf het, sal opwek.

2. Terwyl Jesus op aarde was, het Hy ten minste drie persone uit die dode opgewek: Jaïrus se dogter, die seun van die weduwee van Nain, en Lasarus.

3. Toe Jesus op die kruis sterf, het die aardbewing wat daardie gebeurtenis gekenmerk het, die grafte geopen van sommige wat begrawe was, en, toe Hy uit die dode opgestaan het, het Gods Gees daardie slapende heiliges wakker gemaak en hulle is opgewek tot die onsterflike lewe. Hulle is hemel toe as die eerstelinge van hulle wat in die graf slaap.

4. Net voor Jesus na die aarde terugkeer, sal daar 'n spesiale opstanding wees waar die getroue mans en vrouens van alle eeue, diegene wat in geloof gesterf het tydens die verkondiging van die derde engel se boodskap, diegene wat Jesus se hande en voete deurboor het, diegene wat, soos Pilatus, 'n rol gespeel het in Sy dood, asook diegene wat gedurende die eeue die voortou geneem het in die vervolging van Gods kinders, sal vanuit hulle grafte kom om Hom in krag en heerlikheid te sien kom.

5. Met Sy wederkoms sal daar 'n opstanding wees van die regverdiges van all eeue wat nog in hul grafte slaap.

6. Aan die einde van die duisendjaar sal daar ‘n opstanding wees van die goddelose wat voor Sy wederkoms gesterf het, en ook diegene wat verdelg is deur die heerlikheid van Sy koms sal opgewek word. In watter een van hierdie drie laasgenoemde groepe wil jy graag wees?

## *Tekste om te Onthou*

Daniël 12:2
2 Thessalonicense 1:7, 8
1 Thessalonicense 4:16, 17
Openbaring 1:7

# LES 120 – DIE DUISEND JAAR IN DIE HEMEL

*En hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. Openbaring 20:4.*

**Nadat die heiliges verander is in onsterflikheid, en saam opgeneem is met Jesus, en nadat hulle harpe, klere, en krone ontvang en die stad binnegegaan het, sal hulle saam met Jesus in die oordeel sit. Die boeke word geopen – die boek van die lewe en die boek van die dood. Die boek van die lewe bevat die goeie dade van die heiliges; en die boek van die dood bevat die bose dade van die goddelose. Hierdie boeke word dan vergelyk met die wetboek, die Bybel, en daarvolgens word die mense geoordeel. Saam met Jesus spreek die heiliges die vonnis uit oor die goddelose dode.** *– Eerste Geskrifte, 52:2.*

## *Begin van die Millennium*

**1. Watter gebeure dui op die begin van die duisend jaar?**

a. Wederkoms van Christus. 1 Thessalonicense 4:16, 17.
b. Opstanding van die regverdige dode. 1 Thessalonicense 4:16; Openbaring 20:6, eerste gedeelte.
c. Regverdige lewendes word verander en opgeneem. 1 Korinthiërs 15:52.
d. Lewende goddelose verdelg. 2 Thessalonicense 1:7, 8; 2:8.
e. Satan gebind. Openbaring 20:2.


**2. Wat beteken die stelling dat Satan gebind is?**

Johannes voorspel die verbanning van Satan en die toestand van chaos en verwoesting waarin die aarde omgeskep sal word; hy sê dat hierdie toestand vir ‘n duisend jaar sal voortduur. – Die Groot Stryd, 658:2.

Selfs die goddelose is nou buite bereik van Satan wat alleen met sy bose engele agterbly om die gevolge te sien wat die vloek van die sonde gebring het.

Vir ‘n duisend jaar sal Satan heen en weer op die verwoeste aarde ronddwaal om die gevolge van sy rebellie teen die wet van God te betrag. Gedurende hierdie tyd is sy lyding verskriklik. Sedert sy val, het sy lewe van onophoudelike bedrywigheid hom geen kans gegee vir oorpeinsing nie; maar nou is sy krag ontneem en hy word alleen gelaat om sy werk sedert hy teen die regering van die hemel in opstand gekom het, te betrag, en vooruit te sien met vrees en bewing na die ontsettende toekoms wanneer hy sal moet ly vir al die sonde wat hy gedoen het en gestraf sal word vir die sondes wat hy laat doen het. *– Die Groot Stryd, 660:1.*

Hier het ons ‘n beskrywing van die plek waar Satan en sy bose engele vir ‘n duisend jaar sal woon. Beperk tot hierdie aarde, sal hy nie toegang hê tot die ander wêrelde om diegene wat nooit in die sonde geval het, te versoek en lastig te val nie. Dit is in hierdie sin dat hy gebind word: daar bly geen mense oor op wie hy sy krag kan beoefen nie. Hy is heeltemal afgesny van sy werk van bedrog en verwoesting wat vir soveel eeue sy enigste vreugde was. *– Die Groot Stryd, 659:1.*



***Johannes het die Nuwe Jerusalem uit die hemel sien neerdaal, die hoofstad vir almal wat op God se nuwe aarde sal woon.***

## *Die Duisendjaar Tydperk*

**3. Wat sal plaasvind gedurende hierdie lang tydperk?**

3a. Die regverdiges is besig met ‘n werk van oordeel. 1 Korinthiërs 6:1-3; Openbaring 20:4.

Gedurende die duisend jaar tussen die eerste en die tweede opstandings, vind die oordeel van die goddelose plaas. Dit is in hierdie tyd, soos deur Paulus voorspel is, “dat die heiliges die wêreld sal oordeel.”

**1 Korinthiërs 6:2**. – *Die Groot Stryd, 660:4.*

3b. Die goddelose is almal dood. 2 Thessalonicense 1:7, 8; 2:8.

3c. Satan is gebind deur 'n ketting van omstandighede – niemand om te versoek nie:

(1) Die regverdiges is by Christus. Openbaring 20:4.

(2) Die goddelose is almal dood. Openbaring 20:5.

**4. Watter prentjie skets Jeremia van die aarde op hierdie tydstip?** Jeremia 4:23-26.

Vooruitsiende na die groot dag van die Here, het die profeet Jeremia gesê: "Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek." **Jeremia 4:23-26.** – *Die Groot Stryd, 659:0.*

## *Gebeure aan die Einde van die Millennium*

**5. Gebeure wat gaan plaasvind aan die einde van die duisend jaar:**

**5a. "Die ander dode" – die goddelose – word opgewek.** Openbaring 20:5.

Net soos die goddelose in hulle grafte neergedaal het, so kom hulle voort, met dieselfde vyandigheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees. Vir hulle is daar nie 'n nuwe genadetyd om die gebreke van die verlede aan te vul nie. Dit sou ook niks help nie. 'n Lewe van oortreding het nie hulle harte versag nie. – *Die Groot Stryd, 662:2.*

**5b. "Satan (sal) ontbind word, en hy sal uitgaan om die nasies te verlei."** Openbaring 20:7, 8.

Wanneer die goddelose dode opgewek word en hy [Satan] die groot skare aan sy kant sien, herleef sy hoop en hy besluit om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Maar nog net so listig as altyd, erken hy nie dat hy Satan is nie. Hy maak daarop aanspraak dat hy die vors en die regmatige eienaar van die wêreld is wat onwettig beroof is van sy erfdeel. Hy stel homself aan sy misleide onderdane voor as 'n verlosser, en hy verseker hulle dat dit sy krag is wat hulle uit hulle grafte opgewek het en dat hy op die punt staan om hulle te verlos van die wreedste tirannie. In die afwesigheid van Christus verrig Satan wonders om sy aansprake te staaf. Hy maak die swakkes sterk en hy besiel almal met sy eie gees en energie. Hy stel voor om hulle aan te voer teen die laer van die heiliges en om die stad van God in te neem. – *Die Groot Stryd, 663:1.*

**5c. "Die heilige stad, die nuwe Jerusalem"** (Openbaring 21:2) daal neer uit die hemel.
Openbaring 20:9; 21:2.

Christus daal neer op die Olyfberg vanwaar Hy na Sy opstanding opgevaar het en waar die engele die belofte van Sy wederkoms herhaal het. Wanneer die Nuwe Jerusalem in verblindende heerlikheid uit die hemel neerdaal, sal dit tot rus kom op die plek wat daarvoor gereinig en gereed gemaak is en Christus met Sy volk en die engele sal die heilige stad binnegaan. – *Die Groot Stryd, 662:3.*

**5d. Satan en die nasies omsingel "die geliefde stad."** Openbaring 20:8, 9.

Eindelik word die bevel gegee om op te ruk en die ontelbare leërskare beweeg – 'n leër soos nog nooit deur aardse veroweraars op die been gebring is of wat deur die gesamentlike magte van alle eeue sedert die eerste oorlog op die aarde oortref is nie. Satan, die magtigste van alle stryders, is aan die voorpunt en sy engele verenig hulle kragte vir die finale slag. Met militêre reëlmatigheid ruk die linies op oor die aarde se gebroke oppervlakte na die stad van God. Op bevel van Jesus word die poorte van die Nuwe Jerusalem gesluit; die leërs van Satan omsingel die stad en maak gereed vir die aanval. *– Die Groot Stryd, 664:3.*

**5e. Vuur van God uit die hemel verslind die goddelose.** Openbaring 20:9.

Ten spyte van die feit dat Satan gedwing is om die geregtigheid van God te erken en hom neer te buig voor die oppergesag van Christus, bly sy karakter onveranderd. Die opstandige gees bars nou uit soos 'n magtige stroom. Vervul met woede, besluit hy om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Die tyd het aangebreek vir 'n laaste wanhopige poging teen die koning van die hemel. Hy haas hom na sy onderdane en hy probeer om hulle aan te vuur met sy eie woede en om hulle op te wek om dadelik die stryd te begin. Maar onder die ontelbare miljoene wat hy tot rebellie verlei het, is daar nou nie een wat sy oppergesag erken nie. Sy mag is op 'n einde. Die goddelose is met dieselfde haat teenoor God vervul wat Satan besiel; maar hulle sien dat hulle saak hopeloos is en dat hulle nie teen Jehova kan staan nie. Hulle woede is nou opgewek teen Satan en sy werktuie in die bedrog en met die woede van duiwels val hulle hulle aan. Vuur daal neer van God uit die hemel. Die aarde word opgebreek. Die wapens wat in sy dieptes weggesteek is, word geopenbaar. Verterende vlamme skiet by elke skeur uit. Selfs die rotse is aan die brand. Die oppervlakte van die aarde is een gesmelte massa – 'n groot kokende poel van vuur. *– Die Groot Stryd, 671:2; 672:2.*

**5f. "'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde."** 2 Petrus 3:10-14; Openbaring 21:1-5.

"Ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan." Openbaring 21:1. Die vuur wat die goddelose verdelg, reinig die aarde.

Daar sal net een herinnering aan die sonde wees: ons Verlosser sal altyd die tekens van Sy kruisiging dra. Op Sy hoof, aan Sy sy en aan Sy hande en voete is die tekens van die wrede werk van die sonde. Die aarde wat in die begin aan die mens gegee is, wat hy in die hande van Satan oorgegee het en wat so lank deur die magtige vyand beset is, is teruggebring deur die groot verlossingsplan. Alles wat as gevolg van die sonde verlore gegaan het, is weer herstel.

Menslike taal kan nie die loon van die regverdiges beskryf nie. Alleen diegene wat dit eendag sal sien, sal dit ken. Die beperkte menslike verstand kan nie die heerlikheid van die paradys van God begryp nie. In die Bybel word die erfdeel van die verlostes 'n vaderland genoem. (Hebreërs 11:14-16.) In daardie land sal die hemelse Herder Sy kudde na fonteine van lewende waters lei. Die boom van die lewe gee elke maand sy vrugte en die blare van die boom is vir die genesing van die nasies. In die atmosfeer van die hemel kan daar geen pyn wees nie. Daar sal nie meer trane wees nie; ook geen begrafnisse of tekens van rou nie. Daar is die Nuwe Jerusalem, die hoofstad van die verheerlikte nuwe aarde. *– Die Groot Stryd, 674:1 – 676:2.*

**6. In watter toestand sal die heelal dan wees?**

Die groot stryd is beëindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van eensgesindheid en blydskap klop deur die groot skepping. Van Hom wat almal geskape het, vloei lewe en lig en blydskap deur die onbeperkte ruimtes. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld, alle dinge, lewendig en lewenloos, in hulle volmaakte skoonheid en vreugde, verklaar dat God liefde is. *– Die Groot Stryd, 678:3.*

## *Dink Hieroor Na*

1. Die gebeure wat aan die begin van die millennium plaasvind, word duidelik gedefinieer:

(a) Die wederkoms van Christus, vergesel van al die heilige engele;
(b) die opwekking van die regverdige dode – hulle wat nie in die spesiale opstanding opgewek is nie;
(c) die verdelging van die goddelose wat dan lewend op aarde is, tesame met die goddelose wat in die spesiale opstanding opgewek is;
(d) die verandering van die regverdiges wat dan lewend op aarde is, en
(e) al die regverdiges gaan na hulle hemelse tuiste.

2. Satan is gebind deur 'n ketting van omstandighede – daar is niemand op aarde wat hy kan versoek nie, en hy kan hierdie aarde nie verlaat nie. Hy is reeds 'n aantal kere uitgewerp:

(a) Hy is aan die begin uit die hemel gewerp;
(b) toe Jesus op die kruis gesterf het, is hy uit die hemelse raadskamers gewerp – Jesus het die plek ingeneem wat aan Adam toegewys was;
(c) aan die begin van die millennium sal hy geheel en al tot hierdie aarde beperk wees, en
(d) uiteindelik sal "hy in die poel van vuur gewerp" word. Openbaring 20:15.

3. Terwyl Satan gebind is deur die ketting van omstandighede met 'n duisend jaar om na te dink oor die skade wat hy in God se heelal aangerig het, is die regverdiges in die hemel, besig om die geskiedrolle na te sien. Hulle sal volkome tevrede wees met die regverdigheid en die genade waarmee God elke geval behandel het, en hulle sal saamstem dat die verdelging van die goddelose die enigste ding is wat God kon doen om genadig teenoor die sondaar te wees en om Sy heelal van die sondeklad te reinig.

4. Aan die einde van die millennium daal Jesus na die aarde neer en die volgende gebeure vind plaas:

(a) Die goddelose dode word opgewek;
(b) die Heilige Stad daal neer na 'n vlakte wat sal wees waar die Olyfberg nou is;
(c) Satan en  sy volgelinge omsingel die stad om dit oor te neem;
(d) hulle sien Gods wet in die hemel opgeteken, en elkeen erken sy eie skuld en God se regverdigheid in die dat Hy hom uit die hemel gehou het, en
(e) vuur verteer die goddelose – Satan en sy engele ly vir 'n langer tydperk as die ander.

5. Wanneer die genadetyd tot 'n einde gekom het, sal daar geen "tweede kans" vir die mens wees om tot inkeer te kom nie. Alle leerstellings wat hierdie doktrine voorstaan, is 'n misleiding, en talle met die verwagting dat hulle die voorreg sal hê om 'n karakter te vervolmaak wat in die oordeel sal staan, sal verlore gaan. Die millennium sal beslis nie vir so 'n doel gebruik word nie. By watter groep sal jy jouself gedurende die duisend jaar bevind – onder die regverdiges in die hemel, of saam met diegene wat deur die verskyning van Sy wederkoms tot niet gemaak is? Die antwoord rus geheel en al by jou.

## *Tekste om te Onthou*

Jeremia 4:23-26; Openbaring 20; Openbaring 21

## *Definieer of Identifiseer*

Atoom; Mislei; Millennium; Tirannie

# LES 121 – ‘N EWIGHEID OP AARDE

*Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. 2 Petrus 3:13.*

**In die Bybel word die erfdeel van die verlostes ‘n vaderland genoem. (Hebreërs 11:14-16.) In daardie land sal die hemelse Herder Sy kudde na fonteine van lewende waters lei. Die boom van die lewe gee elke maande sy vrugte en die blare van die boom is vir die genesing van die nasies. Daar is strome wat nooit opdroog nie, so helder as kristal en langs hulle groei bome wat hulle skaduwees werp op die paaie wat vir die verlostes van die Here berei is. Daar is wyd uitgestrekte vlaktes, begrens deur pragtige heuwels en deur die berge van God met hulle hoë spitse. Op daardie vreedsame vlaktes, langs daardie lewende strome, vind Gods volk wat so lank pelgrims en swerwelinge was, ‘n tuiste.** *– Die Groot Stryd, 675:1.*

## *Skepping van die Nuwe Aarde*

**1. Sal hierdie aarde soos ons dit nou ken, tot ‘n einde kom?** Matthéüs 24:14.

**2. Watter metode van vernietiging sal gebruik word?** 2 Petrus 3:7, 10-12.

**3. Hoe volkome sal die vernietiging wees?** Jesaja 34:1-5; Jeremia 4:20-23; Openbaring 20:9.

Vuur daal neer van God uit die hemel. Die aarde word opgebreek. Die wapens wat in sy dieptes weggesteek is, word geopenbaar. Verterende vlamme skiet by elke skeur uit. Selfs die rotse is aan die brand. Die dag wat brand soos ‘n oond het gekom. Die elemente versmelt weens die verskriklike hitte en die aarde en die werke wat daarop is, verbrand. (Mal. 4:1; sien ook 2 Pet. 3:10.) Die oppervlakte van die aarde is een gesmelte massa – ‘n groot, kokende poel van vuur. *– Die Groot Stryd, 672:2.*

**4. Wat sal voortkom uit hierdie chaos?** Jesaja 66:22, 23; Openbaring 21:1.

Toe het ek gekyk en ek het gesien dat die vuur wat die goddelose verteer het, ook al die vuilgoed verbrand en die aarde gereinig het. Weer het ek gekyk, en ek het gesien dat die aarde gereinig is. Daar was nie ‘n enkele teken van die vloek nie. Die gebroke, oneffe oppervlakte van die aarde, was nou mooi gelyk, soos ‘n uitgestrekte vlakte. Gods ganse heelal was rein, en die groot stryd was vir ewig verby. Waar ons ook al gekyk het, was alles pragtig en heilig. Die pragtige nuwe aarde, met al sy heerlikheid, het die ewige erfdeel van die heiliges geword. *– Eerste Geskrifte, 295:1.*

## *Die Lewe op die Nuwe Aarde*

**5. Met watter doel was die aarde geskape?** Jesaja 45:18.

**6. Aan wie het God die aarde gegee?** Psalm 115:16; Matthéüs 5:5.

**7. Waar sal die regverdiges beloon word?** Spreuke 11:31.

**8. Watter toestande sal op die nuwe aarde heers?**

***8a. Vir die hand –*** Jesaja 65:21-23.

(1) "Hulle sal huise bou en bewoon."  V. 21.
(2) "Hulle sal wingerde plant en die vrug daarvan eet."  V. 21.
(3) "My uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet."  V. 22.
(4) "Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei nie."  V. 23.

***8b. Vir die kop –***

(1) Die verkryging van kennis sal nie die verstand of die energie uitput nie. *– Die Groot Stryd, 677:2.*
(2) Al die skatte van die heelal sal oop wees vir die studie van die verlostes van God.*– Die Groot Stryd, 677:3.*
(3) Met onuitspreeklike vreugde deel die kinders van die aarde in die blydskap en wysheid van wesens wat nooit geval het nie. Hulle deel in die skatte van kennis en wysheid wat verkry is deur die eeue heen in die oorpeinsing van Gods handewerk. *– Die Groot Stryd, 677:3.*
(4) Die wetenskap van verlossing is die wetenskap van alle wetenskappe, die wetenskap wat die studie van die engele en al die wesens van die ongevalle wêrelde is; die wetenskap wat deur die eindelose eeue die studie van Gods verlostes sal wees. Dit is die mees verhewe studie waarmee die mens hom moontlik kan besig hou. *– Opvoeding, 126:2.*

***8c. Vir die hart –***

(1) "Elke week op die Sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig."  **Jesaja 66:23.**
(2) "Hulle hef hul stem op … vanweë die majesteit van die Here."  **Jesaja 24:14**.
(3) "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word."  **Mattheüs 5:6.**

**9. Hoe sal die nuwe aarde verskil?**

**9a. Van wat ons nou ken:**

(1) "Die wolf (wei) by die lam."  **Jesaja 11:6.**
(2) "'n Klein seuntjie sal hulle [leeu, wolf, ens.] aanja."  V. 6.
(3) "Die leeu eet strooi soos die os."  V. 7.
(4) "Die suigling speel by die gat van 'n adder."  V. 8.
(5) "Hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie."  **Jesaja 65:22**.
(6) "Daar sal geen dood meer wees nie."  **Openbaring 21:4**.

**9b. Van wat Adam geken het:**

(1) "Stof sal die voedsel van die slang wees."  **Jesaja 65:25**.
(2) "Hy [God] het vir hulle 'n stad berei."  **Hebreërs 11:16**. [Sien Openbaring 21:2.]
(3) "Die see was daar nie meer nie."  **Openbaring 21:1**.
(4) "Die tabernakel [troon, of hoofkwartier] van God is by die mense." **Openbaring 21:3**;
*Die Groot Stryd, 676:2.*
(5) "Die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae."  **Jesaja 30:26**.
(6) Christus behou Sy wonde. Sagaría 13:6. Daar sal net een herinnering aan die sonde wees: ons Verlosser sal altyd die tekens van Sy kruisiging dra. *– Die Groot Stryd, 674:2*.

**10. Sal ons mekaar daar ken?**  1 Korinthiërs 13:12. [Sien Eerste Geskrifte, 17.]

Daar sal ons ken soos ons geken is. *– Opvoeding, 306:2.*

**11. Wat van ons hartseer en sondige ondervindings op hierdie aarde?**  Miga 7:19; Openbaring 21:4, 12.

**12. Sal "benoudheid" weer op hierdie aarde opkom?** Nahum 1:9.

## *Dink Hieroor Na*

1. Is hierdie 'n teenstrydigheid: "Dáár sal geen leeu wees nie" (Jesaja 35:9) vergelyk met "die leeu eet strooi soos die os" (Jesaja 11:7)? Verduidelik.

2. Die Bybel sê, "Die see was daar nie meer nie." Openbaring 21:1. Bring Sagaría 9:10 in ooreenstemming met hierdie stelling.

3. Hoe sal die leeu strooi eet soos die os in die lig van sy huidige verteringstelsel?

4. Daar sal in die Nuwe Jerusalem geen behoefte aan die son wees nie; geld hierdie bepaling plaaslik of wêreldwyd?

5. As die heiliges elke week Sabbatskool toe gaan – en vanselfsprekend sal hulle betyds wees – hoe verklaar jy dat hulle binne 'n oogwink daarheen kan reis, aangesien sommige duisende myle van die stad af woon?

6. Hoe sal die nuwe aarde meer geseënd wees as die een wat Adam geken het, selfs al was daar hier geen sonde nie?

## *Tekste om te Onthou*

Jesaja 45:18
2 Petrus 3:13
Jesaja 66:22, 23
Openbaring 21:1-4

## *Definieer of Identifiseer*

Chaos
Verteer
Bewoon
Pelgrim
Losprys

# LES 122 – "EN KYK, EK KOM GOU" – OPSOMMING VAN EENHEID 16

*En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Openbaring 22:12.*

**Die verlostes hef 'n loflied aan wat deur die hemel weergalm, "Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!" [Openbaring 7:10.] Engele en die serafs sing saam. Waar die verlostes die krag en kwaadwilligheid van Satan sien, besef hulle, soos nog nooit tevore nie, dat geen krag, behalwe dié van Christus, hulle oorwinnaars kon gemaak het nie. In daardie ganse heerlike skare is daar nie een wat sy verlossing aan homself toeskryf asof hy deur sy krag en goedheid oorwin het nie. Daar word nie een woord gesê van wat hulle gedoen en gely het nie; maar die tema van elke lied en die grondtoon van elke loflied is, Heil aan onse God en aan die Lam!** – *Die Groot Stryd, 665:3.*

### *Die Sekerheid van Jesus se Wederkoms*

1. Wat is een van die plegtigste, dog heerlikste waarhede wat in die Bybel geopenbaar is?
2. Wat is inderwaarheid die sleutel tot die Heilige Skrifte?
3. Noem ses tekste wat duidelike beloftes of profesieë is rakende Christus se wederkoms.
4. Wat was, en sal voortgaan om te wees, die gebed van die kerk?

### *Tekens in die Hemele en op Aarde*

1. Op watter wyse sou die son, maan en sterre tekens van die einde word?
2. Wat sal die uitwerking van die skudding van die hemele deur die stem van God wees op die son, maan en sterre?
3. Wanneer sou die tekens in die hemele verskyn?
4. Watter tekens sou op die aarde verskyn?

### *Tekens in die Sosiale en Godsdienstige Wêreld*

1. In watter "gemeenskappe" sal 'n groot deel van Christus se ware volgelinge gevind word?
2. Maak 'n lys van die sosiale toestande wat kenmerkend van die laaste dae sal wees.
3. Dui aan die tekens in die godsdienstige wêreld wat op die voorgrond sal wees voor Christus se koms.
4. Wat sal die laaste groot daad in die drama van misleiding wees?

### *Tekens in die Politiese en Ekonomiese Wêreld*

1. Waar kan 'n oplossing gevind word vir die probleme wat die mensdom vandag verwar?
2. Wanneer, volgens Johannes, sal die nasies vertoornd wees?
3. Dui aan hoe die agste gebod in ons tyd deur talle persone geskend word.
4. Watter spesiale lig is aan Gods volk gegee wat, indien hulle dit volg, hulle die hef in die hand sal gee?

### *“Die Kennis Sal Vermeerder”*

1. Wat was Daniël aangesê om te doen “tot die tyd van die einde toe”?
2. Watter profesie is gemaak rakende die gebeure aan die einde van die 1260-jaar tydperk?
3. Verduidelik die profetiese toepassing van die stelling: “die kennis sal vermeerder” in Daniël 12:4.
4. Verduidelik hoe die vermeerdering van kennis die aarde sal verlig en hoe hierdie boodskap sal afsluit.

### *Die Tyd en Manier van Christus se Koms*

1. In watter twee Bybeltekste word die duidelikste beloftes van Christus se wederkoms gevind?
2. Hoewel die presiese tyd van Christus se wederkoms nie geopenbaar is nie, wat sal die Christen weet?
3. Wat is geopenbaar rakende die manier wat Christu sal kom?
4. Die berg van verheerliking was Christus se wederkoms in die kleine. Wie was die Koning? Die verteenwoordiger van die opgewekte heiliges? Die verteenwoordiger van die heiliges wat lewend na die hemel opgeneem sal word?

### *“Daarom Moet Julle Ook Gereed Wees”*

1. Watter gebeure sal vinnig op mekaar volg, volgens wat aan ons meegedeel is?
2. Hoekom verbaas dit ons nie?
3. Toon hoe Jesus in Sy leringe beklemtoon het hoe belangrik dit is om gereed te wees.
4. Alleen wie sal beskerm word teen die verskriklike bedrog van die laaste dae?

### *Wat Sal Gebeur Wanneer Christus Kom*

1. Wat is die doel van Christus se terugkeer na hierdie aarde?
2. Watter gedeelte van die werk wat verband hou met Christus se wederkoms word deur engele gedoen?
3. Wys op die twee opstandings wat plaasvind in verband met Sy wederkoms.
4. Waarmee sal al die regverdiges in daardie stadium beloon word?
5. Wat sal die goddelose se reaksie op Jesus se koms wees, en wat sal hulle lotsbestemming wees?

### *Een Duisend Jaar in die Hemel*

1. Noem vyf gebeure wat die aanvang van die duisend jaar aandui.
2. Verduidelik hoe Satan gedurende die duisand jaar gebind is.
3. Hoekom behoort daar ‘n ondersoekende oordeel gedurende die millennium plaas te vind, wanneer die lotsbestemming van die goddelose alreeds besluit is?
4. Noem vyf gebeure wat die einde van die millennium andui.

### *‘n Ewigheid op die Aarde*

1. Gee ‘n woordprentjie van die nuwe aarde.
2. Beskryf hoe God die aarde sal verdelg en daaruit ‘n liefliker “vaderland” sal voortbring wat die tuiste van die verlostes sal wees.
3. Bespreek die aktiwiteite van Gods kinders op die nuwe aarde, onder die volgende opskrifte: (a) Die hand, (b) Die kop, (c) Die hart.
4. Dui aan die toestande wat op die nuwe aarde sal heers.
5. Watter enkele herinnering aan die sonde sal oorbly?

## *Wie het gesê, aan wie, en onder watter omstandighede?*

1. "Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig." Psalm 50:3.

2. "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom." Jesaja 2:2.

3. "En hulle land is vol silwer en goud, en daar is geen end aan hulle skatte nie; en hulle land is vol perde, en daar is geen end aan hulle strydwaens nie. Ook is hulle land vol afgode; voor die werk van hul hande buig hulle hul neer, voor wat hulle vingers gemaak het. So moet dan die mens neergebuig en die man verneder word; en U moet hulle dit nie vergewe nie." Jesaja 2:7-9.

4. "Want so sê die Here, wat die hemele geskape het – Hy is God! – wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word – Ek is die Here, en daar is geen ander nie." Jesaja 45:18.

5. "Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here." Jesaja 66:22, 23.

6. "Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die Here, voor sy toorngloed." Jeremia 4:23-26.

7. "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." Daniël 12:2.

8. "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." Daniël 12:4.

9. "En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word." Matthéüs 24:29.

10. "Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Matthéüs 24:44.

11. "Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself. En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! Maar hy

antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie." Matthéüs 25:1-13.

12. "Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Lukas 12:40.

13. "En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur – want ek het vyf broers – om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan." Lukas 16:19-31.

14. "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word." Lukas 21:25, 26.

15. "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en die dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon." Lukas 21:34, 35.

16. "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." Johannes 14:1-3.

17. "En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Handelinge 1:9-11.

18. "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." 1 Thessalonicense 4:16, 17.

19. "[E]n aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie." 2 Thessalonicense 1:7, 8.

20. “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.”
2 Timótheüs 3:1-5.

21. “Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby.” Jakobus 5:8.

22. “Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.” 2 Petrus 3:3, 4.

23. “Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken.” 1 Johannes 2:13.

24. “Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!” Openbaring 1:7.

25. “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was ‘n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ‘n harige sak, en die maan het geword soos bloed.” Openbaring 6:12.

26. “En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.” Openbaring 11:18.

27. “En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.” Openbaring 20:4.

28. “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” Openbaring 20:6.

29. “En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is. En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” Openbaring 21:1-4.

30. “En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.” Openbaring 22:12.

# BEDANKINGS (1952 EN 2020)

Die uitgewers van hierdie boek, Ware Lewens Beginsels (Oorspronklike Boek Principles of Life) uit God se Woord, is baie verskuldig aan die pioniers van die Sewende-dag Adventiste Kerk vir baie van die fundamentele geloofsbeginsels wat daardie kerk huldig en leer. Hulle "was ywerig, edel, en getrou, [en] … het na die waarheid gesoek soos na verborge skatte. In haar kommentaar op hulle ondervinding het Ellen G. White geskryf:

Met swaar gemoedere het ons bymekaargekom en gebid dat ons een in geloof en leerstelling mag wees; want ons het geweet dat daar geen verdeeldheid in Christus is nie. Punt vir punt is elke onderwerp ondersoek. Die Skrifte is met 'n gevoel van ontsag geopen. Dikwels het ons gevas sodat ons beter toegerus sou wees om die waarheid te verstaan. Enige punt wat ons nie verstaan het nie, is na ernstige gebed bespreek, en elkeen het vrylik sy opinie gegee; dan het ons weer neergebuig om te bid, en vurige bede het na die hemel opgegaan dat God ons sou help om eenders te sien, sodat ons een mag wees soos Christus en die Vader een is. Baie trane is gestort. Ons het baie ure so deurgebring. Somtyds het ons die Skrifte die hele nag lank plegtig ondersoek, sodat ons die waarhgeid vir ons tyd kon verstaan. By sommige geleenthede het die Gees van God oor my gekom en moeilike gedeeltes is aan my duidelik gemaak, en dan was daar volmaakte eensgesindheid. Ons was almal een van siel, een van sin. – Testimonies to Ministers, 24:2 – 25:1.

Dank is ook verskuldig aan die talle wat oor die jare heen bygevoeg het by wat in daardie vroeë dae ontdek is. en, vir die doel van hierdie boek, is baie verskuldig aan O. A. Johnson en Charles A. Burman wie se boeke oor Bybel-leerstellings gedien het as "bronnewerke" vir alle andere wat oor hierdie onderwerp geskryf het. Die boeke van hierdie twee skrywers, tesame met andere van korter duur, het ons studente tot op hede bygestaan. Lewensbeginsels uit Gods Woord is die resultaat van samewerking tussen lede van 'n groep mense wat deur die Wêreldkonferensie Komitee verkies is, wat materiaal vanuit verskeie bronne voorgelê het. Waardevolle voorstelle, beide met betrekking tot inhoud en vorm, is gemaak deur onderwysers met 'n rykdom van ondervinding in die klaskamer, sowel as studente wat kopieë van hierdie lesse gebruik het. Aan al hierdie persone is dank verskuldig.

Lowell R. Rasmussen, assistant-sekretaris van die Department van Opvoeding by die Wêreldkonferensie, is deur die Wêreldkonferensie Komitee gekies om rigting en inspirasie aan die onderwysers en redakteurs in hulle werk te verleen. Diegene wat die verantwoordelikheid gehad het om die oorspronklike boek te produseer, het groot waardering vir sy dienste gehad. Dank is ook verskuldig aan die verskeie akademies en uniekonferensies wat die dienste van hulle onderwysers beskikbaar gemaak het vir die voorbereiding van die materiaal, en veral aan Horace E. Weaver wat gedien het as senior lid van die komitee; aan H. T. Terry vir sy onvermoeide dienste, wat waardeer is; aan D. W. Curry, wie vir slegs een maand saam met die komitee kon werk; en aan Robert Francis, aan wie die komitee veral dankbaar is vir sy voorstelle rakend talle van die illustrasies. Spesiale dank aan John M. Howell vir die lang en onvermoeide ure om die werksaamhede van die komitee te rig. Behalwe vir die ander moeisame verpligtinge wat op hom gerus het, het John ook die boek in sy oorspronklike vorm geredigeer en leiding gegee met die voorbereiding van die manuskrip. Aangesien hierdie die eerste boek is wat handel oor die leerstellings van hierdie denominasie, wat onder die

vaandel van die Wereldkonferensie voorberei is, is ‘n komitee aangestel wat sou verseker dat die werk ‘n akkurate weergawe van die leerstellinge van die denominasie is. Die volgende persone het op hierdie komitee gedien: A. V. Olsen, voorsitter; Roger Altman, assistant-voorsitter; E. E. Roenfelt, sekretaris; H. F. Brown; D. A. Delafield; E. W. Dunbar; E. B.. Hare; T. E. Lucas; D. E. Rebok; D. E. Robinson; G. E. Vandeman; and H. F. Yost. Hierdie komitee het die lesse sorgvuldig gelees. Erkenning moet ook gegee word vir die spesiale verklarings van fundamentele geloofsbeginsels wat die verskeie eenhede voorafgaan. Hierdie is bekom uit die Kerkhandleiding, gepubliseer deur die Wêreldkonferensie van Sewende-dag Adventiste, bladsye 29 – 36. Sekere voegwoorde is weggelaat sodat die paragrawe meer geskik sou wees vir die spasies waar hulle gebruik is.

Dank is ook verskuldig aan die Ellen G. White Uitgewers en aan die Sewende-dag Adventiste Teologiese Skool vir vir gebruik van hulle lêers en biblioteekfasiliteite, sowel as aan die Wereldkonferensie Komitee wat so gewillig en getrou was in hulle ondersteuning van die departement in sy strewe om hierdie kosbare materiaal aan die jongmense van hierdie denominasie te skenk, en aan enigiemand anders wat graag daarvan gebruik wil maak. Dit is die begeerte van elke outeur wat in 1952 bygedra het tot hierdie boek, asook die outeur en redakteurs van die herformateerde uitgawe in 2020, sodat dit ‘n bron van spesiale hulp kan wees vir almal wat die geleentheid het om dit te gebruik, veral aan die jeug van hierdie groot beweging om hulle voor te berei vir hulle lewenswerk en vir ‘n tuiste in daardie “wonings” wat Christus vir ons gaan berei het.

Byvoegings en veranderings aan die volgende is deur die redakteur en outeur, N. Eksteen, gemaak:

a) die 2020 herformateerde uitgawe

b) die volgende lesse – 53, 54 & 66-77 (sien verwysings aan die einde van elke hoofstuk). Les 86 – “Jy is Wat Jy Eet” om dit op datum te bring.

Les 116 – “Die Kennis Sal Vermeerder” om die fokus te verskuif van die tegnologiese na die profetiese toepassing van Daniël 12:4. Tegnologiese uitvindsels is vanaf 1946 tot op datum opgedateer en hoe hierdie van toepassing is op die verspreiding van die ewige evangelie waarna daar in Openbaring 14:6 en Mattheüs 24:14 verwys word.

c) om die gaping tussen 1946 en 2020 in Les 116 te oorbrug.

Ek is dank verskuldig aan Anthony en Marion Hayward in Australië, beide vir hulle oorspronklike herformatering van die 1952 Pdf-formaat en ook omdat hulle vatbaar was vir die stem van die Heilige Gees rakend die Here se werk. Mag die Here julle seën en behou.

d) Spesiale dank aan Sheron vd Poel vir die vertaling van die boek uit Engels - Principles of Life na Afrikaans - Ware Lewens Beginsels. Mag die Here jou ryklik Seen vir al jou onbaatsugtige en harde werk tydens die vertaling en in die verspreiding van Sy Woord deur die Afrikaanse weergawe. (2023)



# WARE LEWENS BEGINSELS

2 Timotheus 2:15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.